# 'N PASTORAAL-HERMENEUTIESE BENADERING TOT PEDOFILIE

deur

**STELLA POTGIETER**

Proefskrif voorgelê vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

aan die Universiteit van die Vrystaat

**Promotor: Prof. Johan Janse Van Rensburg**

Bloemfontein

2009

# VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Ph. D. aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

| | |
|---|---|
| S. Potgieter | Datum |

// DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van hierdie navorsing wil ek die volgende persone bedank wat my in een of ander opsig behulpsaam was:

- Aan my Hemelse Vader wat my in staat gestel het om hierdie studie te voltooi. Ek is dankbaar vir die krag, genade en gesondheid wat Hy my in oorvloed skenk. Mag hierdie studie bydra tot die heelwording van mense sodat hulle in oorvloed kan lewe soos God dit bedoel het.

- Aan prof. Johan Janse van Rensburg, wat as promotor my met geduld, ondersteuning en waardigheid begelei het, en wat ook in my geglo en my gemotiveer het. Sonder u sou dit nie moontlik gewees het nie.

- Aan Frederik, dankie vir jou ondersteuning, motivering en belangstelling. Jy is ʼn wonderlike kind.

- Aan my susters, Hettie, Charlotte en Erika, dankie dat julle bankvas agter my staan.

- Aan Melt en Lionel wat my deur die jare toegelaat het om ʼn kykie in hulle lewens te kry. Dit was ʼn leerervaring van onskatbare waarde. Dankie dat ek verby die stereotipe, vrees en haat kon beweeg wat algemeen in die gemeenskap teenoor molesteerders gekoester word.

- Aan my vriende, dankie vir julle belangstelling, aanmoediging en motivering. Julle is absoluut kosbaar.

- Aan elkeen wat op een of ander manier dit vir my moontlik gemaak het om my taak en droom af te handel.

WOLMARANSSTAD
2009

# INHOUDSOPGAWE


VERKLARING ..... I

DANKBETUIGINGS ..... II

INHOUDSOPGAWE ..... III

SKETSE EN DIAGRAMME ..... IX

HOOFSTUK 1 ALGEMENE INLEIDING TOT DIE NAVORSING ..... 1

1.1 INLEIDING ..... 1

1.2 DIE NAVORSINGSPROBLEEM ..... 1

1.3 NAVORSINGSVRAE ..... 6

1.4 HIPOTESE ..... 6

1.5 NAVORSINGSTRATEGIE ..... 7
1.5.1 LITERATUURSTUDIE ..... 7
1.5.2 KWALITATIEWE BENADERING ..... 7
1.5.3 HERMENEUTIESE BENADERING ..... 8
1.5.4 OPNAMES ..... 9
1.5.5 VRYWILLIGE DEELNAME ..... 10

1.6 METODOLOGIE ..... 10
1.6.1 NAVORSINGSORIËNTASIE ..... 10
1.6.1.1 Epistemologiese vertrekpunt van die studie ..... 10
(i) Diakoniologie ..... 10
(ii) Praktiese Teologie ..... 12
(iii) Postmoderne epistemologie ..... 13

1.7 BENADERINGS IN DIE PASTORAAT ..... 14
1.7.1 DIE KERUGMATIESE MODEL ..... 14
1.7.1.1 Evaluering van die kerugmatiese model ..... 15
(i) Positiewe elemente ..... 15
(ii) Negatiewe elemente ..... 16
1.7.1.2 Toepassingsvlak van die kerugmatiese model ten opsigte van pedofiel ..... 16
1.7.2 EDUKTIEWE MODEL ..... 17
1.7.2.1 Evaluering van die eduktiewe model ..... 17
(i) Positiewe elemente ..... 17
(ii) Negatiewe elemente ..... 18
1.7.3 DIE NOUTETIESE MODEL ..... 19
1.7.3.1 Evaluering van die noutetiese model ..... 19
(i) Positiewe elemente ..... 19
(ii) Negatiewe elemente ..... 20
1.7.3.2 Toepassingsvlak van die noutetiese model ten opsigte pedofilie ..... 20
1.7.4 DIE BIPOLÊRE MODEL ..... 21
(i) VERBREDING VAN DIE GESAGSBEGRIP ..... 22
(ii) VERBREDING VAN DIE ANTROPOLOGIE ..... 22
(iii) VERBREDING IN DEURWERKING VAN PASTORAAT AS HULPVERLENING ..... 22
1.7.4.1 Evaluering van die bipolêre model ..... 23
(i) Positiewe elemente ..... 23
(ii) Negatiewe elemente ..... 23
1.7.4.2 Toepassingsvlak van die bipolêre model ten opsigte van pedofilie ..... 24
1.7.5 CLINEBELL SE HOLISTIESE BENADERING ..... 25
1.7.5.1 Evaluering van die holistiese model van Howard Clinebell ..... 28
(i) Positiewe elemente ..... 28

(ii) Negatiewe elemente ..... 29
1.7.5.2 Toepassingsvlak van die holistiese model ten opsigte van pedofilie ..... 29
1.7.6 DIE PNEUMATOLOGIESE MODEL ..... 29
1.7.6.1 Evaluering van die pneumatologiese model ..... 30
(i) Positiewe elemente ..... 30
1.7.6.2 Toepassingsvlak van die pneumatologiese model ten opsigte van pedofilie ..... 31
1.7.7 DIE KONVERGENSIEMODEL ..... 31
(i) God-mens-ontmoeting ..... 32
(ii) Bipolêre spanning ..... 33
(iii) Die eskatologiese perspektief ..... 33
(iv) Dialogiese ontmoeting ..... 34
(v) Geloofsvolwassenheid ..... 34
(vi) Promissioterapie ..... 35
(vii) Konvergensiemodel en Skrifgebruik ..... 36
1.7.7.1 Evaluering van die konvergensiemodel ..... 37
(i) Positiewe elemente ..... 37
1.7.7.2 Toepassingsvlak van die konvergensiemodel ten opsigte van pedofilie ..... 38
1.7.8 DIE NARRATIEWE MODEL ..... 39
(i) Die noodverhaal ..... 39
(ii) Die verledeverhaal word vertel ..... 40
(iii) Die verduisterde toekomsverhaal ..... 40
(iv) Herstrukturering van die verledeverhaal ..... 40
(v) Rekonstruksie: Die verbeelding van 'n nuwe verhaal ..... 40
1.7.8.1 Narratiewe strategieë ..... 44
(i) Genogram ..... 44
(ii) Dekonstruksie ..... 45
(iii) Eksternalisering ..... 46
(iv) Rituele ..... 47
(v) Refleksiewe ondervraging ..... 48
(vi) *Reframing* of herformulering ..... 48
(vii) Skryfwerk ..... 49
(viii) "Not knowing" ..... 49
1.7.8.2 Evaluering van die narratiewe model ..... 50
(i) Positiewe elemente ..... 50
(ii) Negatiewe elemente ..... 50
1.7.8.3 Toepassingsvlak van die narratiewe model ten opsigte van pedofilie ..... 50

**1.8 NAVORSINGSKEMA ..... 51**

**1.9 SAMEVATTING ..... 52**

**HOOFSTUK 2 DIE FENOMEEN PEDOFILIE ..... 54**

**2.1 INLEIDING ..... 54**

**2.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF OP PEDOFILIE ..... 55**

**2.3 VERHELDERING VAN KONSEPTE ..... 59**
2.3.1 PARAFILIE ..... 59
2.3.1.1 Die pedofiel of kindermolesteerder ..... 60
(i) Hebofiele en efobofiele ..... 62
(ii) Teleiofiel ..... 63
(iii) Pedoseksualiteit ..... 63
(iv) Infantofiel ..... 63
(v) Eksklusiewe pedofiel ..... 63
(vi) Nie-eksklusiewe pedofiel ..... 63
(vii) Homoseksuele pedofiel ..... 63
(viii) Heteroseksuele pedofilie ..... 64
(ix) Biseksuele pedofilie ..... 64
(x) Tegnofilie ..... 64
(xi) Seksuele molestering ..... 64
(xii) Seksuele mishandeling ..... 65

**2.4 KLASSIFIKASIE VAN PEDOFIELE ..... 67**

2.4.1 KATEGORIE 1: DIE SITUATIEWE KINDERMOLESTEERDER ..... 68
2.4.1.1 Tipe 1: Die regressiewe kindermolesteerder ..... 69
2.4.1.2 Tipe 2: Die moreel-onoordeelkundige kindermolesteerder ..... 69
2.4.1.3 Tipe 3: Die geslag-onoordeelkundige kindermolesteerder ..... 69
2.4.1.4 Tipe 4: Die naïewe/ontoereikende kindermolesteerder ..... 70
2.4.2 KATEGORIE 2: DIE VOORKEUR-KINDERMOLESTEERDER ..... 70
2.4.2.1 Tipe 1: Die sadistiese oortreder ..... 71
2.4.2.2 Tipe 2: Die verleidelike oortreder ..... 72
2.4.2.3 Tipe 3: Die vasgelegde kindermolesteerder/introverte kindermolesteerder ..... 72

**2.5 DIE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE VAN DIE PEDOFIEL ..... 73**
2.5.1 BEROEP EN SOSIO-EKONOMIESE STATUS ..... 73
2.5.2 OUDERDOM VAN DIE MOLESTEERDER ..... 74
2.5.3 KULTUUR EN GELOOF ..... 75
2.5.4 SEKSUELE ORIËNTASIE ..... 75
2.5.5 PERSOON MET 'N GESKIEDENIS VAN GESINSPROBLEME ..... 76
2.5.6 SAMEVATTING VAN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE ..... 78

**2.6 VERSLAWING ..... 79**
2.6.1 SEKSUELE VERSLAWING ..... 79
2.6.2 BOUBLOKKE VAN SEKSUELE VERSLAWING ..... 81
2.6.2.1 Fantasieë ..... 81
2.6.2.2 Masturbasie ..... 83
2.6.2.3 Pornografie ..... 84

**2.7 TEORIEË OOR PEDOFILIE ..... 86**
2.7.1 PSIGODINAMIESE TEORIEË ..... 86
2.7.1.1 Seksuele kontak met 'n ouer persoon ..... 87
2.7.1.2 Vroeë seksualisering ..... 89
2.7.1.3 Nie-seksuele geweld wat deur ouers gepleeg is ..... 90
2.7.2 PEDOFILIE AS 'N BIOLOGIESE AFWYKING ..... 92
2.7.2.1 Neurale meganismes ..... 92
2.7.2.2 Kognitiewe distorsies ..... 93
2.7.2.3 Endokriene faktore ..... 94
2.7.2.4 Genetiese faktore ..... 95

**2.8 DIE TYDLYN VAN OORTREDING ..... 95**
2.8.1 VASGEVANG IN 'N ONGEWENSTE LEWE ..... 96
2.8.2 DIE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE SEKSUELE AFBREEK ..... 96
2.8.3 VERLOOR SY MANLIKE OUTORITEIT ..... 96
2.8.4 GROOT EMOSIONELE VERLIESE OF EMOSIONELE INEENSTORTING ..... 97
2.8.5 OORDREWE PORNOGRAFIESE FANTASIEË EN/OF MASTURBASIE ..... 97

**2.9 DIE MOMENT VAN MOLESTERING ..... 97**
2.9.1 VAN SLAGOFFER TOT MOLESTEERDER ..... 98
2.9.2 BESPREKING VAN GEDRAGSIKLUS ..... 99

**2.10 DIE KIND AS PEDOFIEL ..... 101**

**2.11 SAMEVATTING ..... 104**

**HOOFSTUK 3 KRIMINOLOGIESE PERSPEKTIEF OP PEDOFILIE ..... 106**

**3.1 INLEIDING ..... 106**

**3.2 STATISTIEK OOR DIE FENOMEEN ..... 106**

**3.3 DIE REGERING EN MISDAAD ..... 107**

**3.4 KORREKTIEWE DIENS ..... 108**
3.4.1 DIE DOEL VAN VONNIS ..... 110
3.4.1.1 Faktore wat 'n rol by vonnisoplegging speel ..... 111
3.4.1.2 Rehabilitasie in korrektiewe diens en oorvol tronke ..... 111
3.4.1.3 Alternatiewe tot gevangenisstraf ..... 115

3.4.1.4 Gemeenskapsdiens .......... 117

**3.5 HERSTELLENDE GEREGTIGHEID .......... 119**
3.5.1 Herstellende geregtigheid en die seksuele oortreder .......... 119

**3.6 PORNOGRAFIE: DIE INTERNET EN SELFONE .......... 121**

**3.7 REGISTER VAN SEKSUELE OORTREDERS .......... 122**

**3.8 AANBEVELINGS DEUR PROFESSIONELE PERSONE .......... 123**

**3.9 SAMEVATTING .......... 123**

**HOOFSTUK 4 KWALITATIEWENAVORSINGSMETODIEK .......... 125**

**4.1 INLEIDING .......... 125**

**4.2 KWALITATIEWE NAVORSING AS METODOLOGIE .......... 125**
4.2.1 MODERNISME EN POSTMODERNISME BINNE DIE KWALITATIEWE BENADERING .......... 125
4.2.2 KWALITATIEWE TEENOOR KWANTITATIEWE BENADERING .......... 126
4.2.3 DIE BELANGRIKSTE NADELE VAN KWALITATIEWE METODES: .......... 127
4.2.4 DIE BELANGRIKSTE VOORDELE VAN KWALITATIEWE METODES .......... 128
4.2.4.1 Verstaan van die fenomeen binne die hermeneutiek .......... 128
4.2.4.2 Deelnemer word in natuurlike staat bestudeer .......... 129
4.2.4.3 Menslike ervaring en gedrag word ontgin .......... 129
4.2.4.4 Lesers verkry dieper en beter begrip .......... 130
4.2.4.5 Ongestruktureerd en plooibaar .......... 130
4.2.4.6 Openbaar sensitiwiteit vir deelnemers se leefwêreld .......... 131
4.2.4.7 Taal is 'n goeie aanduider van denke en gedrag .......... 132
4.2.4.8 Minder deelnemers .......... 132
4.2.4.9 Maak aanspraak op wetenskaplikheid .......... 133
4.2.4.10 Ontdekking en interpretasie .......... 134
4.2.4.11 Kan saam met ander tegnieke gebruik word .......... 134

**4.3 PASTORALE TERAPIE .......... 135**
4.3.1 DIE TERAPEUT SE POSISIONERING .......... 136
4.3.1.1 Onvoorwaardelike aanvaarding .......... 136
4.3.1.2 Vertrouensverhouding .......... 137
4.3.1.3 Pastoraal teologiese antropologie .......... 138
4.3.2 VOORUITSIGTE MET PASTORALE TERAPIE AAN DIE PEDOFIEL .......... 140
4.3.2.1 Aanvaarding van probleem en oorgawe .......... 142
4.3.2.2 Die huidige toestand van skuld en sonde .......... 143
4.3.2.3 Die huidige bedreiging van wanhoop vir die toekoms .......... 144
4.3.2.4 Onverwerkte emosionele pyn .......... 144
4.3.2.5 Seksualiteit binne pastorale terapie .......... 145
(i) Terminering van seksuele gedrag .......... 150
(ii) Terugval .......... 151

**4.4 STRATEGIEË WAT BINNE KWALITATIEWE BENADERING AANGEWEND IS .......... 152**
4.4.1 NARRATIEWE TERAPIE VANUIT 'N KWALITATIEWE BENADERING .......... 152
4.4.2 MEDITASIE EN VISUALISERING .......... 153
4.4.2.1 Meditasie .......... 153
4.4.2.2 Visualisering .......... 155
4.4.3 GESTALTTERAPIE .......... 156
4.4.4 GEBEDSTERAPIE .......... 157
4.4.5 GROEPSPASTORAAT .......... 159

**4. 5 DIE VERSKIL TUSSEN PSIGOTERAPIE EN PASTORALE TERAPIE .......... 161**

**4.6 PSIGOTERAPIE AAN DIE PEDOFIEL .......... 163**
4.6.1 PSIGOTERAPEUTIESE BENADERING .......... 164
4.6.2 GEDRAGSTERAPIE .......... 164
4.3.2.1 Kognitiewe gedragsterapie .......... 164
4.6.2.2 Farmakologiese terapie .......... 164

4.6.2.3 Hipnoterapie ..... 164
4.6.2.4 Ondersteuningsterapie ..... 164
4.6.2.5 Groepsterapie ..... 165

**4.7 DIE GESIN VAN DIE PEDOFIEL ..... 165**

**4.8 SAMEVATTING ..... 166**

**HOOFSTUK 5 TERAPIE AAN DIE PEDOFIEL ..... 168**

**5.1 INLEIDING ..... 168**

**5.2 PASTORALE NARRATIEWE TERAPIE MET DIE DEELNEMER ..... 169**
5.2.1 AANMELDING ..... 169
5.2.2 GENOGRAM ..... 171
5.2.3 SKRYF 'N BIOGRAFIE ..... 173
5.2.4 EKSTERNALISERING: MONSTERGESPREK ..... 176
5.2.5 "KAN PEDOFILIE 'N DEMONIESE BINDING WEES?" ..... 179
5.2.6 PEDOFILIE AS ERFSONDE ..... 180
5.2.7 SEKSUELE FANTASERING EN DIE DEELNEMER SE GEDAGTES ..... 181
5.2.8 HERFORMULERING VAN TAAL "EK IS LIEF VIR DOGTERTJIES" ..... 185
5.2.9 PEDOFILIE AS SIEKTE ..... 186
5.2.10 PEDOFILIE AS AFWYKENDE SEKSUALITEIT ..... 188
5.2.10.1 Faktore wat ernstig bydra tot die ontwrigting van manlike seksualiteit ..... 188
(i) Ouderdom van puberteit ..... 188
(ii) Uitstel van seksuele omgang ..... 188
(iii) Die rol wat skuld in seksualiteit speel ..... 189
(iv) Die adrenalien skakel ..... 189
5.2.10.2 'n Christelik spirituele benadering tot seksualiteit ..... 190
5.2.10.3 REAKSIE VAN DEELNEMER AANGAANDE VERWRONGE SEKSUALITEIT ..... 193
5.2.11 PEDOFILIE AS SONDE ..... 194
5.2.12 TEO-LOGIESE ANALISE: GODSVOORSTELLING ..... 198
5.2.12.1 Godsvoorstelling deur hermeneutiese modelle ..... 199
(i) Metaforiese model ..... 200
(ii) Teodiseemodel wat 'n verband lê tussen God en lyding ..... 200
(iii) Pastoraal-semantiese differensiaal-analise (PSDA) ..... 201
(iv) Kognitiewe geloofsgedragmodel ..... 204
- Negatiewe Godsvoorstelling ..... 205
  - God as kragreus ..... 205
  - God as paaiboelie ..... 207
  - God as Kersvader ..... 207
  - God as outeur/bedryfsingenieur ..... 207
  - God as programmeerder/rekenaar ..... 208
  - God As towenaar ..... 209
- Positiewe Godsvoorstelling (volwasse geloof) ..... 209
  - God as Vader ..... 209
  - God as Vriend ..... 210
  - God as Verlosser ..... 210
  - God as Trooster ..... 210
  - God as Regter ..... 210
5.2.12.2 Godvoorstelling en verhaalanalise ..... 211
(i) Vaderbeeld: - Teologiese analise ..... 212
(ii) Vaderbeeldsessie ..... 214
(iii) Troonkamersessie ..... 215
(iv) God as Vriend-visualiseringstegniek ..... 216

**5.3 VERHOUDINGSWESE ..... 217**
5.3.1 VERHOUDING TOT GOD ..... 217
5.3.1.1 Verhouding met God: "God weet nie hoe dit voel nie" ..... 218
5.3.2 VERHOUDING TOT MEDEMENS ..... 221
5.3.3 VERHOUDING MET DIE SELF ..... 221
5.3.3.1 Die roosboom-tegniek ..... 224
5.3.3.2 Selfbeeldsessie ..... 226

**5.4 BEROU EN BELY IS DEEL VAN DIE HELINGSPROSES ........ 227**
5.4.1 METODE VAN SONDE BELY ........ 229

**5.5 VERGIFNIS ........ 230**
5.5.1 "VERGIFNIS AAN MY PA": LEË-STOELTEGNIEK ........ 232
5.5.2 VERGIFNIS AAN SLAGOFFERS: GEBEDSTERAPIE ........ 234

**5.6 VERSOENING ........ 235**

**5.7 BEWUSMAKING VAN DIE FENOMEEN BY DIE PUBLIEK ........ 236**
5.7.1 GROEPSPASTORAAT AAN GEMOLESTEERDES ........ 245

**5.8 SAMEVATTING ........ 246**

**HOOFSTUK 6 SLOTSOM EN GEVOLGTREKKINGS ........ 248**

**6.1 INLEIDING ........ 248**

**6.2 DIE HERMENEUTIESE AANPAK VAN DIE NAVORSING ........ 248**

**6.3 DIE BYDRAE VAN VERSKILLENDE PASTORALE MODELLE ........ 248**
6.3.1 DIE KERUGMATIESE MODEL ........ 249
6.3.2 DIE EDUKTIEWE MODEL ........ 249
6.3.3 DIE NOUTETIESE MODEL ........ 249
6.3.4 DIE BIPOLÊRE MODEL ........ 250
6.3.5 DIE HOLISTIESE MODEL ........ 250
6.3.6 DIE KONVERGENSIEMODEL ........ 250
6.3.7 DIE NARRATIEWE MODEL ........ 251
6.3.7.1 Verhouding ........ 251
6.3.7.2 Not knowing ........ 251
6.3.7.3 Eksternalisering ........ 252
6.3.7.4 Dekonstruksie ........ 252
6.3.7.5 Reflektiewe ondervraging ........ 252

**6.4 DIE WAARDE VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE ........ 254**

**6.5 DIE VOORDELE VAN DIE PASTORALE PROSES ........ 255**

**6.6 BESPREKING VAN DIE HIPOTESES ........ 256**
6.6.1 HIPOTESE 1 ........ 256
6.6.2 HIPOTESE 2 ........ 256
6.3.3 HIPOTESE 3 ........ 257
6.6.4 HIPOTESE 4 ........ 259

**6.7 TOEKOMSVISIE ........ 260**

**BIBLIOGRAFIE ........ 261**

**ADDENDUM 1 MELT SE GENOGRAM ........ 273**

**ADDENDUM 2 DIE SIMBOLE EN INTERAKSIE PATRONE VAN GENOGRAM ........ 274**

**ADDENDUM 3 MELT SE BIOGRAFIE ........ 275**

**ADDENDUM 4 LIONEL SE BIOGRAFIE ........ 282**

**OPSOMMING ........ 286**

**SUMMARY** ........ **288**

**KEY WORDS** ........ **290**

**SLEUTELWOORDE** ........ **290**

# SKETSE EN DIAGRAMME

FIGUUR 1: DIE SITUATIEWE KINDERMOLESTEERDER ........ 68
FIGUUR 2: DIE VOORKEUR-KINDERMOLESTEERDER ........ 70
FIGUUR 3: SIKLUS VAN VERSLAWING ........ 80
FIGUUR 4: AFWYKENDE GEDRAGSIKLUS ........ 99
FIGUUR 5: KWALITATIEF TEENOOR KWANTITATIEF ........ 127
FIGUUR 6: VERSKILLE TUSSEN PASTORAAT EN PSIGOLOGIE ........ 163
FIGUUR 7: LEWENS- EN ETIESE DIMENSIES VAN MENSLIKE SEKSUALITEIT ........ 191
FIGUUR 8: DIE BEKRAGTIGING VAN SEKSUALITEIT ........ 193
FIGUUR 9: PSDA VAN DIE DEELNEMER 10 MAART 2008 ........ 202
FIGUUR 10: PSDA OP DEELNEMER TOEGEPAS 29 APRIL 2009 ........ 204
FIGUUR 11: NEGATIEWE GODSVOORSTELLING ........ 205

# HOOFSTUK 1
# ALGEMENE INLEIDING TOT DIE NAVORSING

## 1.1 INLEIDING

Hoofstuk 1 dien as oriëntering ten opsigte van die nodigheid van die studie.

Eerstens word die navorsingsprobleem gestel, asook die vrae en hipoteses wat toepaslik is op hierdie studie. Daarna word die navorsingstrategie verduidelik. Dit behels onder meer ŉ literatuurstudie, sowel as die kwalitatiewe en hermeneutiese benaderings wat gebruik gaan word.

Tweedens wil ek as navorser myself posisioneer en die epistemologiese vertrekpunt van die studie verduidelik.

Hierdie studie het ten doel om die pastorale model te ondersoek waarmee die pedofiel pastoraal begelei kan word. Die volgende modelle word bespreek: die kerugmatiese model, die eduktiewe model, die noutetiese model, die bipolêre model, Clinebell se holistiese benadering, die pneumatologiese model, die konvergensiemodel en die narratiewe benadering.

## 1.2 DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Die doel van hierdie studie is om die fenomeen pedofilie te ondersoek en ŉ pastoraal hermeneutiese weg vir terapie aan te dui. Pedofilie is nie ŉ onderwerp waaroor mense graag praat nie (Pryor:1996:ix). Die algemene gevoel is "om hulle op te sluit en die sleutel weg te gooi" of "ŉ loodpil is die enigste uitweg". Die afgelope tien jaar het hierdie term dramaties in die Suid-Afrikaanse samelewing na vore getree (Maree, Kruger & Delport 2003:1; Hall & Hall 2007:457; Bowman 2005:4). Vir die grootste deel van die vorige eeu is die seksuele molestering van kinders ontken of geïgnoreer. Eers in 1975 verbreek Suzanne Sgtroi, ŉ mediese dokter, egter die stilte rondom die onderwerp met haar artikel "The Sexual Molestation of Children: The Last Frontier in Child Abuse" (Pryor 1996:3). Dit is eers sedert 1986 dat hierdie verskynsel in Suid-Afrika meer belig is. Grant Robertson is die outeur van ŉ boek oor die onderwerp, naamlik "Sexual Abuse of Children in South Africa" en ook stigter van Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Units (FCS) (Marais 1990:112).

Die media, nuwe wetgewing oor seksuele oortredings en die Internet het bygedra tot die bewuswording van seksuele molestering. Slegs in die Wes-Kaap is daar egter ŉ gespesialiseerde eenheid, The Child Pornography Task Team, gedurende 2007 aangestel, wat saam met Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Units (FCS) aan sake werk en ook pornografie in alle media ondersoek. Dawes en Govender (2007:21, 49) beveel aan dat dieselfde eenhede in die res van die land ontplooi word.

Voor 1994 is daar geen syfers oor kindermolestering beskikbaar nie (Bowman 2005:2). Die akkuraatheid van syfers wat seksuele molestering aandui, is te betwyfel omdat molestering nie altyd aangemeld word nie (Bowman 2005:2). Die redes hiervoor is onder andere dat die slagoffer nie geglo sal word nie, dat die slagoffer bang is vir fisiese geweld wat hy/sy aangedoen kan word en dat die slagoffer baie keer na aan die oortreder is en bang is vir wat met die oortreder mag gebeur (Hall & Hall 2007:461). Data oor die insidensie van kindermolestering vanaf 1996 is skrikwekkend (Bowman 2005:2).

In Suid-Afrika word een uit drie meisies en een uit vyf seuns 'n slagoffer van molestering (Pistorius 2005:34; Kreston 2007:2). Minstens ’n halfmiljoen meisies tussen die ouderdom van twee en dertien jaar word jaarliks seksueel misbruik (Van der Westhuizen 2004:4). Volgens die syfers wat in 1997/1998 deur die Minister van Veiligheid en Sekuriteit vrygestel is, het kinderverkragting vanaf 1991 tot 1998 met soveel as 375% toegeneem (South African Institute of Race Relations). Dit is die laaste syfers wat beskikbaar gestel is.

Die WMCA *(Women and Men Against Child Abuse)*, wat klinieke in Boksburg, Orange Farm en Alexandra het, het van Maart tot November 2007 altesame 551 kinders behandel wat oortreders van seksuele molestering was (Rodemeyer 2008:6). Volgens dr. Pixie du Toit, forensiese kriminoloog en hoof van die Sinoville-krisissentrum in Pretoria, neem die seksuele molestering van kinders by skole beslis toe en is die onderwysdepartement in ’n staat van ontkenning (Rodemeyer 2008:6). Me. Shaheda Omar, terapeut-bestuurder by die Teddiebeer-kliniek in Johannesburg, het gesê molestering is ’n probleem wat onderskat word (Van Dam 2001:60, Serrao 2004:1).

Pedofilie is ŉ groot maatskaplike probleem in Suid-Afrika (Hessellink-Louw & Schoeman 2003:158; Marais 1990:83) en ŉ wydverspreide internasionale probleem (Bakura 2003:501). Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd, heers daar groot kommer oor toenemende aanduidings dat tradisionele korrektiewe programme misluk (Labuschagne 1995:24). Daar is ook ŉ groot toename in die aanmelding van hierdie oortredings, wat daarop dui dat die probleem drasties toegeneem het (Jooste 2005:501). Bowman (2005:1) noem dit ŉ epidemie. Glaser (1997:1) beweer dat dit "more misery and suffering than any of the great plagues of history" inhou. Hierdie epidemie benadeel almal wat daarmee in aanraking kom. "But unlike most epidemics, very little is known about it and even less is done to prevent and stop it" (Briggs 1995:39).

’n Studie wat deur die Nasionale Instituut vir Geestesgesondheid gedoen is, het bevestig dat ’n molesteerder van seuns reeds ongeveer 150 seuns gemolesteer het voordat hy gevang en gevonnis word. Sommige molesteerders het dan ook meer as 300 slagoffers gedurende hulle "loopbaan" (Van Dam 2001:ix). Studies wys daarop dat mans wat as kind gemolesteer is, dieselfde doen (Standford 1988:91; O’Hagan 1993:52; Sweeney 2008:9; Pryor 1996:261;

Potgieter 1997:181). As navorser stem ek egter saam met Briggs (1995:10): "In addressing this issue, it must be stated that a history of childhood sexual abuse is not an excuse for an individual who, as an adult, repeats the offences." Daar is egter ook persone wat as kind gemolesteer is en wat dit regkry om veerkragtig te bly en ŉ nie seksuele oortreder te word nie (Pryor 1996:59; Powell 2007:9; Briggs 1995:10; Carney & Dew 2003:268). Baie mans is in heteroseksuele verhoudings en raak homofobies of sluit by die homoseksuele gemeenskap aan.

Baie navorsing word met die slagoffers van seksuele molestering gedoen. ŉ Sosiale probleem soos pedofilie word egter nie beskou as ŉ toestand wat bestudeer mag word en onder beheer gestel móét word nie (Naudé 2005:28). Kerklike debatte word vrylik oor homoseksualiteit gevoer, maar pedofilie is volgens die meerderheid nie iets wat in die Christendom voorkom nie, dit is egter ŉ leuen (Standford 1988:viii; Allender 1990:16; Collins 1988:16-17). Soos Draper (1996:15) gedink het, dink baie mense steeds: "Somewhat naively, I did not expect to find this problem (incidents of sexual molestation, abuse, and incest) in the Christian community. I was wrong."

In plaas van dat seksualiteit ’n bron van krag en vreugde is, word dit ’n donker geheim wat die pedofiel van ware lewensvervulling beroof, en soms tot vernietiging lei. Die gevolg is dat hierdie mans ’n stryd het om te kan onderskei tussen dit wat normaal en gesond is, en dit wat siek, sondig en disfunksioneel is. Hart (1994:37) noem dat manlike seksualiteit hoogs gekompliseerd is. Hierdie navorsing fokus slegs op die manlike pedofiel.

Seksuele molestering beïnvloed die totale wese van diegene wat daaraan blootgestel word, soos die bewuswording van die self, intieme verhoudings, seksualiteit en geestes-gesondheid (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:158). Die gevolge sluit in psigologiese of psigiatriese wanorde (Lanyon 1986:59; Naudé 2005:17), alkohol- en dwelmafhanklikheid (O’Hagan 1990:51; Flora 2001:136; Roos 2005:169; Pryor 1996:171; Potgieter 1997:181), swak sosiale vaardighede (Flora 2001:75; Wolfaardt 2003:150) en swak emosionele ontwikkeling (Potgieter 1997:181; Pryor 1996:59).

Die koste ten opsigte van menslike lyding noodsaak studies wat daarop gerig is om te bepaal waarom sommige mans seksuele grense met kinders oorskry en wat die pastoraat kan doen om ŉ bydrae te lewer.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die molestering van kinders 'n algemene verskynsel is. Die oorweldigende aantal kinders wat seksueel gemolesteer word, maak die bestudering van oortreders ŉ absolute noodsaaklikheid vir die pastoraat.

Faktore in die gemeenskap wat tot molestering kan bydra is onder andere die volgende: egskeidings wat lei tot hertroue en die blootstelling van kinders aan stiefpa’s, saamwonery

van volwassenes en die vinnige afplatting van seksuele waardes en norme, en die man wat as kind gemolesteer is en self 'n molesteerder word, nooit behandeling ontvang nie en baie keer aanhou molesteer en nooit gevang word nie (Britz 2003:1; O'Hagan 1995:36). As daar in ag geneem word dat daar gedurende 2006 (die jongste beskikbare syfers) 184 860 huwelike geregistreer is en dat 60% van hierdie huwelike op egskeidings uitgeloop het is daar 'n totaal van 30 242 kinders deur egskeidings geraak (Justice Today 2009:32). Dit wil sê hierdie kinders blootgestel kan wees aan molestering.

Hierdie studie handel oor mans wat kinders molesteer en wat ook self as kind gemolesteer is. Indien daar nie ernstig op terapeutiese, maar ook op voorkomingsvlak, aan hierdie verskynsel aandag geskenk word nie, kan dit uiteindelik verreikende gevolge vir die samelewing inhou (Maree & Kruger 2003:279; Naudé 2005:3; Hart 1994:6). Wanneer die steeds stygende syfers van seksuele misdaad teen kinders egter in oënskou geneem word, ontstaan die vraag of daar genoeg emosioneel gesonde kinders in ons samelewing gaan oorbly? Indien ons nie betyds ingryp en 'n daadwerklike poging aanwend om oortreders werklik deur middel van konstruktiewe strawwe in gebalanseerde en verantwoordelike landsburgers te verander nie, sal ons uiteindelik duur vir hierdie situasie moet betaal (Labuschagne 1995:25).

Daar word baie aandag gegee aan die oorsake van seksuele molestering en die kort- en langtermyngevolge vir die slagoffer. Baie min navorsing word egter onderneem met die persoon wat as kind gemolesteer is en self ook molesteer (Sweeney 2008:9; Wolfaardt 2003:2; Briggs 1995:39). Dat hy as kind gemolesteer is, is sy grootste geheim vir jare. Stilswye kan 'n verdraaide en verdwaalde seksualiteit kweek wat gevaarlik kan wees, en in talle gevalle immoreel is (Hart 1994:36). Daar word uit die oog verloor dat baie molesteerders eers slagoffers was (Standford 1988:91; O'Hagan 1993:52; Sweeney 2008:9; Pryor 1996:261).

Die weerstand wat daar heers teen die bestudering van die pedofiel is dat studies dikwels verkeerdelik beskou word as 'n poging om die oortreder se aksies te verskoon of te regverdig (Naudé 2005:4). Baie persone het ook die navorser se motiewe bevraagteken. Sommige het gemeen dat die navorser as 'n advokaat vir die kindermolesteerder wou optree, wat nie die geval is nie. Deur mense se reaksie waar te neem het ek tog iets gemeen met die oortreder beleef, al was dit slegs 'n geringe mate van verwerping en veroordeling. Abel, Becker, Mittelman, Cunningham-Rathner, Rouleau en Murphy (1987:154) stel die probleem as volg: "Psychiatry, psychology, and sociology have tended to avoid the study of sex offenders, perhaps because they are viewed with disdain by all levels of society. Instead the focus has been on the victims of sex crimes … If the accelerating incidence of reported sex crimes is to be reduced, however, the psychopathology of the perpetrators must be examined." Dit is ook moeilik om toegang tot molesteerders te verkry met die oog op navorsing as gevolg van die

persepsie dat persone wat seksuele oortredings begaan, onwillig sal wees om openlik oor hulle probleme te praat (Pryor 1996:63). Volgens Hesselink-Louw en Schoeman (2003:163) is daar in Suid-Afrika geen gespesialiseerde behandeling vir ŉ seksuele oortreder beskikbaar nie. Terapie is ŉ langtermynonderneming en verandering van die persoonlikheid vind gewis nie oornag plaas nie (Labuschagne 1995:25). Louw (2008:430) doen ŉ beroep op die kerk om hulp te verleen met die MIV-pandemie. Hierdie navorsing doen ook ŉ beroep op die kerk om hulp te verleen met die pedofilie pandemie.

Daar bestaan talle perspektiewe wat gegrond is op ŉ magdom literatuur vanuit die sosiale wetenskappe, maar in die praktiese teologie kon daar opgespoor word nie. Het die pastoraat hom onttrek aan die persoon wat kinders molesteer en ook as kind gemolesteer is? Myns insiens sal behandeling sonder pastorale terapie nie volledig wees nie. Navorsing oor wat pedofiele dink en voel en waarom hulle grense oorskry, is vrylik beskikbaar.

Volgens die navorser kan pastorale terapie ŉ bydrae lewer ten bate van die pedofiel maar ook van die samelewing. Die pastorale modelle en ander metodes wat aangewend sal word, word ondersoek sodat die pedofiel tot heelwording in Christus gelei kan word.

Hierdie studie is gerig op die "unspeakable" (Pryor 1996:30), want "the more we as a culture hear about these acts and talk about them, the clearer the moral boundary will become". Miskien kan slagoffers ook antwoorde kry op vrae oor die molesteerder (Pryor 1996:30), of kan ŉ persone wat tans besig is met molestering besef wat hy doen.

Ek wil soos Pryor (1996:30) vra: "Whatever your reason for reading this research, to set aside what you currently think and know about this issue, and to open your mind to understanding these men and their acts, so that we can all become part of the solution to this unsettling problem."

Ten spyte van die hoë seksuele oortredingsyfers moet daar nie vergeet word nie dat die oortreder ook ŉ persoon is wat vir God van groot waarde is. Daar moet ook altyd in gedagte gehou word, dat baie van hierdie oortreders ook slagoffers was (Sweeney 2008:9; Standford 1988:91; O'Hagan 1993:52). Dit is belangrik om te verstaan dat die kindermolesteerder nie nét onmenslik of monsteragtig is nie. Deur meer kennis oor sy gedrag en hoe hy oor kinders se seksualiteit dink in te samel sal sy dade beter verstaan kan word (O'Hagan 1993:57). Hierdeur word die oortreding nie gering geskat nie. Die oorsake of wortels van seksuele molestering moet deur die samelewing ondersoek en aangespreek word en die Christen behoort aan die spits hiervan te wees (Sweeney 2008:9).

Hierdie studie is gerig op mans wat kinders seksueel molesteer en wat self ook gemolesteer is, omdat die navorser van mening is dat hierdie bose kringloop ŉ groot invloed op die volwassene se lewe, geestelik, emosioneel en fisies en ook op die samelewing het. Hierdie

persone is nie net mense wat in die tronk sit of iemand wat agter 'n bos staan en wag vir 'n kind om verby te loop nie. Dit is mans wat in ons gemeenskap en gemeentes betrokke is. As gemeenskappe of gemeentes meer van hierdie ernstige probleem bewus is en van wat met hierdie mense gebeur het, kan die probleem in 'n mate beheer word.

Die volgende navorsingsvrae word vir hierdie studie gestel.

### 1.3 NAVORSINGSVRAE

Volgens De Vos (2002:36) poog navorsing om antwoorde op die vrae *wat*, *watter*, *hoekom* en *hoe* te verskaf. Daarom is dit gepas om in hierdie navorsing die volgende vrae te vra:

- Wie is die persoon wat kinders molesteer?
- Wat gebeur in 'n persoon se lewe wat hom dring tot kindermolestering?
- Is daar plek vir pastorale terapie in die behandeling van die pedofiel en watter metodes kan aangewend word om sy narratief te herskryf?
- Is die gemeenskap bewus van hierdie probleem en watter metodes kan aangewend word om die samelewing bewus te maak van die probleme van 'n pedofiel?

Die navorsing sal deur hierdie vrae gerig word.

### 1.4 HIPOTESE

Die navorsing word deur die volgende hipoteses gelei:

- Daar bestaan 'n leemte in die pastorale begeleiding van die persoon wat kinders molesteer. Pastorale modelle, narratiewe terapie en ander metodes kan 'n bydrae lewer tot die beheer en bestuur van die probleem.
- Daar bestaan 'n verskeidenheid veranderlikes wat tot die ontstaan van pedofilie aanleiding gee.
- Die persoon wat kinders molesteer, beleef 'n geestelike vakuum. Die moontlikheid bestaan dat die persoon se Godsvoorstelling dié van 'n despoot (Louw 1999:400) en paaiboelie is wat straf en voor wie hy altyd skuldig moet voel.
- Die gemeenskap is onvolledig ingelig oor pedofilie as fenomeen. Die rol wat die gemeente en die gemeenskap ten opsigte van die fenomeen speel, moet ondersoek word.

Die breër fokus van hierdie studie is hulpverlening aan 'n manlike persoon wat kinders molesteer en wat ook self gemolesteer is, sodat hy na heelwording in Christus begelei kan word. Dan kan hierdie gewoontes deur hom beheer en bestuur word (Salter 1995:44; O'Hagan 1993:194, 197; Wolfaardt 2003:382).

## 1.5 NAVORSINGSTREATEGIE

’n Navorsingstrategie is die benadering wat 'n navorser gebruik om 'n bepaalde ondersoek te doen. Creswell (2003:183) verwys na die begrip "navorsingstrategie" na die "prosesse" wat die navorser tydens navorsing volg. Die navorsingstrategie word deur die navorsingsvrae bepaal. Die navorser sal gebruik maak van die volgende strategieë:

### 1.5.1 LITERATUURSTUDIE

De Vos (2002:405) is van mening dat ’n literatuurstudie bestaan uit die bestudering van geselekteerde empiriese navorsing, asook literatuur met betrekking tot die navorser se studie. Vir die doeleindes van die studie is literatuur vanuit die sosiologie, kriminologie, psigologie en teologie bestudeer.

Literatuur oor pedofilie sal nagevors word en ook dit wat op die gebied van die pastoraat en ander menswetenskappe in dié verband gedoen is. Volgens Taylor en Bogdan (1984:135) is ̓n literatuuroorsig ̓n metode van data-insameling in kwalitatiewe navorsing.

In aansluiting by die keuse vir ’n diakoniologiese epistemologie, word die literatuurondersoek volgens die deduktiewe metode georiënteer. Die literatuurondersoek is van belang vir die empiriese navorsing. Die narratief van 'n pedofiel sal aangewend word om die beweging tussen praktyk en teorie te beskryf.

### 1.5.2 KWALITATIEWE BENADERING

Omdat die kwalitatiewe navorsingsmetode in hoofstuk 4 omvattend bespreek word, word hier net ̓n bondige oorsig oor hierdie metode gegee.

Maykut en Morehouse (1994:14) wys op die belangrike historiese verskuiwings wat plaasgevind het en wat al hoe meer die siening dat kennis finaal is, laat verander het. Sodoende is ruimte vir ander metodes van navorsing geskep. Onder hierdie verskuiwings tel die verandering in wêreldbeskouing van eenvoudig na kompleks en die verandering in verklaringsmetodes van liniêr-kousaal na medebepalende-kousaal. Die waarnemersperspektief het van objektief na die perspektiwiese verskuif.

Die navorser verkies perspektiwiese navorsing bo die begrip subjektief, aangesien subjektiewe en objektiewe waarneming antiteses is. Ek het ook nie subjektiewe navorsing in die oog nie, maar eerder ̓n perspektiwiese navorsing (Maykut & Morehouse 1994:14). Hierdie manier van navorsing laat my toe om meer waarde aan my interpretasie van die onderwerp te heg, maar ook sonder om bepalend te wees vir die bevindings.

Bostaande stelling verduidelik dan ook my posisie in die navorsingsproses – in die woorde van Maykut en Morehouse (1994:20): aan "Qualitative researchers understand that they are also subjects or actors and not outside of the process as impartial observers."

Die wyse waarop die kwalitatiewe navorsing in hierdie studie onderneem gaan word, is deur pastorale gesprekke in die vorm van die narratiewe strategieë, meditasie en visualisering. Volgens Maykut en Morehouse (1994:146): "this explain the builds an audit trail, which allows 'you to walk people through your work, from beginning to end, so that they can understand the path you took in judging the trustworthiness of your outcomes". Hierdeur word ŉ baie duidelike begrip van die pedofiel opgebou en sal betroubaarheid en geldigheid dus nie bevraagteken word nie.

Die kwalitatiewe benadering word in hierdie navorsing gebruik omdat dit, waarde tot die studie sal toevoeg aangesien dit verklarend, beskrywend en verkennend (Mouton & Marais 1989:121) van aard is (Bothma 2003:96-97,198-199). Hierdie metode stel die navorser dus ook in staat om die betekenis wat mense konstrueer, asook die emosionele en geestelike ervarings wat hulle beleef, binne hierdie wêreld saam te beleef. Die ondersoek sal sterk konsentreer op die narratiewe pad wat met een deelnemer geloop word, terwyl daar in ŉ minder mate gewerk word met die reaksie van deelnemers (slagoffers van pedofilie) en ook met die deelnemer wat betrokke is by die bewusmaking van die publiek.

Omdat die navorsing ŉ hermeneutiese aktiwiteit sal wees, impliseer dit dat ŉ kwalitatiewe benadering waarde tot die studie sal toevoeg. Die hermeneutiese uitgangspunt word vervolgens verder beskryf.

### 1.5.3 HERMENEUTIESE BENADERING

Terwyl die navorsing teen die agtergrond van Skrifbeginsels geloods word en diakoniologies van aard is, is ŉ hermeneutiese benadering onontbeerlik. Volgens Gadamer (1976:xii) word hermeneutiek aangewend in omstandighede waar daar deur middel van interpretasie na betekenis gesoek word, maar wat nie direk afgelees kan word nie. In hierdie studie word daar gefokus op die ervaring, interpretasie, Godsvoorstelling en geloofsvolwassenheid van die pedofiel wat kinders molesteer.

Die hermeneutiese tradisie bestaan reeds baie jare in Europa. Pieterse (1993:72) dui aan dat dit vanaf Heidegger, Gadamer, Ricoeur tot by Habermas se vertrekpunte gevind kan word. Pieterse (1993:73) verwys na Dilthey, wat van mening is dat menslike ervaring en handelinge slegs doeltreffend bestudeer kan word deur die bedoelings, waardes en intensies wat agter handelinge lê, te verstaan (Bothma 2003:99).

Hermeneutiek word omskryf as die studie van verstaan deur interpretasie (Pieterse 1993:1; Janse van Rensburg 2000:12). In die hermeneutiese moment word die persoon in berading begelei tot ’n verstaan van sy situasie en probleme in die lig van die Woord van God (Janse van Rensburg 1999a:162). Die verstaansproses gaan eintlik om sensitiwiteit en verdieping van die pastorale ontmoeting tussen God en die mens (Louw 1999:11) met 'n Bybelse verstaan van die mens as geskapene na God se beeld (Möller 1999: par. 3; Heyns 1999:199; Heyns 2000:209,388; De Bruyn 1997: par.43.3). Die verstaansmoment word deur ’n dinamiese proses van verandering, die agogiese moment, opgevolg (Janse van Rensburg 1999a:162) en beoog ’n transformasie van die totale mens (Louw 1999:95).

Pastorale hermeneutiek, wat ’n belangrike rol in hierdie studie speel, beteken die pastor het 'n taak om God se teenwoordigheid en verhaal vir die mens in nood te vertolk, ook om die kindermolesteerder se behoefte en nood te vertolk in die lig van God se genade en liefde sodat dit sin sal maak in sy lewe.

Hermeneutiese doelwitte is nie eksklusief aan ’n postmoderne epistemologie nie, maar die teologiese fundering in ’n deduktiewe benadering gee wel ’n ander betekenis aan daardie doelwitte (Janse van Rensburg 1999a:159).

Die vertrekpunt in die diakoniologie vind plaas vanuit Bybelse beginsels, normatiewe riglyne en 'n diakonale hermeneutiese benadering.

### 1.5.4 OPNAMES

Digitale opnames is van elke terapeutiese sessie met die deelnemer wat pastoraal bedien is, gemaak en dien as ’n bron van data-insameling. Die doel van die opnames is om so ver moontlik die data te bewaar en sodoende die betroubaarheid van die studie te verhoog. Transkripsies van sessie is deur die navorser self gedoen aangesien ek as kwalitatiewe navorser deel van die proses van onderhoudvoering is. Kvale (1996:166) wys daarop dat transkripsies nie kopieë van ’n bepaalde oorspronklike realiteit is nie, maar eerder interpretatiewe konstruksies of abstraksies. Die primêre doel van data-insameling is om betroubare, ware insig te verkry in die deelnemer se ervaring tydens die terapeutiese proses.

Hierdie metode bied aan die navorser meer detail, want die navorser kan teruggaan na die presiese uittreksel en weer luister. Veldnotas word ook gedurende sessies gemaak. De Vos (2002:304) meld dat opnames die navorser help om te konsentreer op hoe die gesprek ontvou en ook om die volgende stap te beplan.

### 1.5.5 VRYWILLIGE DEELNAME

Persone wat aan hierdie studie deelneem, het vrywillig daartoe ingestem. Daar is aan deelnemers voorgestel dat hulle identiteit nie bekend gemaak word nie, maar omdat hierdie mans meen dat die studie ’n bydrae tot die voorkoming van pedofilie kan lewer, wou hulle graag hulle identiteit behou. Daar sal dus konsekwent na die deelnemers volgens hulle name (Melt en Lionel) verwys word.

## 1.6 METODOLOGIE

In enige studie word daar vanuit ’n bepaalde verwysingsraamwerk gewerk, wat bepaal hoe dinge deur die navorser gesien en beleef word.

### 1.6.1 NAVORSINGSORIËNTASIE

#### 1.6.1.1 Epistemologiese vertrekpunt van die studie

Epistemologiese posisionering is noodsaaklik vir enige studie wat onderneem word (Brunsdon 2006:42). Die belangrikheid van ’n epistemologiese posisionering blyk voorts uit Janse van Rensburg (2000:38-46, 2002:42) se waarskuwing dat die vermenging van epistemologieë baie verwarring kan veroorsaak en die bepaalde navorsing se bevindings kan verswak. Epistemologie verwys na ’n bepaalde "manier van dink" en bepaal hoe ons die wêreld rondom ons ken en verstaan (Moore 1997:583).

Dit is tans moontlik om drie verskillende uitgangspunte in praktiese teologie in Suid-Afrika te identifiseer, naamlik ’n diakoniologiese, ’n pastorale teologies en ’n postmoderne epistemologie. Omdat die navorser ’n diakoniologiese benadering kies sal diakoniologie, praktiese teologie en posmoderne epistemologie belig word.

**(i) Diakoniologie**

"Diakoniologie" is afgelei van die Griekse woorde *diakonia* en *logos*. *Diakonia* kan vertaal word met diens en *logos* met woord. Diakoniologie is diens van die Woord van God (Janse van Rensburg 2000:77). Clinebell (1984:66) verwys na die woord *diakonia* as die uitdrukking van die goeie nuus in liefdesdiens, versorging, dienswerk en hulpverlening.

Diakoniologie impliseer dat die Bybel as vertrekpunt van die studie sal funksioneer.

Janse van Rensburg (2000:78) vat die diakoniologie vir die pastorale teologie as volg saam:

- Dit is op Bybelse beginsels gebaseer.
- Dit plaas Christus in sy drievoudige amp as Priester, Profeet en Koning en as Hoof van sy kerk, sentraal in die gemeentelike aktiwiteite.

- Dit maak gebruik van menslike wetenskappe sonder dat daardie hulp die sentrale basis van die diakoniologie verdring en, indien nodig, word ook gebruik gemaak van die empirie of fenomenologie.

Daar word vandag in die hoofstroom nie meer van diakoniologie gepraat nie, maar van praktiese teologie. (Brunsdon 2006:43). Praktiese teologie is een van die studievelde in teologiese studie. Dit is diens van God deur middel van die gesprek, om middellik in die mens die lewensvernuwing in Christus te bewerkstellig, te lei en te onderhou, tot eer van die Here en tot opbouing van die ware geloof en geloofsgemeenskap, in al sy gestaltes.

Janse van Rensburg (2000:79) wys op die verskil tussen diakoniologie en praktiese teologie as volg: "Diaconiology supplements Biblical principles with scientific knowledge while taking care to keep the theological character intact. In using Habermas theory of communicative actions, practical theology takes human and social sciences as a point of departure, in most instances working towards a Biblical understanding of the facts."

Die grootste verskil tussen diakoniologie en praktiese teologie is dat die diakoniologie die Bybelse beginsels met wetenskaplike kennis aanvul sonder om die teologiese karakter daarvan te verloor (Janse van Rensburg 2000:76-80) en in praktiese teologie is kommunikatiewe handeling die vertrekpunt van die epistemologie.

Die hantering van die Skrif volgens 'n diakoniologiese epistemologie in die pastoraat het verandering, beïnvloeding, vernuwing, vertroosting en onderskraging ten doel. Die effek wat hierdie verandering meebring, word as heilsterapie beskryf. Heilsterapie word deur Louw (1999:13) soos volg verduidelik: Vanweë die feit dat heilsterapie gekommunikeer word via die vervulde Skrifbeloftes en gerugsteun word deur 'n onderliggende teologiese metafoor, naamlik die trou van God, word die woord heilsterapie vervang met die term *promissioterapie*. Die beloftes van God bied hoop aan die mens. Hierdie hoop ontsluit antwoorde in die mens in sy soeke na die betekenis van die lewe en die dood (Louw 1999:14; Lester 1995:89).

Vir hierdie navorsing lê praktiese teologie binne die vakgebied van die teologie wat ook diakoniologie insluit. Die woord teologie is ŉ samevoeging van twee Griekse woorde *theos* wat God en *logos* wat woord beteken. Die begrip teologie verwys daarom na die spreke, woord of leer oor God.

God kan nie ŉ objek of ŉ onderwerp van menslike studie word nie. God is te groot en onbeskryflik. Slegs die handelinge en kommunikasie van mense oor God kan bestudeer word. Die beginpunt is dus die mens se handelinge en kommunikasie en dit is in die menswetenskappe te vinde (Janse van Rensburg 2000:93). Heyns en Pieterse (1990:4)

noem teologie kan hoogstens 'n studie wees wat mense se woorde en geloof in God bestudeer. Aangesien hierdie studie op 'n wetenskaplike wyse en vanuit 'n diakoniologiese (Prakties Teologies) perspektief besin oor pedofilie, kan hierdie studie as 'n teologiese studie beskryf word.

**(ii) Praktiese Teologie**

Janse van Rensburg (2000:88-89) maak die waarneming dat daar in die praktyk 'n gevarieerdheid onder praktiese teoloë bestaan, in dié sin dat nie almal wat op 'n praktiese teologiese vertrekpunt aanspraak maak, dit konsekwent toepas nie.

Sommige praktiese teoloë (Malan Nel, Firet, Zerfass) grens baie naby aan die diakoniologiese epistemologie as gevolg van die Skrif wat as beginpunt geneem word met 'n metodologie van kommunikatiewe handelinge.

Daar is egter 'n tweede groep teoloë wat duidelik van die diakoniologie wegbeweeg het, onder andere Heitink en Pieterse. Hulle neem nie die Woord van God as beginpunt nie, hoewel hulle die waarde van die Bybel in hulle teologiese aksies erken. Die ervaring gaan die openbaring vooraf en dus word dit as die beginpunt gestel. Daar word hoofsaaklik op kommunikatiewe handelinge en empiriese navorsing gekonsentreer.

Die pastoraal terapeutiese implikasie is dat die oogmerk nie is om mense te verander nie. Die ekstreme kant van hierdie tweede groep word deur Van der Ven (1994:29-44) se uitsluitlike konsentrasie op die empiriese aspek verteenwoordig. Empiries teologiese navorsing word empiriese teologie.

'n Derde groep teoloë is baie radikaal in hulle Skrifbeskouing. Daar is by hierdie teoloë 'n weerstand teen die belydenisgrondslag en 'n ondersteuning van die postmodernistiese waarheidsbegrip. Hulle beweer dat daar nie so iets soos 'n prakties teologiese Skrif-beskouing is nie en dat dit 'n gematigde dualisme verteenwoordig. Hier kan die name genoem word van Gerkin en Steenkamp (Janse van Rensburg 2000:96-97).

Praktiese teologie word beskryf as 'n kommunikatiewe teologiese handelingswetenskap wat sy paradigma en metodologie ontleen van die sosiale wetenskappe (Heitink 1993:106; Pieterse 1993:3).

Die teorie van kommunikatiewe handelinge dien as basis vir die epistemologie van die praktiese teologie. Firet plaas praktiese teologie binne die raamwerk van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Die evangelie is die blye boodskap dat God die mens ontmoet (Heyns & Pieterse 1990:6).

Praktiese teologie het te make met daardie geloofshandelinge wat doeltreffend met ander kommunikeer sodat daar ruimte vir God in hierdie wêreld geskep kan word.

Volgens Firet het Nitzsch al in die negentiende eeu gesê dat teologie die *scientia ad praxin* is, dit is, ’n wetenskap wat op die praktyk gerig is, terwyl praktiese teologie ŉ *scientia praxeos* is, dit is ’n wetenskap wat ’n teorie vir die praktyk nastreef (Heyns & Pieterse 1990:6-7). Die praktiese teologie hou hom dus besig met die teorieë wat in die kerklike en geloofspraxis funksioneer (Heyns & Pieterse 1990:21).

Heitink (1993:105-106) verwys na die praktiese teologie as die handelingswetenskap. Die wisselwerking tussen en die onderlinge afhanklikheid van die praktiese teologie en die menswetenskappe is onontbeerlik vir praktiese teologie binne die raamwerk van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie/teorie-praxis-verhouding.

Müller (1996:5) omskryf dit so: "Praktiese teologie is die sistematiesgestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe."

In dié studie vind die navorser aanklank by die definisie van Louw (2008:71):

> "Practical theology is the science of the theological, critical and hermeneutical reflection on the intention and meaning of human actions as expressed in the practice of ministry and the art of faithful daily living. It is related to life skills within the realm of spirituality. In this regard practical theology is connected to the praxis and will of God within the encounter of God and human beings. Praxis (the intentional and meaning dimension of actions and being functions) is expressed in the actions of ministry and care and communication."

Die waarde van hierdie prakties teologiese definisie help om hierdie studie verkennend, beskrywend en verklarende waarde te gee en ook om teorieë op die praxis te betrek (Heyns & Pieterse 1990:73-74).

### (iii) Postmoderne epistemologie

Die mens leef tans in ŉ postmoderne era, waarin daar onder andere geglo word dat die waarheid geen vaste betekenis of strukture kan hê nie (Janse van Rensburg 2000:35; 2002:43). Janse van Rensburg (2000:7) voer aan dat selfs die huidige kennisbasis bevraagteken word. Daar is ook diegene wat beweer dat dele van die Bybel onwaar is. Die wettiging van aborsie deur die Suid-Afrikaanse regering en die verkoop van pornografiese tydskrifte is ŉ voorbeeld van postmoderne denke (Van der Watt 2000:19-20).

Die postmodernisme het ook ŉ uitwerking op die postmoderne mens se beskouing van seksuele oriëntering. Die seksuele ongebondenheid word onder meer weerspieël in die algemeenwordende koerant- en tydskrifadvertensies vir buitehuwelikse seksuele verhoudings, die Internet en tonele in films en die gedrukte media. Ongebonde aan enige waardestelsel, gesagsbron of norm, staan die postmoderne mens se lewenstyl in lyn met sy lewens- en wêreldbeskouing sonder God of Sy Woord (Besuidenhout 2005:26-27).

Die kortstondigheid van hierdie uitgangspunt kan nie ŉ positiewe bydrae tot hierdie studie lewer nie.

Daar gaan nou ŉ kritiese evaluering van die verskillende pastorale benaderings gemaak word.

Teoloë het vanuit hulle verskillende paradigmas en epistemologieë modelle ontwikkel waarvolgens hulle die pastoraat beoefen het. Die bespreking van die onderskeie pastorale modelle sal duidelik aantoon hoe bogenoemde paradigmaskuif in die pastoraat gemanifesteer het. In elkeen sal nuttige elemente na vore kom en sodoende kan die navorser se posisionering gevorm word. Dit is interessant dat die ontwikkeling van benaderings dikwels juis in reaksie op mekaar geskied.

Die bekendste modelle is die kerugmatiese pastoraat van Thuneysen, die eduktiewe pastoraat van Hiltner, die noutetiese pastoraat van Adams, die hulpverleningspastoraat van Heitink, die terapeutiese pastoraat van Clinebell en ook die konvergensiemodel van Louw (1999). Daar sal nou na elk van hierdie pastorale modelle gekyk word.

## 1.7 BENADERINGS IN DIE PASTORAAT

### 1.7.1 DIE KERUGMATIESE MODEL

Die Switserse teoloog Eduard Thurneysen word as die eksponent van die kerugmatiese model vir die pastoraat beskou. Daar vind geen vermenging van die amptelike vakke en die psigososiale wetenskappe plaas nie (Van Jaarsveld 2001:55). In die pastorale sorg gaan dit by uitstek, volgens Thurneysen, om die verkondiging van die Woord om die deelnemer tot vergifnis van sonde deur Jesus Christus te lei (Thurneysen 1962:177). Hierdie verkondiging van sondevergifnis gaan gepaard met ’n oproep tot bekering. Thurneysen se model is ’n preekmodel. Die mens is in ’n ondergeskikte posisie teenoor God en daar is ’n besliste afstand tussen God en die mens as verloste sondaar. Die sleutel in hierdie pastorale model is die mens se volledige afhanklikheid van God.

Met die oog op die bereiking van die doelwit om die pedofiel deur die verkondiging van die Woord tot vergifnis van sonde deur Jesus Christus te lei, moet die kerugmatiese gesprek deur die volgende momente beheers word (Van Jaarsveld 2001:57-58).

- Soewereiniteit van God. Alles wat geskep is, is onderhewig aan die wette wat deur God self daargestel is. God alleen is selfgenoegsaam. Die mens is volkome afhanklik van God. As sleutel tot sy pastorale model beklemtoon Thurneysen die grootheid en uniekheid van God. Daar is ’n geweldige afstand tussen God en die mens. God is die onaantasbare, die mens is die ondergeskikte. As sulks is die mens volledig van God afhanklik.
- Verdorwenheid van die mens. Die totale verdorwenheid van die mens word bely. Wanneer die verdorwenheid en sondigheid van die mens bloot as tekorte, gebreke en beperkings gesien word, is daar nie sprake van ware herderlike sorg nie.
- Verlossing uit genade. Die verlossing van die mens uit sy sonde is ’n genadige daad van God. Die mens kan homself nie verlos of dit verdien nie.
- Lewendmaking deur die Gees. Slegs deur die werking van die Heilige Gees word die mens ontvanklik vir die verkondigde evangelieboodskap.
- Gemeentegerigtheid. Die funksie van die gemeente en mede-verantwoordelike van die pastorale versorging is vir Thurneysen baie belangrik. Hy lê ook klem op die onderhouding van die sakrament van kerklike tug (Thurneysen 1963:284, 315).

In hierdie diakoniologiese model kan ons sien hoe ’n individuele benadering aangewend word, sonder om die hermeneutiese konteks van die pastoraat te verreken.

#### 1.7.1.1 Evaluering van die kerugmatiese model

Positiewe en negatiewe evaluering oor die kerugmatiese model word as volg saamgevat:

#### (i) Positiewe elemente

- Die kerugmatiese model is ’n volledig deduktiewe model. Dit kry al sy inligting uit die Bybel en gee dit aan die individu (Bothma 2003:37).
- Die uitgangspunt vir die herderlike sorg word in God as die gans Andere geneem. Hy staan teenoor die verlore mens met wie Hy in verbinding tree (Bothma 2003:37). Slegs Hy kan die ruimte oorbrug.
- Die gesag van die Woord word in die gesprek gebruik en is nie die gesag van die pastor nie.
- Eiesoortigheid van die herderlike sorg (Bothma 2003:37).

- Erkenning vir die psigologie. Thurneysen (1963:201) erken dat daar kennis geneem moet word van die psigologie, maar handhaaf die selfstandigheid van die pastoraat as ’n unieke dissipline.

**(ii) Negatiewe elemente**

- Die belangrikste kritiek teen Thurneysen was dat hy met sy kerugmatiese sielesorg die pastoraat laat opgaan het in ’n homiletiese gebeure sodat die mens self in sy eksistensiële nood nie tot sy reg kom nie (Van Jaarsveld 2001:60). Die feit dat daar in die pastorale gesprek ’n soort *breuk* moet kom waardeur die pastor verder as die sfeer van die innerlike en die psigologiese beweeg, het heelwat kritiek uitgelok. Onder die breuk verstaan Thurneysen dan die aanspraak van Gods Woord met die oog op bekering, boete en die ontvangs van die heil (Louw 1993:7-8).
- Verskraalde antropologie. Thurneysen (1963:54-67) voer aan dat pastoraat op die Bybelse antropologie gegrond moet word. Hierdeur word ŉ verskraalde mensbeeld en nie die breë beeld van die mens as skepsel van God gesien nie.
- Onbereikbaarheid van God. Kommunikasie tussen God en die mens vind oor so ŉ groot afstand plaas dat God as ontoeganklik beskou word (Van Jaarsveld 2001:60). Die pastor tree in die model op as mondstuk van God wat die Woord bedien. Hier kom dus ŉ subjek-objek verhouding te staan.

**1.7.1.2 Toepassingsvlak van die kerugmatiese model ten opsigte van pedofiel**

Uiteraard sal daar in hierdie benadering tot die pedofiel die verkondigingselemente van Thurneysen in die ontmoeting voorkom. Trouens, ’n baie groot deel van die pastoraat sal binne hierdie modus afspeel.

Daar sal gewaak moet word teen ’n suiwer homiletiese gebeurtenis. Dit mag die indruk skep dat die pastoraat net bekering in die oog het. Dit mag lyk of die persoon tot hierdie toestand gebind is deur sonde, wat vrae mag skep. Omdat daar alreeds ’n afstand tussen God en die pedofiel bestaan en hy reeds geïsoleerd voel as gevolg van sy seksuele afwyking, sal hierdie model vir die regte tydsberekening moet wag. Sondebelydenis en vergifnis sal deel uitmaak van die terapie, en hier sal die kerugmatiese model ’n groot bydrae lewer.

Die pedofiel kan maklik voel dat kerugmatiese dwang en manipulasie op hom geplaas word omdat dit mag lyk asof die problematiek direk aan die sondenood toe te skryf is. Alhoewel dit waar is dat die sondige gebrokenheid van die mens sy mees wesenlike bestaansdilemma is, is alle problematiek tog nie gelyk oorspronklik en op ’n bykans meganiese en kousale wyse aan sonde toe te skryf nie (Louw 1993:9). Om hierdie rede kan pastorale sorg nie net

sondebelydenis as oogmerk hê nie. Genesing word met heiligmaking verwar, wat op sy beurt die wanindruk van perfeksionisme skep (Louw 1993:10-13).

Die Heilige Gees, wat die pastor begelei en ook meer en meer teenwoordig raak by die persoon wanneer heling intree (Thurneysen 1963:186), is ook van groot belang in hierdie terapeutiese proses.

Hierdie model het 'n groot bydrae te lewer tot pedofilie omdat hierdie persoon nie kan insien dat God sy sonde kan vergewe nie, want volgens hom is dit te groot.

### 1.7.2 EDUKTIEWE MODEL

Die eduktiewe model van S Hiltner staan in skrille kontras teenoor die kerugmatiese benadering van Thurneysen (Van Jaarsveld 2001:61). Hiltner se model ontstaan vanuit die ″pastoral counseling movement″, waarvan Boisen en Oates ook lede was. Volgens Hiltner was Thurneysen te besig met God en te min met die mens (Bothma 2003:37).

Eduktief kom van die Engelse woord *educe* en beteken om na vore te bring, om uit die empirie, die ervaring deur die waarneming, afleidings te maak (Louw 1999:166). Die eduktiewe model beoog derhalwe om dit wat in 'n persoon is, na vore te bring (Van Jaarsveld 2001:61).

Hierdie benadering het groot druk op die kerugmatiese benadering in die pastoraat geplaas. Dit is meer as 'n psigoterapeutiese benadering ontwikkel. Rogers se persoonlikheidsteorie het 'n besondere invloed op die ontwikkeling van die Amerikaanse pastorale beweging gehad (Heymans 2008:78).

Die pastorale metode wat deur Hiltner (1958:69) gevolg word, bestaan uit drie kernmomente, te wete genesing, ondersteuning en leiding (Louw 1999:166). Hierdie drie kernelemente word deur middel van 'n kommunikasiestrategie wat op Rogers se kliëntgesentreerde terapie gebaseer is, gekommunikeer (Van Jaarsveld 2001:64; Gerkin 1997:68).

Hiltner fokus nie op die rol wat sonde in sy genesingsmetodiek speel nie. Onder genesing of heling verstaan hy die herstelproses van die funksionele geheel van die mens.

#### 1.7.2.1 Evaluering van die eduktiewe model

Positiewe en negatiewe evaluering oor die eduktiewe model word as volg saamgevat:

**(i) Positiewe elemente**

- Die pastor is betrokke by die hele lewe van die deelnemer.

- Gespesialiseerde en relatief gestruktureerde gesprekstegnieke word aangebied (Van *Jaarsveld* 2001:61).

**(ii) Negatiewe elemente**

- Die eduktiewe model kan die teologie van die pastoraat reduseer tot slegs die ervaring en behoeftes van die mens.
- Die Skrif word aan ander bronne gelykgestel.
- Die Amerikaanse kliënt-gesentreerde pastoraat reduseer die mens se verbondenheid aan God.
- Die God-mens-ontmoeting word tot 'n terapeutiese proses beperk; hierdeur gaan die teologiese karakter van die pastorale beraad verlore.
- Selfhandhawing en selfaktualisering.
- Sonde word vereng tot blokkasie. Dit wat in 'n holistiese visie groei blokkeer, word as sonde geïnterpreteer, dit wil sê, faktore wat die mens se wil tot selfhandhawing en sy/haar wil tot relasie blokkeer. Sonde word die diskongruensie tussen die self en sy/haar organiese ervaringswêreld (Louw 1999:38-39).
- Verlossing in die eduktiewe model word al meer *redemption* en al minder *salvation* (Louw 1999:39-40).

### 1.7.2.2 Toepassingsvlak van die eduktiewe benadering ten opsigte van pedofilie

Nieteenstaande kritiek op sekere aspekte lewer die eduktiewe benadering tog 'n bydrae tot die ontmoeting met die pedofiel. Voordat met terapie begin word, moet daar vooraf gesprekke wees. In hierdie gesprekke sal die eduktiewe model se metodes gebruik word, wat dan baie sterk funksioneer op die kliënt-georiënteerde metodes van Rogers. Dit beteken dat die persoon aanvaar word soos hy is. Deur kreatiewe vrae moet die persoon gehelp word om homself in perspektief te sien. Daar word uitgegaan van die standpunt dat daar wederkerigheid in die gesprek is. Volgens Rogers beteken dit 'n gelykheid tussen gespreksgenote. Daar moet 'n gevoel van vryheid wees om sy gevoelens en houding te openbaar. Die pedofiel loop met onderdrukte gevoelens en emosies rond en hier is vir hom die geleentheid om sy emosies en verledeverhaal met iemand te bespreek. Die persoon moet gelei word om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar.

Die funksie van hierdie model is nie ver verwyderd van dié van die narratiewe benadering nie, wat fokus op die verledeverhaal van mense om sodoende die probleem hanterings-vermoëns van die verlede in perspektief te plaas met die oog op die hantering van die hede.

Sodra die deelnemer verstaan en aanvaar dat sy dade geheel en al afgekeur word, verwar dit hom om mense te vind wat aan hom leiding en ondersteuning wil bied. Hier kan dié model tot sy reg kom.

### 1.7.3 DIE NOUTETIESE MODEL

In reaksie op die Amerikaanse eduktiewe benadering, het Jay E Adams 'n noutetiese benadering ontwikkel. Die noutetiese beraad is daarop gerig om deur middel van 'n proses van konfrontasie (nouthesis) die persoon tot persoonlike verandering en gedragswysiging te begelei (Adams 1977:45), omdat hy glo dat sonde die basis van alle menslike probleme is.

Die pastoraat verkry 'n vermanende karakter, wat Adams as 'n konfrontasie beskryf wat veranderinge in 'n persoon genereer (Louw 1999:47).

Dit is 'n morele model, omdat die mens verantwoordelikheid neem vir sy/haar gedrag. Die implikasies hiervan is die erkenning van die rol van die sonde, bestraffing, wat lei na bekering, die verwerping van sielkundiges en 'n biblisistiese Skrifhantering. Van Jaarsveld (2001:69) wys op die kenmerke van konfrontasie in die noutetiese benadering wat 'n eie karakter daaraan verleen: reaksie teen humanisme en nie-direktiewe benadering; noutetiese konfrontasie werk met die sondaarmens, soos Gods Woord hom as sondaar aanspreek; noutetiese konfrontasie word op 'n outoritatiewe wyse gedoen; konfrontasie is vermanend van aard; en omdat die Heilige Gees deur die Woord werk, is dit noodsaaklik om 'n deeglike kennis van die Skrif te hê.

Adams (1973:44-50) meld dat drie elemente in die noutetiese benadering op die voorgrond tree. Die noutetiese beraad veronderstel die hulpbehoewende het ’n probleem. Die probleem het altyd te make met sonde, waarmee gehandel moet word, en daarna volg die verbale konfrontasie waardeur die persoon in beraad gelei word om opnuut aan God se standaarde te konformeer (Adams 1973:44-50).

#### 1.7.3.1 Evaluering van die noutetiese model

Positiewe en negatiewe evaluering oor die noutetiese model word as volg saamgevat:

**(i) Positiewe elemente**

- Adams vertrek vanuit ’n Bybelse antropologie. Hy maak erns met sonde, genade, bekering, versoening en die werk van die Heilige Gees (Adams 1973:20-25).
- Die hoofmoment in die noutetiese pastoraat is die proses van konfrontasie. Hierdie noutetiese konfrontasie dra ’n vermanende karakter waardeur verandering in die mens tewee gebring word (Brundsdon 2006:24).

- Die selfstandigheid van die pastorale bediening word gehandhaaf. Die verandering wat by die deelnemer deur middel van die berading beoog word, moet ooreenstem met Bybelse standaarde tot verheerliking van God (Adams 1973:51).

**(ii) Negatiewe elemente**

- Sonde is nie die oorsaak van alle probleme wat nie fisiologies van aard is nie, net so min as wat bekering en vergifnis die oplossing vir alle probleme is. Adams hanteer die sonde as hermeneutiese sleutel waar alle psigiese steurnisse vanuit die sonde verklaar word en die regverdiging byna tot veranderingsprinsipe *ex opera operato* verhef word (Janse van Rensburg 1996:159).
- Hierdie benadering neem nie die menslike konteks waarbinne situasies beleef word, in ag nie.
- Adams wil die Skrif op alle menslike problematiek afdwing (Louw 1993:12).
- Die individu word direk verantwoordelik gehou vir alles wat in sy/haar lewe verkeerd is.
- Adams se standpunt is dat die pastoraat niks by die psigologie kan leer nie. Sy benadering kan as ’n antitetiese model getipeer word. Freud en Rogers word as vyande van die pastoraat beskou (Louw 1993:10). Teologie kan nie as wetenskap alleen bestaan nie, en geensins in die berading met betrekking tot pedofilie nie.
- Adams se standpunt is dat die pastoraat niks by die psigologie kan leer nie. Hy sien kliniese sielkunde (asook beraad en psigiatrie) en pastoraat in kompetisie met mekaar (Louw 1999:48).

#### 1.7.3.2 Toepassingsvlak van die noutetiese model ten opsigte pedofilie

Die noutetiese model se grootste positiewe bydrae tot pedofilie is die beklemtoning van ’n Bybelse pastoraat.

In die toepassing van hierdie metode op die deelnemer moet daar versigtigheid aan die dag gelê word. Hierdie persoon beskou homself alreeds as die sondaar wat nie vergewe kan word nie. Belydenis van gebrokenheid en eie sonde kan dus ’n sinvolle onderdeel van die pastoraat uitmaak. Sodra die deelnemer tot die besef kom dat die molestering van ’n kind sonde is, sal die pastor sy/haar verantwoordelikheid versuim deur nie vermanend op te tree nie. Die noutetiese benadering sal dan nie net van nut wees om die geaffekteerde persoon tot skuldbelydenis te bring nie, maar sal ook meewerk tot die verligting van skuldgevoelens wat daar oor ’n onverantwoordelike lewenstyl bestaan.

By die deelnemer wat ook bitterheid teenoor God en sy ouers het, sou vermaning sinvol aangewend kan word om die persoon tot ’n gesindheidsverandering te bring.

### 1.7.4 DIE BIPOLÊRE MODEL

Gerben Heitink se bipolêre benadering moet gesien word teen die agtergrond van ’n ontwikkeling wat daar in die gereformeerde benadering plaasgevind het. Binne die tradisie van die pastorale bediening was daar tot betreklik onlangs hoofsaaklik twee belangrike aksente: (a) pastoraat as uitdrukking van die tug met die hoofklem op vermaning en bekering, (b) pastoraat as verandering van die sondige mens op grond van die verkondiging van vergifnis (Louw 1993:7).

Die bipolêre model is 'n sintese van die kerugmatiese model van Thurneysen en die kliënt-gesentreerde benadering van Hiltner (Van Jaarsveld 2001:73; Bothma 2003:50). Volgens hierdie model moet die pastoraat nie net 'n suiwer kerklike nie, maar ook 'n buite-kerklike gerigtheid op die wêreld hê (Van Jaarsveld 2001:74).

Heitink (1977:15) kies hulpverlening as uitgangspunt, wat veral met bipolariteit te make het. Onder bipolariteit bedoel Heitink "om te beginnen, dat pastoraat met andere vorme van hulpverlening een aantal gemeen heft, maar anderzijds – en dat geldt in gelijke mate voor andere vormen – ook een eigen karakter bezit".

Heitink (1997:75) illustreer sy definisie van hulpverlening deur middel van ’n skets met twee brandpunte. ’n Verbindingslyn tussen die twee brandpunte dui op die bipolêre, spannings-volle relasie tussen die twee pole. Bipolariteit handel oor die twee pole wat in spanningsvolle relasie tot mekaar staan, maar wat nie sonder mekaar kan bestaan nie.

In die bipolariteit van die pastoraat gaan dit telkens om die wisselwerking tussen God – mens; subjek – objek; algemene openbaring – besondere openbaring; teologie – psigologie; pastoraat – ander vorme van hulpverlening; teorie – praktyk; woord – daad (Roussouw 1983:15-16). Hierdie wisselwerking kom in die geskiedenis tot openbaring waar God met die mens omgaan, en waar dit op die vernuwing van die mens en die wêreld uitloop (Heitink 1977:15).

Soos alreeds genoem sien Heitink (1977:75) pastoraat as hulpverlening of die helpende relasie wat ’n pastor met mense aangaan om – in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus – saam met lidmate ’n weg te soek in geloofs- en lewensvrae. Die benadering van Heitink (1984:75-128) vra dat die mens in sy totaliteit (holisties) in die hulpverleningsproses bedien moet word. Dit is die mens in sy wêreld waarvan hy/sy deel uitmaak, die mens bewus en onbewus, die mens in sy/haar groei en selfverwesenliking en die mens as homo-religieus en die mens op soek na lewens- en geloofsvrae. Die bediening aan die mens in sy/haar totaliteit beklemtoon die belangrikheid van die pastorale psigologie vir die pastoraat.

Bipolariteit geld ook met betrekking tot die verhouding tussen pastoraat en ander vorme van hulpverlening. Die een brandpunt vir dit wat die pastoraat met ander vorme van hulpverlening gemeen het en die ander brandpunt vir die eie identiteit van die pastoraat. Heitink (1979:79) onderskei die vier velde wat elemente met die pastoraat gemeen het as: mediese, sosiale, psigiese en pastorale hulp.

Spanning in die ontwerp is onvermydelik. Hierdie spanning reflekteer die wesenlike verskil tussen twee werklikhede: die openbaringswerklikheid met sy geloofsdimensie en die fenomenologiese werklikheid met sy ervaringsdimensie (Louw 1993:14). Gerben Heitink probeer die spanning tussen openbaring en ervaring draagliker maak.

Heitink het die begrip *verbreding* gebruik om ’n wyer siening van die pastoraat te probeer bevorder – nie net ’n besondere toespitsing van die Woord nie (Heitink 1979:135-144). Hierdie verbreding doen volgens hom geen afbreuk aan die gereformeerde pastoraat nie, maar open ’n weg vir die evangelie na die werklikheid waarin die mens leef (Bothma 2003: 52).

Verbreding in die tradisionele pastoraat geld veral op terreine oor gesagsbegrip, antropologie, die deurwerking van die pastoraat as hulpverlening en die ampsbeskouing (Rossouw 1983:61).

### (i) VERBREDING VAN DIE GESAGSBEGRIP

Heitink (1979:146) sien die pastoraat as ’n geleentheid om die evangelie te kommunikeer.

### (ii) VERBREDING VAN DIE ANTROPOLOGIE

Heitink (1979:82-84) is van mening dat onvoldoende gegewens in die Skrif voorkom vir die beskrywing van ’n volledige mensbeeld. Gevolglik maak hy gebruik van ander wetenskappe om ’n volledige mensbeeld te vorm. Heitink (1979:108-109) gebruik antropologiese inligting uit al die hulpwetenskappe om ’n eenvormige antropologie daar te stel waarvolgens nie-teologiese vakwetenskappe kan funksioneer. Dit staan bekend as "een groeiende anthropologische consensus, aandacht voor de hele mens".

Met pastoraal-teologiese antropologie word bedoel ’n teologiese antropologie wat in diens van die pastoraat staan. So ’n antropologiese benadering is daarop gerig om die mens in ’n empiriese sin te verstaan (Heitink 1979:109).

### (iii) VERBREDING IN DEURWERKING VAN PASTORAAT AS HULPVERLENING

Heitink onderskei vier funksies van die pastoraat as hulpverlening (vlg. Van Jaarsveld 2001:79-80):

- Heling: Onder die helende funksie van die pastoraat verstaan Heitink die moontlike positiewe gevolge wat die pastorale optrede met betrekking tot die gesondheid en die welsyn van mense in die ruimste sin van die woord het (Heitink 1979:289).
- Bystand: Met bystand verstaan Heitink (1979:294) die aangaan en instandhou van 'n verhouding met 'n mens in nood of lyding. So 'n verhouding hou as moontlike gevolg in dat die persoon op die moeilike weg wat hy moet gaan, getroos en ondersteun voel.
- Begeleiding: Die begeleidingsfunksie het betrekking op geestelike leiding aan mense wanneer hulle voor moeilike religieuse of etiese beslissings staan. Daardeur word hulle gehelp om op grond van hulle lewensoortuigings hulle keuses te bepaal en besluite te neem (Heitink 1979:300).
- Versoening: Onder versoening word verstaan dat mense wat van mekaar, van sigself of van God vervreemd is, tot insig kom. Sodoende leer hulle om in nuwe verhoudings te leef. Die versoeningsfunksie moet teen die agtergrond van die mens se sondeskuld gedien word (Heitink 1979:307-311).

#### 1.7.4.1 Evaluering van die bipolêre model

Positiewe en negatiewe evaluering oor die bipolêre model word as volg saamgevat:

**(i) Positiewe elemente**

- Die evangelie word gekommunikeer.
- Heitink lê baie klem op die gelykheid van die gespreksgenote en voel dat jy nie op die Skrif moet staan of op die gesag van die amp om die direktiewe van die pastorale metode in stand te hou nie. Hy voel God oorweldig nie die mens in die ontmoetingsgebeure nie, maar tree as *vennoot* in die verbond op.
- Onderhoudbaarheid van 'n teologiese of psigologiese reduksie (Van Jaarsveld 2001:81). Volgens Louw (1997:160) toon die bipolêre aanpak dat dit in die pastorale ontmoeting onmoontlik is om menslike probleme te beperk tot óf 'n psigologiese reduksie, waarbinne die terapie hoofsaaklik op inherente menslike potensiaal fokus, óf 'n teologiese reduksie, waarbinne die terapie hoofsaaklik van 'n eksterne bron, Woordverkondiging, afhanklik is. Die proses van interaksie tussen God en die mens is te kompleks en omvattend vir eensydigheid.

**(ii) Negatiewe elemente**

- Ten opsigte van 'n bipolêre verhouding tussen God en die mens: Rossouw (1983:16) staan skepties teenoor die bipolêre verhouding tussen God en die mens wanneer dit sou impliseer dat God onvolledig is. Indirek lei dit tot 'n antropologiese oorskatting

waardeur die sondigheid van die mens onderskat word. Die mens is nou eerder skepsel as sondaar (Rossouw 1983:35).

- Ten opsigte van die oorbeklemtoning van die priesterlike amp: Heitink beskou die kerk as ŉ dienslewerende instelling en dat die ganse werk van die kerk diens is. Hierdeur loop hy die gevaar om die kerklike terreine sodanig te versmelt dat hy die drie ampte in Christus in so ŉ mate minimaliseer dat dit uiteindelik tot oorbeklemtoning van die priesterlike amp lei (Rossouw 1983:56-57).
- Daar bestaan die wesenlike gevaar dat die kommunikasiegebeure self tot heilsmiddel word (Louw 1993:21). Hierdie gevaar skuil inderdaad in ŉ stelling van Heitink (1977:181): die evangelie as relasie, die sakrament van die gesprek.
- Ten opsigte van versmelting van die wetenskappe: Heitink wil in die antropologie die onderskeid tussen die pastoraat en ander hulpwetenskappe ophef (Van Jaarsveld 2001:82). Aan die een kant die pool van die Bybelse antropologie en aan die ander kant die pool van die algemene openbaring. Die twee pole is in ŉ noue relasie tot mekaar sodat die een nie sonder die ander tot sy reg, kan kom nie. Die volheid van die twee pole lê dus in die sintese daarvan (Bothma 2003:55; Rossouw 1983:37).
- Ten opsigte van sondebeskouing: Heitink praat van die mens as skepsel en nie as sondaar nie. Dit impliseer dat die mens van homself nie klein genoeg, en van God nie groot genoeg, kan dink nie (Heitink 1979:112). Volgens Janse van Rensburg (1996:157) laat Heitink se antropologie geen ruimte vir die sonde nie. Dit is in teenstelling met die Gereformeerde tradisie.
- Ten opsigte van krisispastoraat: Heitink (1979:193) identifiseer probleemvelde en die aspekte van menswees as die terrein waarin die pastorale praktyk moet funksioneer. Dit impliseer dat dit in die pastorale praktyk net om één saak gaan en dit is probleme. Die pastorale praktyk gaan dus in ŉ krisispastoraat op (Bothma 2003:55) en word tot ŉ spreekkamerpraktyk gedeformeer sodoende is daar te min opbou van die gelowige (Rossouw 1983:44).
- Die bipolêre model moet met ŉ eskatologiese perspektief aangevul word (Louw 1999:56).

#### 1.7.4.2 Toepassingsvlak van die bipolêre model ten opsigte van pedofilie

Die model kan positief aangewend word in die geval van die pedofiel omdat daar persoonlike probleme, krisisverwerking en eensaamheid by hierdie persoon ter sprake is. Hy het sosiaal-kulturele probleme wat gaan oor sy leefpatrone en die maatskaplike strukture in sy samelewing. Die bipolêre model gee die geleentheid om die pedofiel as gelowige in sy situasie te bemoedig.

Bipolêre spanning in die pedofiel kan as oorheersend beskou word. In hierdie navorsing is daar ook van bipolariteit sprake, onder andere:

- **Siekte → heling**

Alhoewel die pedofiel bewus is dat hierdie toestand nie genees kan word nie, maar wel beheer kan word (Wolfaardt 2003:382; Salter 1995:44; O'Hagan 1993:197), is daar by hom ŉ absolute begeerte en bestuur om normaal te funksioneer en ŉ normale lewe te lei. Die bipolariteit tussen genesing en heling bring groot spanning mee.

- **Huidige diskoers → alternatiewe diskoers**

Fantasieë wat sy hele gedagtegang oorgeneem het en die uitleef daarvan kan verander word tot fantasieë oor ŉ normale toekoms.

- **Sonde → genade**

Heitink (1977:111) beweeg weg van ŉ antropologie wat die mens verskraal tot ŉ objek wat gered moet word. Die mens as skepping kan agter die mens as sondaar verdwyn. In plaas daarvan om hom tot die pole sonde en verlossing te beperk, werk hy met die gedagte van skepping en herskepping. Die pedofiel wat homself as sondaar en bedelaar sien, beweeg binne die breër polariteit van skepping en herskepping.

- **Skuld → vryspraak**

Die pedofiel met sy skuld en skaamte oor sy dade teenoor sondebesef, sondebelydenis en vryspraak. Sy toekomsverwagtinge word geblokkeer.

- **God-mens spanning**

Die bipolêre model skep die raamwerk waarbinne ŉ pastorale teologie die God-mens-spanning kan verwoord.

Psigologiese behandeling is vir die pedofiel van groot waarde saam met pastorale hulp. Die bipolêre model lewer waardevolle insette ten opsigte van hulpdissiplines wat 'n bydrae tot die pastorale proses in pedofilie lewer. Sonder hierdie komplementariteit sal die pastorale proses sekerlik nie tot iets kom nie. Hier moet egter gewaak word dat die pastoraat nie verdring word nie, byvoorbeeld: selfbeeld-ontwikkeling binne die pastoraat mag nie ingeruil word vir geloofsontwikkeling nie. Die psigiese benadering kan hier deel van geestelike herstel vorm.

### 1.7.5 CLINEBELL SE HOLISTIESE BENADERING

Die benadering soos deur Clinebell (1984:25) gevolg, staan bekend as "a holistic liberation-growth model of pastoral care and counseling". Die doel van hierdie model is volkomenheid of heelheid (wholeness) waarin al die lewensfases van die mens ter sprake kom. Louw (2008:47) poneer dat ons moet begin praat van *human wholeness,* wat deur die begrip vrede in die Ou Testament en Nuwe Testament oorgedra word (Heb. 7:2).

Clinebell benadruk holisties wees en poog om te help met heling en groei in alle dimensies van menslike heelheid. Pastorale sorg van individue, groepe (gesinne) en wyer sisteme, is belangrik. Oor die begrip holisties sê Clinebell (1984:29) dat die holistiese benadering tot pastorale sorg en berading die mens beskou as iemand wat ryk is in onontdekte en onontginde potensiaal. ’n Holistiese mensbeskouing impliseer dat die mens oor fisiese, psigiese en geestelike synsdimensies beskik en dat al die dimensies tydens pastorale terapie behandel behoort te word. ’n Holistiese inter- en intradissiplinêre benadering bied die geleentheid om onder die leiding van die Heilige Gees ook die evangelie oor te dra as die geleentheid hom daartoe voordoen (Janse van Rensburg 2000:6). Erkenning van die feit dat God die Skepper van die heelal is, is ’n bevestiging van ’n holistiese mensbeeld en ’n holistiese terapie (Janse van Rensburg 2000:7). ’n Benadering gefundeer in die liefde van Christus bied ’n holistiese benadering, wat Woordverkondiging en eskatologiese hoop bied (Janse van Rensburg 2000:7).

Oor die begrip bevryding voer Clinebell aan (1984:28-29): "Bevryding is die verenigde motief van die Christelike leefstyl. Die evangelie word as die goeie nuus ervaar wanneer ’n persoon bevry en bemagtig word om God se droom en voorneme uit te leef, sodat hy/sy in volheid kan lewe." Die kernmotief agter bevryding is die vryheid om alles te word wat 'n mens moontlik kan word. Hedendaagse pastorale sorg en berading is kragtige instrumente vir hierdie bediening tot heelheid en bevryding. Hierdie bevryding sluit in ’n bevryding van kragte (groepe, individue, instansies) wat die Godgegewe potensiaal in mense lam lê. Dit is ook bevryding na ’n lewe in sy oorvloed en bevryding vir ’n lewe in die Heilige Gees (Clinebell 1984:30).

Groei vind plaas tussen omgee en konfrontasie, tussen liefde en regverdigheid, tussen speelsheid en besluitneming. Die groeiformule is omgee + konfrontasie = groei (Heymans 2008:71). Geestelike groei is die sleutel tot alle menslike groei.

Pastorale sorg en berading poog om groei na heelheid te versterk in al ses onderlinge dimensies van 'n persoon se lewe. Clinebell (1984:31-34) beskryf dit as volg:

- "Enlivening one’s mind" - Verlewendig die gemoed

Die eerste dimensie wat Clinebell (1984:32) noem, het te doen met die ontwikkeling van ’n persoon se persoonlike hulpbronne, soos sy manier van dink, voel, ervaar, sy beskouings en kreatiwiteit. Hy wys daarop dat die ongebruikte kapasiteit van die mens enorm is. Die holisties-vrymakendegroeimodel moet dus die volgende insluit: verryk jou bewustheid, bevry jou kreatiwiteit, verdiep jou insig, verskerp jou bewustheid, verbreed jou intellektuele en kunstige horisonne. Hierdeur raak ons meer bewus en ontdek ons onsself.

- "Revitalizing one’s body" – Vernuwing van die liggaam

Die mens moet leer om sy liggaam volkome te ervaar, te geniet en te gebruik, om meer effektief en liefdevol te wees. Mense moet geleer word om die liggaam-verstand-gees heelheid te geniet. Dit is 'n belangrike deel van bevrydingsberading. Dit sluit berading in oor voeding, oefening, spanningsvermindering en ander holistiese gesondheids- en liggaamlike welstandsbenaderings.

- "Renewing and enriching one’s intimate relationships" – Vernuwing en die verryking van ons verhouding met ander

Mense moet gehelp word om hulle netwerk van omgeeverhoudings te herstel, te vernuwe en te verryk. Die mens se persoonlikheid word gevorm, omvorm en verander in verhoudings. Beide heling en groei hang af van die kwaliteit van ons belangrike verhoudings. Heling en die vermoë om te groei is dus belangrik vir 'n heelwordbediening.

- **"**Deepening one’s relationship with nature and the biosphere" – Verdieping van jou verhouding met die natuur en die biosfeer

Ons moet ons verhouding met die aarde ontwikkel deur groter natuurkennis en besorgdheid oor die omgewing. Mense in pastorale sorg en berading kan heel word, geestelik, liggaamlik en verstandelik, as hulle gehelp word om 'n meelewende interaksie met Moeder Natuur te koester.

- **"**Growth in relation to the significant institutions in one’s life" – Groei in verhouding met die belangrike instellings in jou lewe

Dit is die bevryding, heling en groei van die institusionele gemeenskap. ’n Swak punt van baie vorme van pastorale sorg is die uiters individualistiese benadering wat daaraan onderliggend is. Die pastorale sorg van groepe en instellings moet gesien word as die ander sy van persoonlike en verhoudingsverwante heling en groei. Dit moet mense ook bewus maak van die gemeenskapswortels van hulle individuele pyn, gebrokenheid en afgestompte groei. Sorg en berading moet daarna mik om mense te bevry, te motiveer en te bemagtig om met ander saam te werk om instellings plekke te maak waar heelheid beter gekoester sal word deur almal. Daar kan nie volle of langtermynheelheid vir individue en gesinne wees in ons gebroke wêreld wat heelheid verwoes deur stelsels van onregverdigheid, armoede, geweld en uitbuiting nie.

- **"**Deepening and vitalizing one’s relationship with God" – Verdiep en verfris jou verhouding met God.

Geestelike groei deurkruis die ander vyf dimensies en is hul verenigde bond. Die sleutel tot menslike rypwording is 'n oop, vertrouende, koesterende, vrolike verhouding met die liefderyke Gees wat die bron is van alle lewe, alle heling en alle groei. Metodes van geestelike heling en groei is daarop gerig om ons betekenis, leidende waardes, geloof, ons

oomblikke van voortreflikheid en ons verhouding met die kreatiewe Gees van die heelal te bemagtig en versterk. Bedienaars het unieke opleiding en hulpbronne om geestelike groei te help. Teologiese opleiding moet ons voorsien met hulpbronne en bekwaamheid om mense te help om lewendig te word in hulle kern hulle innerlike self, wat die hoofpunt is van kontak met God.

#### 1.7.5.1 Evaluering van die holistiese model van Howard Clinebell

Kritiese opmerkings oor die holistiese model kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

#### (i) Positiewe elemente

Pedofilie is een van die toestande wat nie sonder ŉ multidissiplinêre benadering behandel kan word nie. Mediese hulp, psigiatrie en die pastoraat kan hierdie persoon in sy geheel as mens beraad omdat die mens in sy totaliteit bedien moet word.

Geestelike leiers kan van langtermynstrategieë gebruik maak om pedofilie ook onder die aandag van die gemeenskap en gemeente se aandag te bring. Deur onder andere die gemeente te leer ken en van ’n holistiese benadering gebruik te maak, kan die fisiese, psigiese en geestelike dimensie verreken word. Hierdie benadering kan lei tot geloofsversterking en heling van wonde (Janse van Rensburg 2000:8).

Clinebell (1984:30) noem faktore wat groei na heling belemmer. Hierdie faktore is by die pedofiel aanwesig, onder andere: ŉ Gebrek aan liefde in sy vroeë lewe; traumas (Hart 1994:11; Briggs 1995:11) en krisis; magteloosheid wat veroorsaak word deur innerlike konflik, bekommernisse en angstoestande; ’n onverantwoordelike lewe; ŉ behoefte aan eiewaarde, sekuriteit en waardes; interpersoonlike konflik en ’n behoefte aan ŉ groeiende vertrouensverhouding met God. Deur die gebruikmaking van die holistiese model kan elke faset van die persoon se lewe betrek word.

Clinebell (1984:31-34) omskryf die ses dimensies wat noodsaaklik is om te bedien sodat die pedofiel na heling gelei kan word: die psige en liggaam; vernuwing en verryking van verhoudings; die persoon se verhouding met die natuur en die biosfeer; groei in verhoudings tot betekenisvolle ingesteldheid teenoor die lewe; en die persoon se verhouding met God. Met hierdie model kan die pedofiel in sy geheel oor lang termyn behandel word.

By Clinebell (1984:75) gaan dit nie slegs om die empatiese luister nie, maar ook om die identifisering van die potensiële sterk punte van die persoon in berading (1984:89) wat benut kan word. Daar is geen maklike antwoorde nie (1987:108). Die Skrif mag nooit so gebruik word dat dit die pastorale proses blokkeer nie (Janse van Rensburg 1999a:162). Daarom moet die direktiewe gebruik van die Skrif met groot omsigtigheid gepaardgaan. Wanneer

konfrontasie uit die Skrif (direktief) noodsaaklik word, moet dit eers geskied nadat rapport gevestig is (die groeiformule), terwyl konfronterende Skrifgebruik by persone met psigopatologie uiters diskreet hanteer behoort te word (Clinebell 1987:122-126).

**(ii) Negatiewe elemente**

Volgens Louw (1998a:6) word die menslike problematiek in hierdie model tot die vlak van die psigologiese komponent gereduseer. Dit fokus in die pastorale terapie op die kwaliteit van die kommunikasieproses binne die berading. Die gesprekstegniek binne die interaksiegebeure van die pastorale gesprek weeg swaarder as die teologiese perspektief van die herderwees van die pastor sodat die luistervaardigheid van die pastor belangriker word as die verkondigingsmoment.

### 1.7.5.2 Toepassingsvlak van die holistiese model ten opsigte van pedofilie

Dit gaan vir die navorser oor die feit dat die deelnemer deur die model van Clinebell in sy/haar volheid aangespreek word. Clinebell (1984:26) baseer sy model op Johannes 10:10, as ’n helpende verhouding wat deur die terapeut gebruik word om mense-in-nood te bemagtig deur die vernuwing van verhoudings in die lewe wat Christus aan hulle gee. Daar word vermoed dat die persoon wat kinders molesteer, nie ’n lewe in oorvloed ken nie. Deur hierdie holistiese model aan te wend, kan daar na ’n lewe in oorvloed gestreef word.

Holistiese pastorale sorg en berading is daarop gerig om die persoon wat kinders molesteer, in staat te stel om te groei in alle aspekte van sy lewe. Deur groei in een dimensie te verminder of te beperk, word groei in ander dimensies vertraag. Groei kan deur die sonde geblokkeer word. In Matteus 18 lees ons van die veewagter wat 99 van sy skape los en die een gaan soek omdat hy hom ook liefhet. Jesus is ook besorg oor elke sondaar in nood. Daarom is holistiese pastorale sorg aan die pedofiel van groot belang.

Regterbreinmetodes van heling en groei (intuïtief, figuurlik, denkbeeldige benaderings) moet saam met linkerbreinmetodes (ontledend, rasioneel, doelbewus, probleemoplossingbenaderings) gebruik word. Die pedofiel ervaar dat een deel van hom wil molesteer en ’n ander deel weet dat dit nie die regte ding is om te doen nie. Regterbreinmetodes, wat gebed, meditasie en verbeelding insluit, kan ’n bydrae lewer tot geestelike groei (Clinebell 1984:130). Met die holistiese model word die hele persoon getransformeer.

## 1.7.6 DIE PNEUMATOLOGIESE MODEL

Hierdie model is deur Jacob Rebel ontwikkel en wil die klem na die teonome werking van God verskuif. Hy maak gebruik van A. A. van Ruler se teologiese denke (Rebel 1981:205). Sy benadering skep ruimte vir die aanwending van metateorieë, soos die psigologie. Dit staan alles in die perspektief as hulpwetenskap met die doel om instrument of weg van die

Heilige Gees te wees. Hierdie pastorale model wys dat 'n Christologie met die Pneumatologie aangevul moet word, want sodoende kan die mens die gawes van die Gees benut. Die mens ontdek ’n diensmoraal binne die gemeente met behulp van die gawes van die Heilige Gees.

Heymans (2008:104-105) wys daarop dat ’n dinamiese gerigtheid in die menslike bestaan geskep word. Die nabinne gerigte selfhandhawing word verander in die nabuite gerigte selfverloëning en navore gerigte selftransendering.

Binne die pneumatologie word die ontwikkeling van die menslike persoonlikheid meer as ’n op-weg-wees na psigologiese volwassenheid. Die mens kom tot geloofsvolwassenheid. Die Gees gee aan die mens lewe en maak die mens tot kind van God.

’n Nuwe bestaansgerigtheid lei ook tot ’n radikale nuwe lewenspatroon en gedragsverandering. ’n Gespreksontmoeting word tussen twee gelowiges geskep wat in die lig van God se teenwoordigheid ’n eksponent word van *communio sanctorum*.

Pneumatologie gaan om heilsterapie, nie psigoterapie nie. Die herstel van die mens is buite homself/haarself in die heilswerk van die Middelaar wat herskeppend, herstellende, vernuwend, veranderend en genesend inwerk op alle vlakke van die menslike bestaan. Die Heilige Gees het 'n beslissende aandeel in die terapeutiese proses. Wanneer die psigoterapie die persoon tot dieper insig bring, beweeg dit in die kragveld van die Heilige Gees. Die pastorale terapeut is diep afhanklik van die Heilige Gees, want dit is slegs Hy wat die mens aanspreek en tot nuwe insigte bring, ’n radikale verandering bewerk en ’n nuwe funksiebestemming vir die menslike bestaan ontwerp.

#### 1.7.6.1 Evaluering van die pneumatologiese model

Kritiese opmerkings oor die pneumatologiese model kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

**(i) Positiewe elemente**

- Die outonomie van die mens. ’n Pneumatologiese pastoraat stel die gespreksgenoot sentraal. Dit word egter nie ten koste van die teologiese en kerugmatiese aspekte gedoen nie (Rebel 1981:248). Die nuwe mens word vir die Heilige Gees die antropologiese aansprekings- en ook insprekingspunt. Ten midde hiervan word die outonomie van die mens steeds gehandhaaf. In ’n pneumatologiese antropologie behou die mens sy mondigheid en selfstandigheid. Deur sy gebed neem hy aan die wêreldregering deel. Daarom word daar van ’n pneumatonome sinergie gepraat (Rebel 1981:249).

- Erkenning aan menswetenskappe: Rebel (1981:246) skryf dat die betekenis van die psigologie as katalisator vir die teologie nie onderskat moet word nie. Die psigoterapie soek die geestelike welsyn van die mens en die Heilige Gees het ŉ aandeel daarin. Wanneer die psigoterapie die mens tot dieper insigte lei, vind dit deur die krag van die Heilige Gees plaas. As katalisator vir die teologie het die psigologie derhalwe ŉ stimulerende werking op die teologie (Rebel 1981:260).
- Deur die pneuma word die persoon tot geloofsvolwassenheid gelei. Die ontwikkeling van die menslike persoonlikheid word binne ŉ pneumatologie meer as net ŉ op-weg-wees na psigiese volwassenheid (Van Jaarsveld 2001:90).

#### 1.7.6.2 Toepassingsvlak van die pneumatologiese model ten opsigte van pedofilie

Wanneer die pedofiel deur bemiddeling van die psigoterapie tot ŉ dieper insig in homself gebring word, word daar in die kragveld van die Heilige Gees inbeweeg. Die pedofiel wat die Heilige Gees in hom stilgemaak het, het hier die geleentheid om weer soekend te raak na dít waarsonder hy nie in sy lewe kan voortgaan nie. Eers wanneer die pedofiel ontdek dat sy seksuele afwyking groter as hyself is en hy nie die stryd alleen kan aanpak nie, is daar vordering op die pad van heling.

Die Heilige Gees skep ŉ nuwe dinamiese gerigtheid in die menslike bestaan. Met behulp van die gawes van die Heilige Gees ontdek die pedofiel ŉ totaal nuwe moraal.

Deur die pneumatologiese model aan te wend word die pedofiel gelei na geloofs-volwassenheid. Die herstel tot ŉ nuwe mens is deur die gebruik van die pneumatologiese model moontlik. Die nuwe mens setel buite homself in Christus se heilswerk, wat her-skeppend, herstellend, vernuwend, transformerend, veranderend en genesend inwerk op alle vlakke van die menslike bestaan.

Die pneumatologiese model kan ook in groepe aangewend word.

### 1.7.7 DIE KONVERGENSIEMODEL

Die konvergensiemodel is deur Daniël Louw ontwikkel en het ten doel om die bipolêre model van Heitink (1977) verder te ontwikkel. Dit het tot gevolg dat die pastoraat uit 'n eiesoortige perspektief bedryf word, naamlik die ″perspektief van die Christelike geloof″ (Louw 1999:14). Hiervolgens word die identiteit van die pastoraat as wetenskap gesoek binne die verhouding *God en mens*.

Die konvergensiemodel het 'n eiesoortige karakter van die pastoraat wat teleologies deur 'n eskatologiese perspektief bepaal word (Louw 1999:35). Die basiese beginsels van die God-mens-ontmoeting bied die eskatologiese perspektief wat 'n moontlike uitweg uit die dilemma

bied waarin die pastorale teologie verkeer. Die konvergensiepunt (fokuspunt en prisma) word vanuit 'n eskatologiese perspektief bedryf (Louw 1999:15).

Die uniekheid van die pastoraat is vir Louw (1999:28) in heil opgesluit. Louw (2005:9) voer aan dat heil verwys na die Christelike verstaan van verlossing, vrede met God en vrede met ander mense, versoening en vergifnis.

Die begrip heil verkry in eskatologiese perspektief 'n konvergensiekarakter. Dit word 'n allesomvattende en insluitende prinsipe wat die eie karakter van die pastoraat tipeer as 'n pastorale ontmoeting tussen God en mens binne die verbondsverhouding.

Die basiese beginsels in die konvergensiemodel word kortliks bespreek, naamlik God-mens-ontmoeting, bipolêre spanning, 'n eskatologiese perspektief, die pastorale gesprek, pastorale terapie, geloofsvolwassenheid, en metodologie in pastorale en praktiese teologie.

**(i) God-mens-ontmoeting**

Louw (1999:100-101) is van mening dat wanneer 'n God-mens-ontmoeting plaasvind, die heil 'n drieërlei gebeure van verandering teweegbring, naamlik konstitutiewe verandering, agogie en heiliging.

- Konstitutiewe verandering dui op wesenlike verandering met betrekking tot die mens se wesenlike toestand en lewenskwaliteit. In die Bybel word die verandering wat in 'n mens plaasvind met bekering in verband gebring. In die Ou Testament word bekering gekoppel aan 'n verandering van denke en lewensgerigtheid. Die Nuwe Testament bring bekering in verband met verandering wat ook die totale nuwe lewensgerigtheid en lewenskwaliteit inhou.
- In die pastorale ontmoeting waar die veranderingsproses plaasvind, is daar twee aspekte wat 'n rol speel, te wete konstitutiewe bestaansverandering as 'n wegkeer van sonde met 'n nuwe, kwalitatiewe bestaansgerigtheid, en 'n nuwe verstaan van die mens se bestaan self wat sy persepsie en visie ten opsigte van die sin van die menslike lewe radikaal wysig.
- Agogie in die pastoraat beskryf 'n beïnvloedingsgebeure waardeur verandering binne die geestelike funksie van die mens plaasvind. Binne die beïnvloedingsgebeure speel kennis en inligting 'n rol. Agogie is dus die tot lewe bring van die mens deur God via die bemiddeling van die pastorale optrede.
- Veranderings wat heiliging tot gevolg het. Die veranderingsproses gee aanleiding tot heiliging van die mens se lewe. Aspekte wat veral geraak word, is die mens se houding, gedrag en lewenstyl. 'n Totaal nuwe lewenstyl word gehandhaaf. Die pastorale ontmoeting skep die geleentheid waarbinne die nuwe lewenstyl ontdek word, en die

uitkoms daarvan is die aanvaarding van nuwe etiese implikasies waarvolgens geleef word. Versoening tussen God en die mens vind in werklikheid plaas.

### (ii) Bipolêre spanning

Die waarde van ŉ bipolêre beginsel lê daarin dat die pastoraat rekening moet hou met sowel die Goddelike werklikheid as die menswerklikheid.

Die probleem met ŉ bipolariteitsbeginsel is die gevaar van komplementariteit, waardeur die een pool in terme van die ander geïnterpreteer word. Louw (1999:56) meen dat die bipolêre beginsel wel van komplementariteit gevrywaar kan word deur die beginsel van die eskatologiese voorbehoud. Daardeur word die aspek van verbondenheid tussen God en mens behou, maar die wederkerigheidsgebeure as ŉ daad van God gesien (Van Jaarsveld 2001:93).

### (iii) Die eskatologiese perspektief

Die begrip eskatologie veronderstel nie ŉ spanning tussen God en mens wat *daar voor* en die mens wat *hier agter* is nie (Louw 1999:90). Eskatologie het nie net te doen met die eindgebeure nie, maar primêr met die eintlike gebeure in die tyd.

Die eskatologiese perspektief hou vir die pastorale bediening die volgende konstruktiewe implikasies in (Louw 1999:91):

- Eskatologie verskaf ŉ positiewe horison van sin. Eskatologie verwys na die geheel van God se vervulde beloftes wat gerig is op die heil, aldus op die mens se fundamentele behoefte aan herstel, vrede, integrasie en versoening.
- Die gelowige word aan die trou van God, wat sekuriteit te midde van wisselvalligheid bied, verbind.
- Eskatologie is ŉ normatiewe en rigtinggewende faktor. Die eskatologiese perspektief is ŉ kritiek op alle menslike selfgenoegsaamheid, selfsug en liefdelose selfhandhawing. In die pastorale bediening word ŉ eskatologiese perspektief die normatiewe en deurslaggewende faktore wat help om, in verhouding met al die ander geesteswetenskappe, sy teologiese basisteorie te onderskei van bloot empiries ontwerpte teorieë.

Die eskatologie loop uit op sy beskouings oor promissioterapie as pastorale strategie (Van Jaarsveld 2001:90). Promissioterapie is gefokus op die geloof en verwagtings, die beloftes van God wat aan die mens bedien moet word. Dit beteken dat pastoraat via die promissioterapie nooit los staan van die belofte van die Here nie (Brunsdon 2006:29). Die effek van promissioterapie is geloofsgroei en geloofsontwikkeling (Louw 1998a:519).

**(iv) Dialogiese ontmoeting**

Louw verkies om na die klem in pastoraat te verwys as 'n ″ontmoeting tussen God en mens″ (1999:1). Sy pastoraat as vertolking en ontmoeting eerbiedig die ideaal en doelwitte van 'n hermeneutiese model, sonder om aan die deduktiewe epistemologie ontrou te word (1997:117-131). Ontmoeting is 'n bewuswording van iemand se teenwoordigheid in die volste sin van die woord. Dit veronderstel 'n uitruiling van kennis, ŉ persoon se vertolking en verstaan. Dit veronderstel wederkerigheid en interaksie, 'n intense betrokkenheid by mekaar.

Betrokkenheid veronderstel ook konfrontasie, 'n proses van beïnvloeding en verandering. Daarom laat die ontmoetingsgebeure niemand onbetuig nie (Janse van Rensburg 1999a:162).

Louw beskryf ontmoeting as interaksie tussen pastor en persoon, 'n blootstelling van pastor en persoon in berading aan mekaar (1999:51-52).

Die soekende God stig deur sy Woord ŉ unieke vorm van kommunikasie, naamlik verbondskommunikasie. Hy ontmoet die mens in sy nood en tree met hom in dialoog deur middel van die gesprek. Die gesprek wat deur die verbondskommunikasie gestig word, is ŉ unieke gesprek. Dit gaan daarin om God se trou (Louw 1999:35). Dit is egter nie die persoon van die pastor of die struktuur van die gesprek wat in die laaste instansie die terapeutiese effek bepaal nie. Die terapeutiese effek is ŉ uitvloeisel van God se dialoog met die mens in Christus. In die lig van die eskatologiese heilswerklikheid roep die verbondskommunikasie die mens op tot geloof.

**(v) Geloofsvolwassenheid**

Die fokus van die konvergensiemodel val op geloofsvolwassenheid omdat geloofsvolwassenheid in verband staan met die fundamentele eksistensiële vraag na die sin en toekomsgerigtheid van lewe (Louw 1999:20).

Met geloofsvolwassenheid word dan, teologies gesproke, die volgende bedoel: verandering (soteriologie, die verlossing in Christus), verantwoordelike keusegedrag (etos en etiek), groei (heiligmaking), antisipering en hoop (*parusia*) en onderlinge verbondenheid (*koinonia*) (Louw 1999:31).

Die mens is geroep om binne die verhouding tot God, homself, sy medemens, die kultuur, en die natuur as beeld van God aan sy funksiebestemming te beantwoord. Die opstandingsdinamiek ontketen deur die Heilige Gees is ŉ proses van groei en heiligmaking wat gerig is op geloofsvolwassenheid. Geloofsgroei benodig ŉ eklesiologiese konteks in die pastoraat. Die kerk is ŉ teken van die koninkryk van God en laat die gelowige in die liturgie en sakramente iets ervaar van die eskatologiese werklikheid waarin hy deel. Relasie word

dan verdiep tot egte gemeenskap met God en die medemens. Promissioterapie stimuleer geloofsvolwassenheid (Louw 1999:14).

### (vi) Promissioterapie

Promissioterapie is die toespitsing van die heilsbeloftes via die pastorale ontmoeting op die pneumatiese mens se geloofsfunksie (Louw 1999:518).

Die promissioterapie is deur Louw ontwikkel om die mens te rig om vanuit geloof en verwagting te leef. Dit is die deurgee van die Christelike hoop wat ontspring in die beloftes en trou van God. Promissioterapie word geoperasionaliseer deur kommunikasie van die evangelie. In hierdie kommunikasieproses is Skrifgebruik ŉ deurslaggewende faktor (Louw 1999:427).

- Promissioterapie is aan God se trou en beloftes gekoppel. Dit is die toespitsing van die heilsbeloftes via die pastorale ontmoeting op die pneumatiese mens se geloofsfunksies. Die onmiddellike effek is bekering en geloof. Die langtermyneffek van promissioterapie is die antisipasie van die heilsbeloftes via hoop. Op ŉ antisiperende wyse kry die gelowige vooruitgrypend deel aan die volheid van die heil.
- Promissioterapie, as die toespitsing van God se konkrete beloftes op die totale historiese situasie van die mens, het as onmiddellike effek geloofsgroei en geloofsontwikkeling. Die antisipasiemoment van geloofsontwikkeling wek hoop in die mens se hart op die gebied van ervaring, behoeftes en verwagting (Louw 1999:518-519).
- Geloofsgroei en ontwikkeling word deur promissioterapie bewerk. Promissioterapie het die effek dat dit die proses van geloofsgroei stimuleer en die dimensie van spiritualiteit bevorder (Louw 1999:518).
- Promissioterapie skep ŉ toekomsdimensie vir die gelowige mens. Dit ontsluit ŉ sinhorison waarbinne die gelowige elke dag oorwinnend kan leef vanuit die opstandingshoop.
- Promissioterapie wek, bewerk en versorg die geloof vanuit die sakramentele waarheids-gehalte van die Skrif (Louw 1999:441).
- Toekomsblokkasie en ŉ verlies aan lewensin is die fundamentele faktor in alle dis-funksionele menslike gedrag. Lewensin word in die teologie rondom die persoon van die opgestane Christus gebou. Promissioterapie help die mens om hierdie kernwaarheid deel van sy daaglikse lewenswyse te maak (Louw 1999:119).

Die uitwerking van promissioterapie is ŉ geloofstabiliteit wat sy vastigheid in ŉ eksterne steunpunt vind: die trou van God. Hierdie stabiliteit is gekoppel aan die objektiewe heilsdimensie, die Middelaarswerk van Christus (soenverdienste en regverdigmaking). Die

stabiliteit word versterk en opgebou deur die waarheid van die vervulde Skrifbeloftes (Louw 1999:300).

- **Gebruike van promissioterapie**

Promissioterapie kan met vrug in die volgende situasies aangewend word:

- Toekomsneurose: Die pedofiel ervaar angs by die gedagte aan die toekoms. Hy is bang dat hy gevang gaan word, maar môre is hy weer in sy bose kringloop. Dit skep ŉ geweldige angs. Die eskatologie van God se koninkryksheerskappy kan die geblokkeerde toekomsverwagting by hom weer oopmaak.
- Hooppatologie: Dit ontstaan wanneer die begeerte aan herstel die inhoud van die gelowige se geloof word. Normatief is die hoop dan op genesing gerig. In so ŉ geval is die hoop nie afhanklik van God se beloftetrou nie, maar van die eie obsessie om te lewe. So ŉ hoop genereer optimisme wat maklik in teleurstelling oorslaan.
- Hooputopie: Dikwels is die hoop ŉ onrealistiese verwagting dat dit in die toekoms beter sal gaan. Promissioterapie wil eerder ŉ geloofsinterpretasie maak van lyding in die lig van God se beloftes sodat die persoon gehelp kan word om versoening met God te ontdek. Sommige navorsers beweer dat die pedofiel se seksuele afwyking nie genees kan word nie (Kreston 2007:13), terwyl ander soos Wolfaardt (2003:382), Salter (1995:44) en O'Hagan (1993:194) beweer dat genesing dui op beheer en bestuur en dat dit wel haalbaar is. Waar daar hoop is, is daar lewe (Louw 1999:426).

### (vii) Konvergensiemodel en Skrifgebruik

In die pastorale werksveld is die pastorale respons een van die belangrikste response. Dit behels die inkorporering van die beloftes uit God se Woord binne die mens se probleme in sy elke dag se menswees.

Die konvergensiemodel werk met die volle verskeidenheid van verskillende tipes Skrifgebruik in die pastoraat wat moontlik sinvol in die pastorale proses met die pedofiel gebruik kan word. Die organiese Skrifgebruik is die metode wat by hierdie navorsing inpas omdat die persoon wat molesteer, maar wat ook as kind gemolesteer is, weerstand deurgee ten opsigte van die Skrif. Hy het homself menigmaal tot die Skrif gewend, maar kry nie antwoorde. Die persoon wil nie ŉ preek hoor nie. Organiese Skrifgebruik kan hier nuttig wees. *Organies* beteken dat Skrifwaarhede of Skriftuurlike temas opkom vanuit die dialogiese en kommunikatiewe aard van die pastorale gesprek. Daar word eers geluister na die situasie waarin ŉ eksistensiële tema of probleem geformuleer word. Daarna word na die Skrif gegaan om saam met die persoon ŉ luisteraksie na die hart van die Skrif uit te voer (Louw 1999:430).

Organiese Skrifgebruik is ook ingebed binne ŉ *gebedsgemeenskap*. Die gedurige gebed is dat die persoon krag sal ontvang om God se liefde en genade raak te sien en daarna te streef, en dat God deur die Heilige Gees ook aan die terapeut innerlike sterkte sal gee. Hierdie sterkte is gegrondves in die ware, wederkerige en onvoorwaardelike liefde. Dit is dan ook die belangrikste dimensie van organiese Skrifgebruik, want liefde bly die verbindingslyn tussen die mensteks en die Skrifteks.

Die probleme ten opsigte van Skrifgebruik in hierdie spesifieke pastorale situasie kan die volgende wees:

- Die pedofiel wil nie ontmasker of aangespreek word ten opsigte van sy dade (sonde) nie.
- Hy verkies ŉ kitsoplossing, eerder as die pynlike pad van skuldbelydenis.
- Hy soek antwoorde op sy probleem, maar is nie bereid om anders op te tree of anders te leef nie.
- Omdat dié pastoraat met geloof werk, is dit nie vir die pedofiel aanvaarbaar nie, omdat daar nie ŉ vinnige en sigbare verandering plaasvind nie. Mense wil sien, beleef en waarneem en nie wag en hoop nie.

### 1.7.7.1 Evaluering van die konvergensiemodel

Kritiese opmerkings oor die konvergensiemodel kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

#### (i) Positiewe elemente

Hierdie benadering slaag daarin om baie verskillende aspekte van ’n Bybelse pastoraat saam te voeg, soos die kommunikasie van God se verbondstrou, die pneumatologie en selfs paraklese by wyse van die Woord en gebed (Brunsdon 2006:30).

’n Persoon wat as kind gemolesteer is en wat self ook molesteer, het min toekomsverwagting omdat hierdie toestand volgens die psigiatrie nie genees kan word nie, maar slegs beheer en bestuur kan word (Wolfaardt 2003:382; Salter 1995:44; O’Hagan 1993:197). Om op die eskatologiese sy van geloof in Jesus te fokus kan die bestaan van die pedofiel teleologies na vore ontsluit en weer wys dat in Christus die toekoms altyd beter lyk.

Die begeerte om ’n normale lewe te lei kan die inhoud van sy geloof word. Promissioterapie kan help om die fokus terug te skuif na die God van die seën eerder as die seën van God, wat sou beteken dat die wil van God nie deur die mens in nood normatief vasgelê word nie, maar dat die gelowige ook in die situasie hoop op God – ter wille van God, of dan om Christus ontwil (Brunsdon 2006:31).

Om hoop op volkome herstel aan die pedofiel te gee sal verkeerd wees. Verkondiging van verlossing sal ’n oplossing wees. "Dit gaan in lydingspastoraat nie om die mens met logiese oplossings uit sy nood te praat nie, maar om sy nood in innige gemeenskap met die lydende Christus op ’n hoopvolle wyse te artikuleer" (Louw 1984:58).

### 1.7.7.2 Toepassingsvlak van die konvergensiemodel ten opsigte van pedofilie

Die waarde van 'n bipolêre beginsel lê daarin dat die pastoraat rekening moet hou met sowel die Goddelike werklikheid as die menswerklikheid.

Promissioterapie is ’n benadering in die pastoraat wat met die einde van die lewenspektrum te make het. Tog gaan dit nie hier oor ’n blote tegniek wat mense wil help om die situasie beter te hanteer nie, maar dit begelei mense in die ware sin na ’n groter geloofs-volwassenheid wat alleen deur die Heilige Gees, die Woord en gebed gefasiliteer kan word. Dit sou een van die belangrikste funksies van hierdie navorsing wees.

Promissioterapie spreek die pedofiel aan in sy eksistensiële nood van angs, skuld en wanhoop. Die pedofiel ervaar angs by die gedagte aan die toekoms. Die normatiewe benadering in die model wat sinraamwerk verskaf binne die kwalitatiewe waarde van sy bestaan en die voortgang van ’n menswaardige saambestaan kan vir hom belangrik wees. Die eskatologie van God se koninkryksheerskappy kan moontlik weer die geblokkeerde toekomsverwagting by die persoon oopmaak.

Louw (1984:56) verwys na die waarde van lyding binne die konteks van lyding. Die pedofiel se lyding en die feit dat pedofilie nie genees kan word nie, maar dat sy seksuele gedrag beheer en bestuur kan word (Wolfaardt 2003:382; Salter 1995:44; O’Hagan 1993:197). Promissioterapie het groot waarde in die hantering van toekomsneuroses, hooppatologie en hooputopie.

Daar word vermoed dat hoop ontstaan wanneer 'n deelnemer die begeerte aan herstel die inhoud van sy geloof maak. Hoopterapie word toegepas om die charismatiese materiaal in die pneumatiese mens (die gawes van die Gees) aan te wend met die oog op geloofsgroei vir die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid (Louw 1999:427). Hoop is op genesing gerig. Hoop is die verwagting dat dit in die toekoms beter sal gaan.

Die pedofiel moet besef die mens gaan nie die koninkryk van God binne via sy sondebesef nie, maar op grond van sy genadebesef. Vir die effektiewe skuldpastoraat moet hy eers ’n konstruktiewe Godsbesef hê en weet wie God is, voordat hy werklik skuld kan ontdek en opreg sy skuld kan bely. ’n Duidelike sondebesef en skuldbewussyn is nie ’n voorwaarde vir geloof in God se genade en vryspraak van vergifnis nie, maar is die uitvloeisel van ’n duidelike Godsbesef (Louw 1999:467).

Die konvergensiemodel werk met die volle verskeidenheid van verskillende tipes Skrifgebruik in die pastoraat, wat moontlik sinvol in die terapie met die pedofiel gebruik kan word.

Die konvergensiemodel gee weer sin, en om sin aan die pedofiel te gee kan moontlik ’n belangrike faktor wees.

### 1.7.8 DIE NARRATIEWE MODEL

Die narratiewe benadering het nie uit die pastorale teologie ontstaan nie. Michale White en Dawid Epson, twee sielkundiges, het hierdie model ontwikkel. Onder die plaaslike teoloë word onder andere Kotzé (1993), Müller (1996) en Dill (1996) met hierdie benadering verbind (Brunsdon 2006).

Die narratief funksioneer as ’n metafoor binne hierdie terapeutiese benadering (Stassen 2004:41). Die metafoor is gewortel in die siening dat die mens se lewe as ’n verhaal verstaan kan word. Daar is die oorkoepelende verhaal (*grand narrative*), wat dikwels deurdrenk is met kleiner, problematiese verhale (White & Epston 1990:9-10). Hierdie problematiese verhale bepaal hoe mense oor hulleself en hulle lewe oordeel. Müller (1996:86) verwys na ’n *grand narrative* as ’n metaverhaal.

Die belaste mens word gehelp om die ou, probleemdeurdrenkte verhaal met nuwe verhale te vervang. Hierdie unieke uitkomste (*unique outcomes*) blyk dan die transformerende element van die benadering te wees.

Verskeie teoretici en beoefenaars van narratiewe terapie gaan op verskillende kreatiewe wyses te werk om inhoud te gee aan bogenoemde twee aksies (Müller & Beyer 2007:131). Maar uiteindelik is hulle dit met mekaar eens dat dit gaan oor vertellings, hervertellings en die verbeelding van *preferred realities* (Freedman & Combs 1996).

Müller (2000), wat uit ’n prakties-teologiese (hermeneutiese) hoek vertrek, identifiseer die narratiewe proses aan die hand van belangrike momente, wat die proses van daadwerklike struktuur voorsien. Hy onderskei vyf belangrike bewegings in die narratiewe proses (Müller 2000:72-73), naamlik: die noodverhaal, die verledeverhaal, die toekomsstorie, die verledeverhaal wat geherinterpreteer word en die herinterpretasie van die verledeverhaal, wat in wese ’n uitnodiging is om ’n beter toekoms te verbeeld.

**(i) Die noodverhaal**

Dit is belangrik dat die terapeut die noodverhaal te hore moet kom, want dit is hierdeur dat daar vasgestel word wat die probleem is. Iemand wat aanmeld vir hulp, het immers

vasgevang geraak en die lewensverhaal het in ŉ nood ontaard. Die tweede beweging in die narratiewe proses is die verledeverhaal wat vertel word.

**(ii) Die verledeverhaal word vertel**

Deur na te dink oor die geskiedenis en oor die verlede word ŉ persoon gehelp om sy posisie binne ŉ bepaalde konteks beter te verstaan (Müller & Beyers 2007:134). Mense se noodverhaal is ingebed in ander verhale. Die verledeverhaal gaan verder as die nood en kan lig werp op die nood. Dit gaan hier dus nie net oor die blote herwinning van die verlede nie, maar om die konstruering van ŉ toekomsstorie uit die herinneringe van die verlede (Müller 2000:76-77).

Die pedofiel kan gevra word om na te dink oor die ontwikkelingsgang van hierdie probleem. Wanneer het hy vir die eerste keer bewus geraak van sy probleem? Hoe het sy ouers teenoor hom opgetree? Het hulle geweet van sy seksuele probleem? Wat het hulle daaraan gedoen?

**(iii) Die verduisterde toekomsverhaal**

Ons kyk na die toekoms deur die lens van die verlede (Müller 2000:116) en daarom kan baie mense om verskillende redes nie maklik oor die toekoms praat nie. Hierdie toekomsstorie kan totaal probleemversadig wees. Dit moet nou saam met die gespreksgenoot in die verledestorie ontdek word.

**(iv) Herstrukturering van die verledeverhaal**

Die persoon word begelei op die weg van interpretasie om wat met hom gebeur het, wat tans nog besig is om met hom te gebeur en wat moontlik nog kan gebeur, in ŉ sinvolle storie te interpreteer. Dit help die persoon om op ŉ hoër vlak van menslikheid te beweeg (Müller 2000:118) en sodoende ŉ hervertelde verledeverhaal te vorm. Wanneer herstrukturering van dieselfde storie in ŉ ander struktuur weergegee word, is daar ŉ bewys dat die proses van verstaan reeds begin is (Müller 2000:122).

**(v) Rekonstruksie: Die verbeelding van ŉ nuwe verhaal**

Die persoon in berading word genooi om oor die toekoms en sy toekomsdrome te gesels, en so neem die toekomsverhaal op ŉ natuurlike wyse vorm aan.

In die narratiewe benadering gaan dit om 'n ontginning van 'n persoon se *master story* (White 1995:218). 'n Mens is immers voortdurend besig om sy eie lewensverhaal te herinterpreteer in die lig van nuwe ervarings. Daar is dus dominante en alternatiewe stories in ŉ mens se lewe. Die dominante verhale is normaalweg probleemdeurdrenkte verhale en oorskadu die alternatiewe (positiewe) verhale. Alles wat met persone gebeur, word dan deur

die dominante verhale gesien en verstaan (White & Epson 1990:56). Die narratiewe benadering se transformerende element lê daarin dat daar na die alternatiewe verhale geluister word en dat hierdie verhale by die verteller versterk sodat ’n nuwe, positiewe verhaal geskep kan word wat betekenis aan die mens se lewenservaringe gee (Müller 2000:9). "When persons seek therapy, an acceptable outcome would be the identification or generation of alternative stories that enable them to perform new meanings, bringing with them the desired possibilities" (White & Epston 1990:15).

'n Narratiewe aanpak het binne die konteks van die pastoraat die effek van storievertelling. Hierdie stories word in die lig van die Storie van die Evangelie belig (Louw 1999:23). As stories bespreek en ondersoek word, is groter selfbegrip en kennis moontlik, en dit kan aanleiding gee tot nuwe, konstruktiewe lewensdiskoerse (Van Jaarsveld 2001:102).

Narratiewe terapie streef daarna om nie te verwyt nie en om die persoon te respekteer. Hier word van die standpunt uitgegaan: My reisgenoot is die kundige (Morgan 2000:4). Volgens Louw (1999:346) en Janse van Rensburg (1999a:160) poneer dat die terapeut nie die ekspert is nie, maar 'n gesant van God in dienskneggestalte (kyk Luk. 22:27). Die persoon beskik oor meerdere kennis van sy omstandighede. Deur middel van sy vertellings word gesoek na nuwe moontlikhede waarvolgens sy lewensomstandighede verhelder kan word (Müller 2000:13). Die betrokke persoon is ook nie ’n onderwerp vir navorsing nie, maar medenavorser.

Daar moet saam na die oorsprong, aard en oplossing van die probleme gesoek word (Janse van Rensburg 1999a:163). Die persoon mag nie as die oplosser van sy eie probleme beskou word nie. So 'n beskouing lei maklik daartoe dat die Goddelike werking buite rekening gelaat word. Die persoon word sy eie verlosser, terwyl die pastor hierdie proses bloot fasiliteer. Janse van Rensburg (1999a:164) wys daarop dat op hierdie wyse die handelinge van die Gees van God maklik die skaduwee van menslike handelinge en ervarings word. Die pastor behoort saam met die persoon in berading biddend na God se wil in die situasie te soek (Janse van Rensburg 1999a:165).

Lester (1995:105) huldig die volgende mening:

> "People seek out a pastor or respond to pastoral initiative, because they need someone to listen to their story. Most often the story is tangled, it involves themes, plots and counterplots. The story itself is, of course, an interpretation of experience. To seek counseling usually means that the interpretation has become painful, the emotions evoked by the interpretation powerful and conflicting. The search is for a listener who understands their interpretations, one who can make sense out of what has threatened to become senseless, one

> whose interpretation of the story can reduce the pain and make the powerful feelings more manageable. The one seeking counseling comes asking for a fresh interpretation of what has been experienced, a new *story* for his or her life."

In ’n pastorale benadering word daar bo en behalwe die manifesterende maatskaplike probleem ook rekening gehou met die geestelike belewing of kragte wat die mens-in-nood deel maak van die gesprek. Dit verg ’n unieke benadering. Erkenning van die geestelike dimensie plaas die gespreksgebeure in ’n trialogiese konteks. God is as't ware ook ’n gespreksvennoot (Louw 1999:298). In aansluiting hierby huldig Crabb (1997:43) die beskouing dat ’n pastorale berader kennelik bewus moet wees van sy eie geestelike verbondenheid aan Christus. As daar slegs gefokus word op die gebruik van Bybelse beginsels in pastorale berading, word daar opgetree vanuit ’n moralistiese posisie en word die deelnemer onder druk geplaas.

Pastorale beraders wat ’n moralistiese benadering volg, konsentreer op die morele en tree in gesprek met die deelnemer oor die rol wat sonde speel. Hierdie benadering het sekerlik ’n plek in pastorale berading, maar as ’n alleenstaande fundering kan dit nadelige resultate vir die pastoraat tydens die aanvang van die gesprek inhou.

Dit gebeur dikwels dat die eerste ontmoeting met deelnemers voortspruit uit krisisgebeure van een of ander aard. Aansluiting moet gevind word by die kern van die verhaal (Crabb 1997:44).

Narratiewe benaderings word veral met postmodernistiese epistemologieë geassosieer (White 2000:62-63) en baie terapeute wat hierdie benadering gebruik, tipeer hulself as postmodernisties. Janse van Rensburg (2000:37) wys tereg daarop dat die effektiwiteit van die narratiewe lank voor die postmodernisme besef en gebruik is (Johannes 4).

Wanneer narratief sy eiesoortige postmoderne karakter behou, is hierdie verwoording paradoksaal, maar wanneer die narratiewe epistemologie gedekonstrueer word in terme van die diakoniologiese epistemologie, is dit moontlik om te praat van 'n Gereformeerde-narratiewe pastorale terapie (Janse van Rensburg 2000:37; 1999:161).

Die betekenis wat deur die postmodernisme aan narratiewe terapie toegeken word, word nie in die model ondersteun nie, omdat daar aanvaar word dat vaste waarhede wat op Bybelse beginsels gebaseer word, bestaan.

- **Skrifgebruik in die narratiewe pastoraat**

Narratiewe pastoraat binne die diakoniologiese konteks wil ’n fusie tussen die vasgeloopte mensverhaal en die transenderende Godverhaal bewerk waar hoop en beloftes van die

evangelie fugurerend komponente is en sin en betekenis fasiliteer (Müller 1999:105; Louw 1999:31; Müller 2000:71). Dit is dus van die uiterste belang dat die Woord in die narratiewe pastoraat aan die woord sal kom.

Uiteraard is Skrifgebruik in die pastoraat ŉ kwesbare onderneming. Müller (1996:17-19) meen dat die Woord verkeerd aangewend kan word wanneer dit die vasgeloopte pastorale gesprek moet red of as dit as bron vir oppervlakkige oplossings dien of wanneer die Skrif só gebruik word dat dit op allerhande eksegetiese wangestaltes uitloop.

Verantwoorde gebruik van die Skrif is die draer van die ware aard van die pastorale proses en bring die onderskeidende eienskap in die proses in wat menslike verbeelding nie kan doen nie.

Müller (1996:173) wys dat daar reeds ŉ hermeneutiese proses aan die gang moet kom waardeur dit vir die persoon met wie gewerk word, moontlik word om sy storie in die lig van dié Verhaal te interpreteer. Hier het ons te doen met die sogenaamde pastorale hermeneutiek. In hierdie hermeneutiek is die volgende beginsels belangrik (Brunsdon 2006:194):

- In die teks gaan dit om die konkrete naderkoms en nabyheid van die lewende Here. God is die evangelie *in actu*.
- In die teks hoor ons wat God sê oor lewe en dood, vreugde en leed, gesondheid en siekte, welvaart en armoede in die wete dat God se gedagtes hoër is as die mens s'n.
- Dit is dus in wese ŉ ongehoorde woord, nie ŉ denkkonstruk van mense nie, nie ŉ bevestiging van ons interpretasie van die situasie nie en nie maar net iets wat ŉ religieuse dimensie tot die terapeutiese handeling toevoeg nie.
- Dit teks kan nooit gehoor word sonder deeglike eksegese nie. In die pastorale konteks moet die Woord nie vreemd wees aan sy eie konteks en Geesgewilde bedoeling nie.
- Die teks moet die basis wees waarop ŉ nuwe lewensinsig gebou kan word en moet meehelp tot ŉ nuwe lewensvisie wat die krag word vir nuwe besluitneming en ŉ lewensverwerkliking binne die spesifieke pastorale situasie.

Die organiese Skrifgebruik van Louw (1999:430) pas die doel van hierdie studie goed.

In die narratiewe benadering ontstaan die vraag hoe die groter Storie van God met dié van die gespreksgenoot in aanraking gebring gaan word. Müller (1996:173) meen dat "tegniese bedrewenheid met Bybel en gebed" nodig is.

Daar sal eers na die relevante verhale geluister word, waarna die terapeut noodlydend na die Skrif luister om te hoor wat dit vir die eksistensiële situasie te sê het. Die pastor is tolk van die interaksiegebeure tussen God en die mens, om die Woord van God te bemiddel en te help om die heil te realiseer, konkretiseer of te fasiliteer (Louw 1999:430).

Dit wil voorkom asof die narratiewe model vir die navorser die geleentheid sal bied om die VERHAAL op so ŉ wyse te inkorporeer dat die gedwonge op die agtergrond sal verdwyn, dat nuwe openbaring die gespreksgenoot sal uitdaag om dié openbarings aan te neem. Die taak van die terapeut is tog om sy gespreksgenoot te help om die nuwe moontlikheid te visualiseer en aan te gryp, eerder as om te kies om vas te hou aan die ou wêreld waarin hy ook nie veilig gevoel het nie.

Konfrontatiewe pastoraat mag ŉ probleem skep omdat sonde, ongehoorsaamheid en skuld by hierdie persoon op die voorgrond is.

Die narratiewe strategieë word vervolgens bespreek.

#### 1.7.8.1 Narratiewe strategieë

Narratiewe terapie maak van narratiewe strategieë gebruik om persone uit te nooi om hulle lewensverhale te herskryf en die outeurs daarvan te word (White & Epson 1990:15-18). Voorbeelde van narratiewe strategieë is die genogram (Müller 1996:97-217), dekonstruering (White 2001:109-149), eksternalisering (White & Epson 1990:38-76), ritueel (Müller 1996:183-194), refleksiewe ondervraging (Tomm 1987:167-183), *reframing* (Becvar & Becvar 1996:100-101; Capps 1990:3-16) en skryfwerk (White & Epson 1990:34-37).

Die navorser wil nie poog om die strategieë in detail te bespreek nie, maar slegs wys op die toepassingsmoontlikhede van die metodes in die terapeutiese sessies met die pedofiel. Die strategieë word dus kortliks bespreek.

#### (i) Genogram

'n Genogram is 'n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder en ook om dit wat tans in die gesin gebeur, beter te verstaan (Müller 1996:151-152). Familiebande, ouderdom, geslag en mylpale soos geboortes, huwelike, egskeidings en sterftes kan maklik op die genogram aangedui word. Louw (2005:85) poneer dat die genogram ontdekkend is: dit bring insig en help om moontlike verbande grafies voor te stel. Die genogram help om gesinsontwikkelinge in ŉ historiese perspektief te stel en om moontlike hipoteses oor gesinsverbande te stel.

Deur die genogram in terapie met die pedofiel te gebruik kan daar na die sisteem waarin hy opgegroei het, gekyk word om enige biologiese en psigiese afwykings of neigings in die gesin van oorsprong te identifiseer.

Volle insig moet verkry word waar die gesin van oorsprong te kort geskiet het, en emosionele wonde wat verband hou met die familie se geskiedenis, moet hanteer word (Coetzer 2007a:110-119).

Hierdie metode is ŉ goeie prikkel tot gesprek sonder om die gespreksgenoot bloot te stel, asook vir persone wat nie wil praat nie en ook om die nood- en verledeverhaal te stimuleer (Müller 2000:79; Louw 2005:85).

**(ii) Dekonstruksie**

Dekonstruksie is een van die sentrale komponente van die narratiewe terapie. Morgan (2000:46) omskryf dekonstruksie kortliks as "the pulling apart and examining of taken-for-granted truths". Freedman en Combs (1996:96) stel dit as volg: "Mense leef hul lewe volgens die verhaal van die landskap van aksie en die landskap van bewustheid. Vrae wat oor die landskap van aksie en landskap van bewustheid gevra word, skep geleentheid tot herouteuring van die probleemdeurdrenkte storie."

Janse van Rensburg (2000:10) wys daarop dat Derrida 'n besondere rol gespeel het in die vestiging van dekonstruksie in die postmodernisme. Derrida sien die doel van dekonstruksie as die gedurige opper van vrae in verband met die eie en ander se tekste, om daardeur te ontken dat enige teks vas en seker is. Volgens hom onderstreep 'n taalkundige benadering *difference* (ewigdurende verandering) en ondermyn dit 'n statiese (positiewe) interpretasie van woorde (betekenis). Elke woord verwys na die volgende woord en word gedefinieer deur dit wat volg. Hierdie gedurige verandering noodsaak dan dekonstruksie. Die betekenis van die teks moet gedekonstrueer word om die metafisiese betekenis in 'n spesifieke konteks te vind. Derrida beskou dekonstruksie as 'n strategie en nie 'n sleutel nie (Janse van Rensburg 2000:62).

Ten einde gebruikswaarde vir konstruksie en dekonstruksie as strategieë binne ŉ diakoniologies gefundeerde epistemologie moontlik te maak, moet dit losgemaak word van ŉ postmodernistiese epistemologie en in ŉ Bybelse epistemologie geplaas word (Janse van Rensburg 2000:51). Dieselfde voorvereiste geld vir narratiewe strategieë indien dit binne ŉ diakoniologies gefundeerde narratief-pastorale benadering benut word (Janse van Rensburg 2000:62).

Indien daar in hierdie navorsing van narratiewe terapie, eksternalisering en dekonstruksie as strategieë gebruik gemaak wil word, moet die begronding daarvan deeglik ondersoek word

om nie die Bybelse impak te verontagsaam nie. Samevattend word geargumenteer dat bepaalde voorbehoude binne hierdie strategie bestaan, naamlik God bly sentraal in alle verhoudings, Bybelse waarhede is geldend en die verandering wat teweeggebring word, word deur God geïnspireer.

**(iii) Eksternalisering**

Narratiewe terapie gebruik 'n linguistiese praktyk, naamlik eksternalisering, wat die probleem van die persoon skei (Maree et al. 2003:297; Freedman & Combs 1996:282; White & Epson 1990:38; Morgan 2000:17). Hierdeur is die persoon in staat om verantwoordelikheid te neem vir die probleem wat hy ondervind. Voordat hy homself nie skei van die probleem nie, is ’n persoon geneig om homself as die probleem te sien, wat daartoe lei dat hy hulpeloos voel om enige iets te kan doen (Freedman & Combs 2002:293). Morgan (2000:17) noem dat daar in die aanvangsfase van die narratiewe terapie moeite gedoen moet word om die nood of die probleem name te gee.

Die deelnemer word genooi om ’n standpunt teen die probleem in te neem. Dit het tot gevolg dat die deelnemer die afstand tussen hom en die probleem vergroot. Die deelnemer begin sodoende self om die vermoëns waaroor hy beskik om die probleem te hanteer, te aktiveer. Probleme kan nou selfs name gegee word en daar kan op ’n bevrydende, objektiewe wyse daaroor gepraat word (Morgan 2000:20; Crafford & Kotze 1997:108; O’Hanlon 1994:25).

White en Epson (1990:49) voer egter aan dat eksternalisering nie geskik is waar onderdrukkende optrede en gedrag ter sprake is nie. Hulle voer aan dat die seksuele oortreder nie sy probleem mag eksternaliseer nie: "When these problems are identified, the therapist would be inclined to encourage the externalizing of attitudes and beliefs that appear to compel the violence, and those strategies that maintain persons in their subjugation." Omdat hierdie seksuele afwyking ’n psigosomatiese afwyking is (Hall & Hall 2007:463-464; Barnard, Fuller, Robbins & Shaw 1989:31; Abel et al. 1987:17), mag hy nie sy aandeel en sy verantwoordelikheid ontken nie. Hierdie stelling van White en Epson sal ondersoek word. Die navorser is van mening dat die pedofiel sy verantwoordelikheid vir sy probleem sal moet aanvaar voordat hierdie strategie aangewend kan word.

Voordele wat die eksternalisering van probleme kan inhou (White & Epson 1990:39-40; Freedman & Combs 1996:66-67) is die volgende:

- die vermindering van konflik tussen persone oor wie vir die probleem verantwoordelik is
- die vermindering van die gevoel van mislukking wat persone ervaar wanneer hulle nie die probleem oplos nie
- dit verenig mense saam teen die probleem in plaas van dat hulle teenoor mekaar staan

- dit open die pad vir mense om weer beheer van hulle lewensverhale te neem
- mense sien hulle probleme in ’n ander lig.

Tydens die eksternaliseringsgesprekke kan moontlike unieke uitkomste (*unique outcomes*) of glinstermomente geïdentifiseer word. Die narratiewe benadering wil die belaste mens help om die ou, probleemdeurdrenkte verhaal met nuwe verhale te vervang. Hierdie unieke uitkomste skyn dan die transformerende element van dié benadering te wees. Unieke uitkomste en die konstruering van ’n alternatiewe verhaal is die doel van die narratiewe benadering. Hierdie unieke uitkomste kan as ’n versterkende maatreël benut word in die standpuntinname teen die probleem. ’n Toekomsverhaal van hoop kan sodoende gekonstrueer word (Freedman & Combs 1996:89-91).

**(iv) Rituele**

Rituele is daarop gerig om die voortgaan van die lewe moontlik te maak. Dit is 'n manier om 'n mens veilig oor die moeilike drumpel van die lewe te help en dit help die enkeling om te besef dat hy nie in sy voor- of teenspoed aan homself oorgelaat is nie, " ... maar staat in een traditie en zich gedragen mag weten door een gemeenschap Rituelen zijn er op gericht om de voortgang van het leven mogelijk te maken" (Heitink 1990:129).

Hierdie prosesse word deur sekere rituele gekenmerk wat die mens help om te ontdek dat daar iets groters aan die gebeur is. ’n Ritueel kan een van die belangrikste momente in die mens se lewe word met betrekking tot veranderings wat aangebring moet word. Iets word agtergelaat en iets anders word opgetel waarmee die mens sy lewe kan leef (Van der Merwe 2004:73).

Volgens Louw (1996:189) kan die funksionaliteit van rituele as volg saamgevat word:

- Vir die pedofiel is dit 'n emosionele geleentheid om sy verlede bekend te maak en ook om vergifnis te vra, maar dit word deur middel van hierdie ritueel gekanaliseer. Nie net negatiewe emosies nie, maar ook die positiewe emosie word na vore geroep.
- Ekspressiewe funksie. Die pedofiel kry die geleentheid om sy eie self uit te druk, om sy gevoelens nie langer binne te hou nie.
- Gedurende die ritueel word elke persoon aan sy herkoms herinner en verkry op daardie basis opnuut vertroue in die toekoms.
- Beswarende funksie. Die kwaad word bely en daarom het die kwaad nie meer die laaste woord nie. Dit bring verligting van die angs en spanning waarin die pedofiel leef, maar is ook 'n verligting vir die gemeenskap.

- Verdigtingsfunksie. Die werklike storie word deur baie persone wat geoordeel het vir die eerste keer aangehoor. Die verlede en die toekoms word in die ritueel verdig tot die hede en so ingehaal, binne bereik gebring en beheerbaar gemaak.

Daar word vermoed dat rituele met groot vrug gebruik kan word in die vergifnis- en versoeningsproses van die terapeutiese proses met die pedofiel.

### (v) Refleksiewe ondervraging

Volgens Freedman en Combs (1996:113) is die groot verskil tussen vraagstelling in die ouer (modernistiese) benaderings en dié binne die narratiewe benadering, dat dit nie inligting wil versamel nie, maar ervaring wil genereer (*generate experience*). Tomm (1987:167-183) praat van refleksiewe ondervraging. Hierdie metode van vraagstelling help die persoon om oor die betekenis van sy verhaal na te dink.

Freedman en Combs (1996:120-139) onderskei tussen verskillende tipes vrae, soos *deconstruction questions, opening space questions, preference questions, story development questions* en *meaning questions* om uiteindelik saam met die persoon in berading by die konstruksie van 'n nuwe verhaal uit te kom.

Müller (2000:74) meen dat die beste resultaat verkry word deur op *wat*-vrae te konsentreer, omdat die deelnemer se storie probleemversadig is en hy as't ware verblind word deur die krisis waarin hy verkeer. Hierdie tipe vrae word ook sirkulêre vrae genoem en help om interaksie tussen mense of tussen mense en gebeure na vore te bring. 'n Verdere voordeel van *wat*-vrae is dat dit help om die vertelling van die storie te inisieer. Sodoende kan ook bepaal word wie wat gedoen het. Die *wat*-en *wie*-vrae word op dié wyse sirkulêr aangewend. Gerkin (1997:154) ondersteun die gedagte om gebruik te maak van *wat*-vrae. Hy beskou die lewensiklusbenadering as 'n waardevolle hulpmiddel om aansluiting by die mens-in-nood te vind. *Waarom*-vrae word tot later gelos, omdat dit aanleiding gee tot interpretasies.

Ander vrae wat hierdie proses stimuleer, is die sogenaamde relatiewe invloedsvrae *(relative influence questioning)* (White & Epson 1990:42). Deur hierdie vrae word vasgestel watter invloed die probleem of betrokke diskoers op die persoon het en ook watter invloed die persoon op die probleem het. Dit werk eksternalisering van die probleem in die hand.

### (vi) *Reframing* of herformulering

Die begrip *reframing* word deur Donald Capps (1990) uitvoerig vir die pastoraat uitgewerk. *Reframing* of herformulering is die herstrukturering van die verledeverhaal. Deur middel van hierdie tegniek word persone in wese teruggeneem na tonele uit die problematiese verlede, maar nou word nuwe betekenisse aan hierdie ou tonele verleen (Becvar & Becvar 1996:273-

275; Capps 1990:165). Die verledeverhaal word in wese geherinterpreteer. Nuwe stories word op dieselfde raamwerk van feite gekonstrueer (Müller 2000:73; Capps 190:17).

*Reframing* met die pedofiel is ŉ belangrike saak. Capps (1990:14-16) wys op drie oneffektiewe maniere waarop die probleem dikwels benader word in *reframing* in terapie. Die eerste is vereenvoudiging. Een vorm van vereenvoudiging is ontkenning. Hierdie is ŉ algemene probleem by ŉ pedofiel omdat hy ontken dat die probleem bestaan en daarom val hy die slagoffer aan om sy eie probleem te verdoesel. ŉ Tweede vorm van vereenvoudiging dat die persoon erken dat daar ŉ probleem is, maar die erns daarvan probeer minimaliseer (Carney & Dew 2003:268; Brigg 1995:13). Die pedofiel voer aan dat hy kinders slegs liefde gee. Ander oneffektiewe maniere om probleme te benader is utopianisme. Die persoon probeer om ŉ probleem wat nie bestaan nie of nie verander kan word nie, opgelos te kry.

### (vii) Skryfwerk

Skryf is ŉ nuttige metode in die narratiewe benadering. Volgens White en Epson (1990:34-37) kan geskrewe verhale die persoon in berading en die terapeut tot ŉ ontdekking van die dieper betekenisse in mense se verhale bring. Skryfwerk oor die verloop van die terapeutiese proses kan ook ŉ aanduiding gee van groei wat reeds plaasgevind het. Dit is weereens ŉ veilige manier om inligting te bekom aangesien dit nie die skrywer blootstel nie.

Hierdie metode kan met groot sukses in die terapeutiese proses met die pedofiel gebruik word, veral waar die terapeut en die deelnemer mekaar nie gereeld kan sien nie. Die skryf en herskryf van sy lewensverhaal kan van groot nut wees.

Hierdie metode is in hierdie ondersoek met groot welslae in die geval van die deelnemer gebruik. Die deelnemer in hierdie navorsing is in ŉ inrigting vir sy seksuele afwykende gedrag. Omdat hy vir lang tye per dag in die inrigting opgesluit was, het dit hom gehelp om sy verledeverhaal deur te werk. Ek het hom egter aangemoedig om briewe aan my te skryf.

Die skryf van briewe het ten doel om persone te help met die ko-konstruering van hulle alternatiewe voorkeurverhale in plaas van om verhale te leef wat deur probleme oorheers word. Die persoon kom tot ŉ dieper besef van die betekenis van sy eie verhaal omdat hy uit ŉ reflekterende posisie skryf (Freedman & Combs 1996:208).

### (viii) "Not knowing"

Volgens die narratiewe benadering streef die terapeut na ŉ *not knowing* (Kotzé & Kotzé 1997:42; Müller 2000:71; Hoffman 1995:18; Anderson & Goolishian 1995:25) posisie. "Our knowledge is of the process of therapy, not the content and meaning of people's lives" (Freedman & Combs 1996:44; Müller 2000:17). Die terapeut met die nie-wetende posisie, is die kundige aangaande teologiese, psigologiese en vakkundige kennis (Morgan 2000:2).

Müller (2000:35) noem in hierdie verband dat die terapeut doelbewus oor die drumpel van die verteller getrek moet kan word om werklik die verhaal te kan hoor. Dit gaan hier om ŉ stroping van die terapeut se eie voorbehoude en denkkonstruksies. Wat die terapeut uiteindelik tot die gesprek bydra, is dan in werklikheid ŉ samewerking *(collaboration)* met die deelnemer om by ŉ nuwe, unieke uitkoms te kom (Janse van Rensburg 1999a:160).

Dreyer (2005:20) meen die terapeut se deskundigheid lê op die terrein van die proses van verandering. Wanneer die persoon self ŉ kundige inset lewer, help dit hom om sy eie krag te vind en te ontwikkel, eerder as om te fokus op sy probleem, wonde of patologie.

Deur die *not knowing* posisie in te neem, maak die terapeut die rekonstruksie van ŉ verhaal moontlik met bepaalde aksente vanuit die narratiewe benadering (Müller 2000:71. Saam met hierdie not knowing posisie gaan ŉ "not blaming approach " (Morgan 2000:2).

#### 1.7.8.2 Evaluering van die narratiewe model

Kritiese opmerkings oor die narratiewe model kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

**(i) Positiewe elemente**

- Die narratiewe benadering plaas die mens se verhaal binne die groter raamwerk van God se deur-die-tyd-geopenbaarde verhaal. Daar word ook rekening gehou met die invloed van die sosiale wêreld op die lewens van mense (Dreyer 2005:30).

- Strategieë soos die narratief en dekonstruksie wat in die postmodernisme gebruik word, kan wel met vrug aangewend word, mits hulle nie in ŉ postmoderne epistemologie geplaas word nie. Epistemologies is dit moontlik omdat ŉ strategie soos die narratief nie eksklusief tot die postmodernisme behoort nie (Janse van Rensburg 2000:37).

**(ii) Negatiewe elemente**

Die narratiewe benadering op sy eie het beperkte waarde in terapie aan die pedofiel. Daar sal egter gepoog word om ook strategieë van ander terapeutiese modelle gebruik te maak, soos meditasie, visualisasie en gestaltterapie.

#### 1.7.8.3 Toepassingsvlak van die narratiewe model ten opsigte van pedofilie

Die narratiewe model het eienskappe wat sinvol in die terapeutiese proses met die pedofiel gebruik kan word en word as die vernaamste terapeutiese model gekies, omdat hierdie benadering oor al die eienskappe en dinamika beskik om ŉ verhouding met die pedofiel te vestig.

Die pedofiel wat self ook as kind gemolesteer is, wat sy verhaal vertel en hervertel, skryf en herskryf, beweeg verby die kernpunte waarin hy vasgeval was. In hierdie proses vind daar ’n transformasie plaas waardeur die oorspronklike verhaal sy dominansie verloor en dit nou ’n nie-probleem word. Hy aanvaar dus wat met hom as kind gebeur het en kan die verlede sinvol afhandel. In hierdie proses hoor hy homself, en dit alleen behoort groot terapeutiese waarde te hê.

Müller (2000:73) verwys na die alternatiewe verhaal as die verbeelde toekomsverhaal en sien daarin ook die doel van die narratiewe benadering: "Die verbeelding van ’n toekomsverhaal is ’n kragtige middel tot verandering in die hede. Daardeur kan mense weer gehelp word om motivering, opgewondenheid en doelgerigtheid te herwin" (Müller 2000:99).

Die narratiewe strategie binne ’n diakoniologies epistemologiese raamwerk het die navorsing verder verbreed. ’n Verskeidenheid strategieë kan gebruik word om die pedofiel te help om ’n sinvolle toekomsverhaal te skep.

Tydens terapie sal daar gepoog word om die pedofiel se storie met God se Storie in verband te bring. Wanneer wanverhoudings met God voorkom, sal dit gedekonstrueer word sodat die deelnemer herstel kan word tot die Godbedoelde inhoud van sy lewensverhaal. God en sy Woord staan sentraal in hierdie dekonstruktiewe proses (Besuidenhout & Janse van Rensburg 2006:26).

## 1.8 NAVORSINGSKEMA

### HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE NAVORSING

In hierdie eerste hoofstuk, wat die navorsingsprobleem en navorsingsvrae stel, die navorser se posisionering en die metode van navorsing verduidelik, word daar ook gekyk na die verskillende pastorale modelle wat ’n bydrae kan lewer tot pastorale terapie met die persoon wat kinders molesteer en wat self ook as kind gemolesteer is. Die pastorale modelle se bydrae tot die terapeutiese proses word belig.

### HOOFSTUK 2: DIE FENOMEEN VAN PEDOFILIE

In hoofstuk twee word die fenomeen pedofilie ondersoek. ’n Historiese perspektief word gegee en konsepte word verhelder. Die klassifikasie wat deur die FBI (Federal Bureau of Investigation) gedoen word, word bespreek en daarna word die persoonlikheidseienskappe van die pedofiel uiteengesit. Teorieë aangaande pedofilie word bespreek en die effek wat seksuele molestering op die volwassene se lewe het, word belig. Die boublokke van pedofilie geniet ook aandag en die kind as pedofiel, wat tans baie aktueel is, word kortliks bespreek.

### HOOFSTUK 3: KRIMINOLOGIESE PERSPEKTIEWE OP PEDOFILIE

In hierdie hoofstuk wil die navorser kennis neem van aspekte rakende die wet, Korrektiewe Dienste, die doel van vonnisoplegging, rehabilitasie in Korrektiewe Dienste, pornografie, en die internet- en selfonedilemma. Hierdie aspekte word slegs kortliks aangeraak.

### HOOFSTUK 4: KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODIEK

Die kwalitatiewe metode van ondersoek word in hierdie studie gebruik. Daar sal eerstens gekyk word na die positiewe aanslag wat hierdie metode vir die doeleindes van die studie bied.

Dit is belangrik wanneer ’n terapeut met ’n persoon werk met ’n seksuele afwykende gedrag om hom/haarself te posisioneer. Daar sal onder andere onvoorwaardelike aanvaarding en ’n werklike vertrouensverhouding moet gevorm word. Vooruitsigte vir pastorale terapie aan die pedofiel word deeglik ondersoek. Vooruitsigte wat met pastorale terapie bereik wil word, word gestel.

Pastorale strategieë wat binne die kwalitatiewe benadering aangewend is, word beskryf.

Die verskil tussen psigoterapie en pastorale terapie word ondersoek. Daar word kortliks gekyk watter metodes van terapie deur die psigoterapie gebruik word.

### HOOFSTUK 5 : PASTORALE TERAPIE AAN PEDOFIELE

Vervolgens sal van die sessies met ’n pedofiel wat aangewend is verduidelik word. Bewusmaking van die fenomeen by die publiek, wat in samewerking met ’n gerehabiliteerde deelnemer geskied, word verduidelik.

### HOOFSTUK 6: SLOTSOM EN GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings, toetsing van hipoteses en aanbevelings van die navorsing gemaak.

## 1.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsprobleem gestel. Die navorser is oortuig dat hierdie studie ’n bydrae tot die fenomeen van pedofilie kan lewer.

Die navorsingsvrae en hipotese is gestel wat in hierdie studie gebruik gaan word.

Daar is aangedui dat daar hoofsaaklik twee epistemologieë binne die dissipline van die praktiese teologie is, naamlik die diakoniologiese benadering en die kommutatiewe handeling. Hierdie studie word aangepak vanuit ’n diakoniologiese epistemologie ongeag die feit dat ons in ’n postmodernistiese tyd lewe.

Verder is die metodologiese oriëntasie, navorsingsontwerp en strategie uiteengesit.

Verskillende pastorale modelle is bespreek, ’n evaluering is gedoen ten opsigte van die toepassingsvlak ten opsigte van pedofilie. Daar is bevind dat elke model voordele inhou wat in pastorale terapie met die pedofiel aangewend kan word. Die narratiewe benadering met verskillende strategieë sal ’n baie groot rol in die studie speel. Omdat daar groot bipolêre spanning by die molesteerder heers sal die bipolêre model van Heitink ook baie nuttig te pas kom.

In hoofstuk 2 word daar aandag gegee aan die fenomeen pedofilie. Daar sal gekyk word na definisie van pedofilie, die historiese perspektief op pedofilie, persoonlikheidseienskappe van die molesteerder asook na wat aanleiding gee dat mans kinders molesteer. Dit is egter belangrik om die effekte van seksuele molestering te ondersoek omdat hier langtermyngevolge ter sprake is by die persoon wat kinders molesteer en wat ook as kind gemolesteer is.

# HOOFSTUK 2
# DIE FENOMEEN PEDOFILIE

## 2.1 INLEIDING

Hoewel daar in die afgelope drie dekades baie navorsing oor die kindermolesteerder gedoen is, is daar nog nie ŉ definitiewe verduideliking gevind waarom mans wat kinders seksueel molesteer, blind is vir hulle doen en late nie (Van Dam 2001:5; Pryor 1996:7).

In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om uit die beskikbare literatuur 'n geheelbeeld van die fenomeen pedofilie daar te stel. Daar is egter verskeie beperkings in die literatuur oor kindermolesteerders. Daar word meestal navorsing oor molesteerders in gevangenisse gedoen. Dit is dus nie verteenwoordigend van die algemene populasie van mans wat kinders molesteer nie. Hierdie studie handel egter oor mans wat in die gemeenskap beweeg wat kinders molesteer. ŉ Ander probleem is dat ŉ groot hoeveelheid inligting in die literatuur gebaseer is op beskrywende data wat van slagoffers van seksuele molestering verkry is.

In die verskillende vakwetenskappe is daar verskillende teorieë oor pedofilie en hoe die fenomeen ontstaan. Howitt (1995:130) wys daarop dat radikaal uiteenlopende teorieë al voorgestel is om pedofiliese gedrag te verduidelik. Hy meld verder: "One could even go so far as to say that, in dealing with paedophilia, not one theory, classification system or therapeutic program might ever be adequate to fully explain this phenomenon." Baie teorieë klink onaanvaarbaar, maar iemand wat betrokke is by die behandeling van pedofilie moet van al die teorieë kennis neem (Howitt 1995:158).

Daar word eerstens na die historiese perspektief van kindermolestering gekyk. Seksuele aangetrokkenheid tot kinders is nie ŉ nuwe tendens nie. Trouens, die voorkoms daarvan is byna so oud soos die mensdom self.

Parafilie is ŉ abnormale uitdrukking van seksualiteit. In hierdie hoofstuk word enkele seksuele afwykings genoem en dan word pedofilie, wat die bekendste is, deeglik ondersoek. Omdat verskillende outeurs verskillende aspekte van pedofilie beklemtoon, word daar kennis geneem van die verskillende aksente.

Daar is ook ander terme binne pedofilie ten opsigte waarvan verheldering nodig is, naamlik hebofiele, efobofiele, pedoseksualiteit, infantophilia, tegnofilie en bloedskande, wat net kortliks aangeraak sal word. Konsepte soos kindermolestering en seksuele mishandeling sal verduidelik word.

Die persoonlikheidseienskappe word genoem alhoewel dit volgens navorsing baie moeilik is om die profiel van ŉ tipiese pedofiel te beskryf.

Omdat die wortels van pedofilie tot ’n groot mate in die vroeë adolessensie (Howitt 1995:16; Salter 1995:25) lê, gaan daar gekyk word na die lewenservarings wat tot hierdie fenomeen aanleiding gee.

Die klassifikasie volgens die kriminologiese perspektief word bespreek.

Daar is die aanname dat seksuele molesteerders in Suid-Afrika al hoe jonger raak. Omdat ek gedurende hierdie studie met hierdie fenomeen in my omgewing in aanraking gekom het, en ook omdat albei deelnemers reeds op ’n jong ouderdom begin molesteer het, meen ek dit is noodsaaklik om na die kind as pedofiel te kyk.

’n Aspek wat ook in oënskou geneem word, is wat in ’n man se lewe gebeur sodat hy tot die daad oorgaan om kinders te begin molesteer.

## 2.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF OP PEDOFILIE

'n Oorsig van die literatuur oor kindermolestering bring aan die lig dat die seksuele gebruik en misbruik van kinders 'n lang geskiedenis het. In die vroeë geskiedenis is kinders beskou as die eiendom van die familie binne 'n patriargale struktuur. Kinders is in die wêreld gebring om ouers te dien en om die familienaam te laat voortleef.

Kindermolestering het reeds in die antieke tyd plaasgevind, maar dit is nie as sulks geïdentifiseer nie. Verandering in denkwyse aangaande sekere seksuele gebruike kan as ’n aanhoudende siklus eerder as ’n lineêre vooruitgang gesien word. Sekere gedrag is voorheen as normaal beskou maar later is dieselfde gedrag as afwykend gedefinieer.

In die antieke tyd is seksuele praktyke tussen volwassenes en kinders as normaal beskou en is dit deur die samelewing aanvaar (Iverson & Segal 1990:2). Kinders van slawe, veral die seuns, is deur volwasse mans vir seksuele plesier gebruik en hierdie gedrag is deur die samelewing aanvaar (Marias 1990:51). Seuns is deur volwasse mans as seksuele maats gebruik en veral in die adellike gesinne is die seuns aan volwasse mans as studente toevertrou. Die kinders se onderrig het ook seksuele omgang met hulle onderwysers ingesluit. Die kastrasie van jong seuns was algemeen, asook orale seks tussen onderwysers en leerlinge (Mrazek & Kempe 1981:6). In hierdie tye is dit ook as gasvry beskou indien jy in jou gaste se seksuele behoeftes kon voorsien en baie dogtertjies is dan ook hiervoor gebruik (Iverson & Segal 1990:3).

Die seksuele gebruik van kinders in antieke Griekeland en Rome was trouens 'n algemeen aanvaarde praktyk. In antieke Griekeland was anale seksuele omgang 'n sentrale faktor in die opvoeding van seuns (Marais 1990:89). Dit het 'n diepgesetelde godsdienstige betekenis ingehou en is beskou as 'n normale voorloper tot die huwelik. 'n Ouer manlike mentor het gewoonlik verantwoordelikheid geneem vir die gedrag en opvoeding van 'n jong manlike

adellike. Hierdie verbintenis was formeel en het die goedkeuring van die ouers, die Griekse staat asook religieuse instellings geniet. Die Grieke het geglo dat anale geslagsomgang die jeug met die mentor se manlike kwaliteite bemagtig. Daar is geglo dat die jong, passiewe ontvanger die ouer man se essensie sou inneem. Wanneer die jeugdige puberteit bereik en sekondêre seksuele kenmerke ontwikkel het, is hierdie homoseksuele verhouding getermineer. Daar is dan van hom verwag om te trou en kinders te verwek. Hierna is homoseksualiteit met volwasse mans verbied (Barnard et al. 1989:249).

In die antieke Griekse kultuur is die fases van manlike seksualiteit streng voorgeskryf en was nie van individuele besluite afhanklik nie. So moes die Griekse man deur bepaalde homoseksuele ervarings beweeg op die regte tyd, met die regte mens en volgens die regte reëls (Cohen 1991:140-141, 149).

In die Griekse godsdiens is prostitusie as ŉ priesterlike voorreg beskou en buite-huwelikse seks soms as ŉ handeling van aanbidding. Veral vir diegene wat op die hoogste vlak van die sosiale strukture was, was persoonlike vryheid, genot en ŉ selfgesentreerdheid rondom die menslike liggaam ŉ belangrike deel van hulle bestaan (Walvoord & Zuck 1985:59).

In antieke Rome is homoseksualiteit tussen 'n ouer man en 'n jong seun nie as ŉ seksuele afwyking beskou nie. Die kode van seksuele etiek het toegelaat dat jong seuns, asook meisies en vroue, verkrag, geskend en vir prostitusie en slawerny verkoop kon word (Kriel 1991:64). Homoseksualiteit en prostitusie het dus gefloreer, en rekords toon dat baie jong seuns dikwels slagoffers van seksuele molestering was (Sussman 1976:269). Seuns is gekastreer ter voorbereiding vir dié populêre praktyk, aangesien geslagsomgang met gekastreerde jeugdiges, volgens die siening van daardie periode veral opwindend is.

Dit is belangrik om daarop te let dat vanuit sekere godsdienstige sienswyses die houdings teenoor seksuele verhoudings tussen kinders en volwassenes radikaal verskil. Die Jode se houding teenoor dié gebruike is inkonsekwent.

Die Joods-Christelike tradisie het die siening oor die seksuele beïnvloed. Hierdie tradisie het seksuele kontak tussen mans en jong meisies goedgekeur. In hierdie verband toon Brown (1985:163) aan dat gedurende die tyd waarin die Bybel en die Talmoed tot stand gekom het, seks tussen mans en baie jong meisies in die huwelik goedgekeur is. Volgens die Talmoed kon 'n vroulike kind van drie jaar en een dag selfs verloof raak, met haar pa se toestemming, na seksuele omgang met 'n volwasse man. Indien ŉ kind aan seksuele omgang onderwerp is, voor die ouderdom van drie jaar en een dag was daar geen gevolge nie. Die rede vir die ongeldigheid van hierdie handeling is dat 'n meisie onder die ouderdom van drie jaar en een dag te onvolwasse is om seksuele geldigheid te hê, en dus geen maagdelikheid gehad het om te verloor nie. Wanneer sy egter die ouderdom van drie jaar en een dag bereik, sou sy haar maagdelikheid herwin en net soos ander maagde wees. Een wyse waarop die gebrek

aan besorgdheid oor die vroulike kind verstaan kan word, is om te onthou dat sy as 'n besitting met geldelike waarde beskou is: sy het geen menslike waardigheid gehad nie. Seksuele geldigheid het ook vir seuns gegeld, maar die ouderdomsperk was nege jaar. 'n Soortgelyke opvatting was dat kinders geen besef van pyn of plesier het nie. Hierdie opvatting het kindermolesteerders dus toegelaat om te ontken dat hulle die kind skade berokken, en sodoende kon hulle voortgaan met die molestering (Brown 1985:169).

By heidenvolke van die antieke Bybelse tyd is kinders selfs geoffer om die gode tevrede te stel (kyk Jer. 32:34-35) en is kindermoord met religieuse handeling en uitinge geassosieer. In vroeë tye kon kinders deur hulle ouers vermoor word sonder dat daar teen die ouers opgetree is. Die kind moes deur ’n formele ritueel - uitgevoer deur die vader - die reg om te lewe verkry. Ouers kon sonder enige gevolge wegdoen met ongewenste kinders, want dit was binne die grense van aanvaarbare sosiale gedrag.

Die groei van die Christendom het meegebring dat opvoedingspraktyke en die gesindheid teenoor kinders stelselmatig verander het, nie soseer ter beskerming van die kinders nie, maar wel om onanisme te vermy (Goodrich 1976:59). Seun-liefhebbers is dikwels doodgemaak oor homoseksualiteit, terwyl die seuns nie as slagoffers beskou is nie, maar gestraf is. Mans wat meisies gemolesteer het, is ook gestraf en moes ook die ernstige gevolge in die gesig staar – nie vanweë die geslagsomgang met die kind nie, maar wel omdat sy haar pa se eiendom is en hierdie eiendom beskadig is indien sy haar maagdelikheid verloor het (Marais 1990:96). Die pa kon gevolglik die oortreder dagvaar vir kompensasie.

Gedurende die Middeleeue het die kind weinig status gehad. Volgens Van Aarde (1991:694) het die gebruik ook in die Middeleeue bestaan dat kinders met kerklike goedkeuring en regulering aan kloosters geskenk is, terwyl voorgegee is dat dit 'n godsdienstige offerhandeling was.

Die seksuele gebruik van kinders het tot in die Renaissance voortgeduur. Europeërs van die hoë sosiale stand het die vryheid gehad om diensmeisies en jong kamermeisies seksueel uit te buit, selfs tot in die negentiende eeu. Klas en stand was van die grootste belang. 'n Man vanuit 'n laer sosiale klas is gestraf, maar 'n man met 'n hoër status is in vrede gelaat. Dit moet egter weereens benadruk word dat die probleme wat 'n man ervaar het na seks met 'n minderjarige meisie, glad nie in verband gestaan het met die feit dat sy so jonk was nie (Brongersma 1984:281).

Die Rooms-Katolieke Kerk het in die sewentiende eeu seksuele verhoudings tussen volwassenes en kinders verbied en die idee van kinderlike onskuld is voorgehou. Volgens dié siening het kinders nie enige seksuele denke, gevoelens of intensies nie. Seksuele

verhoudings tussen volwassenes en kinders is as immoreel voorgehou (Iverson & Segal 1990:195).

Die rigiede standaarde van die Victoriaanse era verander die samelewing se ingesteldheid teenoor seksualiteit en kinders. Masturbasie is deur die samelewing verbied omdat dit verstandelike vertraagdheid en geestesversteurdheid sou veroorsaak en ook kon lei tot vertraagde groei en ’n vroeë dood by seuns (Tower 1996:6).

Berigte uit die 18de eeu dui daarop dat volwassene-kind-seks 'n aanvaarde praktyk in Sjina, Japan, Afrika, Turkye, Arabië, Egipte en Indië was (Trembach 1977:195). Teen die einde van die 18de eeu het die rol van die kind weinig verander en het mishandeling voortgeduur vanweë die groeiende bevolking en die belangeloosheid van die gemeenskap.

In die 19de eeu was die prys vir 'n maagdelike twaalf jaar oue meisie met 'n goeie agtergrond 400 pond sterling in Londen (Bullough 1964:94). Selfs so laat as die 19de eeu was daar 'n aantal gerespekteerde individue wat vandag as kindermolesteerders geklassifiseer sou word. Lewis Carroll, die fotograaf, was aangetrokke tot meisies wat nog nie puberteit bereik het nie en het dit geniet om hulle kaal te fotografeer. Nog 'n berig is dié van *Bloubaard*, Gilles de Rais. Hy het agente gehad wat die platteland gefynkam het vir veral jong seuns. Baie is seksueel aangerand voor hulle dood is, en blykbaar het hy ook na hulle dood lyke seksueel misbruik (Bullough 1990:72).

Kinderarbeid was algemeen. Dit is eers later in die 19de eeu dat wetgewing in werking gestel is om die kind teen kinderarbeid te beskerm.

Wette wat die fisiese en seksuele mishandeling van kinders verbied, het stadig tot stand gekom onder die invloed van die Christelike leer, wat uitermatig bestraffend geword het, asook vanaf die Renaissance moraliste. Teen die einde van die Renaissance het volwassenes begin om empatie te toon teenoor kinders, wat as individuele, emosionele wesens beskou is. Namate houdings teenoor seksuele gebruik (nou misbruik) verander het, het die behoefte aan wetgewing ontstaan (Barnard et al. 1989:89).

Dit is dus duidelik dat die seksuele misbruik van kinders 'n verskynsel is wat regdeur die geskiedenis voorkom. Seksuele misbruik maak sy verskyning in die mens se fabels, wette en literatuur en is nie 'n fenomeen wat uitsluitlik tot die moderne samelewing behoort nie. Hiervan is die roman van Charles Dickens oor die lewe van Oliver Twist seker die bekendste.

'n Seksuele gebruik kon in die antieke tye as normaal beskou word, maar namate die siening van die samelewing ten opsigte van dié gebruik verander het, het hul houdings ook in dieselfde mate verander na een wat die seksuele gebruik as immoreel definieer. Later is

dit selfs as 'n kriminele oortreding beskryf en nog later selfs as 'n psigiese afwyking (Mrazek & Kempe 1981:5-7). Maar namate tye en sienings verander het, kon die houdings selfs verder verander sodat die seksuele misbruik van kinders weer as normaal beskou kan word (Mrazek & Kempe 1981:132).

Met verloop van tyd het die mishandeling van kinders op elke moontlike wyse gemanifesteer: fisies, emosioneel, deur verwaarlosing, seksuele uitbuiting en deur kinderarbeid (Kempe & Helfer 1980:3).

Alhoewel dit onmoontlik is om die omvang en voorkoms van misbruik in vorige eeue ten volle te bepaal, toon navorsing dat kinders deur die eeue heen aan een of ander vorm van molestering onderwerp is.

In 1548 is die eerste wetgewing ingestel wat die kind teen seksuele misbruik beskerm. In dié jaar is daar in Engeland 'n wet ingestel waarvolgens seuns teen sodomie beskerm is (Crosson-Tower 1999:6). In 1576 is 'n ander wet ingestel wat 'n verbod geplaas het op die verkragting van dogters onder die ouderdom van tien jaar.

In Suid-Afrika is die Kinder- en Gesinsorgvereniging eers in 1918 gestig en daarna het verskeie kinderbeskermingverenigings gevolg. Gedurende die veertiger en vyftigerjare het mense meer bewus geraak en is daar op sosiale programme vir die kind gekonsentreer. In die sestigerjare met die koms van televisie is die publiek bewus gemaak van kindermolestering (Naudé 2005:13).

'n Mylpaal vir kindermolestering is die studie deur Kempe, *The Battered Child Syndrome* (1962); waaraan groot publisiteit verleen is (Bullough 1990:27; O'Hagan 1993:2-3).

Die uitbuiting van kinders het dus deur die eeue voorgekom. Alhoewel ons die geskiedenis daarvan as ekstreme vorme van uitbuiting kan beskou, bly die feit staan dat die uitbuiting van die kind op vele terreine nog weinig verander het (Hedges-Goetti 2004:21).

## 2.3 VERHELDERING VAN KONSEPTE

### 2.3.1 PARAFILIE

Kaplan en Sadock (1998:718) beskryf parafilie as die abnormale uitdrukking van seksualiteit. Dit kan wissel van amper normale gedrag tot gedrag wat destruktief en pynlik van aard is vir die betrokke persoon en sy maat. Dit ontwikkel later in gedrag wat as destruktief of bedreigend beskou word vir die persoon maar ook vir die samelewing.

Daar bestaan verskillende tipes parafilie;

- Frotteurisme is wanneer 'n man homself teen 'n vrou skuur vir seksuele bevrediging.

- Voyeurisme of skopofilie: 'n Persoon wat naakte persone of persone wat besig is met voorspel of persone wat seksueel verkeer, dophou.
- Seksuele masochisme: ʼn Parafilie wat veral gekenmerk word deur ʼn daad waartydens die persoon (die masochis genoem) verneder, geslaan of vasgemaak word, of op enige ander wyse lyding verduur (Plug, Louw, Gouws & Meyer 1997:325).
- Ekshibisionisme: ʼn Parafilie wat veral gekenmerk word deur die ontbloting van die geslagsorgane aan ʼn vreemdeling (Plug et al. 1997:84).
- Seksuele sadisme: ʼn Parafilie wat veral daardeur gekenmerk word dat die persoon seksuele opwinding ervaar weens die psigiese of liggaamlike lyding van ʼn slagoffer (Plug et al. 1997:325).
- Pedofilie, dit wil sê, wanneer 'n persoon met seksuele afwykings hom tot kinders wend. Dit is die mees algemene seksuele afwyking. Dit ontwrig die basiese funksies van seksuele gedrag en word as afwykende gedrag beskou (Kaplan & Sadock 1998:718; Flora 2001:66).

#### 2.3.1.1 Die pedofiel of kindermolesteerder

Definisies van pedofilie varieer van outeur tot outeur of met klemverskuiwings. In die literatuur word daar gevind dat daar ʼn verskeidenheid benamings vir die pedofiel is, soos seksuele oortreder, seksuele molesteerder, bloedskande-oortreder, kindermolesteerder, kindermishandelaar en pedofiel.

Eerstens gaan daar aandag gegee word aan kliniese definisies, asook dít wat kenners beklemtoon.

Die kliniese definisie word bepaal deur die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM-IV-TR), gepubliseer deur die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging in 2000.

Volgens die DSM-IV-TR is die diagnostiese kriteria vir pedofilie die volgende (1994:527):

- Herhalende, intense seksuele fantasieë, seksuele drange of gedrag wat seksuele aktiwiteit met ʼn pre-pubertale kind/kinders (gewoonlik ouderdom 13 en jonger) insluit.
- Die persoon reageer op sy seksuele drange, of die seksuele drange en fantasieë veroorsaak klinies beduidende stres of belemmering in interpersoonlike funksionering.
- Die persoon is ten minste 16 jaar oud en ten minste vyf jaar ouer as die kind/kinders.

Hierdie definisie is egter uitermatig eng (Wolfaardt 2003:8) en daarom sal daar na ander definisies gekyk word.

Gardner (1992:23) definieer ʼn pedofilie as ʼn persoon wat oor ʼn tydperk van ten minste ses

maande herhaalde intense seksuele begeertes of seksueel opwekkende fantasieë het wat seksuele dade met minderjariges behels (gewoonlik dertien jaar en jonger). Hierdie persoon is gewoonlik ten minste sestien jaar oud en die kind vyf of meer jare jonger. Dit sluit nie 'n laat adolessent in wat 'n aktiewe seksuele verhouding met 'n twaalf- of dertienjarige het nie.

Voorts meld Howitt (1995:12) dat 'n pedofiel iemand is wat 'n langdurige seksuele belangstelling in kinders met die tipiese liggaamsbou van 'n elfjarige het. Hy verwys ook na 'n pedofiel as iemand met 'n seksuele belangstelling in 'n kind onder elf jaar en ook kinders in hulle puberteit, asook vroulike persone tussen elf en agtien jaar en manlike persone tussen elf en sestien jaar. Pedofiliese gedrag is enige seksuele kontak, onder dwang of sonder dwang, tussen 'n volwassene en 'n kind. Howitt verkies om die term pedofilie te gebruik vir enige persoon wat seksuele kontak met kinders gehad het, terwyl seksuele mishandeling en kindermolestering die aksie aandui.

Flora (2001:73) verduidelik dat pedofilie gedefinieer word as 'n tipe geestesiekte. Die persoon het 'n buitengewone seksuele aangetrokkenheid en 'n obsessie met kinders, asook aktiwiteite soos fantasering oor seksuele drange en seksuele gedrag tot 'n jeugdige. Persone wat 'n probleem met hierdie drange het, moet sestien jaar en ouer of slegs vyf jaar ouer as die kind wees. By individue in hulle laat adolessensie, word geen ouderdomsverskil gespesifiseer nie.

Volgens Pistorius (2005:314) is die woord pedofilie 'n sielkundige term wat verwys na 'n seksuele disfunksie waar kinders as die seksuele objekte gebruik word. Lanning (2008:385) stem hiermee saam maar noem ook dat pedofilie slegs 'n "mooi" term is vir 'n kindermolesteerder.

Nie alle pedofiele sal noodwendig die wet oortree nie (Lanning 2008:386). 'n Pedofiel kan sy of haar seksuele fantasieë uitleef met ander gewillige volwassenes wat kleiner gebou is, met plat borste en wat nog geen lyfhare het nie of wat bloot kinderlike gedrag naboots (Powell 2007:8-9; Pistorius 2005:314).

Powell (2007:8-9) meld dat 'n pedofiel 'n persoon is wat gedryf word deur seksuele fantasieë en dit word verhoog met masturbasie.

Volgens Hall en Hall (2007:458; Lanning 2008:386) is 'n kindermolesteerder nie 'n mediese diagnose nie en dra nie dieselfde beskrywing as pedofiel nie. 'n Kindermolesteerder is iemand wat kinders betas om seksuele genot te ervaar en die oortreder is vier tot vyf jaar ouer as die kind. Die ouderdom wat hier ingevoeg word dui slegs aan dat dit nie normale kinderlike ontwikkeling of nuuskierigheid is nie, soos byvoorbeeld twee agtjariges wat *dokter-dokter* speel. Dit wil sê, 'n dertienjarige wat 'n agtjarige betas, word as 'n kindermolesteerder geklassifiseer, maar nie as 'n pedofiel nie. Hall en Hall noem verder dat hierdie jong persone

soos hierbo beskryf, ook later in hulle lewe oorgaan tot pedofiliese gedrag.

'n Pedofiel kan derhalwe omskryf word as 'n manlike of vroulike volwassene wat voorkeur gee aan seksuele kontak met kinders van dieselfde, die teenoorgestelde of beide geslagte op 'n meestal nie-gewelddadige wyse. Hy ervaar herhaalde, intense seksuele opwekking deur fantasieë en hy het gedurig drange om met ŉ kind onder sestien seksueel te verkeer, met of sonder penetrasie.

Onbeoefende pedofilie is nie ŉ kriminele oortreding nie, maar wanneer ŉ persoon seksuele aktiwiteite met ŉ kind inisieer, oortree hy die wet en dan eers is hy ŉ kriminele oortreder (Lanning 2008:386). Pedofilie opsigself is dus nie ŉ kriminologiese term nie maar wel ŉ kliniese kondisie van die oortreder. In die kriminologie word die terme "kindermolesteerder" of "oortreder" eerder gebruik (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:160). In die Suid-Afrikaanse regstelsel is pedofilie ŉ kriminele oortreding. Daar moet egter daarop gewys word dat, volgens die Suid-Afrikaanse wetgewing, is ŉ kind ŉ persoon onder die ouderdom van agtien jaar (SAPD).

In hierdie studie sal die term kindermolesteerder, pedofiel of oortreder afwisselend gebruik word.

Hierdie studie sal konsentreer op die verskynsel van die manlike pedofiel wat self as kind gemolesteer is. Terme binne pedofilie sal nou verduidelik word.

**(i) Hebofiele en efobofiele**

'n Volwasse persoon wat seksueel aangetrokke is tot tieners onder die ouderdom (13-16 jaar) word hebofiele (ook gespel hebefiele) (aangetrokke tot vroulikes) (Hall & Hall 2007:458; Howitt 1995:12; Powell 2007:6; Campher & Bezuidenhout 2007:27) of efobofiele (aangetrokke tot manlikes) genoem.

Volgens Powell (2007:6) is ŉ efobofiel ŉ volwassene wat seksueel tot ŉ adolessent (ongeveer agtien jaar) aangetrokke is.

Die terme hebofiel is 'n algemene term wat 'n pedofiel beskryf wat in manlike of vroulike kinders belangstel. In die literatuur word daarop gewys dat daar 'n verskil is tussen hebofiele en pedofiele. Hebofiele is meer geneig om wederkerige seksuele verhoudings met kinders in hulle puberteit te hê. Hulle funksioneer sosiaal beter en het 'n beter behandelingsprognose as 'n pedofiel (Hall & Hall 2007:458; Wikipedia 2009; Holmes & Holmes 2002:159). Lanning (2008:385) wys daarop dat hierdie terminologie nie in die DSM-IV-TR of deur professionele persone gebruik word nie maar word meer in howe gebruik.

### (ii) Teleiofiel

ŉ Teleiofiel word omskryf as ŉ kind of adolessent wat seksueel tot ŉ volwasse persoon aangetrokke is (Powell 2007:6).

### (iii) Pedoseksualiteit

Seksualiteit sonder dat die ander persoon ŉ volwassene is, word pedoseksualiteit genoem. Terwyl die term oor die algemeen dui op liefdesverhoudings met kinders of jongmense, is dit duidelik dat ʼn tweërlei onderskeid gemaak kan word. Waar ʼn neiging by volwassenes tot liefdesverkeer met kinders of jongmense aangetref word, het ons met pedofilie te doen. Waar dit egter oorgaan tot ʼn praktyk van seksuele verkeer, kry ons pedoseksualisme. Pedoseksualiteit kan natuurlik in homofiele en heterofiele gestaltes voorkom. Eersgenoemde word in die literatuur ook pederastie genoem (Heyns 1986:169). Plug et al. (1997:275) beskryf pederastie as anale geslagsgemeenskap met ŉ seun of jong man.

### (iv) Infantofiel

Infantofilie word onder pedofilie geklassifiseer. Dit verwys na 'n persoon wat seksueel by kinders onder vyf jaar betrokke is. Die pedofiel word uitgeken aan 'n klomp handelinge, wat wissel van om hulle aan kinders te ontbloot (ekshibisionisme), om 'n kind uit te trek of om na 'n naakte kind te kyk (voyeurisme), om te masturbeer in die teenwoordigheid van 'n kind, tot meer fisiese indringende kontak soos skuur teen die kind, orale seks of seks (Hall & Hall 2007:458).

### (v) Eksklusiewe pedofiel

Dit is ŉ persoon wat eksklusief tot kinders aangetrokke voel (Hall & Hall 2007:459).

### (vi) Nie-eksklusiewe pedofiel

Hierdie persoon voel aangetrokke tot kinders en volwassenes. Die meeste pedofiele is ook deel van hierdie groep (Hall & Hall 2007:459).

### (vii) Homoseksuele pedofiel

Dit is ŉ manlike persoon wat alleenlik aangetrokke voel tot seuns tussen die ouderdom van vyftien tot sestien jaar. Indien die pedofiel vroulik is, is die meisie tussen die ouderdom van elf tot veertien jaar (Powell 2007:5). Hiermee word daar nie gesê dat alle homoseksuele tot kinders aangetrokke is nie, maar ŉ groot persentasie is wel (Hall & Hall 2007:549). Abel et al. (1987:259) het drie honderd sewe en sewentig pedofiele wat nog nooit in die gevangenis was nie of nog nooit bloedskande gepleeg het nie, ondervra en het die volgende gevind: heteroseksuele pedofiele het gemeld dat hulle oor ŉ tydperk 20 kinders gemolesteer en 23 dade gepleeg het, terwyl die homoseksuele pedofiele aangetoon het dat hulle 150 kinders

gemolesteer het en 282 verskillende dade gepleeg het. Hierdie is ŉ aanduiding van hoe ernstig die probleem is.

### (viii) Heteroseksuele pedofilie

ŉ Heteroseksuele pedofiel is aangetrokke tot lede van die teenoorgestelde geslag, gewoonlik meisies tussen die ouderdom van elf tot veertien jaar en seuns tussen die ouderdom van vyftien tot sestien jaar (Powell 2007:5; Hall & Hall 2007:549).

### (ix) Biseksuele pedofilie

ŉ Biseksuele pedofiel is ŉ persoon wat nie ŉ geslagsvoorkeur het nie en is dus tot kinders van beide geslagte aangetrokke (Hall & Hall 2007:549).

### (x) Tegnofilie

Die term verwys na persone wat die rekenaar en Internet in hulle seksuele afwykings gebruik om kinders te betrek (Denton 2005:46). Die relatief anonieme rekenaarwêreld bied die molesteerder die geleentheid om die kind netjies in die versoeking te lei voordat hy die kind ontmoet. Binne die tegnofilie is dit ook moontlik dat die molesteerder die tegnologiese ontwikkeling van die sellulêre stelsel misbruik deur pornografie, eksplisiete foto's en gesprekke te versprei (Hedges-Goetti 2004:30).

### (xi) Seksuele molestering

Die term kindermolestering skep verwarring omdat daar wetlike en kliniese definisies van seksuele molestering bestaan. Die wetlike definisie verskil van land tot land en daar word klem gelê op spesifieke kriteria om die wetlike proses te lei.

Hall en Lloyd (1993:254) noem die volgende elemente wat by seksuele molestering teenwoordig behoort te wees:

- Die skending van vertroue en verantwoordelikheid
- Die misbruik van gesag
- Die aanduiding van 'n wye verskeidenheid seksuele aktiwiteite wat by molestering betrokke is
- Die gebruik van dreigemente deur die misbruiker
- Die kind se persepsie van 'n dreigement, selfs indien die misdaad sonder die kind se toestemming plaasgevind het, of selfs as dit nie-dreigend of nie-gewelddadig is.

Seksuele molestering kan 'n verskeidenheid vorme aanneem wat in twee breë kategorieë verdeel kan word, naamlik passiewe molestering en aktiewe molestering (Grobler 2005:46-

51; Hedges-Goetti 2004:25-32; Carl 1987:16). Passiewe seksuele misbruik sonder fisiese kontak sluit die volgende in:

- Verbale seksuele stimulering met die doel om seksuele belangstelling by die kind te wek of hom te skok
- Ekshibisionisme
- Onwelvoeglike telefoonoproepe
- Pornografie
- Voyeurisme, byvoorbeeld wanneer die oortreder 'n kind afloer terwyl hy ontklee.
- Dreigemente en suggestiewe gebare.
- Die kind word gedwing om seksuele aktiwiteite te aanskou met die doel om die volwassene bevrediging te verskaf.

Aktiewe molestering gebeur wanneer daar kontak is, byvoorbeeld (Grobler 2005:47-51):

- Liefkosing en onwelvoeglike aanraking of betasting
- Orale, genitale of anale stimulering en penetrasie
- Masturbasie
- Gemeenskap
- Bloedskande
- Gewelddadige, gedwonge oortredings, soos verkragting en sodomie
- Onsedelike aanranding, fisieke besering en moord
- Seksuele eksploitasie.

In hierdie studie word die term seksuele molestering gebruik vir enige daad wat deur ŉ volwassene gebruik word of wat afgedwing word op ŉ kind vir sy eie seksuele genot.

### (xii) Seksuele mishandeling

Seksuele mishandeling as verskynsel word in verband gebring met onbehoorlike en ontoelaatbare seksuele aktiwiteite met ŉ ander persoon wanneer daar ŉ ouderdomsverskil van ten minste vyf jaar tussen die slagoffer en die oortreder is. Die slagoffer moet onder die ouderdom van vyftien jaar wees wanneer die daad gepleeg word, of die daad moet téén die wil van die persoon gepleeg word. Standford (1988:91) voer aan dat seksuele mishandeling van kinders die gevaarlikste en die mees dramatiese is vir die menslike psige.

Seksuele mishandeling kan verder ook omskryf word as die blootstelling van afhanklike en ontwikkelende kinders aan seksuele stimulering waarvoor hulle nog nie emosioneel gereed is nie, en wat onvanpas is vir hulle psigoseksuele ontwikkeling en hulle rol binne die gesin (Carl 1987:1). Dit sluit dade in soos liefkosing, sodomie, kinderprostitusie, verkragting, bloedskande en die forsering of aanmoediging van ŉ kind om aan pornografiese aktiwiteite deel te neem (Baker 1998:5).

Dit is belangrik om te meld dat die Wet op Seksuele Misdrywe sy eie beskrywings vir die verskillende vorme van molestering aandui, wat verskillende vorme van straf impliseer.

Seksuele mishandeling is die sambreelterm wat gebruik word vir verskeie tipes gedwonge of ontoepaslike seksuele aktiwiteite (Maree et al. 2003:299). Onsedelike aanranding sluit situasies in waar seksuele kontak met of sonder penetrasie plaasvind met fisiese geweld of psigologiese dwang (Maree et al. 2003:299). Onsedelike aanranding word volgens Louw (1994:65) beskou as die pleeg van 'n onsedelike daad met 'n persoon sonder sy of haar toestemming, soos die aanraking van die persoon se geslagsdele of orale of anale penetrasie.

Volgens De Wet (1985:239) is 'n onsedelike daad 'n handeling wat gerig is op of bestaan in die betasting van die slagoffer se geslagsorgane of ander erotiese dele van die liggaam.

Wanneer die term seksuele molestering, seksuele misbruik, onsedelike daad of onsedelike aanranding in hierdie studie gebruik word, verwys dit na:

- Die aanraking van ŉ individu se privaat dele of die intensionele aanraking van die individu se klere wat daardie dele bedek
- Uitermatige gekielie gepaardgaande met fisieke dwang
- Gemeenskap, orale seks of sodomie met ŉ kind of volwassene sonder die individu se toestemming
- Dwang of manipulasie deur die oortreder dat ŉ kind masturbasie of enige ander seksuele aktiwiteit moet waarneem
- Dwang op die individu om aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem wat seks insluit.

Verkragting word vanuit ŉ regs- en kliniese perspektief geag as gedwonge seksuele geslagsgemeenskap wat plaasgevind het as gevolg van fisiese geweld of psigologiese dwang. Verkragting impliseer vaginale, anale of mondelinge penetrasie deur die oortreder. Hierdie terme sluit ook insidente in waar vreemde voorwerpe vir penetrasie gebruik word of gevalle waar die slagoffer as gevolg van ŉ ontwikkelingsgestremdheid of bedwelming nie toestemming kan gee nie.

Plug et al. (2007:347) verduidelik dat sodomie gewoonlik dui op gemeenskap tussen twee mans, maar sommige outeurs sluit ook geslagsgemeenskap met diere hierby in. Sodomie verwys in werklikheid na verkragting tussen twee manlike persone.

Bloedskande is ŉ tipe molestering wat in alle sfere van die samelewing voorkom. Die oortreder is dikwels iemand wat goed bekend is aan die kind. Navorsing in Suid-Afrika toon dat die oortreder nie net aan die kind bekend is nie maar ook aan die ouers (Dawes & Govender 2007:37). Met bloedskande word ’n kind in ’n sekere sin ’n surrogaat volwassene, ’n seksuele substituut vir ’n ouer (Coetzer 2007b:26).

In gesinne waar daar bloedskande plaasgevind het, is die afhanklike kind gewoonlik geïsoleer binne ’n rigiede, geslote sisteem. Hierdie persone is magteloos om dit te verander of daaruit te ontsnap, en die enigste wyse waarop hulle kan oorleef, is om dit te akkommodeer. Uiteindelik assimileer hulle dan die misbruik in hulle eie lewenssisteem in (Coetzer 2005:19).

Ten einde pedofilie verder te definieer, moet daar gekyk word na die klassifikasie van oortreders.


## 2.4 KLASSIFIKASIE VAN PEDOFIELE

Die Amerikaanse Federal Bureau of Investigation (FBI) het oorspronklik ŉ klassifikasie van verskillende tipes molesteerders begin doen wat deur ander wetenskappe oorgeneem is (Schultz 2005:21; Naudé 2003:26). Lanning (2001:21-31) wys daarop dat die tipologie in die DSM-IV-TR (Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, Text Revision) nie voldoende is vir die kriminologie nie. Die reg kry sy inligting van ŉ persoon deur ondervraging van die oortreder nadat hy gearresteer is. Die samestelling van klassifikasie help om die kindermolesteerder te identifiseer en is nie geskik vir psigiatriese gebruik nie.

Hierdie organisasie (FBI) definieer ŉ kindermolesteerder as volg: "A significantly older person who prefers to have sex with persons who according to the law are children. His sexual fantasies are focused on children."

Die klassifisering deur die FBI is baie volledig en word nou kortliks bespreek.

### 2.4.1 KATEGORIE 1: DIE SITUATIEWE KINDERMOLESTEERDER




**Figuur 1: Die situatiewe kindermolesteerder**

Hierdie persoon wend hom nie eksklusief tot kinders nie. Hy verkeer ook seksueel met volwassenes (Naudé 2005:26; Pistorius 2005:296; Pryor 1996:91; Schultz 2005:21). Hy het baie verskillende slagoffers en is altyd op die uitkyk vir nuwe, maklike slagoffers. Indien hy ŉ molestering beplan, sal hy rondkyk na wie beskikbaar is om sy luste te bevredig. Molestering van ŉ kind kom gewoonlik uit sy luste wat nie beheer kan word nie of uit nie-seksuele behoeftes, soos mag of woede (Lanning 2008:388). Baie van hulle kriminele gedrag is meestal daarop ingestel om ander te beheer.

Hy het nie ŉ voorkeur vir byvoorbeeld seuns of dogters nie. Hy gebruik die persone tot wie hy toegang het, byvoorbeeld sy eie kinders of iemand anders se kinders by wie hy bly of mee getroud is of kinders oor wie hy beheer het. Pryor (1996:91) noem dat pedofiele hulleself onder hierdie groep klassifiseer. "Situational offenders are people who experience a shift in preference toward a minor child as a sexual partner." Hy is aangetrokke tot die teenoorgestelde geslag, maar iewers in die toekoms wend hy hom tot ŉ kind vir seksuele bevrediging. Dit gebeur baie waar ŉ pa sy stiefdogter of ŉ ander kind misbruik (Powell 2007:12-13).

Die situatiewe kindermolesteerder kom gewoonlik uit die laer en swak sosio-ekonomiese klas maar kan ook uit die hoë-inkomstegroep kom (Lanning 2008:388).

Hierdie persoon het gewoonlik ŉ lae intelligensie en kan aan persoonlikheids-versteurings soos skisofrenie en narsisme ly (Lanning 2008:388).

Hy toon ook ander kriminele gedrag en tree impulsief op, alhoewel hy misdaad oordink of beplan en is bereid om risiko's te neem. Hy sal ook seks hê met ou mense of met siekes wat hulpeloos is of persone wat verstandelik gestrem is (Pistorius 2005:296).

#### 2.4.1.1 Tipe 1: Die regressiewe kindermolesteerder

Die regressiewe oortreder se seksuele oriëntasie is primêr tot volwassenes met seksuele aangetrokkenheid tot kinders (Dawes & Govender 2007:35; Marais 1990:121; Schultz 2005:21; Powell 2007:9). Hulle is gewoonlik getroud en het kinders van hulle eie (Kreston 2007:5). Seksuele voorvalle met kinders mag episodies of per geleentheid plaasvind (Holmes & Holmes 2002:162; Powell 2007:9). Dit is gewoonlik heteroseksuele mans, en hierdie optrede kan die gevolg wees van 'n slegte huwelik, groot trauma (Hart 1994:11; Briggs 1995:11) of baie stres (Marais 1990:212). Hy misbruik kinders tydelik as 'n uitkoms uit 'n situasie in sy lewe. Indien hierdie persoon nie iemand het om seksueel te gebruik nie, is hy in staat om ŉ kind te misbruik (Pistorius 2005:296; Marais 1990:121). Hy viktimiseer vreemdelinge en is opportunisties (Dawes & Govender 2007:35). Sy slagoffers is geneig om vroulik te wees (Kreston 2007:5; Powell 2007:9). Hy is gewoonlik geografies stabiel en het 'n vaste werk (Kreston 2007:5). Hy het ŉ lae selfbeeld (Naudé 2005:26) en kan druk nie baie goed hanteer nie. Hierdie persoon maak hom wel skuldig aan alkohol- en dwelmmisbruik (Marais 1990:212; Powell 2007:9). Dié tipe seksuele oortreder is verslaaf aan pornografie en word ook daardeur gedryf (Pistorius 2005:296).

Briggs (1995:12) verduidelik dat die term regressief beteken dat die oortreder sy behoeftes en verwagtings as volwassene beskerm en die kind as ŉ pseudo-volwassene gebruik (Powell 2007:9).

#### 2.4.1.2 Tipe 2: Die moreel-onoordeelkundige kindermolesteerder

Die seksuele molestering van kinders is net 'n gedeelte van hierdie persoon se algemene patroon van mishandeling (Kreston 2007:5; Naudé 2005:26; Pistorius 2005:296). Hy mishandel gewoonlik sy huweliksmaat, kollegas en vriende, dit wil sê, hy handhaaf ŉ algehele patroon van mishandeling (Kreston 2007:5; Pistorius 2005:296; Holmes & Holmes 2002:163). Hierdie persoon is psigopaties (Kreston 2007:5). Hy is die oortreder wat slagoffers forseer en manipuleer (Holmes & Holmes 2002:164). Hy versamel gewoonlik pornografie (Kreston 2007:5), en miskien ook sado-masochistiese literatuur (Pistorius 2005:296) en het ŉ antisosiale persoonlike agenda vir alles in sy lewe (Naudé 2005:26).

#### 2.4.1.3 Tipe 3: Die geslag-onoordeelkundige kindermolesteerder

Die geslag-onoordeelkundige persoon is die persoon wat seksualiteit ondersoek en eksperimenteer met kinders (Pistorius 2005:296; Holmes & Holmes 2002:164). Hy kan ook by homoseksuele aktiwiteite betrokke wees (Naudé 2005:26). Hy mag sy eie kinders molesteer en kry hulle betrokke deur seksuele speletjies maar molesteer ook vreemdelinge (Kreston 2007:5). Hulle versamel ook pornografie (Pistorius 2005:296).


Hy moedig ook uitruiling van sy huweliksmaat aan (Kreston 2007:5).

#### 2.4.1.4 Tipe 4: Die naïewe/ontoereikende kindermolesteerder

Hierdie persoon ly aan psigose, verskeie persoonlikheidsversteurings en kan vertraag of seniel wees (Naudé 2005:26; Pistorius 2005:297; Holmes & Holmes 2002:163; Schultz 2005:21). Hy is ŉ teruggetrokke persoon wat nie die selfvertroue het om volwasse persone te nader nie, beskik oor geen sosiale vaardighede nie en het gewoonlik geen vriende van sy portuurgroep nie (Naudé 2005:26; Pistorius 2005:297; Holmes & Holmes 2002:163). Hy mag ŉ skaam tiener wees of ŉ jong man wat nog by sy ouers woon. Enige hulpelose persoon, selfs bejaardes, is vir hom 'n potensiële slagoffer (Kreston 2007:6).

Hy rig gewoonlik nie fisiese skade aan slagoffer aan nie, maar kan ŉ moordenaar wees; daarom word die afleiding gemaak dat hierdie persoon sy slagoffer as ŉ objek sien (Schultz 2005:21). Omdat hy sy emosies nie kan uitdruk nie, bou dit op en mag hy seksuele misdade as uitlaatklep gebruik. Indien hy na pornografie kyk, sal dit pornografie van volwassenes wees (Pistorius 2005:296). Vir die naïewe molesteerder gaan dit gewoonlik nie oor seksuele gemeenskap nie (Kreston 2007:5).

### 2.4.2 KATEGORIE 2: DIE VOORKEUR-KINDERMOLESTEERDER




**Figuur 2: Die voorkeur-kindermolesteerder**

Die voorkeur-molesteerder verkeer in die groep waarna meestal as pedofiele verwys word. Hierdie persoon verkies kinders bo volwassenes (Pryor 1996:91; Schultz 2005:21) en het gewoonlik meer as een slagoffer omdat hy 'n behoefte het aan gedurige/herhalende kontak (Dawes & Govender 2007:35; Pistorius 2005:297; Kreston 2007:6). Hy voer aan dat hy sy hele lewe lank seksueel tot kinders aangetrokke gevoel het en in adolessensie aktief begin molesteer het (Marais 1990:121; Howitt 1995:16; Salter 1995:25; Potgieter 1997:181). Hy beweer dat hy ŉ begeerte en liefde vir kinders het en daarom wil hy seksueel met hulle verkeer. Hy is uitsluitlik seksueel by kinders betrokke en ontwikkel nooit 'n seksuele aangetrokkenheid tot sy eie ouderdomsgroep nie (Pistorius 2005:314, 297; Flora 2001:99;

Naudé 2005:26; Marais 1990:121). Hierdie seksuele afwyking is psigologies en baie diep gewortel (Powell 2007:8). Hy het gewoonlik 'n onvolwasse persoonlikheid en geen sosiale vaardighede nie. Hy sal 'n oppervlakkige verhouding met 'n vrou hê wat 'n kind het wat hy graag sal wil molesteer. Hy is gewoonlik 'n alleenloper, het geen vriende nie en kom kinderlik voor. Hy wil nie of stel nie daarin belang om kinders seer te maak nie, alhoewel Kreston (2007:6) meen hy kan gevaarlik wees. Die klem val daarop om kinders seksueel te stimuleer en 'n erotiese respons te ontlok. Orale geslagsomgang is vir hom genoeg. Hy sal eers die slagoffer na 'n baie lang tydperk penetreer. Die kind wat hy kies, mag baie klein wees en hoef nie aan hom bekend te wees nie. Hierdie tipe pedofiel is gewoonlik in sy kinderdae self gemolesteer. Hierdie persoon ly aan emosionele inkongruensie, die term wat gebruik word wanneer ŉ persoon se emosionele behoeftes gelyk gestel word aan die van ŉ kind. Hy het die behoefte om seksueel met ŉ kind te verkeer omdat sy emosionele behoeftes gelykstaande is die van die kind. Ekshibisionistiese gedrag, onsedelike en vulgêre telefoon-oproepe, pornografie, masturbasie met 'n kind en erotiese verbeelding en fantasie kom voor, met ander woorde, ander parafiliese gedrag word ook by hom aangetref (Lanning 2008:388). Sommige gebruik kinderprostitute.

Hy gebruik *grooming* om tot die kind deur te dring. Dit beteken hy gee aan die kind geskenke en aandag, en vervul die kind se emosionele behoeftes wat nie deur sy ouers vervul word nie: (Holmes & Holmes 2002:167).

#### 2.4.2.1 Tipe 1: Die sadistiese oortreder

Hierdie persoon is gewoonlik manlik, gewelddadig en gevaarlik. Die molestering eindig gewoonlik in die dood omdat hy eers met die fisiese en psigologiese marteling van sy slagoffer seksuele opwekking ervaar (Pistorius 2005:298; Kreston 2007:6; Naudé 2005:26; Marais 1990:122; Holmes & Holmes 2002:165; Schultz 2005:21). ŉ Sadistiese oortreder het geen insig in sy handelinge nie. Die slagoffer word beskou as 'n objek vir sy behoeftes en seksuele bevrediging (Holmes & Holmes 2002:169). Die slagoffers, gewoonlik kinders, is nie aan hom bekend nie. Die slagoffers, gewoonlik seuns, word oorval of forseer, maar meisies mag nie uitgesluit word nie (Holmes & Holmes 2002:169). Hy beplan gewoonlik sy optrede en word deur fantasieë gedryf (Kreston 2007:6; Flora 2001:102). Holmes en Holmes (2002:165) wys daarop dat hierdie oortreder die enigste seksuele oortreder is wat sy slagoffer aanval.

Van Dam (2001:195) stel dit so "The sadistic abuser uses more force than necessary to overcome the child and sometimes kills the child. The child sometimes symbolizes something the abuser hates in himself or perhaps evokes a memory of his disturbed childhood."

#### 2.4.2.2 Tipe 2: Die verleidelike oortreder

Die meeste kindermolesteerders val in hierdie groep omdat hulle ŉ vasgelegde belangstelling in kinders toon en met hulle slagoffers identifiseer (Schultz 2005:21).

Die taktiek wat hierdie persoon gebruik, is om sy slagoffer hom te laat sien as sy ouer of maat deur hom/haar met aandag, toegeneentheid, liefde en geskenke te beïnvloed. Na ŉ periode is die kind bereid om seks te verruil vir die aandag, liefde, emosionele ondersteuning en voordele wat hy kry. Die oortreder verlei kinders emosioneel en fisies. Om die kind se waaksaamheid af te breek, skenk hy baie aandag. Hy gebruik tyd om die slagoffer se inhibisies af te breek. Hy gebruik dieselfde manier wat ŉ persoon sal gebruik om ŉ volwassene te nader. Wanneer hy jong kinders molesteer, maak hy dit gewoonlik deel van ŉ speletjie en is die kind eintlik onbewus van waarmee hy besig is. Omdat hy met die kind identifiseer, is hy ŉ meester op sy gebied. Hy weet hoe om ŉ gesprek met ŉ kind te voer, maar belangriker hy weet hoe om na die kind te luister (Pistorius 2005:297-298; Kreston 2007:7; Naudé 2005:26; Flora 2001:100; Holmes & Holmes 2002:167; Schultz 2005:21).

Hy het gewoonlik meer as een slagoffer op dieselfde tyd en gebruik sy volwasse status en outoriteit vir sy verleidingsproses (Holmes & Holmes 2002:167; Briggs 1995:13). Alle kinders is ŉ versoeking vir hierdie tipe oortreder, maar hy kies sy slagoffers baie sorgvuldig. Dit is gewoonlik kinders uit disfunksionele huise, emosioneel verwaarloosde kinders of kinders uit enkelouerhuise. Die kinders is gewoonlik verwaarloos, onpopulêr, verward of seksueel onkundig. Hy kan ook toenadering soek by die ouers, want deur vriende te wees met die ouers, het hy toegang tot die kind (Pistorius 2005:297-298; Kreston 2007:7).

Sodra die kind ouer as sy voorkeur word, verloor hy belangstelling en soek na ŉ nuwe slagoffer. Hy gebruik dreigemente en fisiese geweld sodat die kind nie sy identiteit bekend moet maak nie.

#### 2.4.2.3 Tipe 3: Die vasgelegde kindermolesteerder/introverte kindermolesteerder

Hierdie persoon beskik gewoonlik nie oor die sosiale vaardighede om volwasse verhoudings aan te knoop nie en verkies daarom baie jong kinders wat hulle nie ken nie (Pistorius 2005:298; Kreston 2007:7; Naudé 2005:26; Powell 2007:14). Baie van hierdie tipe oortreders begin reeds in hulle adolessente jare molesteer (Powell 2007:14; Briggs 1995:11). Hy is nie geneig om sy slagoffers fisies seer te maak nie en ly aan kognitiewe distorsies (Holmes & Holmes 2002:167; Powell 2007:14-15). Dit is die persoon wat by parke of op plekke waar kinders is, rondhang. Hy kan ook ŉ ekshibisionis wees of seksuele telefoonoproepe aan onbekendes maak. Die vasgelegde oortreder het nie die vaardighede om verhoudings met sy eie onderdomsgroep aan te knoop nie. Hy woon gewoonlik alleen of op ŉ hoë ouderdom nog by sy ouers (Powell 2007:14). Indien hy trou, het die vrou gewoonlik

kinders agter wie hy aan is (Pistorius 2005:298; Marais 1990:122). Indien hy vriende sou hê, sal hulle ook pedofiele wees (Powell 2007:16). Hierdie persoon word deur fantasering en kinderpornografie gedryf (Holmes & Holmes 2002:162; Schultz 2005:21; Powell 2007:17; Lanning 2008:388).

Briggs (1995:11) noem dat hierdie persoon gewoonlik een of ander vorm van post-traumatiese stres in sy verlede beleef het (Hart 1994:11).

## 2.5 DIE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE VAN DIE PEDOFIEL

Daar is geen tipiese persoonlikheidseienskappe van 'n manlike pedofiel nie (Howitt 1995:1; Pryor 1996:2; Hall & Hall 2007:462; Van Dam 2001:82; O'Hagan 1993:192; Salter 1995:30). Tog wys die literatuur op sekere karaktertrekke en kenmerke wat dikwels voorkom, veral by diegene wat betrokke is by langdurige, ernstige en herhaalde molestering eerder as geïsoleerde voorvalle (Dawes & Govender 2007:36; Roos 2005:167). Individue wat by pedofiliese gedrag betrokke is, dek die spektrum van persoonlikheidstipes (Gardner 1992:50). Daar is ook baie oorvleueling betreffende persoonlikheidskwaliteite (Gardner 1992:50). Die pedofiel is dus nie 'n tipiese karikatuur nie (Potgieter 1997:181), maar verskil van individu tot individu (Flora 2001:74).

Navorsing toon dat 90% of meer van alle molesteerders mans is (Powell 2007:xix; Hall & Hall 2007:458; Van Dam 2001:81; Sweeney 2008:9; Howitt 1995:39; Hart 1994:27). In Suid-Afrika is manlike pedofiele verreweg in die meerderheid (95%) (Kreston 2007:2; Van Dam 2001:75). Die ander 5% is gewoonlik vroue wat met mans saamwerk (Hall & Hall 2007:459; Dawes & Govender 2007:37; Briggs 1995:viii; Schultz 2005:19). Aan die ander kant noem Wolfaardt (2006:111) dat die literatuur oor kindermolestering dui op 'n toenemende bewustheid van die molestering van kinders deur volwasse vroue.

### 2.5.1 BEROEP EN SOSIO-EKONOMIESE STATUS

Die pedofiel kan 'n familielid, 'n vriend, 'n bekende of 'n vreemdeling wees (Hall & Hall 2007:457), oud of jonk, ryk of arm, 'n homoseksueel of 'n heteroseksueel (Hall & Hall 2007, 53), 'n geletterde of ongeletterde, 'n gestremde of niegestremde, 'n gelowige of ongelowige, 'n professionele persoon (Howitt 1995:39) of 'n werklose, 'n persoon met 'n lang kriminele rekord of iemand met geen kriminele rekord nie (Pistorius 2005:307; Van Dam 2001:82).

Molesteerders kom uit alle vlakke van die samelewing (Powell 2007:xix). Seksuele molestering is nie tot sekere gemeenskappe beperk nie – in elke land waar daar studies van die bevolking gemaak is, is bevind dat die seksuele molestering van kinders wydverspreid voorkom. Dit is bykans onmoontlik om 'n molesteerder in 'n bepaalde kategorie van beroep of herkoms te plaas (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:164).

Hy mag ’n onderwyser wees (Howitt 1995:39), dokter (Marais 1990:17), advokaat, regter, boekhouer (Howitt 1995:21), 'n gegradueerde (Howitt 1995:38; Flora 2001:74) of 'n polisieoffisier, atletiekafrigter of Bybelse berader - dus uit elke milieu van die samelewing en uit alle vlakke van die gemeenskap (Marais 1990:1). Howitt (1995:39) wys daarop dat 38% van die persone in sy navorsing professionele beroepe beoefen het, 34% sakemanne, slegs 40% werkloos was en 8% was onderwysers.

Predikante, priesters en geestelike werkers (Van Dam 2001:12) word as betroubare, lojale en gerespekteerde persone in die gemeenskap beskou. Kinders uit probleemgesinne soek gewoonlik hulle troos in die kerk, maar word dikwels bedrieg en verraai deur kerkleiers wat die kind misbruik (Hedges-Goetti 2004:21, 29). Hierdie vertroue bied die oortreder die geleentheid om alleen met die kind te wees binne ’n geslote en liefdevolle verhouding. ’n Mens kan selfs redeneer dat die selibaat in die Katolieke Kerk vir die molesteerder ’n aanvaarbare alternatief laat, omdat hy nie in volwasse vroue mag belangstel nie (Denton 2005:47).

Die eksklusiewe pedofiel is 'n alleenloperman wat baie aktief in die gemeenskap is (Powell 2007:15; Flora 2001:74; Roos 2005:167). Hulle is totaal geïsoleer (Hall & Hall 2007:462) van hulle familie en dié isolasie het uitgebrei na buite die grense van die gesin. Hierdie isolasie het reeds in adolessensie begin (Pistorius 2005:315).

Die eksklusiewe pedofiel het gewoonlik 'n voltydse werk en bied graag sy dienste vrywillig aan (Flora 2001:74) omdat hy 'n oordrewe belangstelling in kinders het (Pistorius 2005:316). Hy sien homself as toegewyd aan kinders en ouers ag hom baie hoog, omdat hy so goed is vir en met kinders. Baie pedofiele kies professies waar hulle vrylike toegang het tot kinders, maar daar moet onthou word dat nie alle mense wat met kinders werk, pedofiele is nie (Van Dam 2001:12).

Die pedofiel is seksueel aangetrokke tot pre-adolessente jeugdiges en soek sy teikens uit waar jong meisies of seuns gereeld bymekaarkom (Pistorius 2005:16).

### 2.5.2 OUDERDOM VAN DIE MOLESTEERDER

Seksuele molestering word duidelik gedefinieer as ’n daad wat deur ’n volwasse op ’n kind uitgevoer word. ’n Volwassene word gewoonlik gereken as iemand wat agtien jaar of ouer is. Daar is geen ouderdomsgroep wat uitgesluit word in die pleeg van seksuele dade nie (Marais 1990:voorwoord). Daar is ook geen aanduiding dat 'n persoon op 80 hierdie tipe gedrag beëindig nie (O’Hagan 1993:49). Molesteerders kan kinders, adolessente of volwassenes wees (Flora 2001:3). Potgieter (1997:181) wys daarop dat die meeste pedofiele wat gevang is (71%), jonger as vyf en dertig jaar is. In 'n studie deur Hall en Hall (2007:458) is daar bevind dat 44% van alle pedofiele tussen die ouderdom van veertig tot

sewentig jaar was. In Pryor (1996:23) se studie was die meerderheid tussen twintig en veertig jaar oud.

Seksueel afwykende gedrag begin dikwels reeds in puberteit. Twee en veertig persent uit 411 proefpersone het afwykende gedrag begin toon voor vyftienjarige ouderdom en die meerderheid (57%) teen die ouderdom van negentien (Salter 1995:25).

### 2.5.3 KULTUUR EN GELOOF

Pedofiele kom in alle kulture voor (Van Dam 2001:82). Marais (1990:128) wys daarop dat dit in Suid-Afrika in die swart, net soos in die blanke kultuur, 'n groot probleem is. Dieselfde geld ook vir die Kleurlingkultuur. In die Indiërgemeenskap kom dit nie so algemeen voor nie. Daar bestaan ŉ opvatting veral onder die blanke bevolking dat kindermolestering nie binne hulle geledere voorkom nie (O’Hagan 1993:49).

Dit is nie moontlik om te sê dat 'n persoon 'n pedofiel is omdat hy uit 'n sekere geloof of agtergrond kom nie. Pedofilie kom voor by Protestante, Katolieke, Jode en Moslems in alle ander denominasies (O’Hagan 1993:49). ŉ Studie wat deur Pryor uitgevoer is, het bevind dat 52% van die pedofiele Protestants was, 34% was nie aan enige kerk verbonde nie en 40% was uit ander denominasies soos Katolieke en Jehova-Getuies (Pryor 1996:297). Van Dam (2001:82) voer aan 60% van alle molesteerders Christene is.

Draper (1996:28) berig as volg: "Somewhat naively, I did not expect to find this problem (incidents of sexual molestation, abuse, and incest) in the Christian community. I am wrong. I could understand such a problem in families sadly lacking in moral teaching and understanding, but not among the supposedly faithful who knew and believed differently. What is going on?" Standford (1988:93) noem dat Christene nie glo dat pedofilie onder hulle voorkom nie. Iemand wat wedergebore is, kan nie ŉ seksuele oortreder wees nie. In terapie het hulle agtergekom dat baie oortreders lank nadat hulle Jesus Christus as hulle Verlosser aangeneem het, begin molesteer het, in baie gevalle hulle eie kinders.

### 2.5.4 SEKSUELE ORIËNTASIE

Vyf en negentig persent pedofiele is heteroseksueel (Sweeney 2008:9; Kaplen & Sadock 1998:721; Dawes & Govender 2007:37) en is in ŉ verhouding of getroud (Potgieter 1997:185). Baie molesteerders ervaar beduidende ongemak in die vestiging en instand-houding van volwasse verhoudings en beleef verhoogde, onvolwasse afhanklikheids-behoeftes wat onvervuld bly (Howitt 1995:42), en wat moontlik deur ŉ vroeë persoonlike verlies veroorsaak is (Flora 2001:59). Baie kindermolesteerders kan verhoudings met volwassenes hê om hulle pedofiliese aktiwiteite te kamoefleer (Pistorius 2005:315; Hall & Hall 2007:461).

Indien die pedofiel sou trou, het hy ’n spesiale verhouding met sy huweliksmaat, waar hy gewoonlik of dominant of heeltemal afhanklik in die verhouding is (Pistorius 2005:316). Meermale trou die pedofiel omdat dit baie gerieflik vir hom is. Dit is nie die vrou wat hom bekoor nie, maar die feit dat hy naby haar kinders is.

Dit is seldsaam om ’n persoon te vind wat eksklusief ’n pedofiel is, want die meeste pedofiele is betrokke by ander vorme van seksuele wangedrag, veral atipiese gedrag (Gardner 1992:50), soos ekshibisionisme, voyeurisme en frotteurisme (Flora 2001:136; Murray 2000:220).

Die persoon openbaar ekstreme angs vir heteroseksuele verhoudings en het ook skuldgevoelens met betrekking tot seksualiteit (Olivier, Roos & Bergh 1998:98). Die molesteerder voel dat ’n kind nie verwagtings het tot voor die seksdaad nie en dit pas hom baie beter omdat hy min selfvertroue het met ’n volwasse persoon (Pryor 1996:164).

Daar is literatuur wat beweer dat dit seldsaam is dat homoseksuele persone ’n belangstelling in kinders sal toon (Squires 2002:21; Vachss 1989:2). Ander literatuur wys weer op die erns van hierdie saak (Howitt 1995:44-49; O’Hagan 1993:51; Abel et al. 1987:15; Powell 2007:11-13).

Daar kan saam met Sweeney (2008:9) gestem word dat ’n pedofiel ’n heteroseksuele, homoseksuele of ’n biseksuele persoon kan wees.

### 2.5.5 PERSOON MET 'N GESKIEDENIS VAN GESINSPROBLEME

Volgens Denton (2007:2) kan gesinsdisfunksie verband hou met enige toestand wat met die gesonde funksionering van die gesin inmeng. Gesonde gesinne is geneig om na normale funksionering terug te keer as ’n krisis verby is. In disfunksionele gesinne is probleme egter geneig om 'n chroniese karakter te verkry en word daar nie konsekwent in die behoeftes van kinders voorsien nie. Die negatiewe gedragspatrone van die ouers is dan heel dikwels ook dominant in hulle kinders se lewens.

Uit die literatuur oor disfunksionele gesinne kan die volgende aanleiding gee tot seksuele molestering in ’n persoon se latere jare:

- Onsekere familieverhoudings. Daar word beweer dat mans met wankelrige en onsekere familieverhoudings geneig sal wees om hulle behoeftes aan intimiteit hoofsaaklik deur seksuele aktiwiteit te bevredig (Seidman, Marshall, Hudson & Robertson 1994:518).
- ’n Ma wat inkonsekwent optree en/of die kind verwerp (Dadds & Smallborne 1998:555).
- Geweld in die ouerhuis (Saunders, Awad & White 1986:542).

Disfunksionele kommunikasie, disfunksionele verhoudings, disfunksionele uitdrukking van liefde, disfunksionele dissipline, disfunksionele identiteit, disfunksionele gesinsreëls en min tyd wat aan kinders bestee word, is alles aanleidende faktore. Navorsing wys daarop dat die gemiddelde egpaar ongeveer twintig minute met mekaar praat per week, die gemiddelde ma praat sewe minute met haar tiener per dag, die gemiddelde pa praat net vyf minute met die adolessent per week (Van Dam 2001:115).

Ander persoonlikheidseienskappe wat oor die algemeen ook by hierdie persoon na vore kom, word kortliks genoem.

Dit is waar dat die persoon wat kinders molesteer en wat self ook ŉ slagoffer van molestering was, antisosiale gedrag (Salter 1995:33) en swak sosiale vaardighede toon. Hy verkies die geselskap van kinders bo dié van volwassenes. Hy voel ontoereikend, skaam en hulpeloos met betrekking tot die eise van die lewe (Olivier et al. 1998:272; Wolfaardt 2003:150; Hall & Lloyd 1993:67; Potgieter 1997:181–185). ŉ Persoon wat seksueel by kinders betrokke is, het gewoonlik nie ten volle in sy verskillende fases as kind ontwikkel nie en mag op dieselfde sosiale vlak wees as die kind wat hy molesteer (Flora 2001:75).

As gevolg van die kindermolesteerder se swak selfbeeld (Sweeney 2008:9; Hall & Hall 2007:462; Hall & Lloyd 1993:67), min selfvertroue (Sweeney 2008:9; Schultz 2005:22) en onvermoë om met ŉ volwasse persoon van sy of haar eie ouderdom kontak te maak en intimiteit te ontwikkel, wend hy hom tot kinders (Olivier et al. 1998:462; O'Hagan 1993:93; Draper 1996:72; Britz 2003:83-106; Hall & Hall 2007:462).

Hy is gerig op sy eie behoeftes en belange, sonder om die ander se behoeftes en ook die skade wat deur molestering aangerig word, in ag te neem (Van Dam 2001:68, 117; Pryor 1996:65).

Die pedofiel is intern-probleem-gesentreerd. Dit verwys na die ingesteldheid waarin hy so vasgevang raak in sy eie probleme dat hy nie in staat is om sinvol by probleme buite homself betrokke te raak nie (Van Dam 2001:68).

Pryor (1996:100) voer aan dat baie van die mans in sy studie gereageer het sonder om te dink oor die gevolge van hulle dade. Die oorgang na seksuele molestering word deur hulle as onbeplan beskryf; dit het spontaan gebeur. Die pedofiel het swak impulsbeheer en kan ook nie homself beheer nie (Van Dam 2001:87). Salter (1995:43-44) het egter bewys dat seksuele molestering nie impulsief is nie, maar ‘n deeglik beplande aksie is. ŉ Verduideliking van haar afwykende siklusdiagram illustreer haar punt duidelik later in die hoofstuk (bladsy 99-101).

ʼn Verswakte morele gewete word beskou as 'n kenmerk vir die molestering van kinders (Groth, Hobson & Gary 1982:159).

Daar blyk ooreenkomste te bestaan tussen seksuele oortreders en alkoholiste, dwelm-verslaafdes, kompulsiewe dobbelaars en kompulsiewe eters (Wolfaardt 2003:133). Studies het bevind dat 50% tot 60% pedofiele ook 'n substans-afhanklike is. Wat egter belangrik is, is dat hulle aangetrokkenheid tot kinders steeds daar sou wees indien hulle nie aan drank of dwelms verslaaf was nie ( Hall & Hall 2007:457; O'Hagan 1993:51).

Afhanklikheid raak in baie gevalle een van die pedofiel se probleme (Flora 2001:136; Hall & Lloyd 1993:67), maar hulle rasionaliseer gewoonlik hulle dade deur alkohol die skuld te gee (Roos 2005:169; Powell 2007:12). Die pedofiel geniet sy seksuele dade, maar dit word gevolg deur negatiewe gevoelens soos skuld, skaamte en berou; daarom gebruik hy alkohol en dwelms as 'n metode om die gevoelens te onderdruk (Pryor 1996:171).

### 2.5.6 SAMEVATTING VAN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Daar word baie persoonlikheidseienskappe aan die kindermolesteerder toegeskryf. Die aanhaling hieronder beskryf myns insiens hierdie persoonlikheid die beste:

> "I want to describe a child molester I know very well. This man is raised by devout Christian parents. As a child he rarely missed church. Even after he becomes an adult he is faithful as a church member. He is a straight-A student in high school and college. He has been married and has a child of his own. He couched Little League baseball. He is a Choir Director in his church. He never used illegal drugs. He never had a drink of alcohol. He is considered a clean-cut all American boy. Everyone seemed to like him. He is a volunteer in numerous community civic functions. He had a well-paying job. He is considered 'well-to-do' in society. But from the age of thirteen years he sexually molested little boys. He never victimizes a stranger. All of his victims were friends. He is now serving a five-year term in prison for sexual abuse. I know this child molester very well because he is me!!!" (hierdie persoon het een honderd slagoffers gehad) (Salter 1995:30).

Die boublokke van seksuele verslawing is pornografie, masturbasie en fantasieë. ʼn Man wat oorgaan tot ekstreme masturbasie, pornografie en fantasieë wat die seksuele drang instigeer, raak oorweldig en dit word die kern van sy bestaan. Sy gedagtes word oorheers deur sy seksuele drange (Pryor 1996:75-80). Hierdie drie boublokke dra by tot seksuele verslawing. Voordat daar aan die drie boublokke aandag geskenk word, word seksuele verslawing eers ondersoek.

## 2.6 VERSLAWING

Die gebruik van die term *verslawing* impliseer dat die oortreder ŉ voortdurende aangetrokkenheid ervaar tot die afwykende gedrag wat baie moeilik is om te verander en onwaarskynlik spontaan sal verdwyn (Wolfaardt 2003:133). Die analogie tussen seksuele oortreding en ander verslawende gedrag is niks nuuts nie (Howitt 1995:159).

### 2.6.1 SEKSUELE VERSLAWING


Seksuele verslawing word beskryf as ŉ seksuele kompulsie waaroor daar min beheer is (Wildmon-White & Young 2002:263). Carney en Dew (2003:259) definieer seksuele verslawing as die onvermoë om seksuele gedrag te onderdruk. Seksuele verslawing is ŉ voortgaande patroon van seksuele gedrag met drie basiese kenmerke: ŉ onvermoë om die gedrag te beëindig, ŉ voortsetting van die gedrag ten spyte van potensiële of werklike nadelige gevolge, en ŉ gepreokkupeerdheid of obsessie om voort te gaan met die gedrag (Birchard 2004:81).

Seksuele verslawing begin met 'n foutiewe oortuigingsisteem wat gedurende disfunksionele kinderjare en adolessensie ontwikkel (Marais 1990:121; Howitt 1995:16; Salter 1995:25; Potgieter 1997:181). Hierdie verslawing wys op die intense behoefte om te behoort asook die behoefte aan sosiale verbintenisse (Carney & Dew 2003:270). Om die pedofiel se verslawing en kompulsiewe gedrag te verstaan, moet daar gedink word aan ander vorme van kompulsiewe gedrag soos rook, drink of eetversteurings (O'Hagan 1993:58). Hierdie behoefte spring ongevraagd in die denke op. Stressors help dikwels om terug te keer tot verslawing.

Die siklus is selfonderhoudend en neem die persoon se lewe oor. Die feit dat die verslawende siklus nie beheer kan word nie, bevestig die foutiewe oortuigingsisteem dat hy ŉ minderwaardige, onaanvaarbare persoon is, en gevolglik word die seksuele ervaring die verslaafde se primêre verhouding (Wolfaardt 2003:133).

Die oortuigingsisteem ondersteun belemmerde denke wat die individu skei van die realiteit, en hom intrek in ŉ verslawende siklus van seksuele preokkupasie, ritualisering, kompulsiwiteit en wanhoop (O’Hagan 1993:58).

Vir seksuele verslaafdes beweeg die verslawingsproses deur ŉ vierstap siklus wat by elke stap in intensiteit toeneem (Carnes 2001:38-52). Die siklus word as volg voorgestel.




**Figuur 3: Siklus van verslawing**
Uit: *Out of the shadow. Understanding sexual addiction* P. Carnes (2001:26).

Carnes (2001:26) se illustrasie word verder verduidelik.

- Preokkupasie: Die verslaafde se denke is totaal oorweldig deur gedagtes oor die seksuele. Hy kan vir ure na pornografiese beelde op die skerm staar en is bereid om slaap prys te gee om in hierdie beswyming te gaan, selfs ten koste van sy werk. Hy word so totaal geokkupeer dat die risiko, en gevaar as stimulante dien en tot ŉ groter dosis van bedwelming kan bydra.
- Ritualisering: Die toestand van bedwelming word versterk deur die verslaafde se ritualisering. Dit is ook waarom oortreders gevang word, want hulle gebruik telkens dieselfde modus operandi.
- Kompulsiewe seksuele gedrag (Salter 1995:13; Powel 2007:8): Verslaafdes is magteloos voor hulle gedrag. Hulle maak herhaaldelike beloftes teenoor hulleself en teenoor God, maar dit is van korte duur. Hulle het beheer oor hulle seksualiteit verloor en dit is waarom hulle verslaafdes genoem word. Hy glo dat hy in beheer is van sy gedrag, maar sodra hy misluk, is dit net nog ŉ beskuldiging betreffende selfbeheer en moraliteit, wat bygevoeg word by die al groter groeiende innerlike skaamte. Wanneer gedrag as volg beskryf kan word, sou dit op kompulsiewe seksualiteit kon dui (Carnes 2001:19-25):
- Dit is ŉ geheim. Enigiets wat nie die toets van die publieke vergrootglas kan slaag nie, sal lei tot die skaamte van ŉ dubbele lewe.

- Die seksuele gedrag is aftakelend betreffende die persoon self sowel as vir ander.
- Die seksuele is die bron van pynlike gevoelens of dit word gebruik om pynlike emosies te ontvlug. Indien seksualiteit gebruik word om van een gemoedstoestand na 'n ander te beweeg of die oorsaak is van pynlike gemoedsveranderinge, is dit baie duidelik deel van die verslawende proses.
- Wanhoop: Die wanhoop wat die seksuele verslaafde ervaar nadat hy kompulsief seksueel was, is die laaste fase van die vierstap siklus. Daar is 'n gevoel van mislukking omdat hy doelwitte nie bereik het nie. Hopeloosheid en selfbejammering dat hierdie gedrag nooit gestop kan word nie, oorweldig hom. Sy basiese persoonlike waardes word aangetas of geëksploiteer en hy ervaar selfhaat en selfveragting. Selfmoordgevoelens tesame met wanhoop en skaamte word deel van sy lewe.

Verslaafdes beweeg progressief deur fases waarin hulle net verder wegbeweeg van die realiteit af (Carnes 2001:15-16).

Carnes (2001:66) onderskei die volgende drie vlakke van seksuele verslawing:

Vlak 1: Masturbasie, kompulsiewe verhoudings, pornografie, prostitusie en anonieme seks

Vlak 2: Ekshibisionisme, voyeurisme, vulgêre telefoonoproepe en onsmaaklike gedrag

Vlak 3: Kindermolestering, bloedskande en verkragting

Salter (1995:43) stem nie saam dat seksuele molestering verslawend is nie. Sy noem dit *driven compulsive behavior*.

Hierdie vlakke dui die erns van die probleem aan. Dit is ook normaal vir 'n molesteerder om van vlak een na vlak drie te beweeg.

In die volgende afdeling word die boublokke waarop pedofilie gegrond is bespreek.

### 2.6.2 BOUBLOKKE VAN SEKSUELE VERSLAWING

#### 2.6.2.1 Fantasieë

'n Man word konstant aan sy seksualiteit herinner (Hart 1994:34). Die meeste mans meld dat hulle van hulle seksuele gedagtes bewus geraak het op 'n ouderdom tussen tien en dertien jaar (Hart 1994:53). Daar is niks immoreels daaraan om aan seksuele omgang te dink nie, dit is normaal. Maar wat met hierdie denke gedoen word, is die vraag. Indien die manlike brein hom slegs aan die seksuele herinner is dit 'n teken dat hy nog ten volle lewend is en dat sy endokriene sisteem nog aan sy brein gekoppel is. Indien hierdie denke wellus of obsedeer oor 'n spesifieke persoon of 'n persoon is nie tot normale werkverrigting in staat nie, dan is hierdie seksuele gedagtes nie meer gesond nie (Hart 1994:60; Coetzer 2006:14). Salter (1995:25) wys in haar studie daarop dat die oortreders in hulle tienerjare en/of vroeë

adolessente jare met seksuele fantasieë begin het (Marais 1990:121; Howitt 1995:16; Salter 1995:25; Potgieter 1997:181).

Howitt (1995:159) meld dat seksuele fantasie ŉ baie groot rol in die molestering van kinders speel en dat hierdie aspek totaal verwaarloos in navorsing word. Hy wys ook daarop dat mans nie maklik oor hulle fantasieë praat nie en gebruik ander oorsake wat seksuele molestering geaktiveer het. Navorsers dink dat seksuele fantasieë as ŉ psigiese probleem beskou mag word.

Salter (1995:22) wys daarop dat fantasering ŉ manier is om onvervulde behoeftes te stil. Sy wys ook daarop dat as gevolg van fantasering en masturbasie dit sinneloos is om oortreders in die gevangenis te plaas, want solank ŉ persoon kan fantaseer en masturbeer, kan die molesteringsiklus nie gebreek word nie.

Seksuele fantasieë is gewoontevormend, verslawend, en groei (Hart 1994:61). Dit beteken dat die persoon gewoond en afhanklik raak daaraan en dat daar altyd ’n toename moet wees in die herhaling om plesier te verskaf. Hoe meer hierdie metode gebruik word, hoe meer word die persoon van die realiteit verwyder (Schultz 2005:22; Howitt 1995:187; Hart 1994:112). Die aanhoudende ontvlugting na fantasieë vermy nabyheid en intimiteit met ’n volwasse vennoot. Schultz (2005:22) haal Freud aan: "Every fantasy is a correction of unsatisfying reality."

Dit waaroor ’n persoon fantaseer, word gewoonlik uitgeleef (O’Hagan 1993:61: Squires & Naudé 2002:20). Die molesteerder skep ŉ beeld in sy fantasieë hoe die kind wat hy wil molesteer, moet lyk. Sodra hy hierdie slagoffer geïdentifiseer het, word sy fantasie omgesit in realiteit. Die slagoffer speel vir hom die rol van homself as slagoffer (Briggs 1995:9).

Die meeste molesteerders fantaseer oor hulle eie molestering (Briggs 1995:9). "These early sexual experiences provided food for the fantasy in many cases” (Howitt 1995:181-182).

'n Algemene tendens van die pedofiel is om 'n fantasie van homself oor sy kinderdae te ontwikkel. Dit is asof daar 'n reïnkarnasie van sy seksuele molestering binne hom plaasvind (Howitt 1995:68; Coetzer 2006:14).

Howitt (1995:68) meen dat molesteerders hulleself in hulle fantasieë tydens molestasie herskep as ’n kind. Hy beskryf dit as "strongly indicative of the reincarnation of childhood experiences in sexual abuse". Nie net bestaan daar ’n groot ooreenstemming tussen die ouderdomme waarop die molesteerder self geseksualiseer is, en die ouderdomme van sy slagoffers nie, maar ook tussen die betrokke aktiwiteite (Howitt 1995:66). Hy noem verder (1995:62) in dié verband: "It has been suggested that the age of an offender’s own sexual

victimization may be an important factor in determining his choice of victims." Die oortreder se seksuele gedrag is dan normaal ten opsigte van sy emosionele ouderdom.

Die molesteerder gaan deur stadiums van fantasie oor die verlede en toekomstige handeling; hy beplan, pleeg die oortreding en ontwikkel daarna berou en skuld (Marais 1990:133).

Seksuele fantasieë ontstaan van baie jongs af by die pedofiel. Hy fantaseer oor magsituasies, waarin hy die pedofiel gaan wees. Sodra hierdie kind 'n adolessent word, is dit vir hom asof fantasie in realiteit omgesit word (O'Hagan 1993:81; Briggs 1995:9). Vroeë seksualiteit het 'n sterk invloed op die seksuele fantasie en gedrag van die pedofiel (Howitt 1995:56; Pryor 1996:44).

Howitt (1995:180-181) wys ook daarop dat die media, soos films en advertensies, baie bydra tot pedofiliese fantasering.

Briggs (1995:16) verduidelik dat om fantasieë prys te gee, vir hierdie persoon beteken dat daar ŉ emosionele leegheid in hom ontstaan.

Een van die moeilikste take in terapie is om die fantasie en die waarheid te integreer (Coetzer 2006:75; Salter 1995:42; Schultz 2005:23).

Die volgende boublok van seksuele molestering is masturbasie. Molesteerders fantaseer tipies oor kinders gedurende masturbasie, en hierdie fantasieë is instrumenteel in die uitvoering van die seksuele daad.

#### 2.6.2.2 Masturbasie

Masturbasie begin gewoonlik by seuns tussen die ouderdom van nege tot agtien jaar. Carnes (2001:38-40) beweer dat daar niks verkeerd is met masturbasie nie, maar by sommige persone word dit ŉ kompulsie. Hierdie persoon raak so verslaaf daaraan dat dit sy lewe oorneem en hy nie met normale werksomstandighede kan voortgaan nie. Omdat hy so geokkupeer raak, begin hy hom onttrek en begin ŉ geheime lewe leef. Carnes wys daarop dat hierdie verslawing gewoonlik by verkeerde boodskappe begin wat ouers aan kinders oordra. Masturbasie raak ŉ gevaar wanneer dit met fantasering of pornografie gepaardgaan (Carnes 2001:38-39; Salter 1995:48; Hart 1994:119) en ook wanneer dit oorgaan in ŉ kompulsie (Hart 1994:47). Dit is ook in baie gevalle die stressor wat ŉ persoon laat oorgaan tot molestering van kinders. Salter (1995:48) wys daarop dat persone masturbasie gebruik om hulle negatiewe gevoelens omtrent die self te beheer. Hart (1994:47) beweer dat masturbasie ŉ geweldige skuldgevoel by ŉ persoon skep.

Heelwat navorsing bevestig dat daar ŉ korrelasie tussen pornografie en seksuele molestering bestaan. Die molesteerder word seksueel geprikkel, wat hy dan deur sy fantasieë uitleef.

#### 2.6.2.3 Pornografie

Die derde boublok van seksuele verslawing is pornografie (Coetzer 2006:15). ŉ Persoon wat behep raak met pornografie, is ook die een wat fantasieë uitleef en wat nie seksuele grense met ander respekteer nie (Howitt 1995:75).

Sedert die opheffing van onderdrukkende sensuur, het ŉ magdom sogenaamde sekstydskrifte die lig gesien in Suid-Afrika (Barnard 2000:132) en die gevare wat pornografie vir ŉ persoon inhou, word nie besef nie (Hart 1994:29).

Dit lei tot afstomping en verveling, met die gevolg dat daar dan gevra word na sterker prikkels en meer blatante vorms van die seksdaad. Die betrokkenes word al hoe verder weggevoer en word van ware seksualiteit in 'n normale situasie ontneem (De Bruyn 1993: par. 9.4.11.3).

Louw (2008:266-367) wys daarop dat pornografie nie oor naaktheid of oor eksplisiete seksuele prente of foto's gaan nie. Dit gaan nie oor die seksuele daad of die erotiese materiaal wat die seksuele stimuleer nie. Hy beskryf pornografie as volg:

> "Pornography points in the direction of the depiction or the description of the unequal misuse of power and violent sexuality (physical and psychological violence against others and oneself) promoting promiscuity. In this sense pornography is the description or depiction of obscenity with the effect of violating the dignity and rights of the human person through the exploitation and commercialization of sexuality and sex. Explicit descriptions or depictions of males, females or children in dehumanized, mutilated, animalistic, submissive, distorted, sadistic and/or masochistic positions which place and keep them in undignified, subordinate roles and positions constitute pornography. Pornography reduces sex to the level of animal copulation and tends to rob sex of intimacy and tenderness."

Die vervaardiging en gebruik van kinderpornografie is verweef in die aktiwiteite van die pedofiel. Kinders word aangewend om pornografiese materiaal te ontwikkel ter wille van finansiële of seksuele gewin (Denton 2005:49). Kinderpornografie en ook pornografie word bestempel as die masjien van die pedofiel (O'Hagan 1993:63).

Daar is bewys dat pornografie ŉ definitiewe impak op ŉ kind se emosionele, fisiese en seksuele ontwikkeling het (Wolfaardt 2003:133). Navorsing wat deur Hart (1994:40)

uitgevoer is, wys daarop dat seuns op ŉ ouderdom van vyftien en ŉ half na pornografie begin kyk het. Twee en sestig persent van die persone in sy navorsing het gemeen dat dit ŉ nadelige effek op hulle manlike seksualiteit gehad het. Slegs 1,2% het gesê dat dit vir hulle voordelig was. As daar by ŉ kind ŉ begin gemaak is met die verskaffing van matige pornografie, ontstaan daar ŉ groeiende honger daarna totdat die punt bereik word waar die kind doelbewus daarvoor begin vra. Uiteindelik raak die persoon verslaaf (Hart 1994:85) daaraan en kan hierdie verslaafdheid weer aanleiding gee tot afwykende obsessies en dade wat soms selfs ŉ misdadige vorm aanneem. Dit is ŉ verwoestende proses waarin die mens se sensitiwiteit geleidelik vernietig word, tot die punt uiteindelik bereik word waar ŉ mens nie meer geskok kan word nie (De Bruyn 1993: par. 9.4.11.4.2). Hart (1994:87) wys daarop dat vir die kind wat aan pornografie blootgestel word daar psigiese, geestelike en verstandelike konsekwensies mag wees en dit die begin kan wees van ŉ lewenstryd.

In sy navorsing (Hart 1994:93-94) het jong mans wat van dié verslawende gewoonte ontslae wou raak op die volgende nadele gewys wat pornografie vir hulle ingehou het en ook die boodskap wat dit by hulle tuisgebring het:

- Vroue word eers gefotografeer waar hulle by die werk is en daarna naak. Die boodskap? Vroue is altyd seksueel gereed.
- Alle vroue is perfek en aantreklik. Die boodskap? Onrealistiese standaarde van seksualiteit word geskep.
- Pornografie hou die man gewoonlik voor as die een wat beheer het oor ŉ ander persoon. Die boodskap? Die man moet aandring op seks en beheer neem oor ander.
- Pornografie beeld dikwels dwang en geweld uit. Die boodskap? Pyn en omgang loop hand aan hand. Pyn verskaf seksuele plesier.
- Vroue is altyd gereed vir die seksuele daad in pornografie. Die boodskap? Indien ŉ meisie (vrou) nie altyd gereed is vir die seksdaad nie, skort daar iets met haar.

Gevallestudies en sake wat in die hof beland het, wys daarop dat 30% tot 80% van individue na kinderpornografie kyk, en dat 76% van individue wat na kinderpornografie kyk, gearresteer is omdat hulle oorgegaan het tot aksie deur te molesteer (Hall & Hall 2007:460).

Hierdeur is bevestig dat daar ŉ sterk korrelasie tussen pornografie en seksuele molestering bestaan. Eerstens voorsien dit aan die pedofiel seksuele prikkeling waardeur hy sy fantasieë stimuleer, die kind se inhibisies verlaag en gevolglik die kind seksueel misbruik. Die uitbuiting van ŉ kind sluit die neem van foto's of videomateriaal in wat die pedofiel kan gebruik as ŉ vorm van afpersing om te verseker dat die kind die seksuele aktiwiteite geheim hou. Tweedens gebruik die pedofiel die pornografie om met ander pedofiele handel te dryf en so sy eie versameling uit te brei. Derdens word pornografie kommersieel aangewend tot

finansiële voordeel, alhoewel hierdie persone nie noodwendig pedofiele is nie (Denton 2005:29).

Wanneer pornografie ŉ obsessie by ŉ persoon geraak het, verg dit deursettingsvermoë om daarvan bevry te word. Vir ŉ persoon wat nie ŉ belangstelling in pornografie het nie, is dit gewoonlik maklik om aan te beveel om hierdie gewoonte te bely, berou te toon en God te vra om dit weg te neem en te besluit om nie weer na pornografie te kyk nie. Hart (1994:98-99) noem dat hy wel baie wonderwerke gesien gebeur het, maar dit gebeur nie in alle gevalle nie. Wellus en pornografie is magtig en dompel ŉ persoon in ŉ diep en donker gevangenis. Wellus kan 'n mens daartoe dryf om skrikwekkende dinge te doen. Dit kan jou oorweldig, jou gedagtes heeltemal oorheers en jou ellendig laat voel (Bell 2007:53).

Persone wat hierdeur geteister word, probeer hulle seksualiteit onderdruk. Hulle skakel hulleself af van enige vorm van seksuele prikkels en ondergaan ŉ emosionele kastrering. Hart noem verder dat hy bewus is van baie diep gelowige mans wat hulle seksuele gevoelens onderdruk deur in ŉ ekstreme religieuse passie te gaan of ure in gebed deur te bring. Om hierdie gevoelens te onderdruk is baie gevaarlik aangesien hy dan ŉ lopende tydbom is. Hart (1994:99) beveel aan dat afwykende seksualiteit en gewoontes gekonfronteer moet word omdat daar ŉ distorsie diep in die psige plaasvind. Dit neem tyd om bevryding van hierdie distorsie wat vasgelê is, te beleef.

Volgens navorsing is daar baie verskillende teorieë oor die oorsprong van pedofilie. In die volgende gedeelte gaan daar na enkele van hierdie teorieë gekyk word.

## 2.7 TEORIEË OOR PEDOFILIE

### 2.7.1 PSIGODINAMIESE TEORIEË

Volgens die psigodinamiese oriëntasie het alle afwykende seksuele gedrag dieselfde etiologie en psigopatologie (Lanyon 1986:176). Kenners verskil oor die aanname dat daar psigologiese of psigiatriese wanorde by die pedofiel heers. Powell (2007:14) verklaar: "Paedophilia is not an illness, it is an invulnerable mental state."

Met betrekking tot die oorsprong van kindermolestering maak Howitt (1995:34) en Hall en Hall (2007:458) die volgende stelling: "The roots of paedophilia lie in childhood." 'n Geskiedenis van molestering is eerder die reël as die uitsondering (Potgieter 1997:181; Standford 1988:91; O'Hagan 1993:52; Sweeney 2008:9; Pryor 1996:261), maar dit kan ook nie veralgemeen word nie (Howitt 1995:65). Die wortels van pedofilie word in die kinderjare gevorm (Howitt 1995:34) en die wanorde ontwikkel gedurende adolessensie. Die meeste adolessente het tot molestering oorgegaan terwyl hulle kinders opgepas het (Salter 1995:86). In 'n studie deur Hall en Hall (2007:457) word gemeld dat sommige pedofiele hulle aangetrokkenheid tot kinders gedurende hulle puberteit of adolessensie beleef het (Marais

1990:121; Howitt 1995:16; Salter 1995:25; Potgieter 1997:181), maar ander sê dat die seksuele drang tot kinders eers later in hulle lewens ontwikkel het. Dit is gedurende puberteit dat individuele seksuele kenmerke ontwikkel en die persoon bewus word van die kapasiteit vir seksuele opwinding (Louw & Edwards 2005:434).

Seksuele ontwikkeling word ook deur ’n gebeurtenis in die verlede beïnvloed. ’n Kognitiewe versteuring is die gevolg (Flora 2001:143).

Barnard et al. (1989:31) beweer dat waar ’n molesteerder self as kind gemolesteer is, die gedrag herhaal word om sy eie seksuele trauma te oorkom. Hy dupliseer dus die omstandighede van die oorspronklike trauma (Hart 1994:11; Briggs 1995:11). Die psigologiese ontwikkeling van die mens is nie noodwendig in korrelasie met sy fisiese ontwikkeling nie. Psigologiese ontwikkeling word deur verskeie faktore bepaal en beïnvloed, soos voorgeboortelike en fisiologiese faktore, en sosiale en maatskaplike verhoudings. Wat belangrik is, is die keuses wat gemaak word in die hantering van omstandighede (Bezuidenhout 2005:157). Dit is egter waar dat seksuele mishandeling psigologiese vaslegging in die kinderjare veroorsaak (Howitt 1995:56). Kinders raak by verskeie seksuele aktiwiteite betrokke, soos pornografie, en die assosiasie van seksuele opwekking met die onvolwasse liggaam kan tot negatiewe gevolge lei. Dit kan ’n aangeleerde respons wees.

In ’n studie uitgevoer deur Pryor (1996:31-59) is bevind dat drie tipes vroeë lewenservarings algemeen deur kindermolesteerders gerapporteer word, naamlik:

- Seksuele kontak voor die ouderdom van 16 jaar met 'n aansienlik ouer persoon
- Seksuele kontak voor die ouderdom van 13 jaar met lede van hulle portuurgroep
- Nie-seksuele geweld, wat hoofsaaklik deur hulle ouers gepleeg is (Pryor 1996:159).

Hierdie drie lewenservarings sal nou kortliks bespreek word.

#### 2.7.1.1 Seksuele kontak met ’n ouer persoon

Daar is navorsing wat toon dat ’n persoon tot molestering oorgaan as gevolg van molestering in sy eie kinderjare (Van Dam 2001:91; Coetzer 2006:85; O’Hagan 1993:52). Standford (1988:90) beweer seksueel gemolesteerde seuns word pedofiele en meisies verslae en verslane vroue. Howitt (1995:60; Hall & Hall 2007:464) noem dit die “re-enactment theory” (nabootsingsteorie), wat verwys na die direkte herhaling van die seksuele ervarings wat die molesteerder self as kind gehad het. Hierdie herhalingsproses verteenwoordig ’n poging om die verwarring en die spanning wat deur die molestering veroorsaak is, te hanteer.

Pryor (1996:32) wys daarop dat hierdie ervaring uit ’n persoon se kinderdae verskillend geïnterpreteer word. Nie alle persone wat as kind gemolesteer is, wend hulle noodwendig

later tot kindermolestering nie (Pryor 1996:261; Powell 2007:9). Daar is ook molesteerders wat self nooit as kind gemolesteer is nie (Van Dam 2001:91).

Pryor (1996) het bevind dat kindermolesteerders wat gedurende hulle kinderjare seksuele kontak met ’n ouer persoon gehad het, die realiteit op een van twee wyses konstrueer.

Sommige molesteerders het hierdie insidente nie as traumaties ervaar nie. Die ervaring is, inteendeel, as liefderyk of fisies genotvol gekonstrueer. Hierdie mans het ervaar dat hulle seksueel daardeur geprikkel is, of dat hulle bemin word en spesiaal gevoel het. Hulle beskou dus die seksuele misbruik deur ’n ouer persoon as normaal en neem die persoon glad nie kwalik nie (Pryor 1996:33).

’n Raamwerk is dus daargestel om enige skade wat aan hulle eie slagoffers jare later verrig is, gering te skat (Carney & Dew 2003:268; Briggs 1995:13). Van die molesteerders in Pryor (1996:34,152) se studie het seks en liefde met mekaar verbind. Die ervaring was fisies genotvol en dit het hulle belangrik laat voel. Een van die molesteerders beskryf dit soos volg: "But the idea that she wanted sex with me gave me an emotional satisfaction I was not getting from my parents."

Later, tydens die molestering van hulle eie slagoffers, was dit hulle gevoel dat hulle slegs liefde aan hulle slagoffers betoon, wat ooreenstem met die manier waarop daar liefde aan hulle betoon is. Dieselfde molesteerder verduidelik soos volg: "I thought I was showing affection in the same way … I always saw it as something intimate, affectionate, and as trying to please another person."

Die molesteerder erken dus nie die effek wat molestering op hulle gehad het nie en ook nie die skade wat hulle hulle eie slagoffers aandoen nie. Pryor (1996:65) meen in hierdie verband dat die afwesigheid van enige eksterne reaksie, met ander woorde, die gebrek aan herdefiniëring van die situasie deur iemand anders, tot gevolg het dat die betekenis wat die slagoffer aan die ervaring koppel, nooit heroorweeg word nie.

’n Tweede groep molesteerders in Pryor (1996) se studie het hulle seksuele ervarings tydens hulle kinderjare as gewelddadig, ongewens, ontstellend en verwarrend beskryf. Alhoewel dit traumaties was, het hulle die ervaring genormaliseer en die indruk geskep dat seks tussen volwassenes en kinders moreel en wettig is, iets waardeur alle kinders gaan.

In hierdie gevalle is daar egter geen negatiewe reaksie ingebou rondom die ervaring nie, en het daar geen begrip ontwikkel dat seks tussen volwassenes en kinders kultureel as onaanvaarbaar en verkeerd beskou word nie. As kinders het hierdie groep gevoel dat hulle die ervaring nie met ander kan deel nie. Indien die ervaring wel met iemand gedeel is, het hierdie persoon hulle laat verstaan dat dit hulle skuld is, wat die siening dat volwassenes kan

maak wat hulle wil, versterk het. As gevolg van die *grooming*-proses wat die molestering voorafgaan, het hulle gevoel dat iemand wat so lief is vir hulle, hulle tog nie met opset sal seermaak nie en dat hulle dit gevolglik moet uitstaan. Hulle wou nie graag die liefde van die verhouding prysgee nie, soos duidelik blyk uit die volgende woorde van een van die molesteerders in Pryor (1996:44) se studie: "I often thought about it as getting the attention from older males that I didn't get from my father."

Die misbruikte kind word groot en word dan gewoonlik ook 'n molesteerder (Standford 1988:91; O'Hagan 1993:52; Sweeney 2008:9; Pryor 1996:261; Potgieter 1997:181). As volwassene mag die herinneringe aan hierdie insident herleef word. Hy ervaar die emosionele ongemak wat hy as kind gedurende hierdie seksuele aktiwiteit ervaar het. Hy assosieer die ongemak met 'n volwassene en dit het tot gevolg dat seksuele aktiwiteite met kinders versterk word (Wolfaardt 2003:131).

Dit blyk dat die persoon wat molestering in sy kinderjare genormaliseer het, meer geneig is om self later kinders te molesteer as slagoffers wat die molestering nie normaliseer nie (Briggs & Hawkins 1996:221). Ryan (1989:326) meen dat molesteerders wat nie die effek van hulle eie molestering erken nie, ook nie die skade erken wat hulle, hulle slagoffers aan doen nie.

#### 2.7.1.2 Vroeë seksualisering

Die meeste oortreders het hulle eerste seksuele ondervinding tussen die ouderdom van sewe en twaalf jaar gehad (Howitt 1995:26). Volgens Howitt (1995:175) is dit die mate van betrokkenheid by nie-traumatiese seksuele ervarings en portuurseks wat vir vroeë seksualisering verantwoordelik mag wees. Howitt (1995:65) meen verder dat eerder as om slegs te fokus op die effek van seksuele molestering, al die aspekte van vroeë seksualisering en die effek daarvan op die oortreder in ag geneem behoort te word. Met betrekking tot vroeë seksualisering maak Howitt (1995:66) die volgende stelling: "If the concept of sexual abuse is replaced by one of sexualization, a much greater proportion of paedophiles appear to be distinctive in terms of their offending behavior and their early sexualization."

Dit blyk dat vroeë seksualisering 'n sterk invloed op die seksuele fantasieë en gedrag van molesteerders het. Die meeste molesteerders in Pryor (1996:44) se studie het baie vroeg in hulle lewe blootstelling aan seksuele aktiwiteite met ander kinders gehad. Vir Pryor (1996:44) is dit juis hierdie mans se interpretasie van hierdie vroeë aktiwiteite, op die tyd wat dit plaasgevind het, asook later soos hulle lewe gevorder het, wat van kardinale belang is.

Met betrekking tot vroeë seksualisering verklaar Howitt (1995:70) die volgende: "The close links between his childhood mutual sexual experiences and aspects of his adult abuse of

children seem obvious, his childhood sexualization is reflected in his offending style and preferences."

Pryor (1996:45) se navorsing toon dat die eerste ervaring van portuurseks dikwels die gebruik van dwang ingesluit het. Die slagoffer was byvoorbeeld ŉ suster of niggie met wie dit in die geheim plaasgevind het en die ouers het dit nooit ernstig opgeneem nie. In sommige gevalle het seksuele gedrag met die verloop van tyd progressie getoon van masturbasie, wat met ŉ gevoel van voldoening en vertroosting geassosieer word, na fantasieë oor ander kinders. Baie van hierdie persone gee toe dat seksuele verkeer vir hulle ŉ assosiasie het met liefde en sekuriteit en hulle ook help om nie geïsoleerd te voel nie.

#### 2.7.1.3 Nie-seksuele geweld wat deur ouers gepleeg is

Sewe-en-sestig persent van die molesteerders in Pryor (1996:54-59) se studie het ŉ aansienlike hoeveelheid nie-seksuele fisiese geweld, versteurde gesinsagtergronde en onstabiele ouerhuise gedurende hulle kinderjare gemeld. Ouers was nie wettig getroud nie, het in konflik met mekaar geleef en gewelddadig teenoor mekaar op getree (Howitt 1995:36). Studies met pedofiele toon dat die kindermolesteerders se verhouding met hulle moeders problematies was (Wolfaardt 2003:116; Howitt 1996:34). Die ma's was oor die algemeen inkonsekwent in hulle optrede. Hulle het nie liefdevol teenoor die kinders gereageer nie, maar hulle verwerp en selfs mishandel (Howitt 1995:36). Hierdeur het hulle verwerping ervaar. Inkonsekwente straf deur ouers het ook ŉ groot uitwerking op die kind.

Die vlak van fisiese geweld is dikwels ekstreem en het met emosionele skade gepaardgegaan. Volgens hierdie mans het die ervaring van geweld gedurende hulle kinderjare direk verband gehou met die molestering van kinders later in hulle lewe. Eerstens het die ervaring van volgehoue geweld, ten einde te oorleef, afstomping en afskakeling van gevoelens tot gevolg gehad. Dit raak dan net makliker om seksuele grense met kinders te oorskry. Tweedens het dit ŉ *expectation of obedience* (Pryor 1996:18) tot gevolg. Die oortuiging word gevestig dat, ongeag wat ouers of ander volwassenes doen, kinders hulle altyd moet respekteer, wat aanleiding gee tot ŉ patroon van dominansie en aggressie in hulle interaksie met ander.

Wantroue, agterdog, isolasie en sosiale marginalisering kan ook in sy lewe manifesteer.

Een van die algemeenste psigiese kwaliteite is die pedofiel se emosionele onvolwassenheid. Hulle is nie in kontak met hulle eie gevoelens nie en het ook swak beheer daaroor (Hall & Hall 2007:462; Van Dam 2001:71; Potgieter 1997:181-185). Hierdie mans was aan jare se emosionele pyn, intimidasie en fisiese geweld onderworpe. Hulle het geleer om ander nie te vertrou nie en het nie hulle emosies met ander gedeel nie. Hulle volwasse lewe word gekenmerk deur isolasie en ŉ marginale lewe. Die konstante skending van vertroue,

verwerping en die gevoel dat hy in die steek gelaat is, asook sy eie seksuele vergrype laat hom seer, kwaad en ongelukkig voel, en sonder ondersteuning kan hy nie van hierdie gevoelens ontslae raak nie. Hy kom telkens tot die gevolgtrekking dat dit veiliger is om geen gevoelens te hê of te toon nie as om homself te openbaar. Dit is vir hulle makliker om seksuele grense met kinders te verbreek, want hulle is in elk geval van hulle emosies afgesny of afgestomp (Pryor 1996:59). Hoe beter ’n mens die pedofiel leer ken, hoe duideliker word die emosionele oppervlakkigheid in hulle menslike verhoudings (Roos 2005:168). Dit is Louw (1998b:198) wat tereg daarop wys dat gevoelens en emosies ŉ kardinale rol speel in die mens se persoonlikheid. Emosies en gevoel voorsien ook ŉ beter verstaan van die dinamiek tussen die "ek" en die "self", en bevorder daarmee saam die begrip vir ander mense. Emosie is deel van die realiteit van menswees.

Omdat hierdie persoon nie emosioneel ontwikkel is nie, het hy ook ŉ gebrek aan insig in die kind se emosionele of fisiese pyn – die molesteerder probeer homself oortuig dat die kind maar net voorgee dat hy/sy onwillig is om die speletjie te speel. Hy het ŉ gebrek aan empatie met sy slagoffers (Van Dam 2001:87). Dit word ook beskryf as narsisme, wat ŉ patologiese vorm van selfsug is wat die individu se bande met mense vernietig. Empatie is ŉ emosie wat veral op die ouderdom van ongeveer tien ontwikkel. Dit vergestalt namate die kind ander persone se ervarings verstaan, wat beteken dat die kind hom in ŉ ander se posisie kan stel en soortgelyke emosie kan ervaar (Britz 2003:76). Die pedofiel wat as kind gemolesteer is, het dus nooit hierdie emosie aangeleer nie. Hulle toon duidelik dat hulle nie besef dat hulle die ander persoon skade berokken nie, en dat hulle ook nie die ander persoon se verset, vrees en afkeer aanvoel nie. Hulle dink trouens dat hulle die ander persoon nie te wreed behandel nie en selfs help. So sal molesteerders aanvoer dat hulle ’n bepaalde kind so liefhet dat hulle die kind self van liefde wil leer. Ouers wat hulle kinders aanrand, voer aan dat hulle hulle kinders ’n guns bewys deur hulle te dissiplineer. Die onvermoë om empatie aan te leer, lei nie noodwendig tot misdadige gedrag nie. Psigologiese, ekonomiese en sosiale faktore speel ook ’n rol in die bepaling van ’n persoon se geneigdheid om ’n kriminele oortreding te begaan (Goleman 1995:109).

Die kindermolesteerder het homself dus afgesny van sy emosies: "They routinely concluded that is safer not to feel than to remain vulnerable and risk exposing themselves to more harm" (Pryor 1996:59).

Seksuele molestering word deur die meeste persone as 'n geweldige trauma beleef. Die impak van hierdie trauma is so vernietigend dat dit emosionele onvolwassenheid, oftewel 'n staking in emosionele ontwikkeling, tot gevolg het. Die molesteerder se onvermoë om die angs, skuld en pyn van die trauma in sy kinderjare te oorkom, lei ook daartoe dat hy met die aggressor identifiseer ten einde die oorspronklike konflik op 'n ander slagoffer te projekteer (Wolfaardt 2003:130).

Die persoon se emosies hou dus nie tred met sy chronologiese ouderdom nie, en blokkeer die volwassewordingsproses. Hierdie blokkasie vind plaas in die belang van oorlewing (Pryor 1996:60). Emosionele ontwikkeling word gestaak op dieselfde ouderdom waarop die eie molestering plaasgevind het.

Een van die kernemosies by die mens is skuld. Omdat die molesteerder geweldige skuld op spirituele en emosionele vlak beleef, staak hy sy ontwikkeling, want, indien hy sou ouer word, sou dit beteken dat hy sosiale bewustheid sal moet ontwikkel, wat tot ewige straf sal lei. Hy weier dus om ouer te word as hierdie spesifieke ouderdom (Wolfaardt 2003:239). Gevolglik behou hy die vermoë om na die kind se vlak te daal.

### 2.7.2 PEDOFILIE AS 'N BIOLOGIESE AFWYKING

#### 2.7.2.1 Neurale meganismes

Navorsing op neurologiese gebied is tans baie aktueel. Daar sal egter nie ʼn volledige beskrywing gegee word nie, maar slegs ʼn paar interessante aspekte word genoem.

Navorsing toon dat breinabnormaliteite en breinskade spesifieke seksuele verandering teweeg kan bring, en dat parafiliese gedrag die eerste manifestasie van breinskade mag wees. Letsels van die limbiese sisteem – disfunksies van die hipotalamus en temporale lob – word spesifiek geassosieer met 'n gewysigde seksuele oriëntasie (Wolfaardt 2003:137) wat tot hiperaktiewe seksuele versteuring of hipoaktiewe seksuele versteuring kan lei.

Verskeie studies wys daarop dat die temporale lob die erotiese onderskeid en opwekking beheer. In navorsing wat op pedofiele gedoen is, is daar abnormaliteite in die temporale lob gevind (Hall & Hall 2007:463).

Sommige studies toon dat seksuele afwyking die gevolg mag wees van abnormale gedagtes wat ontstaan vanweë ʼn verandering in die funksie van die dominante breinhelfte. Patologie van die dominante breinhelfte bevorder abnormale seksuele gedagtes en is betrokke by probleme in die kommunikasie tussen die twee helftes van die brein (die nie-dominante breinhelfte is betrokke by die organiese respons) (Wolfaardt 2003:137; Hall & Hall 2007:263).

Breinabnormaliteite ten opsigte van glukosemetabolisme en serotonienfunksies is ook bespeur. Nog ʼn MRB-skandering (Magnetiese resonansiebeelding) in Duitsland toon dat pedofiele abnormaliteite in die prefrontale korteks het wat betrokke is in ʼn stadium wanneer seksuele opwekking kognitief verwek word (Pienaar 2008:11).

'n Breinsimmetriestudie toon dat die linkerbrein helfte van pedofiele kleiner is as die regterbrein helfte. Dit blyk dat strukturele abnormaliteite meer algemeen voorkom in die breine van seksuele oortreders (Howitt 1995:59).

Posttraumatiese stresversteuring veroorsaak ook 'n verandering in die funksionering van areas soos die prefrontale korteks, orbitofrontale korteks en die insula, soos dié wat by pedofiele gevind is (Hall & Hall 2007:463; Schultz 2005:22). Hierdie toestand kan verband hou met die seksuele molestering wat hy self as kind ervaar het.

Die prefrontale korteks is aan die voorste punt van die brein geleë en is 'n toesighouer. Hierdie gedeelte help die persoon om gefokus te bly, planne te maak, impulse te beheer, en goeie of swak besluite te neem. Dit help hom ook om uit sy foute te leer en sodoende al meer na volwassenheid te beweeg. Wanneer hierdie gedeelte onderaktief is, is daar 'n gebrek aan selfbeheersing. Navorsing toon dat daar by persone wat kinders misbruik, dikwels 'n probleem in hierdie gedeelte van die brein bestaan (Coetzer 2007a:35).

Neurochemiese verskille in pedofilie word ook bestudeer, spesifiek die rol van serotonien, omdat serotonien te doen het met impulsbeheerversteuring. Sodanige versteurings, onder andere eksplosiewe persoonlikheidsversteuring, kleptomanie, piromanie en patologiese dobbelary is by 30-55% van pedofiele aangeteken (Hall & Hall 2007:463; Pienaar 2008:11).

Een groep navorsers het MRB-skanderings op 18 pedofiele in 'n maksimum veiligheids-afdeling van 'n tronk gedoen en dit met die skanderings van 24 ander gevangenes vergelyk. Gedeeltes van die pedofiele se breine het minder grysstof bevat as dié van persone wat nie molesteerders was nie (Pienaar 2008:11).

Uit hierdie feite kan daar 'n hipotese gemaak word dat die pedofiel neuro-ontwikkelings-versteurings kan hê. Die neuro-ontwikkelingsversteurings en neurobeserings in die vroeë kinderjare kan lei tot seksuele oriëntasie of die molestering van kinders.

#### 2.7.2.2 Kognitiewe distorsies

Die oorsprong van baie van ons kognitiewe distorsies lê in vroeë wanaangepaste patrone. Dit is oortuigings rakende onsself wat in die vroeë kinderjare vorm aanneem en wat voortgaan om ons gedagtes, gevoelens en gedrag op 'n negatiewe wyse te beïnvloed (Louw & Edwards 2005:549). Daar is bevind dat sekere kognitiewe distorsies algemeen by kindermolesteerders voorkom (Sweeney 2008:9; Abel et al. 1987:18). Hulle het 'n kognitiewe en perseptuele disoriëntasie wat hulle gedrag toelaat en regverdig (O'Hagan 1993:58).

Kognitiewe verdraaiing vind plaas. Hulle dade word gewoonlik geminimaliseer, gerasionaliseer (geregverdig) of ontken (Briggs 1995:13; Carney & Dew 2003:268; Pryor 1996:174-182).

Voorbeelde van minimalisering is onder andere: "Ek het net gevat, nooit ŉ kind gepenetreer nie "of: "Ek gee net liefde."

Ontkenning is ŉ algemene verdedigingsmeganisme wat die individu teen onhanteerbare stres beskerm. Dit kan ook ŉ bewuste aksie wees om interne of eksterne gevolge te vermy van handelinge wat gepleeg is. Interne ontkenning is nie ongewoon nie. Dit is nie duidelik of dit ŉ manier is om gevolge te vermy of ŉ verdedigingsmeganisme om te "cope" nie (Pryor 1996:179-180).

Die volgende kognitiewe distorsies is kenmerkend van kindermolesteerders (Abel et al. 1987:16):

- ŉ Kind wat nie weerstand bied nie, wil werklik seks hê.
- Om seksueel met kinders te verkeer is 'n goeie manier van seksopvoeding.
- Die kind wat seksuele aktiwiteite geheim hou, doen dit omdat hy dit geniet.
- 'n Volwassene wat slegs 'n kind se genitalieë streel, het nie werklik seks met die kind nie en daar word geen skade aan die kind aangerig nie.
- Die molesteerder gee net liefde aan die kind.

Van Dam (2001:69) beweer dat die molesteerder net besig is om sy persoonlike behoeftes te bevredig en tree net in eie belang op. Die persoon wat misbruik word, moet die liggaamlike verandering in sy ontwikkeling aanvaar en ŉ sedelik-morele integrasie tussen seksualiteit en interpersoonlike relasie laat plaasvind. ŉ Kind wat deur ŉ volwasse genader word, is nie moreel, seksueel of emosioneel ryp om die gevolge van hierdie daad te verwerk nie. Hy verstaan nie die waarheid en waarde van seks nie. Oortreders se denkpatrone is verwronge ten opsigte van kinders en hulle seksuele behoeftes.

#### 2.7.2.3 Endokriene faktore

Kindermolestering word ook gekoppel aan endokriene abnormaliteite, soos hipogonadisme en hipergonadisme. Daar bestaan 'n duidelike verband tussen die testosteroonvlak en manlike seksuele ontwikkeling en gedrag. Navorsing wys daarop dat seksuele begeertes in die brein deur testosteroon gesneller word en dopamien is die boodskapper (Hart 1994:26). Vanweë die komplekse werking van hormone soos testosteroon in seksuele funksionering is verskeie studies uitgevoer om die hormonale patrone van oortreders te ondersoek (Barnard et al. 1989:198). Die liggaam en die psige is ŉ komplekse chemiese meganisme en indien die hormoonvlak nie normaal is nie, is seksualiteit ook nie (Hart 1994:26).

Daar is studies wat aantoon dat ’n persentasie van seksueel afwykende mans een of ander tipe hormonale abnormaliteit toon wat aan seksuele potensie, testikulêre grootte, hipogonadisme en Leydigseldisfunksie gekoppel kan word (Wolfaardt 2003:138).

#### 2.7.2.4 Genetiese faktore

Reeds in 1984 is ’n studie in die *Journal of Nervous and Mental Disease* gepubliseer wat getoon het dat pedofilie moontlik oorerflik is (Pienaar 2008:11). Sweeney (2008:9) en O’Hagan (1993:56) meen ook dat daar ’n oorgeërfde disposisie bestaan. Volgens Barnard et al. (1989:158) is daar egter nie voldoende bewys dat genetiese faktore by alle gevalle van kindermolestering ’n rol speel nie.

Van der Merwe (2006:109) noem dat die voorkoms van sogenaamde dopamienhonger-toestande in sommige families voorkom, wat ook kan meewerk tot die seksuele afwyking pedofilie.

Navorsing wat in die gevangenis gedoen is op persone wat as pedofiele geklassifiseer is, asook op gevangenes met ander seksuele afwykings, het daarop gewys dat 18,5% ’n familiegeskiedenis van seksuele afwykings het teenoor net 3% van ’n kontrolegroep. ’n Interessante uitkoms van die studie is dat die seksuele afwykings in pedofiele se familie ook pedofiele is. By die ander seksuele oortreders se familie is kinders nie betrokke nie (Pienaar 2008:11).

## 2.8 DIE TYDLYN VAN OORTREDING

Wat gebeur in die maande, weke en dae voordat ’n persoon begin molesteer? Soos reeds genoem, word hierdie daad nie impulsief gepleeg nie. Inteendeel, molestering word baie goed beplan. Daar sal nou gekyk word hoe ’n persoon oorgaan tot die daad.

Sy seksuele molestering as kind het ’n blywende effek op alle vlakke van die oortreder se lewe as volwassene (Browne & Finkelhor 1986:32). Pryor (1996:61) voer aan dat in die studie wat hy gedoen het, akute probleme soos isolasie, emosionele ongelukkigheid, seksuele probleme, huweliksprobleme, werksprobleme en familieprobleme ervaar is. Hall en Hall (2007:462) noem dit omgewingstres.

Daar is ook gevoelens van verveeldheid, woede, eensaamheid, depressie, waardeloosheid, leegheid, ontoereikendheid en magteloosheid wat by tye ekstreme vlakke bereik (Olivier et al. 1998:98; Britz 2003:83-106; Hall & Lloyd 1993:67; Pryor 1996:61). Dit is op hierdie stadium dat seksuele molestering ’n definitiewe moontlikheid word. Hierdie gevoelens het alreeds begin toe hy ’n kind was omdat hy verantwoordelik gevoel het vir sy eie molestering (Britz 2003:83-106).

Die molesteerder gebruik sinne soos "My lewe is niksseggend", "My lewe het geen betekenis gehad nie" of "Ek is in ŉ bodemlose put". Hulle gee toe dat hulle gedurende hierdie emosionele laagtepunt in hulle lewe molestering as ŉ moontlikheid begin beskou het.

Die emosionele fokus van ŉ pedofiel se verhouding met ander is wesenlik op homself gerig Behalwe vir familie en enkele ander persone, is mense as skadufigure teenwoordig. Hulle word vir hom belangrik net as hulle aan sy behoeftes voldoen (Howitt 1995:145).

Pryor (1996:88) noem onder andere die volgende kernervarings wat kon plaasgevind het voordat ŉ persoon tot die daad van molestering oorgegaan het:

### 2.8.1 VASGEVANG IN 'N ONGEWENSTE LEWE

Oortreders het hulle huwelik, ouerskap en/of hulle loopbaan as onvervuld ervaar. Hulle het die een probleem na die ander in hulle huwelike, gesinne en by die werk beleef. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat niks omtrent hulle daaglikse bestaan meer enige opwinding en bevrediging ingehou het nie (Pryor 1996:62-65).

### 2.8.2 DIE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE SEKSUELE AFBREEK

Die persoon wat as kind gemolesteer is, ervaar dikwels probleme met sy eie seksualiteit, asook ernstige ongemak in die intieme verhouding in die huwelik. Dit is vir hom dikwels moeilik om te onderskei of die probleem verband hou met fisiese of emosionele nabyheid, aangesien die twee gewoonlik hand aan hand gaan. Intimiteit en seksualiteit moet dus nie as aparte komponente gesien word nie, maar moet in die terapeutiese proses geïntegreer word.

Voordat die oortreders kinders begin molesteer het, is hulle verveeld, nie meer geïnteresseerd in of nie meer deur hulle huweliksmaat seksueel geprikkel nie. Probleme soos impotensie, en die onvermoë om ŉ ereksie te bereik was van die verskonings. Op emosionele vlak het hulle, hulle selfvertroue verloor. Seksuele probleme het akute angs gewek en ŉ gevoel dat hulle ontoereikend is (Pryor 1996:84-88).

Hierdie persone aanvaar ook nie verantwoordelikheid vir hierdie gevoelens nie, maar blameer hulle huweliksmaat. Hulle dink ook dat seks in die huwelik ŉ reg is en nie ŉ voorreg nie (Pryor 1996:65-71).

### 2.8.3 VERLOOR SY MANLIKE OUTORITEIT

Die man verloor sy outoriteit in sy huis, byvoorbeeld wanneer die vrou alle besluite binne en ook buite die gesin oorneem. Dié mans het gevoel dat hulle hulle mag verloor het en het ŉ geweldige behoefte gehad om iemand te domineer. Daar is ook gevoelens van selfbe-

jammering, waardeloosheid en dat hy nie deur sy gesin waardeer word nie. Hy blameer sy vrou omdat hulle huwelik op die rotse geloop het (Pryor 1996:71-75; Louw 2008:387).

### 2.8.4 GROOT EMOSIONELE VERLIESE OF EMOSIONELE INEENSTORTING

Emosionele skok en emosionele ineenstorting kan die gevolg hê dat ŉ persoon homself en sy gevoelens afskakel om nie meer te kan voel nie. ŉ Man in Pryor se studie het gemeld dat hulle iemand baie belangrik as gevolg van selfmoord verloor het, ander het uitgevind hulle is steriel, en daar is mans wat uit die bloute genader is vir ŉ egskeiding. Hulle lewens is in chaos gedompel en hulle het ŉ periode van diep depressie deurgegaan. Sommige het ook baie erg begin drink en/of dwelmmiddels begin gebruik. Hulle was in ŉ algehele paniek en het selfmoord oorweeg. Mense hanteer omstandighede verskillend, maar in hierdie persone se geval kan teruggegaan word na ondervindings in hulle kleintyd en die woede wat destyds opgebou het (Pryor 1996:80-84; Louw 2008:387).

### 2.8.5 OORDREWE PORNOGRAFIESE FANTASIEË EN/OF MASTURBASIE

In 2.6.2 is fantasieë, masturbasie en pornografie as boublokke van seksuele oortreding beskryf. Baie of die meeste van hierdie mans het oor jare na seksueel eksplisiete materiaal gekyk en ŉ hoë frekwensie van masturbasie gehad (Pryor 1996:89).

## 2.9 DIE MOMENT VAN MOLESTERING

Byna elke man in Pryor (1996) se studie was in staat om die moment uit te wys wat aanleiding gegee het of wat hom aangehelp het om oor te gaan tot die daad van molestering.

Volgens navorsing het die volgende ondervindinge wat gedokumenteer is, tot hierdie skuif bygedra:

- Raak bewus van die kind se seksualiteit
- Sien seksualiteit in gedrag wat nie werklik so bedoel is nie
- Raak opgewek deur nie-seksuele kontak, soos wanneer kind op sy skoot sit (Pryor 1996:101)
- Begin dink aan hoe die kind in seksuele omgang op prikkeling sal reageer (Pryor 1996:103)
- Verwar die kind se liefde en afhanklikheid met seksuele daad (Pryor 1996:107)
- Woede teen die moeder van die kind (Pryor 1996:111)
- Kies die maklike uitweg: "Dit is tot my beskikking" (Pryor 1996:115).

Mans gee toe dat dit nie noodwendig net een van bogenoemde is wat hulle laat besluit het om oor te gaan tot molestering nie, maar baie keer meer as een van hierdie ondervindings.

### 2.9.1 VAN SLAGOFFER TOT MOLESTEERDER

Een van die belangrikste faktore wat daartoe bydra dat ŉ persoon tot molestering oorgaan, is as hyself as kind gemolesteer is. Dit word die *victim-to-abuser cycle* of *abused-abusers phenomena* genoem (Hall & Hall 2007:464). Daar is alreeds genoem dat die wortels van pedofilie in sy eie molestering in sy kinderjare lê (Howitt 1995:34; Potgieter 1997:181).


Daar is ook bevind dat pedofiele en hebofiele wat in hulle kinderjare gemolesteer is, slagoffers kies van dieselfde geslag en ouderdom as wat hulle was toe hulle gemolesteer is (Greenberg, Brandford, Curry 1993:434; Murray 2000:218; Pistorius 2005:300).

Teorieë waarom die gemolesteerde ŉ molesteerder word, is onder andere **(**Bagley, Wood & Young 1994:688):

- Die gemolesteerde neem ŉ nuwe identiteit aan.
- Verkeerde seksuele gedrag is ingebed in sy lewe.
- Vroeë seksuele omgang lei tot hiperaktiewe seksualiteit.
- Die persoon beskik oor gebrekkige lewensvaardighede.

Salter (1995:45) verduidelik die afwykende siklus met ŉ diagram en meen dat die oorgaan tot dade inmekaar val as gevolg van denke, gevoelens en gedrag. Salter (1995:36) wys daarop dat indien ŉ oortreder hierdie afwykende siklus sou verstaan, hy oortuig kan word dat molestering nie net gebeur nie maar baie noukeurig beplan word. Dit sou ook dan help met beheer en bestuur (Salter 1995:44; O'Hagan 1993:194, 197; Wolfaardt 2003:382). Hy sal die siklus vroegtydig kan verbreek. Indien molestering regtig impulsief was, sou beheer en bestuur onmoontlik wees. Daar sou geen waarskuwings wees dat die daad gaan plaasvind nie.

Salter (1995:3) wys ook daarop dat die terapeut eers ŉ oortreder kan help om sy dade as verkeerd te sien indien die terapeut die denkpatroon van ŉ oortreder verstaan. Daarom sal die siklus wat ŉ persoon ondervind voorgestel en verduidelik word.




**Figuur 4: Afwykende gedragsiklus**
Uit : *Transforming trauma. A guide to understanding and treating adult survivors of child sexuel abuse.* A.S. Salter (1995:45-92)

### 2.9.2 BESPREKING VAN GEDRAGSIKLUS

#### A. Gemoedstoestand (masturbasie en fantasieë)

Die siklus begin met 'n bepaalde gemoedstoestand of 'n afwykende patroon van seksuele opwekking deur masturbasie, pornografie of fantasering. Die gemoedstoestand van die molesteerder mag angstig, depressief, kwaad of enige ander emosie wees.

#### B. 'n Oënskynlik onbelangrike besluit

Die volgende stap is om homself in 'n situasie te kry waar hy toegang tot potensiële slagoffers het. Hierdie stappe word bewustelik of onbewustelik gedoen. Later plaas hy

homself onbewustelik in ’n hoërisikoplek waar hy slagoffers kan ontmoet. Hy oortuig homself dan dat dit nie sy eintlike rede is nie, alhoewel hy in sy onderbewuste weet wat sy voorneme is.

**C. Hoërisikofaktore**

Party oortreders sal na plekke gaan waar groepe bymekaarkom, soos parke en winkelsentrums. Wanneer die afwykende siklus begin, kan sommige oortreders enige iets of enige persoon, sonder dat hy die ouderdom of geslag in ag neem, sal gebruik om sy seksuele behoeftes te vervul. Dit is hoofsaaklik om mag en beheer oor ’n ander te hê.

Ander molesteerders sal na plekke gaan waar hulle kinders met spesifieke kenmerke kan kry. Hy sou begin kategese aanbied indien hy van kinders hou wat geestelik is.

**D. Kies die teiken**

Sodra hy in die situasie is (by die plek waar hy by kinders betrokke kan raak), identifiseer hy sy slagoffer. Daar is twee elemente betrokke: (1) kies van ’n slagoffer en (2) ’n slagoffer wat hy maklik kan viktimiseer. Hier speel ouderdom, geslag en bepaalde persoonlikheidseienskappe van die kind ’n rol. Hy soek byvoorbeeld na kinders wie se ouers nie betrokke is nie, dit wil sê, waar daar verhoudingsprobleme is, hy begin ’n verhouding met die ouers sodat hy by die kind kan uitkom. Vir baie molesteerders word hulle keuse slegs beïnvloed deur berekende kanse.

**E. Beplanning en afwykende fantasie**

Beplanning is ’n integrale deel van die afwykende siklus, alhoewel dit op verskeie stadiums mag plaasvind. By die oortreder wat besluit het hy gaan ’n kind molesteer, vind beplanning reeds van die begin van die siklus plaas. Baie oortreders is egter minder eerlik met hulleself en plaas hulleself eers in die situasie om toegang tot ’n kind te verkry. Die volgende stap is om betrokke te raak by die slagoffer wat hy uitgekies het en dan om hom of haar te manipuleer of te dwing om in seksuele aktiwiteite betrokke te raak.

**F. *Grooming* en dwang**

Dwang word meestal deur ’n verkragter gebruik. Hierdie studie handel egter oor die molesteerder en nie die verkragter nie. Daar is egter wel studies wat aantoon dat molesteerders ook hulle slagoffers dwing, maar uit die meeste navorsing tot my beskikking is dit die geval dat die molesteerder die kind op ’n sensitiewe maar manipulerende manier oorreed. As gevolg van die *grooming*-proses kom die slagoffer nie agter waarmee hy besig is nie. Die daarstelling van vertroue en toegeneentheid speel ’n sentrale rol in die kindermolesteerder se interaksie met kinders.

### G. Oortreding

Die oortreder begin die proses stadig, onder andere met speletjies en aanraking wat oorgaan in masturbasie. Hy het altyd ŉ soeke na verhoogde opwinding.

### H. Geheimhouding

Die molesteerder is ten volle bewus van die implikasies van die wetlike en ook sosiale gevolge, en daarom is geheimhouding baie belangrik. Hy kan van verskeie metodes gebruik maak, soos dreigemente, beloftes, omkopery en die uitbuiting van vertroue. Hy oortuig die kind ook dat die geheimhouding in die belang van die kind en ook sy/haar gesin is.

### I. Berou en vrees

Die reaksie na die oortreder se gedrag varieer. Party molesteerders ervaar opregte berou, ander toon psigopatiese ongeërgdheid. Soos reeds genoem, verhinder hierdie skuldgevoelens hom nie om weer te oortree nie.

Pryor (1996:283) meen dat een van die belangrikste bevindings van sy studie die feit is dat, indien die molesteerders in sy studie die moraliteit van hulle gedrag intensiewer vóór die tyd eerder as ná die tyd gevalueer het, baie van hierdie mans nie sou gemolesteer het nie. Hy meen dat die molesteerders in sy studie nie hulle voorgenome gedrag op ŉ rasionele wyse evalueer in die oomblik voor hulle optree nie.

## 2.10 DIE KIND AS PEDOFIEL

Daar word gewoonlik aan ŉ pedofiel gedink as ŉ aaklige ou man wat ŉ groot jas aan het en agter bosse uitspring om kinders te molesteer, maar selde word daar aan ŉ kind as die pedofiel gedink (Powell 2007:xviii).

Serrao (2004:1) berig dat seksuele oortreders in Suid-Afrika al hoe jonger raak, volgens die ouderdomme van oortreders wat in die hof verskyn. Statistiek dui trouens daarop dat die meeste oortreders in kindersake jeugdiges is (Bukau 2003:506). Gedurende 2004 is 250 kinders vir seksuele oortredings behandel en die jongste was ses jaar oud (Serrao 2004:1). 25% van seksuele molestering word gepleeg deur kinders onder die ouderdom van 14 jaar (Serrao 2004:1). Twee en vyftig persent manlike oortreders het beaam dat hulle begin molesteer het voor die ouderdom van 15 jaar en dat hulle ook seuns eerder as dogters verkies (Abel et al. 1987:5).

ŉ Studie (2007) wat in Vrystaatse skole gedoen is, toon dat meer seuns as dogters seksueel geteister word. De Wet (2007:192) wys daarop dat seksuele teistering ŉ manier van ekstreme boelie is en dit kom landswyd voor. Seksuele boelie is onder andere ongevraagde aanmerkings of grappe oor ŉ persoon, om iemand te terg of hom- of haarself aan ŉ ander

persoon op te dring met ŉ seksuele motief. Seksuele boelie kan ook psigies opdringende gedrag wees soos om ander se privaat dele te gryp of om ŉ persoon te dwing om seksuele dade te pleeg (De Wet 2007:194). De Wet (2007:203) dring daarop aan dat opvoeders van hierdie manier van boelie kennis moet neem aangesien die skool veronderstel is om ŉ veilige hawe vir kinders te wees. Sy wys daarop dat seuns gedurende pouses gesodomiseer word en hierdie probleem word nie deur skole aangepak nie.

Die realiteit en omvangrykheid van kind-tot-kind seksuele molestering is skokkend, maar so is dit ook vir 'n kind wat hierdie ondervinding en omstandighede moet verduur. Ouers lees en hoor van hierdie probleem, maar weier om hulle kind as 'n pedofiel te identifiseer. Hulle verwerp eerder die kind of weier om te aanvaar wat besig is om te gebeur of verwerp die aantygings (Neustatter 2007:22).

Twee-en-vyftig persent van volwasse seksuele oortreders erken dat hulle in hulle adolessente jare met molestering begin het (O'Hagan 1993:79; Howitt 1995:65). Op hierdie stadium is 20% van oortreders wat aangekla word, onder die ouderdom van twintig (Neustatter 2007:22; Flora 2001:143). Volgens navorsing (Grimshaw 2008:11-15) met 280 seksuele jeugoortreders wat al drie jaar duur, het 90% van die manlikes erken dat hulle al baie jonk met molestering begin het. Daar is van hierdie oortreders wat so jonk as op vyf jaar al begin het, maar die gemiddelde ouderdom is veertien jaar. Die meeste van hierdie molesteerders se slagoffers is vyf jaar jonger as hulleself en die meeste is meisies.

De Wet (2007:194) voer aan dat die gemeenskap nie ingelig is oor hierdie saak nie. ŉ Volwassene besluit nie net op ŉ dag om seksueel met ŉ kind te verkeer nie. Hy wys daarop dat ŉ kind se omstandighede in sy kinderjare aanleiding daartoe gee. Dit is ook in die kinderjare dat sy moraliteit al afgebreek is.

De Wet se navorsing wys op 'n groot ooreenkoms tussen die gedrag van die jong molesteerder en dié van die volwasse molesteerder. Die meeste slagoffers was huisvriende of familie se kinders of eie broers of susters. Meer as die helfte het hulle slagoffer gepenetreer, gemasturbeer en orale seks gehad, een derde het verbale seks toegepas en in sommige gevalle was daar ander molesteerders betrokke.

Verder wys De Wet dat navorsing toon dat hierdie ŉ kwart van jeugdige oortreders fisies mishandel is, 64% is emosioneel gemolesteer, 71% is seksueel gemolesteer, 92% het huislike geweld beleef en 73% se ouers is geskei.

Die groep is in twee kategorie verdeel, ŉ vroeë seksueel aktiewe groep (het seksuele molestering voor die ouderdom van elf beleef) en ŉ seksueel aktiewe groep (het seksuele omgang na elfjarige ouderdom beleef).

In die eerste groep het die jeugdiges onvoldoende seksuele grense in hulle huislike omstandighede beleef. Veelvoudige vorme van mishandeling, swak ouer-kind-verhoudings en swak binding met hulle ouers was aan die orde van die dag.

In die tweede groep het die jeugdiges dwelms en alkohol misbruik, het slegs 'n sekere groep kinders geteiken en het meer van verbale seksmetodes gebruik gemaak.

Hierdie navorsing wys daarop dat die vaslegging van pedofilie by hierdie individue reeds in hulle vroeë kinderjare begin het (O'Hagan 1993:79; Howitt 1995:65). Dit is hier waar die persoonlikheidsversteuring al plaasgevind het met 'n onhanteerbare temperament, onsekere familiebande, inkonsekwente en verskeurde ouerhuise en ook ouers met psigiese gesondheidsprobleme.

Adolessente wat kinders molesteer, word nie maklik as oortreders aangemeld nie as gevolg van hulle ouderdom en die gemeenskap se konsep van tipies adolessente gedrag (Denton 2005:46). Tieners ontdek gedurende hierdie jare hulle seksualiteit en gevolglik word seksuele molestering deur ŉ tiener nie in ŉ ernstige lig beskou nie, alhoewel die impak op die kind groter is as wat vroeër vermoed is. Baie van die adolessente wat kinders molesteer, het ŉ swak selfbeeld en onvoldoende sosiale vaardighede. Gewoonlik modelleer die adolessent wat met homself gebeur het of gebruik hy molestering in die magstryd teen die jonger kind (Hedges-Goetti 2004: 27, 44; Pryor 1996:162; O'Hagan 1993:79).

Serrao (2004:2-3) noem dat daar sewe tipes kinders is wat ander molesteer. Omdat navorsing wys dat dit gewoonlik die persoon is wat self as kind gemolesteer is wat later ŉ molesteerder word, is dit belangrik om kortliks hierdie groepe te benoem.

- ŉ Kind wat maklik swig onder groepsdruk. Hierdie kind kom gewoonlik uit 'n laer sosiale groep wat aan 'n bende behoort.
- Die naïewe eksperimenteerder is ŉ kind wat uit nuuskierigheid eksperimenteer. Hierdie groep word gewoonlik slagoffers van molestering of blootgestel aan pornografie. Hulle rehabiliteer redelik goed.
- ŉ Kind sonder enige sosiale vaardighede of wat geen interpersoonlike vaardighede het nie. Hy het geen stem in sy omstandighede of huis nie en deur ander kinders te molesteer, kry hy mag en beheer oor ŉ ander (Pryor 1996:162). Dit laat hom goed voel.
- Die seksueel aggressiewe kind kom gewoonlik uit ŉ gebroke ouerhuis. Hy het gewoonlik swak impuls beheer. Hy wil mag hê oor ander en is dominerend.
- Die seksueel kompulsiewe kind kom gewoonlik uit ŉ disfunksionele gesinsstruktuur en bly gewoonlik saam met ŉ klomp ander mense in ŉ baie klein omgewing. Deur seksuele

misdade met ander te pleeg, kry hulle ŉ manier om van hulle eie vrese en angste ontslae te raak.

- Die kind met versteurde drange wat ook leerprobleme ondervind. Hy het ook versteurings soos psigologiese probleme, maak hom skuldig aan leuens en vandalisme en toon aggressiewe gedrag (Hall & Hall 2007:462).

## 2.11 SAMEVATTING

Volgens my navorsing wil ek saam met Naudé (2005:22) stem as sy aanvoer dat daar fundamentele probleme is wat die geldigheid van teorieë kan bevraagteken.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die molestering van kinders so oud soos die mensdom self is. Pedofilie is ŉ seksuele afwyking wat gewoonlik in die kinderjare gevorm word en die meeste persone begin hulle molestering gedurende adolessensie. Een van die grootste faktore wat daartoe bydra dat ŉ persoon tot molestering oorgaan is as hyself as kind gemolesteer is.

Die FBI het ŉ klassifikasie van pedofilie gedoen en die sosiale wetenskappe het dit so oorgeneem.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen tipiese persoonlikheidseienskappe by die pedofiel voorkom nie, maar dat daar tog ooreenkomste tussen verskillende persoonlikheidstipes is waarna opgelet moet word. Pedofilie kom in alle beroepe en sosio-ekonomiese vlakke voor, in alle ouderdomsgroepe, in alle kulture en gelowe. Dit kom in alle seksuele oriëntasies voor. Die pedofiel het gewoonlik ŉ gebrekkige sosiale vaardighede, ŉ swak selfbeeld en min selfvertroue. Hy tree egoïsties op en dink nie aan dit wat sy slagoffer beleef nie. Oortreding vind nie impulsief plaas nie, maar is ŉ baie goed beplande daad.

Volgens navorsing is daar drie boublokke van seksuele verslawing, naamlik pornografie, masturbasie en seksuele fantasieë.

Geen enkele teorie kan die manifestasies van pedofilie verduidelik nie, want pedofilie bestaan ook uit ŉ heterogene populasie en derhalwe dring hierdie fenomeen aan op heterogene teorieë (Howitt 1995:129). Pedofilie is ŉ baie komplekse probleem en daarom kan een model nie aangewend word om oorsake te gee nie. Howitt (1995:129) voer verder aan dat pedofiliese gedrag vanuit die historiese, sosiale, biologiese en psigiese aspekte verklaar moet word.

Elke teorie het empiriese of teoretiese beperkinge wat die geldigheid ondermyn. So kan geeneen van die teorieë aanspraak maak op ŉ deurgrondende empiriese basis nie

aangesien. Howitt (1995:129) verduidelik dit as volg "research evidence that *support* these theories is often inconsistent, contradictory or lacks methodologies intergradient".

Daar is ondersoek ingestel na wat in die maande, dae en ure gebeur het voordat ŉ persoon tot die molesteringsdaad oorgegaan het. Die volgende redes is verskaf vir die oorgaan tot die daad: die persoon was vasgevang in ŉ ongewenste lewe, sy seksuele geluk binne die huwelik was afgebreek, hy het sy manlike outoriteit in sy huis verloor, hy het ŉ groot emosionele verlies beleef en het oor ŉ lang tydperk na oordrewe pornografie gekyk, gemasturbeer en oor die seksdaad gefantaseer.

Volgens navorsing is kinders wat seksuele molestering op ander kinders toepas, ŉ groot bron van kommer in Suid-Afrikaanse konteks.

In die volgende hoofstuk sal daar van die kriminologiese aspekte kennis geneem word omdat dit belangrik is dat die navorser wat met ŉ persoon werk wat kinders molesteer, ook die regsaspekte verstaan.

# HOOFSTUK 3
# KRIMINOLOGIESE PERSPEKTIEF OP PEDOFILIE

## 3.1 INLEIDING

Seksuele misdade met kinders is ŉ ernstige en wydverspreide internasionale probleem (Bukau 2003:501). Hesselink-Louw en Schoeman (2003:158) beskou dit as ŉ sosiale probleem. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2002:6) beskou seksuele misbruik as ŉ omvangryke maatskaplike probleem. Daar is ook ŉ toename in die aanmelding van hierdie oortreding (Jooste 2005:2). Hierdie navorsing is wel nie ŉ kriminologiese ondersoek nie, maar die navorser wil tog kennis neem van die kriminologiese aspekte van kindermolestering.

Pedofilie op sigself is nie ŉ kriminele oortreding nie, maar wanneer ŉ persoon seksuele aktiwiteite met kinders inisieer, oortree hy die wet en dan is hy ŉ kriminele oortreder. Pedofilie is ook nie ŉ kriminologiese term nie maar wel ŉ kliniese kondisie van die oortreder. In die kriminologie word die terme kindermolesteerder of kinderoortreder gebruik (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:160).

Oortreders in die gevangenis meen kindermolestering is een van die ergste misdade wat daar is. In die gevangenis noem medegevangenes ŉ kindermolesteerder ŉ "rock spider" (Briggs 1995:14). Hierdie benaming kom uit die Australiese gevangeniswese. "Rock spiders" word uitgemaak as die laagste van die gevangenes in die tronk. Daar word op hulle neergesien deur die ander gevangenes en hulle word ook dikwels mishandel (Wikipedia 2008:1).

## 3.2 STATISTIEK OOR DIE FENOMEEN

Na vyftien jaar van ŉ nuwe politieke bestel styg die misdaadsyfer in Suid-Afrika steeds en is daar eerder "misdaadverplasing" as misdaadbekamping (Jordaan 2009:6). Die kommerwekkende kwessie is uiteraard dat misdaad toeneem, veral seksuele misdaad, wat met 12% tot op hede (September 2009) gestyg het. Dit is ŉ regstreekse uitvloeisel van die regering se politieke besluit om die gespesialiseerde eenhede teen gesinsgeweld, seksuele oortredings en kinderbeskerming te ontbind (Kohler Barnard 2009:21).

Die grootste dilemma is dat misdaadsyfers vir die afgelope vyftien jaar nie op ŉ deursigtige wyse bekend gemaak is nie. Indien dit wel bekend gemaak word, is dit reeds verouderd (Kohler Barnard 2009:21). Polisiestatistiek is nie altyd korrek of betroubaar nie, want dit is voor die hand liggend dat nie alle sake gerapporteer word nie en ook nie opgevolg word nie. Die beleidsverandering van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ten opsigte van die bekendmaking van misdaadstatistiek het ook sedert 1999 die navorsing oor misdaad-

statistiek aansienlik bemoeilik. Hierdie situasie ontstaan as gevolg van die feit dat die SAPD se benadering tot die registrasie van misdaad verskil (Jooste 2005:1).

Moses en Le Roux (2009:4) noem dat tussen 220 000 en 500 000 kinders jaarliks verkrag word, maar slegs 22 000 gevalle word aangemeld. As dit die verkragtingsyfers is, kan ŉ mens maar net wonder hoe die seksuele molesteringsyfers lyk. Lackay (2002:4) berig reeds in 2002 dat die seksuele mishandeling van kinders van 1992 tot 2002 met 400% gestyg het, terwyl die gemiddelde ouderdom van die slagoffers al hoe jonger word.

Seksoortreders in die gevangenis verteenwoordig ongeveer 12% van die totale tronk-bevolking (Dissel & Kollapon 2002:53).

Of statistiek bekend of nie bekend gemaak word nie of verouderd is, die feit bly staan dat seksuele molestering toeneem (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:162).

## 3.3 DIE REGERING EN MISDAAD

Na 1994 het die Suid-Afrikaanse regering begin werk aan langtermynstrategieë wat aangewend sou word om die land teen misdaad te beskerm (Campher & Bezuidenhout 2007:28). ŉ Witskrif vir Veiligheid en Sekuriteit is reeds in 1998 deur die parlement goedgekeur, maar tot op hede is daar steeds baie van die voorskrifte in hierdie Witskrif wat nog nie tot uitvoering gebring nie (Van der Westhuizen 2005:74).

Hierdie strategieë word die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie (NMVS) genoem. Misdaad teen kinders is as een van die ernstigste misdade en ook die prominentste geïdentifiseer (Campher & Bezuidenhout 2007:27). Deur middel van die Nasionale Misdaad-voorkomingstrategie is 'n kragtige raamwerk daargestel vir gesamentlike optrede deur die polisie, die howe, die gevangenisdiens en die burgerlike samelewing (Mandela 1996).

Met die "nuwe Suid-Afrika" het daar ook ŉ paradigmaskuif in die departemente van die Suid-Afrikaanse regering plaasgevind. Die gevangenisdiens staan tans as Korrektiewe Dienste bekend.

In die vorige bedeling was ŉ gevangenis ŉ plek waar oortreders opgesluit word met die beklemtoning van straf (Van der Westhuizen 2005:26). In die verlede het gevangenisstraf gepaardgegaan met lyfstrawwe in verskeie vorme. Hierdie lyfstraf het ŉ integrale deel van die gevangenisstraf uitgemaak. Aangesien die oortreder vir straf na ŉ gevangenis gestuur is, het gevangenisstraf ŉ sterk vergeldingskarakter en afskrikwaarde gehad (Van der Westhuizen 2005:276). Die moderne opvatting verskil egter hiervan. In die volgende afdeling sal die nuwe beleid verduidelik word. Hierdie nuwe beleid word nou verduidelik.

## 3.4 KORREKTIEWE DIENS

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal dat die Republiek ’n soewereine, demokratiese staat is, gegrond op onder andere die volgende waardes: menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte, vryhede, die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die regering (Maré 2008:120). Direk na die ontstaan van ’n demokratiese Suid-Afrika in 1994 het die Departement Korrektiewe Dienste steeds gefokus op die veilige bewaring van gevangenes maar die Grondwet (1996) benadruk die regte van alle Suid-Afrikaners, en gevangenes is hierby ingesluit. Die Handves vir Menseregte (Grondwet van die Republiek) het egter verandering teweeggebring ten opsigte van metodes van aanhouding. Korrektiewe Dienste is gerig op menslike regte en daar word die regte van ’n oortreder ook erken. Die regte van die oortreder (Wet 103 van 1996) bly steeds ondergeskik aan die regte van die slagoffer. Die oortreder se regte sluit die volgende:

- Die menswaardige behandeling van gevangenes word as vereiste gestel. Oortreders moet met respek en menslikheid behandel word. Korrektiewe Dienste se hoofdoel is om te hervorm en sosiale rehabiliteer;
- Gelykheid: Daar mag teen niemand gediskrimineer word op grond van ras, gender, sosiale status, HIV-status, agtergrond ensovoorts nie;
- Die reg op menslike behandeling word beklemtoon. Dit behels ook die reg om nie mishandel te word of om enige wrede, onmenslike of verkleinerende behandeling of straf te ontvang nie;
- Die regte tot gesondheid en ander verwante regte: Gesondheids-, maatskaplike- en psigologiesedienste moet verskaf word om oortreders te ondersteun;
- Kinders is geregtig op onderrig in korrektiewe sentrums. Hulle moet voorsien word van akkommodasie wat geskik is vir hulle ouderdom, byvoorbeeld nie saam met volwassenes nie. Hulle het ’n reg om hier beskerm te word;
- Geloofsvryheid en godsdienstigeversorging. Die oortreder het die reg om aan die geloof van sy keuse te behoort. Die oortreder is geregtig om artikels van sy geloof te besit wat waarde kan toevoeg tot sy geloof. Hierdie reg het betrekking op die herstellende regspraktyk, aangesien die Spirituele sorg direktoraat tans sekere gedeeltes van die herstellende regsprogramme verteenwoordig. Toe herstellende reg in die Departement van Korrektiewe Dienste ingestel is, het die Christelike sorg afdeling ’n vername rol gespeel. Die beoefening van herstellende reg is nie beperk tot die Christelike geloof nie.

In die vorige bedeling is daar dikwels opgetree in belang van slegs een party, naamlik die slagoffer. Die moderne kriminologie leer dat daar ook na die etiologie van die oortreder se optrede gekyk moet word, maar steeds met die besef dat nie alle redes vir ’n onregmatige

optrede, daardie bepaalde optrede verskoon of versagting van straf daarvoor behoort mee te bring nie (Labuschagne 1995:24).

Waar daar voorheen net een party in strafoplegging betrokke was, het die aanslag verander en is daar nou drie partye betrokke in ʼn strafsaak, elkeen met die reg om te eis dat sy belange in ag geneem en beskerm moet word (Labuschagne 1995:24):

- Die slagoffer kan eis dat sy skade regtens so goed moontlik herstel word en dat die oortreder gestraf word;
- Die oortreder kan eis dat hy ʼn regverdige verhoor en ʼn billike straf met inagneming van sy omstandighede kry;
- Die gemeenskap kan eis dat orde gehandhaaf word en dat bedreigings teen sy gesonde voortbestaan doeltreffend bestry moet word (Labuschagne 1995:24).

Daar is verskillende wette wat betrekking het op kindermolestering onder andere die Wet op Gesinsgeweld en die Wet op Kindersorg. Die navorser kan weens die fokus van die studie nie hierdie wette ondersoek nie, maar wil net noem dat die Wet op Gesinsgeweld voorsiening maak vir seksuele mishandeling bestaande uit gedrag waardeur die klaer mishandel, verneder, verkleineer of sy/haar seksuele integriteit geskend word (Du Toit 2005:18).

Die Wet op Kindersorg (Art. 15 32/2007) verwys na ʼn kind as ʼn persoon onder die ouderdom van agtien jaar. Die huidige Wet op Seksuele Misdade maak in artikel 15 spesifiek melding van die ouderdom wanneer seksuele omgang met ʼn kind as ʼn misdaad beskou word. Subartikel (a) ʼn persoon onder die ouderdom van agtien jaar, of (b) en vyftien, ʼn persoon ouer as twaalf maar onder die ouderdom van sestien jaar (Du Toit 2005:16). In Suid-Afrika is die wettige ouderdom vir heteroseksuele omgang sestien jaar, en die wettige ouderdom vir homoseksuele omgang is negentien jaar (Naudé 2005:37).

ʼn Belangrike deel van die regering se poging om die regstelsel te verander van vergeldende geregtigheid na herstellende geregtigheid is ʼn belangrike saak vir die kind. Teen April 2010 sal die land sy eerste Wet op Kinderreg hê, ʼn wet wat poog om ʼn balans te bewerkstellig tussen die regte van slagoffers en die werklikheid dat jeugdige oortreders môre se volwassenes is en ten alle koste gerehabiliteer moet word eerder as om hulle erger oortreders te maak (Justice Today 2009:11).

Die Suid-Afrikaanse wet maak ʼn onderskeid tussen seksuele teistering en onsedelike aanranding.

Seksuele teistering dek ʼn breë spektrum van ongewenste gedrag en sluit die volgende in (Snyman-Van Deventer, Du Plessis & De Bruin 2004:31):

- Verbale vorme, soos onwelkome navrae oor 'n persoon se sekslewe, telefoon-oproepe;
- gedrag met 'n seksuele ondertoon, volgehoue growwe of seksistiese grappe of aanmerkings;
- onwelkome versoeke vir afsprake, opmerkings ten opsigte van 'n individu se figuur;
- e-pos van seksuele aard;
- nie-verbale vorme van gedrag soos gebare met 'n seksuele betekenis, aangluring ("leering");
- onwelkome volgehoue flirtasie;
- visuele vorme soos die vertoon van pornografiese materiaal;
- fisieke vorme, soos onwelkome aanraking, betasting, molestering en verkragting.

Onsedelike aanranding word in huidige wetgewing beskou as die mees algemene vorm van onwettige seksuele dade, wat verkragting insluit. Dit sluit byvoorbeeld anale penetrasie, die indringing van objekte anders as die penis in die vagina of anus, of troeteling van 'n persoon se genitale areas in. Hierdie oortreding is nie geslagsgebonde nie (Louw 1994:65).

### 3.4.1 DIE DOEL VAN VONNIS

Die klassieke oogmerke van vonnisoplegging is afskrikking, voorkoming, vergelding en hervorming (Bukau 2003:304):

- Die strafoogmerk van afskrikking het die afskrikking van die beskuldigde van die verdere pleeg van misdade ten doel (Bukau 2003:3005 );
- Met voorkoming word gepoog om die herhaling van misdade te voorkom. Op hierdie wyse word die gemeenskap teen die misdade beskerm;
- Vergelding beteken in wese die bestrawwing van 'n beskuldigde vir sy misdade om sodoende erkenning aan die gemeenskap se gevoel van verontwaardiging en afkeuring van sy gedrag te verleen (Bukau 2003:304). Die gemeenskap het vergelding vir die seksuele oortreder in gedagte;
- Rehabilitasie het die oog op hervorming om hom 'n beter mens te maak. Rehabilitasie moet nie net as 'n gedragsverandering gesien word nie. Dit moet as 'n baie komplekse verskynsel beskou word omrede 'n persoon se hele lewe daardeur verander word. Bo en behalwe die verandering in 'n persoon veroorsaak dit ook 'n verandering in die omstandighede en omgewing waar 'n persoon homself bevind (Van der Westhuizen 2005:276).

Vir misdade wat in gesinsverband gepleeg is, word vonnisse opgelê om die gesinseenheid te herstel. Daar word gelet op 'n beskuldigde se vooruitsigte op rehabilitasie. Die hof sal nie ligtelik gevangenisstraf oplê as gevangesetting van 'n broodwinner ernstige gevolge vir die

gesin sal inhou nie, tensy sy kans op rehabilitasie gering is. In hierdie geval moet rehabilitasie binne die gemeenskap geskied (Bukau 2003:305).

#### 3.4.1.1 Faktore wat 'n rol by vonnisoplegging speel

Gevangenisstraf is en bly ŉ gewilde opsie aangesien die oortreder uit die gemeenskap verwyder word. Daar is sekere kriteria wat bepaal wanneer die seksuele oortreder tronkstraf verdien (Labuschagne 1995:25):

- ŉ geskiedenis van gewelddadige seksuele of ander geweldsoortredings;
- ernstige emosionele of sielkundige probleme, soos psigoses;
- fisiese of gesondheidsprobleme wat spesifiek verband hou met die feit of die persoon in staat sal wees om beskikbare gemeenskapsdiens te verrig;
- ŉ geskiedenis van chroniese werkloosheid en dwelm en drankmisbruik;
- geen vaste woonadres nie;
- ŉ gebrek aan die nodige motivering of insig om die gemeenskapsgebaseerde straf te verrig.

Daar is ook faktore wat ŉ rol speel by vonnisoplegging. Bukau (2003:454) noem dat die beskuldigde se persoonlike omstandighede, die aard en erns van die misdaad en die belange van die gemeenskap ŉ rol speel. In die geval van die kindermolesteerder kan daar verswarende of versagtende faktore wees. Onder verswarende faktore tel vorige ver-oordelings, die voorkoms van sekere misdade in ŉ bepaalde gebied, voorafbeplanning asook die gebruik van wapens. Versagtende faktore behels onder andere die tydperk van aanhouding voor vonnis, berou, dronkenskap, jeugdigheid, ŉ beskuldigde se siektetoestand sowel as sy huislike omstandighede (Bukau 2003:454).

Bukau (2003:305) beweer dat aangesien gevangenisstraf geringe, indien enige, hervorming teweegbring, die rehabilitasie van misdadigers eerder nagestreef behoort te word.

#### 3.4.1.2 Rehabilitasie in korrektiewe diens en oorvol tronke

Een van die hoofuitgangspunte van die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) is om verantwoordelike rehabilitasie van die oortreder te verskaf (Wet op Korrektiewe Dienste, (wet 111 van 1998:14). Rehabilitasie moet nie as ŉ abstrakte konsep beskou word nie. Dit is ŉ werklikheid wat bereik kan word indien alle rolspelers binne die regsplegingstelsel bereid is om hande te vat om rehabilitasie te laat slaag. Dit baat nie dat lede van Korrektiewe Dienste rehabiliteerders en gevangenisse rehabilitasiesentrums, genoem word, maar rehabilitasie vind nie plaas nie (Van der Westhuizen 2005:2).

Ten einde rehabilitasie doeltreffend te maak, sal die oorbevolkingsprobleem in tronke eers verlig moet word, want dit maak rehabilitasie bykans onmoontlik (Van der Westhuizen 2005:24).

Dissel en Kollapen (2002:92) noem dat Suid-Afrika een van die hoogste gevangenis besetting in die wêreld het. Gevangenisse bly oorvol en daar is min of geen rehabilitasie of hervorming van oortreders se gedrag nie. Die programme wat wel toegepas word, het inderdaad geen positiewe impak nie. Aanhoudingsomstandighede is in baie gevalle onmenslik en druis direk in teen die Grondwet (Bukau 2003:34). Volgens onderhoude met gevangenes is oorbevolking nie ’n probleem nie, omdat hulle daaraan gewoond is dat baie persone in ’n relatief klein omgewing bly. Wat wel ’n probleem vir hulle is, is aspekte soos swak mediese behandeling, swak kos, te min kommunikasie met familie, swak behandeling deur die personeel, bendebedrywighede en min ontspanningsfasiliteite (Terblanche & Naudé 1997:63).

In 2002 het die Regskommissie aanbeveel dat artikel 276A van die Strafproseswet gewysig moet word om voorsiening vir ’n "sex offence specific accredited treatment programme" (’n spesifieke, geakkrediteerde behandelingsprogram vir ’n seksuele misdaad) te maak, wat addisioneel tot ’n vonnis kragtens artikel 276(1)(h) en (i) van die Strafproseswet opgelê mag word. Die parlementêre taakspan is van mening dat alle seksuele misdadigers aan toepaslike behandeling onderwerp moet word om hulle rehabilitasie te bewerkstellig en te verseker dat die gemeenskap teen gevaarlike misdadigers beskerm sal word. Die gevangenisowerheid moet derhalwe vir rehabilitasieprogramme voorsiening maak en die effektiwiteit van die behandeling monitor (Bukau 2003:495).

Die Sentrum vir Geregtelike Uitnemendheid van die Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat (UV), het ’n simposium oor "Vonnisoplegging in Suid-Afrikaanse strafhowe" aangebied in die Senaatsaal, CR Swartgebou op die hoofkampus in Bloemfontein, op 14 Maart 2008. Regter James Yekiso het simposiumgangers die volgende meegedeel: "Tronke is volgens beskikbare data sedert 1965 oorvol. Volgens Yekiso se verslag is daar 237 tronke in Suid-Afrika wat gebou is om 115 327 gevangenes te huisves. Nou is daar 166 267 gevangenes in aanhouding in tronke in Suid-Afrika. Die grootste oorvol tronk is egter die Johannesburgse Medium A-tronk, wat plek het vir 2630 gevangenes, maar wat tans 6 111 inwoners huisves. Die Grootvlei-tronk in die Vrystaat het ’n bevolking van 312,26%. Van 1997 tot 2006 het die getal gevangenes wat lewenslange vonnisse gekry het, van 793 tot 6998 gestyg. Van die gevangenes moet op ’n oppervlak wat kleiner as ’n kantoorlessenaar is, leef. Hulle is daar vir 23 uur van die dag. Hulle kry slegs een uur per dag ’n oefensessie en eet selfs maaltye in die klein ruimte."

Volgens Yekiso (2008) het die gevangenisse nie toegang tot genoeg rehabilitasie-programme nie en die oortreder se ondersteuningstelsels buite die tronk raak ook al hoe swakker. Yekiso se verslag dui ook aan dat daar slegs dertig sielkundiges in diens van Korrektiewe Dienste is. Dit wil sê, hierdie dertig moet al 166 267 oortreders bedien. Syfers wat vrygestel is, dui aan dat daar een sielkundige vir 3885 oortreders, een maatskaplike werker vir 358 oortreders en een geestelike werker vir 5028 oortreders is (Dissel & Kollapen 2002:86).

Dissel en Kollapen (2002:86) beweer dat daar toenemend ontevredenheid is oor beide die behandeling en die rehabilitasiedienste wat vir oortreders in Suid-Afrikaanse tronke beskikbaar is. Die tronke is nie toegerus om maatskaplike en psigologiese dienste aan prisoniers te bied nie.

Daar bestaan ook geen amptelike rehabilitasieprogram vir seksuele oortreders in die Departement Korrektiewe Diens nie, en indien daar sou wees, is daar geen gestruktureerde program nie, alles hang van die terapeut af. Persone in psigologiese en maatskaplike werk in die Korrektiewe Diens is vrywilligers. Programme vir seksoortreders is meestal saamgestel deur maatskaplike werkers met ŉ belangstelling op dié gebied en is gebaseer op die ontwikkeling van verhoudings en lewensvaardighede (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:162).

Oortreders wat oortree, skuldig bevind en gevonnis word en na die gevangenis verwys word, word vrygelaat om maar net weer te oortree, kan Korrektiewe Dienste slegs as aanhoudingsplek sien (Van der Westhuizen 2005:284). Dit is die tendens wat tans heers omdat daar nie rehabiliteringsprogramme aangewend word nie. Van der Westhuizen (2005:23) wys daarop dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie opnames kan wegwys as gevolg van oorbevolking nie. Die regsplegingstelsel bestaan uit verskeie rolspelers (SAPD, Justisie, Korrektiewe Dienste, Maatskaplike Ontwikkeling, NRO's en die gemeenskap). Die soeke na redes en moontlike oplossings vir die oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse sal dus ŉ gesamentlike poging van alle rolspelers verg. Die hoë residivisme-syfers, oorvol gevangenisse en ŉ tekort aan fondse om doeltreffende rehabilitasieprogramme in gevangenisse te implementeer, vererger die situasie (Labuschagne 1995:24).

Daar behoort hoë voorkeur aan die verbetering van hierdie land se korrektiewe fasiliteite gegee te word. ŉ Belegging in byvoorbeeld gevangenis-hospitale vir seksuele oortreders word ŉ noodsaaklikheid (Labuschagne 1995:25). In hierdie hospitaal kan oortreders gespesialiseerde holistiese terapie kry.

Korrektiewe Dienste glo dat rehabilitasie bewerkstellig kan word deur die aanbied van onderwys, werkverwante opleiding, maatskaplike- en sielkundige behandeling, behandeling

van alkohol- en dwelmmisbruik en verstewiging van die familiebande (Van der Westhuizen 2005:296).

Van pastorale terapie word daar niks gemeld nie.

Die opleiding en ontwikkeling van personeel speel 'n groot rol in die rehabilitasie van gevangenes. Korrektiewe Dienste wil elke lid 'n rehabiliteerder maak. Dit gebeur egter nie. Die fokus is oënskynlik vandag meer op rehabilitasie as die veilige bewaking van gevangenes. Korrektiewe Dienste "skuil" al vir so lank agter oorbevolking as rede vir die feit dat rehabilitasie nie slaag nie. Hierdie Departement sal sy voorskrifte deeglik moet bestuur en lede genoegsame opleiding gee om voorbereid te wees vir die dag dat oorbevolking nie meer die skuld kan kry vir die swak rehabilitasie van oortreders nie. Nuwe aanstellings in Korrektiewe Dienste word veilige bewakingstegnieke geleer en hulle word "vertel" van rehabilitasie. Baie van die lede (veral die ouer lede met jare ondervinding) is opgelei in 'n militaristiese wyse van gevangenisbestuur. Baie het intussen verander en daar word gedurig gepraat van die heropleiding van lede, maar dit gebeur nie. Intussen word gevangenes steeds elke oggend oopgesluit, getel, kos en oefening gegee, weer getel en toegesluit. Daar is geen sprake van rehabilitasie deur dissiplinêre (bewakings-) personeel nie. Die werkslading van vakkundiges maak ook nie die positiewe rehabilitasie van oortreders moontlik nie (Van der Westhuizen 2005:118).

Dit is 'n belangrike rede waarom die navorser 'n voorstander is van alternatiewe straf vir seksoortredings omdat die persoon met seksueel afwykende gedrag saam met geharde misdadigers opgesluit word en geen gespesialiseerde terapie ontvang nie. Hierdie persoon word dan aan erger kriminaliteit blootgestel of leer net beter manipuleringstegnieke aan. Van der Merwe (1991:90) noem dat oortreders hulle na ontslag aan ernstiger vergrype skuldig maak.

Maatskaplike werkers voel soms onseker wanneer hulle met die probleem van seksuele misbruik te make het. Een rede is dat daar weinig tyd gedurende voorgraadse opleiding aan seksuele misbruik as onderwerp afgestaan word. Die gevolg is dat die maatskaplike werker se kennisbasis oor seksuele misbruik en die behandeling daarvan beperk is (Spies 1991:95). 'n Opname (Britz 2003:192) wat tydens die "Handle them with Care Conference" (1999) onder altesaam 52 praktiserende maatskaplike werkers en sielkundiges gemaak is, het aangedui dat 89% van die professionele persone minder as vyf lesings oor seksuele misbruik tydens hulle opleiding gehad het.

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) (2006:6) het dit as 'n leemte uitgelig dat die opleiding van maatskaplike werkers met betrekking tot dienslewering aan slagoffers van seksmisdade geensins gekoördineer of gestandaardiseer is nie. As die slagoffer se

rehabilitasie so lyk, is die navorser glad nie verbaas dat daar geen rehabilitasieprogramme vir die oortreder beskikbaar is nie.

Seksuele oortreders word een of ander tyd weer teruggeplaas in die gemeenskap. Behandelingsprogramme moet poog om die oortreder vir sy ontslag voor te berei. Hy mag byvoorbeeld akkommodasieprobleme ondervind, omdat hy deur die gemeenskap verstoot word, in ŉ huishouding leef waar kinders woonagtig is en nou geen heenkome het nie of deur sy gesin verwerp word. Hy mag ook sy betrekking verloor en deur lede van die gemeenskap gebrandmerk word.

Die rol wat die gemeenskap in die rehabilitasie van die oortreder speel, is ook baie belangrik. Veral na vrylating is dit van kardinale belang dat rehabilitasie nie sal ophou nie. Die gemeenskap moet die vrygelate oortreder help om weer in die gemeenskap aan te pas. Indien hierdie herinskakeling nie slaag nie, kan dit baie maklik gebeur dat so ŉ persoon weer oortree en in die gevangenis beland, en dit moet vermy word. Deur aan hierdie persoon ŉ rehabilitasieprogram te bied word daar tog ook ŉ diens aan die gemeenskap gelewer.

Die owerheid het ŉ belangrike rol in die rehabilitasie van die kindermolesteerder. Dit is baie belangrik dat die owerheid daar sal wees om die persone wat gehelp wil word, te help. Die staat bly verantwoordelik vir korreksies en rehabilitasie. Die Korrektiewe Dienste is die staat se "agent" om hierdie rol te vervul. Alhoewel Korrektiewe Dienste verantwoordelik is vir rehabilitasie, is die hele regsplegingstelsel medeverantwoordelik. Dit sal ŉ gesamentlike poging kos, van wanneer die oortreder gearresteer word totdat hy weer in die gemeenskap vrygelaat word. Reeds wanneer ŉ gepaste vonnis opgelê word, moet die rehabilitasie-moontlikhede in ag geneem word en nie net vergelding en afskrikking nie (Van der Westhuizen 2005:286).

Gedurende 1991 word korrektiewe toesig (Van der Merwe 1991:93) as vorm van straf ingestel, wat tot gevolg het dat ŉ straf nou ook buite die gevangenis uitgedien kan word, maar die gevangenisse bly steeds oorvol.

#### 3.4.1.3 Alternatiewe tot gevangenisstraf

In die lig van die probleem van oorvol tronke, begin alternatiewe tot gevangenisstraf wêreldwyd inslag vind (Van der Merwe 1991:93; Labuschagne 1995:25). Daarmee saam word deskundige opinie toenemend gebruik om die hof by te staan in ŉ poging om vonnisse op te lê wat nie net die aard van die misdaad in ag neem nie, maar wat ook aan die behoeftes van die gemeenskap, die strafregspleging, afskrikking, en die rehabilitasie van die oortreder kan voldoen (Labuschagne 1995:24). Navorsing toon dat dit wêreldwyd beleid geword het om gevangenisstraf spaarsaam en oordeelkundig te benut: om dit as ŉ laaste

uitweg te beskou wat slegs benut word as dit uiters noodsaaklik is (Labuschagne 1995:25; Bukau 2003:524; van der Merwe 1991:93).

In hierdie opsig speel kriminoloë en NIMRO (Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders) ŉ groot rol. Wanneer daar oor straf besin moet word, beklemtoon kriminoloë, die moontlike invloed van psigologiese sowel as maatskaplike faktore op menslike gedrag. Klem word geplaas op die wyse waarop individueel-menslike faktore en die maatskaplike omgewing ŉ spesifieke individu kan beïnvloed en predisponeer om ŉ misdaad te pleeg. Die konteks waarin die persoon ten tye van die pleging van die misdaad gefunksioneer het, geniet ook aandag (Labuschagne 1995:24).

Uiteraard is dit die prerogatief van die hof om die finale beslissing oor vonnis te neem. Die taak van die forensiese kriminoloog is om, nadat volledige en geverifieerde inligting versamel is, die inligting op ŉ wetenskaplike wyse te vertolk. Dit word gedoen omdat dit vir die hof van waarde kan wees wanneer besluite oor vonnis geneem moet word, (Labuschagne 1995:24). Labuschagne (1995:23) spreek die volgende gedagtes uit oor die dilemma rakende vorme van straf vir seksuele oortreders. Daar moet tussen twee soorte molesteerders onderskei word, omdat verskillende omstandighede by elkeen van toepassing is. Daar is dié wat binne hulle eie gesinne oortree, soos in die geval van bloedskande, en daar is diegene wat buite hulle onmiddellike gesins- of familiekring oortree, deur hulle aan een of ander vorm van parafilie of ander seksuele oortredings teen kinders skuldig te maak (Labuschagne 1995:24).

Daar sal besinning moet kom ten opsigte van die praktiese uitvoerbaarheid van alle strawwe (Labuschagne 1995:25). Die moderne benadering van kriminoloë lê dus klem op die verpersoonliking (of individualisering) van straf. Dit kom daarop neer dat die oortreder, nadat die unieke persoonlike en omgewingsfaktore, sowel as konteks-spesifieke aspekte, van naderby beskou is, as ŉ individu op ŉ konstruktiewe wyse gestraf word (Labuschagne 1995:24; Bukau 2003:521).

Die wet maak voorsiening vir ŉ groot verskeidenheid vonnisopsies wat ook vir seksuele misdade met kinders opgelê mag word (Van der Westhuizen 2005:468-469). Dit sluit in die oplê van ŉ boete of alternatiewelik gevangenisstraf, korrektiewe toesig vir ŉ maksimum tydperk van drie jaar of gevangenisstraf wat in korrektiewe toesig omskep kan word. Boetes en korrektiewe toesig vir ŉ statutêre misdaad mag slegs opgelê word indien ŉ wet spesifiek daarna verwys. Howe mag ŉ vergoedingsbevel maak, ŉ beskuldigde waarsku of berispe, ŉ vonnis voorwaardelik of onvoorwaardelik uitstel of ŉ opgeskorte vonnis oplê. Voorwaardes mag aan ŉ uitgestelde of opgeskorte vonnis gekoppel word. Ander opsies behels die verwysing na ŉ behandelingsentrum, gevangenisstraf, met inbegrip van lewenslange

gevangenisstraf, en die verklaring van ŉ beskuldigde tot ŉ gevaarlike of gewoonte-misdadiger.

Alternatiewe tot gevangenisstraf is nie noodwendig ŉ oplossing vir alle lae van ons samelewing nie (Labuschagne 1995:25). Huisarres is byvoorbeeld ŉ vorm van beheer oor ŉ beskuldigde, maar dit is bykans onmoontlik om ŉ voorspelling oor enige persoon se toekomstige gedrag te maak (Bukau 2003:306).

Gevangenes wat onder korrektiewe toesig is, deurloop ook programme wat aangebied word deur vakkundige personeel werksaam by Korrektiewe Dienste, die gevangenis, ander staatsdepartemente en vrywilligers uit die gemeenskap. Korrektiewe toesiggevalle kan ook deur middel van hulle voorwaardes verplig word om sekere programme te deurloop (Van der Westhuizen 2005:297). Dit mag miskien vir ander oortreders behalwe molesteerders geld. Wanneer persone deur die hof aangesê word om rehabilitasieprogramme vir hulle oortreding by te woon, is dit vir hierdie persoon ŉ probleem om ŉ geskikte program te vind (André, verhoorafwagtend).

### 3.4.1.4 Gemeenskapsdiens

Gemeenskapsdiens behels die verrigting van werk sonder vergoeding as staf vir die pleeg van ŉ misdaad en beperk ŉ beskuldigde se vryheid in ŉ mate (Bukau 2003:317). Dit sal die oortreder toelaat om sy werk te behou, maar sal hom sy vrye tyd ontneem. Hoewel gemeenskapsdiens nie so beperkend soos gevangenisstraf is nie, is dit op ŉ meer konstruktiewe wyse bestrawwend en beperkend (Labuschagne 1995:25).

Gesinsverpligtinge kan nagekom word en die gesin sal nie as gevolg van ŉ ouer se oortredings indirek die straf moet dra nie. Die noodsaaklike gesinsbande sal behoue bly. Hoewel die oortreder gestraf word, word hy nie daaraan onderwerp dat hy later in die gemeenskap herintegreer sal moet word nie (Labuschagne 1995:25). Die oortreder toon dikwels vir die eerste maal insig in sy probleem en kan, met behulp van terapie, dit aanpak sodat hy nie weer in die versoeking kom nie. Gemeenskapsgebaseerde straf kan hom die geleentheid bied om die nodige terapie te ondergaan terwyl hy sy straf uitdien (Labuschagne 1995:25).

Wanneer die behoeftes van die oortreder sowel as die gemeenskap (waarvan die slagoffer ŉ deel is) in oënskou geneem is, mag dit blyk dat gevangenisstraf wel die beste straf onder die besondere omstandighede sal wees (Labuschagne 1995:25). Die kinderslagoffertjie wat hom in ŉ bloedskendige huis bevind, het onomwonde die reg om beskerming teen die oortreder te vra. Die oortreder se regte behoort steeds ondergeskik aan die regte van ŉ kwesbare kind te bly. Die man wat hom aan bloedskande of ander vorme van kindermishandeling skuldig maak, benodig terapie. Terwyl hierdie persoon terapie ontvang,

bly die kind steeds in ŉ uiters kwesbare posisie, veral wanneer ŉ strafopsie soos huisarres gevolg word. Dan is daar geen uitkomkans vir die kind nie. Dit is ook so dat die moeder dikwels, as gevolg van omstandighede, haar ten koste van haar kind aan die wil van die man in die huis onderwerp. Daar kan nie van haar verwag word om die verantwoordelikheid te dra om te voorkom dat verdere misbruik plaasvind nie. Gemeenskapsgebaseerde strawwe kan dus in sommige gevalle, nie ŉ oplossing wees nie, maar tot verdere probleme bydra, soos die voortsetting van seksuele mishandeling en ander vorme van gesinsgeweld (Labuschagne 1995:25).

Lionel[1] (ŉ self-erkende molesteerder) het begin uitreik en het betrokke geraak by ŉ program wat by Grootvleigevangenis aangebied is. Hy het seksuele oortreders aangemoedig om hulle verantwoordelikheid te aanvaar en het hulle ook oor beheer en bestuur geleer. Daarmee saam bly Lionel in sy huis met ŉ bord teen sy voorhek: "Hier woon Lionel die pedofiel." Almal in sy buurt is bewus van sy probleem. Hy sal nie weer by enige oortredings betrokke kan raak nie, want die hele gemeenskap help hom deur ŉ oog te hou en ook nie toe te laat dat hy in versoeking kom nie.

NIMRO is ŉ geregistreerde welsynsorganisasie en bestaan reeds die afgelope 93 jaar. Onderhoude word met gearresteerde oortreders gevoer en verslae word aan die hof voorgelê oor die maatskaplike, ekonomiese en persoonlike geskiedenis van die oortreder ten einde ŉ gepaste vonnis op te lê. Tydens aanhouding in die gevangenis voer NIMRO ook onderhoude met gevangenes ten einde beplanning te doen vir die vrylating in die gemeenskap. NIMRO vorm dus ŉ skakel tussen die gevangene en die gemeenskap waarin hy vrygelaat gaan word. Die gemeenskap het uiteraard die volste reg om te verwag dat hulle teen seksuele misdadigers beskerm sal word (Labuschagne 1995:25). Ook die gevangene se familie word besoek om sodoende die familiebande te verstewig. Die belangrikste werk word egter na vrylating gedoen, wanneer hulp verleen word om die aanpassing buite die gevangenis so maklik moontlik te maak. Die werk wat NIMRO doen, help beslis met die rehabilitasiesuksesse wat behaal word, maar die aantal gevangenes wat bygestaan moet word, word by die dag meer. Die oorbevolking van gevangenisse bemoeilik ook die goeie werk wat NIMRO doen. Dit is een van die redes waarom NIMRO so baie op vrywilligers uit die gemeenskap moet staatmaak om met hulle opheffingswerk te help. NIMRO bied verskeie afwentelingsprogramme aan, onder andere ŉ lewensvaardigheidskursus (Van der Westhuizen 2005:305-306). Daar kon nie vasgestel word wat NIMRO vir die seksuele molesteerder doen nie.

NIMRO speel ook ŉ rol in herstellende geregtigheid. Hulle staan voor die uitdaging om die gemeenskap se denkrigting ten opsigte van herstellende geregtigheid te verander. Die oortreder moet na sy vrylating terug aanvaar word in die gemeenskap en dit is ŉ moeilike

[1] Lionel Squire het toestemming gegee dat sy naam in hierdie proefskrif gebruik mag word.

proses. Die gemeenskap onthou nog die leed wat hierdie persoon die gemeenskap aangedoen het en het geen waarborg dat hy dit nie weer sal doen nie. NIMRO gebruik gemeenskapsdiensprogramme om oortreders (sonder vergoeding) in die gemeenskap te laat werk sodat hulle aan die gemeenskap kan "teruggee" en ook ŉ sin vir verantwoordelikheid kan aanleer (Van der Westhuizen 2005:355-356).

ŉ Belangrike aspek van die Wet op Korrektiewe Dienste se nuwe aanslag tussen die oortreder en die slagoffer wat nou bymekaarkom om die oortreding sowel as die skade wat deur die oortreding aangerig is, te bespreek. Herstellende geregtigheid kan hierdeur bewerkstellig word en herinskakeling in die gemeenskap kan sodoende vergemaklik word.

## 3.5 HERSTELLENDE GEREGTIGHEID

"Restorative justice" is ŉ konsep wat die fokus vestig op die slagoffer van misdaad. Vir baie lank was dit net die oortreder wat "behandeling" ontvang het om nie weer terug te val nie. Misdaad word wel deur oortreders gepleeg, maar baie ander mense word ook daardeur geraak. Die oortreder, die slagoffer en die gemeenskap vorm saam ŉ eenheid. Misdaad is die gevolg waar die slagoffer leed aangedoen word. Daar word nie altyd rekening gehou met die "wonde" wat veroorsaak is nie - die wonde van die slagoffer maar ook die wonde van die gemeenskap. Die oortreder word ook nie tronk toe gestuur vir die "wonde" wat hy ander aangedoen het nie, maar omdat hy die wet oortree het. Daar is nou dus twee "wonde" (Van der Westhuizen 2005:345). Die staat moet verseker dat die oortreder verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar (Justice Today 2009:11).

Herstellende geregtigheid tussen ŉ oortreder en slagoffers word in hoofstuk 5 (5.7) prakties beskryf. Dit wat herstellende geregtigheid juis wil doen, naamlik om die mure tussen die verskillende partye af te breek, het na die oordeel van die navorser hier gebeur.

### 3.5.1 Herstellende geregtigheid en die seksuele oortreder

Die twee belangrike rolspelers is die oortreder en die slagoffer. Die voorbereiding van hierdie program is baie belangrik, aangesien die twee partye nie net bymekaargebring kan word om "dinge uit te praat nie". Dit verg deeglike beplanning en in sommige gevalle ook oorreding. Die proses sal aan albei partye verduidelik word en dan moet daar gewag word sodat albei partye kan aandui dat hulle mekaar wil ontmoet om te probeer om die verlede te herstel. Die programme wat binne herstellende geregtigheid aangebied word, is die volgende (Van der Westhuizen 2005:359): slagoffer-oortreder-bemiddeling en dialoog, gesinsgroepsessies, finansiële kompensasie aan slagoffers, persoonlike dienste aan slagoffers, gemeenskapsdiens, geskrewe of mondelinge verskoning aan slagoffers/familie/gemeenskap en slagofferempatie en ondersteuningsgroepe.

Hierdie program is ontwikkel om slagoffers en oortreders die geleentheid te bied om mekaar te ontmoet en die misdaad te bespreek vanuit die perspektief van beide partye. Dit is egter baie belangrik dat beide partye moet inwillig om aan die program deel te neem. So ŉ ontmoeting moet op ŉ veilige plek plaasvind waar ŉ opgeleide bemiddelaar die fasilitering van die proses sal behartig. Baie werk word gedoen voordat so ŉ ontmoeting kan plaasvind. Die oortreder sal sy kant van die situasie op skrif stel of miskien op video opneem. Die geskrewe verslag of video word dan aan die slagoffer gegee om te bestudeer. Die slagoffer sal dan aantoon of hy/sy met die ontmoeting wil voortgaan. Indien wel, sal die bemiddelaar die ontmoeting reël. Dit sal dan die eerste keer wees dat die slagoffer in ŉ posisie is om vir die oortreder te vra waarom hy hierdie dade gepleeg het, wat hy daaruit gekry het of hoe hy voel oor die fisiese en emosionele impak wat sy dade op die slagoffer, familie en die gemeenskap gehad het.

Die oortreder kan van sy kant af verskoning aanbied, berou toon en met die slagoffer ooreenkom oor kompensasie om ŉ mate van herstel tussen hulle te bewerkstellig. In baie gevalle is dit eers wanneer die oortreder met die slagoffer gepraat het dat hy die impak van sy dade besef (Van der Westhuizen 2005:360).

Hierdie wisselwerking tussen die verskillende partye vorm die grondslag waarop "heling" en "herstel" gebou kan word (Justice Today 2009:11). Dit is ŉ belangrike proses in die geval van die seksuele oortreder. In die pastoraat is dit meer as belangrik. Herstellende geregtigheid moet toegepas word en dan sal die praktyk leer of daar werklik voordeel in die konsep steek. Die bewys is reeds daar dat dit in ander lande met groot vrug aangewend word, maar in Suid-Afrika het dit nog nie ten volle tot sy reg gekom nie (Van der Westhuizen 2005:366).

Hier kan ŉ voorbeeld genoem word. Nadat ŉ betrokke molesteerder (Lionel) in die gevangenis tot inkeer gekom het, het hy saam met sy sielkundige ŉ program geskryf wat seksuele oortreders sou rehabiliteer. Die oortreder het sover dit moontlik was, al sy slagoffers opgespoor om ook aan hulle verskoning aan te bied vir wat hy hulle aangedoen het. Hierdie slagoffers en hulle families kon nou genees. Herstellende geregtigheid beteken geensins dat ŉ oortreder deur sy slagoffers en die gemeenskap vergewe word en hy nou skotvry afkom van die misdaad wat hy gepleeg het nie. Die reg sal steeds sy gang gaan (Van der Westhuizen 2005:350).

Wanneer daar oor seksuele oortreding met kinders gepraat word, moet daar ook verwys *word* na pornografie en die media wat pornografie na ons toe bring.

## 3.6 PORNOGRAFIE: DIE INTERNET EN SELFONE

Gedurende 2005 is daar 27 750 kinderpornografiese webwerwe geïdentifiseer en ook meer as een miljoen beelde van kindermolestering op die Internet opgespoor. Dit is normaalweg vrylik beskikbaar vir pedofiliese groepe. In die afgelope vyf jaar is daar slegs ongeveer 20 ernstige sake van kinderpornografie in Suid-Afrika ondersoek. Hierdie syfers is egter nie betroubaar nie (Dawes & Govender 2007:5). Die rede is dat die statistiek in ŉ breë kategorie van seksuele aanranding en verkragting ingesluit word. Daar word ook baie min navorsing oor die Internet en pedofilie in Suid-Afrika gedoen (Campher & Besuidenhout 2007:27).

Die groei van die Internet die afgelope dekade was fenomenaal. Voor 1993 is dit slegs deur enkele persone in laboratoriums en by universiteite gebruik. Tussen 2000 en 2007 het die aantal Internetgebruikers met 244,7% gestyg. Op 13 Junie 2008 het die totale gebruikerstal op 1 244 449 609 gestaan (Internet World Stats 2009).

Daar word bereken dat ongeveer 200 seksueel eksplisiete webbladsye daagliks op die Internet bygevoeg word. Dit blyk dat die woordjie *seks* dié term is ten opsigte waarvan daar die meeste soektogte op Internet is, terwyl deelnemers aan een of ander vorm van aanlyn seksuele aktiwiteite voorkom by 20% van alle Internetgebruikers. Indien daar op ŉ soekengin soos Google ingegaan, en die term *sex* ingetik word, word daar 736 miljoen webbladsye aangedui (soos op 13 Junie 2009).

Dawes en Govender (2007:39) meld dat, volgens navorsing in Suid-Afrika, die persoon wat hom skuldig maak aan die skep van pornografie gewoonlik ŉ sagsinnige en kalm persoon is en dat dit hoogs onwaarskynlik is dat hy kwaad of aggressief sal raak. Die meerderheid persone wat in Suid-Afrika in hegtenis geneem is, is wit en bo die ouderdom van 30. Die meeste kinders wat gebruik word, is ook wit (Dawes & Govender 2007:39).

Die Internet en pornografie word deur die pedofiel gebruik om ŉ kind te "groom", dit wil sê, as voorbereiding tot die oortreding. Deur hierdie beelde aan ŉ kind te wys word die kind se morele waardes afgebreek en kom die kind tot ŉ siening dat dit die regte ding is om te doen aangesien ander dit ook doen.

Al hoe meer kinders en tieners het hulle eerste seksuele ervaring op die Internet of hulle selfone gehad. Dit word *tegnoseks* genoem. Dit is anoniem, bekostigbaar en maklik bekombaar. Dit kan egter lewensgevaarlik wees (Van den Berg 2008:2). Dit kan ook die rede wees waarom tieners fantasieë oor seks en verwronge idees van seks en verhoudings ontwikkel (Van den Berg 2008:2). Tieners word deur tegnoseks ook aan seksuele misbruik blootgestel en baie van hulle weet nie dit is verkeerd nie (Van den Berg 2008:2).

Bukau (2003:508) wys daarop dat daar ŉ leemte in die Suid-Afrikaanse reg is met betrekking tot die gebruik van rekenaarstelsels en die Internet as medium vir kinderpornografiese aktiwiteite. In 2002 het die Amerikaanse Hoër Hof bevind dat die Kongres nie *virtuele kinderpornografie*, bestaande uit rekenaargeskepte beelde op die Internet, onwettig kan verklaar nie, omdat niemand deur die vervaardiging daarvan leed aangedoen word nie (Yancey 2004:81).

ŉ Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) oor aanlyn-kindermolestering toon dat hulle nie die omvang van die probleem in Suid-Afrika kan bepaal nie. Voorstelle oor hoe om die probleem aan te pak, is dat Internet-diensverskaffers en selfoonverspreiders die name van kliënte wat kindermolesteringsmateriaal aflaai en versprei, aan die owerhede moet verskaf vir ondersoek. 'n Internetmoniteringstelsel om kindermis-handelingsinhoud ensovoorts te monitor en te verwyder, sal ook help om die probleem op te los.

Lanning (2008:383) wys daarop dat oortreders altyd kinders gaan soek het op plekke waar kinders bymekaar kom. Met die Internet is dit soveel makliker vir hom. Hy wys verder daarop hoe goedkoper rekenaars raak, hoe meer gesofistikeerd en hoe makliker dit word om ŉ rekenaar te gebruik, hoe groter sal die molesteringsprobleem word (2008:407).

## 3.7 REGISTER VAN SEKSUELE OORTREDERS

Na baie oorweging is die register van seksuele oortredings op 30 Junie 2009 geopen. Sommige mense het hierdie register as ŉ skending van menseregte beskou, maar op 25 September 2009 het advokaat M. Simelane van die Departement Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling alle howe in die Republiek van Suid-Afrika in kennis gestel dat alle persone skuldig bevind word aan seksuele oortredings met kinders en verstandelik gestremdes in hierdie register aangeteken moet word. Hierdie register is ŉ metode om kinders en verstandelik gestremdes teen seksuele oortreders te beskerm.

Alle oortreders se name en ook persoonlike besonderhede moet in hierdie register verskyn, ook die van persone wat seksuele oortredings met kinders en/of verstandelik gestremdes gepleeg het voor die instel van hierdie bepaling. Persone wat oortredings buite die Republiek van Suid-Afrika begaan het en wat nou in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig is, moet ook hier geregistreer word.

Alle persone wat met kinders of verstandelik gestremdes werk, moet ŉ klaring sertifikaat voorlê by aansoek om werk. Om ŉ persoon sonder hierdie sertifikaat aan te stel is ŉ oortreding van die wet.

### 3.8 AANBEVELINGS DEUR PROFESSIONELE PERSONE

Meer navorsing moet in Suid-Afrika gedoen word oor die assessering van seksuele oortreders omdat dit ŉ relatief nuwe behandelingstegniek in hierdie land is. Daar bestaan geen uitgebreide navorsing oor die assessering van seksuele oortreders in die Suid-Afrikaanse konteks nie. Navorsing moet fokus op kulturele diversiteit en die spesifieke oorsake van die misdaad (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:171).

Die afgelope 200 jaar het gevangenisstraf as strafvorm baie gewild geword, aangesien ongewenste elemente uit die gemeenskap verwyder is na ŉ plek waar die gemeenskap nie verdere leed aangedoen kan word nie. Indien geen verandering gedurende hierdie tydperk van aanhouding plaasvind nie, gaan dieselfde gemeenskap groot probleme hê wanneer hierdie persone uit die gevangenis vrygelaat word (Van der Westhuizen 2005:301). Daar moet landwyd PEDOSTOP-sentrums beskikbaar wees vir die persoon met afwykende seksualiteit, aangesien so ŉ persoon lewenslank terapie moet ontvang. ŉ Holistiese terapie moet deur die sentrums toegepas word.

ŉ Multidimensionele benadering (insluitende maatskaplike werkers, sielkundiges, kriminoloë, psigiaters en pastorale beraders) is nodig om seksoortreders effektief te rehabiliteer (bestuur en beheer) en te hervorm. Wêreldwye geïndividualiseerde assessering, berading en behandeling van seksoortreders blyk ŉ suksesvolle intervensie te wees. Programme vir die verskillende kategorieë van seksoortreders (soos pedofiele, kindermolesteerders en verkragters), menslike hulpbronne, ŉ multidimensionele benadering, gemeenskapsbetrokkenheid en meer navorsing is in Suid-Afrika nodig om die probleem van seksoortredings te probeer oplos (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:162).

### 3.9 SAMEVATTING

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die fenomeen pedofilie ŉ geweldige probleem in ons land is. Daar is ook nie betroubare statistiek beskikbaar om die werklike omvang van die probleem te probeer bepaal nie. Daar kan ook tot die gevolgtrekking gekom word dat daar nie amptelike rehabiliteringsprogramme in die Korrektiewe Dienste vir oortreders beskikbaar is nie. Indien daar wel rehabilitering gedoen word, word dit deur vrywilligers gedoen wat nie die erns van die probleem besef nie. Daar is ŉ minimum sielkundiges in diens van Korrektiewe Dienste en die maatskaplike werkers se kennis omtrent pedofilie is ook beperk. Nog ŉ rede waarom daar nie rehabilitasie toegepas kan word nie, is die oorvol tronke.

In hierdie navorsing kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat ŉ persoon wat kinders molesteer en tronk toe gestuur word, een of ander tyd vrygelaat word met nog steeds dieselfde probleem. Die hof vonnis oortreders tot gemeenskapsdiens en hulle moet ook

rehabilitasie-programme deurloop. In hierdie navorsing kon daar slegs een fasiliteit opgespoor word wat hierdie diens lewer.

Daar kan ook tot die gevolgtrekking gekom word dat pornografie op die Internet vrylik beskikbaar is, en kinders kry deesdae hulle eerste seksuele ondervinding op die selfoon.

In die volgende hoofstuk sal daar na die kwalitatiewe metode van navorsing gekyk word.

# HOOFSTUK 4
# KWALITATIEWENAVORSINGSMETODIEK

## 4.1 INLEIDING

Voordat daar by die praktiese toepassing van metodes gekom word, sal die navorsingsmetode eers verduidelik word. Die navorsingsmetodiek wat vir hierdie studie gekies is, is die kwalitatiewe benadering omdat die doelwitte van die navorsing daardeur beter gedien kan word as daar ’n kwantitatiewe benadering. Die navorser is geïnteresseerd in die verhaal en belewenis van die persoon wat kinders molesteer.

In hoofstuk 1 (1.5.2) is die kwalitatiewe navorsingsmetode kortliks aangeraak. Hierdie benadering is baie geskik vir navorsing van ’n sosiale aard (Silverman 1986).

Die opkoms van kwalitatiewe navorsing moet teen die agtergrond van die bekende paradigmaskuif van ’n modernistiese wyse van wetenskapsbeoefening na ’n postmoderne benadering verstaan word. Die kwantitatiewe benadering is ook deel hiervan. Dit is ’n skuif weg van ’n kousaliteitsmodel (oorsaak en gevolg) na ’n persoonsmatige en hermeneutiese model (vertolking en verstaan), weg van ’n metafisiese verstaan van God in terme van afstand na ’n metaforiese verstaan van God in terme van eksistensiële kontekste (singewing) (Louw 1999:110).

Die geestelike of godsdienstige gevolge van pedofilie wys duidelik dat pastorale begeleiding onontbeerlik is in die helingsproses, dermate dat, indien pastorale insette buite rekening gelaat word, dit ’n onvoldoende helingsproses tot gevolg sal hê.

In hierdie hoofstuk word die psigoterapeutiese prosesse wat gewoonlik op die pedofiel toegepas word kortliks genoem, omdat ’n multidissiplinêre aanpak van groot belang is. Die pastorale terapeut sal hom/haarself ten opsigte van hierdie seksueel afwykende gedrag moet posisioneer, aangesien nie alle terapeute met persone met seksueel afwykende gedrag wil konsulteer nie. Die strategieë wat in pastorale terapie toegepas gaan word, sal verduidelik word en die vooruitsigte wat in terapie bereik wil word, word ook genoem.

## 4.2 KWALITATIEWE NAVORSING AS METODOLOGIE

### 4.2.1 MODERNISME EN POSTMODERNISME BINNE DIE KWALITATIEWE BENADERING

Die modernistiese benadering het gewerk met die kwantitatiewe benadering waarin getalle, statistiek en bewyse oorheersend was. Dit is dus ’n positivistiese benadering.

Die kwalitatiewe benadering in die paradigmaverskuiwing na 'n hermeneutiese benadering konsentreer eerder op die verstaanproses of op mense se ervarings en belewing (Kvale 1996:88) en hulle standpunte.

### 4.2.2 KWALITATIEWE TEENOOR KWANTITATIEWE BENADERING

Metodologiese benaderings word in twee kategorie verdeel, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Taylor & Bogdan 1984:1).

Omdat die kwalitatiewe metode vir navorsing gekies is, is dit goed om op die volgende verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Schurink 1998:242) te let.

| Kwalitatiewe navorsing | Kwantitatiewe navorsing |
|---|---|
| 'n Induktiewe vorm van redenering: ontwikkel konsepte, insigte en begrip of verstaan van patrone in die data. | 'n Deduktiewe vorm van redenering – versamel data om vooraf gevormde modelle, hipoteses en teorieë te assesseer. |
| Gebruik 'n emiese perspektief van ondersoek: die betekenis word deur die subjek bepaal. Die data word vanuit die perspektief van die navorsingsdeelnemers ontleed. | Gebruik 'n etiese perspektief: die betekenis word deur die navorser bepaal. |
| Is ideografies: Poog om die betekenis wat mense aan die alledaagse lewe heg, te verstaan. | Is nomisties: Poog om die sosiale wêreld objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te beheer. |
| Beskou realiteit as subjektief. | Beskou realiteit as objektief. |
| Ontdek betekenis sodra die navorser verdiep raak in die data. | Toets die hipoteses waarmee die navorser die studie begin. |
| Konsepte is in die vorm van temas, motiewe en kategorieë. | Konsepte is in die vorm van bepaalde veranderlikes. |
| Poog om fenomene te verstaan | Poog om fenomene te beheer. |
| Waarnemings word bepaal deur die rykdom van inligting in die omgewing, en die tipe waarnemings gebruik word aangepas om begrip te verhelder. | Waarnemings word op 'n sistematiese, gestandaardiseerde wyse uitgevoer. |
| Data word in die vorm van woorde, aanhalings, dokumente en transkripsies voorgestel. | Data word voorgestel deur presiese syfers wat afgelei is van presiese metings. |
| Die navorsingsontwerp is buigsaam en uniek | Die navorsingsontwerp is gestandaard- |

| | |
|---|---|
| en ontvou soos die navorsingsproses vorder. Daar is geen vasgestelde stappe wat gevolg moet word nie en dit kan nie presies herhaal word nie. | iseer volgens 'n vasgestelde prosedure en kan gerepliseer word. |
| Data word geanaliseer deur temas te ekstraheer. | Data-analise word onderneem deur middel van gestandaardiseerde statistiese prosedures. |
| Die eenheid van analise is holisties en fokus op die verhoudings tussen elemente, kontekste, ens. Die geheel is altyd meer as die som van die dele. | Die eenhede van analise is veranderlikes wat atomisties van aard is (elemente wat deel vorm van die geheel). |

**Figuur 5: Kwalitatief teenoor kwantitatief**

Volgens die verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is dit duidelik dat die beste resultate vir die doel van die navorsing verkry sal word deur die kwalitatiewe metode van ondersoek te kies vir hierdie navorsing oor 'n pedofiel wat ook as kind gemolesteer is.

### 4.2.3 DIE BELANGRIKSTE NADELE VAN KWALITATIEWE METODES:

- Data-insameling by wyse van kwalitatiewe onderhoude en die daaropvolgende data-analise is dikwels tydrowend (Seidman 1998:11). Die eindproduk is ook dikwels te lank en te gedetailleerd vir lesers om te lees en te gebruik (Wolfaardt 2003:149), wat beteken dat minder deelnemers bestudeer moet word. Die metode is ook moeilik en duur (Botha 2001:14).

- 'n Verdere beperking van die kwalitatiewe metode is die sensitiwiteit en integriteit van die navorser. Die navorser is die primêre instrument van data-insameling en -analise, en as gevolg van die afwesigheid van rigiede metodologiese reëls, steun die navorser swaar op eie vermoëns en instinkte regdeur die studie. Verskeie maatreëls kan egter ingestel word om betroubaarheid te verseker (Wolfaardt 2003:149).

- Omdat hierdie navorsing ongestruktureerd en 'n oop agenda is, kan dit moeilik beheer word (Taylor & Bogdan 1984:77). Die onderhoud moet ongestoord voortgaan sonder te veel onderbreking en soms is dit moeilik om die deelnemer in 'n ander rigting te stuur. Dit verg ook van die navorser om tyd in die navorsingsomgewing deur te bring voordat die werklike studie 'n aanvang neem.

- Met hierdie metode word daar ook 'n groot hoeveelheid data ingesamel, wat navorser kan oorweldig (Kvale 1996:85-86). Maykut en Morehouse (1994:49) verduidelik dat 'n navorser 'n baie groot hoeveelheid data insamel en partykeer nooit by die analisering van die data uitkom nie, omdat data-insameling meestal in die vorm van gesprekvoering geskied.

### 4.2.4 DIE BELANGRIKSTE VOORDELE VAN KWALITATIEWE METODES

Omdat die kwalitatiewe metode van navorsing hoofsaaklike voordelige aspekte inhou, word hierdie voordele verder belig.

#### 4.2.4.1 Verstaan van die fenomeen binne die hermeneutiek

Die kwalitatiewe navorser is gemoeid met verstaan (Maykut & Morehouse 1994:174) eerder as met die kwantitatiewe verifikasie van bepaalde hipoteses met die doel om te verklaar, te verduidelik of te voorspel (Babbie & Mouton 2001:49, 53; Fouché & Delport 2002:77).

In hoofstuk 1 is daar verduidelik wat hermeneutiek beteken. Binne ’n kwalitatiewe navorsing speel die hermeneutiek ’n belangrike rol.

Hermeneutiek is die proses van verstaan deur interpretasie (Janse van Rensburg 2000:12). Louw (2003:42) stel dit as volg: "Understanding is an attempt to penetrate, through the word of a text, into the initial hidden meaning or intention of a text." Tipies van Ricoeur se hermeneutiek is die oortuiging dat hoe meer ’n mens verklaar, hoe beter word verstaan (Wolff 2007:90). De Vos (2007:113) wys op die één tema wat Ricoeur se denke deurdrenk, naamlik die siening dat alle interpretasie ’n dubbele (positiewe en negatiewe) hermeneutiek bevat.

Daar moet ’n verstaan van die probleem wees, maar ook ’n verstaan van die oplossing (Cilliers 2003:58).

Palmer (1996:33) wys daarop dat hermeneutiek op die volgende terreine ’n rol speel: as teorie van Bybelse eksegese, algemene filosofiese metodologie, die wetenskap van alle taalkundige verstaan, die metodologiese benadering van die geesteswetenskappe, die fenomenologie van die eksistensiële, en die sisteme van interpretasie op soek na betekenis agter mites en simbole. Elke terrein se interpretasie word gevorm deur vooropgesette vrae wanneer ’n interpreteerder sy deelnemer benader.

Louw (1999:360) dui aan dat naas die tradisionele funksies van die pastoraat, naamlik heling, begeleiding, ondersteuning en versoening, ’n belangrike faktor, dié van vertolking en interpretasie, bykom. In die geval van die pastoraat wil ’n pastorale hermeneutiek die metafore van sorg, hulp en troos hoofsaaklik binne die raamwerk van die Skrif en die kerklike tradisie verstaan en vertolk in terme van die mens, sy eksistensiële ervaringswêreld en sy kultuurkonteks (Louw 1999:561).

Deelnemende verstaan beteken dat daar van binne af probeer word om as deelnemer die spesifieke situasie van die wêreld om ons te verstaan. Subjektiewe verstaan word ondersoek, dit wil sê, dit wat sin aan ’n eie werklikheid gee. Elke individu gee sin aan sy handelinge deur sy subjektiewe verstaan of interpretasie daarvan. Elkeen se worsteling, twyfel of vrae moet

dus in hierdie lig gerespekteer en van binne verstaan probeer word. Omdat elke individu uit sy eie verstaan binne sy leefwêreld 'n ander individu se leefwêreld betree, is ontmoeting en dialoog nooit neutraal of absoluut en afgesluit nie (Bothma 2003:100).

#### 4.2.4.2 Deelnemer word in natuurlike staat bestudeer

Data word deur 'n menslike instrument bemiddel, eerder as deur 'n lewelose vraelys of rekenaar (Kvale 1996:124-126). Volgens Maykut en Morehouse (1994:174) is "human instruments the only data collection instrument which is multifaceted enough and complex enough to capture the important elements of a human person or activity".

In die kwalitatiewe benadering word die verskynsels in hulle natuurlike staat bestudeer en gepoog om die verskynsel te interpreteer (Silverman 2001:96; Babbie & Mouton 2001:271) in terme van die betekenis wat mense aan hulle toestand gee. "It is to be acutely tuned-in to the experiences and meaning systems of others – to indwell – and at the same time to be aware of how one's biases and preconceptions may be influencing what one is trying to understand" (Maykut & Morehouse 1994:174).

Kwalitatiewe navorsing word nie uitgevoer sodat die wette van menslike gedrag geïsoleer kan word nie. Navorsers poog eerder om die wêreld te beskryf en te verduidelik soos dit beleef word deur die mense binne daardie wêreld (Silverman 2001:96). Hierdie is 'n studie met mense wat die verskynsel (pedofilie) prakties beleef (Babbie & Mouton 2001:80) en daarom is die kwalitatiewe metode 'n metode wat vir 'n verkennende studie gebruik kan word, want die antwoorde op navorsingsvrae lê as't ware in dié data opgesluit (Schurink 1998:243).

#### 4.2.4.3 Menslike ervaring en gedrag word ontgin

Die kwalitatiewe metode stel navorsers in staat om menslike belewenis (Maykut & Morehouse 1994:174) diepgaande te bestudeer en help hulle om nader aan die belewenis van deelnemers en navorsers te bly (Maykut & Morehouse 1994:25), aangesien onderhoude geskik is om inligting oor menslike ervarings en gedrag te bekom (Silverman 2001:96; Seidman 1998:3; Fouché & Delport 2002:77).

Kruger (1985:154) skryf dat 'n fenomenologiese benadering tot navorsing gekenmerk word deur 'n openheid vir wat betekenisvol is om die verskynsel wat bestudeer word, behoorlik te kan begryp. Seidman (1998:3) stel dit nog eenvoudiger, naamlik dat die grondslag van kwalitatiewe onderhoude is om die ervarings van ander en die betekenis wat hulle daaraan heg, te begryp.

Die kwalitatiewe metode verteenwoordig die beste plan om die dinamiese ontwikkeling en verloop van die gedagte-, gedrags- en emosionele patrone ten opsigte van die geestelike

dimensie wat uiteindelik in die molestering van kinders kulmineer, te ontbloot, te beskryf en te verduidelik. Die voordele wat dit vir hierdie studie inhou, is dat dit insigte verhelder en die navorser se ervaring verbreed. ŉ Deelnemer of deelnemers word dikwels gekies vir die uniekheid van hulle probleem en vir wat dit oor ’n fenomeen kan ontbloot (Wolfaardt 2003:148). Deelname aan hierdie studie is van waarde wanneer teorieë verfyn moet word, maar ook om voorstelle van kompleksiteite vir verdere ondersoek te genereer (Maree et al. 2003:298).

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat die kwalitatiewe onderhoud besonder geskik is om die betekenis wat mense aan hulle leefwêreld heg, asook hulle ervarings en selfbegrip, te ontgin (Fouché & Delport 2002:77). Dit is ook geskik om duidelikheid oor mense se lewensperspektiewe en –verwagtings te verkry (Kruger 1985:146; Kvale 1996:105; Mouton 1996:168), en om besonderhede te bepaal (Fielding 1993:138). Die navorsing is dus direk gemoeid met ervaring soos dit beleef, gevoel of ervaar word. In hierdie studie word daar gefokus op alledaagse/normale sowel as geestelike ervarings, persepsies, interpretasies en gedagtepatrone van ŉ persoon wat kinders seksueel molesteer.

#### 4.2.4.4 Lesers verkry dieper en beter begrip

Volgens Pieterse (1993:186) maak die gebruik van kwalitatiewe navorsing dit moontlik om "dieper te grawe om die sosiale werklikheid en die verskynsels daarbinne in al sy kompleksiteit na te gaan". Hy verduidelik dat met die "dieper grawe" die kompleksiteit van die toestand wat bestudeer word, besef word.

Omdat die navorser met indiepte-ondervraging (Mouton & Marais 1989:43) die navorsing kan aanpak, sal die leser in staat wees om ŉ beter begrip van die fenomeen te kry.

Deur die kwalitatiewe metode ook te gebruik met die doel om dieper te delf, kan onderliggende ervarings, emosies en motiewe in die ondersoek blootgelê word. Die reikwydte is dus minder omlyn en meer filosofies gestruktureerd as ŉ kwantitatiewe ondersoek, wat empiries met getalle te werk gaan (Silverman 2000:8) en ŉ duidelik omlynde reikwydte het (Mouton & Marais 1989:157).

Hierdie benadering bied die moontlikheid om die verwagtings, behoeftes, geloofsdimensies, singewing en persoonlike ervarings in die pedofiel se wêreld te verken.

#### 4.2.4.5 Ongestruktureerd en plooibaar

Hierdie metode is nie gebaseer op 'n stel vaste reëls en rigiede prosedure nie, maar op strategieë en taktieke ten einde te organiseer, te beheer en te evalueer (Babbie & Mouton 2001:279). Mouton en Marais (1989:43) noem dit plooibaar.

De Vos (2002:272) wys daarop dat ongestruktureerde onderhoude bedoel is om die persoon se ondervindings te verstaan én wat die ondervindings vir hom/haar beteken. Die doel is nie om antwoorde op sekere vrae te kry of om ŉ hipotese te toets nie, en ook nie om te evalueer nie. Die belangrikste aspek van die ongestruktureerde gesprek is ŉ belangstelling in die verstaan van die ervarings van ander en die betekenis wat hulle in hierdie ervarings vind.

Taylor en Bogdan (1984:7) noem ook dat die kwalitatiewe onderhoud besonder plooibaar en dinamies is. Hulle som die kenmerke daarvan op as nie-voorskriftelik, ongestruktureerd en ongestandaardiseerd met ’n redelike oop agenda. Hulle omskryf 'n kwalitatiewe onderhoud as "repeated face-to-face encounters between the researcher and informants directed toward understanding informants' perspectives on their lives, experiences, or situations as expressed in their own words" (Taylor & Bogdan 1984:77). Maykut en Morehouse (1994:14) steun ook hierdie standpunt.

Daar is gevind dat daar wel standaardkeuses bestaan wat tydens hierdie navorsingsproses gemaak moet word. Hierdie keuses behels onder meer die aantal onderhoude, of ŉ bandopnemer gebruik moet/kan word, of die onderhoude getranskribeer moet word, watter tipe data-analise toepaslik sal wees, en of die nagevorsde ’n kans gegun moet word om die navorser se interpretasie van die onderhoude te lees om vas te stel of hy daarmee saamstem al dan nie. Verder is daar min beperkings en staan dit die navorser vry om die onderhoude op intuïsie en kundige aanvoeling te voer (Botha 2001:15).

In hierdie navorsing kan die ongestruktureerde onderhoude baie nuttig te pas kom omdat die narratiewe benadering, meditasietegnieke en ook visualisasie toegepas word. Daar is dus nie vaste reëls, voorgeskrewe vorme en vaste verduidelikings nodig nie (Mouton & Marais 1989:157).

#### 4.2.4.6 Openbaar sensitiwiteit vir deelnemers se leefwêreld

Dit is baie moeilik om toegang tot molesteerders te verkry met die oog op navorsing. Baie van die studies gebaseer op beskrywende data (Babbie & Mouton 2001:272) wat ingesamel is, is verkry van slagoffers, of die gehoor, en nie van die oortreder self nie. In die pastoraat is daar min navorsing oor die pedofiel gedoen en daarom is dit van kardinale belang dat hierdie studie kwalitatief van aard moet wees sodat sensitiwiteit vir die deelnemer en sy wêreld openbaar kan word. Met sensitiwiteit word nie bedoel om dit waarmee hy hom besighou, goed te praat nie, maar om tot die leefwêreld van die persoon deur te dring.

Myns insiens is daar nie ŉ ander opsie om die pedofiel se leefwêreld te bestudeer nie omdat hierdie metode sosiaal van aard is. Kennis word by wyse van gesprekvoering ingesamel en die fenomeen word in sy eie leefwêreld bestudeer. Dit skep ’n ruimte waar die terapeut en

persoon in berading sal ko-konstrueer (Kvale 1992:13) aan ’n proses/gesprek wat hopelik op die ontdekking van unieke uitkomste sal uitloop.

#### 4.2.4.7 Taal is 'n goeie aanduider van denke en gedrag

Kwalitatiewe onderhoude berus op belangstelling in mense se stories. Dit is egter selde moontlik om iemand anders ten volle te begryp omdat jy jouself nie in sy skoene kan plaas nie. Daarom kan die navorser hoogstens daarna streef om die persoon se gedrag, en die begrip wat die persoon aan sy eie gedrag heg, te verstaan. Maykut en Morehouse (1994:167 verduidelik dit so: "A research model that is primarly exploratory and descriptive, and for which people’s words and actions are the main source of data." Om die persoon se denke en gedrag te verstaan, word vrae aan die deelnemer gerig (Botha 2001:18). Hier word gedink aan spesifieke vrae teenoor vrae wat die navorsing in vae veralgemenings kan laat verval. "Questions should be couched in specifics rather than generalities" (Mason 2002:227).

Botha (2001:18) voer egter aan dat deelnemers nie altyd in staat is om weergawes van hulle leefwêreld konsekwent weer te gee nie, want die stories wat hulle vertel, kan nie as absolute bewys van hulle denke en begrip dien nie. Sy voer verder aan dat nie almal oor die vermoë beskik om hulle denke en gevoelens te verwoord nie. In hierdie geval sal die navorser iemand kies wat wel oor die vermoë beskik en wat genoegsaam geënkultureerd is ten opsigte van die navorser se belangstellingsveld.

Leuens is ook ’n moontlikheid tydens onderhoude (Botha 2001:18). By die bestudering van die pedofiel bestaan daar ’n groot moontlikheid van leuens omdat die persoon sy dade ontken, minimaliseer of regverdig. Dit is eers na lang terapie en oortuiging dat hierdie persoon die leuens wat vertel is, sal erken. Waar pedofiele in die gevangenis besoek is, was leuens ’n werklike probleem, aangesien die oortreder instem tot terapie omdat hy dink dit mag sy vonnis verlig.

#### 4.2.4.8 Minder deelnemers

Voorts laat die kwalitatiewe benadering ruimte om navorsing te doen aan die hand van ’n enkele deelnemer. Die navorsing se waarde is nie, soos in die geval van ’n kwantitatiewe studie, onderhewig aan ’n minimum getal onderhoude om ’n statisties betroubare standaard daar te stel nie.

Kwalitatiewe navorsing word ook beskryf as "simply ... the analysis of words and images rather than numbers" (Silverman 2000:8). Derhalwe kon Brunsdon (2006) en Bothma (2003) in hulle doktorale studies oor die narratiewe benadering hulle waarnemings met een gesin weergee sonder dat die geldigheid van hulle navorsing bevraagteken is. Ook hierdie navorsing werk met die ervarings en belewing van slegs een deelnemer.

In my M.Th.-navorsing het ek die ervarings en belewing van Lionel Squires ondersoek. Lionel is ook by hierdie studie betrokke, maar word betrek by die bewusmaking van die publiek omtrent die fenomeen. Terapiesessies met Melt Maree[2] word vervolgens in hoofstuk 5 beskryf.

ŉ Verslag oor twee of meer gevallestudies sal heel waarskynlik te omvangryk vir die bestek van die navorsing wees. Kvale (1996:103) noem dat in hierdie geval diepgaande gesprekke gevoer moet word.

Daar moet ook onthou word dat kwalitatiewe navorsing nie bloot gevallestudies is nie. Daar is ook die beswaar dat mense nie "gevalle" is nie. 'n Hermeneutiese benadering wil juis wegbeweeg daarvan. Dus praat ons liewer van kwalitatiewe deelnemers.

#### 4.2.4.9 Maak aanspraak op wetenskaplikheid

Hoewel wiskundige en statistiese tegnieke nie gebruik kan word om bevindings te verwerk nie, maak kwalitatiewe onderhoude op wetenskaplikheid aanspraak aangesien dit vakmanskap vereis (Botha 2001:14).

Daar is diegene wat aanvoer dat kwalitatiewe navorsing nie objektief is nie en dus nie wetenskaplik is nie. Kvale (1996:64-66) meen objektiwiteit word gekonseptualiseer as vry van sydigheid, as intersubjektiewe kennis en as ŉ ware weerspieëling van die aard van die persoon. Kwalitatiewe onderhoudvoering vereis ware *craftsman*-navorsing (Mouton 1996:111).

Die kwalitatiewe navorsingsmetodiek lewer hier ŉ diens aan die wetenskap aangesien dit hom goed leen tot die bestudering van verskynsels op die geesteswetenskaplike terrein. Die basiese onderskeid tussen ŉ (positivistiese) kwantitatiewe benadering en ŉ kwalitatiewe benadering kan as volg gestel word: ŉ Kwantitatiewe benadering is daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat geformaliseer, sowel as eksplisiet gekontroleer is, met ŉ reikwydte wat presies afgebaken is en relatief na aan die natuurwetenskappe se benadering geleë is. Hierteenoor is die kwalitatiewe benadering daardie benadering waarvan die prosedure nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte grensloos is en daar op ŉ meer filosoferende wyse te werk gegaan word (Mouton & Marais 1989:157). Die kwalitatiewe benadering word gebruik om die verskeidenheid inligting in te samel en sodoende die kennis vir navorsing daar te stel.

[2] Melt Maree het toestemming gegee dat sy naam in hierdie proefskrif gebruik mag word en nie ŉ skuilnaam nie.

#### 4.2.4.10 Ontdekking en interpretasie

Volgens die kwalitatiewe navorsingsdenkraamwerk is die navorser se doel nie om ’n belewing van ’n bepaalde saak as reg of verkeerd te bewys nie, maar dat daar eerder na ontdekkings as bewyse gesoek word (Maykut & Morehouse 1994:21).

Babbie en Mouton (2001:374) wys daarop dat inhoudsontleding ’n voorbeeld van onop-dringende ("unobtrusive") navorsing is. Meningvormende interpretasies word tydens interaksie tussen die navorser en die deelnemer aan die studie gemaak (Schurink 1998:246).

#### 4.2.4.11 Kan saam met ander tegnieke gebruik word

Die kwalitatiewe navorsingsmetode ontvou gewoonlik by wyse van gesprekvoering of onderhoude waartydens op bepaalde temas in die deelnemer se leefwêreld gefokus word (Kvale 1996:29). "Interview methodology begins from the assumption that it is possible to investigate elements of the social by asking people to talk, and to gather or construct knowledge by listening to and interpreting what they say and how they say it." (Mason 2002:225). Die kwalitatiewe metode pas goed by die doelwitte van die onderhawige navorsing, aangesien pastorale terapie juis aan die hand van gesprekvoering geskied, wat, alhoewel planmatig, nie rigied en voorafbepaal is nie.

In hierdie navorsing word inligting deur middel van ’n teoretiese raamwerk ingesamel, naamlik literatuurstudie en gesprekvoering. Vir gesprekvoering sal die strategieë van die narratiewe benadering gebruik word. Die reisgenoot word beskou as iemand wat uit hoofde van sy/haar ervaring oor kennis beskik wat by wyse van ’n gesprek ontgin word. Die modus van die kwalitatiewe deel, soos vir hierdie studie in die vooruitsig gestel, sal die pastorale gesprek wees.

Navorsing in hierdie studie berus nie net op feite wat vanuit verskillende dissiplines (basisteoretiese besinning) versamel is nie, maar die bevindings van die navorsing word ook medebepaal deur my eie aanvoeling rakende die onderwerp asook dié van die pedofiel.

Ander strategieë wat in hierdie navorsing gebruik is, is meditasie en visualisering, asook drie metodes vanuit die gestaltbenadering.

Die oogmerk van hierdie kwalitatiewe navorsing is die volgende:

- Die navorser en die deelnemer sal ko-konstrueer (Kvale 1992:13) aan die proses sodat unieke uitkomste kan meewerk tot verligting van die persoon se probleemervarings en –gedrag;
- Die navorser sal nie daarop uit wees om te wys wat reg of verkeerd of om te bewys nie, maar wel om te interpreteer en te ontdek (Kvale 1996:29:31);

- Om die deelnemer te verstaan en 'n dieper en beter begrip van pedofilie as seksuele afwyking te kry;
- Om hierdie fenomeen met die oog op meer navorsing openbaar te maak;
- Om tegnieke aan te wend om beheer en bestuur van hierdie fenomeen te bewerkstellig.

Deur dié proses word daar gehoop om dieper in die deelnemer se belewing van sy seksuele afwyking te delf sodat ander met dieselfde probleem ook verligting kan beleef. Om sy ervarings en die betekenis wat hy aan sy toestand gee, te verstaan is belangriker as om dit te probeer verklaar. Die navorsing is dus direk gemoeid met ervaring soos dit beleef (Kvale 1996:88) word. In hierdie studie word daar gefokus op die alle-daagse/normale sowel as geestelike ervarings, persepsies, interpretasies en gedagtepatrone van 'n persoon wat kinders seksueel molesteer. Deur die implementering van die narratiewe benadering word die deelnemer se storie saam met hom beleef.

Dit behoort nou duidelik te wees dat 'n kwalitatiewe benadering die ruimte skep om die strategieë van die narratiewe benadering asook ander strategieë saam met die deelnemer te gebruik en in die lig van die Woord met die onderwerp om te gaan.

In die volgende afdeling sal pastorale terapie aan die pedofiel ondersoek word.

### 4.3 PASTORALE TERAPIE

Terapie is wesenlik 'n Christelike saak en is nie vreemd aan die Christelike tradisie nie. Terapie is nie 'n begrip wat uitgevind is deur die mediese wêreld of die psigologie nie. Christus se eie bediening word in die Nuwe Testament as terapie beskryf wanneer na die dienskneggestalte van Christus verwys word as *therapeuein*. In die Nuwe Testament verwys terapie na hulp en diens wat voortspruit uit die offergestalte van Christus se neerbuigende liefde en God se barmhartigheid (Louw 1999:427).

In hoofstuk 1 is praktiese teologie bespreek. Die veronderstelling is dat praktiese teologie daardie veld binne die teologie is wat handel met die praxis van God. Dit is die God-mens ontmoeting en die menslike soeke na betekenis in die lewe. Praktiese teologie sluit in beide die etiese en estetiese. Verder meld Louw (2007:103).

> "It is interested in the intention, motivation and *telos* of human actions within the field of ministry, communities of faith and social contexts. In this regard it tries to link appropriate understanding of God with the pastoral an hermeneutical endeavour of understanding the salvific actions of God and his presence in life events *(intellectum*). Futhermore, it is about the communication and proclamation of the gospel *(verbum)*; the transformation and liberation of social contexts actum; the fostering of a vivid hope within the realm of suffering *(spem)*; the

> symbolic and metaphorical expression of the Christian faith through imagination, creativity and ritual *(imaginem)*; and the portrayal of Christian spirituality through visual images, audio sound and narratives that contain meaning and represent the "seeing of the unseen" within virual reality *(visum)*.

Voordat pastorale strategieë bespreek word, is dit belangrik dat die terapeut homself/haarself ten opsigte van pedofilie moet posisioneer. Nie alle terapeute wil hulself beskikbaar stel vir hierdie taak nie en daar word geensins hierteen gediskrimineer nie.

### 4.3.1 DIE TERAPEUT SE POSISIONERING

As pastorale terapeut het ek die belangrikheid maar ook die kompleksiteit en uitdagings aangaande terapie vir pedofilie besef. Die literatuur wys daarop dat pedofilie ŉ komplekse afwyking is wat nie genees kan word nie, maar slegs beheer en bestuur kan word (Salter 1995:44; O'Hagan 1993:194, 197; Wolfaardt 2003:382). Met hierdie aanname is dit vir die terapeut noodsaaklik om te glo dat die persoon wel vry van simptome kan wees. Die woord "onmoontlik" is dus uit die woordeskat van die terapeut verwyder. Indien ek as terapeut nie in die persoon se heelwording glo nie, hoe kan daar by hom ŉ toekomsverwagting geskep word? Die grootste taak van die navorser was om vir die oortreder liefde en hoop te gee.

#### 4.3.1.1 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die psigoloog, Carl Rogers (1959:184-256) het in dié verband ŉ groot invloed gehad op die pastoraat. Sy waarde vir onvoorwaardelike aanvaarding klop met die teologiese waarde van die pastoraat. Vir die persoon wat gehelp word, beteken dit dat waardes nie van buite af op hulle afgedwing word nie, maar dat hulle eerlik kan wees oor hulleself en hulle ervaring binne ŉ veilige ruimte van respek en agting (Dreyer 2005:21).

Ek beskou myself as geroepe om met hierdie persone te werk. Ek stem saam met Sweeney (2008:9) as hy sê dat om met hierdie oortreders te werk, net ŉ spirituele en professionele roeping kan wees omdat dit baie harde werk is. Dan voeg hy by: "The One who calls, provides the resources." Hy noem verder dat daar in terapie altyd aan die méns in terapie gedink moet word. Elke mens het immers ŉ soeke na iemand of ŉ plek waar hy onvoorwaardelik aanvaar word vir wie hy is sonder die angs vir verwerping, isolasie, onregverdige diskriminasie, en sonder die vrees dat jy op jou skuld en foute vasgepen word. Louw (2008:67) stel dit so "The real and most fundamental healing of the human 'soul' occurs when a person experiences intimacy, i.e. being accepted unconditionally for who you are, without fear of being rejected. In this regard the argument in holistic, spiritual healing is that the unconditional love of God provides the healing dimension and therapy of intimacy." Êrens soek mense ŉ leefruimte waar liefde konkreet beteken: versoening, vergifnis en genade. Vir Crabb (1997:10) gaan dit om ŉ opregte binding met die mens-in-nood:

> "The most powerful thing we can do to help someone change is to offer them a rich taste of God's incredible goodness in the New Covenant. He looks at us with eyes of delight, with eyes that see a goodness beneath the mess, with a heart that beats wildly with excitement over who we are and who we will become. And sometimes he exposes what we are convinced would make him turn away in disgust in order to amaze us with his grace. That's connecting. When we connect like that, it can change people's lives."

Hierdie woorde van Crabb (1997) vestig die aandag op 'n wederkerige proses. Die deelnemer moet onvoorwaardelike aanvaarding beleef, soortgelyk aan die liefdesbinding wat daar tussen God en sy kinders bestaan. Beide terapeut en deelnemer word aan God se liefde (Louw 2007:253) blootgestel. Hierdie benadering vind aansluiting by die verbondsooreenkoms tussen God en die mens.

Van beide kante is onvoorwaardelike absolute aanvaarding kompleks. Dit is nie maklik vir 'n persoon wat kinders molesteer, om homself te ontbloot nie. Daar moet verstaan word dat dit vreesaanjaend moet wees om mense toe te laat om jou te sien soos jy is: Die duisternis in jou hart, al jou slegte gewoontes, alles wat jy in die verlede gedoen het en waaroor jy miskien tot op hede nog nie berou het nie; ook al jou vooroordele, jou tekortkominge en jou swakhede (Bell 2007:136).

Vir die terapeut mag onvoorwaardelike absolute aanvaarding ook moeilik wees, want dit gaan nie maklik wees om te aanvaar dat 'n mens sulke dinge kan doen nie.

#### 4.3.1.2 Vertrouensverhouding

Die belangrikheid van 'n vertrouensverhouding met die seksuele oortreder moet besef word. Baie persone in hierdie situasie vrees dat hulle ook deur die terapeut veroordeel gaan word (Fourie 2006:107). Die vestiging van 'n vertrouensverhouding en die daarstelling van 'n atmosfeer wat bevorderlik vir die gespreksituasie is, kan as die hoofdoelwit gesien word, veral waar die persoon nog nie voorheen ontmoet is nie (Louw 1999:416). Daarom is die narratiewe benadering gekies, wat 'n *non-blaming approach* is (Morgan 2000:2). Marais (1990:36) beklemtoon hierdie verhouding, omdat dit miskien die eerste keer is dat 'n molesteerder 'n verhouding anders as 'n seksuele verhouding aanknoop. Hierdie verhouding met die terapeut is ook vir hom 'n primêre verhouding, want deur hierdie verhouding word hy geleer om te hersosialiseer. Hy leer dat hy 'n verhouding met iemand kan hê sonder die seksuele en hy kan al sy emosies toon sonder die seksuele. Daarom sal daar baie tyd aan die bou van 'n vertrouensverhouding bestee moet word om sy sisteem binne te dring sodat daar groter openheid kan wees – en uiteindelik sagter grense wat die vloei van inligting kan bewerkstellig (Brunsdon 2006:148).

As terapeut moes ek ook my eie oordele aangaande pedofilie uitklaar. Soos die res van die samelewing het ek ook die pedofiel as ŉ monster beskou. Deur navorsing en ook deurdat ek seder 2005 by persone met hierdie seksuele afwyking betrokke is, het daar ŉ paradigmaskuif by my plaasgevind. Ek kan natuurlik nie die patologiese gedrag goedkeur of goedpraat nie. Ek sal moet vermanend optree, maar as daar in pastorale berading slegs op die gebruik van Bybelse beginsels gefokus word, word daar vanuit ŉ moralistiese posisie opgetree en word die deelnemer onder druk geplaas. Dit sou nie my idee van terapie met die pedofiel wees nie. Pastorale beraders wat ŉ moralistiese benadering volg, konsentreer op die morele en tree met die deelnemer in gesprek oor die rol wat sonde speel. Hierdie benadering het sekerlik ŉ plek in pastorale berading, maar as ŉ alleenstaande kan dit nadelige resultate vir die pastoraat met die pedofiel hê.

Dit was belangrik dat my gespreksgenoot moes aanvoel dat ek verstaan. Hy moet as ŉ individu beskou word en nie as ŉ klas of ŉ oortreder nie. Hierdeur kon wedersydse vertroue (Louw 2008:253) tussen deelnemer en terapeut opgebou word. Teologies verstaan was ook vir my ŉ proses. Ware verstaan verg immers betrokkenheid (Müller 1996:24). Ek het hierdie as ŉ pastorale, hermeneutiese avontuur bestempel en het slegs as fasiliteerder van ŉ egte, betekenisvolle soeke na sin in hierdie reisgenoot se lewe help soek. Ek sou slegs as gids optree wat die deelnemer bystaan in die proses om nuwe moontlikhede daar te stel, en die gesprek fasiliteer met die oog op ŉ onvoorsiene uitkoms met toegevoegde waarde, sin en betekenis (Janse van Rensburg 1999a:160). Fourie (2006:107) beklemtoon dat dit die terapeut se taak is om te verstaan, te verklaar en gepas in te gryp om sodoende genesing of groei te bewerkstellig en nié om te veroordeel nie. Louw (2005:4) noem dat die kuns van lewe gaan om verstaan, insig, verantwoordelikheid, singewing, sinneming en die soeke na intimiteit.

#### 4.3.1.3 Pastoraal teologiese antropologie

Hierdie studie is vanuit ŉ diakoniologiese epistemologie onderneem; daarom sou ek vanuit ŉ pastoraal teologiese antropologie werk, en nie op ŉ analitiese wyse na die pedofiel kyk nie. Die deelnemer moet eerder hermeneuties benader word uit sy verhouding met God en hoe hy daarvolgens sin aan die lewe kan gee (Louw 1999:181). ŉ Prakties teologiese antropologie verantwoord waarom ŉ bepaalde mensbeeld aanvaar word met die oog op ŉ effektiewe pastorale ontmoeting en die terapeutiese effek wat so ŉ ontmoeting vir die pedofiel inhou (Louw 1999:153). Dit gaan van die veronderstelling uit dat God aan die deelnemer as mens ŉ sentrale plek in die aardse skepping gegee het. Daarom moet hierdie deelnemer tot verantwoordelike besluitneming in die normatiewe dimensie begelei word. God het die mens na sy beeld geskape en aan hom bepaalde opdragte gegee en beloftes gemaak. Een van hierdie beloftes is die ewige lewe, wat vir hierdie persoon miskien nie ŉ werklikheid is nie.

Daarom moet die persoon vanuit ŉ skeppings- en herskeppingsperspektief benader word met die oog op geloofsgroei en versoening met Christus (Louw 1999:298). Volgens Louw (1999:203) is die mens ŉ eenheidswese wat vanuit die perspektief van siel, gees en liggaam beskryf kan word. Louw (2008:100) praat ook van ŉ *embodied soul.* Die mens is vleeslik en aardsgebonde en daardeur swak, broos, sterflik en afhanklik van die verhouding met God. Die mens is ook ŉ redelike wese met ŉ sedelike bestemmingsfunksie waar herinnering, motiewe en impulse as ŉ innerlike realiteit erken word in kombinasie met die gewete, wat die mens as ŉ aanspreekbare wese definieer (Denton 2005:83). Louw (1989:22) stel dit dat die mens ŉ totale wese is met ŉ strukturele gerigtheid op God, op lewe as ŉ aangrypingspunt en veranderingsgebeure deur die werking van die Heilige Gees.

Foster (1989:54) dring aan op gebed vir persone met seksuele afwykings, alhoewel daar deur die wetenskappe geglo word dat dié afwyking ongeneeslik is. Deur opregte gebed kom daar beslis ŉ permanente verandering. Foster beweer seks is soos ŉ rivier – dit is ŉ wonderlike en goeie seën wat binne die regte kanale gebruik moet word. ŉ Rivier wat sy walle oorstroom, is gevaarlik, en so is perverse seksuele drange. God se idee met seks is vir man en vrou binne die huwelik. Wanneer ŉ mens vir ŉ persoon met seksuele afwykings bid, kan jy jou verbeel dat die rivier wat eens sy walle oorstroom het, teruggebring word na sy oorspronklike vloei wanneer God betrek word.

Die krag en reinigende teenwoordigheid van die Heilige Gees sal in die pastorale situasie in gebed aangeroep word omdat die terapeut self sonde en tekortkominge het. Die terapeut sal spontaan vir hom- of haarself en vir die hulpsoekende bid. Die terapeut moet egter sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees in die pastorale situasie.

ŉ Pastorale antropologie benader en behandel die mens as skepsel van God, as beeld van God (Janse van Rensburg 1987:208). Indien pastorale insette buite rekening gelaat word, het dit ŉ onvolledige helingsproses tot gevolg, aangesien dit rekening hou met die belangrikste verhouding van die mens, naamlik sy verhouding met God. In hierdie proses word daar gehoop dat daar ŉ fusie sal plaasvind tussen die verhaal van God en die verhaal van die deelnemer ten einde ŉ nuwe storie te skep waarin die hoop en beloftes van die evangelie figurerende komponente is en sin en betekenis fasiliteer (Müller 1996:105; Louw 1999:31; Müller 2000:71). Met bogenoemde in gedagte kon ek as terapeut met terapie volhard en was elke sessie ŉ uitdaging. Louw (2008:66) verklaar: "Healing does not imply that all the problems of life are solved, but rather that one understands God and relates one's God image to life in order to live the problems in an appropriate and responsible way." As gevolg van die kompleksiteit en die uitdaging sou ek my as die navorser nie kon distansieer van Goddelike bystand en gebed nie.

Crabb (1997:43) poneer dat ’n pastorale berader bewus moet wees van sy eie geestelike verbondenheid in Christus. Sonder die besef van geestelike verbondenheid kan ’n terapeut nie in hierdie terapie staande bly nie.

### 4.3.2 VOORUITSIGTE MET PASTORALE TERAPIE AAN DIE PEDOFIEL

As navorser moet ek my afvra: *Wat wil met praktiese teologie bereik word?*

Die epistemologie wat ek gekies het, is ’n diakoniologiese uitgangspunt, wat in hoofstuk 1 bespreek is. Die eerste vraag mag wees: Hoekom ’n diakoniologiese epistemologie?

Omdat ek seker is dat die deelnemer met geloofsvrae sukkel en dat hierdie persoon so ver van God af beweeg het dat daar slegs deur pneumatologie vordering op spirituele gebied kan wees. Geloofsvrae vra na die Woord van God, na die Heilige Gees en na gebed.

Daar is ook ander redes waarom dit vir my as terapeut belangrik is om die Bybel met die terapie aan die deelnemer te integreer. Eerstens help dit my as terapeut om geanker te bly in Bybelse insig en die verkondiging en versorgende waarheid. Tweedens kan die dialoog tussen Bybelse insig die terapeut bewus maak van die heling en groei wat uit die Woord gefasiliteer kan word. Derdens, deur met mense te werk vir wie die Bybelse beelde ’n riglyn vir hulle lewe word, kan die argetipes van die Bybel as instrument van kreatiewe informasie gebruik word. Om Bybelstories, beelde en metafore te leef is ’n regterbreinaktiwiteit wat die diepgaande waarhede van die lewe kommunikeer. Vierdens, Bybelse wysheid oor heelheid kan gebruik word om te kritiseer, te korrigeer en te verryk. Daar is ’n baie beter verstaan van heelheid in die Bybel as in die humanistiese psigologie (Clinebell 1984:50-51).

Benaderings in die pastoraat, soos die kerugmatiese, eduktiewe, noutetiese, bipolêre, holistiese, konvergensie- en die narratiewe model, is deeglik bespreek in hoofstuk 1. In die pastorale terapie met die deelnemer sal hierdie modelle deurgaans aangewend word.

Die narratiewe benadering sal as strategie binne ’n diakoniologiese epistemologie gebruik word om die deelnemer se verhaal te hoor, saam met hom te dekonstrueer en in die lig van die Woord ’n unieke uitkoms te ko-konstrueer. Meditasie, visualisering en gestaltterapie sal ook vanuit dieselfde epistemologie gebruik word.

Die strategieë wat toegepas word, sal spirituele genesing in die vooruitsig stel. Louw (2008:11) verwoord dit so: "It is about hope, care and endeavour to give meaning to life within the reality of suffering, our human vulnerability, and the ever present predicament of trauma, illness and sickness." Die navorser gaan van die veronderstelling uit dat seksueel afwykende gedrag ’n persoon hoop vir die lewe laat verloor het. Hoop is alle mense beskore. Die teenoorgestelde van hoop is wanhoop of hopeloosheid en is die blokkering en

verstopping van hoop (Smith & Dreyer 2003:167). Verlies aan hoop beteken verlies aan spirituele energie, ŉ gebrek aan doelgerigte aktiwiteit en ŉ staat van apatie (White 1996:9).

Louw (2008:51) poneer dat Christelike spiritualiteit ŉ indikasie van hoop en spiritualiteit is, ŉ bewustheid van die bosinnelike binne eksistensiële en sosiale konflikte. König (2006:414) dui aan dat spiritualiteit verwys na die algemene manier waarop mense hulle geloof beleef en die Here dien. Dit gaan nie soseer oor die leer nie as oor die lewe, oor die manier waarop ons ons geloof (die leer) uitleef. Die Gereformeerde spiritualiteit figureer in hierdie navorsing en die kenmerke daarvan is onder andere (König 2006:416):

- Nederigheid en dankbaarheid - nederigheid omdat selfs die beste wat ons sou kon aanbied, geen waarde het nie en dankbaar omdat God alles voorsien het terwyl ons niks verdien het nie;
- Vol vertroue en rustig. Omdat God in alles voorsien het, kan ons ons volle vertroue op Hom stel en dan in gerustheid ons lewe lei;
- Bestudering van die Woord as finale rigsnoer van ons leer en lewe;
- Samelewingsbetrokkenheid omdat die mens in Christus deur die Heilige Gees nuut geword het.

Wanneer daar van spirituele genesing gepraat word, soos ook genoem in die hipotese, sal daar met die volgende beginsels in die terapeutiese proses met die pedofiel gewerk word (Louw 2008:62):

- Spirituele genesing dui op ŉ nuwe toestand of wees ("being"). Genesing wat spiritueel van aard is, veronderstel "iemand in Christus is ŉ nuwe skepsel" (2 Kor. 5:17);
- Spirituele heling (*healing/wholeness*) dui op ŉ toestand van algehele vrede van die psige (*shalom*): "want Hy is ons vrede" (Ef. 2:14);
- Spirituele heling bied ŉ nuwe houding van lewe en doen van dinge: "Wandel deur die Gees ... die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing" (Gal 5:16, 22-23);
- In totaliteit bied spirituele heling ons doelgerigtheid en is rigtinggewend: "want ons is gered in hoop" (Rom. 8:24).

Louw (2008:63) voer aan dat spirituele genesing ŉ impak op die eksistensiële dimensies van ŉ persoon sal hê en noem vrees, skuld, wanhoop, hulpeloosheid en kwesbaarheid asook onwaar gelowe as voorbeelde.

Daar moet deurentyd ook gedink word aan die vyf lewensbehoeftes waarna elke mens strewe (Louw 2007:140) en dit is ook van toepassing op die geestelike sy, naamlik:

- Die behoefte aan intimiteit. Dit verwys na die behoefte om onvoorwaardelik aanvaar te word vir wie jy is, sonder angs vir verwerping;
- Die behoefte aan bevryding. Dit is die behoefte om verlos te word van skuld sodat jy as vry mens nuut kan leef;
- Die behoefte aan toekoms- en doelgerigtheid. Dit is die behoefte om vanuit die hoop die lewe nuut te antisipeer en nuwe bestaansmoontlikhede te ontdek;
- Die behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk. Alle sosiale wesens lewe binne 'n netwerk van verbintenisse met ander mense;
- Die behoefte aan lewensvervulling wat kan lei tot dankbaarheid en egte lewensvreugde.

Hierdie lewensbehoeftes is van toepassing gemaak op die persoon met seksueel afwykende gedrag. Die basiese beginsels binne spirituele genesing dui egter op die volgende punte wat in pastorale terapie aan die pedofiel van belang is (Louw 2008:58-62).

- Emosionele bestuur en stresbeheer;
- Betekenis en persoonlike groei;
- Persoonlike energie en heelheid;
- Goddelike ingryping;
- Morele genesing;
- Geestelike bemagtiging;
- Bevryding en innerlike genesing. Die bediening van bevryding sou 'n baie voordelige proses vir die pedofiel wees en ook vir die gemeenskap van verhoudings. Die helingingsproses het immers die oogmerk om verhoudings reg te stel en weer skoon te word;
- Positiewe denke. Die wysiging van die deelnemer se denkpatroon (fantasering) is 'n gewigtige taak en sal baie aandag geniet;
- Uitbouing van die deelnemer se geloof, wat ook geloofsgroei en genesing insluit.

#### 4.3.2.1 Aanvaarding van probleem en oorgawe

"Maar deur die genade van God is ek wat ek is" (1 Kor. 15:10). Wanneer 'n persoon by die punt kom en sy probleem aanvaar en erken dat sy lewe buite beheer geraak het, is dit vir hom maklik om te erken dat hy self al beheer probeer neem het en maar nie in staat is om van hierdie verslawende gedrag afstand te doen nie, wanneer hy besef: "I can't control it anymore – it's beyond me. So God, give me the strength I need to cope with my sexual urges" (Hart 1994:201). Hy moet by die besef kom en glo dat die krag van God wat groter as hyself is, genesing (beheer en bestuur) kan bewerkstellig. Hy moet 'n besluit neem om sy eie

wil en lewe aan God se sorg toe te vertrou (Carnes 2001:170). Dit is dan dat ŉ persoon by sondebesef kom en sondebelydenis en vergifnis in die vooruitsig kan wees. Die kerugmatiese model van Thurneysen, waar verkondiging belangrik is (Louw 2008:217), sal hier nuttig te pas kom.

Om alleen seksueel afwykende gedrag te probeer oorkom word deur Hart (1994:202) as hopeloos bestempel. Die menslike brein is wonderlik, maar het ook sy beperkings. Daarby staan mans magteloos teenoor testosteroon en is die seksuele drang een van die sterkste drange in die mens.

#### 4.3.2.2 Die huidige toestand van skuld en sonde

Spirituele genesing beteken vergifnis en versoening (Kol. 2:13-14 en 2 Kor. 5:18). Voordat vergifnis en versoening bereik kan word, moet daar deur die proses van ontkenning gebreek word en moet die oortreder die impak van sy gedrag op ander insien en erken (Schneider 2003:352). Dus sal hy eienaarskap van die probleem moet neem.

Vanuit 'n pastorale perspektief is dit belangrik om alle kognitiewe leuens (verkeerde interpretasies en persepsies) te identifiseer en met die waarheid van die Woord te vervang. Die pedofiel ontken nie alleen sy seksuele misbruik van kinders nie, maar miskien ook sy eie misbruik, dit wat aan hom gedoen is. Molesteerders wat dus nie die effek van hulle eie molestering as kind op hulle lewens erken nie, gee ook nie erkenning aan die skade wat hulle hulle eie slagoffers aandoen nie (Carney & Dew 2003:268).

Seamands (1995:24) benadruk die feit dat 'n proses van genesing van herinneringe moet plaasvind as die eerste fase van die terapeutiese proses. Die Bybelse boodskap van nuut gemaakte denke moet beklemtoon word (Rom. 12:2). Die innerlike mens moet geïm-muniseer word deur van negatiewe gedagtes, persepsies en betekenisse wat die persoon se gees afdruk, ontslae te raak. Wat 'n persoon glo, kan meehelp in sy herstel (Matt. 21:2; 9:29). Crabb (1977:147-153) se metode om ŉ persoon se negatiewe geloof te verander is: Begin deur verkeerde emosies te identifiseer; identifiseer die persoon se probleemgedrag en identifiseer sy probleemdenke. Dit gaan hier nie soseer om bloot positiewe denke nie, maar eerder oor die waarheid van God se Woord wat in die plek van al die verkeerde denkprosesse en persepsies geplaas moet word. Crabb (1977:27) stel dit soos volg: "The change must be not only external obedience, but also inward newness, a renewed way of thinking and perceiving, a changed set of goals, a transformed personality."

Baie persone met seksueel afwykende gedrag dink dat wanneer hulle probleem oorgegee is, hulle nie meer self iets daaraan hoef te doen nie. God beveel ons om ons probleme vir Hom te gee (1 Pet.5:8). Hierdeur wil Hy ons bemagtig om versoekings te weerstaan en verskaf Hy

die nodige hulpmiddele. Wanneer ŉ persoon kan besef dat God sáám aan ŉ probleem werk, kom daar ŉ deurbraak.

#### 4.3.2.3 Die huidige bedreiging van wanhoop vir die toekoms

Die situasie van ŉ onwaardige bestaan het hierdie persoon gestroop van hoop. Spirituele genesing beteken vertroue en geloof in God (Rom. 15:13). Die openbaarmaking van sy dade (Jak. 5:6; Hand. 19:18) en die volle verantwoordelikheid vir sy dade en gedrag moet aanvaar word. Dit sou simbolies op die begin van die opbouproses kon dui (Corley & Schneider 2002:54). Alle vorme van oneerlikheid en leuens in die verlede moet erken en bely word (Jak. 5:16). Persone wat in seksuele aktiwiteite met kinders betrokke was, worstel oor die algemeen met emosionele en geestelike wanhoop. Hierdie persoon oortuig homself dikwels dat indien daar ŉ God is (2 Kor.1:3), Hy in elk geval nie omgee nie (1 Joh. 4:19).

Hierdie persoon mag op die punt van totale desperaatheid wees. Dit kan bevorderlik wees vir sy totale oorgawe aan God se genesende en bevrydende krag (Hand. 8:22). Die narratiewe metode kan in die soeke na hoop (Louw 2008:253) ŉ deurslaggewende rol speel. Hoop word egter gesoek tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms (Smith & Dreyer 2003:167). Dit is egter belangrik dat die pastorale berader nie te gou oorgaan tot die genesing van wanhoop nie, aangesien die oppervlakkige verlossing die persoon later tot groter wanhoop kan dryf.

#### 4.3.2.4 Onverwerkte emosionele pyn

Hierdie aspek is van deurslaggewende belang met betrekking tot die uiteindelike rehabilitasie en herstel (bestuur en beheer) van die pedofiel. Daar sal dikwels nog dieper wortels van onverwerkte emosionele pyn uit die verlede wees wat hanteer sal moet word. Dit is ook hierdie onverwerkte emosionele pyn wat seksuele molestering as ontvlugting gebruik wanneer die pyn te oorweldigend raak. Hierdie emosionele pyn hou oor die algemeen verband met ŉ innerlike emosionele vakuum wat gekoppel word aan pynlike gebeure êrens in die verlede. Daar was dikwels ŉ gebrek aan die liefde, erkenning, ondersteuning of sekuriteit. Traumatiese gebeure en gevoelens van verwerping en vernedering kan alles bydra tot die emosionele vakuum. Seksuele wandade was gevolglik slegs desperate pogings om tydelik uit die maalkolk van onverwerkte emosies te ontvlug.

Deur middel van die narratiewe metode kan traumatiese en pynlike gebeure, asook onvervulde behoeftes uit die kinderjare, geïdentifiseer word. Hierdie gebeure moet stap vir stap deurgewerk word: die pynlike herinneringe moet geverbaliseer word en die onderdrukte emosies moet toegelaat word om na die oppervlakte te kom. Elke insident moet saam in gebed hanteer word. ŉ Gebed om die genesing van emosies en herinneringe ten opsigte van elke traumatiese en pynlike ervaring blyk telkens genesend, helend, bevrydend en

terapeuties te wees. God kan vertrou word om deur die werking van sy Heilige Gees die innerlike emosionele vakuum te vul, die storm stil te maak en weer innerlike balans te bring. Vir die oortreder wat oopmaak en sy verhale met die terapeut deel, is dit gepas van die terapeut om God se krag en liefde vir die beradene te vra (Jak. 5:6).

Carnes (2001:170) het die twaalf riglyne van Alkoholiste Anoniem aangepas vir die persoon met seksueel afwykende gedrag. In hierdie navorsing, wat op die geestelike sy van die deelnemer gerig is, is dit van onskatbare waarde. Voordat pastorale terapie ŉ positiewe bydrae kan lewer, moet die oortreder die volgende besef (Coetzer 2006:69):

- Hy moet ŉ deurtastende en vreeslose inventaris oor homself maak. Hy moet teenoor God, teenoor homself en ook teenoor ander die presiese aard van sy oortredings erken. Hy moet algeheel gereed wees om God toe te laat om die foute in sy karakter te verwyder;
- Hy moet biddend tot God pleit om sy tekortkominge uit die weg te ruim;
- Hy moet ŉ lys maak van al die persone wat hy skade berokken het en moet gewillig wees om teenoor almal regstellings te maak;
- Hy moet bereid wees om regstellings te maak behalwe waar so ŉ aksie tot sy nadeel of die nadeel van ander mag wees;
- Hy moet voortgaan om persoonlik boek te hou van sy oortredings, en waar hy verkeerd is, dit onmiddellik te erken, byvoorbeeld fantasering;
- Deur gebed en meditasie moet hy daarna streef om sy bewustelike kontak met God te verbeter. Hy moet soek na God se wil en bid vir die krag om dit uit te voer;
- Nadat hy geestelike vernuwing beleef het op grond van hierdie stappe, moet hy hierdie boodskap aan ander deurgee en moet hy hierdie beginsels deurgaans toepas;

Louw (2008:116) wys daarop dat wanneer ŉ persoon ŉ hulpelose slagoffer bly, hy emosioneel siek word. Alle mense het ŉ basiese behoefte aan ŉ ondersteuningstelsel. Die ontdekking van *koinonia* is belangrik (1 Kor.12:26). Dit is dan dat die persoon besef dat daar ander gelowiges is wat saam met hom teen sy seksuele probleem sal staan (Gal. 6:2). Ander gelowiges kan hom help om eerlik en verantwoordelik en aanspreeklik te bly. Hierdie uitreik na vertrouelinge is ook ŉ hulpmiddel van God omdat sy genade vir almal, selfs ook vir seksuele oortreders, groot is (2 Kor.1:4-5).

#### 4.3.2.5 Seksualiteit binne pastorale terapie

Seksualiteit is inherent deel van die manier waarop ŉ persoon se identiteit aanmekaar gesit is. Seksualiteit is nie ŉ onderafdeling van die mens nie. Die mens is ŉ beliggaamde wese en seksualiteit is ŉ integrale deel van menswees (Barnard 2000:2). Seksualiteit word uit ŉ

estetiese hoek beskou en is deel van die menslike siel (Louw 2008:253). Die menslike eenheid word vanuit die perspektief van siel, gees en liggaam beskryf.

Onder die invloed van die Griekse denke is daar dikwels in die verlede ŉ onderskeid gemaak tussen liggaam en siel/gees – soms selfs tussen liggaam, siel en gees (Barnard 2000:2). In die Griekse literatuur is die siel as ŉ onafhanklike entiteit beskou wat in skerp kontras met die stoflike en die liggaamlike staan (Louw 2005:11).

Die Bybel ken nie hierdie onderskeid nie. Wanneer die Bybel van siel praat, kan dit feitlik deurgaans met lewe vertaal word (Barnard 2000:2). Louw (2005:11) dui aan dat die Bybelse perspektief van die siel op die geheel menslike persoon dui (Hand. 2:41). Louw gee ŉ kernagtige formulering ten opsigte van die verstaan van siel: Die mens het nie ŉ siel nie; die mens is sy/haar siel. Siel verwys nie na iets onsterfliks in die mens wat deur die liggaam soos in ŉ kerker gevange gehou word nie. Onsterflikheid is nie ŉ aangebore menslike eienskap nie; dit is ŉ kwaliteit wat deur God aan die mens verleen word ooreenkomstig hoe ek en jy elke dag met mekaar saamgeleef het (Louw 2005:14).

Die Bybel gebruik soms drie aspekte om die mens te beskryf. 1 Tessalonisense 5:23: " ... en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar ... " Hier is ŉ drie-ledige beskrywing van die mens. Dit sou verstaan kan word as dat die apostel Paulus hier nie ŉ drie-ledige indeling wil maak nie, maar verskillende perspektiewe binne die eenheid wil aandui. Verder waarsku Paulus teen ŉ filosofiese en psigologiese spekulasie oor drie entiteite en antropologiese kategorieë van menswees. Die apostel is besig met eskatologiese perspektiewe van God se koninkryk en die implikasies daarvan vir die nuwe lewe in Christus (Louw 2008:79).

Siel verwys na iets geesteliks, die innerlike deel van die mens of na menslike volheid en nie na verskillende substansies soos in die geval van die Grieke nie. Die Bybel gee ŉ baie voller en dieper inhoud aan die mens as ŉ holistiese wese waarin siel en liggaam op ŉ bykans misterieuse wyse tot ŉ eenheid verbind is. Die Bybel gee byna ŉ Goddelike konnotasie aan die siel wanneer in Romeine 8 die Heilige Gees en die mens se gees aan mekaar verbind word.

> "According to Paul, there is an interconnectedness between soul and spirit. In some texts the meaning of these terms is actually more or less the same. When Paul refers to spirit/*pneuma*, his intention is to discribe a unique relationship between God and human beings. Soul then become an indication and expression of a very specific state of being resulting from justification (salvation). One can say that *pneuma* indicates the new person in Christ over against the old person, captured by death and sin (Louw 2008:79)."

Die mens leef nie anders as deur sy liggaam nie. Dit sou dus selfs verkeerd wees om te sê dat ek 'n liggaam het. Ek hét nie 'n liggaam nie, ek is my liggaam, ek leef as liggaam, ek sterf as liggaam en ek glo aan die opstanding van die liggaam (1 Kor. 15:35). Van den Berg (2007:17) poneer wie die liggaam as 'n belangrike komponent van die antropologie erken, erken ook die mens se broosheid. Die sterflikheid en breekbaarheid van die mens word juis in die fisieke beliggaam gesien.

Deel van die beliggaamde wese is dat die mens 'n geslagtelike wese is. Geslagtelikheid hang saam met hormonale samestelling, kliere, uitwendige organe en nog meer-die ganse wese is deurtrek van 'n persoon se geslagtelikheid. Die mens se seksualiteit deurdring sy menslikheid en sy menslikheid word deur sy seksualiteit bepaal (Barnard 2000:2). Die mens is 'n beliggaamde siel en besielde liggaam (Van den Berg 2007; Louw 2008:83).

Heyns (1986:153) noem dat wie met die geslagtelikheid van die mens besig is, met 'n konstituerende aspek van sy wese besig is.

Louw (2008:352) beskryf menslike seksualiteit as die impuls of dryfkrag diep binne die mens wat 'n individu aangetrokke laat voel tot 'n ander om iéts te ontwikkel wat groter is as albei en van die ander persoon in die self vergestalt. Deur seksualiteit raak een persoon deel van 'n ander (Bell 2007:117). Seksualiteit is die uitdrukking van die menslike siel. Die mens het nie seksualiteit nie, maar die mens is sy eie seksualiteit. Deur die uitdrukking van menslike seksualiteit bind menslike siele. Bell (2007:137) sê die twee siele vloei ineen. Dit is 'n diep fundamentele menslike dryfkrag na iemand om die eksistensiële behoeftes mee te deel en te bevredig. Dit het ook die wil om te kommunikeer en te ondersteun, wat dan in seksuele liefde uitgedruk word. Seksualiteit is 'n uitdrukking van menslike intimiteit en is integraal deel van ons menswees. "It is intrinsically connected to the ensoulment of the body and the embodiment of the soul." Daarom is seksualiteit 'n geestelike kwessie, omdat dit 'n uitdrukking van 'n mens se diepste wese is. In die intimiteit van seks word 'n grens oorgesteek. Louw (2008:353) haal Kox-Seith aan: "one becomes more than oneself; one becomes part of 'an other'."

Volgens Bell (2007:120) bly dit wat tussen twee mense gebeur wanneer hulle seksueel verkeer, 'n diep geheimenis, die geheimenis van die ontmoeting van twee siele. Wanneer dit met ander gedeel word, doen dit afbreuk aan die krag daarvan. Die diep, mistieke seksuele eenwording is in God se seënende teenwoordigheid (Bell 2007:122). Hy noem verder dat dit moontlik is om hierdie progressie in die verkeerde volgorde te laat verloop. Ons moet besef dat God ons geskape het om as geïntegreerde wesens te lewe. Heel. Een. Nie versplinter en gebreek nie, maar 'n eenheid (Bell 2007:137). Wanneer twee mense seks het, word hulle een (Matt.19:6) (Bell 2007:144).

Coetzer (2006:85) beskryf seksualiteit as die diepe en intieme kennis van ŉ ander persoon, ŉ kennis wat al drie fasette van die mens insluit, naamlik die gees, emosies en liggaam.

Volgens Kaplan en Sadock (1998:692) word seksualiteit bepaal deur anatomiese, fisiologiese en sielkundige faktore, die kultuur waarin 'n persoon leef, 'n persoon se verhouding met ander en ondervindinge deur die persoon se lewensiklus. Dit sluit die persoon se persepsie van manlikheid en vroulikheid in en alle denke, gevoelens en gedrag wat die persoon oor seksuele bevrediging en voortplanting het, asook die aangetrokkenheid van een persoon tot 'n ander.

Volgens bogenoemde bespreking kan daar gesê word dat seksualiteit het met die ganse mens se liggaam en siel te doen (Heyns 1978:138; Louw 2008:253).

Anders as Freud meen Jung dat die mens se basiese godsdienstige behoeftes net so sterk soos sy seksuele behoeftes is. Eintlik is die religieuse behoeftes van die mens sterker as sy seksuele behoeftes omdat religie in staat is om seksuele behoeftes te onderdruk. Naas die religieuse behoeftes is daar ook ambisie, wat as ŉ dryfkrag in die ego funksioneer en dikwels ŉ sterker krag in die mens is as sy seksuele drange (Louw 1993:189). Daarom moet hierdie krag in pastorale terapie met die pedofiel gebruik word. Die spirituele gedeelte van die oortreder is baie belangrik en pastorale terapie is daarom noodsaaklik (Sweeney 2008:9). "A combination of psychological strategies and spiritual dependence and resources are the only effective tools we have for governing the sexual urge" (Hart 1994:199).

Vir baie mense is seksualiteit bloot dit wat op die vlak van liggaamlike genot tussen twee mense gebeur. Dit is egter net ŉ klein deeltjie van seksualiteit. Seksualiteit is al die maniere waarop ons daarna streef om ons verbintenis met die wêreld, met mekaar en met God te herstel (Bell 2007:26), want seksualiteit is deur God aan die mens geskenk (Gen. 2:23) (Louw 1999:202) sodat ons dit weer binne die grense van sy reëls en gebooie – en nie van ons eie reëls nie – kan gebruik om plesier en vervulling te vind. Die mens as man en vrou is so geskape dat hulle twee met mekaar geslagsgemeenskap kan hê (Gen. 1:27, 2:24). Die man en vrou het mekaar, as liggaam en gees, nodig om te wees wat hulle na God se bedoeling moet wees. Seksualiteit en liggaamsgemeenskap is 'n totale daad van lewensgemeenskap waardeur twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag mekaar totaal in liefde opeis en onvoorwaardelik vir mekaar ontsluit word (Louw 1997:203). Anderson (1998:315) wys daarop dat persone nie voor die huwelik onheilige seks kan beoefen en dan kan dink hulle sal heilige seks in die huwelik beleef nie. Onheilige seks ly net tot ŉ gebrek aan vervulling.

Seksualiteit word ook met voortplanting verbind. Dit is ŉ duidelike opdrag van God self: "Wees vrugbaar, word baie" (Gen. 1:28). Maar die persone mag mekaar nie verdinglik en tot

gebruiksvoorwerp of genotsvoorwerp degradeer nie. Voortplanting is slegs ’n aspek – wel ’n belangrike aspek – van seksuele liefde, maar nie die totaliteit daarvan nie (Heyns 1986:158).

Vir Louw (1997:200) is liggaamlikheid die totaliteit van die mens as psigo-fisiese wese. Daarom gee die mens ook in sy diepste liggaamlikheid uitdrukking aan die beeld van God: "In die verantwoordelike wyse waarop hy sy liggaam se seksuele behoeftes hanteer met die oog op die Godgegewe bestemmingsfunksie daarvan, is hy beeld van God." Liggaamlikheid, seksualiteit en erotiek is daarom 'n integrale deel van die mens se bestaan voor God (Louw 1997:202). Daar moet so na seksualiteit omgesien word dat ons diensbaarheid aan God daardeur onderskraag en nie belemmer word nie. Selfbeheersing ten opsigte van seksualiteit (vlg. 1 Kor. 7:8-9; Gal. 5:23; 1 Tess. 4:4) word ook beklemtoon.

Die kern van alle en basiese behoeftes, van alle vorms en modus, ook van die seksuele en seksuele aktiwiteite, is die begeerte tot intimiteit (Louw 2008:359). Met seks soek mense intimiteit, iemand om aan te behoort (Bell 2007:149). Intimiteit beteken egter om onvoorwaardelik aanvaar te word vir wie ’n mens is sonder vrees vir verwerping. Intimiteit skep ’n atmosfeer van aanvaarding en sekuriteit, medelye, tere liefde en hegte bande (Louw 2008:359). Die nosie van tere, liefdevolle intimiteit verteenwoordig die dinamika van beliggaming en die aanname dat ’n mens meer as ’n biologiese en ’n psigiese wese is (Louw 2087:360).

Die menslike liggaam in sy liggaamlikheid is tydelik en ruimtelik. Daarom moet die menslike liggaam gesien en behandel word as ’n liggaamlike ruimte vir die versorging (*nurturing*) van intimiteit en binding, want die liggaam huisves ook die siel (Louw 2008:360). Die liggaam en beliggaamde spasie voorsien ook die posisie en is ook die houer of kapsule vir die uitdrukking van die seksuele (Louw 2008:358).

Die liggaam is meer as net ’n organies-biologiese struktuur wat uit materie bestaan, ’n lewendige tuig van vlees, organe, ’n senuweestelsel en ’n beenstruktuur, wat eenheid en kohesie en vorm gee en wat deur fisiese en sosiale inskripsies van die liggaam oppervlakte gee (Louw 2008:360).

Die liggaam word ’n subjek in hierdie siening van ontmoeting met ’n ander en uiteindelik word hierdie ontmoeting ook met die ANDER. Dit is duidelik met seks. Seks word die subjek van seksuele gebeure tussen twee persone en uiteindelik ook met die ANDER (Louw 2008:361).

Seksuele ruimte is die plek waar die mens ontmoet om uitdrukking aan seksuele hoop, wense, sensuele begeertes, geniet, gedrag, etos, norme en waardes binne die domein van seksuele verskille en die morfologie van die liggaam (Louw 2008:361). Daarom moet meer waarde aan menslike seksualiteit geheg word dit moet ’n spirituele ruimte van verryking wees (Louw 2008:361).

Menslike seksualiteit moet daarom gesien word as ŉ spirituele ontmoeting tussen twee mense en daar moet groot waarde daaraan geheg word (Louw 2008:361). Die genade van onvoorwaardelike aanvaarding en die bekragtiging en bevestiging van agape liefde tussen twee mense, fasiliteer hierdie spirituele ontmoeting (Louw 2008:361).

Agape word oral in die Nuwe Testament aangetref en word ook in die algemeen gebruik in die konteks van God se liefde vir mense (Joh. 3:16). Agape is ŉ spesifieke soort liefde. Liefde word dikwels as ŉ behoefte beskou, iets wat ons by ander mense kry. Agape is die teenoorgestelde. Agape is gee (Bell 2007:101).

Daar moet onmiddellik besef word dat seksualiteit nie verstaan kan word sonder om oor die gevare van verwerping, geheelonthouding, promiskuïteit, vervreemding, teleurstelling en ontrouheid te praat nie (Louw 2008:359).

Dit wil voorkom of die deelnemer seksualiteit as promiskuïteit beleef, en promiskuïteit staan teenoor intimiteit en liefde. Promiskuïteit staan teenoor die beskouing van liefde en intimiteit en rig seks op vryheid sonder beperkings. Dit gebeur wanneer seks slegs ŉ funksionele instrument word, wanneer dit geskei word van morele besluitneming (Louw 2008:364-365).

Volgens wat hierbo genoem is, kan dit nie betwyfel word dat pedofilie ŉ gevaar inhou vir wat God vir seksualiteit bestem het nie. Pedofilie is abnormale of disfunksionele seksualiteit en dit word as ŉ afwyking in die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM-IV-TR)* geklassifiseer (Kaplan & Sadock 1998:718). Hart (1994:27) sê "on one hand sexual feelings can be innocent, pure, and holy. On the other, sexuality can be savage, frenzied, hideous, and lurid." Hy wys verder daarop dat manlike seksualiteit vir baie ernstige misdade teen kinders, vroue en ook teen ander mans verantwoordelik is en dat die krag van manlike seksualiteit nie onderskat mag word nie. Bell (2007:119) stem hiermee saam maar voeg by dat manlike seksualiteit ten alle koste gerespekteer moet word. Mense is dikwels onbewus van die belangrikheid van hierdie band, en wanneer dit skade ly, ly hulle ook skade.

**(i) Terminering van seksuele gedrag**

Masturbasie, fantasering en pornografie, wat die boublokke van seksuele oortreding is, moet aandag geniet tydens terapie. Die persoon kan aangemoedig word om ŉ kontrak te sluit om hom van sodanige aktiwiteite te weerhou. Omdat fantasieë een van die moeilikste aspekte (Coetzer 2006:75; Salter 1995:42; Schultz 2005:23) van die herstelproses is, gaan dit moed en oefening kos (Coetzer 2006:75). Die persoon moet besef dat hy ŉ keuse het en ŉ besluit moet neem om af te sien van die gewoontes, soos onder andere pornografie (Hart 1994:97-98). Wanneer die persoon begin fantaseer, is dit sinvol om homself af te vra wat presies aan die gebeur is. Die snellers wat gewoonlik hierdie proses aktiveer, moet geïdentifiseer word. Die rekkiemetode kan aangewend word. Hy dra ŉ rekkie om sy gewrig en elke keer as hy

begin fantaseer, skiet hy homself. Hierdeur herinner hy homself aan die kontrak wat hy met homself gesluit het.

Die pedofiel moet verstaan dat seksuele aktiwiteite nie ŉ metode is om negatiewe gevoelens te ontvlug nie, maar dat dit ŉ uitdrukking van intimiteit in die huwelik is. Hy moet ook verstaan dat seks nie liefde is nie.

Hy moet insig in homself kry met betrekking tot die rol van spesifieke rituele in die verlede wat uiteindelik in die seksueel onaanvaarbare seksuele gedrag gekulmineer het. Die stimulus wat telkens die ritueel geaktiveer het, moet geïdentifiseer word en hierdie stimulus moet pertinent vermy word. Die negatiewe rituele moet stelselmatig met positiewe rituele vervang word. Daar kan ŉ lys opgestel word van persone wat ŉ invloed op die rituele gehad het en hierdie persone moet totaal vermy word. ŉ Lys kan ook gemaak word van persone wat ŉ positiewe inset in sy lewe kan lewer of hy moet aangemoedig word om homself tot ŉ geestelike mentor te verbind.

**(ii) Terugval**

Om terugval te verhoed, moet daar ŉ program gevolg word en praktiese riglyne gegee word.

Die persoon met ŉ seksuele afwyking moet weet dat daar ŉ moontlikheid is dat hy kan terugval. Hy moet besef dat hierdie ŉ chroniese toestand is waar daar soms ŉ terugval is en hy moet leer om dit te hanteer. Sy mentor of ŉ familielid moet proaktief ŉ strategie vir selfsorg gereed hê wanneer dit gebeur.

Die persoon en betrokke partye moet besef dat jaardatums van spesifieke gebeure baie traumaties kan wees. Hier gaan dit onder andere oor die datums waarop sekere pynlike inligting die eerste keer openbaar gemaak of ontdek is. Dit kan ook datums wees van pynlike gebeure in die verlede. Die herinneringe hieraan kan opnuut woede sowel as gevoelens van skaamte aktiveer.

Daar kan ook van tyd tot tyd intense terugflitse wees. Die mees gepaste optrede mag wees om te erken dat sy gedrag in die verlede verkeerd was, berou uit te spreek en ŉ bereidwilligheid te toon om enigiets te doen wat tot die verligting van die huidige situasie kan bydra.

Pastorale terapeutiese sessies is belangrik en die persoon sal daaraan moet gestand hou. Hierdeur word die persoon herinner dat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (vgl. Joh. 15:5 en Ps. 103:14). Hy mag homself nooit oorskat en dink dat hy aan versoeking kan blootgestel word sonder om daardeur oorweldig te word nie (De Bruyn 1997: par. 52.8). Hierdie proses sal mettertyd deur ŉ ondersteunings- of selgroep oorgeneem kan word.

## 4.4 STRATEGIEË WAT BINNE KWALITATIEWE BENADERING AANGEWEND IS

### 4.4.1 NARRATIEWE TERAPIE VANUIT 'N KWALITATIEWE BENADERING

Die narratiewe benadering is volledig in hoofstuk 1 (1.7.8) bespreek. In die gees van die narratiewe strategieë en die beginsels van die kwalitatiewe navorsingsmetodes, word die pastor ŉ ko-konstrueerder en ŉ reisgenoot eerder as ŉ deskundige oor die onderwerp. Die konseptuele raamwerk sou hoogstens ŉ hulpmiddel wees tot groter deernis en begrip ten opsigte van die pedofiel se verhaal. Met hierdie uitgangspunt sal gepoog word om getrou te bly aan die wese van die narratiewe benadering. Die diakoniologiese vertrekpunt skep egter wel die ruimte om die normatiewe gesag van die Skrif deurgaans te erken en as beïnvloedingsinstrument aan te wend. Daar sal ook by wyse van interaksie tussen die pedofiel, die pastor en die Woord gepoog word om tot ŉ verhaal te kom wat bevrydend ervaar sal word.

Die kwalitatiewe deelname sal aan die hand van die narratiewe metode ontplooi. Morgan (2000:8) wys daarop dat ŉ mens se lewe uit baie stories bestaan. Daar is dus nie net een persoonlike storie en een sosiale diskoers wat op ŉ gegewe tyd ŉ invloed op ŉ mens se lewe uitoefen nie, maar vele. Volgens Freedman en Combs (2002:12) beleef die pedofiel nie sy verhale as stories nie, maar as realiteit. Mense bepaal die betekenis van hulle lewens deur sleutelgebeurtenisse in verhaalvorm te organiseer, wat dan deel van hulle groter lewensverhaal word (Freedman & Combs 2002:205).

Hoe word die kwalitatiewe navorsing met die narratiewe benadering, wat een van die strategieë van ondersoek is, met mekaar verbind?

- Die deelnemer se woorde en dade soos hy dit aan my beskryf, gaan die bron van my inligting wees. Ek wil dit doen deur vrae aan hom te vra. Met vrae wil ons sy lewe en ervarings ondersoek. Vrae wat belangrik is, sal handel oor die invloed van die probleem of die diskoers op sy lewe. Dit is ook belangrik om vrae te vra oor watter invloed hy op die probleem of diskoers sou uitoefen.
- Die deelnemer se nadenke sal gestimuleer word, wat sal lei tot die herskryf van sy stories *(re-storying)*. Die vertel en oorvertel van die deelnemer se storie sal my help om ŉ interpretasie te vorm. Ek is nie ŉ objektiewe buitestander in die insameling van die data nie. Ek het genoem dat ek en die deelnemer ko-konstrueer aan sy verhaal sodat ons tot ŉ verhaal van hoop en menslike heelheid kan vorder. Daarom wil ek die deelnemer vra om die gesprekke wat getranskribeer is, na te gaan en dat ons ook my interpretasies sal bespreek.

Die narratiewe benadering is reeds in hoofstuk 1 (1.7.8) bespreek. Hier sal slegs die inligting bespreek word wat betrekking het op die strategieë wat saam met die narratief aangewend is.

### 4.4.2 MEDITASIE EN VISUALISERING

Heymans (2008) het aangedui dat meditasie en visualisering uit die Bybel verantwoordbaar is. Daar is gesien dat die Bybel beeldryke taal in die Ou en Nuwe Testament gebruik. Daar is ook gevind dat die woorde wat in die Ou Testament vir meditasie gebruik word, saamhang met die meditering oor die wet, God se handeling en die Woord van God. Daar is ook in die Nuwe Testament na verskeie gedeeltes verwys wat handel oor onttrekking, afsondering en stilword, wat duidelik dui op die aanwend van hierdie metodes. In hierdie strategieë is daar van Heymans (2008), Nicol (2002) en Muller (2001) se tegnieke gebruik gemaak asook my eie insette.

Daar word vermoed dat die persoon tydens meditasie en visualisering op die Heilige Gees sal vertrou, dat dit sal meewerk dat die persoon insig in sy probleem sal kry en dat die Heilige Gees verhelderend daarop sal inwerk. Die pedofiel kan moontlik ook gelei word tot ’n lewe in die Heilige Gees en om geestelik te groei deur die Heilige Gees (Heymans 2008:130).

Meditasie en visualisering word gebruik met die hoofdoel om die deelnemer se verhouding met God te verbeter, sodat hy weer die vertikale dimensie van sy lewe kan beleef, weer die helende energiegewende krag van die Heilige Gees kan ervaar en homself daarmee kan omring. Deur meditasie en visualisering word die persoon gehelp om negatiewe prentjies met positiewe prentjies te vervang en om ook in sy verhouding met God te groei (Heymans 2008:131).

Meditasie en visualisering word nie diepgaande bespreek nie, slegs ’n paar punte word aangestip voordat hierdie strategie op die deelnemer toegepas word.

#### 4.4.2.1 Meditasie

Meditasie verlewendig die kreatiewe krag in ons (Heymans 2008:244). Ingewings kom dikwels onverwags as ’n mens in ’n toestand van rus verkeer. Die rustigheid van meditasie gee aan die innerlike ’n kans om wat aandag moet kry, uit te lig. Dit is soos die see wat vreemde voorwerpe mettertyd uitspoel. As die innerlike die kans kry, doen dit sy eie werk en hou homself gesond (Heymans 2008:248).

Meditasie help om moeilike probleme op te los. Dit stel die mens in staat om terug te staan, soos om op ’n berg te staan en die vlakte daaronder te sien. ’n Mens kan wegstaan van die pynlike situasie en die groot prentjie sien (Heymans 2008:247).

Tydens meditasie maak ŉ mens beter kontak met jouself en dit bevorder kontak met God, dit wil sê, ŉ mens word meer mens, meer soos God jou geskep het om te wees. Ten diepste het Hy die mens geskep vir gemeenskap met Hom (Heymans 2008:247). Meditasie is egter nie ŉ tegniek om God te manipuleer nie (Foster 1989:3).

Met Christelike meditasie word bedoel om stil te word by Bybelse gedagtes (Nicol 2002:10). In Christelike stilword word daar meer in eensame stilte verkeer om ja te sê vir die nabyheid en werksaamheid van die Heilige Gees (Nicol 2002:43). Dit gaan oor die oordink of bepeinsing van God se Woord en die persoon se verhouding en lewe met God en Jesus Christus (Nicol 2002:10).

Nicol (1989:17, 29, 46; 1996:49) sê verder as ’n mens innerlik stil word, word nie net inkering moontlik nie, maar ook oopstelling. ’n Mens word op ’n manier bewus van God se teen-woordigheid, sy liefde, leiding en heling. Die persoon kan homself na binne keer, homself beter oopstel en gevoeliger waarneem. As ’n mens rus in jouself gevind het, is jy juis gereed om na God te luister.

Teksmeditasie help om gedagtes op een punt saam te trek en te laat bedaar, sodat jy kontak het met dit wat dieper in jou hart leef, soos gevoelens, behoeftes en oortuigings. Jy maak kontak met jouself (Nicol 1989:40). Die Woord van God vra ons om oor die Woord self te mediteer. Die aard van die Bybel vra dat ons daaroor sal mediteer. Daar word dikwels beweer dat ons net ons logiese, rasionele denke (linkerbreinlob) gebruik as ons met die Bybel besig is. As ek slegs met my rede funksioneer, is dit hoofsaaklik ék wat besig is. Ek probeer die teks verstaan en toepas. Die Bybel vra dat ons ook ons intuïtiewe en emosionele kant (regterbreinlob) sal gebruik. Die teks moet met my ook werk en nie net ek alleen met die teks nie (Heymans 2008:239).

Deur meditasie kan daar in die stilword ŉ ontmoeting plaasvind en kan die beeld van God herskep word. Deur jou lewe voor die aangesig van die Here bymekaar te maak en voor Hom te lê, kan innerlike genesing plaasvind. Dit gee ŉ persoon kans om die onrus in sy hart te verdryf. ’n Mens se diep psigiese wonde en gebreke word soms tydens meditasie ontbloot. Die persoon raak bewus van bepaalde emosionele pyn waaraan hy van jongs af ly. Dit kan daartoe lei dat hy die seer voor God oopstel sodat Hy dit genesend kan aanraak. Die skaamte wat hy beleef, kan in berou oorgaan. Hierdeur word hy na die kruis gedwing waar die sonde nie teen die bloed van Christus bestand is nie – en innerlike genesing kan begin plaasvind. Meditasie kan help dat ’n persoon van onrus genees word (Nicol 1989:3,44).

Daar word vermoed dat meditasie die persoon wat kinders molesteer, kan help sodat hy God kan beleef, sy denke verlig kan word en hy nuwe moontlikhede kan sien.

Gebed speel ŉ belangrike rol tydens meditasie en visualisering as pastorale terapie. Gebed dien as motivering vir die deelnemer om sy hulp van God te verwag. Dit kan ook as brugbouer van meditasie na visualisering gebruik word.

Die metode wat Heymans (2008) en Nicol (2002) en Muller (2001) aanbeveel, is toegepas. Die proses van meditasie word eers breedvoerig met die deelnemer bespreek en verduidelik. Omdat die liggaam en gees meer verweef is as wat ons dink (Nicol 2002:73), word ook aan die volgende aandag gegee: sitposisie, ontspanningsoefeninge, asemhalingsoefeninge en, indien deelnemer gespanne voorkom, strekoefeninge wat die spiere help ontspan. Die persoon word gevra om sy oë toe te maak, byvoorbeeld na die ontspanningsoefeninge gedoen is, is die persoon gevra om die Here te vra wat Hy graag nou sal wil hê. Die persoon kan dan in stilte by homself ŉ gebed doen. Daarna kan oorgegaan word tot visualisering (Heymans 2008:250).

Meditasie is in verskeie sessies as hulpmiddel gebruik. Dit is aangewend toe daar agtergekom is dat Melt ŉ blokkasie ervaar om met God te kommunikeer. Die tweerigtinggesprek wat daar moes wees, is deur al sy ervarings in die wiele gery. Hy het gekla dat hy teen die plafon vas bid en sy Godskonsep was negatief. Deur hierdie metode as hulpmiddel aan te wend was daar ŉ vermoede dat hy weer met God in gesprek sou kon tree.

#### 4.4.2.2 Visualisering

Verbeeldingsterapie as terapeutiese tegniek word as ’n holistiese terapie beskou. Janse van Rensburg (1998:73) wys na die positiewe resultate wat visualisering by selfbeeldprobleme het. Visualisering kan ŉ persoon help deur van die negatiewe prentjies van byvoorbeeld, ŉ swak selfbeeld ontslae te raak en dit met prentjies van ŉ positiewe selfbeeld te vervang (Heymans 2008:130).

Heymans (2008:252-289) se navorsing oor visualisering het in hierdie studie groot byval gevind. Die navorser stem met haar saam dat visualisering ŉ bydrae kan lewer tot pastorale terapie. Pastorale terapie berus hoofsaaklik op kommunikasiegebeure tussen die pastor en die deelnemer. Kommunikasie het daarom ook nie dieselfde impak as visualisering nie. Dit help ook dat die persoon nie net die beeld sien nie, maar ook die emosies ervaar wat daarmee saamgaan (Heymans 2008:260).

Met visualisering word bedoel dat die regterbrein benut word om in beelde te dink (Heymans 2008:17). Om te visualiseer is om jou verbeelding sonder ’n eksterne stimulus op daardie oomblik te gebruik en jouself in ’n situasie te sien wat nog nie plaasgevind het nie; waar jy in jou verbeelding sien wat jy doen, wat jy wil doen en dat jy die resultate kry wat jy begeer (Muller 2001:7).

In hierdie studie is visualisering gebruik om die beelde oor God en die beelde van die Bybel oor God Drie-enig te vestig en om die persoon met selfbeeldprobleme te help.

In die aanwending van visualisering is gebruik gemaak van Heymans (2008), Muller (2008), Nicol (2002) en ook my eie insette.

### 4.4.3 GESTALTTERAPIE

Gestaltterapie is ŉ holistiese benadering wat op die persoon in sy geheelheid fokus (Louw 2005:27). Dit is ŉ prosesgeoriënteerde terapie wat fokus op die geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die persoon (Oaklander 1997:184). Die klem word geplaas op bewustheid in die hier en nou en die deelnemer word begelei om bewus te word van sy ervarings en gevoelens en om dit deel te maak van homself.

In die navorsing is drie tegnieke uit die gestaltterapie gebruik: die leë-stoel-, die roosboom en ook ŉ veiligeplek-tegniek.

Hierdie tegnieke is deur Fritz Perls ontwikkel om groter bewuswording en oopheid aan die terapeutiese proses te gee. Die tegniek word ook gebruik om onafgehandelde gebeure in die verlede na vore te bring en help die persoon om dit wat nooit gesê is nie, te sê.

Perls maak gebruik van die leë-stoeltegniek, waar die deelnemer die ander persoon in sy/haar verbeelding op ŉ stoel sien sit en dan ŉ gesprek met die persoon voer (Oaklander 1988:151). Hierdie tegniek is aangewend om die deelnemer aan te moedig om vergifnis aan sy pa te gee. Seamands (2003:143) verwys na die leë-stoeltegniek en keur dit nie af nie, maar beveel aan dat die persoon vergifnis uitspreek in die teenwoordigheid van die ander wat te nagekom is, en ook in die teenwoordigheid van Jesus Christus (2 Kor. 2:10). Seamands meen dat indien ŉ leë stoel die teenwoordigheid van ŉ ander persoon kan verbeeld, hoekom nie eerder die persoon na die voet van die kruis toe neem nie? In hierdie navorsing is hierdie metode ook aangewend.

Die roosboom-tegniek: Volgens Oaklander (1988:33) word die deelnemer eers in ŉ fantasie ingeneem deur met toe oë ŉ prent oor ŉ roosboom te visualiseer. Spesifieke vrae word gevra oor hoe die roosboom lyk en hoe dit versorg word. Die deelnemer word dan versoek om die prent te teken of visueel voor te stel. Die terapeut maak die deelnemer bewus van die hede sodat hy die eienskappe wat hy aan sy roosboom toegeken het, ook op sy eie situasie van toepassing kan maak.

Die veiligeplek-tegniek. Ons het almal ŉ behoefte aan ŉ plek waar ons van die lewe se stampe en stote kan herstel en waar ons gereeld ŉ rukkie kan deurbring om weer verfris te word (Muller 2001:27). Hierdie tegniek word vóór visualisering aangewend. Die deelnemer

word gevra om sy oë toe te maak en te dink aan ʼn plek waar hy graag wil wees, waar hy volkome gelukkig en veilig sal voel en waar niemand hom kan besoek tensy hy iemand daarheen nooi nie. Dit kan ʼn spesiale plek iewers in die natuur wees, dalk in ʼn woud, langs ʼn rivier, op ʼn berg of naby die see. Dit kan in ʼn gebou wees of ʼn kerkie iewers alleen. Die keuse is syne. Die deelnemer word verder gelei om die detail van hierdie plek te visualiseer. Hy kan raadgewers hierheen nooi om probleme mee te bespreek, hy kan hierheen vlug om genesing te vind. Hierdie plek is voortaan in elke lewenskrisis sy toevlugsoord.

Volgens Oaklander (1988:6) kan ʼn persoon deur middel van hierdie tegniek verantwoordelikheid vir sy eie lewe begin aanvaar en kan dit ook ʼn toevlug teen alleenheid wees.

### 4.4.4 GEBEDSTERAPIE

Die woorde bid, gebid, gebed, gebede, bede, smeekgebed en smeekgebede kom altesaam in 450 verse in die Afrikaanse Bybel voor. Dit is dus ʼn baie belangrike voorskrif in die Bybel vir gelowiges en ook vir pastorale terapie. Jakobus 5:16 dui op die noodsaak van gebed.

Adams (1973: 49-51) beskou gebed as die basis van die pastoraat. Hiltner (1958:193-194) beweer dat gebed as hulpmiddel aan God gerig moet word en konsekwent op hierdie wyse beoefen moet word. Die bepaalde behoefte of nood van die persoon moet voor God gelê word. Solank as wat die persoon met afwykende seksuele gedrag in eie kragte probeer voortgaan, sal hy waarskynlik slegs tot op ʼn sekere punt kan vorder. Maar om werklik sukses te behaal, en sukses by uitnemendheid, het die pedofiel die behoefte aan krag bo sy eie om uit hierdie bose siklus te kan breek. Sonder die nodige geestelike groei gaan die herstelproses telkens geblokkeer raak (Coetzer 2007b:107).

Gebed plaas ons op die voorgrond van die geestelike lewe en help ons in ewigdurende gemeenskap met die Vader; gebed verander die mens en is lewegewend; gebed is ʼn sentrale manier wat God gebruik om die mens te verander (Foster 1989:43). Gebed is die begin van ʼn persoonlike verhouding met die lewende God. Dit is ʼn verhouding van liefde. Die Heilige Gees is die persoon wat God se eindelose Vaderskap aan ons openbaar. Deur die Heilige Gees groei gebed (Murray 1981:31). Wanneer ons bid, openbaar God ons dit wat ons ontwyk *(evasive actions)*, sag en genadevol aan ons om ons daarvan te bevry (Foster 1989:43). Deur gebed kry ons oplossings vir probleme. As hierna gekyk word, is gebed een van die dissiplines wat nie agterweë gelaat kan word in pastorale terapie met die pedofiel nie.

Seamands (2004:13) is oortuig dat daar probleme is wat ʼn spesiale soort gebed en ʼn dieper vlak van genesing deur die Heilige Gees vereis. Dit kan die pynlike wonde wees wat ʼn seun opgedoen het toe hy op ʼn baie jong ouderdom aan die ellende van seks voorgestel is. Hierdie vasgelegde probleem word nie genees deur gewone gebed, dissipline en wilskrag

nie. Dit vereis ʼn spesiale soort begrip, ʼn afleer van verkeerde programmering uit die verlede en ʼn transformasie deur die vernuwing van denke. En dit word nie oornag deur ʼn krisiservaring bewerkstellig nie (Seamands 2004:15).

Maartens (2006:109-110) wys daarop dat die molesteerder dringend moet besef dat hy nie in eie krag kan voortgaan nie. Die deelnemer moet daaraan herinner word dat gebed onmiddellik deur God verhoor word. Sy wys verder daarop dat daar deur die eeue gebede om innerlike krag en oorwinning in die donker plekke van menswees bly opklink het en stel Paulus se oorspronklike gebed in Efesiërs 3:16-21 voor.

Die persoon moet daaraan herinner word dat sy lewe, sy toekoms en sy lewensdoel deur gebed aan God voorgelê word. Dit is ʼn gebed van oorwinning en sterkwees, vir groei, selfinsig en veral vir die vaste en onwrikbare wete dat God ons Vader is; dat sy Seun ons Verlosser is; dat die Heilige Gees ons help om terug te gaan op die spore van die oorsprong en redes vir sy huidige toestand en dat Hy ons nooit in die steek gaan laat nie.

Maartens (2006:110) verwerk dié gedeelte (Ef.3:16-21) as volg: "Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan *jou* (persoon se naam kan hier ingevoeg word) die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in jou hart sal woon en dat jy in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag jy in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag jy sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag jy heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid."

Deur gebedsterapie word daar na gestreef om sekere wanpersepsies ten opsigte van gebed reg te stel, die deelnemer in staat te stel om die vaardighede aan te leer wat 'n suksesvolle gebedslewe sal verseker, en die deelnemer te leer hoe om God se waarheidsbeginsels suksesvol in sy geloofslewe toe te pas. God is 'n hoorder en antwoorder van gebed (Matt. 21:22; Mark.11:24). God wil hê dat dit goed moet gaan met sy kinders (Jer. 29:11-13). Omdat daar vermoed word dat persone wat kinders molesteer, ʼn muur opgebou het tussen hom en God, kan nuwe metodes soos gebedsterapie die deelnemer op 'n splinternuwe geloofspad plaas.

Clinebell (1984:27) stel die gesamentlike gebruik van gebed en meditasie voor. Hierdie dissipline is van waarde omdat dit help met die geestelike voorbereiding van die terapeut. Dit word ook gebruik ter wille van die hulpsoekende en is vaardighede wat die persoon in genesing kan gebruik.

Verbeelding in gebed maak dikwels die deur van geloof oop (Foster 1989:51). Müller (2000:73) verwys na hierdie alternatiewe verhale as die verbeelde toekomsverhaal en sien daarin ook die doel van die narratiewe benadering: "Die verbeelding van ŉ toekomsverhaal is ŉ kragtige middel tot verandering in die hede. Daardeur kan mense weer gehelp word om motivering, opgewondenheid en doelgerigtheid te herwin" (Müller 2000:99).

So ook kan verbeelding as hulpmiddel in gebed gebruik word. Deur dit waarvoor gevra word, te sien asof dit reeds ontvang is, beteken nie dat dit manipulerend teenoor God is nie, maar die teenoorgestelde: Ons vra God om aan ons te openbaar wat om te doen omdat ons geheel en al van Hom afhanklik is (Foster 1989:51-52).

Murray (1981:89) wys daarop dat daar deurgaans die vraag gevra word: "Hoe kan ek glo dat ek sal ontvang waarvoor ek vra?" Deur van verbeelding gebruik te maak kan ŉ persoon gehelp word. Ek moet die Persoon vir wie ek iets vra, in my verbeelding sien. Sy gesigsuitdrukking weerspieël aan my hoe Hy voel oor dit wat ek vra. Ek moet die Persoon se stem en stemtoon hoor. Deur hierdie ervaring kan daar geloof en vertroue by ŉ persoon gekweek word.

Wanneer die persoon in terapie gereed is vir gebed, sal daartoe oorgegaan word. Eers sal daar aan aspekte soos Godsvoorstelling, vergifnis, en verhoudings gewerk moet word. Die mure wat opgebou is, sal afgebreek word en die persoon sal moet besef dat hy nie in eie krag suksesvol kan wees nie.

### 4.4.5 GROEPSPASTORAAT

Volgens Oates (1974:93) bestaan daar ooreenkomste tussen groepspastoraat en groeps-terapie, maar is daar ook ŉ duidelike onderskeid.

> "The crucial issue in the pastoral use of groups is: Does this group come to grips with the person’s relationship to God in relation to his neighbour? This can be explicit or implicit, verbal or non-verbal, but not all of them either. In all these forms of group counseling, the pastor uniquely focuses on whatever the theories of group formation have to offer upon the main raison d’être of a pastor and his church: the increase of the love of God in neighbour, both in community and in solitude. In doing so, he can equilibrate the tension within himself between group and individual counseling."

Volgens Clinebell (1984:212) verskil groepspastoraat van groepsterapie op een of meer van die volgende wyses:

- In groepspastoraat kan die groep groter wees (die intensiteit van die interaksie neem of namate die groep groter word).

- Die doelwitte in groepspastoraat is breër en sluit doelwitte in soos onderrig, diens en inspirasie.
- Die groep besluit vooraf hoe lank hulle bymekaar sal kom, die frekwensie van byeenkomste kan minder wees en die tyd voordat die groep ontbind, korter.
- Die proses is daarop gerig om spesifieke onderwerpe en probleme aan te spreek eerder as om op persoonlikheidsverandering te fokus.
- Die groepleier kan spesifiek die intensiteit van interaksie beperk deur die verwoording van persoonlike gevoelens asook gevoelens teenoor mekaar, te beperk.
- Die nood en behoeftes van persone met minder ernstige probleme kan beter behandel word.

Myns insiens kan groepspastoraat aan die pedofiel gesien word as die singewende lewenshulp deur gelowiges aan mekaar binne groepsverband sodat dit betekenisvolle lewensprosesse kan ontsluit. Hierdie prosesse is daarop gerig om groepslede te begelei om op te staan teen die struikelblokke en probleme wat 'n persoon se sinvolle verhouding met homself, ander en God bedreig en bydra om 'n probleem georiënteerde lewensverhaal in stand te hou. Die pastorale proses sluit in die aanspreek van enige diskoerse en misbruike van mag wat mense verhinder om die volheid van die *shalom* van God se koninkryk te beleef en as beeldraers van God te leef.

Clinebell (1984:352-355) noem die volgende voordele van groepspastoraat:

- Terapie met pedofiele kan waarskynlik meer effektief in groepe gedoen word. 'n Intieme deel van gevoelens, idees en ervarings in 'n atmosfeer van wedersydse respek en begrip verhoog selfrespek, verdiep selfbegrip en help 'n persoon om met ander saam te lewe.
- Groepspastoraat bied die geleentheid om meer individue gelyktydig te help en is daarom meer tydeffektief.
- Dit bied die geleentheid vir groei aan persone wat waarskynlik nie bereid is tot individuele terapie nie.
- Die gebruik van verskillende metodes bied aan groepslede die geleentheid om mekaar te help.
- Groepsterapie bied 'n natuurlike milieu vir korttermyn opvoedkundige terapie.
- Die groep bied die geleentheid aan groepslede om vrylik hulle mening en emosies uit te druk met minder persoonlike betrokkenheid, omdat jy kan stilbly en tog kan leer.
- Hoewel daar 'n onderlinge band, vertroue en aanvaarding bestaan, word ook kritiek uitgespreek.

- Daar is terapeutiese potensiaal in groepe omdat daar na mekaar geluister word en groepslede mekaar help in die mate waartoe hulle bereid is.
- Die groep vorm ŉ brug tussen die enkeling en die samelewing.

In hoofstuk 1 is die narratiewe benadering in besonderhede bespreek. Daar is gewys op die bydrae van White en Epson (1990) ten opsigte van ŉ narratiewe benadering. Hierdie benadering is daarop gebaseer dat persone se lewens en verhoudings gevorm word deur die verhale van individue en gemeenskappe ten einde betekenis te gee aan hulle ervarings. Persone word gehelp om alternatiewe gedragswyses te ontwikkel indien hulle bestaande gedragswyse nie tot hulle voordeel is en vir hulle werk nie.

ŉ Narratiewe benadering tot groepsterapie verskil van die tradisionele benadering soos alreeds verwys. Die Verhaal van God speel ŉ belangrike rol in die herkonstruering van mense se verhale. Verhale deur groepslede sal dan vertel word teen die dekor van Die Verhaal. Die uitdaging van die fasiliteerder is om raakpunte met Die Verhaal te ontdek en dit op so ŉ wyse in die ander verhaal/verhale te integreer dat daar eintlik ŉ nuwe verhaal gekonstrueer word (Müller 1996:85). Die groepslede staan mekaar by in hierdie herkonstruering van hulle lewensverhale, in aansluiting by Die Verhaal, en hulle is medebetrokke by die proses van herkonstruering. Die belangrikheid van Die Verhaal word soos volg deur Müller (1996:86) verwoord: "Mense moet nie net gehelp word om tot verhaal te kom nie, maar ook tot VERHAAL te kom. Dan kom jy eintlik tot verhaal. Dan maak jy ŉ nuwe begin." Daar kan ook na hierdie verhaal verwys word as ŉ metaverhaal, ŉ groot, wyer, allesomvattende verhaal wat ŉ mens help om jou eie verhaal as betekenisvol te verstaan indien dit met die metaverhaal in verband gebring word.

Die kwalitatiewe metode kan ook in groepsgesprekke gebruik word. Net soos in individuele terapie word groepsgesprekke deur middel van die stel van vrae geaktiveer (Schurink 1998:319).

ŉ Groep het ontstaan uit dames wat in hulle kinderdae gemolesteer is. Hierdie groepsbyeenkoms word in hoofstuk 5 (5.7.1) verduidelik.

Die pastorale terapeut moet bewus wees van die pastorale taak in terapie met die pedofiel. Daar moet duidelik op gewys word dat die pastorale proses nie gereduseer mag word nie. Die verskil tussen psigoterapie en pastorale terapie word nou kortliks bespreek.

## 4. 5 DIE VERSKIL TUSSEN PSIGOTERAPIE EN PASTORALE TERAPIE

Die woord sielkunde/psigologie is afgelei uit twee Griekse woorde en beteken letterlik *die studie van die siel* (psige). As gevolg van veral die teologiese konnotasie wat aan *siel* geheg

word, verkies verskeie Afrikaanssprekende sielkundiges die term *psigologie* bo sielkunde. Die sielkunde is die wetenskaplike studie van gedrag en belewenis wat op so ŉ wyse uitgevoer word dat dit ons in staat stel om algemene beginsels daar te stel, en insig te verkry in die unieke aard en kwaliteit van ŉ individu se persoonlike ervaring as mens (Louw 2005:4).

Louw (1999:514-516) verduidelik die verskille tussen terapie binne onderskeidelik psigologiese en teologiese konteks as volg:

Terwyl psigoterapie te make het met ŉ mens se persoonlikheidsfunksies en probleme op intra-psigiese, interpersoonlike en kontekstuele vlak, het pastorale terapie primêr te make met probleme op ŉ transpsigiese vlak, rakende die mens se spiritualiteit, geloofsfunksies en sy/haar verhouding met God.

Louw (1999:300-301) som die verskille tussen pastoraat en psigologie binne die raamwerk van ŉ perspektiwiese benadering as volg op:

| Skopus van pastoraat | Skopus van psigologie |
|---|---|
| Primêr die onsigbare dimensie van die geloof (transpsigiese dimensie). Die belydenis-komponent staan sentraal (geloofsbelydenis en preskriptiewe geloofsanalises). | Primêr is die fenomenologiese dimensie van die menslike potensiaal. Die empiriese komponent staan sentraal (deskriptiewe analises). |
| In die kommunikasieproses is die inhoud belangrik. Dit word bepaal deur Christologie en pneumatologie. | In die kommunikasieproses is die styl belangrik. Dit word bepaal deur die houding van die berader en deur persoonlikheid. |
| Menswees word bepaal deur sy skepselmatige struktuur. Charismatiese potensiaal (genadegawes) bepaal menslike houding, gesindheid en gedrag. Dieptebewussyn en vorentoebewussyn is belangrik. | Menswees word bepaal deur persoonlikheid, gedrag en verhoudings. Bewuste en onbewuste prosesse is belangrik. |
| Die kernfaktor vir blokkasie is die sondekomponent (skuld), die verganklikheidskomponent (dood) en die vertwyfelingskomponent (sin). | Die kernfaktor vir blokkasie is die neurotiese en psigotiese komponent (psigopatologie). |
| Groei vind plaas deur middel van radikale verandering (bekering) en ŉ kwalitatiewe transformasie van die bestaan. Die basis hiervoor: die soteriologie en pneumatologie. | Groei vind plaas deur middel van persoonlikheidsontwikkeling (potensiaal-ontsluiting). Die basis hiervoor: ŉ spesifieke persoonlikheidsteorie. |
| Opbou binne relasies behels *koinonia*. | Opbou binne relasie behels groepsterapie. |

| | |
|---|---|
| Empatie en simpatie word kwalitatief deur agape bepaal. | Empatie word bepaal deur kommunikasievaardigheid. |
| Potensiaalontsluiting geskied vanuit die herskeppende heil (eskatologiese perspektief). | Potensiaalontsluiting geskied vanuit die selfskeppende selfrealisering. |
| Pastoraat as ŉ openbaringswetenskap word nie buite die empiriese om voltrek nie. Die empiriese en fenomenologiese veld word deur die Skrif eskatologies gerig. | Psigologie as ŉ empiriese wetenskap volstaan met ŉ fenomenologiese analise van die menslike bestaan. |

**Figuur 6: Verskille tussen pastoraat en psigologie**

Uit: *Pastoraat as vertolking en ontmoeting.* D. J. Louw (1999:300-301)

Die verskillende metodes wat die psigologie aanwend met die pedofiel word kortliks genoem.

### 4.6 PSIGOTERAPIE AAN DIE PEDOFIEL

Omdat seksuele oortreding ŉ fenomeen in die gemeenskap is (Hesselink-Louw & Schoeman 2003:158) en baie ernstige nagevolge vir slagoffers inhou, is behandeling van kardinale belang (Marshall & Anderson 1999:12). Terapie aan die pedofiel word bestempel as die terapie wat die minste sukses behaal (Sweeney 2008:9) en die meeste gekompliseer is (Salter 1995:xi). Volgens Hesselink-Louw en Schoeman (2003:158) se studie is daar in Suid-Afrika geen terapeutiese programme vir die pedofiel beskikbaar nie. In ander lande word ŉ menigte terapeutiese prosesse vir die oortreder van stappel gestuur (Salter 1995:xi, xvii). Labuschagne (1995:24) wys daarop dat daar wêreldwyd groot kommer heers oor toenemende aanduidings dat tradisionele korrektiewe programme ook misluk. Ek stem saam met Briggs (1995:17) dat deur behandeling aan die pedofiel te gee, ons gemeenskappe beskerm word.

Die behandeling van die pedofiel is oor die algemeen ŉ baie lang proses. Navorsers (Salter 1995:44; O'Hagan 1993:194, 197; Wolfaardt 2003:382; Labuschagne 1995:25) beweer dat dit ŉ lewenslange proses is. Die algemene volwasse program duur ongeveer drie jaar en dié vir die jeugdige oortreder ongeveer agtien maande tot twee jaar. Die behandeling hang af van die vlak van betrokkenheid in pedofilie, die tipe bedrywighede, en die persoon se toerekenbaarheid en verantwoordelikheidsbesef.

Hesselink-Louw en Schoeman (2003:158) beveel ook multi-dissiplinêre behandeling en modelle aan en wys daarop dat behandeling gedoen moet word deur die maatskaplike werker, kriminoloog, sielkundige en ook geestelike werkers. Die metodes wat in die behandeling van pedofilie aangewend word, word kortliks genoem.

Die volgende psigologiese metodes word aangewend om pedofilie te beheer.

### 4.6.1 PSIGOTERAPEUTIESE BENADERING

Verskillende terapeutiese prosesse word in die behandeling van die pedofiel gebruik. Volgens Howitt (1995:189-199) sukkel verskillende metodes om die pedofiel op die lang duur selibaat te hou. Daar word baie navorsing gedoen oor die ervaring en hoe die pedofiel dink, maar daar is ŉ tekort aan navorsing oor hoe spesifieke gedeeltes van die program vir die pedofiel tot voordeel kan wees. Sosiale programme oorheers ander tipes terapie. Howitt beweer dat die meeste programme vir oortreders wat in die tronk is ontwikkel is. Hierdie programme is egter vir alle tipes seksuele oortredings ontwikkel, insluitend verkragting. Die pedofiel en die verkragter verskil egter baie van mekaar.

### 4.6.2 GEDRAGSTERAPIE

Gedragsterapie word in psigologiese terapeutiese prosesse gebruik om pedofiliese gedrag af te leer. Baie behandeling metodes wat vir die pedofiel gebruik word, is dieselfde terapie wat vir homoseksuele en lesbiese persone vir rehabilitasie gebruik word (Naudé 2005:23).

#### 4.3.2.1 Kognitiewe gedragsterapie

Kognitiewe gedragsterapie help die persoon om die feite aangaande molestering in die oë te kyk en ook om verantwoordelikheid te neem vir sy dade in ŉ ferm maar ondersteunende program (Marshall & Anderson 1999:12; Naudé 2005:23). Die praktiese sowel as die empiriese navorsing word aangewend om die oortreder te help rehabiliteer (Marshall & Anderson 1999:12).

#### 4.6.2.2 Farmakologiese terapie

Van der Merwe (2006:109) wys daarop dat mediese hulp vir die pedofiel baie belangrik is. Hy noem onder meer dat die gebruik van dopamienblokkeerders ŉ radikale verbetering in gedrag bewerkstellig. Die gepaardgaande depressie, skuldgevoelens en ander obsessies kan met voorgeskrewe serotonienaanvullers deur dokters en psigiaters wat hierin spesialiseer, behandel word.

#### 4.6.2.3 Hipnoterapie

Wolfaardt (2003) se navorsing, *Mans wat kinders molesteer: ŉ Hipno-ontleding*, beskryf die ontwikkeling en verloop van die onderbewuste gedagtepatrone wat uiteindelik in seksuele molestering kulmineer. Deur hierdie studie is bewys dat hipnoterapie ŉ groot bydrae kan lewer in die beheer en bestuur van pedofiliese seksuele afwyking.

#### 4.6.2.4 Ondersteuningsterapie

Ondersteuningsterapie is ŉ vorm van psigoterapie waarin die terapeut heelwat hulp, advies en aanmoediging verskaf (Plug et al 2007:249). Terapeute wat hierdie aanslag gebruik, glo

dat pedofilie eerder ʼn versteuring van die normale seksuele belangstelling en gedrag is as ʼn verstandelike versteuring (Naudé 2005:23).

#### 4.6.2.5 Groepsterapie

Groepsterapie verskaf aan deelnemers 'n veilige plek om oor moeilike aspekte met die ander groepslede te praat. Verder verbreek groepsterapie die gevoel van isolasie en normaliseer die herstel-/helingsproses.

In groepsterapie word 'n persoon nie bloot begelei tot groter kontak met die self en gevolglik verhoogde selfregulering nie, maar ook tot interaksie met ander pedofiele. Die pedofiel kry die geleentheid om kontak te maak met homself en die ander groepslede. Hy word begelei tot bewustheid van wat hy doen en ook van spesifieke gedrag en gebeure wat tot die probleem aanleiding gegee het. Dit laat hom kies om met ʼn nuwe, meer bevredigende bestaanswyse te eksperimenteer. Deur groepsterapie besef ʼn persoon dat hy keuses het – keuse van uitdrukking, die bevrediging van behoeftes en die verkenning van nuwe gedrag.

Groepslede oortuig ook diegene wat dink dat dit wat hulle doen, normaal en goed is, dat dit nie die waarheid is nie. Die ondersteuning van die ander groepslede lei tot toenemende selfondersteuning. Groepsidentiteit en die funksies van hulle sosiale rol beïnvloed mense se ervaring van hulle waarde en betekenis. Intimiteit, vertroue en nabyheid dra by tot die ontwikkeling van ʼn positiewe toestand van geestesgesondheid (Louw 1999:251).

Indien daar pastorale programme in Suid-Afrika beskikbaar was, sou ek graag volgens my eie ondervinding daarop wou uitbrei, maar ek kan geen sodanige programme opspoor nie. In die buiteland is daar wel pastorale programme beskikbaar. Daar is reeds genoem dat daar nie terapeutiese programme vir die persoon in die gevangenis beskikbaar is nie. Studies wat in die gevangenis gedoen is, toon aan dat 90% van oortreders persone is wat as kind gemolesteer is (Standford 1988:91) en wat nooit in terapie was nie. Daar kon slegs een program opgespoor word vir ʼn persoon buite die gevangenis, naamlik die hipno-terapeutiese proses van Wolfaardt (2003).

Omdat ek glo dat daar in Suid Afrika meer navorsing oor hierdie fenomeen gedoen behoort te word, moet daar multidissiplinêre programme ontwerp word. Die pastoraat as wetenskap is deel van die totaliteit van wetenskappe. Omdat die wetenskap sover moontlik interdissiplinêr werk, moet daar ten minste kennis geneem word van die relevante resultate van een wetenskap vir die ander (De Klerk 1975:4).

### 4.7 DIE GESIN VAN DIE PEDOFIEL

Dit wil voorkom asof hierdie sisteem en die verhoudingsnetwerk wat daar vir die pedofiel ingestel is, geheel en al verwaarloos word. Die behandeling van die gesin is van die uiterste

belang, want hoe groter die mate van betrokkenheid van gesinslede by die proses van herstel, is hoe hoër sal die suksessyfer wees (Anderson 1998:317). Dit kan wees dat elke lid van die gesin een of ander mate van blootstelling aan die absurde dade gehad het en daarom is elke lid op persoonlike herstel geregtig. Gesinslede is baie keer onbewus van hulle eie pyn wat deur iemand in hulle gesin veroorsaak is. Baie keer word die pedofiel deur sy gesin verwerp omdat die gesin ook hulle openbare beeld wil handhaaf en hierdeur hou hulle ook voorlopig die pyn onder beheer.

Dit is belangrik dat elke gesinslid sy/haar spesifieke rol in die gesinstragedie sal bepaal.

Talle seksueel verslaafdes se verhale dui daarop dat die wortel van die gedrag oor generasies loop - vandaar die magteloosheid by die persoon (Carnes 2001:5).

In hierdie studie is daar nie op die gesin van die pedofiel gekonsentreer nie. Die deelnemer het wel versoening met sy familie van oorsprong gekry. Hy het weer kontak met sy moeder, susters en broer. Hy het wel ŉ begeerte om kontak te maak met sy twee seuns wat hy jare laas gesien het, maar dit is ŉ saak vir die toekoms.

## 4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie ŉ beter metode van ondersoek sou wees as die kwalitatiewe metode nie. Die voordele van hierdie metode is bespreek.

Die metodes wat in psigoterapie met die pedofiel gebruik word, is genoem en daarna is oogmerke genoem wat met pastorale terapie aan die pedofiel bereik wil word. Voordat daar tot terapie oorgegaan kan word, moet die terapeut haarself eers posisioneer ten opsigte van seksuele molestering. Daar is besef dat daar ŉ goeie vertrouensverhouding op gebou sou moes word voordat die deelnemer sy ervarings bekend sal maak. Seksualiteit is ook in ŉ teologiese lig beskou. Daar is tot die slotsom gekom dat ŉ terapeut wat ŉ persoon met hierdie seksuele afwyking pastoraal wil behandel, die volgende in gedagte sal moet hou:

- Die persoon moet die realiteit van sy seksuele afwyking besef en insig daarin kry sodat hy verstaan wat werklik sy probleem is. Met pedofilie kan nie speletjies gespeel word nie.
- Die terapeut moet empaties wees deur te wys: "Ek verstaan jou alleenheid, stryd, vrese, lyding en skuldgevoelens".
- Die terapeut moet ondersteuning bied. Hy moet verstaan: "Ek sal jou ondersteun in jou lyding".
- Die terapeut moet besef dat hy/sy nie hierdie situasie van die persoon kan verander nie. Dit is die pedofiel se verantwoordelikheid om oor te gaan tot beheer en bestuur. Hy kan slegs gehelp word in sy houding en die aanpassings wat gemaak moet word.

- Hy moet persoonlike verantwoordelikheid aanvaar.
- Hy moet ’n nuwe seksuele moraliteit ontwikkel.

Strategieë wat binne kwalitatiewe benadering aangewend is die narratiewe terapie, meditasie en visualisering, gestaltterapie, gebedsterapie en groepspastoraat.

In die volgende hoofstuk word enkele van die sessies wat met die pedofiel gedoen is, volledig bespreek. Al die sessies met die deelnemer kan nie in hierdie proefskrif verduidelik word nie, omdat terapie met die deelnemer nou reeds ’n jaar en agt maande duur en nog steeds voortgaan.

# HOOFSTUK 5
# TERAPIE AAN DIE PEDOFIEL

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is aangedui dat daar hoofsaaklik twee epistemologieë moontlik binne die dissipline van die praktiese teologie moontlik is, naamlik die diakoniologiese benadering en die kommunikatiewe handeling – beide van die praktiese teologie. Hierdie navorsing gaan uit van ŉ diakoniologiese benadering. Die navorsingsprobleem, navorsingsvrae en hipotese is gestel. Die pastorale modelle is bespreek en ŉ evaluering is gedoen ten opsigte van die gebruik met die pedofiel. Daar is bevind dat elke model voordele inhou wat in pastorale terapie met die pedofiel aangewend kan word.

Ek het ŉ literatuurstudie oor die fenomeen gedoen wat in ŉ groot mate die hermeneutiese proses aangehelp het, maar in hierdie hoofstuk gaan ek ŉ oorsig van insidente en sessies bespreek wat werklik tydens die proses van navorsing plaasgevind het.

Daar is in hoofstuk 3 na die kriminologiese en rehabilitasie-aspekte gekyk ten opsigte van pedofilie gekyk. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar nie rehabiliterings-programme vir pedofiele in Korrektiewe Dienste beskikbaar is nie.

Die kwalitatiewe benadering, wat in die vorige hoofstuk bespreek en beskryf is, kry in hierdie hoofstuk gestalte. In die kwalitatiewe benadering word die pastorale terapeut ŉ ko-konstrueerder en ŉ reisgenoot. Ek het die verskillende psigologiese terapieë kortliks bespreek en ook die verskille tussen pastorale terapie en psigologie genoem. Hierna het ek myself as terapeut geposisioneer. Ek het besluit dat ŉ pastorale teologiese antropologie my in die werk sou onderskraag. Ek het punte genoem waarop ek gedink het daar gekonsentreer moes word in die pastoraat met die pedofiel, onder andere die erkenning van skuld en sonde, die deelnemer se negatiewe Godsbeeld, aanvaarding van die probleem, wanhoop vir die toekoms, onverwerkte emosionele pyn en ŉ verwronge beeld oor seksualiteit. Hierdie stellings wat gemaak is, sal in die volgende hoofstuk in gedagte gehou word wanneer die verskillende sessies beskryf word.

Hoofstuk 5 is hoofsaaklik beskrywend van aard aangesien die terapeutiese pad wat ek met die pedofiel geloop het, beskryf word. Die doel van hierdie hoofstuk is eerstens om die narratiewe benadering, as hooffokus, se strategieë te gebruik om die Bybelse verhaal van hoop en beloftes te bemiddel. Ander strategieë, soos meditasie, visualisering, strategieë uit die gestaltterapie en gebedsterapie, sal ook toegepas word.

Die pastorale benadering sal fokus op: die persoon se hanteringsvermoëns, sy netwerk van verhoudings, betekenisvolle doelwitte, sy waardesisteme (normatiewe raamwerk) en ŉ gepaste beeld van God (Louw 2008:138). Daar sal gefokus word op uitgangspunte soos die

empatiese valuasie wat beide konstruktief en realisties is en op ŉ kontinuum tot beide en ŉ beweging na verandering en transformasie in betekenisgewing en groei (Louw 2008:32) in die deelnemer se lewe.

Met empatie word bevryding *(disengagement)* en omhelsing bedoel. "Disengagement" is om die persoon toe te laat om reflekterend op te tree en omhelsing om ŉ ruimte te skep binne ŉ atmosfeer van genade en omgee.

Transformasie by die persoon met ŉ seksuele afwyking soos pedofilie is egter ŉ gewigtige saak. Hierdie beweging na groei en transformasie kan in twee rigtings genesing bewerk: óf deur ŉ fokus op aksie en besluite óf deur ŉ proses van geduldige wag totdat die atmosfeer vir groei en betekenis tot stand gekom het (Louw 2008:33).

In hierdie studie word die sistemies-holistiese benadering gekies. In hierdie aanslag is die wese ("being") van die persoon belangriker as sy liggaamsfunksionaliteit. Die mens is ŉ morele, spirituele en sosiale wese wat na betekenis soek. Hierdie drie komponente van menswees in hierdie aanslag is belangrik: moraliteit, spiritualiteit en betekenis.

Narratiewe strategieë wat aangewend is vir die vestiging van ŉ verhouding word nou bespreek.

## 5.2 PASTORALE NARRATIEWE TERAPIE MET DIE DEELNEMER

### 5.2.1 AANMELDING

Melt Maree[3] is ses jaar gelede in die Vrystaatse Psigiatriese Hospitaalkompleks opgeneem. In die loop van hierdie tydperk het hy een aand na ŉ geestelike gesprek oor ŉ radiostasie geluister. Professor Johan Janse van Rensburg het die gesprek gelei wat oor demoniese besetting gehandel het. Melt het dadelik die omroeper geskakel om met professor Van Rensburg in aanraking te kom. Hy het gewonder of hy nie demonies besete was nie. Alhoewel hy psigoterapie, mediese en arbeidsterapie ontvang het, het hy binne sy eie verhale beperk geraak en het sy lewensverhaal in ŉ noodverhaal ontaard.

Professor Van Rensburg het hierdie ontmoeting deur die hospitaal en psigiater gereël. Omdat Melt professor Van Rensburg vir hulp gekontak het, was dit die aangewese situasie dat professor Van Rensburg my aan Melt sou voorstel. Professor Van Rensburg het die gesprek gelei en die aard van die navorsing aan Melt verduidelik. Hy het genoem dat Melt geensins van sy mediese en psigiatriese behandeling moet afwyk nie.

Ek het Melt se professionele span geskakel en toestemming gekry om hom op ŉ gereelde basis pastoraal te bedien.

[3] Melt Maree het toestemming gegee dat sy naam in hierdie proefskrif gebruik mag word.

Gesprekke tussen my en die deelnemer het elke tweede week plaasgevind met twee uur sessies. Pastorale terapie het op 21 Mei 2008 ŉ aanvang geneem. Sommige sessies is deur hospitaalroetine onderbreek, maar dan is hierdie sessie in ŉ volgende besoek hervat of gedeeltelik hervat, omdat daar van die standpunt uitgegaan is dat dit wat op die deelnemer se voorgrond belangrik is, bespreek sal word. Gedurende vakansietye het ons nie ontmoet nie. In hierdie tye is daar aan hom lees- en skryfwerk gegee.

Die hospitaal het vir ons ŉ ontspanningsaal beskikbaar gestel. Baie sessies was ontwrig deur pasiënte want instorm om ook hulp te vra. Daar is ook in die verloop van tyd gewoond geraak aan die geraas in die hospitaal.

Melt het aanvanklik wonderwerke verwag. Daar was ook baie dae dat hy nie met pastorale terapie wou voortgaan nie en die navorser moes geduldig wag totdat die atmosfeer vir groei en betekenis tot stand gekom het. Nadat sessies met meditasie en visualisasie gedoen is, het daar in werklikheid ŉ ontmoeting plaasgevind en het die verdere sessies het glad verloop.

Soos reeds in hoofstuk 1 bespreek, is die meeste van ons gesprekke met ŉ digitale stemopnemer opgeneem wat dan getranskribeer om optekening te vergemaklik. Dit het die voordeel gehad dat ek weer noukeurig na die gesprekke kon luister. Met sy toestemming het ek die opnemer op die tafel tussen ons geplaas. Ek het nooit die indruk gekry dat dit sy vrymoedigheid gedemp het nie. Daar is ook deurgaans notas geneem.

Na die gesprek het ek so gou doenlik die proses probeer beskryf en vertolk. Hierdeur het ek gewoonlik my volgende sessie beplan, wat nie rigied was nie. Melt wou baie keer ander behoeftes bespreek en dan moes ek die beplande sessie uitstel totdat die tyd daarvoor geleë was.

As terapeut het ek daarin geslaag om sover moontlik die posisie van *not knowing* (Freedman & Combs 2002:205) in te neem deur vrae te vra wat hom gelei het om sy storie nuut te interpreteer, eerder as om diagnoses te maak. Die deelnemer sou raaksien dat pedofilie nie noodwendig straf op sonde is nie en dat hy nie ŉ Godverlate persoon is nie – soos dit deur sosiale diskoerse vasgelê, is maar dat daar ŉ moontlikheid is dat ŉ alternatiewe storie met alternatiewe betekenis kan ontvou.

Daar moet ook gemeld word dat nie al die sessies in hierdie proefskrif ingevoeg kan word nie. Sy lewensverhaal (addendum 3) het oor ŉ tydperk van ŉ jaar vorm gekry. Daarbenewens het ons ook sessies per telefoon gehad.

### 5.2.2 GENOGRAM

Die genogram as strategie van die narratiewe terapie is in hoofstuk 1 (bladsy 44-45) bespreek.

As navorser het ek gemeen dat die genogram ŉ goeie prikkel tot gesprek sou wees sonder om die gespreksgenoot bloot te stel. Ek wou ook ŉ duidelike beeld kry van Melt se familiestruktuur. Ek het Kotzé (1991:649) se aanbeveling om met die genogram in die eerste pastorale ontmoeting te begin, nagevolg omdat hy noem dat dit ŉ veilige gespreksraamwerk vorm. In die ontmoetingsessie het Melt ŉ opmerking gemaak "dat ek eintlik moeg is om my storie te vertel". Hy vertel hierdie storie nou al vyf jaar lank vir dokters, sielkundiges en ook studente wat navorsing doen. "Niemand kon my nog gehelp het deur my storie vir hulle te vertel nie." Ek het agtergekom dat hy slegs grepe uit sy verhaal aan mense weergegee het en dat hierdie storie nooit volgens die narratiewe strategieë gedekonstrueer, geëksternaliseer of geherformuleer nie. Sy storie het hy nog nooit herskryf nie. Ek was opgewonde, want die diakoniologiese vertrekpunt van hierdie studie staan trouens op die Woord as die Godgeïnspireerde openbaring aangaande God (2 Tim. 3:16). ŉ Narratiewe pastoraat binne diakoniologiese konteks wil juis ŉ fusie tussen die vasgeloopte mensverhaal en die transenderende Godverhaal bewerk (Müller 1999:105; Louw 1999:31; Müller 2000:71). Melt het self ook laat blyk dat hy opgewonde was oor die proses van pastorale terapie, want "nog nooit het mense van die Kerk na my storie kom luister nie".

Die genogram van sy familiestruktuur is aan die hand van die volgende gegewens wat hy verskaf het, saamgestel.

Melt het nie baie kontak met sy gesin van oorsprong gehad nie. Wat wel in hierdie gesprek afgelei word, is dat Melt in ŉ disfunksionele huis grootgeword het. Daar was nie stabiliteit nie en gebalanseerde waardes is nie aangeleer nie. Melt se ma moes groot struikelblokke oorkom en is ŉ depressielyer. Sy was op stadiums lank in senuklinieke. Sy het geen stem in die huis gehad nie. Tans is sy in ŉ tehuis vir bejaardes in Pretoria.

Melt se pa was ŉ alkoholis, het na pornografie gekyk en was nie getrou aan sy ma nie. Hy was ŉ skofbestuurder by die myn. Die kinders het nie ŉ goeie verhouding met hom gehad nie. Sy pa was outoritêr. ŉ Tendens wat duidelik uitgelig word, is dat Melt nie sy pa wou ontbloot gedurende hierdie sessie nie, maar in ŉ beter lig wou stel. Melt se pa werk nou op ŉ plaas buite Pretoria.

Melt (40) is die tweede oudste kind van Neels[4] en Rina. Sy ouer suster, Thelma (52), het ŉ stabiele gesin en bestendige lewe.

[4] Die name van Melt Maree se familie is skuilname.

Naas (38) is Melt se broer net jonger as hy. Naas is onlangs vir die derde keer getroud. Hy het kinders by sy vorige vrouens maar Melt ken hulle nie. Naas was baie losbandig maar Melt hoop dat hy nou gelukkig sal wees met sy derde vrou.

Sy jongste suster, Magda (36), het ook ŉ stabiele lewe. Sy het vier kinders.

Melt was twee keer getroud. Hy en Maria het twee seuns, Anton (16) en Roelf (15). Sy het hom totaal verwerp omdat hy haar met ander vrouens verkul het. Hy sal hulle graag wil sien en sy toestand aan hulle verduidelik. Melt is daarna getroud met Linda.

Die genogram van Melt se familiestruktuur is ingesluit as addendum 1 (bladsy 273).

Wat uit hierdie sessie geblyk het, is dat Melt in ŉ onstabiele huis grootgeword het. Soos reeds gemeld, is dit een van die grootste gevare wat ŉ kind na vroeë seksuele ondervindings kan dryf, omdat hierdie kind seks met liefde verwar. Hy is ook blootgestel aan pornografie, wat ŉ impak het op sy emosionele, fisiese en seksuele ontwikkeling gehad het. Seksuele verslawing begin met ŉ foutiewe oortuigingsisteem wat gedurende disfunksionele kinderjare ontwikkel (Wolfaardt 2003:133; Marais 1990:121; Howitt 1995:16; Salter 1995: 25; Potgieter 1997:181).

Die verhouding tussen Melt en sy pa is vir hom ŉ groot probleem. Dit is duidelik dat Melt weerstand bied en nie wou hê dat hulle huislike omstandighede of eintlik sy pa se doen en late op die lappe moet kom nie. Wolfaardt (2003:379) voer egter aan dat kinders geneig is om die verantwoordelikheid vir hulle ouers se foute op hulle te neem. Hy het ambivalente gevoelens teenoor sy pa uitgespreek.

ŉ Voorbeeld hiervan is: "Ek haat hom." Sodra ek wou uitbrei oor die haat, sou hy reageer met: "Nee, ek haat hom nie eintlik nie. ŉ Mens mag nie haat nie." Ek het die indruk gekry dat hierdie optrede van hom oor verwerping gaan. Tyd kan in elk geval nie onderdrukte pynlike herinneringe heel nie – die seer word na binne gekeer en dit vererger omdat dit na ander areas versprei (Seamands 2002:32, 36). Kerugmaties kon ek aan hom verkondig dat al gee sy pa nie om nie, God hom bemin en aanvaar. Hy kan sy kind nie vergeet nie, en het sy naam in sy handpalm geskryf (Jes. 49:15-16). In Psalm 27:10 belowe Hy sorg ten spyte van die verlating deur ouers. Omdat die deelnemer sy beeld van God koppel aan dié van sy aardse pa, het hy geen kommentaar gelewer nie.

Van ons eerste ontmoeting af was die ko-konstruksie reeds sigbaar. Melt se verhaal het met verloop van tyd verder ontvou. Hy het vertel en hervertel en dan het ons na ŉ nuwe verhaal beweeg. Ons vertrouensverhouding het gegroei. Deur al die verhale het ek die indruk gekry

dat Melt my in sy vertroue geneem het en dat hy verstaan dat ons in diepte oor sy ervarings met pedofilie sou praat.

Ek het nooit vir hom detail gegee oor wat die gesprekke beoog nie. Hierdeur het ek die ruimte gelaat vir ’n oop proses. Op hierdie wyse sou ons die strategieë binne die narratiewe model aanwend en elke storie sou op een of ander toepassing van ’n strategie as afgehandel kon beskou.

### 5.2.3 SKRYF 'N BIOGRAFIE

Die deelnemer is gevra om die storie van sy lewe te skryf sodat dit vir navorsing beskikbaar kan wees en ook om hierdie verhaal oor maande se terapie in perspektief te sien.

Baie insidente het die deelnemer aan my vertel, ander het by hom opgekom gedurende die week en dan het hy die insident neergeskryf. Oor die tydperk is hierdie verhaal in ’n chronologiese volgorde geplaas.

Hierdie metodiek het die volgende ten doel (Maree et al. 2003:298):

- Om die pedofiel ’n stem te gee waardeur gepraat kan word. Al sy dade is in die grootste stilte gedoen. Verbreking van die stilte kan ’n helende effek hê.
- Deur sy dade neer te skryf en dit op ’n later stadium te lees, het hom verwondering in homself gegee. In die eerste plek kon hy nie glo dat hy werklik hierdie persoon was wat hierdie dade gepleeg het nie. Deur dit op swart en wit te sien, het hy besef en bevestig dat dit sy verlede, sy geskiedenis, was. Niks kan verander word nie. Al wat wel verander kan word, is die keuse wat hy moet uitoefen oor die verhouding waarin hy vorentoe met die probleem gaan saamleef.
- Outobiografieë word geskryf deur mense wat ’n storie het om oor hulle eie lewe te vertel. Leersame ervarings en gedeelde insigte maak ’n groot deel van ’n outobiografie uit (Maree et al. 2003:298). Die deelnemer is die geleentheid gegee om vanuit sy eie storie en deur sy eie ervarings aan ander ’n leer- en groeigeleentheid te bied.
- Hieruit kan sy eie worsteling met pedofilie bevestig word, maar ook die herstrukturering en rekonstruksie van sy verhaal.
- Dit was ook ’n geleentheid vir die openbaarmaking van sy dade en dien simbolies as die begin van die opbouproses.
- Alle vorme van oneerlikheid uit die verlede kan ontken en bely word.
- Hy aanvaar volle verantwoordelikheid vir die dade.
- Hy breek deur die proses van ontkenning en sien en erken die impak van sy gedrag op sy slagoffers.

Müller (1996:146) dui aan dat die bedoeling van 'n kroniek is om 'n weergawe te gee van gebeurtenisse in chronologiese volgorde. Deur sy lewensverhaal weer te gee, het ek die indruk gekry dat hy my in sy vertroue geneem het en dat ons dieper oor sy ervarings sal praat. Sy volledige lewensverhaal is aan die einde van die studie as addendum 3 ingesluit. Dit wil ek juis doen sodat die leser die geweldige omvang van die probleem kan insien en ook hoe die deelnemer gedurende 'n jaar en agt maande op sy pad na groei gevorder het. Hierdie verhaal het oor die hele tydperk helderder geword.

Die deelnemer het sy verhaal 'n paar keer gedurende die tydperk herskryf. Hy het gebeure onthou en dit weer vertel en die navorser het dit bygevoeg. Na ongeveer 'n jaar is die biografie teruggegee aan hom om dit te lees[5]. Hy was verstom oor die dinge wat hy in sy verlede gedoen het. Hy het al hierdie gebeure swart op wit gesien.

Die navorser gee 'n kort opsomming van sy lewensverhaal.

Soos reeds gemeld, het Melt in 'n onstabiele huis grootgeword. Hy het van baie klein af bewus geraak van sy seksualiteit. Hy het na sy pa se pornografie gekyk en dit het die kern van sy bestaan geword. Op vierjarige ouderdom het hy sy eerste seksuele ondervinding gehad.

Hy het honde en voëls dopgehou met 'n verwagting om dit te sien wanneer hulle *dit* doen. Op skool het hy ook by die verkeerde groep maats betrokke geraak. Hy het toe al meisies begin afpers en manipuleer vir seksuele stimulering. Op 'n baie jong ouderdom het hy ook seksuele ondervindings met volwasse vrouens gehad. Melt het oor seks gefantaseer en gereeld gemasturbeer. In standerd sewe verlaat Melt die skool en sluit by die weermag aan. Volgens hom *molesteer* hy vir die eerste keer 'n meisie. Die ander voorvalle noem hy speel.

Melt ontmoet Maria en trou met haar. Hy weerhou hom van alle molestering. Hy werk by die myn en raak ook betrokke by die kerk. Toe Melt met Maria trou, het hy alle kontak met sy gesin van oorsprong verbreek. Hulle het twee seuns gehad en was baie gelukkig. Maar op 'n dag het Melt besluit dat hy genoeg gehad het van hierdie lewe. Hy wou uit en na jare het hy 'n ontsettende behoefte na 'n dogtertjie gehad. Hy het hom tot ander vroue gewend en die begeerte om uit die huwelik te vlug het al groter geword. Hy het die telefoon gebruik om sy seksuele behoeftes te bevredig. Toe Maria uitvind dat hy egbreuk pleeg, het sy hom verlaat. Hy het sedertdien nog nooit weer sy twee seuns gesien nie ('n tydperk van ongeveer 12 jaar is hier verstreke).

[5] Maart 2009

Melt ontmoet Linda deur ŉ tydskrif se hoekie vir eensames. Linda het twee dogtertjies uit ŉ vorige huwelik. Sy is bewus van Melt se afwykende seksuele gedrag, maar trou nogtans met hom. Sy het egter haar dogtertjies voorgelig. Melt het hom van hulle weerhou omdat hy geweet het dat hulle vir Linda sou vertel. Dit was vir hom genoeg om hulle dop te hou terwyl hulle bad en aantrek. Die versoeking het egter te groot geraak. Hy het hulle probeer betas en hulle het alarm gemaak. Linda het hom verlaat. Melt het egter geweet sy voorland is die tronk. Hy het na sy huisdokter gegaan en om hulp gevra. Die dokter het hom na ŉ sielkundige verwys, wat hom sedertdien bystaan. Melt is reeds ses jaar in Vrystaatse Psigiatriese Hospitaalkompleks.

Melt het al twee keer probeer selfmoord pleeg. Aan die begin van sy behandeling was daar groot opstandigheid in hom. Hy het sy dade geregverdig, geminimaliseer en geheel en al in ontkenning gelewe. Tans het hy weer kontak met sy gesin van oorsprong en het al by hulle gaan kuier. Hulle ondersteun hom.

In die hospitaal het Melt ŉ werk as bode gekry. Dit hou hom besig. Die personeel van die hospitaal is egter baie opgewonde oor Melt se vordering. Daar is sprake dat hy ontslaan sal kan word uit die hospitaal in die toekoms. Die personeel is op soek na ŉ veilige plek waar hy kan gaan bly. Hy sal nog inkom vir terapie en medikasie.

Vervolgens sal daar oorgegaan word om van die sessies wat gedoen is, te verduidelik. Daar moet egter daarop gelet word dat nie alle sessies wat gedurende die tydperk gedoen is, in hierdie navorsingsverslag vervat is nie.

Om sy verledeverhaal aan te hoor het baie tyd in beslag geneem. Dit was egter vir die navorser belangrik, want hierdeur is ons verhouding gebou en kon konstruering van die verlede plaasvind.

Volledigheidshalwe behoort daar ook melding gemaak word dat hy nie altyd positief gereageer het nie. Baie dae was hy nie lus om ŉ narratief te vertel nie. Ek het dit dan so aanvaar. Ek sou byvoorbeeld sê: "Voordat ek die lang pad moet aandurf huis toe, wil ek net ŉ bietjie by jou rus." Dit sou nie lank wees nie of hy het weer begin vertel van ŉ ervaring.

Op ŉ keer was daar weer so ŉ situasie en ek het hom gevra om vir my van die hospitaal te vertel. Hy het baie entoesiasties vertel van sy vriende, sy werk in die hospitaal en die personeel.

Die vraag is aan Melt gestel wat hom aangespoor het om na die psigiatriese hospitaal te kom. Sodra ek die aanvoeling gekry het dat hierdie ŉ glinstermoment kon wees, het ek uitgevra sodat hy ook die insig kon kry dat daar glinstermomente in alle situasies is. Hy het geweet sy voorland is die tronk. Hy is nie ŉ slegte mens nie, maar hy het geen beheer oor

wat hy doen nie. Hy weet dit is goed vir hom en vir die samelewing dat hy hier is. Hy kan nie kinders se lewens verwoes soos syne verwoes is nie. *Hy het hulle net liefde gegee*.
Die narratiewe benadering sê juis dat daar gesoek moet word na glinstermomente uit die verlede om daarmee 'n probleem van die hede te hanteer.

Wat uit hierdie vertelling as glinstermoment deur Melt geïdentifiseer is, is die feit dat hy nie in die tronk is nie. In die tronk het hy min kans op vordering met sy probleem gehad. Hy voer aan dat hy nie die mediese behandeling sou gekry het nie. Tien teen een sou hy al doodgemaak gewees het, want hy het al gehoor dat daar nie in die gevangenis plek vir kindermolesteerders is nie. Hy besef, met al die verkeerde keuses wat hy al in sy lewe gemaak het, dat hy nog regte keuses kan maak. Die feit dat hy besef het hy is 'n gevaar vir die samelewing, is 'n glinstermoment in sy lewe. Vir my as terapeut was die glinstermoment hoe hy die hede hanteer.


Die volgende sessie is 'n beskrywing van hoe eksternalisering plaasgevind het.

### 5.2.4 EKSTERNALISERING: MONSTERGESPREK

Ek het eksternalisering egter uitgestel omdat ek gemeen het dat 'n individu sy verantwoordelikheid vir sy optrede in die verlede ontneem word. In hoofstuk 1 (bladsy 46) word daar genoem dat White en Epson (1990:49) eksternalisering nie by 'n persoon met seksuele oortredings aanbeveel nie. Na baie lang oorweging en verskeie sessies is daar egter wel gebruik gemaak van eksternalisering omdat daar nie vordering gemaak is nie. Melt wou nie woorde soos molestering of pedofilie gebruik nie. Wanneer hy dit wel gebruik het, was dit asof dit vloekwoorde was en dan wou hy nie verder oor sy dade praat nie.

Daar is egter groot deurbrake bereik toe die metode van eksternalisering aangewend is, aangesien die narratiewe benadering 'n individu juis bring tot die besef van sy eie verantwoordelikheid in die keuses wat hy maak ten einde 'n nuwe lewensverhaal te konstrueer. Daar is egter tot die gevolgtrekking gekom dat die gebruik van 'n breër diskoers hom nie vrystel daarvan om sy verantwoordelikheid te aanvaar nie. In hierdie gesprek het ek hoofsaaklik die narratiewe strategie van eksternalisering geïdentifiseer om meer te wete te kom oor die invloed wat pedofilie op sy huidige situasie het. In die literatuurstudie oor die narratiewe benadering (hoofstuk 1) maak eksternalisering dit makliker om oor probleme te praat en dit is ook so met die deelnemer ervaar. Hierdeur is wegbeweeg van die etikettering van die mens.

Melt het nie geskroom om hierdie seksuele afwyking 'n *monster* te noem nie. Vrae is gevra om 'n beeld van die monster te ontgin. Ek het hom gevra om hierdie monster vir my te teken. Hy het geweier en sou die monster aan my beskryf sodat ek hom kon teken.



Sy beskrywing het as volg gelui: "Hy het wrede oë. Groot ore en ʼn lang neus. Sy tande is groot en geel. Sy hare staan regop op sy kop. Ek kan nie sy kleur beskryf nie, want dit is ʼn baie lelike kleur. Partykeer is hy klein. Dan ewe skielik word hy vanself al hoe groter. Wat my die meeste bangmaak, is die kyk in sy oë."

Die vraag hoe hierdie *monster* sy lewe beïnvloed, het aan hom die geleentheid gegee om sy aggressie teenoor hierdie *monster* uit te spreek en dit kon ook waargeneem word.

"Ek is heeltyd bewus van die monster. Hy het my lewe oorgeneem. Vier-en-twintig uur van die dag is hy by my. Dit is wat hulle vir my vertel wat kompulsiwiteit is. Ek doen dit kompulsief. Ek wil nie heeldag aan dogtertjies dink nie. Ek probeer dit beveg, maar dit is heeldag in my gedagtes. Partykeer is dit so lekker dat ek nie kan ophou nie. Ek weet nie hoe om dit te beheer nie."

Ek het vir hom gevra of hy ooit kwaad word vir die monster. "Deur hom het ek alles wat kosbaar was, in my lewe verloor. Hy is baie skelm, want hy het my oortuig dat ek hóm moet beskerm. Hy het gemaak dat ek baie onseker van myself is, dat my selfbeeld aangetas is. Hy het gemaak dat ek hier in die hospitaal beland."

"Ek weet nie wat die Here met my wil doen met hierdie monster in my nie." Dit was die eerste Skriftuurlike vraag wat na vore gekom het. Daar is reeds daarop gewys dat pedofilie ʼn invloed op ʼn persoon se geestelike lewe het. Ek het hom daarop gewys dat Paulus ook ʼn worsteling gehad het (2 Kor.12:7-10). Hy wou egter onmiddellik sien waar dit in die Bybel staan. Nadat ons hierdie gedeelte gelees het, was dit ʼn glinstermoment waardeur hy ʼn hoopvolle toekomsverhaal kon konstrueer. Die besef dat daar ook lyding in die lewens van gelowiges is, was baie bevrydend.

"Watter positiewe dinge het die monster in jou lewe ingebring?" Sy antwoord was: "Ek weet nog nie. Sal seker eendag die antwoord op daardie vraag kry."

Die trialogiese karakter van die pastoraat het myns insiens in hierdie gesprek na vore gekom (Louw 1998a:307).

ŉ Unieke uitkoms moet gesoek word en dit het nie in hierdie gesprek na vore gekom nie. Met die volgende besoek (twee weke na hierdie gesprek) het Melt die volgende gesê: "Ek is baie ongeduldig met hierdie monster binne my. Dit is wonderlik om te weet dat iemand soos Paulus ook ŉ doring in die vlees gehad het. Ek wonder wat dit was. Miskien was dit ook seksueel, maar wat hy sê, is dat hy ook sukkel soos ek sukkel. Dit gee my meer vertroue om my teen hierdie monster wat my beroof het van ŉ normale lewe, teen te sit." Deur na die lewensverhale van Skriffigure te kyk bring mee dat die proses vanselfsprekend op die Godsverhaal uitloop en daarom noodwendig die deelnemer se eie verhaal in kontak bring met God se wil soos in sy Woord uiteengesit (Bezuidenhout & Janse van Rensburg 2006:26).

Eksternalisering het die deelnemer gehelp om homself van sy probleem te skei. Hierdeur is daar vrylik oor die probleem gepraat en kon hy al die detail van sy lewe vertel. Dit was vir hom maklik om van die monster te praat. Op ŉ stadium het hy gedeeltes van sy verlede vertel wat hy gesê het "ek het dit nog nooit, nooit aan iemand vertel nie". Die uitwerking was positief. Hy het oorgegaan tot algehele openbaarmaking van sy dade, wat een van die vereistes is vir terapie aan die pedofiel.

Na eksternalisering gebruik is, het die konflik in hom verminder as gevolg van die gevoel van mislukking wat hy ervaar het omdat hy nie hierdie seksuele afwyking onder beheer kon kry nie. Hy het genoem dat dit voel asof hy teen *iets* baklei en nie meer teen homself nie. By geleentheid het hy dit ook sy monstersiekte of monsterkompulsie genoem. Hy het gesê dat die monster ook baie groot geword het, maar hy het dit ook toegelaat. Hierdeur het hy beheer en verantwoordelikheid geneem.

In my betrokkenheid by die manlike oortreder, het ek bewus geraak dat die aanvaarding van die probleem van deurslaggewende belang is. Hy moet by homself begin. Sy skuld moet teenoor homself erken word sodat hy dit wat hy is, kan aanvaar. "Dis wie ek is. Ek is ŉ pedofiel." Hy moet sy probleem in die oë kyk, en dit kan alleenlik geskied deur die proses van aanvaarding.

Die punt moet bereik word waar die deelnemer kan sê: "Pedofilie beheer my nie meer nie, maar ek beheer pedofilie."

Dit was egter baie moeilik om hom so ver te kry. Die deelnemer beskou sy gevoelens, emosies en probleme as iets buite homself. Hy kan geen verantwoordelikheid aanvaar vir

wie hy is nie en dit lyk vir hom of daar niks is wat hy aan die situasie kan doen nie. Hy sien homself nie as 'n persoon wat insette tot, of beheer oor sy eie lewe het nie. Hy moet dus gehelp word om te besef dat hy verantwoordelik is vir dit wat met hom gebeur. Dit is hy wat moet besluit om sy lewensituasie te verander of om toe te laat dat die situasie onveranderd bly. Die verantwoordelikheid om emosioneel, geestelik en ook fisies gesond te wees, rus nie primêr op die skouers van die mediese professie of die verskillende terapeute nie. Elke persoon moet verantwoordelikheid vir en eienaarskap van sy/haar eie gesondheid aanvaar. In hierdie verband sê Seamands (2004:71) dat die mens God se vennoot in die proses van herstel moet word.

Dit is daarom belangrik dat die persoon in die pastorale proses sy dade moet artikuleer en ook sy intensies en motiewe. Voordat hy nie sy probleem aanvaar nie, kan hy nie ŉ probleem bekend maak of onthul nie. Deur aanvaarding van die probleem kan heling geskied (Louw 2008:450).

Aanvaarding sonder onthulling lei tot ŉ kunsmatige lewe, leuens, skuld en woede. Onthulling sonder aanvaarding lei tot verwerping en destruktiewe vooroordele (Louw 2008:450).

Die deelnemer het allerhande uitkomste vir sy probleem aangevoer. Een van die groot vrae was of hierdie toestand nie demonies is nie. Indien wel, sou die demone uitgedryf kon word en sou hy met sy lewe kon voortgaan.

### 5.2.5 "KAN PEDOFILIE 'N DEMONIESE BINDING WEES?"

Dit is die vraag wat vir die deelnemer oorspronklik gemotiveer het om met prof. Van Rensburg kontak te maak. Dit is as volg aan hom verduidelik:

Daar is kennis geneem dat daar wel demoniese teistering by persone kan voorkom en dat niemand, nie eers gelowiges, daarteen gevrywaar is nie (Janse van Rensburg 1999a:10-12; Standford 1988:95).

Volgens die Bybelse rekord kan sekere simptome in verband met demonomanie gebring word (Möller 1999: par.2.2):

- Liggaamlike simptome: bomenslike krag (Mark. 5:2-4), blindheid, doofheid en stomheid (Mark. 9:17, 25; Matt. 9:32, 33; 12:22), skuim in die mond (Mark. 9:18; Luk. 9:39), stuiptrekkings (Mark. 1:26; 9:18), kners van die tande (Mark. 9:18), op die grond val en rol (Mark. 9:20; Luk. 9:42) en totale uitputting nadat die demone so iemand verlaat het (Mark. 9:26).
- Sielkundige simptome: selfverwonding (Mark. 5:5), selfmoordneigings (Mark. 9:22), besonder aggressiewe gedrag teenoor ander mense (Hand. 19:16), geskreeu (Mark.

1:23; 5:7; Luk. 9:39), die afskeur van alle klere (Luk. 8:27), bonatuurlike kennis (Hand. 19:15) en gesplete persoonlikheid (Mark. 1:34; 3:11; 5:9).

- Godsdienstige simptome: 'n stem wat uit die slagoffer ten regte bely wie Christus is en wat sy apostels doen (Mark. 3:11; Luk. 4:34, 41; Hand. 16:17; 19:15), die erkenning van Christus se teenwoordigheid en vrees vir Hom (Mark. 5:7, 10; Matt. 8: 29; Luk. 8:28), 'n beskrywing van die geeste as onrein (Hand. 5:16; Luk. 4:33; Matt. 10:1; Mark. 1:23; 3:30), die openbaring van weerstand en weersin teen alles wat in verband met die Here en sy evangelie staan. Laasgenoemde word uitgedruk in die woorde: "Wat het ons met U te doen?" (Luk. 4:34; 8:28; Mark. 1:24; 5:7; 8:29).

Aangesien daar geen tekens van binding, byvoorbeeld 'n geweldige drang om ander leed aan te doen of te vermoor, onnatuurlike onrustigheid en angs, persoon praat in 'n stem wat vreemd aan homself is, verskillende siektes wat nie op mediese, sielkundige of psigiatriese behandeling reageer nie, emosies wat glad nie by die omstandigheid pas nie, skielike verandering in persoonlikheid en karakter voorgekom het nie, is hierdie beskouing van die hand gewys. Indien 'n persoon wel van hierdie simptome toon, beteken dit nog geensins dat ons met demonie te doen het nie. Vele van hierdie simptome kom immers ook in psigiatriese siektebeelde voor. Hoe meer simptome uit die genoemde terreine na vore tree, des te duideliker word dit dat een of meer bose geeste so iemand binnegedring het. Binding verwys na 'n geestelike gevangenskap, maar sluit ook die teistering van die liggaam in (Janse van Rensburg 1999b:15).

Omdat ek as terapeut nie voldoende kennis oor hierdie saak het nie, sou daar, indien daar 'n moontlikheid van demoniese binding was, gespesialiseerde hulp ingeroep word. Bediening van bevryding as 'n pastorale proses sou aangewend word.

Ons het gebed en die lees van die Woord as wapen teen hierdie moontlikheid gebruik.

### 5.2.6 PEDOFILIE AS ERFSONDE

Die vraag wat die deelnemer gevra het was: "Niemand in my familie het hierdie probleem nie. Kan dit erfsonde wees? Iets wat oor my gebring is uit geslagte voor my?"

Wanneer daar nie verklaarbare oorsake vir 'n persoon se toestand gevind kan word nie, word dit summier toegeskryf aan die sonde van die vaders wat die kinders besoek (Cilliers 2003:69).

Ons het die vraag gevra: Kan 'n spesifieke neiging tot sonde van ons ouers oorgeërf word? En as ons kon, is hierdie oorerwing geneties, omgewingsgerig of geestelik?

Anderson (1998:320) voer aan dat sommige mense geneties vatbaar is vir alkoholisme. Tog kan genetika nie vir alle swak keuses geblameer word nie.

Tweedens dra omgewingsfaktore ook by tot sondige gedrag wat van een generasie na die volgende oorgedra word. As jy byvoorbeeld opgegroei het in ’n huis waar pornografie geredelik beskikbaar was en seksuele promiskuïteit beoefen is, sal jy sekerlik in daardie rigting beïnvloed word. Ouers sal dan onwetend ’n nuwe generasie skep wat hulle morele gebreke sal herhaal (Anderson 1998:321).

Derdens lyk dit ook of daar ’n oorerflike geestelike neiging is tot sonde.

Abraham het gelieg oor sy vrou en haar sy suster genoem. Toe het Isak se seun Jakob gelieg sodat hy sy broer se geboortereg kon steel. Na Abraham se leuens het dit geblyk dat sy nakomelinge geneig was tot leuens. Ons worstel nie net met die wêreld en die vlees in ons stryd om vryheid in Christus te vind nie. Die Skrif vertel van ’n derde, ongewenste bydraer tot ons vorming: Satan. Hierdie is nie ’n omgewings- of genetiese faktor nie; dit is ’n intergeslagtelike faktor wat gebaseer is op die ongehoorsaamheid van die voorvaders (Anderson 1998:321).

Ons is nie skuldig aan ons voorvaders se sondes nie, maar omdat hulle gesondig het, kan hulle sondes aan ons oorgedra word. Dit is hoekom ons in Levitikus 26:40 beveel word om ons sondes, asook dié van ons voorvaders, te bely (Anderson 1998:322).

Eksodus 20:5 is as basiese vertrekpunt gebruik. Die toerekening van die sonde tot in "die derde en vierde geslag van dié wat My haat" word gevolg deur God se liefdesbetoning aan "duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam".

Esegiël 18 wys ook op die onoordraagbaarheid van die sonde. Hierdie gedeelte is noukeurig bestudeer en Melt het met ’n glimlag tot die gevolgtrekking gekom dat dit vir hom lyk asof hy self hierdie straf sal moet dra omdat daar niemand is waarop hy dit kan stapel nie.

Gedurende terapie met die deelnemer was daar menige kere dat hierdie glinstermomente of sy eie besef tot hom deurgedring het. Later het hy egter self tot die besef gekom dat hierdie oortuiging deur die Heilige Gees is.

### 5.2.7 SEKSUELE FANTASERING EN DIE DEELNEMER SE GEDAGTES

Fantasieë is in hoofstuk 2 (2.6.2.1) beskryf as een van die boublokke van pedofilie. Ek het geoordeel dat dit nodig is om baie aandag daaraan te gee omdat dit met sy gedagtes te make het. Ek het hom gevra om so ’n fantasie aan my te beskryf. Hy het sy oë toegemaak en sy beskrywing het as volg gelui:

"Ek voel vreeslik. My hele wese soek ’n dogtertjie so agt jaar oud. Ek fantaseer oor haar. Hoe sy aangetrek is. Verkieslik soek ek ’n meisie met ’n somersrokkie en ’n broekie, nie ’n gewone broekie nie. ’n Gewone broek soos party meisies onder hulle rokke dra nie. ’n Broekie, fyn, van sagte materiaal, dis belangrik. Ek fantaseer oor haar klein liggaampie, haar klein handjies. Dis baie belangrik, klein handjies wat nie weet wat om te doen nie. Ek kan in my gedagtes voel hoe die handjies my bevoel en masturbeer. Sy is so onskuldig, so mooi. Ek beleef elke oomblik. In my kop maak ek planne om uit die hospitaal te kom. Hulle ken my al by die hek en sal my keer. As ek gevang word, dink ek sal ek net hier gehou word en niks oorkom nie. Dis mos my *siekte*.

"Ek wil dit doen. Iewers in my waarsku ’n stemmetjie 'nee, Melt'. Ek skrik vir die stem en in my gedagtes voel ek vreeslik teleurgesteld. Ek het nou so lekker gefantaseer. Hoekom moet die stemmetjie my keer? Ek voel skielik sleg as ek dink wat ek nou net gedink het. Wat as iemand weet wat ek nou net gedink en ervaar het? Dit was so eg en lekker. Partykeer beteken die stemmetjie wat my waarsku vir my niks. Ek is bereid om my lewe te waag. Ek sal haar mos nie seermaak nie, ek sal haar nie eers penetreer nie. Ek sal haar net mooi met liefde behandel. Sy sal daarvan hou. Ek weet as ek reg werk, sal sy my vertrou. Maar wat as ek misluk? Ek skrik vir myself, want ek dink om haar dood te maak. Ek voel kwaad en vuil. Ek skiet myself met die rekkie om my arm en kyk na die stopteken wat ek altyd in my sak dra. Ek is vuil en sleg. Ek is goed vir niks. Hoe kan God my red as ek aanhou fantaseer? So ’n ding vergewe God nie. So kom en gaan die fantasieë die hele dag, elke dag."

Die feit dat alle seksuele praktyke by fantasie in die gedagtes begin, is reeds beklemtoon. Ons het gefokus op die hoeveelheid toleransie elke dag en daarvan boekgehou.

Hierdeur het hy besef hoe oorweldigend die seksuele fantasering is. Dit was reeds ’n poging om beheer oor sy gedagtes te neem. Waar sy fantasieë nege-en-negentig persent van sy gedagtewêreld gevul het, kon hy hulle nou herken en benoem. Hierdie proses het oor maande gestrek. Baie dae was hy moedeloos as die monster sy gedagtes oorgeneem het. Ander dae het dit beter gegaan. Ons het saam ’n tabel begin opstel. Oor ’n tydperk kon daar gesien word dat fantasering afneem. Deur die opstel van hierdie tabel het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die fantasering oor naweke meer was. Die afleiding is gemaak dat dit die tye was wanneer die deelnemer nie aktief besig was nie. Hy is aangemoedig om oor naweke te lees en daar is ook aan hom CD’s gegee om na te luister. Musiek is ’n essensiële deel van die mens se bestaan. Die helende uitwerking van musiek op die mens se gemoed

is in die vroegste tye erken en benut. Dawid kon met sy harpmusiek die gemoed van koning Saul kalmeer (1 Sam. 16) (Janse van Rensburg 1998:75).

Die deelnemer dra ŉ rekkie om sy gewrig wat hom daaraan herinner om beheer oor sy gedagtes te neem. Elke keer as hy begin fantaseer, het hy homself met die rekkie geskiet as teken dat hy beheer oor sy fantasie moes neem. Carnes (2001:59) voer egter aan dat hierdie metode die probleem kan veroorsaak dat die persoon seks as ŉ totaal negatiewe ervaring beleef omdat dit met pyn geassosieer word. In hierdie navorsing het hierdie metode egter ŉ positiewe uitwerking gehad.

Indien hy ŉ terugslag sou beleef, kon daar na die tabel gegaan word om vir hom te wys dat hy redelik beheer oor sy gedagtes geneem het. Wanneer die molesteerder besef dat sy eie pogings misluk en dat hy bewys het dat hy geen beheer oor homself het nie, het hy begin vra: "Is ek werklik ŉ pedofiel? Ek misbruik kinders en leef met die nag self in my. Ek kan myself nie meer help nie; ek kan nie omdraai nie. Daar is geen hoop vir my nie. Kan God my help?"

Die deelnemer wys my egter daarop dat ander terapeute hom aanraai om nie sleg te voel oor sy verkeerde gedagtes nie. Hulle beweer dat hy niemand hierdeur skade aandoen nie. Ek stem egter nie saam nie. Die pastoraat staan voor die uitdaging om die skeiding tussen liggaam en denke, wat met verloop van tyd al groter geword het, weer te oorbrug (Coetzer 2007a:22). Sonde as ŉ gebeure sluit nie net dié dinge in wat ander kan waarneem nie, maar ook dit wat in die gedagtes en in die verborgenheid van ŉ mens se hart plaasvind (Matt. 5:28) (Möller 1999: par.5.2).

In die Ou Testament is bekering meestal gekoppel aan ŉ verandering in denke en lewensgerigtheid, terwyl dit in die Nuwe Testament in verband gebring word met die verandering in wil en rede.

Die verantwoordelikheid vir verandering, vir ŉ positiewe lewenstyl, begin by denke.

In die veranderingsproses wat gedurende die pastorale ontmoeting plaasvind, is daar twee aspekte wat ŉ rol speel, te wete konstitutiewe bestaansverandering as ŉ wegkeer van sonde, en ŉ nuwe, kwalitatiewe bestaansverandering waarvolgens ŉ totaal nuwe persepsie en lewensvisie ten opsigte van die sin van die lewe gevorm word. In Romeine 12:1-21 word riglyne vir Christelike gedragswyses beskryf. Die beskrywing begin met ŉ waarskuwende opdrag: "Julle moenie aan die sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat voor Hom goed en aanvaarbaar en volmaak is" (Rom. 12:2).

Crabb (1977:108) werk met ŉ basiese hipotese in pastorale beraad. Om die deelnemer se doelwitte te kan verander, moet sy denke eers verander word. Hy noem dit "Christ renews minds" (Crabb 1977:193).

Denke en dade vorm ŉ uitvoerende magsdaad in die sin dat dit aanleiding gee tot die maak van keuses. Metafories gesproke moet ŉ wysheidskeuse gemaak word. Die konsekwensies van die magskeuse waaroor die mens beskik, moet deurdink word (Louw 1999:417, 67).

Die deelnemer kan alleenlik tot verandering begelei word. Hy word nie vanweë ŉ magsposisie tot ŉ keuse gedwing nie. Die maak van finale keuses is ŉ persoonlike saak tussen die deelnemer en die Heilige Gees. Crabb (1977:27) stel dit as volg: "The change must be not only external obedience, but also inward newness, a renewed way of thinking and perceiving, a changed set of goals, a transformed personality."

Weerstand word deur middel van die inoefening van vernuwende denke teen sondige gedragswyses gebied. Die verandering van sodanige denke vra inoefening en geduld as ŉ doelbewuste wilsdaad.

Daar behoort gewaak te word teen moedeloosheid en wanhoop as menslike denke wat voortdurend na vore kom soos met die pedofiel. Die duiwel gebruik versoekings as ŉ aanvalswapen teen die groeiproses van gehoorsaamheid en heiligmaking. Gedagtes moet in werklikheid herprogrammeer word. In pedofilie is dit nie ŉ maklike taak nie.

Gedurende hierdie sessie het Melt begin erken dat hy magteloos was ten opsigte van sy afwykende seksuele gedrag en dat sy lewe buite beheer geraak het. Totdat totale oorgawe aan God gegee kan word, sal die eie gesukkel voortduur. Hy is verseker van God se bystand en hulp, maar ook dat hy sy krag in die Here moet soek om die weg na ŉ nuwe lewe te verseker. Om die pedofiel tot hierdie oortuiging te bring verg tyd en geduld. Müller (2000:64) noem dat 'n mens nie strategiese beplanning met die Bybel kan doen nie; met die Bybel kan jy net wag op God.

Om nuwe denke aan te moedig word baie huiswerk en skryfwerk aan die deelnemer gegee. Hy is ook gevra om na elke sessie ŉ evaluering te doen van die sessie of, anders gestel, om sy gedagtes oor wat in die sessie gesê is neer te skryf. Dit help die persoon om sy situasie te herevalueer asook om sy denke te herprogrammeer. Nuwe insigte ontstaan ook wanneer ŉ persoon nie net luister nie, maar ook dinge wat hy gehoor het, neerskryf (Louw 1999:459).

Fantasering is een van die boublokke van seksueel afwykende gedrag. Masturbasie, die tweede boublok, word in hierdie deelnemer beheer deur die gebruik van medikasie. Op ŉ stadium was daar geen medikasie in die staatshospitaal beskikbaar nie en het hy ŉ groot

terugslag gehad. Ons het met die tegniek van visualisasie en gebed hierteen geveg. In die geval van die derde boublok, pornografie, het die deelnemer nie toegang tot enige media nie. Indien wel, sou daar ook tegnieke aangewend word om hom die gevaar daarvan te laat besef.

Die deelnemer se gebruik van taal was belangrik. Daar is ŉ spreekwoord wat sê soos jy dink so is jy. Ek wil sê dat dit wat in die gedagtes aangaan, by die mond uit kom. Ek moet erken, elke keer as hy die sin "ek is lief vir dogtertjies" gebruik het, dit ongemak by my veroorsaak.

### 5.2.8 HERFORMULERING VAN TAAL "EK IS LIEF VIR DOGTERTJIES"

Herformulering is in hoofstuk 1 (1.7.8.1.5) bespreek en is myns insiens een van die hoof-momente van die narratiewe terapie. Daar is daarop gewys dat die pedofiel sy dade rasionaliseer, minimaliseer of totaal ontken. Toe herformulering van taal gedoen is, het die deelnemer reeds sy seksuele dade met kinders geoordeel. Nogtans het hy deurgaans gepraat van: "Ek is lief vir dogtertjies."

Ons leef in taal wat vir ons betekenis bring (Dill 1996:89). Betekenis en verstaan van woorde kom deur taal tot stand. Taal is belangrik as ŉ sosiale verskynsel waardeur individue as verhoudingswesens leef (Kotze & Kotze 1997:4).

Taal is meer as net ŉ verbindingsmiddel tussen mense, want mense bestaan in taal. Betekenis en verstaan kom in en deur taal tot stand. Müller (2000:16) wys daarop dat dit uiters belangrik is om in die gespreksgenoot se taal te verstaan en te kommunikeer, aangesien die taal die metafoor is waarin sy ervarings uitgedruk word. Ervarings is rou en betekenisloos totdat ons woorde en begrippe gebruik om daaraan betekenis te gee (Müller 2000:13). As ŉ ervaring nie geïnterpreteer word deur dit onder woorde te bring nie, is die ervaring betekenisloos. Woorde het nie net betekenis nie, maar verkry betekenis in konteks. Daarom is dit vir die gespreksgenoot om oor betekenisse van woorde te onderhandel. Taal help om die wêreld en opvattings van mense vorm te gee. Mense deel hierdie wêreld en opvattings met mekaar deur middel van taal (Freedman & Combs 1996:28).

Die invloed van negatiewe reëls, boodskappe en uitsprake oor seks in die kinderjare kan ŉ persoon se hele perspektief oor die seksuele verander. Verwarring tussen seks en koestering raak in die pedofiel gewortel wanneer kinders die slagoffers van seksuele misbruik is.

Aangesien die lewe sonder liefde nie die moeite werd is nie, het seks met kinders vir die molesteerder in hierdie studie die wyse geword om liefde te ontvang en dus te leef. Om hom van hierdie simptoom te bevry, was dit noodsaaklik om sy persepsie van die woord liefde te verander en te vervang met die perspektief van wat liefde werklik is.

Nuwe betekenis word gegee deur nuwe taal te gebruik (Müller 1996:130). Daar moet egter onthou word dat voordat nuwe taal aan ŉ gebeurtenis gekoppel kan word en die ervaring so herinterpreteer kan word, daar eers ŉ werklik gedeelde taalkonstruk moet bestaan.

ŉ Werksopdrag is aan hom gegee om liefde te ondersoek. Tuiswerkopdragte word as deel van die pastorale proses beskou (Janse van Rensburg 1998:76). Nadat die woord liefde ondersoek is, het die deelnemer tot ander insigte gekom.

Melt het sy eie beskouing oor liefde so gestel: "Ek het baie gedink oor die woord liefde. Dit is wat my pa en ma vir my te behoort te wees of liefde wat ek vir my vrou gehad het of ook vir my eie kinders het. Ek kon nie ŉ regte antwoord kry nie, daarom het ek besluit om in die Bybel te gaan kyk. Want ek het geweet uit vroeë ondervindinge dat daar baie van liefde gepraat word. Ek het iets wonderlik ontdek, maar besef nou dat dit nie liefde is wat ek vir dogtertjies het nie. Ek is lief vir die seksdaad. Ek het ook begin dink wat sou ek doen as iemand dít met my kinders doen. En dis nie liefde nie. As ek lief vir dogtertjies was, sou ek hulle seker nie wou seermaak nie."

Herformulering het plaasgevind. Die woord liefde word herinterpreteer. Melt sit ŉ nuwe raam om hierdie woord en deur dit te doen, verander die hele betekenis van die woord.

Melt het liefde met seks verwar. Seks word ŉ soeke. ŉ Soeke na iets waarna hy hunker. ŉ Soeke na die onvoorwaardelike omhelsing (Bell 2007:104). Deur hom te wys op sy manier van praat en deur die opdrag het daar ŉ verandering in Melt se taalgebruik gekom.

### 5.2.9 PEDOFILIE AS SIEKTE

Die deelnemer stel die vraag: "Is pedofilie ŉ siekte?"

Ek het die standpunte van die psigoterapie en die kriminologie vir hom verduidelik. Voordat ons pedofilie as ŉ afwykende seksualiteit bespreek het, het ons eers na siekte en pedofilie gekyk.

Uit die ondersoek in hoofstuk 2 (2.7) kan die afleiding gemaak word dat pedofilie ŉ psigologiese en ŉ medies-biologiese verskynsel kan wees. Daarom kan ek hier uiteraard geen gesaghebbende uitspraak gee nie, maar my antwoord sou wees: Dit is moontlik, maar hier bestaan ook uiteenlopende menings. Sommige meen dat dit nie ŉ siekte is nie, ander weer verdedig dié opvatting met oortuiging. Deur te beweer dat pedofilie ŉ siekte is, kan maak dat die persoon sy eie verantwoordelikheid vir sy toestand ontken en sy persoonlike verantwoordelikheid tot die beheer en bestuur van sy toestand ondermyn. Wat ek egter wel met vertroue afgelei het, is om te sê dat hierdie toestand nie met siekte begin nie, maar later

tog wel ŉ siekte kan word. Hier dink ek aan sy psigopatologiese en psigosomatiese toestande, en dat pedofilie ook tot allerlei siektetoestande aanleiding kan gee, soos depressie. Wat baie goed deur die pedofiel verstaan moet word indien dit as siekte gesien word die persoon nogtans verantwoordelikheid tot beheer en bestuur moet neem. Anders is dit maklik om te sê dat dit ŉ toestand is waarin hy gedompel is en dat hy niks ter voorkoming daar aan kan doen nie.

Louw (2008:107) se definisie van siekte lui:

> "A disturbance or disharmony in the optimal psychosomatic functioning of the body system and the human person, including the possibility of an existential disorientation which affects the social and psycho-religious functions of the total person. Illness could also be described as an obstacle resulting from the lack of an effective functional meaning system and future-oriented values. Illness is closely related to sick behavior and dysfunctional reactions."

Volgens hierdie definisie kan daar weer gedink word dat pedofilie wel ŉ siektetoestand kan wees.

Die vraag is deur die deelnemer geopper: "Het God hierdie siekte oor my laat kom?"

In die Ou Testament is daar onafskeidbare koppeling tussen sonde en siekte (Louw 2008:111). Ons het voorbeelde in die Ou Testament van mense wat oor hulle sonde deur die Here siek gemaak is: Mirjam, Nabal, Ahasia, Gehasi, Joram (Num. 12:1; 1 Sam. 25:37-39; 2 Kon. 1:16; 5:26; 21:15) bestudeer. Dan is daar ook die algemene uitsprake dat die Here die volk siek sal maak, of reeds siek gemaak het, oor hulle sonde (Num. 32:23; Deut. 28:59-61; 29:21; Jes. 1:5; Jer. 10:17-19). Ook die Psalms veronderstel ŉ direkte verband tussen siekte en sonde (38:4-5; 39:10-12; 41:5; 107:17) (König 2006:508). Maar intussen word ook die versekering gebied dat die Here gesond maak (Eks. 15:26).

In die Nuwe Testament vind klemverskuiwing plaas. Hier is dit die duiwel en die bose magte wat mense siek maak, en Jesus wat hulle gesond maak. Hier tree die verband tussen siekte en sonde op die agtergrond. Genesing was ŉ wesenlike deel van Jesus se bediening (Hand. 10:38) en word selfs met sy kruisdood in verband gebring (1 Pet. 2:24).

Louw (2008:111) poneer dat die skakel tussen sonde en siekte nie gesien moet word as die oorsprong van persoonlike sonde nie, maar siekte kan die gevolg wees van persoonlike sonde. Hy noem verder dat die verband tussen sonde en siekte baie dieper lê as ŉ logiese verduideliking, maar dat die oorhoofse doel is om die siek persoon terug te bring na die verbondsgemeenskap van Yahwe (Ps. 41:4).

Indien pedofilie dalk gesien word as ŉ siekte en ŉ straf op sonde kan hierdie vraag gevra word. In die besonder is dit uit die Skrif duidelik dat siekte soms as God se straf op die sonde gesien kan word. Dit blyk onder andere duidelik uit Psalm 38:4 waar Dawid kla oor sy liggaamlike siekte wat deur sy sonde veroorsaak is (De Bruyn 1993: par. 9.4.7.5.3). In die Nuwe Testament dui 1 Korintiërs 11:27-34 ook daarop dat siekte ŉ straf op sonde kan wees. Daar mag egter nie gesê word dat elke siekte die gevolg van ŉ spesifieke sonde is nie (De Bruyn 1993: par. 9.4.7.5.3).

### 5.2.10 PEDOFILIE AS AFWYKENDE SEKSUALITEIT

Omdat seksualiteit ŉ wesenlike probleem by die pedofiel is, het ek die literatuurstudie ten opsigte van hierdie onderwerp reeds gedoen. Daar is egter faktore wat aanleiding gee tot die pedofiel se destruktiewe seksualiteit wat hier genoem sal word. Ek het die klassifikasie van pedofilie aan hom verduidelik in die hoop dat hy homself as ŉ vasgelegde oortreder (2.4.2.3) sou erken. Seksualiteit en die fenomeen pedofilie is oor ŉ bestek van ongeveer drie sessies bespreek.

Die volgende is ook aan hom genoem. Dit is van groot belang dat die deelnemer faktore en invloede aangaande sy abnormale seksualiteit verstaan.

#### 5.2.10.1 Faktore wat ernstig bydra tot die ontwrigting van manlike seksualiteit

In die Hart-verslag, wat in 1994 gepubliseer is, word die volgende faktore aangedui wat ŉ bydrae tot die ontwrigting van manlike seksualiteit maak. Die navorser reken dat dit ook faktore is wat tot pedofilie kan bydra (Hart 1994: 42-50).

**(i) Ouderdom van puberteit**

Die ouderdom van puberteit is tans laer as wat dit ooit was, en daal steeds. Hoe meer ontwikkeld ’n kultuur raak, hoe laer word die ouderdom van puberteit. Seuns bereik dus puberteit op ’n ouderdom van twaalf of dertien. Twee honderd jaar gelede het puberteit eers op sewentien tot agtien begin. Talle jongmans was op twintig reeds getroud. Seuns van twaalf of dertien beskik nie oor die emosionele volwassenheid om seksueel aktief te raak nie. Hierdie is beslis een van die deelnemer se probleme. Hy het seksuele ondervindings op ŉ baie jong ouderdom gehad. Omdat die deelnemer op ŉ baie jong ouderdom seksueel begin verkeer het, is hierdie oorsaak ingesluit.

**(ii) Uitstel van seksuele omgang**

’n Verdere belangrike feit is dat die ouderdom van adolessensie dramaties gestyg het. Ons kan nie meer die beskouing hê dat adolessensie eindig wanneer ’n seun hoërskool verlaat nie. Talle sosiale kommentators is van mening dat adolessensie eintlik eers teen ongeveer

agt-en-twintig of dertig eindig. Die gevolg is dat die wagperiode tussen puberteit (twaalf of dertien, wanneer hy seksueel "bevoeg" raak) en onafhanklikheid (agt-en-twintig of dertig, wanneer hy kan trou en aanvaarbaar seksueel mag verkeer) al langer en langer raak. Dit is hierdie lang wagperiode wat die omstandighede vir seksuele distorsie skep. Dit is ook gedurende hierdie periode dat hulle, hulle tot pornografie wend as die enigste manier van bevrediging.

**(iii) Die rol wat skuld in seksualiteit speel**

Gedurende hierdie lang wagperiode is daar taboes wat seksualiteit betref. ’n Godsdienstige huis kan ’n seun maklik in skuld dompel oor sy seksualiteit. Manlike seksualiteit het ’n tendens om skuld en skaamte by ’n persoon te skep. Baie onderdruk seksualiteit om daardeur dié gevoelens te vermy. Daar is ’n gesonde vorm van skuld, maar daar kan ook ’n neurotiese skuld ontstaan ten opsigte van seksuele gedrag. Dit is moeilik genoeg vir die gemiddelde seun om teen sy hormone te stry van die ouderdom van twaalf jaar tot die ouderdom van vyf-en-twintig. Die proses waardeur die seun gaan, is gewoonlik in die volgende volgorde: Hy voel opgewen en geprikkel deur sy seksuele drif. Hy probeer om masturbasie teen te staan omdat hy geleer is dat dit nie die regte ding is om te doen nie. Hoe meer hy hierdie drange teenstaan, hoe meer groei die innerlike spanning in hom en het hy nodig om uiting te gee aan sy gevoelens. Die skuld bring ook nog meer spanning by. As hy uiteindelik masturbeer, ondervind hy ’n groot skuld en skaamte. Dit word ’n bose kringloop wat tot obsessiewe kompulsiewe gedrag lei (Salter 1995:13; Powell 2007:8). Baie gelowige, beginselvaste mans word geteister deur wellus, is obsessief oor seks en kompulsiewe masturbeerders (Hart 1994:47). Gevoelens van skuld en skaamte het al in die adolessente jare ontstaan. Hy voel seksueel oorgestimuleer en hierdie obsessie gaan nooit weg nie. ’n Storie uit die Woord oor wellus is die storie van Amnon en Tamar (2 Sam. 13:2-22). Melt het as huiswerk die opdrag gekry om hierdie storie te bestudeer en sy konklusie oor wellus met my te bespreek.

**(iv) Die adrenalien skakel**

Hart (1994:48-49) noem dat wanneer adrenalien en testosteroon meng, ’n tipe van ontploffing in die adolessent se seksualiteit plaasvind. Adrenalien kan bydra dat manlike seksualiteit meer opwindend maar beslis ook gevaarliker kan wees. Hierdie persoon kan nie sy gedagtes op iets anders rig as seks nie. Hy soek na verskeidenheid. Hy verbind later seks met riskante gedrag, wat tot kindermolestering kan lei. Die persoon wat as kind seksueel gemolesteer is, is deur sy omstandighede van gesonde menslike ontwikkeling asook godsdienstige ervarings en ’n geloofsisteem beroof.

’n Christelik spirituele benadering ten opsigte van seksualiteit is vervolgens so aan die deelnemer verduidelik.

#### 5.2.10.2 ’n Christelik spirituele benadering tot seksualiteit

Die boublokke van pedofilie en die psigologiese en biologiese teorieë is bespreek en daarna is die tydlyn van molestering bespreek. Dit wil sê, wat gebeur met ’n persoon in die maande, weke en dae voordat hy tot kindermolestering oorgaan. Die deelnemer het sy verklaring gegee wat hy reken met hom gebeur het. Hy het sy verhaal vertel en hervertel en gedeeltes herskryf. Daar is gedekonstrueer, geëksternaliseer en herformuleer. Met verloop van tyd was hy besig om ’n nuwe, alternatiewe storie te skryf. Hy het die teologiese verstaan van sonde en siekte ten opsigte van sy afwyking en daarom moet hy ook die Christelike spirituele van seksualiteit verstaan.


Louw noem dat baie navorsing toon dat ons afstuur op ’n krisis ten opsigte van manlike seksualiteit of manlikheid. Hierdie krisis word aangehelp deur die sterk feministiese opkoms (2008:397). Soos die gewone man sy posisie as man soos dit oorspronklik deur God bedoel is, moet terugneem, sal ’n persoon wat aan pedofilie ly, dit ook moet doen. Mans sal ’n nuwe sensitiewe self-verstaan ondersoek moet doen. Hulle sal ’n Godsbeeld moet nastreef wat deur die Vader beheer word, hulle siening ten opsigte van intimiteit sal moet verander en hulle sal verantwoordelikheid van hulle seksualiteit moet neem (Louw 2008:397).

Ek stem saam met Louw (2008:359) as hy sê alle mans moet die doel van menslike seksualiteit besef. Vir die persoon wat kinders molesteer, is dit van die allergrootste belang. Sakramentele posisie is ’n keuse en ’n promiskue lewe sal totaal agtergelaat moet word (Louw 2008:365). Daar is aan Melt verduidelik waaroor seksualiteit gaan, dat seksualiteit ’n geestelike kwessie is, dat dit menslike siele bind en dat dit ’n diep, mistieke eenwording in God se seënende teenwoordigheid is (Bell 2007:122); dat dit te doen het met gebeure tussen twee persone en uiteindelik ook met die ANDER (Louw 2008:361); dat dit begrond word in ’n eskatologiese verstaan van seksuele liefde en ’n teologie van beliggaming.

Die identifisering van die verskillende etiese dimensies van seksualiteit is dat ’n spirituele, eskatologiese model die volgende allesbeheersende dimensies van menslike seksualiteit is (Louw 2008:359):

- Die dimensie van heling en volmaaktheid
- Genot en kreatiwiteit
- Verbintenis en beloftes
- Solidariteit
- Empatie en sensitiwiteit
- Vertroue en geloofwaardigheid.

Louw (2008:359) se diagram is aangewend om 'n Christelik spirituele benadering tot seksualiteit te verduidelik. Die deelnemer moet die betekenis, doel en verskillende etiese dimensies vanuit 'n Bybelse perspektief verstaan sodat beter morele besluite geneem kan word.




**Figuur 7: Lewens- en etiese dimensies van menslike seksualiteit**

(Uit: *Cura Vitae*: D. J. Louw 2008:359).

Die tweede tabel fokus op hoe hierdie lewens- en etiese komponente mekaar beïnvloed of op mekaar inwerk en die gevaarsone binne seksualiteit.


Louw (2008:353) noem dat seksualiteit 'n gevaarsone het. Hierdie gevaarsones bedreig en beroof 'n persoon van ware menslike, betekenisvolle seksualiteit.

Die bipolêre spanning word as volg aangedui (Louw 2008:361).

- Seksuele omgang as uitdrukking van menslike waardigheid: as persoonlike kommunikasiemiddel, as openbaring sowel as bekragtiging van die menslike identiteit (wedersydse bekragtiging) teenoor die gevaarsone van ontmensing/verdierliking en vernedering (seksuele manipulasie).

- Ekstase en die plesier van rekreasie en genot: die seksuele as behoeftebevrediging en die drang na orgasme teenoor die gevaarsone van die misbruik van mag, gewelddadige seks en verkragting.
- Terapeuties en helend: seksualiteit as ŉ helende ondervinding van volmaaktheid (dimensie van groei en spirituele volwassenheid) teenoor die gevaarsone van afsondering en pynlike verwerping.
- Die sakrament van liefde deur penetrasie (die simboliese betekenis van die penis en die vagina): die seksuele as ŉ verantwoordelikheid, onvoorwaardelike aanvaarding, sensitief, eerlik en opreg met integriteit, bevestigende waardering en lojale respek teenoor die gevaarsone van verset en weerstand, vyandskap en haat.
- Beloftes en verbinding: die seksuele as ŉ misterieuse van voortplanting, versorging en familievorming teenoor die gevaarsone van ongewenste drange, onwillige/ongewenste orgamie en saamwoon.
- Erotiese sensualiteit: die seksuele as ŉ sensuele uitdrukking; as ŉ beliggaamde eenheid (die binding van die spirituele dimensie van *shalom*); ŉ gebeurtenis van gesamentlike omhelsing, en ŉ beliggaamde gevoel van behoort teenoor die gevaarsone van promiskue en kompulsiewe eksperimentering.
- Permanensie en kontinuïteit: seksuele vertroue en die uitdrukking van ŉ etiese ja en die waarborg van ŉ verrykende verhouding teenoor die gevaarsone van permissiwiteit en skeiding.

Dit diagram dui hierdie gevaarsone as volg aan:




**Figuur 8: Die bekragtiging van seksualiteit**

Uit: *Cura Vitae*: D. J. Louw (2008:363)

### 5.2.10.3 REAKSIE VAN DEELNEMER AANGAANDE VERWRONGE SEKSUALITEIT

In die deeglike behandeling oor die deelnemer se seksueel afwykende gedrag het hy tot die besef gekom dat hoe hy sy seksualiteit aanwend, dekonstruktief is. Met die behandeling van die faktore wat bydra tot die ontwrigting van seksualiteit het hy erken dat daar nog nooit 'n tydperk in sy lewe was wat hy nie aan seks gedink het nie. Oor die rol wat skuld in seksualiteit speel, is hy die opdrag gegee om die verhaal van Amnon en Tamar (2 Sam. 13: 2-22) te bestudeer. Hy kon nie glo dat 'n broer dít aan sy suster kon doen nie. Die vraag is aan hom gestel wat die verskil tussen 'n suster en die dogtertjies is wat hy gemolesteer het.

Die deelnemer het tot die besef gekom van wat hy aan die kinders doen en dat hulle, net soos hy, afwykende seksuele gedrag kan toon. Hy het hom ook uitgespreek tydens die bestudering van die tabel (Figuur 8) toe die gevaarsone bespreek is. Die deelnemer het hom met elke gevaarsone vereenselwig. Hy het sy dade as onmenslik gesien. Hy het toegegee dat hy hierdie dade vir sy eie plesier pleeg. Die deelnemer het ook telkens teruggedink aan sy familie wat hy verloor het en die pynlike verwerping deur almal na aan hom. Hy het sy dade gesien as dit wat skeiding gebring het tussen hom en die mensdom en het besef dat niemand hom ooit weer sal vertrou nie. Hy het sy seksualiteit bestempel as iets wat "gebruik" moes word en het nooit die werklike doel van sy manlike seksualiteit besef nie.

Deur die bespreking van die boublokke (masturbasie, pornografie en fantasering) het hy besef dat dit die grootste invloed op sy afwykende seksualiteit gehad het. Die deelnemer het ook bewus geraak van sy tydlyn van oortreding. "Ek het gevoel asof ek in ŉ hok vasgekeer was. Vasgevang in ŉ tronksel". Sy grootste begeerte was om los te breek, om weer in beheer van sy lewe te kom.

### 5.2.11 PEDOFILIE AS SONDE

Met die intrapslag by hierdie sessie het Melt gevra of hy my iets kan vra. Die vraag was: "Ek het jou vertel van die meeste dinge wat ek gedoen het. Hoe voel jy daaroor? Is jy nie bang vir my nie?"

Ek het geweet hierdie vraag sou kom en het vir hom gevra hoe hy dink ek voel. Ek wou eers hoor watter beeld ek uitstraal. Hy het as volg geantwoord: "Dit voel nie of jy my oordeel nie. Maar ek wag elke keer dat jy soos ander my gaan oordeel en dit gebeur nie. Ek weet dat wat ek gedoen het, nie reg is nie. Ek weet ook dat jy dit vir my moet sê en ek wil weet wat jy daarvan dink. Dit lyk nooit vir my of jy bang is vir my nie maar ek is dan ŉ monster. Gewone mense behoort bang te wees vir my."

Adams se noutetiese model was vir my die antwoord. Ek moes eerlik wees en het gevoel ek sou my verantwoordelikheid versuim indien ek nie vermanend optree nie. Hy het my immers die toestemming gegee. Sowel Jesus as die apostels het in hulle pastorale optrede morele rigting aangedui en in die nood van mense adviserend en vermanend opgetree, hoewel die liefde, begrip en ondersteuning nie afwesig was nie (Janse van Rensburg 1999a:158). Dit is belangrik dat ek as terapeut myself ook sou moes posisioneer ten opsigte van sonde. Omdat daar nie antwoorde is óf gesoek word nie, word mense gelaat met hulle eie verstaan van iets soos sondebegrip of straf van God. Dit skep nog meer verwarring en vervreemding van God (Bothma 2003:231).

Yancey (2004:122) voer aan dat die woord sonde selde in die Christelike lektuur gebruik word. Predikante waag dit nie meer om hulle daarteen uit te spreek nie en beroep hulle op die woord moraliteit. Hy voer verder aan dat die woord sonde gereduseer word tot onder andere foute wat begaan is, verslaafdheid, emosionele versteuring of affektiewe steurnis.

Ek was eerlik. Naas die konfrontasie vanuit ŉ Bybelse antropologie maak Adams (1973:20-25) ook erns met sonde en genade. Adams beklemtoon dat sonde die basis van alle menslike probleme is (Louw 1999:47).

In soverre as wat ŉ pedofiel homself en kinders blootstel aan sy gebrek aan selfbeheersing en sy eiewillige oorgawe aan en die weiering om te veg teen seksueel verslawende invloede, ongehoorsaamheid aan norme, onwilligheid om persoonlike skuld te erken en te bely, maar dit lewer op ander of op sy omstandighede afskuif, sy onvermoë en onwil om die nadelige effek op die eie persoon en die persoon wat hierby betrek word, in te sien – in soverre is pedofiele inderdaad sonde voor God. Daarom is dit in die terapeutiese proses baie belangrik dat die pedofiel tot ŉ sondebesef en skuldbelydenis opgeroep moet word.

Louw (2008:99) wys ook daarop dat lyding, skuld en sonde nie geïgnoreer mag word nie omdat dit spirituele realiteite is om mee te handel. Die sonde het, soos ŉ besmetlike siekte, ŉ onstuitbare uitbreidingsdinamiek, wat in steeds groter wordende kringe al meer en meer mense intrek en aan sy ideale diensbaar maak (Heyns 1978:185).

Sonde word in die Skrif met negatiewe terme soos ondankbaarheid, wetteloosheid, ontrou en ongeregtigheid beskryf (Louw 1999:467). Die mens se gewete en skuld bind hom aan 'n grens. Die Bybel noem hierdie grens sonde. En die allerlaaste skuld is die dood (Louw 1999:34). Seksuele sonde word in die Woord direk veroordeel, soos ontug en onsedelikheid (Ef. 5:3-5), wellus (Matt. 5:27-28) en hartstog (1 Tess. 4:5) (Vosloo & Van Rensburg 1993:2093).

Volgens Möller (1999: par. 4) is sonde dit wat nie van God is nie en wat teen God en sy skepping woed. Sonde beteken oortreding (Spr. 18:13) en opstand (Kol. 2:13), boosheid (Hand. 3:26), ongeregtigheid (Matt. 7:23) of wetteloosheid (Ef. 2:2; 5:6; Kol. 3:6), verraderlikheid en troueloosheid (Hos. 2:1-12). Sonde is 'n toestand van vervreemding ten opsigte van God, ten opsigte van ander en ook ten opsigte van die mens se ware self. Sonde beteken om voor God skuldig te wees en die doel te mis of te misluk (Jes. 1:18; Matt. 1:21), en by seksuele molestering die werke van die vlees (Gal. 5:19) of die gees van die duiwel in die wêreld te openbaar (1 Kor. 2:12).

Sonde is ook 'n moedswillige verbreking van die vertrouensverhouding tussen God en die mens (Van der Merwe 2004:31). Louw (1999:468) impliseer dat sonde, as ongeloof en

ongehoorsaamheid, 'n afbuiging en 'n pad weg van God beteken. So word die mens in diens gestel van magte wat hom verslaaf en rig op outonome selfhandhawing ten koste van God en die naaste. Die selfhandhawing word 'n lewensprioriteit en veroorsaak daarom dat sonde in sy wese opstand teen God is. Die sondaar weier op hierdie wyse dat God hom as uitstalvenster van die liefde gebruik. Dit beteken ook dat die sondaar nie voldoen aan die bestemmingsfunksie wat God vir hom in die oog het nie en derhalwe ook nie meer voldoen aan die roeping wat God vir hom het nie. Die liefdesverhouding met God is vanweë ongeloof verbreek.

Ek het hierdie gesprek opgevolg met 1 Korintiërs 6:13-20. Ek het hierdie gedeelte gekies omdat hierdie gesprek spesifiek oor seksuele sonde sou gaan. Paulus maak hierdie vermaning ten opsigte van seksuele sondes en prostitusie omdat dit belangrik was vir hierdie gemeenskap. Die tempel van die godin van Afrodite in Korinte was hier geleë. Daar was meer as ŉ duisend tempelprostitute in die tempel en seks was deel van die heidense aanbiddingsritueel. Paulus stel dit onomwonde dat Christene niks met seksuele sondes te doen mag hê nie (Vosloo & Van Rensburg 1993:1765).

Hy begin deur te verduidelik kos is vir die maag en die maag is vir kos. Hoe werk dit dan nou met seks en die liggaam (Louw 2008:356)?

Die liggaam is in die eerste opsig vir die Here en nie vir sinnelose seksuele misbruike nie. Die liggaam is die tempel van God (1 Kor. 6:19-20) (Louw 2008:356). ŉ Tempel was ŉ heilige plek, die woonplek van die gode, die plek waar die hemel en aarde ontmoet het. Die skrywer gebruik spesifiek hierdie beeld om hulle uit te daag met die idee dat ŉ mens nie bloot ŉ versameling drange en behoeftes is nie, maar ŉ wese in wie God woon. Hy probeer hulle manier van dink na ŉ hoër vlak ophef, hulle perspektief verander, hulle oë open vir ŉ meer verhewe siening van wat dit beteken om menslik te wees (Bell 2007:37). Wanneer ŉ mens ŉ Christen word, word jy met die Heilige Gees vervul en kom woon Hy in jou. Daarom behoort jou liggaam nou aan Hom. As ŉ mens in ŉ gebou woon wat aan iemand anders behoort, oortree jy nie die reëls wat deur die eienaar neergelê is nie. Seksuele sonde is in staat om ons nie net liggaamlik nie maar ook geestelik te vernietig (Vosloo & Van Rensburg 1993:1765; Du Toit 1997: par. 16.10.4). In die Ou Testament was dit net die hoëpriester wat in sekere gedeeltes van die tempel kon ingaan (Louw 2008:356).

Hoekom is seksualiteit en die liggaam so ŉ belangrike fokuspunt? Die teologiese rede is dat God Jesus Christus uit die dood opgewek het en ons ook sal opwek. Omdat ons in Jesus Christus glo, het ons ook saam met Hom opgestaan. Dit het ŉ eskatologiese interpretasie of Christelike antropologie en beteken die volgende: nou verkry die liggaam ŉ nuwe eskatologiese status as gevolg van die inwoning van God se Gees (Louw 2008:356).

In Romeine 6:4 wys Paulus daarop dat ons deur die doop ons saam met Hom begrawe is en saam met Hom opgewek is uit die dood. Hierdeur het ons ŉ nuwe lewe gekry. As gevolg van die opstanding neem ons lewe ŉ hele nuwe rigting in. Christus is deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is (Rom. 1:4). Die nuwe eskatologiese realiteit is dat ons ŉ nuwe skepping in Jesus Christus is deur werk van die Heilige Gees (Louw 2008:357). Die pneumatologiese kwalifikasie is ons nuwe beliggaamde liggaam. God is nou in die menslike liggaam verteenwoordig (Louw 2008:357). Daarom is "the human body the very embodiment and enfleshment of God's presence." Die liggaam verkry nou ŉ heilige status as gevolg van die inwoning van die Heilige Gees. En dit beteken "an inhabitation approach to embodiment and human sexuality". Tot in ons seksualiteit moet die vrug van die Gees (Gal. 5:22) teenwoordig wees (Louw 2008:358). "Pneumatology crushes every form of promiscuity and sexual immorality by positing a new constructive understanding of embodiment, including the meaning of destiny of sex and sexuality."

Ek het die indruk gekry dat Melt bewus is van die benadeling van sy eie liggaam en geestelike lewe. Hy het die opmerking gemaak dat hy nou beter verstaan hoekom hy so ver van God af voel. Deur seksuele dade het hy die Heilige Gees in hom benadeel.

In terapie mag ŉ deelnemer nie sonder hoop of ŉ positiewe inset gelaat word nie. Alhoewel ek op hierdie stadium nie geweet het hoe die deelnemer oor genade voel nie, het ek hierdie sessie afgesluit deur vir hom van die groot genade in my eie lewe te vertel.

Ons is sondaars wat net van genade kan leef. God veroordeel ons sonde, maar Hy is die genadige God wat graag genade aan ons wil bewys. Hy gee Christus as die konkrete uitdrukking van sy genade sodat ons sonde uit genade versoen en vergewe kan word. Die Heilige Gees oortuig ons om hierdie genade-aanbod van God te aanvaar en ons sonde te bely. Dan word ons begenadigde sondaars, wat uit genade die ewige lewe van God ontvang (König 2006:406). My versugting is om nie genade as ŉ goedkoop remedie aan te wend nie. Genade mag nie as ŉ dwelm of ŉ anestetiese middel misbruik word om menslike lyding te onderdruk nie (Louw 2008:438). Genade is ŉ gawe uit God se hand.

Daar was ŉ baie lang stilte. Melt het my stip in die oë gekyk. Ek het die stilte toegelaat. Op ŉ stadium het ek hom gevra: "Is daar fout?" Sy antwoord was: "Ek dink." Dit is tog ons taak om die genade van God in Christus aan sondaars te verkondig.

Ek het gevoel dat hierdie gesprek van konfrontasie en vermaning sinvol aangewend is. Daar het reeds ŉ vertrouensverhouding tussen die pedofiel en die terapeut bestaan. Al hierdie gedagtes is net by hom gelaat. In ŉ volgende sessie sou daar ŉ ander onderwerp, ŉ ander soeke, te voorskyn tree. Dit het my as terapeut die werking van die Heilige Gees laat besef. Melt het geen beloftes gemaak nie.

Ten einde mense tot die punt te bring om hulle denkwyse te verander, is dit van die uiterste belang om bevestigend in jou lewenskwaliteit te wees. Wie jy is of hoe jou wese funksioneer, bepaal die aard van jou gedrag (Louw 2008:34).

### 5.2.12 TEO-LOGIESE ANALISE: GODSVOORSTELLING

Mense beleef en interpreteer hulle verhouding met God vanuit die beeld(e) wat hulle van God het. Dit bepaal hulle ervaring van God se teenwoordigheid in ŉ betrokkenheid by hulle lewe. Godsbeelde werk in op mense se selfverstaan, hulle verstaan van hulle plek in die skepping en hulle idee oor God se betrokkenheid by die skepping (Dreyer 2005:22).

In die pastoraat moet die Godsvoorstelling van ŉ persoon nie ŉ teologiese evaluering wees nie (Louw 1999:387). Dit gaan dus nie oor die vraag van ŉ goeie of slegte, ŉ regte of verkeerde Godsvoorstelling nie. Dit gaan veel eerder om die vraag hoe ŉ bepaalde Godsvoorstelling verband hou met die waarheidsgehalte van verskeie Bybelse metafore en in watter mate ŉ Godsvoorstelling disfunksioneel is (Louw 1999:388).

Met die term Godsbeeld word nie net bedoel of die persoon weet wie God is, wat Hy doen en waar Hy woon nie, maar ook hoe hy die eienskappe van God interpreteer. Dit is belangrik om vas te stel watter Godsbeeld dominant in iemand se lewe is en dat daardie beeld in lyn met die Skrif verruim sal word om uiteindelik God se rol in lyding duideliker te probeer maak (Brunsdon 2006:98).

’n Persoon se Godsbeeld word beïnvloed deur bepaalde interne en eksterne faktore, soos sy ouers, Godsdiensonderrig, samelewing en ook deur sy ouderdom en ontwikkeling. Godsbeeld veronderstel ’n godsdiens of ’n Godsbeskouing wat aan die proses van ontwikkeling onderworpe is.

Gerkin (1994:60-61) identifiseer drie objek-beelde in die vorming van mense se Godsvoorstelling:

- Godsvoorstellings wat korreleer met mense se begeertes, behoeftes en wense.
- Ervaring van verwerping sodat God die pedofiel wat ook as kind mishandel is, gedurig frustreer. Self ervaar hy gedurig skuldgevoelens.
- Godsvoorstellinge wat korreleer met ideale van volmaaktheid en perfeksie. Hier tree die spanning tussen die almag van God en ervaring van sy afwesigheid na vore.

Ondervindinge gedurende sy lewe het 'n invloed op die manier waarop 'n persoon aan God se karakter dink, en dit bepaal 'n persoon se geestelike hoop of wanhoop (Lester 1995:82). Die pedofiel sien God as 'n aanklaer en 'n God wat oordeel. Hy voel dat God hom van minder waarde ag in vergelyking met iemand wat God sien as 'n liefdevolle God wat vir sy

kinders omgee. Die persoon wat God sien as iemand wat straf of hom 'n les wil leer, hou boek van sy eie sondige handelinge en voel beskuldig, veroordeel, gedoem en wanhopig. Hy vind dit moeilik om hoopvol te wees. Hy verbind God aan die reg wat straf, en nie aan genade nie.

Hy voel dat die toekoms (eskatologie) gevul is met straf en verlatenheid en dat God op 'n afstand is, dus buite sy bereik. Sy geloof gee nie aan hom hoop nie. Wanneer God nie geloofwaardig en betroubaar is nie, is dit vir hierdie persoon nie moontlik om te hoop nie, want nie net is die uiteindelike toekoms vir hom onvoorspelbaar nie, maar die uiteinde van sy lewe lê vir hom in 'n onvoorspelbare, toornige, hatige, ambivalente toekoms en 'n God wat nie in hom belangstel nie. Hierdie Godsvoorstelling maak dat die persoon nie in die teenwoordigheid van God kan ingaan nie. Louw (2008:12) beklemtoon die mens se teologiese raamwerk wat uit die eskatologie geneem word waar fundamentele bestaanskwessies met gepaste Godsbeelde verbind word in die mens se soeke na betekenis.

Die mens beskik oor ’n geestelike dimensie (sy verhouding met God) wat die fisiese, emosionele en relasionele omvou. Daar kan van die aanname uitgegaan word dat ’n persoon wat as kind seksueel misbruik is, se ontwikkeling verwring word en ook dat sy verhouding tot God beïnvloed word. Sy emosionele belewing word positief of negatief beïnvloed en dit sal weer sy gedragspatrone of denkpatrone verder bepaal.

Dit is dus belangrik dat daar kennis geneem word van die ontwikkelingsvlak van die pedofiel en daarmee saam die geloofsontwikkeling. Heitink (1977:102) stel dit dat die mens die behoefte het om sin te gee aan sy bestaan. So ook die pedofiel.

Godsbeeld sou ook sinoniem wees met Godsvoorstelling, Godsbeskouing, Godsbegrip, Godsidee en siening van God. In hierdie studie word met 'n teologiese analise bloot bedoel om vas te stel hoe die pedofiel God sien, sodat hy begelei kan word om van ’n negatiewe Godsvoorstelling te ontwikkel na ’n positiewe Godsvoorstelling.

#### 5.2.12.1 Godsvoorstelling deur hermeneutiese modelle

Deur middel van hermeneutiese modelle kan aangedui word dat Godsvoorstellings 'n invloed het op die persoon se psigospirituele behoeftes. Die ervaring en waarneming van God is 'n deurslaggewende faktor in die aanwending van geloof as terapeutiese bron.

Louw (1999:390-398) noem vier hermeneutiese modelle wat klem lê op belangrike ken-middele waardeur geloof in gedrag geoperasionaliseer word:

- Metafore wat analogies en simbolies oor God praat

- Die teodisee-ervaring wat ŉ verband lê tussen God en lyding
- Die terrein van persepsies en emosionele ervaring, wat dui op die impak van ŉ abstrakte begrip soos "God" op die mens se ervaring, waarneming en verwagting van God
- Kognisies wat dui op óf positiewe óf negatiewe assosiasies en persepsies van God.

Die modelle sluit die volgende in: metaforiese model, ervaringsgerigte (empiries-gebaseerde) teodiseemodel, pastorale semantiese differensiaal-analise (PSDA) en die kognitiewe geloofsgedrag-model. Die metaforiese en teodiseemodel word kortliks genoem, maar die pastorale semantiese diffensiaal-analiese asook die kognitiewe geloofsgedrag-model word op die deelnemer toegepas.

### (i) Metaforiese model

Die verstaan van God word georden in die lig van bepaalde metafore wat in die algemeen in kommunikasie oor God gebruik word. Vier algemene groeperings van metafore kan vir dié doel geïdentifiseer word (Louw 1999:191):

- Die monargiese tradisie (vermeng met die juridiese tradisie). God word verstaan as heerser, vors, koning, regeerder, onderhouer en regter.
- Die familietradisie verstaan God as ouer (vader of moeder).
- Die verbondstradisie verstaan God as vriend, bondgenoot en vertroueling.
- Die persoonlike liefdestradisie verstaan God in liefdesterme, bruidegom-bruid-metafoor en as geliefde en intieme minnaar.

### (ii) Teodiseemodel wat 'n verband lê tussen God en lyding

Hierdie model konsentreer sterk op die verstaan van God in terme van die teodiseevraagstuk, naamlik hoe om die regverdigheid van God te verduidelik in die lig van die kwaad, en die pedofiel wat ook as kind seksueel mishandel is, se ervaring van lyding. Behalwe dat hy lyding beleef oor wat hy kinders aangedoen het, is daar ook die lyding van geheimhouding, lyding as ŉ uitgeworpene uit die gemeenskap, lyding omdat hy vervreem is van sy familie, lyding dat hy nie welkom is in die wêreld nie, nie eers in die kerk nie.

Met verloop van tyd het Melt bewus geword van die lyding van Jesus Christus. Hy moes ly vir mense wat dit glad nie verdien nie – "mense soos ek, sleg en sondig".

Volgens Louw (1999:391) word vier kriteria hier geïdentifiseer naamlik apatie, vergelding, opvoeding (loutering) en solidariteit/medelye (patos).

Die waarskynlikheid waarmee te werk gegaan word, is apatie en vergelding, wat groot afstand tussen God en die pedofiel wek, en die opvoeding- en solidariteitsimbole, wat meer op nabyheid ingestel is en geborgenheid stimuleer. Die verband tussen lyding en die pedofiel se verstaan van God dui daarop dat ŉ Godskonsep wat solidariteit en identifikasie kommunikeer, oor groter trooswaarde beskik as Godskonsepte wat op vergelding en straf dui. Deur die pedofiel te lei om ŉ empatiese Godskonsep te ontdek sou, pastoraal gesproke, vir hom ŉ dieper troos bring as die voorstelling van God as rigied en onveranderlik.

**(iii) Pastoraal-semantiese differensiaal-analise (PSDA)**

Hierdie model fokus op die kognitiewe assosiasies van die pedofiel se verstaan van die konsep *God* en nie net op die affektiewe assosiasie van geloofsbelewing nie (Louw 1999:396). Daar word veronderstel dat sekere abstrakte begrippe en assosiasies op ŉ emosionele vlak na vore tree. Volgens Louw (1999:395) is hierdie tendense dikwels verbind met die mens se konkrete ervaring van God. Dit kan in die pastorale gesprek gebruik word om die pedofiel te help om sy geloofsbron konstruktief aan te wend en om sy verstaan van sentrale konsepte toepaslik (konstruktief/positief) of ontoepaslik (ontwrigtend/negatief) is. Hierdie oefening is aan die begin van die terapie gedoen en weer na ŉ periode van groei, en daar is ŉ drastiese verandering beleef.

Die kontrabegrippe is soos volg uiteengesit (Louw 1999:396):

- Die waarskynlikheidsdimensie, wat konsentreer op die pedofiel se oortuiging rakende die werklikheidsgehalte van sy Godservaring. In ŉ sekere sin moet die teodiseevraagstuk (die verband tussen God se regverdigheid en die feit van kwaad en lyding) as ŉ beslissende faktor veronderstel word. Veral in lyding ervaar die pedofiel God as werklik of onwerklik.
- Die evaluerende dimensie, wat konsentreer op die emosioneel-kognitiewe waarde van begrippe wat meer affektief of meer kognitief gekleur kan wees. Die waarde van begrippe kan óf opbouend wees en sekuriteit verskaf óf remmend wees en ontwrigtend op bestaande assosiasies en identifikasies inwerk.
- Die potensiaaldimensie, wat konsentreer op die vermoë wat in ŉ betrokke konsep skuil. In die vasstelling van die waarde of potensiaal in ŉ Godsvoorstelling speel die pedofiel se spesifieke behoeftes en verwagtingskemas ŉ beslissende rol.
- Die aktiwiteitsdimensie, wat op aksie konsentreer. Die assosiasie kan óf in die aksie/doende rigting óf in die passiewe/onbetrokke rigting beweeg.

Voordat die PSDA gedoen word, moet daar aan die deelnemer verduidelik word dat hy moet konsentreer op die verband tussen God en sy voorafgaande lewensgebeurtenisse van die

afgelope jare. Daar moet verduidelik word dat toepaslik-ontoepaslik, positief-negatief, opbouend-remmend, sterk-swak en aktief-passief nie etiese kategorieë is wat goed of sleg/kwaad reflekteer nie. Die positiewe sowel as die negatiewe dimensies kan ŉ belangrike rol speel in ŉ gelowige se ontwikkeling van spiritualiteit. Persone hoef dus nie bang te wees om negatiewe assosiasies van God op te roep nie. Dit is belangrik dat die persoon eerlik moet wees. Hy hoef ook nie te dink dat hy die assosiasies van God moet oproep soos dit behóórt te wees of soos die kerk of dogmatiek dit verwag nie. Elke persoon se onmiddellike ervaring en assosiasie van God is egter belangrik.

Die deelnemer se negatiewe Godsvoorstelling het as volg daaruit gesien.

| Pastorale semantiese differensiaal-analise (PSDA) | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werklikheidsgehalte | | | | | | | | |
| (a) WAARSKYNLIK | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | ONWAARSKYNLIK |
| Werklik | | | | | X | | | Fiktief |
| Kenbaar | | | | | | | X | Onkenbaar |
| Voorstelbaar | | | | | | | X | Vaag |
| Persoonsmatig | | | | | | | X | Algemene idee |
| Waarde (evaluatief) | | | | | | | | |
| (b) OPBOUEND | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | REMMEND |
| Regverdig | | | | | | | X | Onregverdig (partydig) |
| Betroubaar | | | | | | | X | Veranderlik |
| Liefdevol | | | | | | | X | Vyandig |
| Duursaam | | | | | | X | | Wisselvallig |
| Genadig | | | | | | | X | Onbarmhartig (hardvogtig) |
| Potensiaal | | | | | | | | |
| (c) STERK | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | SWAK |
| Almagtig | | | | | | | X | Magteloos |
| Medelydend | | | | | | | | Onsimpatiek |
| Kenbaar (wil) | | | | X | | | | Onbekend |
| Doeltreffendheid (aksie) | | | | | | | | |
| (d) AKTIEF | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | PASSIEF/ONBETROKKE |
| Teenwoordig (nabyheid) | | | | | | | X | Afstand/afwesig (ver) |
| Verlos | | | | | | | X | Verwerp |
| Seën (gee gawes) | | | | | | | X | Vloek (weerhou gawes) |
| Hulp (bystand) | | | | | | | X | Onttrek |

**Figuur 9: PSDA van die deelnemer 10 Maart 2008**

Uit: *Pastoraat as vertolking en ontmoeting* (Louw 1999:399).

**Ontleding**:

Die volgende inligting word verskaf:

Wanneer die telling by (a), (b), (c) en (d) almal na die positiewe neig, dui dit op ʼn positiewe identifikasie tussen die pedofiel en God.

Wanneer die telling neig om rondom die nul te konsentreer, dui dit op ʼn moontlike neutrale houding teenoor God wat kan voortspruit uit óf gebrekkige kennis óf ʼn gebrek aan belangstelling en toewyding.

ʼn Telling na die negatiewe kant gee insig in die moontlike krisisvlak wat die deelnemer ervaar en hoe ʼn krisis sy verstaan van God beïnvloed.

Wanneer die telling ʼn neutrale posisie reflekteer, kan dit dui op gebrekkige groei of ʼn oppervlakkige identifikasie met God.

Die PSDA wat met die deelnemer gedoen is, dui op ʼn negatiewe kant. Dit wys op die krisis wat hy op hierdie stadium ervaar en dat sy verstaan van God geweldig beïnvloed en belemmer is.

Wanneer die PSDA op die Godskonsep toegepas word, is dit moontlik om die volgende pare van kontra-adjektiewe te identifiseer (Louw 1999:397):

- Ten opsigte van werklikheidsgehalte sien die deelnemer God as fiktief, onkenbaar, vaag en as ʼn skimbeeld.
- Ten opsigte van die waardebepaling (opbouend of remmend) sien hy God as onregverdig (partydig), veranderlik, vyandig teenoor hom, is wisselvallig en onbarmhartig (hartvogtig).
- Ten opsigte van die vermoëkomponent (sterk of swak) sien hy homself as magteloos, en God as onsimpatiek en onbekend.
- Ten opsigte van die aksiemoment, wat aktief of passief-neutraal kan wees, voel hy dat daar ʼn afstand tussen hom en God is. Hy voel verwerp deur God, hy voel dat God gawes of genesing van hom weerhou en ook dat God Hom onttrek het.

Die metode van konstruktiewe konfrontasie is gebruik om hom bewus te maak van die dempende uitwerking wat ʼn negatiewe Godsverstaan op geloofsgroei het. Sy negatiewe telling het ook saamgehang met emosionele gevoelens.

Na sessies van narratiewe terapie, meditasie, visualisering en ook gebedsterapie is hierdie PSDA herhaal en die uitkoms was die teenoorgestelde. Die meditasie- en

visualisasiesessies oor die Godsbeeld word in afdeling 5.2.12.2 (i) bespreek. Die negatiewe Godsvoorstelling van die deelnemer het na 'n positiewe Godsvoorstelling verskuif.

| **Pastorale semantiese differensiaal-analise (PSDA)** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Werklikheidsgehalte** | | | | | | | | |
| **(a) WAARSKYNLIK** | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | **ONWAARSKYNLIK** |
| Werklik | X | | | | | | | Fiktief |
| Kenbaar | X | | | | | | | Onkenbaar |
| Voorstelbaar | X | | | | | | | Vaag |
| Persoonsmatig | | | X | | | | | Algemene idee |
| **Waarde (evaluatief)** | | | | | | | | |
| **(b) OPBOUEND** | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | **REMMEND** |
| Regverdig | | | X | | | | | Onregverdig (partydig) |
| Betroubaar | X | | | | | | | Veranderlik |
| Liefdevol | X | | | | | | | Vyandig |
| Duursaam | X | | | | | | | Wisselvallig |
| Genadig | X | | | | | | | Onbarmhartig(hardvogtig) |
| **Potensiaal** | | | | | | | | |
| **(c) STERK** | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | **SWAK** |
| Almagtig | X | | | | | | | Magteloos |
| Medelydend | | X | | | | | | Onsimpatiek |
| Kenbaar (wil) | X | | | | | | | Onbekend |
| **Doeltreffendheid (aksie)** | | | | | | | | |
| **(d) AKTIEF** | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | **PASSIEF/ONBETROKKE** |
| Teenwoordig (nabyheid) | X | | | | | | | Afstand/afwesig (ver) |
| Verlos | X | | | | | | | Verwerp |
| Seën (gee gawes) | X | | | | | | | Vloek (weerhou gawes) |
| Hulp (bystand) | X | | | | | | | Onttrek |

**Figuur 10: PSDA op deelnemer toegepas 29 April 2009**

Uit: *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*: D. J. Louw (1999:399).

Daar is gereeld gefokus op hierdie emosies deur klagformules eerlik met God te kommunikeer. Die aanwending van die strategieë van die narratiewe terapie wat hom aangemoedig het om sy emosionele toestand en negatiewe reaksies op krisisgebeure en probleemsituasies raak te sien, het 'n bydrae gelewer.

Die kognitiewe geloofsgedragmodel (Louw 1999:400): is ook toegepas en word vervolgens bespreek.

### (iv) Kognitiewe geloofsgedragmodel

In hierdie model word gekyk na die rol wat negatiewe asook positiewe Godsvoorstellings op geloofsgedrag het. Omdat negatiewe voorstellings geloofsgedrag rem, word van infantiele geloof gepraat. Dit pen die gelowige vas op negatiewe gedagtes en emosies en verhoed dat

die pedofiel kom tot skuldbelydenis, vergifnis, hoop, lof en dankbaarheid. Die negatiewe Godsvoorstelling wat by die deelnemer heers, het ter sprake gekom. Hy is daarop gewys dat sy negatiewe voorstellings nie noodwendig verkeerd is nie; dit gaan nie om die reg of verkeerd van voorstellings nie, maar om die uitwerking op geloofsgedrag (Louw 1999:400).

- **Negatiewe Godsvoorstelling**

Louw (1999:400-403) se negatiewe Godsvoorstellings (ontoepaslike geloof) en die effekte op gedrag is as volg in tabelvorm saam gevat:

| Negatiewe Godsvoorstellings | Geloofsinhoud | Effekte op gedrag |
|---|---|---|
| God as kragreus | God kan alles ... Hoe kan God toelaat dat dit met my gebeur? | Verwyt en neerslagtigheid |
| God as paaiboelie | God straf onregverdig. | Weerstand, opstandigheidsgevoelens, haatgedagtes en aggressie |
| God as Kersvader | God gee net die goeie dinge. | Teleurstelling en vertwyfeling |
| God as outeur/bedryfsingenieur | God is die oorsaak van die kwaad. | Neutraliteit en ongeloof |
| God as programmeerder/rekenaar | God besluit alles vooraf. | Onsekerheid, angs en knaende twyfel |
| God as towenaar | God is die antwoord op alle probleme. | Oppervlakkige optimisme |

**Figuur 11: Negatiewe Godsvoorstelling**

Uit: *Pastoraat as vertolking en ontmoeting* (Louw 1999:399).

- **God as kragreus**

Wanneer God in 'n situasie van lyding as kragreus geïnterpreteer word en die persoon se situasie verander nie, lei dit tot negatiewe gevoelens, soos neerslagtigheid en verwyt op persoonlike vlak.

In tye van moedeloosheid vra die deelnemer die vraag: "As God dan alles kan doen, hoekom verander Hy nie my situasie nie?" Hy verwyt ook homself, "want my sonde is so groot, God wil niks met my te doen hê nie".

God se liefde en almag kom beide onder verdenking. Hy beleef onsekerheid en verwarring op geestelike vlak.

Daar heers 'n belewenis van woede en opstand teenoor gesagsfigure wat moontlik iets omtrent situasie kon gedoen het. In die deelnemer se geval – sy pa.

God word primêr gesien as die Almagtige wat alles kan doen. In situasies van lyding, soos in die pedofiel se geval, is die uitwerking neerslagtigheid en selfs verwyt omdat Hy skynbaar niks doen om die lyding op te hef nie. Melt aanvaar nie hierdie toestand as lewenslank nie en aanvaar ook nog nie dat pedofilie beheer en bestuur kan word nie. Hy maak gereeld die volgende opmerkings: "God, die onregverdige. Die Here gee niks meer vir my om nie. Hoekom laat Hy toe dat hierdie slegte ding met my gebeur? Ek kry nie die fantasie onder beheer nie. Ek bly God teleurstel."

In die Bybel lees ons van mense wat die Here van onregverdigheid beskuldig en hulle word as voorbeeld aan hom voorgehou.

Hoe reageer die Here wanneer mense Hom beskuldig van traak-my-nie-agtigheid? Toe Jeremia op 'n dag begin kla dat God hom in die steek laat (Jer.15:18), hoor hy dat hy sy klagtes dadelik moet laat staan! Terwyl Jeremia nog plannetjies beraam om te bedank uit die Here se diens, antwoord God hom sommer reguit (v. 19).

Ons staar ons maklik blind teen ons eie omstandighede. So ook die molesteerder. Die mens mag nooit God se nabyheid of sy afstand van ons af aan ons eie gevoelens of omstandighede meet nie. Moenie dink dat God regtig ver van jou af is net omdat jy so voel nie. Moenie uit jou swaarkry aflei dat Hy van jou vergeet het nie. God laat jou nie in die steek as dit die slag rof gaan met jou nie. Hy laat jou nie deur sy vingers glip as die lewenstorme rondom jou woed nie.

Asaf wou niks vir soetkoek opeet nie. Hy het op 'n dag sy eie klein rebellie teen die Hemel geloods. Hy skryf in Psalm 73 dat hy amper sy geloof verloor het toe hy sien hoe goed dit met die goddeloses gaan en hoe swaar hy kry (v. 13-14). Melt kan dadelik met hierdie gevoel van Asaf assosieer.

Gelukkig het die Here Asaf se oë oopgemaak vir die ware feite. Dit het gebeur toe die Here hom op 'n dag in sy heiligdom ingestuur het (v. 17). Daar om die voorhowe van die Allerhoogste het Asaf weer ontdek dat die Here op sy eie manier met slegte mense afreken (v. 18-20). Asaf het ook geleer dat die Here nooit sy kinders alleen laat loop nie. Daarvoor is ons veels te swak en die lewe eens te gevaarlik. Elke keer is God die Rots waar bang mense kan kom skuil (v. 23). Selfs al bewe ons knieë, is die Here steeds by ons met sy troostende hand. Asaf erken dit in vers 27.

Die Here los ons nie ŉ enkele sekonde alleen nie, nie eens as ons in opstand teen Hom kom nie. Maar gelukkig wys die Here ook vir sulke rebelle op die ware feite. Asaf bely (v. 21-23).

Deur voorbeelde kan die persoon gelei word om die regte feite by God self te kry en nie afleidings aangaande hierdie toestand te maak nie. Daarna moet ŉ keuse gemaak word.

Nadat hierdie feite aan die deelnemer gegee is, is hy gevra om die regte feite te soek. Hy erken dat hy sy omstandighede en gevoelens as ŉ barometer gebruik. Melt het self vir hom ŉ gedeelte in die Bybel (Rom. 8:31-39) gaan soek wat hom versterk. Hy het besluit om ŉ keuse te maak. Hy het aangevoer dat hy nie meer "vrae" as verskoning mag gebruik om sonder hoop te leef nie. Hy het nou die ware feite. Hy besef dat God hom deur sy lyding wil gebruik. Hy voel skaam omdat hy God so brutaal verwyt vir sy toestand.

- **God as paaiboelie**

God word nie direk as ŉ sadis of paaiboelie geïnterpreteer nie, maar omdat God straf, dink die pedofiel God het ŉ behae in lyding: "God tugtig dié wat Hy liefhet." Tug kry nou ŉ sadistiese konnotasie in plaas van dat dit gesien word as ŉ beskermingsmaatreël en liefdesgreep van die Vader om ŉ koerswysiging in negatiewe gedrag daar te stel. Die idee dat God onregverdig is - "nie my broer of my susters het probleme nie, hoekom net ek?"- bring gevoelens van verset, opstandigheid, haatgedagtes en aggressie na vore.

- **God as Kersvader**

God word as ŉ Kersvader voorgestel, of as ŉ soort assuransiepolis teen verlies. God en geloof is daar om sukses te waarborg en vooruitgang te verseker. As mense van hulle materiële waarborge beroof word of as hulle gesondheid aangetas word, voel hulle teleurgesteld en ervaar hulle gevoelens van vertwyfeling.

Die deelnemer voel hy is beroof van sy lewe: "As gevolg van hierdie monster het ek alles verloor."

- **God as outeur/bedryfsingenieur**

God word gesien as ŉ outeur/bedryfsingenieur, wat ŉ tipe verklaringsgeloof tot gevolg het. Alles word verklaar uit oorsaak en gevolg. Die resultaat van hierdie beskouing is dikwels godsdienstige neutraliteit wat tot ongeloof (verwerping van God) lei.

Die deelnemer voel dat die plan vir sy lewe reeds uitgewerk is. Daar is nie regtig iets wat hy nou daaraan kan doen nie. "Ek is ŉ pedofiel en sal altyd ŉ pedofiel bly. Die medici sê so en daar is niks wat daaraan verander kan word nie."

Ek het die vraag aan die deelnemer gerig: "Veronderstel jy is ŉ pedofiel wat jou nie meer ophou met die dinge van pedofiele nie? Jy het jou seksuele obsessies onder beheer, jy fantaseer nie nege-en-negentig persent van die dag nie. Jy kan met jou mediese en psigiatriese versorging weer ŉ werk gaan doen. Dink jy dat daar ŉ moontlikheid is dat jy saam met God jou toekoms kan herskryf?"

Wat baie keer gedurende sessies gebeur het, is dat Melt nie vrae kon antwoord nie. Daar sal dikwels ŉ dag of twee verbygaan of miskien ŉ week voordat hy antwoord op vrae ontdek.

Op hierdie vraag het hy tot die gevolgtrekking gekom: "Miskien wil God my gebruik om ander wat met dieselfde probleem sit, te help. Maar ek sal eers regtig gesond moet wees."

- **God as programmeerder/rekenaar**

Geloof word as ŉ rasionele aangeleentheid gesien. Die raad van God word geïnterpreteer as ŉ logiese bloudrukplan vir verloop van menslike gedrag. Daar kan nie van hierdie plan afgewyk word nie. God het dit beplan. Die uitverkiesing word as teenpool van verwerping beskou. Geloofsgedrag word gekenmerk deur onsekerheid, vertwyfeling en angs.

Melt voel sy situasie is vooraf deur God beplan en hy sal niks daaraan kan doen nie. Ek het hierdie stelling van hom opgevolg met die volgende verduideliking:


Ons is ook geleer dat alles in die heelal vas is en daar kan niks aan verander word nie. Indien dinge nie kan verander nie, waarom bid ons dan? Dit is egter nie Bybels korrek nie. Paulus sê ons is medewerkers van God. Ons werk saam met God om ŉ uitkoms te bepaal (1 Kor. 3:19). Die Bybel beklemtoon die oopheid van ons heelal. God verander gedurig sy gedagtes in ooreenstemming met sy onveranderlike liefde (Eks. 32:14; Jona 3:10). Dit plaas groot druk op ons. Ons werk saam met God om die toekoms te bepaal (Foster 1989:45).

Ons kan sê die heelal is onvoltooid. God se bedoeling met die skepping van die mens was dat ons die skeppingswerk moet voortsit, dat ons die wêreld weg van die chaos en die wilde woesteny en die vormloosheid na orde en harmonie en die goeie moet lei (Gen. 1). As mense neem ons deur ons optrede deel aan die volgehoue skepping van die wêreld. Elke daad is ŉ skeppingdaad. Die vraag is: Watter tipe wêreld skep jy? Ons optrede is dus nie geïsoleer nie. Niks wat met seks te doen het, is onafhanklik of afgesny van alles wat dit omring nie. Ons optrede bepaal die tipe wêreld wat ons skep (Bell 2007:47).

As huiswerk moes hy neerskryf watter tipe wêreld hy skep. "Ek skep ŉ wêreld vol chaos. Die kinders wat ek molesteer, gaan mense net soos ek wees. Hulle gaan mense wees wat nie vry kan leef en rondbeweeg nie. Jy is altyd in ŉ tronk. Jou eie tronk, want net jyself het jou daarin gesit. Ek kan nie meer so aangaan nie."

- **God As towenaar**

Geloof word as ŉ kitsformule gesien wat alles moet oplos. Die uitspraak, "Glo net en alles sal regkom", wek die indruk dat God ŉ towerstaf het. Met die pedofiel is dit net soos met die terminaal siek persoon. Hy worstel met vrae soos: "Is dit omdat ek ŉ swak geloof het?" Dit manifesteer in geloofsgedrag wat op oppervlakkige optimisme dui.


8
NB
Joh. 5:14 –
Jesus se vir hom "kyk jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.

Die gedeelte hierbo het Melt na my gebring, en dit stadig vir my voorgelees. "Ek vra, maar niks gebeur nie. Ek bid tot God oor my fantasieë. Dit kom net terug. Alles is vir God moontlik, hoekom kan Hy my nie gesond maak nie? Hierdie gedeelte sê as ek aanhou sondig, gaan iets ergers met my gebeur. Wat kan erger gebeur as om ŉ pedofiel te wees?" Dan neem hy die pen en skryf die NB en die res op die vers. Sy skouers het gehang en ek was bewus van sy intense stryd.

Die ideaal sal wees om hierdie negatiewe Godsvoorstellings te omskep in positiewe (toepaslike/volwasse) Godsvoorstellings in die lewe van ŉ persoon wat kinders molesteer. ŉ Verwronge Godsbeeld het ŉ invloed op ŉ persoon se geloofsgedrag.

Ek het dit goed gedink om pogings aan te wend om hierdie negatiewe Godsbeeld van die deelnemer in ŉ positiewe een te omskep. Om ŉ paar negatiewe beelde te noem wat hier ter sprake is: "God tug dié wat hy liefhet; God is onregverdig; my lewe is vooruit deur God beplan en dit is hoe dit sal wees; indien God dan so almagtig is, hoekom maak Hy my nie gesond nie? Ek is nutteloos soos ek nou is."

- **Positiewe Godsvoorstelling (volwasse geloof)**

- **God as Vader**

Die vader-metafoor versterk die gedagte van ŉ troue God. Die gelowige kan op God se beloftes staatmaak. Die verbondsformule, "Ek sal vir jou ŉ God wees", dui op troos en ontfermende liefde. Omdat hierdie persoon uit ŉ disfunksionele huis kom en die beeld van God as Hemelse Vader konkretiseer met sy belewenis van sy aardse vader, ly die Godsbeeld geweldig skade. Vertroue, versorging, sekuriteit en die geloofwaardigheid van sy vader word bevraagteken en dit lei tot ontkenning van die Vaderskap van God.

ʼn Kind verstaan die liefde van God deur te sien hoe sy ouers mekaar liefhet en liefde teenoor hulle kinders betoon. Ouers dien as rolmodelle wat God by die kind verteenwoordig en het ʼn belangrike funksie in die vaslegging van Godsvoorstellings (Louw 1997:72).

Om die Godsbeeld te herstel, is visualisering gebruik, wat later in hierdie hoofstuk 5.2.12.2 (ii en iii) verduidelik word.

- **God as Vriend**

God is naby en teenwoordig. Sy vriendskap dui op vergifnishulp in geval van menslike nood (skuld) en oorwinningshulp in geval van angs.

Om God as vriend te ervaar, is ʼn visualisering uit Johannes. 1:1-15 gedoen, wat later in die hoofstuk 5.2.12.2 (iv) beskryf word.

- **God as Verlosser**

Sonde bring vervreemding tussen mens en God. Die versoening wat God in Christus bewerkstellig het, bring vrede tussen God en die mens in die vorm van algehele bevryding.

- **God as Trooster**

Die Heilige Gees bevestig dat God alle bose magte oorwin het en aan die kant van die mens staan. God verklaar die mens regverdig en Hy is werklik elke oomblik in die mens teenwoordig.

- **God as Regter**

Menslike gedrag word bepaal deur God se norme in die lig van Skrifwaardes. Dit beteken dat die mens ʼn sedelike wese is (Heyns 1982:168). Die mens hoef nie vir God as Regter bang te wees nie. God se regterskap beteken dat die mens ʼn rentmeesterskap ontvang het waarvoor hy aanspreeklik is. Hy is ʼn regverdige regter (Heyns 1982:345).

Louw (1999:404) stel dit dat wanneer ʼn pastorale diagnose ʼn onderskeid tussen ontoepaslike en toepaslike (volwasse) Godsvoorstellings maak, die bedoeling van so ʼn analise is om die volgende geloofsmotiewe, met die oog op die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid, by die persoon te vestig:

- Skeppingsmotief. God skep en die mens is struktureel op Hom gerig en op Hom aangewys.
- Lydingsmotief. In ʼn krisis identifiseer God Hom met menslike lyding. Daarom is daar sprake van die patos van God, sy medelye met die mens.

- Oorwinningsmotief. God is die lewende God en triomfeer oor die magte van sonde en dood. Die kontinuïteit tussen sonde en genade, dood en lewe is die trou van God. Die sonde wat eenmaal vergewe is, is vir altyd vergewe en wie vergewe is, ontvang ŉ nuwe lewe. Die ou lewe het verdwyn en bestaan nie meer nie (Heyns 1986:173).
- Strydmotief. Geloof gaan met stryd gepaard. Deel van die stryd is twyfel, onsekerheid en angs.
- Singewingsmotief. Die Bybelse skemas vir geloof is: alhoewel-nogtans, alreeds-nog nie, beloftevervulling-onthulling. Hierdie skemas skep ŉ raamwerk vir sinontsluiting en wek ŉ hoop wat gedrag toekomsgeoriënteerd en doelmatig vorentoe rig.

#### 5.2.12.2 Godvoorstelling en verhaalanalise

Hier vind teo-logiese analise plaas deur middel van 'n verhaal-analise. Deur rekening te hou met verskillende elemente binne die verhaal, is dit die terapeut se taak om te luister waar die Godskonsep sterk ter sprake kom. Dit kan vir die pastorale terapeut 'n aanduiding gee van die aard van die persoon se binding en afhanklikheid van God.

Volgens Louw (1999:389) kan die vermelding van die Godsnaam die pedofiel se binding aan God aandui, waarna die terapeut dit verder analiseer.

Louw onderskei tussen ses tipes stories wat gebruik kan word:

- ŉ Komiese storie, waarin die verband tussen God en humor sterk op die voorgrond tree. Die verband God-en-lewe wek aangename assosiasies ten spyte van kontraste wat nie verstaan of opgelos kan word nie. Komiese stories probeer om die perspektief van die lewende God as Bondgenoot, Vriend en Vader te versterk.
- ŉ Tragiese storie, waarin die verband tussen God en lyding na vore kom. Wanneer gevoelens van magteloosheid en hulpeloosheid op God geprojekteer word sodat Hy as kragteloos ervaar word, kan ŉ tragiese storie remmend op die geloofsontwikkeling inwerk. God se weerloosheid in Christus sal baie sterk na vore tree.
- ŉ Romantiese storie gaan oor die verband tussen God en persoonlike behoeftes. God word voorgestel as die ideale oplossing vir alle menslike probleme. Die sterk aksent op die oorwinningsdimensie van geloof hou dan nie rekening met die begrensing van sonde nie. Die waarde van die storie is dat die pedofiel dikwels in staat is om die positiewe van die negatiewe te onderskei sodat op konstruktiewe oplossings gekonsentreer word.

  ŉ Romantiese storie het in terapie uitgekom. Die deelnemer vertel die storie dat hy visualiseer hoe hy voor die groot goue hekke by die hemelpoort aankom. Jesus Christus staan hom en inwag. Hy is nie meer ŉ pedofiel nie. Hy is ŉ gewone mens soos almal. Jesus is baie bly om hom te sien en verwelkom hom. Jesus Christus bedank hom ook

dat daar ŉ inkeer in sy lewe gekom het. Almal in die hemel het geweet dit gaan nog gebeur. Die dag toe dit gebeur het, was daar groot feesviering in die hemel.

Melt glimlag van oor tot oor. Dit is asof hy alreeds daar is. Hy word ingenooi en daar blaas trompette om sy aankoms aan te kondig.

- ŉ Ironiese storie fokus sterk op die ervaring van onreg. Konsepte soos die almag van God figureer sterk terwyl ŉ appél gemaak word op God se regverdigheid. Die konsep van God as Regter met die oog op die handhawing van die reg en heil vir alle mense kom sterk na vore.

- ŉ Dramatiese storie handel oor die verband tussen God en bose lewenselemente. Dit konsentreer op konflik en stryd en maak die pedofiel bewus van destruktiewe magte wat dikwels sy eie vermoëns en potensiaal oorstyg. Die teodiseevraagstuk kom na vore: Die pedofiel wil God verstaan en regverdig in die lig van bestaande kwaad. Die opstandingsdimensie in die Godsgeloof en God se trou kom na vore.

  ŉ Storie wat die deelnemer vertel, is dat hy sien hoe die bose magte en God oor sy siel baklei. "Die bose magte wou my so graag gehad het. God is altyd die oorwinnaar en gee my krag om elke dag en met elke fantasie te oorwin. Ek sal aanhou veg, al is dit net om hulle te wys."

- ŉ Terapeutiese storie gaan oor die verband tussen ŉ Godsgeloof en die sinvraagstuk. God se hulp en betrokkenheid kom na vore en die pedofiel probeer met sy geloof werkbare oplossings vir probleme soek. Die fokus is op die verlede en die versoeningsperspektief of vergifnismotief in ŉ konfliksituasie. God as Redder en Verlosser tree sterk op die voorgrond.

Hier volg die praktiese toepassing van visualisering wat met die pedofiel gedoen is.

### (i) Vaderbeeld: - Teologiese analise

In die voorafgaande sessies kon daar vasgestel word dat die deelnemer dieselfde beeld van God het as dié van sy aardse vader. Met verloop van tyd is daar baie kognitiewe kennis aan hom oorgedra. Dit was asof die liefdevolle Vaderbeeld geen plek in sy sisteem kon kry nie. Hy het aangevoer dat God te groot is en hy (Melt) te sondig is. Daar is gevoel dat hierdie negatiewe Godsvoorstelling sy geloof rem (infantiele geloof) en dat ŉ positiewe Godsvoorstelling/geloofsgedrag hom sal bemagtig (volwasse geloof).

Visualisering en ontspanningstegnieke is reeds bemeester. Nadat ontspannings- en asemhalingsoefeninge gedoen is, is die deelnemer gevra om na die plek te gaan waar hy veilig voel en oor God die Vader na te dink. Daar is suggestie aan hom gegee:

"Verbeel jou God is hier by jou. Kyk na Hom. Kyk na sy hare ... sy gesig, sy mond, sy oë ... Wat sien jy in sy oë? Hoe lyk die klere wat Hy aanhet? Het Hy skoene aan? Kyk mooi na Hom".

Daar is tot vyf getel en aan hom gevra om terug te kom waar ons nou is.

Daarna is die opdrag aan hom gegee dat hy ŉ prent moet teken oor sy voorstelling van God (Louw 1999:388). Hierdie analise is egter bloot bedoel om vas te stel hoe die persoon God sien, sodat die terapeut hom kan help om vanaf ŉ negatiewe Godsvoorstelling (ontoereikende geloof) te ontwikkel na positiewe Godsvoorstellings (toereikende geloof) te beweeg. Die veronderstelling is dat ŉ positiewe Godsvoorstelling die persoon sal help om meer konstruktief en doelgerig op te tree. Dit ontketen hoop en dra by tot die uiteindelike terapeutiese effek van die pastorale bediening.



Die deelnemer het God gesien as ŉ ou man met ŉ stoppelbaard. Hy het grys hare. Sy vel is oud en verplooi. Hy is baie ernstig. Hy het ŉ lang, wit rok aan. Sy oë is blou en koud. Die deelnemer raak emosioneel en huil sonder trane. God is kwaad vir hom. God sal hom nooit vergewe vir dit wat hy aan al die kindertjies gedoen het nie. God sal nie eers met hom praat nie. Hy is te vol sonde. Melt is ook bang vir hierdie God. Sy straf gaan baie groot wees.

Die deelnemer het my gevra om die Godsbeeld waarvan ek bewus is, aan hom voor te hou.

Nadat ek ŉ positiewe Godsbeeld aan hom voorgehou het, vra hy my om vir hom ŉ prentjie van die sagte, liefdevolle God te teken. Terwyl ons my skets bespreek, raak Melt werklik opgewonde: "Dis die Een wat ek wil leer ken." Hy vra of hy my prentjie kan neem, want hy sal graag tot die volgende sessie na hierdie *foto* wil kyk. Hier word ŉ ou beeld vervang met ŉ nuwe. Deur dekonstruering is hierdie ou beeld afgebreek.

Müller (2000:73) verwys na hierdie alternatiewe verhale as die verbeelde toekomsverhaal en sien daarin ook die doel van die narratiewe benadering: "Die verbeelding van ŉ

toekomsverhaal is ŉ kragtige middel tot verandering in die hede. Daardeur kan mense weer gehelp word om motivering, opgewondenheid en doelgerigtheid te herwin" (Müller 2000:99).

Die deelnemer kry die opdrag om hierdie visualisering soveel as moontlik te oefen tot ons volgende afspraak.

**(ii) Vaderbeeldsessie**

Die deelnemer rapporteer dat hy gedurende die twee weke die visualisering daagliks geoefen het en dat dit baie goed gaan. Hy fokus meer op God se wonderlike sagte eienskappe wat vir ons in die Bybel gewys word. Hy sê dat hy ŉ probleem het om God sy Vader te noem. Wanneer mense ons vertroue skok, beïnvloed dit vanselfsprekend die manier waarop ons oor God dink. Dit word moeilik om te vertrou dat God goed is wanneer dit nie so goed met ons belangrikste verhoudings gaan nie (Bell 2007:135). Hier word juis gedink aan die deelnemer en sy pa se verhouding.

Die Vader-metafoor kommunikeer dat God getrou is. Dit setel in die verbondsbelofte dat Hy vir die mens ŉ God sal wees. Dit waarborg nie sukses nie, maar troos en spreek van ontfermende liefde. Die uitwerking is vertroue, sekuriteit en geborgenheid. Omdat Melt nooit hierdie eienskappe by sy aardse vader ervaar het nie, is dit nie vir hom ŉ maklike taak nie.

Ons maak gebruik van asemhalings en ontspanningsoefeninge.

> Hy kry sy veilige plek. Dink aan die woord *vader* (Murray 1981:51-52). Gaan nou verder en dink oor die woord *Vader*. Jy moet dink aan jou Hemelse Vader, die sagtheid en besorgdheid wat in die woord lê. Herhaal die woord *Vader* in jou gedagtes. Dit is wat God is, jou Vader. Terwyl jy die woord herhaal, voel die betekenis van die woord. Hy het sy kinders lief net soos hulle is. Die onbeholpe, dom en gevalle mens.
>
> Herhaal nou in jou gedagtes: "Onse Vader wat in die hemel is." Voel sy liefde vir jou aan. Jy is geregtig op sy liefde. Sien in jou verbeelding sy krag, sy mag, sy liefde wat niemand anders so aan jou kan gee nie. Dink aan die dinge waarvoor jy na Hom toe kan gaan. Want Hy is jou Vader. Dink aan die dinge waarop jy geregtig is om te vra. Onse Vader. Onse Vader. Onse Vader beteken sy oneindige liefde, oneindige geduld en grenslose wysheid en Hy wat neerbuig om jou te help. Hierdie verhouding wat jy tussen julle aanvoel, is baie groot.
>
> Dink daaraan hoe Hy jou persoonlik, as ŉ individu, ken. Al jou tekortkominge, al jou swakhede, al jou mislukkings is Hy van bewus. Hy as jou Vader verstaan jou as kind. Herhaal Vader ŉ paar keer in jou gedagtes.

As huiswerk moet Melt die verskillende visualiserings daagliks toepas.

**(iii) Troonkamersessie**

Ek het die deelnemer die keuse gegee om met visualisering na God se Troonkamer of na die kruis te gaan. Hy het die Troonkamer gekies.

Dit sou beteken dat die deelnemer God sou ontmoet. ’n Aanvanklike tree is nodig na ’n ontmoeting van persoonlike kontak met Hom en die res sal volg. Hierdie persoon as hoorder kan Hom nie sien as ’n Persoon nie. Die deelnemer sien slegs sonde en oordeel en eers wanneer hy ’n Persoon, Jesus Christus, ontmoet het, kan die volgende tree geneem word.

Daar word aan Melt verduidelik dat ek hom aan die liefdevolle God gaan voorstel. Hy is gevra om sy oë toe te maak. Ontspanningsoefeninge word gedoen.

> Verbeel jou ek en jy stap na God se Troonkamer. Die paadjie waarmee ons stap is oortrek met blomme. Dan kom ons in die Troonkamer. Hoe lyk hierdie Troonkamer vir jou? Vir my is dit baie pragtig hier binne. Hoe voel dit vir jou om hier te wees? Is jy bang of voel jy ontspanne? Ek is geheel en al ontspanne en hoor die engele om Hom wat uitroep: Heilig, heilig, heilig. Jy hoef nie bang te wees nie. Ervaar net God se grootsheid, heiligheid, die Goddelikheid. Nou stap jy nader en nader na die Here. God sit op die troon en ’n glans straal uit Hom. Jy voel baie rustig. As jy naby Hom kom, kniel jy. Jy voel sy sagte aanraking op jou kop. Jy kyk na Hom en sien die liefde wat Hy vir jou het, uit sy oë straal. Wil die Here iets vir jou sê? Sit ’n rukkie daar by God se voete en geniet dit. Beleef God se liefde vir jou. (Pouse). Bêre nou hierdie belewenis in jou hart. Jy kan terugkeer na die Troonkamer om God se liefde en genade te ervaar net wanneer jy wil. Jy kan nou opstaan en baie rustig by die Troonkamer uitstap.

Na ’n paar minute is hy gevra om uit die Troonkamer te stap.

Die persoon is die geleentheid gegee om terug te keer van sy beeld af na die normale omgewing.

Melt het geglimlag en gesê dat hy God se liefde so beleef het dat hy nie die Troonkamer wou verlaat nie. Hy kan nie glo dat God hom liefhet net soos hy is nie.

Melt is gevra om hierdie oefening daagliks te doen. Wanneer hy bid, moet hierdie visualisering gedoen word.

Maande het verloop en Melt besoek die Troonkamer daagliks. Hierdie ervaring het hom God se liefde intens laat beleef. Later het hy ook teruggegaan na die Troonkamer vir vergifnis.

### (iv) God as Vriend-visualiseringstegniek

Asemhalings en ontspanningsoefeninge word gedoen. Hy kry sy veilige plek. Hy word gevra om te luister na die voorlesing uit Johannes 6:1-15.

Daarna is daar gepoog om hom binne hierdie situasie te plaas. Dit het soos volg verloop:

> Verbeel jou jy sit saam met die menigte langs die See van Galilea. Gebruik al jou sintuie. Word deel van die storie. Kyk rond en neem alles waar. Kyk na die berge rondom die See van Galilea. Die See van Galilea lyk soos 'n spieël. Kyk na die gesigte van die mense wat saam met jou op die gras sit. Jy sien mans, vroue en kinders. Jy hoor hoe gesels almal, jy hoor die kinders op die agtergrond speel en lag. Jy hoor die geluid van die water soos die klein golfies teen die kant uitspoel. Raak bewus van die gras waarop jy sit. Raak bewus van jou klere se tekstuur wat aan jou lyf raak. Hoe voel jy om hier saam met hierdie mans en vroue te sit? Almal wag op Jesus. Dan hoor jy die stem van die Meester. Jy sien dat Hy opkyk en met sy dissipels praat. Hoe voel jy om deel van hierdie gebeurtenis te wees? Jy sien 'n seuntjie kom aangestap na die Meester toe. Hy het 'n kosblikkie in sy hande. Hy is eers half huiwerig. Dan neem hy die besluit en stap vinnig na Jesus toe. Hy praat met Jesus. Jesus neem die blikkie en maak dit oop. Jesus kyk na die skare mense voor Hom. Hy maak sy oë toe en met sy sagte stem dank Hy God die Vader vir die kos. Jy maak ook jou oë toe en hoor sy stem. Dan sien jy hoe Hy die vissies en die brood breek. Die dissipels deel dit uit. Die mense begin praat. Jy hoor en voel die opgewondenheid aan. Almal eet. As hulle vir jou die groot mandjie hou, neem jy ook vir jou brood en vis. Jy eet, dis baie lekker. Jy hoor Jesus se stem wat die dissipels die opdrag gee om die oorblyfsels op te tel. Jy staar na die twaalf mandjies vol vis en brood en besef jy het nou net 'n wonderwerk voor jou oë gesien gebeur. Jy ervaar vreugde binne jou as jy dink oor die voorsiening van God. Die mense begin nou opstaan en wegstap. Jy staar na Jesus. Hy staan ook op en begin in die rigting van die berg stap. Almal is nou weg en dit is doodstil. Jy staan op en gaan sit langs die water op 'n rots. Jy sit net daar en is stil. Jy dink oor alles wat jy gesien gebeur het. As jy opkyk, sien jy Jesus na jou aangestap kom. Hy gaan sit langs jou op die rots. Julle is net stil en staar na die pragtige see. Jy geniet die teenwoordigheid van Jesus. Dan hoor jy sy stem: "Wat kan ek vir jou doen, my kind?" Jy vertel Hom wat vir jou op hierdie oomblik van jou lewe belangrik is. Jy kan Hom vertel van jou vrese. (Pouse). Raak bewus van jou emosies – as jy wil huil, is dit ook reg. Jy ervaar sy nabyheid en voel aan dat Hy jou verstaan. (Pouse). Jy voel ook nou beter nadat jy Hom alles vertel het. Vertel Hom van jou verwagtings vir jou lewe. Dinge waarop jy hoop. Dit is vir jou lekker om jou toekomsverwagtings met Hom te deel. Julle albei is weer stil. Dan draai jy na Jesus toe en vra: "Meester, wat kan ek vir U doen?" Luister nou na God se stem. Luister met jou hart. God mag vir jou instruksies gee. Dit

mag ŉ gewone, alledaagse ding wees. Hy mag vir jou ŉ Skrif gee. Neem dit ernstig op. (Pouse). Bedank Hom nou vir die wonderwerke wat Hy doen en vir jou lewe. Bedank Hom vir die wonderlike tyd saam met Hom.

Melt ervaar hierdie visualisering baie positief. Hy het God belewe. Al wat in sy gedagtes gekom het, is die woorde: "My genade is vir jou genoeg." Hy het vir Jesus gesê as Hy hom nie gesond wil hê nie, sal hy dit so aanvaar, maar het ook gevra wat sy doel met hom hier in die psigiatriese hospitaal is.

## 5.3 VERHOUDINGSWESE

Nadat die deelnemer ŉ ontmoeting met God gehad het, is gepoog om hom daarop te wys hoe belangrik verhoudings is.

Daar is genoem dat hierdie persoon miskien vir die eerste keer in ŉ verhouding staan sonder die seksuele aspek. Die pedofiel moet bewus gemaak word dat hy as ŉ verhoudingswese op aarde geplaas is en nie as ŉ geslote, selfgenoegsame, selfonderhoudende en geïsoleerde wese nie (Heyns 1978:127). Sy verhouding met God, sy verhouding met sy medemens en ook sy verhouding met homself is belangrik, en dit verg aandag en tyd.

Deur hom bewus te maak van sy verhouding met God, is hy aangemoedig om aan hierdie verhouding te werk. Hy is deur gesprekvoering op die volgende punte attent gemaak.

### 5.3.1 VERHOUDING TOT GOD

God wil ŉ innige en persoonlike verhouding met elke persoon hê. Dié verhouding is ongetwyfeld die grond- of wortelverhouding waarin ons staan, en konstitutief vir ons wese as mens. Ongeag of die mens hierdie verhouding bewustelik erken en aanvaar, en God as die Bron van sy lewe dankend daarvoor loof en aanbid, kan die mens buite hierdie verhouding vir geen oomblik bestaan nie (Heyns 1982:205).

As geskape wese deur God, ontvang die mens sy bestemming van God. En wanneer sonde beteken dat die mens sy doel mis, dat hy in opstand lewe en dat hy geen gesag buite homself wil erken nie, impliseer dit allereers dat sy verhouding tot God deur die sonde aangetas is. In hierdie verhouding openbaar die sonde hom veral ten opsigte van die bestaan, die wil en die betekenis van God (Heyns 1978:178).

Omdat die pedofiel homself as sondig sien, het hierdie verhouding tussen hom en God skade gely. Die deelnemer het reeds besef dat hy hierdie gewigtige seksuele afwyking nie alleen kan beveg nie. Hy het erken dat hy hulp nodig het.

Alleen die mens wat sy Skepper ontmoet, realiseer sy bestemming en kom tot sy volle identiteit. Die mens is – onties gesproke – nie ŉ geïsoleerde, selfgenoegsame, homself bepalende en homself vraende wese nie, maar fluisterend na en gehoorsamend buigend voor Gods Woord, verstaan hy homself, leer hy sy herkoms en sy bestemming verstaan, begryp hy sy taak in die wêreld en handel hy eties-goed, deur liefdevolle persoonseerbiediging die grondslag van sy dade te maak (Heyns 1982:205).

Ons het gaan kyk na verskillende verhoudings tussen God en mense in die Bybel. Die een voorbeeld wat ek graag wil noem, is die verhouding tussen God en Dawid. Sy heelhartige toewyding aan God moedig ons aan om voluit vir God te lewe; sy donker tye van hartseer en sonde gee ons hoop as ons eie sondigheid ons oorweldig.

Toe Dawid ŉ skaapwagter was, het hy baie tyd gehad om oor sy liefdevolle God na te dink en hier het hulle verhouding gegroei en sterk geword. Dawid het ŉ openlike en eerlike verhouding met God gehad. Dit blyk uit sy persoonlike liedere in die Psalms (7-8, 23, 51).

Toe die storms van die lewe hom tref, was hulle verhouding sterk genoeg om te oorleef. Selfs toe Dawid die diepste wanhoop beleef het nadat hy egbreuk en moord gepleeg het, was sy hart nog sag genoeg om Natan se bestraffing te aanvaar en in berou na God toe te gaan.

Hierdie voorbeelde wat aan die deelnemer voorgehou is, was van groot betekenis. Hy kon die karakters identifiseer en dit het hoop by hom gewek. Dit het hom ook nuuskierig gemaak om die uitkoms van die verhaal te bestudeer en hy het teruggekom met groter hoop. Deur Bybelstudie het die deelnemer sy verhouding met God verbeter.

#### 5.3.1.1 Verhouding met God: "God weet nie hoe dit voel nie"

> "Here God, U weet nie hoe dit voel nie! U verstaan nie! U het geen idee waardeur ek gaan nie. U het nie ŉ benul hoe seer dit maak nie."

Genesing begin wanneer ons deel het aan God se lyding, wanneer ons dit nie probeer vryspring nie, maar dit omhels, en in die proses ook God se lewe betree; wanneer ons nie ons pyn sien as iets wat tussen ons en God staan nie, maar iets wat ons verbintenis met ons Skepper bevestig (Bell 2007:88). Louw (2007:145) noem lyding hou skynbaar op om lyding te wees die oomblik wanneer dit sinvol raak, veral wanneer lyding die betekenis van ŉ offer ter wille van ander verkry.

Die deelnemer se beter begrip dat God probleme verstaan, is opgevolg met ŉ visualiserings-tegniek wat kon help dat hy moes besef hoe beslis God elkeen se lyding verstaan.

Nadat ontspannings en asemhalingsoefeninge gedoen is, is die deelnemer gevra om na die plek te gaan waar hy veilig voel en aan God die Vader te dink. Daar is ŉ suggestie aan hom gegee.

> Dit is ŉ Vrydag Jesus het self sy kruis gedra. Jy staan op Golgota. Daar is baie mense. Jesus word bo-op die kruis gelê. Jy sien die lang spykers, die hamer. Hulle slaan die spykers deur Jesus se hande en voete. Jy hoor elke slag van die hamer. Dan bring hulle die kruis regop en sukkel om die kruis in die gat te kry wat hulle vooraf gemaak het. Jesus hang nou aan die kruis. Hy sê: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie."
>
> Die boklere word deur die soldate gevat en dit word in vier dele verdeel. Elke soldaat kry ŉ deel.
>
> Mense spot met Hom. Hulle skree vir Hom: "As jy die koning van die Jode is, red jouself." Jesus se moeder, haar suster, Maria die vrou van Klopas, en Maria Magdalena is ook daar. Jesus kyk na sy moeder en na Johannes, die dissipel vir wie Hy baie lief was. Hy sê aan sy moeder: "Daar is jou seun." Daarna praat Jesus weer en sê: "Ek is dors." Jy sien hoe ŉ soldaat ŉ spons neem en die spons in ŉ kan suur wyn druk wat daar naby staan. Hy druk die spons aan ŉ lang stok se punt en hou dit voor Jesus se mond. Jy hoor Jesus sê: "Dit is volbring." Dan sien jy hoe Jesus se kop vooroor sak en hoe Hy sy laaste asem uitblaas.
>
> Die mense beweeg weg. Hulle gaan na hulle huise toe. Die vroue en dissipels loop ook. Jy is alleen saam met Jesus by die kruis. Dan hoor jy sy stem. Hy vra vir jou: "Dink jy nog steeds Ek weet nie hoe dit voel nie? Dink jy nog steeds Ek verstaan nie? Dink jy nog steeds ek het geen idee waardeur jý gaan nie? Jy dink Ek het nie ŉ benul hoe seer dit maak nie."
>
> Dit is God wat sy hande uitsteek en vra: "Wil jy die gate sien waar die spykers My deurboor het? Sal dit help?" Miskien kan jy nou Jesus se lyding verstaan.
>
> Die kruis is God se manier om al ons verwyte, verskonings en argumente uit die weg te ruim. Die kruis is God wat vlees en bloed word, wat sê: "Ek weet hoe dit voel." Die kruis is die plek waar ons ontdek dat ons nie alleen is nie, waar ons die krag vind om aan te gaan. Nie ŉ krag wat van binne onsself kom nie, maar ŉ krag wat van God af kom. Die God wat aanhou. Wat aanhou gee. Wat aanhou liefhet. Wat aanhou risiko's loop. Die kruis is ŉ plek waar ons ons wonde aan God kan gee en sê: "Hier, neem U hulle."

> Daar is iets heiligs in jou lyding. ŉ Heilige teenwoordigheid in jou pyn. Jy weet nou hoe God voel.
>
> Daar is ŉ spreekwoord wat lui: "Die grond aan die voet van die kruis is gelyk." Dit beteken God het almal ewe lief. God het nie witbroodjies nie. Dit maak nie saak waar jy vandaan kom of wat jy gedoen het of hoeveel kinders jy gemolesteer het nie, die kruis is die plek waar God verby dit alles kyk en jou vergewe en aanvaar en jou lei skoonvee. Ja, ek besef dit is ŉ ongelooflike gedagte.
>
> "Die grond aan die voet van die kruis is gelyk." Hierdie spreekwoord wil iets vir jou sê oor God se mag. Sy mag om jou te bevry en te reinig en te vergewe en vir jou nuwe lewe, nuwe hoop, nuwe genade te gee. God se mag om iets wat hopeloos lyk, te neem en te red.
>
> "Die grond aan die voet van die kruis is ook vir God gelyk." Wanneer dit by liefde kom, is dit asof God ingestem het om by dieselfde reëls te hou as wat vir ons geld. God kan enigiets doen – dit is wat maak dat Hy God is. Maar God kan nie alles doen nie. Hy kan jou nie dwing om Hom lief te hê nie – dit bly jou keuse.
>
> Praat nou met Hom. Vertel Hom hoekom jy dink Hy verstaan nie. Gaan diep jou pynlike oomblikke op. Al die seerkry en die ongemaklike gesprekke en die woede en die mislukkings en die misverstande en die verraad. Jy moet dit opgrawe en erken voordat jy kan begin gesond word. Jy kan dit vir God gee."

Na ŉ paar minute van stilte is tot vyf getel en aan hom gevra om terug te kom waar ons nou is. Melt het dit positief beleef. Hy verstaan God se lyding. Sy opmerking was: "Hy het beslis swaarder gekry as ek. Ek dink Hy verstaan wat ek deurgaan."

Die boek van Viktor Frankl, *Ein psycholog erlebt das konzentrationslager* (1947) deur Daniël J. Louw met bywerkte teks en die titel *Waarom lewe ek? Hulde aan die hoop* is saam met die deelnemer deurgewerk. Die gedeelte wat hy vir homself toegeëien het, is: "As professor in beide neurologie en psigiatrie is ek ten volle bewus van die feit dat biologiese, psigologiese en sosiologiese omstandighede faktore is wat op die mens inwerk. As iemand wat vier konsentrasiekampe oorleef het, is ek egter aan die ander kant ook ten volle daarvan oortuig dat die mens die haglikste omstandighede denkbaar kan trotseer en oorwin" (Frankl in Louw 2007:158). Deur hierdie boek het die deelnemer besef hy het ook ŉ eie, vrye wil en keuse (Louw 2007:161).

### 5.3.2 VERHOUDING TOT MEDEMENS

Die lewe sonder ander mense is nie ŉ lewe wat die moeite werd is nie. Omdat ons sosiale wesens is, het ons ander mense nodig om gelukkig en gesond te wees (Muller 2001:27). Dit is reeds genoem dat die pedofiel nie in ŉ verhouding met volwasse persone kan staan nie. Miskien is die verhouding tussen die terapeut en die pedofiel sy eerste volwasse verhouding. Hierdie verhouding moet so ver moontlik vertroetel word sodat die persoon sy verhouding met sy medemens kan herstel. In die liggaam aanvaar lede verantwoordelikheid en sorg vir mekaar (1 Kor. 12:25-26) en hierdeur word Christus se hartsbegeerte vervul (Janse van Rensburg 1998:157).

Louw (1999:31) stel dit dat die onderlinge verhouding (*koinonia*) deel vorm van die mens se geloofsvolwassenheid. Ons is kuddewesens en het ander mense se teenwoordigheid nodig om gelukkig en gesond te bly (Muller 2001:37).

Omdat die wortelverhouding waarin die mens lewe, naamlik dié tot God, deur sonde aangetas is, is ook alle ander verhoudings waarin die mens se lewe afspeel, deur die sonde besmet. Van nature het die mens God nie lief nie, en daarom het hy ook nie sy naaste lief nie. Wie sy naaste nie liefhet nie, ontvang hom nie uit Gods hand nie, leef onverskillig by Hom verby, hoor Hom nie in sy nood nie, is nie saam met Hom bly in sy vreugde nie en misbruik Hom vir eie gewin (Heyns 1978:179).

Melt se verhouding met sy familie is herstel. Hulle kontak mekaar gereeld. Na al die jare in die hospitaal het ŉ pastoor na hom uitgereik. Hy is deel van die kerk. Die pastoor kom haal hom elke Sondag vir die diens en hy neem ook aan kerklike aktiwiteite deel.

Hy verstaan dat daar aan alle verhoudings gewerk moet word. In hierdie bespreking van verhoudings met die medemens kan daar selfverwyte kom oor verhoudings wat skipbreuk gely het. In hierdie geval het dit by die deelnemer opgekom dat sy verhouding met sy twee seuns, wat uit sy eerste huwelik gebore is, totaal vernietig is. "Iemand anders het hulle grootgemaak." Daar het selfverwyt by hom ontstaan.

### 5.3.3 VERHOUDING MET DIE SELF

Ons kan nie genees word voordat ons nie kan sê presies wie wanneer wat aan ons gedoen het nie. Eers dan kan ons begin met die proses om vry te word. Jy kan nie ŉ verbintenis met God hê tensy jy vrede gemaak het met jouself nie. As jy nog steeds kwaad is omdat God vir jou hierdie liggaam of hierdie lewe of hierdie familie of hierdie omstandighede gegee het, sal jy nooit ŉ gesonde, voorspoedige, volhoubare verbintenis met Hom kan ervaar nie. Jy sal altyd haaks bly met jou Skepper. En as jy nie kan aanvaar wie jy is en hoe jou lewe lyk nie, sal jy ook nooit ander mense en die manier waarop hulle gemaak is en lewe, kan aanvaar

nie. En totdat jy vrede gemaak het met God en die mense rondom jou, sal jy aanhou worstel met jou rol op die planeet en die rol wat jy in die voortgesette skepping van die heelal moet speel. Jy sal so besig wees om te baklei en weerstand te bied dat jy nie verbintenisse kan vorm nie (Bell 2007:29).

Hierdie fase van terapie was om ’n nuwe interne boodskap te vind aangaande wie en wat hy is. Hierdie deelnemer het in ’n disfunksionele huis opgegroei en dra onvermydelik ’n verskeidenheid negatiewe en verdraaide boodskappe soos:

- "Niemand kan vir my lief wees nie."
- "Selfs God kan nie vir my lief wees nie."
- "Ek is verantwoordelik vir baie pyn en seer."
- "Ek is nie waardig nie en daarom moet ek my plek binne verlossing en genade verdien – om genade te kan ervaar binne my familie en binne God se groter familie."

Die mens het ’n verantwoordelikheid teenoor homself: omdat hy ’n skepsel van God is, moet hy homself liefhê. Wie God liefhet – op die regte wyse liefhet – sal ook homself en sy naaste op die regte wyse liefhê (Heyns 1978:137).

Die pedofiel het as skepsel en beelddraer van God ’n bepaalde beeld van homself. Dit behels onder andere ’n innerlike leefwêreld van gedagtes en gevoelens.

Wie nie met homself in ’n gesonde verhouding staan nie, en vir sy eie persoon geen eerbied en geen respek het nie, kan dit onmoontlik hê vir die persoon van die ander. Pedofiele gebruik kinders as middel tot ’n doel (Heyns 1982: 206). Die Skrif noem dit die werke van die vlees, wat bestaan uit owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery (Gal. 5:19). Begeertes is die bron van alle euwels (Heyns 1978:180). So ook by die pedofiel. Sy eie begeertes is die belangrikste en met ongeldige verskonings sus hy sy eie gewete om net tot sy eie voordeel op te tree. Met ’n begeertevervulde hart kan hy ook nie die eerste gebod gehoorsaam nie, want begeertes het self reeds, die plek van God in die hart van die mens ingeneem (Heyns 1978:181).

Die deelnemer moet besef dat die Heilige Gees in sy selfheid woon – ’n selfdoel wat in sy individuele syn geroep is om Gods lof te verkondig, en Gods take vir hom en Gods gawes aan hom te realiseer en te gebruik (Heyns 1982: 206).

Die eerste stap om ’n verhouding met homself te hê is selfaanvaarding en deur te besef dat dit waarmee hy besig is, teen die wil van God is.

Die deelnemer het ŉ vreemdeling geword vir God omdat hy te besig was om homself te help. Sy eie seksuele drifte is belangriker as om die kind te sien as ŉ kind wat misbruik word. Hy is voltyds besig om ŉ klankbord te vind vir sy eie monoloog. Indien die persoon se eie beeld nie herstel kan word nie, sal sy verhouding met sy medemens maar ook, die belangrikste, met God agterweë bly.

Die volgende is gedoen om sy negatiewe selfbeeld in ŉ positiewe te omskep. Om van so ŉ negatiewe selfbeeld ontslae te raak, verg deursettingsvermoë en harde werk (Muller 2001:33).

Dit was eerstens nodig dat hy negatiewe persepsies omtrent homself neerskryf sodat hyself daarvan bewus kan wees. Hy het die volgende neergeskryf:

Ek is ... ŉ pedofiel, alleen, verstote, sondig, ŉ mislukking, skuldig, vergete en waardeloos.

Daarna is daar oorgegaan na ŉ stelling wat gemaak is wat hy moes voltooi.

Die lewe is ... bitter, soms te swaar om te dra, leeg, moeilik, nie lekker nie.

Nou is ŉ lys gemaak van nuwe, positiewe, gesonde en gebalanseerde boodskappe wat hy vir homself moet gee. Dit moet te doen hê met die self, God, ander mense, die teenoorgestelde geslag, die kerk, die wêreld. Hy het egter baie hulp nodig gehad om hierdie lys op te stel. Daar is tot die konklusie gekom dat hy nie gewoond was om positief oor homself te dink nie en dat hy trouens nog nooit daaroor gedink het nie.

Hy het vir ons Psalm 139 en Psalm 18 gelees en hy is gevra om hom te verbeel dat God hierdie boodskap vir hom persoonlik geskryf het. Dit het hom gehelp om die waarde te verstaan wat God aan hom persoonlik heg.

Hy het die opdrag gekry om hierdie psalms tot die volgende sessie elke dag twee maal te lees. Hierdeur het hy tot die besef gekom "Ek het ŉ reg om te lewe en dit moet vertroetel word."

Met verloop van tyd het hy gesê dat God ander pedofiele op sy pad sal bring sodat hy ander met hierdie groot probleem kan help.

Ons lewe word gevorm deur ons begrip van hoe God ons sien. Wat ons doen, spruit uit wie ons glo ons is (Bell 2007:103). Die deelnemer het baie dae alleen in sy stryd gevoel. Hiervoor het ek ŉ visualisering benut deur hom na Jesus Christus se kruis toe te neem.

Ek het hierdie keuse gemaak sodat hy sou besef dat hy ook werd is om voor te sterf. Die Skepper het hom ook van onskatbare waarde geag. Hy is voortdurend op duisende verskillende maniere versoek om dit nie te glo nie. Die versoeking was om sy waarde en bevestiging daarvan op allerhande ander plekke as by sy Skepper te gaan soek (Bell 2007:105).

#### 5.3.3.1 Die roosboom-tegniek

Die roosboom-tegniek is deur Violet Oaklander, ʼn Gestalt terapeut, ontwikkel om die terapeut die geleentheid te gee om met ʼn persoon op sy emosionele vlak en wêreld te werk.

Oaklander (1988:53) gee toe dat elke terapeutiese sessie die persoon bewus moet maak van homself en sy bestaan in die wêreld. Sy vind dat hierdie tegniek ʼn effektiewe manier is om ʼn persoon te help om sy emosionele gevoelens, behoeftes en begeertes wat geblokkeer of onderdruk word, op ʼn nie-verbale manier bekend te maak (Oaklander 1988:32).

Die deelnemer word gevra om sy oë te sluit en die terapeut stel ʼn suggestie voor sodat die persoon homself as ʼn roosboom sien (Oaklander 1988:32-33). Die volgende voorstelle of vrae kan gevra word:

> Watter tipe roosboom is jy – ʼn sterk of ʼn swak boom, ʼn klein of ʼn groot boom? Hoe lyk jou wortels – is hulle diep of vlak in die grond of miskien het jy nie wortels nie. Hoeveel rose het jy, baie of min of miskien geen? Of as jy het, watter kleur is hulle? Het jy dorings – het jy baie of min? Hoe lyk dit hier waar jy staan? Is dit lekker om hier te staan of is dit sleg? Staan jou roosboom uit of is hy maar net ʼn boom? Is daar genoeg spasie vir jou om te groei hier waar jy staan? Hoe kom jy as roosboom oor die weg met die ander plante? Hoe lyk jou toekoms?

Na die visualisering is Melt gevra om homself as roosboom te teken. Sy storie het soos volg gelui.

> Is jy ʼn roosboom of heeltemal iets anders? Ja, ek is ʼn Iceberg-roosboom wat vol rose is. Ek dra altyd rose.
>
> Is jy ʼn klein boompie of ʼn groot boom? ʼn Bos, nie baie groot nie.
>
> Is jy ʼn sterk boom of is jy tingerig? My wortels is sterk. Ja, ek is sterk. Ek staan goed. Ek is goed versorg in die laaste tyd. Ek het gedink ek was op ʼn droë plek geplant en die rose was verlep en die blare ook. En toe het ʼn ou tannie my kom uithaal waar ek alleen gestaan het waar dit baie droog was. Toe plant sy my in haar tuin tussen ander rose. Sy snoei my mooi, versorg my, gee vir my kompos en medisyne. Dis waarom ek so mooi

lyk. Sy het mooi walletjies om my gemaak. Ek het eers gesukkel om water te kry. My wortels was nie goed gewees nie. Ek was amper besig om dood te gaan. Die ou tannie sny kort-kort droë knoppe af sodat daar nuwe rose en nuwe knoppe moet kom.

Is daar ŉ heining naby jou? Nee. Ek het nie daaroor gedink nie. Net ŉ mooi tuin met gras om. Die ou tannie gee baie aandag, dis ŉ mooi tuin. Sy sit ook ou blare om hom sodat die water nie sommer verdwyn nie, dat ek nie verdroog nie. Onder in die grond het sy klippertjies en kompos – dis mooi gemaak.

Staan jy alleen? Nee, daar is nog rose by my. ’n Hele roostuin. Die tannie hou baie van rose.

Is daar ander blomme naby jou in die tuin? Ja, ander blomme ook. Daar is geel varkore naby my. Dis ook ŉ mooi blom vir my.

Wie versorg jou? Die ou tannie.

Het jy baie of min rose? Ek is in vol blom. Ek het altyd rose.
Watter kleur is jou rose? Wit. In die ou tuin het my blomme bruin vlekke op gehad.

Hoe lyk jou blare? Gesond en baie mooi blare. Groen.

Hoe lyk jou stam? My stam is mooi, die ou stam is weggesny. Al die stingels is ook mooi.

Het jy dorings aan jou stingels? Ek het nie aan die dorings gedink nie.

Hoe lyk jou wortels? Baie mooi, dik en reguit. Nie gekoek nie. Nie baie diep nie, maar hulle hou die boom mooi vas in die grond.

Hoe voel dit om ŉ roosboom te wees? Goed. Iemand versorg my. In die ou tuin wou ek ’n verandering maak, maar in die nuwe tuin is ek trots om my rose te wys.

Hoe oorleef jy? Die tannie versorg my. In die ou tuin was daar niemand wat my versorg het nie.

Wat is jou naam? Iceberg.

Voel jy soos ŉ las vir die tannie? Nee, sy is trots op my.

Sy weergawe van homself as ʼn roosboom is aan hom voorgelees en hy is gevra watter ooreenkomste daar tussen hierdie roosboom en homself is. Hy het geantwoord: "Ja, daar is baie ooreenkomste. Dit is hoe ek nou oor myself voel. Daar waar ek in die ander tuin gestaan het, was ek onversorg, maar nou begin dinge vir my regkom. Daar is mense wat na my kyk en my versorg. Ek staan nou in ʼn mooi tuin. In God se tuin. Hy is eintlik my versorger."

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die deelnemer beweeg het vanaf ʼn eensame bestaan na ʼn bestaan waar hy versorging ervaar.

#### 5.3.3.2 Selfbeeldsessie

Solank die deelnemer glo dat hy deur uiterlike omstandighede gevorm is, sal hierdie geloof sy denke en emosies beheer. Geen wonder nie dat Spreuke 27:19 ook sê "Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink." Hierdie geloof bepaal ook sy interpersoonlike verhoudings nadelig. ʼn Persoon se prentjie omtrent homself kan van geliefdes se reaksie teenoor hom wees. Die weerkaatsing van hierdie spieëlself kan erg verdraaid wees as gevolg van emosionele verwaarlosing, gebrekkige toegeneentheid, kritiek en vergelyking met ander, asook openlike verwerping (Seamands 2004:59).

Arnold Lazarus het ʼn tegniek ontwerp waar die persoon die spesifieke en realistiese vaardighede en kwaliteite wat hy graag wil hê, vir homself voorstel (Heymans 2008:59). Visualisering kan ʼn persoon moontlik help deur van die negatiewe prentjies van byvoorbeeld ʼn swak selfbeeld ontslae te raak en dit met prentjies van ʼn positiewe selfbeeld te vervang (Heymans 2008:140). Janse van Rensburg (1998:73) verwys na die positiewe resultate wat visualisering by selfbeeldprobleme het. Iemand met ʼn swak selfbeeld kan begelei word om ʼn inbeelding te hê van hoe hy/sy graag wil wees ten einde tussen die "huidige self" en die "onderdrukte self" te onderskei.

Die deelnemer is geleer om vir homself ʼn veilige plek te ontdek, daar waarheen hy altyd mag vlug indien alles vir hom te veel raak.

Die deelnemer word versoek om sy oë toe te maak. Ontspanning van liggaam en asemhaling word eerste gedoen. Hy is gevra om na sy veilige plek te gaan.

> Laat jouself nou gaan na jou gunsteling, mees ontspanne plek. Hierdie veilige plekkie kan ʼn plek wees wat jy uit jou verlede kan onthou. Dit kan ʼn plek in die natuur wees. Dit kan by die see wees, in ʼn woestyn, ʼn plek in ʼn berg, of vallei, dit kan selfs op die maan wees of miskien is dit in jou kamer of in ʼn tuin, dit kan ʼn plekkie wees wat jy vir jouself skep. Dit kan enige plek wees. Wanneer hierdie plek na jou toe kom, lig net jou vinger op.

> Wees net daar in jou gunstelingplek. Kyk rond en neem waar wat alles in hierdie plekkie van jou is. Visualiseer. Gebruik jou sintuie om daar te wees. Sien al die kleure en vorms. Luister na die geluide, voëls, wind, luister as daar miskien water is. Ruik nou al jou gunstelinggeure daar in jou veilige plekkie. Miskien ruik jy blomme of die vars, skoon lug. Wat doen jy hier in jou veilige plekkie? Ervaar en voel jou gunstelinggevoelens in jou veilige plekkie.

Heymans (2008:292-293) se visualiserings tegniek is verder gebruik:

> Sien jouself nou in ŉ slegte situasie waar jy met mense te doen het wat jou minderwaardig laat voel. Beleef die emosie wat jy dan ervaar. Laat hierdie emosie al hoe sterker by jou word. Asem die emosies in. Sien nou jouself soos jy graag jouself in die situasie wil sien. Beleef die emosie. Asem dit in.
>
> Kry nou afstand. Staan as ŉ buitestander en kyk na die situasie. Wat sien jy? Sien jouself in die rol waarin jy graag wil wees.

Melt is na ŉ tydjie na die werklikheid teruggebring deur hom ŉ paar keer diep te laat asemhaal en sy oë stadig te laat oopmaak.

Melt het die proses positief beleef. Hy het homself gesien soos hy graag wil wees. Hy het ŉ plaas. Daar werk baie mense op die plaas. Almal wat daar werk, is mans met dieselfde probleem as hy. Elkeen het sy taak gedurende die dag en ontvang ook terapie. Hy leer hierdie persone om hulle maniese verkeerde denke en fantasieë te omskep.

Melt kry die opdrag om hierdie visualisering soveel as moontlik te oefen. Na maande doen hy nog steeds hierdie oefening omdat hy besluit het om nie meer te fokus op die negatiewe aspekte van sy situasie nie, maar op die positiewe uitkoms. Hierdie visualisasie het so uitgebrei dat hy ook bewus geraak het van die Here se teenwoordigheid op hierdie plaas.

## 5.4 BEROU EN BELY IS DEEL VAN DIE HELINGSPROSES

Berou is 'n opregte begeerte om verhoudings te herstel as gevolg van die aanvaarding van verantwoordelikheid. Dit impliseer dat die mens terugkyk op die pad waarlangs hy gekom het. Berou en bekering het die oordeel en die straf versag of selfs afgeskryf. Die verantwoordelikheidsbesef van die mens voor God hang saam met die berou oor die sonde (Louw 1999:473). Een van die basiese aannames in die Skrif is dat die mens 'n sedelike wese is en verantwoordelik en aanspreeklik is vir sonde. Hoe dieper die Heilige Gees in die mens se lewe werk, hoe meer erken die mens sy diep dwalinge. Dit is 'n aanduiding dat die mens se spiritualiteit, sy daaglikse wandel en lewe saam met God, 'n besliste rol speel in die skuldbewussyn van die mens en daarom ook in sy vergifnisbewussyn.

In 2 Korintiërs 7:9, 10 praat Paulus van die droefheid of berou wat volgens die wil van God is en wat ’n mens tot bekering en redding lei. Deurdat jy jouself in die spieël van God se geregtigheid, liefde en heiligheid sien, kom jy tot die besef van jou eie sondigheid en verwerplikheid. Dit is wanneer jy tot die besef kom dat dit ook vanweë jou sondes was dat Christus gely het en gekruisig is, maar terselfdertyd ook tot die verdere besef kom dat dit ook terwille van jou redding was dat Christus dit alles ondergaan het (Möller 1999: par. 3.5.3). Berou gaan dus belydenis en vergifnis vooraf (1 Joh. 1:9).

In die geval van ’n persoon met ’n seksuele afwyking soos pedofilie kan daar net gewag word op die leiding van die Heilige Gees vir hierdie persoon om berou oor sy dade te kry. Ware berou moet uitdrukking vind in die belydenis van sondes. Hierdie belydenis beteken dat die persoon die verkeerde in sy lewe nie alleen erken en daaroor berou het nie, maar dit ook voor God (en soms ook voor sy medemens) bely (Ps. 51) (Möller 1999: par. 3.5.2).

Belydenis hoef nie net tot woorde beperk te wees nie; dit is noodsaaklik dat dit deur dade bevestig moet word. ’n Mens moet nie alleen sê dat jy met die sondige gewoontes en praktyke gebreek het nie, maar jy moet dit ook wys deur dit wat jy omtrent sulke dinge doen. ’n Verwysing hierna vind ons in Handelinge 19:18-19. ’n Ander wyse waarop belydenis in die vorm van dade bevestig word, is die sogenaamde restitusie (Luk. 19:8) (Möller 1999: par. 3.5.2).

Berou beteken om getref te wees deur skuld op persoonlike vlak en oral waar daar 'n behoefte aan verandering en herstel bestaan (Louw 1999:471). Berou is egter 'n verdienstelike saak of middel om versoening te bewerk. Berou is 'n weerspieëling van die genade en die vergewing van God in die mens se lewe en die vrug van die werk van die Heilige Gees. Berou moet gesien word as gawe van God (Louw 1999:80).

Die woord belydenis in Hebreeus beteken letterlik om uit te werp of uit te gooi. Om te bely beteken bloot om iets uit te kry (Bell 2007:166).

Belydenis van sonde is ’n voorwaarde vir die vergifnis daarvan (1 Joh. 1:9; Num. 5:7; Neh. 1:6; Ps. 32:5). En so ontvang ’n persoon deur die bekering, soos geopenbaar deur sy berou en sondebelydenis, uit genade ook die vergifnis van daardie sondes (Mark. 4:12; Hand. 3:19) (Möller 1999: par. 3.5.2).

Belydenis en vergifnis kan gesien word as intrapsigies of interpersoonlik. As slegs die perspektief van die slagoffer verreken word, word dit ’n intrapsigiese proses wat ’n psigologiese, emosionele en moontlik spirituele veranderings in die lewe van die individu na vore kan bring (Van der Merwe 2004:62).

Ware belydenis is 'n bewuste proses wat die een wat moet vergewe en die een wat vergewe moet word, by mekaar betrek. Ware belydenis en geloofsvolwassenheid is nou verwant (Van der Merwe 2004:65). Die volwasse Christen is bereid om sy/haar dade voor God te evalueer en dit lei tot opbouende selfkonfrontasie en insig wat uiteindelik oorloop in egte berou. Egte berou is 'n eerlike poging om deur versoening die Christelike liefde te operasionaliseer (Louw 1999:479).

'n Soektog deur die Skrif maak dit duidelik dat belydenis nie opsioneel is nie. Nie alleen is dit noodsaaklik in verband met ons verlossing nie (Matt. 3:5-6, 10:32-33; Rom. 10:9-10; Fil. 2:9-11; 1 Joh. 4:2-3), maar dit speel ook 'n noodsaaklike rol in verband met ons sonde (Lev. 5:5-6, 16-21, 26:40-42; Ps. 32:5; 1 Joh. 1:9) en rakende diegene wat ons seermaak deur ons sonde (Matt. 5:23-24; Jak. 5:16). Dit is 'n versoberende gedagte om te besef dat die Bybel ons beveel om, onder sekere omstandighede, ons sondes teenoor mekaar te bely op dieselfde wyse as teenoor die Here.

### 5.4.1 METODE VAN SONDE BELY

Die deelnemer het op 'n punt gekom dat hy al sy dade en sondes vertel en hervertel, gelees en erken het. Indien 'n deelnemer nog nie by die stadium gekom het waar al sy dade erken en bely is nie, sal hy gewoonlik 'n vae stelling maak, soos: "Ek het baie gesondig en God weet alles daarvan af." In hierdie geval móét die persoon by die punt kom dat hy elke sonde spesifiek bely. Die rede waarom dit vir die deelnemer moeilik is, is dat hy nog nie ten volle teenoor homself erken het dat hy werklik sondes begaan het nie, of hy is bang dat die terapeut respek vir hom sal verloor as hy sy spesifieke sonde erken. Daar moet dan onderskei word watter saak die bekommernis veroorsaak en dit moet openlik en eerlik uitgepluis word.

Wanneer die deelnemer sy sonde bely en die terapeut die gewig van sy laste gedeel het, oorweeg dit om hom te help om homself te vergewe deur vir hom te sê dat jy hom vergewe. Kyk hom reguit in die oë en sê: "Ek is jammer dat jy op hierdie manier gesondig het, maar ek wil hê jy moet weet dat ek jou vergewe. Moet nooit wonder nadat jy hier weg is of jy my weer in die oë sal kan kyk nie. Jy kan - omdat ons almal slegs deur die bloed van Jesus Christus vergewe is." Jou aanvaarding as terapeut sal hom aanmoedig om te glo dat God hom kan vergewe.

Ons het saam 'n lys opgestel van gebeure waaroor hy berou het wat hy graag voor God wil bely, onder andere die skade wat aan sy familie aangerig is, die skade wat aan sy twee huwelike en sy eie kinders aangerig is, ook die skade wat aan Linda se twee dogtertjies aangerig is, al die kinders wat hy deur die jare gemolesteer het en ook die skade wat hy aan homself aangerig het.

Anderson (1998:323) stel voor om eers te gaan kyk hoe Dawid (Ps. 51) belydenis van sonde doen voordat ŉ persoon dit doen.

### 5.5 VERGIFNIS

Dit is noodsaaklik om na vergifnis te kyk aangesien vergifnis noodsaaklik is vir spirituele heling. Dit is ŉ absolute noodsaaklikheid vir die voortbestaan van die mens as iemand wat behoort. Vergifnis maak die deure oop tot heling, restourasie, bevryding en vernuwing. Voordat hierdie deure in ŉ persoon se lewe nie oopgemaak word nie, sal hy verstrik en verstrengel bly in sy verlede sonder hoop op ŉ vernude hart en toekoms (Seamands 2003:132). Louw (1995: 53-154) wys daarop dat vergifnis nie amnesie beteken nie.

Om te vergewe is ŉ keuse en ŉ wilsbesluit (Standford 1988:97; Seamands 2003:143) maar nie altyd ŉ eenvoudige saak nie (Dreyer 2005:16). Dit behoort ook nie ŉ persoon se emosies te wees wat hom na vergifnis dwing nie (Seamands 2003:143).

Maar die koste van vergifnis moet ook besef word. Ons kan nie betaal vir vergifnis nie, want dit is onbetaalbaar. Daarom het God Iemand voorsien wat wel kon betaal – Jesus Christus. Dit is die toppunt van genade (König 2006:447). Louw (1999:475) beveel egter aan dat vergifnis as ŉ teologiese saak gesien word wat onlosmaaklik gekoppel is aan die gebeure van die versoening in Jesus Christus (die kruisdood).

Jesus vra aan die kruis vergifnis vir diegene wat Hom gekruisig het (Luk. 23:34). Kan dit wees dat Hy hier ook namens ons vergifnis vra vir dié wat teen ons gesondig het? Indien dit waar, is het Jesus hierdie vergifnis alreeds verleng en daarom kan ŉ persoon wat emosioneel voel dat hy nie wil vergewe nie, net bid: "Jesus, U leef in my. Spreek die woorde in my sodat ek ook soos U kan vergewe. Ek kan dit nie op my eie doen nie, maar ek laat U toe om hierdie woorde in my te sê" (Seamands 2003:143).

Vergifnis is die Godgegewe intra-individuele en pro-sosiale verandering wat geleë is binne ŉ spesifieke interpersoonlike en empatiese konteks, teenoor ŉ vermeende oortreder, wat meebring dat die misdaad nie meer toegereken word nie en ŉ alternatiewe verloop van die reg, wat gebore word uit God se genade en onvoorwaardelike liefde en deur die gebed toegeëien word, in werking tree (Van der Merwe 2004:100).

Müller (1996:187) wys daarop dat daar vier momente in die proses van vergifnis is:

- Die persoon moet verstaan waarom hy vergifnis weerstaan.
- Daar is dikwels misverstand oor die aard van vergifnis wat eers opgeklaar moet word.
- Daar moet realisme kom oor verwagtings van wat die gevolge van vergifnis sal wees.

- Die persoon moet daartoe kom om die emosies van woede te laat los.

Müller beveel aan dat dit dikwels nodig is om ŉ persoon deur hierdie stappe van vergifnis te begelei. In die finale stadium wanneer iemand moet laat los en homself van die emosies van woede moet distansieer, is ŉ ritueel waardevol.

Vergifnis is ŉ magtige fenomeen. By die pedofiel is dit harde werk en moeilik omdat hierdie mens se fundamentele waardes aangetas is (Standford 1988:97). Ek het op stadiums die indruk gekry dat die deelnemer vergifnis weerstaan, maar was ten volle bewus dat daar versigtig met vergifnis omgegaan moet word omdat daar eers ŉ proses is wat afgehandel sal moet word. Hierdie proses om die deelnemer na vergifnis te lei is ŉ stadige proses. Dit gebeur dat, nadat die persoon besluit het om vergifnis toe te staan of om te ontvang, daar negatiewe gevoelens is wat oorneem. Hierdie is onderdrukte emosies soos woede of hartseer wat na die oppervlakte kom. Deurdat ŉ persoon besluit om te vergewe mag emosionele pyn intensiveer omdat ou wonde weer oopgekrap word. Dit wil partykeer voorkom asof dit eers vererger voordat beterskap intree. Aan die ander kant mag die deelnemer ook intense haat, woede of hartseer beleef nadat die vergifnis gevra of gegee is. Hy mag dan voel dat hy nie werklik vergifnis ontvang of gegee het nie. Daar moet egter onthou word dat vergifnis ŉ krisis vir hierdie persoon kan wees en daarby is dit ŉ proses. Indien ŉ persoon sy vergifnisproses bevraagteken, moet hy homself net weer daaraan herinner en herbekragtig dat hy wel die keuse gemaak het en daar kan in gebed gevra word dat hierdie keuse versterk moet word (Fil. 1:6) (Seamands 2003:145). Die skoonmaak en genesing is nie ŉ *one-shot-deal* nie. Dit is immers ŉ genade om te vergewe (Seamands 2003:146).

Ware belydenis en geloofsvolwassenheid is nóú verwant en spruit ook vanuit ŉ aanvaarding van verantwoordelikheid (Louw 1999:479).

Maar daar kom ŉ tyd dat hy besef ware geregtigheid is nie om te straf nie, maar om te restoureer – nie ten opsigte van hoe dinge was nie, maar ten opsigte van hoe dit behoort te wees. Haat, toorn, vergelding, bitterheid ensovoorts laat nie die lewenskwaliteit van iemand anders verminder nie, maar neem besit van die persoon se eie lewe. Die enigste wyse waarop hy weer heel, gesond en gelukkig kan wees en sodoende weer hoop kan kry, is deur te leer om te vergewe.

Vergifnis bly God se primêre geskenk aan die mens. God bly die primêre Vergewer en hierdeur kan Hy die mens dan regverdig verklaar. Nadat die deelnemer deur slegs die Heilige Gees geïnspireer, is het hy tot die besef gekom dat sy bestaan nie ŉ fout is nie en dat hy die reg het om te bestaan omdat God in Psalm 139 sê Hy het hom gemaak. Die

deelnemer het eintlik belydenis van sy sonde regdeur die terapeutiese proses gedoen, maar ware berou moes intree en daarna was dit nie lank of hy het na vergifnis gesmag.

As die mens vergifnis wil ervaar, verwag God dat die mens ook vergifnis sal gee aan mense wat hom seergemaak het (Matt. 18:21-35). Hierdie gedeelte handel oor die koning en die amptenaar, en volg net na die gedeelte waarin Jesus praat oor 'n broer wat sondig. Die konteks van die gedeelte is dus sonde, skuld en vergifnis waarin 'n oortreder, 'n oortreding en 'n slagoffer van die oortreding die rolspelers is. Die slagoffer is iemand wat verlies, pyn of dood ervaar deur iemand anders se oortreding of aggressie. Wie nie ander vergewe nie, vergroot sy eie skuld en verloor daarom aanspraak op God se vergifnis (1 Joh. 1:8). Omdat God vergewe, kan en moet die mens vergewe. As die mens vergewe, doen hy nie eintlik iets anders as om God se vergifnis deur te gee aan ander nie. Die ontferming van God stel die mens onder die verpligting om met ontferming teenoor sy naaste op te tree.

Hierdie geloofsversterkende gebeure maak die mens-in-nood opnuut bewus van sy eskatologiese dimensie en Christelike hoop. Hierdie dimensie word deur die Heilige Gees ontsluit.

### 5.5.1 "VERGIFNIS AAN MY PA": LEË-STOELTEGNIEK

Die eerste stap was om die deelnemer so ver te gekry het om die woede teenoor sy pa wat daar in hom is, te erken. Die volgende stap was om hom te lei om die gebeure te identifiseer sodat hy homself kon uitdruk. Hierdeur is emosies van vrees, verlies, verbittering, verwyte en verwerping ontlok.

Deur hierdie tegniek toe te pas is vergifnis nie net ŉ kognitiewe proses nie maar ook ŉ belewing. Hy word in staat gestel om vergifnis te beleef. Hy moes homself verbeel sy pa sit in die stoel voor hom. Wanneer sy pa die antwoord moes gee, ruil hy stoele en gee self die antwoorde namens sy pa. Daar moet ook daarop gewys word dat dekonstruksie ŉ groot rol speel om by die vergifnis uit te kom.

Melt is gevra om hom te verbeel sy pa sit in die leë-stoel voor hom. Die gesprek het soos volg verloop:

> Melt: "Pa, ek is baie kwaad vir Pa. Pa het my na pornografie laat kyk vandat ek baie klein was."

Melt word gevra om die rol van sy pa te speel en 'Melt' op hierdie aantygings te antwoord.

> Pa: "Ek is baie, baie jammer. Ek het nooit gedink dat dit ŉ invloed op jou sou hê nie. Ek het nie gedink dat dit só ŉ uitwerking op ŉ méns sou hê nie. Ek is baie, baie jammer en hoop jy sal my kan vergewe."

Melt gaan terug na sy stoel om sy pa te antwoord.

> Melt: "Ek vergewe Pa, maar daar is nog dinge waaroor ek kwaad is. Pa was altyd dronk. Pa was nooit ʼn pa vir my nie. Onthou Pa daardie dag toe Pa my met die *bobbejaan-spanner* gegooi het voor Maria? Ek sal dit nooit vergeet nie. Dit was vir my een van die grootste vernederings in my lewe."
>
> "Ek is ook kwaad vir Pa omdat jy my ma verneuk het. Jy het met jong meisies gelol. Ek het baie keer gebid julle moet skei. Ek het vir die Here gesê: 'Laat hulle liewer skei, dan sal hulle beter oor die weg kom'. Ek kan onthou ek het partykeer ook gewens Pa gaan dood, of my ma. Dan kan julle nie meer sleg met mekaar wees nie.
>
> "Ek is nou nog baie bang vir Pa. Ek sal jou eerder jou sin gee as om te stry of baklei. Pa het ʼn groot houvas op my. Ek voel baie sleg, want dit voel of ek my vandag nog moet bewys voor Pa. Pa is ’n diktator vir my. Ek is baie kwaad vir Pa. Ek dink ek haat Pa. Pa is nog my Pa en ek aanvaar dit so, maar dinge het nog nooit verander nie. Pa bly my 'baas'. Ek haat Pa vir die drinkery, die partytjies, die verhoudings wat jy gehad het, die manier waarop Pa my gestraf het. Ek haat Pa omdat Pa my pa is.
>
> "Alles kon so anders gewees het. Ek kon verder gaan leer het, gematrikuleer het of ek kon landbouskool toe gegaan het. Ek het altyd gedroom om te boer of ’n plaasvoorman te wees, maar my drome is nooit in ag geneem nie. Toe ek hoërskool toe gaan, wou ek graag, na ʼn landbouskool gaan. Maar Pa het gesê ek kan nie, ek is nie slim genoeg nie en dit was die einde van ’n lewensdroom.
>
> "Ek het baie verkeerde dinge gedoen om Pa te wys Pa is nie heeltemal my baas nie. Op skool het ek lank my bed natgemaak. Ek weet dit was uit vrees vir Pa. Ek het gevoel Pa het my broer lief en my gehaat. Tot my broer se rugbyspan en sy onderwysers genooi vir ʼn braai by ons huis. Hy was alles. Ek het hom ook gehaat. Ek moes na my weermagopleiding in die goudmyn gaan werk omdat Pa dit wou hê. Hoe het ek dit nie gehaat nie. Ek het nie baie geleer vir eksamens nie, maar het nogtans goed deurgekom. Dit was vir my ʼn verligting toe ek my permanente skietsertifikaat gekry het maar toe het ek by Yskor gaan werk om weg te kom van Pa af. Ek het kontak met Pa verbreek."

Melt ruil weer stoele met sy pa om hom te antwoord.

> Pa: "Ek weet eintlik nie wat om te sê nie. Daar is niks wat ek kan sê wat hierdie dinge sal kan regmaak nie. Al wat ek kan vra, is dat jy my sal vergewe. Ek het nooit besef dat die dinge wat ek gedoen het, so ŉ groot uitwerking op jou sou hê nie."

Melt gaan weer terug na sy eie stoel om sy pa te antwoord.

> Melt: "Pa, ek is baie lief vir Pa en ek sal Pa graag wil vergewe. Nou onthou ek Pa het ook partykeer baie mooi dinge oor my vir mense vertel. Pa het eenkeer by mense gespog en gesê: 'My seun is so hardwerkend, so soet en gehoorsaam'. Dit was lekker om te hoor hoe spog Pa met my. Ek vergewe Pa, want ek sal graag wil hê Pa moet my ook vergewe vir hierdie groot skande wat ek oor ons familie gebring het."

Na afloop van die sessie het Melt ŉ diep sug gegee en beaam dat ŉ "groot ding van sy hart af is". Die kalmte en ontspanning kon in sy liggaamshouding bespeur word.

Die deelnemer was bekommerd dat die meisies wat hy gemolesteer het, ook soos hy *uitgedraai* het. Hoeveel kinders het hùlle nie gemolesteer nie of is nie gelukkig met hulle lewens nie? Hy het gevra vir ŉ plan om hierdie probleem uit die weg te ruim. Ek het hierdie versoek opgevolg met gebedsterapie.

### 5.5.2 VERGIFNIS AAN SLAGOFFERS: GEBEDSTERAPIE

Eerstens word die proses verduidelik, want die deelnemer sien homself as iemand wat nie die reg het om vergifnis te vra nie. Ons het gesprekke gehad oor die moordenaar aan die kruis (Luk. 23:43) en die tollenaar in die tempel (Luk. 18:9-14). Die minimum vereiste wat ŉ persoon moet hê om met God kontak te maak, is ŉ opregte hart. Dit wat die persoon gedoen het, mag nie reg wees in God se oë nie, maar dat hy bereid is om na God te kom op ŉ openlike en opregte, eerlike wyse, maak ŉ verskil by God. Die Heilige Gees is oor alle mense uitgestort en ŉ eerlike smeking is genoeg (Labuschagne 2006:15).

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is van kardinale belang. Die bystand van die Heilige Gees word op verskeie plekke in die Woord vir ons belowe (Joh. 16:13; Rom. 8:26).

Daar is klem gelê op die voorwaardes om vergifnis te ervaar en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit is om ŉ sondaar te wees, om opreg en eerlik teenoor God wees. Hierdie voorwaardes is genoeg vir die Heilige Gees om sy oortuigings- en transformasiewerk te laat begin. God is ŉ Lewende God wat gereed staan om op te tree in genade.

Murray (1981:13-14) stel dit so: "He has access to our hearts and teaches us to pray by showing us the sin that hinders the prayer, or by giving us assurance that we please God.

He teaches by giving not only thoughts of what to ask or how to ask, but by breathing into us the very spirit of prayer and living within us as the Great Intercessor."

Hy is gevra om te ontspan en in die Stilte na God te gaan. Hy moes die Naam Vader ŉ paar keer herhaal sodat hy geheel en al bewus raak van met Wie hy praat. Hy moet God vra om name in sy gedagtes te bring van persone wat hy om vergifnis moes vra. Indien daar ŉ naam by hom opkom, moes hy dit hardop herhaal sodat die terapeut hierdie naam kon neerskryf. Die deelnemer het name genoem en vir God gevra om hom te vergewe vir wat hy aan hierdie kinders gedoen het. Hy het ook vir God gevra dat hy hulle moet heel maak en dat hulle nie soos hy moet wees nie. Dit is vir hom onmoontlik om met elkeen van sy slagoffers in aanraking te kom, maar God is tot alles in staat. Hy kan na elkeen gaan en werk sodat hulle ook berusting, heling en genesing kan ervaar. Hy het ook vir God gevra om hulle gelukkige lewens te gee. Melt het lank in stilte gesit. Toe hy sy oë weer oopmaak, het hy ervaar dat hierdie meisies in God se hande is en dat hy ten volle glo dat hulle genesing sal ervaar. Na die afhandeling was sy opmerking: "Net God kan hulle help en ek moet hulle nou oorgee in sy hande. Hy sal vir hulle sorg."

## 5.6 VERSOENING

Versoening is die werk van God en Hy begin die herstelprogram vir die gebroke mensheid. Versoening op sosiale vlak beteken dat mense nie meer vir mekaar ŉ bedreiging hoef te wees nie, maar dat hulle mekaar in liefde onvoorwaardelik kan aanvaar. Hulle kan deurbreek deur die bose beskuldigingsirkel wat voortdurend poog om ander te probeer aanval en ŉ ander persoon as die sondebok uit te wys ten einde eie skuld te ontken (die verdedigingsmeganisme van skuldontkenning (Louw 1999:476).

Vergifnis help nie versoeningsproses aan nie. Vergifnis is nie noodwendig nodig vir die versoeningsproses nie, maar dit is belangrik om op te merk dat vergifnis die versoeningsproses aansienlik vergemaklik, hoewel vergifnis nie noodwendig tot versoening en die restourasie van vorige verhoudings lei nie. Wanneer ŉ persoon vergewe, handhaaf hy ŉ positiewe houding teenoor die persoon wat nie die vergifnis verdien nie as gevolg van die oortreding (Van der Merwe 2004:68).

Versoening was ook hoog op die deelnemer se lys. Hy het ŉ behoefte gehad om met sy pa te praat. Hy het vir sy pa begin SMS en die week daarna het hy die volgende stap geneem en sy pa gebel.

> "Dit maak nie saak wat hy gedoen het nie. Ek is baie lief vir hom. Hy wil regmaak. Ons moet mekaar weer liefde gee. Ek sê nou die dag vir my ma, ek weet nie of ek hulle weer eendag gaan sien nie. Hulle word nou oud en die tyd is nie meer daar nie. Ek is

bang dat my pa moet doodgaan voordat ek met hom kon gesels het en met hom pelle gemaak het. Hy gesels met my oor die telefoon maar ek wil by hom wees, met hom praat en vir hom sê ek het hom lief. Hy het al vir ons gesê hy het drooggemaak. Ons kom nogal op die oomblik goed oor die weg."

Die deelnemer het sy familie ongeveer vyf jaar laas gesien. In Desember 2008 en April 2009 het hy sodanig herstel dat die hospitaal hom toegelaat het om vir sy familie te gaan kuier. Hy het sy pa ook van aangesig tot aangesig gesien en versoening was vir hom baie belangrik.

Die deelnemer wonder baie oor sy twee seuns wat uit sy eerste huwelik gebore is. Die opdrag is aan hom gegee om vir hulle briewe te skryf. Waar verbale kommunikasie onmoontlik geword het, kan persone aangemoedig word om met hulle gevoelens in aanraking te kom of aan onverwerkte emosies uiting te gee deur aan hulleself of aan die betrokkenes briewe te skryf (Janse van Rensburg 1998:76). Die deelnemer sien egter nog nie kans hiervoor nie en weier volstrek om dit te doen.

Hierdie sou ŉ proses van herstellende geregtigheid (3.3.2) wees. Die twee seuns sou kon terug antwoord en die "wonde" sou genees kon word.

In die Woord van God kom daar ook voorbeelde van herstellende geregtigheid voor, naamlik in Miga 6:8 en Lukas 19:1-10. In die verhaal van Saggeus, die hooftollenaar wat ŉ ryk man was, maar ook baie skelm, het Jesus by Saggeus gaan oornag. Die skare het beswaar gemaak omdat Hy by ŉ sondige man tuisgaan. Saggeus kom tot verantwoordelikheidsbesef en gee die helfte van sy besittings vir die armes en waar hy iets van iemand afgepers het, gee hy dit vierdubbel terug. Jesus verklaar toe dat deurdat Saggeus dit doen "het daar vandag redding in hierdie huis gekom".

## 5.7 BEWUSMAKING VAN DIE FENOMEEN BY DIE PUBLIEK

In Suid-Afrika het die algemene publiek min kennis oor die pedofilie as seksuele afwyking. Die persoon word ŉ uitgeworpene wat as onaanvaarbaar, immoreel, monsteragtig en moordenaar beskou word en hy word sosiaal geïsoleer (Naudé 2005:28). Dit maak molestering vir die pedofiel soveel makliker (Ivey & Simpson 1998:15).

Die vraag word gevra: Hoekom is pedofilie so ŉ groot sosiale probleem in ons land?

Groot sosiologiese en maatskaplike veranderings word tans wêreldwyd beleef. Suid Afrika het ook deel aan hierdie veranderings, soos blyk uit gesinstrukture en wetgewing wat veral ten opsigte van gesinne verander het.

Eerstens wil die algemene publiek nie oor hierdie saak praat nie. Dit is volgens die algemene publiek irrelevant, want dit kom in elk geval nie in hulle gemeenskap voor nie. Die

woorde seksuele molestering en pedofiel skep weerstand by mense en word gesien as woorde wat nie gebruik mag word nie (Naudé 2005:35). Daar word onmiddellik gedink aan hoe die kind benadeel word en dan hoe die straf toegepas moet word. Min word aan die bose kringloop gedink. Hierdie molesteerder was immers ook ŉ slagoffer.

Tweedens het die rolle en verantwoordelikhede van die gesinslede verander en dit beïnvloed kommunikasie en vertroue in die gesin. Die ekonomiese klimaat wat daar tans heers, verplig ook albei ouers om te werk, daarom is ouers nie meer betrokke by kinders nie (Steytler & Strydom 2007:31).

Derdens is die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika vermoedelik ook die gevolg van probleme. Dit kan die gevolg wees van seksuele molestering in een of albei van die huweliksmaats se kinderjare. Indien dit so is, kan ŉ groot persentasie egskeidings voorkom word indien hierdie probleem vroegtydig behandel word (Britz 2003:11).

Vierdens heers daar ook ŉ sosiale klimaat wat molestering bevorder. Van Dam (2001:124-130) noem die volgende:

- Ouers wat kinders nie glo nie en ook nie ŉ verhouding met hulle kinders het nie.
- Die media maak van vroue seksobjekte.
- Ouers besef nie dat die manier waarop hulle hulle kinders aantrek, ŉ groot invloed op die pedofiel het nie. "By making children sexually alluring and dressing them as rather cute, sexy little adults, manufacturers, marketing people and advertisers are feeding the paedophile’s belief that children really want and need sex and are being deliberately seductive" (O’Hagan 1993:194).
- Kinders word gebombardeer met seks op die TV, Internet, tydskrifte, die MIV-pandemie en ook die homoseksuele debatte. Maar ouers blyk verward te wees om aan hulle kinders seksuele onderrig te gee.
- Ouers weet oor die algemeen nie hoe om seksuele onderrig aan hulle kinders te gee nie.

Die effek wat molestering op ŉ persoon se totale lewe het, word steeds onderskat. Die lekepersoon in die gemeenskap sal byvoorbeeld nie weet wat die traumatiese effek van seksuele molestering gedurende ŉ persoon se kinderjare op hom kan wees nie. Volgens navorsing het die molestering van kinders ŉ negatiewe uitwerking op ŉ persoon, wat aanleiding gee tot negatiewe omstandighede in ŉ gemeenskap met negatiewe effekte op die samelewing. Na aanleiding daarvan word pedofilie as ŉ sosiale probleem beskou (Ivey & Simpson 1998:15). Mense aanvaar dat indien molestering in die kinderjare plaasgevind het, die kind met sy of haar lewe kan aangaan deur net daarvan te vergeet.

Die volgende vraag wat in hierdie afdeling van die studie gevra kan word, is: Hoe kan die gemeenskap daarvan bewus gemaak word?

- Ouers in gemeenskappe moet onderrig ontvang hoe om hierdie baie delikate saak aan hulle kinders te verduidelik. Seksualiteit is ŉ gawe wat deur God aan die mens geskenk is (Gen. 2:22-24) (De Bruyn 1993: par. 2.2.2.3). Hierdie onderrig aan kinders moet egter ŉ deurlopende proses wees. Daar moet Christelike programme geskryf word wat ouers kan help.
- Deur ouers te laat besef wat hulle verantwoordelikheid teenoor hulle kinders is. Die omgewing waarin ŉ persoon opgroei, speel ŉ belangrike rol in die vervulling van sy basiese behoeftes. Ons het ondersteunende samelewings nodig, sodat die individu in staat gestel word om tot volle selfaktualisering van sy potensiaal te kom.
- Dit is belangrik dat ouers hulle kinders bewus maak van sedelike en morele Christelike waardes (Graham & Graham 2006:127).

Indien gemeenskappe meer bewus is van pedofilie, kan hierdie fenomeen beter ondersoek word (Howitt 1995:28). In navorsing is bewys (O'Hagan 1993:200) dat waar gemeenskappe bewus is van die seksuele oortreder se doen en late, baie minder oortredings voorkom. Die seksuele oortreder soek die gemeenskappe uit wat onkundig is op die gebied.

Op Sondagoggend 5 April 2009 het ŉ ouma my sesuur die oggend gebel. Sy het gemeld dat haar ses- en vierjarige kleinkinders deur hulle neef (7) gemolesteer word. Hulle is by dieselfde nasorgsentrum. Die vierjarige word gedwing om orale seks op die neef toe te pas terwyl sy broer, die sesjarige, moet toekyk. Dawie[6] (6) het dit Saterdagaand vir sy ma vertel. Dit was genade dat Dawie en sy ma ŉ goeie verhouding gehad het. Later het Bertha beaam dat sy en haar man alles in hulle vermoë doen om ŉ goeie verhouding met hulle kinders te kweek, want, het sy aangevoer, "Ons het baie gesukkel om swanger te raak. Ons het hulle van die Here afgebid. Die Here het hulle vir ons gegee en ons durf hulle nie verwaarloos nie." Dié ma het nie geskroom om op ŉ Sondagoggend haar na my toe te haas vir inligting nie.

Ek het gevoel dat die tyd vir swyg verby is. ŉ Gemeenskap behoort te weet wat in die wêreld van ŉ pedofiel aangaan. Omdat seksualiteit ŉ baie sensitiewe saak is, het ek vir Lionel Squires, ŉ selferkende pedofiel, genooi om sy narratief aan die gemeenskap bekend te stel[7]. Ek het gevoel dat ouers ingelig moes word oor pedofilie.

[6] Alle name wat hier gebruik word, is skuilname behalwe Lionel Squires, wat toestemming gegee het om sy naam te gebruik.
[7] Aanbieding 5 Mei 2009

Sewe-en-veertig mans en vroue het in ŉ beperkte ruimte kom kyk hoe ŉ pedofiel lyk. Hulle wou die monster van aangesig tot aangesig aanskou. Hierdie aanbieding was ŉ uitdaging omdat dit oor die algemeen bekend is watter stigma daar aan pedofilie kleef, maar die waarde wat so ŉ aanbieding kon lewer, was belangrik. Hierdeur kon die gemeenskap ŉ bydrae lewer om hierdie fenomeen onder beheer te kry. Indien ŉ slagoffer die aanbieding sou doen, sou die gemeenskap baie meer ontvanklik wees, maar deur na die pedofiel self te luister, sou dit beteken dat ŉ persoon miskien sy situasie sou verstaan. Deurdat sy narratief verstaan word, sou dit beteken om empatie te toon.

Voordat ek Lionel aan die woord gestel het, het ek ŉ aanbieding gelewer oor kindermolestering, pedofilie en seksuele onderrig.

Lionel het sy narratief weergegee[8]. Hy het sy verhaal vertel van die begin van sy lewe, sy kinderdae en omstandighede, sy ondervindings en sy oortredings. Gedurende die aanbieding kon jy ŉ speld hoor val. Min mense het hierdie seer van ŉ persoon wat as agtjarige op die bus huis toe verkrag is, geken. Empatie is duidelik getoon.

Deur hierdie storie te vertel en te hervertel word ŉ persoon se persepsie verander. Soos ook in hierdie geval word daar elke keer deur die oortreder die erns van die saak besef (Pryor 1996:300).

Deur hierdie bewusmaking van die fenomeen het daar sewe vroue erken dat hulle as kind gemolesteer is. Hulle het dit voor ander bekendgemaak en met Lionel daaroor gepraat. Hulle kon vrae vra wat hulle kon help om op ŉ pad van genesing te kom. Lionel het van die geleentheid gebruik gemaak om elke slagoffer namens die oortreder om vergifnis te vra. Dit was ŉ aanskoulike prentjie wanneer ŉ slagoffer van seksuele molestering en ŉ pedofiel mekaar vashou. Hier is gesien dat Jesus nooit die mens verwerp nie, maar wel die sondige dade. Jesus het met deernis en vergifnis opgetree teenoor mense wat in seksuele sonde verval het, en sy hardste woorde gehou vir die verborge sondes van skynheiligheid, trots, hebsug en wettisisme. Hoe kom dit dat ons wat Hom volg, die woord *immoreel* byna uitsluitlik vir seksuele sondes gebruik en kerklike tug reserveer vir mense wat op seksuele gebied fouteer? (Yancey 2004:86). Yancey noem verder dat terwyl hy navorsing gedoen het vir ’n boek oor Jesus, hy nie anders kon as om die teerheid raak te sien waarmee Jesus opgetree het teenoor mense wat as gevolg van morele struikeling seergekry het nie. ’n Samaritaanse vrou wat al vyf mans gehad het, ’n dissipel wat Hom verloën het – Jesus het nie een van hulle veroordeel soos hulle verwag het nie, maar hulle vergewe en nuut gemaak. Jesus se volgelinge doen soms die teenoorgestelde (Yancey 2004:232).

[8] Lionel Squires se volledige lewensverhaal is in addendum 4.

Lionel het nege jaar gelede die moed gekry om sy lewensverhaal te herskryf. Dit getuig van durf en deursettingsvermoë. Sy lewensverhaal getuig dat die pedofiel kan opstaan teen dit wat hom verlam, soos die lam man in Handelinge 3:1-11 - om in die Naam van Jesus Christus op te staan, God te prys omdat Hy ons in staat stel om ons lewens te herskep. Na nege jaar skryf Lionel nog steeds aan sy verhaal en pleit by verlamdes (pedofiele), kerkleiers en skares om nie hulle oë vir hierdie seksuele afwyking te sluit nie. Om nie verbaas of ontsteld te wees soos in die verhaal van die verlamde man nie.

Leraars sal moet erken dat hulle ook met hierdie gewondes te doen het. Indien die kerk sy pastorale verantwoordelikheid nakom en sy regmatige rol as hulpverlener in die wêreld inneem (Adams 1974:47), sal baie van hierdie wonde van seksuele molestering en pedofilie gesond kan word. Om die mens in sy fisiese en psigiese nood te verstaan en te help, is nie slegs die taak van die sekulêre psigiater nie, maar ook die roeping van die pastorale terapeut wat in diens van Christus staan. Wie die realiteit ontken, is onrealisties; wie weier om die uitdaging te aanvaar, is onmenslik; wie sonder die nodige toerusting probeer help, is onverantwoordelik (Janse van Rensburg 1987:1). Dit wil voorkom asof ander menswetenskappe (sielkunde en maatskaplike werk) inderdaad baie beter vaar op hierdie terrein as die kerk.

"Elke keer as ek voor 'n gehoor optree en hierdie lewensverhaal van my moet vertel, beleef ek nog steeds elke trauma" (Lionel Squires).

Die sukses van die aanbieding was oorweldigend. Sewentien persone wat op een of ander manier geraak was deur molestering, kon gehelp word. Die persentasie is oorweldigend as daar in ag geneem word dat sewe-en-veertig persone die aanbieding bygewoon het.

Met hierdie groot persentasie van slagoffers het die dagbestuur van die RDV (Ringdiakonale vergadering) gevra vir ŉ aanbieding oor pedofilie. Die leraar het die aanbieding geweier omdat sy gevoel het die gemeenskappe sal verwar en ontwrig word.

Omdat leraars onkundig is op hierdie gebied, word molesteerders en hulle slagoffers nie die kans gegun om te genees nie. Die leraar wat die aanbieding afgekeur het, mag van mening wees dat pedofilie nie ŉ probleem is wat hulle gemeenskap direk raak nie, maar sulke aanbiedings kan bydra om die omvang van die probleem te beklemtoon asook om op die etiese verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van die probleem te wys. Heymann (2003:210-211) meen dat hierdie leraars ŉ Fariseërelement het. Fariseërneigings is altyd gegrond op vrees en eie onsekerheid. Hulle wil ou idees ten alle koste beskerm en verhoed sodoende enige groei. Daar kan in só ŉ aanbieding op ŉ respekvolle wyse geleentheid gegee word aan die pedofiel om sy eie verhaal van opstaan teen hierdie fenomeen te vertel. Die gemeente kan dan begelei word tot etiese betrokkenheid by gemeenskapsprojekte.

Omdat leraars hierdie fenomeen ontken, wil hulle vergifnis gebruik as ŉ metode om heelheid te bewerkstellig. Vergifnis is immers ŉ lang pad. Allender (1995:18) wys daarop dat gewondes van seksualiteit geweld gewoonlik hulp buite die kerk soek of probeer om die skade wat hulle aangedoen is, te onderdruk asof dit nie gebeur het nie en/of net voort te gaan met molestering.

Die navorser is van mening dat hierdie aanbiedings in elke gemeenskap of gemeente moet plaasvind. Die doel is om die liggaam van Christus op te bou. Enersyds is dit waar dat die kerk sedert die vroegste tye ŉ beduidende rol gespeel het ten opsigte van die geestelike welsyn van sy mense. Die kerk was ŉ gemeenskap wat omgegee het vir mekaar – daar is gewerk, gedeel, saam gebid, ensovoorts – ook vir ongelowiges buite die liggaam (Collins 1988:21). Hulle het gereeld bymekaar gekom in *koinonia*, wat ŉ gemeenskapsverhouding met mekaar was. Daar het hulle die Woord uitgedra, gelowiges opgebou en insig, ondervinding, lof, behoeftes en materiële besittings met mekaar gedeel.

Andersyds is dit egter ook waar dat daar deur die eeue heen dikwels by die kerk ŉ sekere onvermoë was om die menslike emosionele behoeftes aan te spreek. Seksuele molestering het ŉ groot impak op ŉ persoon se lewe. Soos reeds genoem, word die wortel van pedofilie in die kinderjare gevorm (Howitt 1995:34) en die wanorde van pedofilie ontwikkel gedurende adolessensie (Howitt 1995:16; Salter 1995:25; Potgieter 1997:181). Kaplan en Sadock (1998:42) wys daarop dat adolessensie ŉ fase is waar baie wisselende gebeure voorkom, veral ten opsigte van die aanvangsouderdom, die tempo van groei en die seksuele ontwikkeling wat plaasvind, asook ŉ geestelike volwassewording wat tot ŉ mate bereik moet word. Hart (1994:35-36) reken seksuele wanorde vind plaas omdat ouers nog vir kinders vertel van voëltjies, bytjies en blommetjies, en al wat kinders wil hê, is feite. Kinders moet deur eie ondervinding omtrent seksualiteit leer. Hulle lewens word onherroeplik verander en hulle het geen manier om te weet hoe hulle lewens sou gewees het as daar nie seksuele wanorde of afwykende gedrag by hulle was nie.

Allender (2004:1) meen dat die kerk glad nie sy plig op hierdie gebied nakom nie: "The church has failed to use its historic platform of the pulpit, Sunday school, pastoral epistles and small group Bible studies to address the phenomena of abuse. The battle will not turn until the church as a whole rather than individual therapists and people helpers name the problem of abuse."

Allender meld verder dat die kerk sy oë toemaak en toe hou vir hierdie probleem en dat dit die duiwel se strategie is om mense geloof, hoop en liefde te ontneem. Die kerk beveel aan dat die persoon moet vergewe en vergeet omdat die kerk nie oor bepaalde probleme soos pedofilie wil praat nie. Hy voel baie sterk oor die gedagte dat die kerk eintlik medepligtig is vanweë die feit dat daar geswyg word. As die kerk vinnige of oppervlakkige kure voorskryf,

kan dit net tot groter verwarring bydrae by die persoon wat gemolesteer is en ook dieselfde optrede herhaal. Hy sê voorts (Allender 1995:16): "Quick cures never resolve the deep damage. Instead, they offer change that requires little more than lying on a gurney before surgery: be still and let the experts do their work."

Die kerk se verantwoordelikheid teenoor sy lidmate is pastorale sorg, pastorale berading en pastorale psigoterapie (Collins 1988:16-17). Sweeney (2008:9) meen dat die verwonding van seksuele molestering en pedofilie so ernstig is dat die Christelike gemeenskap en kerk aan die spits moet staan om hierdie fenomeen effektief te bestry. Louw (2008:356) sê die kerk beskikbaar moet wees vir lydende mense.

Yancey (2004:78) voer ook aan dat daar geen groter tekortkoming onder Christene is as die gebrek aan ’n oortuigende standpunt oor seksualiteit nie. Buiten die kerk beskou mense God as die groot pretbederwer van menslike seksualiteit en nie die uitvinder daarvan nie. In die seksbehepte samelewing vind selfs ware gelowiges dit moeilik om te aanvaar dat tradisionele Christelike moraliteit die volste, mees bevredigende lewe bied. Die Pous doen verklarings, kerke reik situasieskrifte uit, maar baie Christene ignoreer dit en volg die voorbeeld van die res van die samelewing. Dit toon min verskil tussen kerkgangers en kerkloses ten opsigte van voorhuwelikse seks en saamwonery. Dit toon ook dat miljoene mense die kerk verlaat het uit weersin teen die skynheiligheid oor seks, veral wanneer priesters en predikante se dade nie met hulle woord ooreenstem nie.

Ek moet herhaal dat die molesteerder wat ook gemolesteer is, ’n wanbegrip of -oortuiging of ’n disfunksionele seksualiteit het. Indien die kerk nie ’n poging gaan aanwend om seksualiteit te herskep soos God dit oorspronklik vir die mens beplan het nie of op hierdie gebied betrokke raak nie, sal die bose kringloop net voortgaan.

In sy boek, *Healing for Damaged Emotions*, haal Seamands (2002:10) ’n pastoor aan: "You know, there was always a group of people I could never help. They were sincere people. I believe many of them were Spirit-filled Christians. But they had problems. They brought these things to me, and I tried to help. But no amount of advice, no amount of Scripture – of prayer on their part – ever seemed to bring them lasting deliverance." Hierdie groep is persone met seksuele probleme.

Louw (2008:352) sê daar is nie aan te twyfel dat die 21ste eeu gekenmerk sal wees deur debatte oor die betekenis van seksualiteit, geslagtelikheid en die betekenis wat die kerk aan seksualiteit gee nie. Hy beweer dat die debatte verskuif van pessimistiese denke oor seksualiteit na seksualiteit buite die huwelik, vrye seksualiteit, liberale seksualiteit, ’n behoeftebevrediging, persoonlike voorkeure ensovoorts. Seksualiteit word oor die algemeen nie meer gesien as net bedoel vir binne die huwelik nie. Dit het ’n persoonlike keuse of dit

wat die individu bevredig, geword. Hierdie proses kan die *democratisation of intimacy* genoem word.

Dit is van besondere belang dat leraars deeglik kennis sal dra van die problematiek van seksuele molestering en pedofilie. Dit is baie keer ook hulle wat eerste by krisisgevalle betrek word. So het ŉ leraar ŉ agtienjarige dogter na my verwys omdat hy gevoel het hy is ongemaklik om met haar oor seksuele molestering te praat.

Wat kan die kerk en gelowiges doen om die spiraal van kindermolestering te keer en mee te werk aan verhoudings waar respek, vertroue, eerlikheid en verantwoordelikheid bevorder word sodat mense nie bang is ander doen hulle kwaad aan nie of later is hy die een wat die kwaad aan ander doen?

- Ons moet ons eie skuld erken en medeverantwoordelikheid aanvaar vir die omvang van die probleem. Hierdie skuld is dat die kerk sy oë toemaak en nie erkenning aan hierdie fenomeen wil gee nie.
- Ons moet kinders met al die nodige hulpmiddele en ondersteuning bystaan sodat hulle bemagtig is om uit molestering los te breek.
- Ons moet mans wat in hierdie bose kringloop is, ondersteun om verantwoordelikheid vir hul optrede te aanvaar.
- Die kerk moet met navorsing oor manlike seksualiteit op hoogte bly.
- Ons moet by die gemeenskap betrokke raak sodat die liggaam van Christus ook in die sekulêre wêreld sigbaar word.
- Ons het die groot verantwoordelikheid om mee te werk aan ŉ etiese samelewing waarin die dryfveer is om die bose kringloop van molestering te keer – ŉ samelewing waarin mense nie bang is nie.
- Die kerk kan ook ŉ groot rol speel in die proses van herstel tussen die oortreder, die slagoffer, die gesin en die gemeenskap. Daar word maklik vanaf die kansel gesê dat ons in ŉ "siek wêreld" leef, maar wat doen die Kerk om hierdie siek wêreld "gesond" te maak? Daar word Sondag na Sondag gepreek vir die paar mense wat in die kerk is, terwyl die duisende buite die kerk dit nie hoor nie. Daar sal dus uitgegaan moet word na die massas en dit is nie die taak van kerkleiers nie, dit is ons elkeen se taak om die "siek wêreld" waarin ons leef, gesond te maak (Van der Westhuizen 2005:356).

Christelike Kerke in Suid-Afrika het 'n besondere taak en verantwoordelikheid om mense in 'n ware verhouding met God se aktiewe diakonaat en tekens van die koninkryk te plaas. Die kerk het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die genesing van die noodlydende persoon wat ondoeltreffend lewe, sodat hierdie persoon in volheid, produktief, vrugbaar en blymoedig

kan lewe (Crabb 1977:191). Elke lidmaat van 'n kerk moet die geleentheid hê om 'n warm, koesterende sin van *behoort* te ervaar.

Dit is nogal ironies dat die kerk dikwels die laaste plek is waar mense met vryheid en openheid praat oor die aangeleenthede wat hulle die diepste raak (Clinebell 1984:351-352).

Hoop is iets wat in die Christelike kerk hoort. Hoop bind gelowiges saam en hoop wat met ander gedeel word, is 'n belewenis. 'n Kerk met hoop het 'n visie vir die toekoms. Hoop bind verhoudings tussen mense, want hoop is vertroue en streef na intimiteit en liefde. Daarom is hoop nie 'n privaat saak nie (Lester 1995:96). Hoop is ook wat die pedofiel nodig het.

Die kerk het inderdaad ŉ baie spesifieke rol te speel ten opsigte van hulpverlening aan gemolesteerde persone. Die kerk kan nie sê dat molestering nie ŉ probleem onder gelowiges is nie, aangesien dit nie klop met wat in die praktyk gebeur nie. Dit word bevestig deur navorsing wat aangetoon het dat daar vir elke honderd lidmate in ŉ gemeente, meer as dertig vroue en omtrent vyftien mans is wat gemolesteer is vóór die ouderdom van agtien jaar (Grobler 2005:122). Die vraag is: Wat het van dié molesteerders geword? Hoeveel ander persone is deur hulle gemolesteer? Kon die kerk ŉ rol in hierdie persoon se lewe gespeel het?

God het sy gemarginaliseerde volk se smeekroep in Egipte gehoor. Die God van die Ou Testament het ook versoek dat daar plek aan die vreemdelinge gegee moet word (Eks. 22:21). Armes mag nie uitgebuit word en nie-volksgenote mag nie vertrap word nie.

In die gelykenis van die groot maaltyd (Luk. 14:15-24) word God uitgebeeld as Een wat omgee en deernis het teenoor die gemarginaliseerdes van Jesus se tyd – armes, kreupeles, blindes en verlamdes word genooi. Jesus vereenselwig Hom met die nood van die gemarginaliseerdes. Hy sê dat wie aan hulle reg en goed doen, dit aan Hom doen.

Ek wonder waarom die kerk nie na hierdie gemarginaliseerdes luister nie. Word hierdie probleem as ŉ sosiale probleem beskou wat nie deur die kerk aangepak moet word nie?

Die pedofiel wie se verhaal met God se verhaal gekruis het, wat ŉ storie van hoop kan bring aan ander wat met dieselfde seksuele probleem worstel maar wat aanhou molesteer, word nie toegelaat om te rehabiliteer nie. Omdat ons glo dat hierdie persoon nie genees kan word nie, word hy afgeskryf as deel van die uitgeworpenes van die samelewing en die gemeente. Hierdie mense, wie se verhale, omstandighede of pedofilie hulle daarvan beroof om ŉ ryk verhaal te leef, om wat dit wil waag teen hierdie probleem op te staan wat hulle oorweldig, word nie die kans gegun nie.

Uit bostaande kan daar afgelei word dat die kerk 'n besliste rol te speel het in die rehabilitasie van die pedofiel en ook van die slagoffer. Vandag se slagoffer is immers môre se oortreder.

### 5.7.1 GROEPSPASTORAAT AAN GEMOLESTEERDES

Na aanleiding van bogenoemde bespreking het 'n groep ontstaan van vroue wat hulle molestering openbaar gemaak het na aanleiding van die aanbieding deur Lionel Squires. Deur groepspastoraat met 'n narratiewe benadering was dit 'n geleentheid vir ondersteuning en ook vir vroue om tot verhaal te kom. Groepspastoraat is in hoofstuk 4 (4.6.5) bespreek.

Hierdie groep was nie beperk tot lidmate van een denominasie nie. Die groep het self besluit dat hulle ondersteuning aan mekaar wil bied omdat hulle, iewers in die verlede, deur seksuele oortreders beïnvloed is.

Deelnemers het hoofsaaklik by die groep aangesluit om die volgende redes:

- "Ek is vyf-en-sestig. My kleindogter is vir twee jaar deur hulle bure se seun gemolesteer. Ek haat hierdie pervert en moet iets doen om myself teen hierdie haat te beskerm."
- "My vyftienjarige seun molesteer my agtjarige stiefseun. My stiefseun betas weer kleiner kinders. Dit was 'n verskriklike skok. Ek het nog nooit van hierdie dinge gehoor nie, nie by kinders nie."
- "Ek is vyf-en-dertig jaar oud. Ek en my man het twee pragtige kinders. Ons was nog altyd baie gelukkig. Nou, na vyftien jaar se getroude lewe, is daar iets besig om met my te gebeur. Ek is koud teenoor my man en kry snags die verskriklikste drome. Ek is gemolesteer deur my oom se vriend en haat hom. My huwelik word beïnvloed deur hierdie gebeure."
- "My broer het my oudste dogter gemolesteer. Nou vind ek uit dat my sestienjarige dogter twee jaar gelede deur 'n familievriend gemolesteer is. Die skuldgevoelens omdat ek dit nie geweet het nie, vreet my op. Toe ek dit vir my man vertel, vertel hy my dat hy ook as kind gemolesteer is."
- "Ek is as kind deur my swaer gemolesteer. My ma het geweet, maar niks daaraan gedoen nie."
- "Ek is vanaf twee jaar deur my stiefpa gemolesteer. Op die ouderdom van ses het my ma op ons afgekom en my daarvoor verwyt. My ma en stiefpa is dood. Nou, op die ouderdom van vyftig, en na my vierde huwelik, moet ek genesing ontvang."
- "Ek het op 'n plaas grootgeword en moes elke dag met die bus skool toe ry. Ek is eerste in die oggend opgelaai en laaste afgelaai. Die omie wat die bus bestuur het ... Na al hierdie jare kan ek nog nie daaroor praat nie. Ek hoop dit sal eendag gebeur."

ŉ Narratiewe groepspastoraat is aangewend omdat hierdie benadering my die vrymoedigheid gegee het om by die groep betrokke te wees sonder om as ŉ groepleier die ekspert te wees. Weereens is dit bevrydend om ŉ *not knowing*-posisie in te neem (Kotzé & Kotzé 1997:42; Müller 2000:71).

Elke persoon het die geleentheid gekry om *haar* storie te vertel. Dekonstruksie het plaasgevind deur deelnemers wat aan die persoon vrae gevra het. Dit het die verteller ook uitgenooi om na te dink oor haar ervarings. Die vraag oor hoe die molestering die persoon tans beïnvloed, het elke keer op die voorgrond gekom. Wat by feitlik almal duidelik was, was dat hierdie ervaring hulle huidige seksuele verhouding beïnvloed. Deelnemers het mekaar raad gegee, want hulle was die deskundiges in hulle situasie. Hulle het mekaar bedien met unieke uitkomste. Telkens is daar nuwe storielyne gehelp vorm en/of versterk. Volgens Morgan (2000:51) is unieke uitkomste (glinstermomente) gebeure, gedagtes of intensies wat die dominante diskoers weerspreek, of bloot daar buite staan.

Van die deelnemers het wel al hulle verledeverhale herskryf. Ek dink aan Janka, wat in haar huwelik seksuele probleme ondervind het. Sy en haar man het ŉ persoonlike afspraak gemaak om oor hierdie probleem te praat. Janka het later ook hierdie gesprek openlik met die groepspastoraat se deelnemers gedeel. Die vaslê van ŉ nuwe storielyn het deurgebreek. Dit was vir my ŉ bewys dat die verduisterde verledeverhaal met ŉ nuwe toekomsverhaal vervang is.

Die groepslede staan mekaar by in hierdie herkonstruering van hulle lewensverhale, in aansluiting by Die Verhaal, en hulle is betrokke by die proses van herkonstruering. Die *koinonia* in hierdie groep is werklik ŉ belewenis.

In sessies is daar afgelei dat van die deelnemers ook ander behandeling kry. Die groep is op die belangrikheid van ŉ multidissiplinêre behandeling gewys. Groepspastoraat is nie daarop gerig om persone se kontak met ander professionele persone soos psigiaters, sielkundiges en dokters te vervang nie. Clinebell (1984:59) beklemtoon die wyse van samewerking tussen die pastorale terapeut en ander professionele persone, spesifiek dokters, psigiaters en sielkundiges.

Binne hierdie groep was daar ŉ interafhanklikheid. Lede het mekaar na genesing gelei en na oorwinning oor wat met hulle in die verlede gebeur het.

## 5.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is van die sessies met Melt gedurende die tydperk van ongeveer agtien maande beskryf. Die strategieë van die narratiewe benadering is deurgaans toegepas. Die genogram is aangewend om tot die deelnemer se sisteem deur te dring. Daar is

gedekonstrueer, ge-eksternaliseer, geherformuleer en skryfwerk is benut. Die deelnemer het egter vrae gehad soos: Kan my seksuele afwyking ŉ demoniese binding wees? Kan dit erfsonde wees? Is pedofilie ŉ siekte? Die sondevraag het ook na vore gekom. Deur die deelnemer bewus te maak van sy gedagtes en sy taal het daar ook ŉ verandering ingetree.

Omdat pedofilie ŉ seksuele afwyking is wat slegs beheer en bestuur kan word, is daar baie sessies aan sy disfunksionele seksualiteit gewy sodat seksualiteit vanuit ŉ teologiese perspektief verstaan kon word. Daar is ook baie aandag aan sy Godsvoorstelling geskenk omdat die vermoede bestaan het dat ŉ persoon wat kinders molesteer, ŉ geestelike vakuum beleef en dat hy God as ŉ despoot en paaiboelie voorstel wat straf en voor wie hy altyd skuldig moet voel. Visualisering het egter ŉ groot bydrae gelewer om hierdie beeld van negatief tot positief te verander. Dit was ook belangrik dat die pedofiel sy afhanklikheid van God moes besef en dat hy sy verhouding met God moes herstel. Deur sessies aan verhoudings met sy medemens, onder andere sy verhouding met sy pa, te doen het daar ook vergifnis tussen die partye plaasgevind. Melt is verenig met sy familie, wat vroeër kontak met hom verbreek het. Sy verhouding met homself was belangrik omdat hy homself as sleg en sondig gesien het. Hy het beweeg van selfveragting tot die besef dat hy ook met ŉ lewensdoel geskep is.

Sondebelydenis is gedoen deur die dade te openbaar. Die navorser meen dat sondebelydenis deurgaans plaasgevind het omdat die deelnemer nuwe narratiewe bekend gemaak het. Nadat hy ’n besef van sy verkeerde dade gekry het, wou hy oorgaan tot berou en vergifnis.

Die navorser het deurgaans ŉ *not knowing*-posisie in geneem. Ek het dus slegs as gids opgetree wat die deelnemer bygestaan het in die proses van die daarstel van nuwe moontlikhede en die gesprek gefasiliteer ten einde ŉ onvoorsiene uitkoms met toegevoegde waarde, sin en betekenis te ontknoop. Die *not blaming approach* is in die terapie met die pedofiel ook deurgaans in gedagte gehou.

Bewusmaking van die pedofilie in aanbiedings wat deur die navorser en ŉ selferkende pedofiel gehou is, was suksesvol. Een man en twee kinders met seksueel afwykende gedrag is geïdentifiseer en sewe vroue het bekend gemaak dat hulle as kinders gemolesteer is. Daar is ŉ groep gestig waar hierdie vroue mekaar ondersteun. ’n Aantal van hulle se verlede-verhale is ook herskryf.

In die slothoofstuk gaan daar gekyk word in hoe ŉ mate die studie die hipoteses wat in hoofstuk 1 gemaak is, bewys het.

# HOOFSTUK 6
# SLOTSOM EN GEVOLGTREKKINGS

## 6.1 INLEIDING

Die doel van die laaste hoofstuk is om te evalueer in watter mate hierdie studie 'n bydrae tot die navorsing oor pedofilie kon lewer. Daar sal ook geëvalueer word in watter mate die hipoteses bewys is.

## 6.2 DIE HERMENEUTIESE AANPAK VAN DIE NAVORSING

Die aard van die navorsing word deur die hermeneutiese aanpak bepaal. Die hoofdoel van die navorsing is nie om 'n terapeutiese proses vir die rehabilitasie van die pedofiel voor te stel nie. Omdat die pedofiel meestal in die verlede veroordeel en gehaat is, was daar weinig pogings om tot 'n verstaan van die pedofiel se narratief te kom. Hoe gebeur dit dat iemand 'n seksuele fiksasie en fantasie oor kinders ontwikkel? Hoe beleef die pedofiel dit? Watter gedagtes presipiteer die drang? Is daar 'n morele stryd en pogings om nie aan die versoekings toe gee nie? Hoe hanteer die pedofiel sy skuldgevoelens? Op soveel vrae is daar tot dusver nog weinig antwoorde. Hierdie navorsing wil allereers verstaan.

Daar is egter ook 'n sekondêre doel met die hermeneutiese aanpak. Louw (1999:95) se hermeneutiese benadering stuur af op 'n ontmoetingsgebeure. Pastorale ontmoeting genereer verandering en beoog 'n transformasie van die totale mens. Ontmoeting as 'n metafoor veronderstel kontak, bewuswording, wederkerigheid, interaksie, beïnvloeding en verandering. Die epistemologiese vertrekpunt van die navorsing sluit by hierdie hermeneutiese verstaan van Louw aan.

Daarbenewens verwys die hermeneutiese aanpak na die beginsels van verstaan, vertolking en interpretasie met die oog op betekenisoordrag (Louw 1999:561). Die hermeneutiese aanpak van hierdie studie laat toe dat die pedofiel nie neutraal staan in die terapeutiese proses nie. Inteendeel, hy is betrokke in die gesprek en beweeg van verstaan tot verander (Janse van Rensburg 2000:73). Die verstaansproses gaan dan allereers om sensitiwiteit en verdieping van die pastorale ontmoeting tussen God en die mens (Louw 1999:11). In die lig van die ontwikkeling van die navorsing is daar rede om te aanvaar dat hierdie benadering geslaagd was. Sonder verstaan sou so 'n pastorale proses nie kon plaasvind nie.

## 6.3 DIE BYDRAE VAN VERSKILLENDE PASTORALE MODELLE

Elke pastorale model het 'n ander hermeneutiese invalshoek en kon bydra tot die waarde van hierdie navorsing. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die pastorale modelle met groot vrug in terapie met die pedofiel gebruik kan word. Hieronder volg 'n kort beskrywing van die onderskeie momente in die verskillende modelle wat in die navorsingsproses waardevol was.

### 6.3.1 DIE KERUGMATIESE MODEL

Die kerugmatiese model het ŉ belangrike plek in die pastoraat met die pedofiel ingeneem. Hierdie model is met sorg aangewend, aangesien daar geen kerugmatiese dwang en manipulasie op die deelnemer geplaas mag word nie. Die skopus met hierdie benadering was nie slegs sonde- en skuldbelydenis nie. Verkondiging het plaasgevind en die deelnemer het met verloop van tyd sy eie Bybelstudie beplan en is daardeur aangespreek. Aandag is egter wel aan die beginsel van sonde gegee, aangesien die deelnemer met geweldige skuldgevoelens worstel. In die terapeutiese benadering is klem geplaas op die feit dat die sondeval nie die vermoëns waarmee die mens geskape is, verwoes het nie, maar slegs geskend het. Christus herskep egter die mens en herstel hierdie gawe deur sy Gees.

### 6.3.2 DIE EDUKTIEWE MODEL

Deur die toepassing van hierdie model het die deelnemer sy eie innerlike potensiaal ontdek. Gevolglik kon die drie kernelemente van genesing, ondersteuning en leiding ten volle benut word. Omdat die eduktiewe model ŉ kliëntgesentreerde model is, is dit aangewend om die deelnemer in staat te stel om sy onderdrukte te formuleer. Daardeur kon hy daarin slaag om sy onverwerkte emosies te ontlaai. Noemenswaardig in hierdie verband was sy opmerking dat een van sy grootste wense is om weer te kan huil omdat hy as baba laas gehuil het. Hierdie wens van hom kon nie tydens die terapeutiese proses vervul word nie.

### 6.3.3 DIE NOUTETIESE MODEL

Skuldgevoelens het baie keer spontaan tydens die terapeutiese gesprekke na vore gekom. Navorsing toon inderdaad ook dat sommige oortreders wel skuldig voel oor die molestering van kinders, maar dat skuldgevoelens nie daarin slaag om hulle van verdere molestering te weerhou nie. Pryor (1996:166) stel dit so: "The guilt dissipated as each new episode neared." In hierdie studie skryf die deelnemer dit aan sy kompulsie toe dat skuldgevoelens nie in staat is om hom van seksuele interaksie met die volgende slagoffer te weerhou nie. Hy voer egter aan dat sy slagoffers geweet het wat hulle doen en dit geniet, en hierdeur ontken hy sy skuldgevoelens.

Aanvanklik was die noutetiese benadering vir die navorser baie outoritêr van aard en dit sou in teenstelling wees met die *not knowing*-standpunt van die narratiewe benadering. Die pedofiel sou verder in ŉ skuldlas by God gedompel word. Die noutetiese benadering het egter oor ŉ lang tydperk prominent op die voorgrond begin tree toe daar ŉ vertrouens-verhouding en ŉ aanvaarding in liefde tussen die terapeut en die deelnemer ontstaan het. Die pedofiel het direkte vrae aangaande sonde gevra en deur middel van die antwoorde kon die navorser die model aanwend. Omdat die vraag oor sonde te wagte was, het deeglike voorbereiding plaasgevind, ŉ oefening wat deur die werking van die Heilige Gees tot seën gemaak is. Op hierdie wyse kon selfs die konfronterende aspek van die noutetiese

benadering bruikbaar gemaak word sonder om die rapport tussen terapeut en deelnemer te versteur. Immers, die konfrontasie word opgevolg deur die verkondiging van die genade van God wat Hy deur die groot offer van Jesus Christus aan alle sondaars bied.

### 6.3.4 DIE BIPOLÊRE MODEL

Die bipolêre model se waarde lê daarin dat die pastoraat rekening moet hou met die Goddelike werklikheid en die menslike swakheid, meer spesifiek die dinamiese interaksie tussen pastoraat en die menswetenskappe. Die bipolêre benadering het my bewus gemaak van die waardevolle insette en bydraes van die hulpdissiplines aan die pastorale proses. Daar is egter deurentyd daarteen gewaak dat die geloofsontwikkeling van die persoon nie ingeruil word vir 'n psigologie van onder andere selfbeeldontwikkeling ten koste van geloofsgroei tot volwassenheid nie. In die geval van die pedofiel is sielkundige behandeling ongetwyfeld nodig. Die holistiese benadering, wat probleemhantering in pedofilie sou help beheer, is met sukses aangewend.

Die navorser stem saam met Heitink dat daar nie sonder meer met elke pastorale gesprek Bybel gelees en gebid moet word nie, maar dat daar vir die regte kairos-moment gewag moet word. Die bipolêre model maak nie veel van sonde nie. Heitink sien die mens as skepsel van God en nie as sondaar nie.

### 6.3.5 DIE HOLISTIESE MODEL

Die holistiese inter- en intradissiplinêre benadering het die geleentheid geskep onder die leiding van die Heilige Gees om ook die evangelie oor te dra as die geleentheid hom daartoe voorgedoen het. Regterbreinmetodes van heling en groei is saam met linkerbreinmetodes gebruik. Meditasie en visualiseringsmetodes is hier aangewend, wat vir groot deurbrake gesorg en tot geestelike groei bygedra het. Met hierdie deelnemer was hierdie metodes suksesvol, maar die navorser is bewus dat die metodes nie op alle deelnemers dieselfde uitwerking sal hê nie. Voordat daar egter na meditasie en visualisering oorgegaan kon word, moes ek hom vir maande toelaat om te vertel en hervertel, te dekonstrueer en te eksternaliseer. Meditasie en visualisering het 'n besliste bydrae gelewer in die terapie met die pedofiel. Dit het hom in stilte voor God gebring en hierdeur is die afstand tussen God en homself verklein. Die deelnemer het 'n belewing van God gehad. Hy voel dat meditasie en visualisering hom geleer het om met God te praat, iets wat hy nooit kon doen nie.

### 6.3.6 DIE KONVERGENSIEMODEL

Melt se verhouding met God het 'n dieper dimensie as voorheen bereik. Hy getuig dat hy opnuut tot die ontdekking van God se redding en sorg gekom het, en homself persoonlik toegewy het aan God wat sy lewe bestuur. Hy het verantwoordelikheid aanvaar vir al die molesterings wat hy gepleeg het. Angs vir die toekoms is verlig deur die toepassing van die

konvergensiemodel. By die deelnemer is daar ŉ toekomsverwagting geskep. Die stryd en gepaardgaande lyding wat die persoon beleef het en wat van hom ŉ "terminale" persoon gemaak het, is deur die beginsel van hoop verlig. Die konvergensiemodel, wat geloofsvolwassenheid en eskatologiese hoop beklemtoon, fasiliteer die verbondsontmoeting terwyl die verkondiging van God se genade gekonkretiseer kon word (Louw 1999:95).

### 6.3.7 DIE NARRATIEWE MODEL

Daar moet in gedagte gehou word dat die narratief in hierdie studie as strategie binne ŉ diakoniologiese epistemologie funksioneer. Dit beteken dat die onderskeie strategieë van die narratiewe terapie teen die agtergrond en vanuit die beginsels van die Skrif toegepas is. Uit die vorige hoofstuk, waar van die sessies met die pedofiel bespreek is, kan dan ook duidelik afgelei word dat die meeste van die elemente van die narratiewe benadering op die een of ander wyse op die pastorale proses afgestem is.

Deur die *not knowing*-posisie in te neem, kon die terapeut as't ware in die leefwêreld van die pedofiel intrek. Met die strategieë van die narratiewe benadering is sy verhaal aangehoor en vertolk. In hierdie proses is gedekonstrueer en unieke uitkomste gesoek.

Vervolgens word die onderskeie elemente van ŉ narratiewe benadering in konteks geplaas.

#### 6.3.7.1 Verhouding

Die terapeutiese verhouding wat tussen die reisgenote ontstaan, is die belangrikste medium om verandering en genesing te bewerkstellig. Ek moes eerstens bewus raak van my vooroordele teenoor die molesteerder en moes in staat wees om dit tersyde te plaas. Vir die positiewe verandering om plaas te vind, moes ek hom benader met ŉ oop, nie-veroordelende en ontvanklike houding. Ten einde met mans wat kinders molesteer, te werk, is dit noodsaaklik vir my as terapeut om gemaklik te wees met my eie, asook die seksualiteit van ander. Die verhale waarmee gewerk word, kan die terapeut wat eie innerlike konflikte beleef, veral met betrekking tot seksuele kwessies, traumatiseer. My houding teenoor die molesteerder moet reflekteer dat ek hom onvoorwaardelik aanvaar. Die uitgangspunt wat ek gehandhaaf het, is dat molestering ŉ simptoom van ŉ diepliggende toestand is en dit het my ten volle gehelp om nie veroordelend op te tree nie. Deur aanvaarding kon ek verwag dat hy homself ook een of ander tyd sou aanvaar.

#### 6.3.7.2 Not knowing

Die navorser het die persoon slegs gehelp om te ko-konstrueer, sonder om deskundige kennis op hom af te dwing. Ek het myself laat inloop in die verhale van Melt met die grondhouding van *not knowing,* en met die strategieë van die narratiewe terapie het ek na sy verhale geluister en dit vertolk. Al die kenmerkende benaderings van narratiewe terapie het

ŉ rol in hierdie navorsing gespeel. Daar is gedekonstrueer, ge-eksternaliseer en vrae is gebruik om ŉ alternatiewe diskoers daar te stel.

#### 6.3.7.3 Eksternalisering

Deur die gebruik van die narratiewe benadering is die deelnemer bemagtig om sy probleem te eksternaliseer. Na eksternalisering gebruik is, het die konflik binne hom verminder. Die gevoel van mislukking wat hy ervaar het omdat hy nie hierdie seksuele afwyking onder beheer kry nie, het afgeneem. Hy het ook aangetoon dat dit voel asof hy teen iets baklei en nie meer teen homself nie. Dit was baie interessant, omdat White en Epson (1990:49) aanbeveel dat eksernalisering nie op ŉ persoon met seksuele oortredings gedoen moet word nie. Nadat daar geen vordering in terapie gemaak is nie, is hierdie strategie met sukses toegepas. Dit wys net na die feit dat deelnemers nie veralgemeen moet word nie. Indien daar gevoel word dat daar geen vordering gemaak word nie, is dit wel die moeite werd om ŉ sessie aan eksternalisering af te staan. In hierdie geval het dit ŉ deurbraak bewerkstellig.

Die deelnemer kon dus begin om die positiewe invloed wat hy op die probleem uitgeoefen het, te internaliseer en tot ŉ ryker beskrywing van sy identiteit te kom. Hy kon tot ŉ herskryf van sy verhaal kom.

#### 6.3.7.4 Dekonstruksie

Die verborge waarheid moes deur hom gedekonstrueer word, voordat hy tot die skep van ŉ alternatiewe verhaal kon kom. Dit is ongetwyfeld een van die sentrale begrippe in die narratiewe benadering (vgl. De Jager & Müller 2002:1225, 1233). Die gebruik van hierdie begrip hang ten nouste saam met die hoë waarde wat aan taal, toegeken word binne (postmoderne) denke oor die narratiewe benadering. Indien ŉ persoon binne hierdie verstaan van taal homself (vas)bind aan ’n bepaalde prentjie oor homself en ’n situasie waardeur hy benadeel word, wil dekonstruering hierdie "beelde" afbreek. Melt se taalgebruik was ŉ besliste probleem, waarop dekonstruksie toegepas is. "Ek is lief vir dogtertjies" was maar net een van die taalgebruike. Na dekonstruksie het Melt besef hy verwar liefde met seks en dat hy glad nie lief is vir hulle nie.

#### 6.3.7.5 Reflektiewe ondervraging

Die reflekterende vrae het deurentyd ŉ bydrae gelewer, maar radikale transformasie in die menslike hart is deur die Heilige Gees bewerkstellig. Omdat ek gemeen het dat die molesteerder ŉ gebrek aan liefde ervaar, was terapie daarop ingestel om selfaanvaarding en selfliefde by hom te ontwikkel. Hierdeur kon hy tot die herskryf van sy verhaal kom, en hierdie nuwe verhaal getuig van hoop en nie meer konflik en hopeloosheid nie.

Die waarde van die narratiewe benadering is met ŉ vraag aan die deelnemer getoets. Die vraag was: "Het pastorale terapie meegewerk tot ŉ meer hoopvolle toekomsverhaal? Het jy iets positiefs uit ons gesprekke beleef?" Die deelnemer het soos volg geantwoord[9]:

> "Die mense in die hospitaal en so ook baie ander mense het my vertel van God wat vergewe en vergeet van sonde. Die God wat Stella aanbid het, was ŉ ander God. My God was ŉ kwaai, moeilike ou man wat my graag in die hel wil sien. Baie mense het my ook laat verstaan dat ek net gemaak is vir een plek - die hel. Ek het geleer van ŉ God van liefde, ŉ God wat verstaan en ŉ God wat my wil help.
>
> "Madelein Steenkamp (die sielkundige onder wie se behandeling hy was) het my baie vertel dat ek my uitkyk op die lewe moet verander. Sy het gesê ek moet my denke vernuwe, maar ek het nooit verstaan hoe om dit te doen nie. Sy het ook altyd in my geglo. Geglo dat daar ŉ deurbraak sou kom. Sy was ook anders as die kerkmense. Sy het my nooit gelos nie. Toe ons met pastorale terapie begin het, het ek later eers verstaan wat Madelein altyd bedoel het. Ek kan nie onthou waar dit gebeur het nie, maar skielik het ek God gesien. Ek het met Hom begin praat en selfs ŉ gesprek gevoer. Ek het ook opgehou om myself te verwyt en om te sê God gee nie vir my om nie. Ek moes aanvaar en berus. Ek moes met berou na God gaan en om vergifnis vra en sy liefde en geduld aanvaar. Dit maak nie wat ek gedoen het goed nie. Dit bly verkeerd, maar toe ek met God te doen kry, help Hy my in my stryd en dit gaan baie makliker. Vir die eerste keer aanvaar ek sy hulp.
>
> "Nadat ek besef het dat dit wat ek doen, verkeerd is, het God my begin genees. Ek het myself altyd geminag en gehaat, nou besef ek dat ek waardevol vir God is.
>
> "Ek het altyd vir God verwyt, maar nou besef ek dat God nie die meisies voor my kop gegooi het nie. As jy ŉ oog is, kan God jou nie verander om ŉ mond te wees nie. Jy bly ŉ oog. Al doen jy wat. As ŉ oog seer is, gee die dokter salf om hom gesond te maak. As die oog weier om gesond te word, haal hulle hom uit en gooi hom weg, maar God probeer eers alles voordat Hy opgee. Hy wil my eers kans gegee het. Hy het vir my ŉ bril gegee. Nou moet ek net die bril gebruik en die oog sal gesond word. Ek het ook ŉ keuse gemaak. Dit wat ek gedoen het, wil ek nie meer doen nie. My liggaam is deel van God se liggaam en ek kan nie meer my liggaam skade aandoen nie.
>
> "My fantasieë is onder beheer omdat ek my gedagtes volmaak van God se dinge. Hierdeur dissiplineer ek myself. Die terapeute, die medikasie help baie, maar vir die eerste keer besef ek dat daar ŉ deel is wat ek self moet doen. Dit wat ek self moet doen, is baie moeilik vir my en ek kan dit nie doen sonder God se hulp nie. Ek het

[9] Hierdie is Melt se eie woorde.

> nederig en opreg na Hom gegaan en vir hulp gevra. Hy help my elke oomblik van die dag. As ek sonder God hierdie siekte beveg, is al die behandeling en medikasie van geen nut nie. Saam met Hom sal ek hierdie oorlog baklei."

Dit is duidelik dat daar in hierdie narratief ʼn fusie tussen die Godsverhaal en die mensverhaal plaasgevind het.

### 6.4 DIE WAARDE VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE

**Hoofstuk 1** het ek die navorsingsprobleem gestel en die metode van navorsing verduidelik. Daar is ook gekyk na die verskillende pastorale modelle wat ʼn bydrae kan lewer tot pastorale terapie met die persoon wat kinders molesteer.

**Hoofstuk 2** is ʼn volledige literatuurstudie gedoen wat gehelp het om die fenomeen pedofilie te verstaan. ʼn Historiese perspektief is gegee omdat daar nie besef word hoe oud pedofilie werklik is nie. Konsepte oor pedofilie word verhelder. Die klassifikasie van die FBI (Federal Bureau of Investigation) het die verskillende tipes pedofilie verduidelik. Die ondersoek na ʼn persoonlikheidstipe was onsuksesvol, omdat hierdie persoon uit alle sfere van die samelewing kom en geen persoonlikheidstipe kan aan hom toegeskryf word nie. Seksuele molestering, wat in die meeste gevalle kompulsief raak, word aangevuur deur fantasering, masturbasie en pornografie. Ek noem hierdie drie die boublokke van molestering. In die afdeling wat handel oor teorieë oor pedofilie verskil navorsers baie. Daar is diegene wat dit as ʼn psigologiese siekte beskou en wys daarop dat daar drie lewenservarings is wat hierdie gedrag vaslê, onder andere seksuele kontak voor die ouderdom van 16 jaar met ʼn aansienlik ouer persoon, seksuele kontak voor die ouderdom van 13 jaar met lede van hulle postuurgroep en nie-seksuele geweld wat hoofsaaklik deur hulle ouers gepleeg is. Navorsing op neurologiese gebied is tans baie aktueel. Daar word verskillende toestande genoem wat ʼn effek op ʼn persoon kan hê wat kinders molesteer. Endokriene en generiese faktore speel ook ʼn rol.

Daar moes iets wees wat hierdie persoon affekteer om tot hierdie stap oor te gaan. Daar is gesien dat die persoon nie impulsief tot molestering oorgaan nie. Die redes wat aangegee word, is ter harte geneem, maar die mees algemene bydraende element is dat ʼn slagoffer gewoonlik oorgaan tot molestering. Die siklus van molestering was belangrik, want die persoon moet self hierdie siklus vroegtydig verbreek. Die terapeut moet die denkpatroon van ʼn oortreder verstaan om hom te lei na die erkenning van verkeerde gedrag.

**Hoofstuk 3** behels ʼn kriminologiese ondersoek, wat my bewus gemaak het van die feit dat daar geen rehabilitasie in Suid-Afrika is nie en dat die oortreder ná gevangenisstraf slegs teruggeplaas word in die gemeenskap, waar hy sy dade met meer strategie voortsit. Deur ʼn literatuurstudie kan daar tot die gevolgtrekking geraak word dat die nuwe benadering om

oortreders se gedrag te verander sodat ŉ wetsgehoorsame burger in die gemeenskap teruggeplaas kan word, slegs ŉ ideaal is. Die rehabilitasie van oortreders word dus op die voorgrond geskuif, maar die realiteit van oorbevolking en die demper wat dit op effektiewe rehabilitasie plaas bly een van Korrektiewe Dienste se grootste uitdagings.

**In hoofstuk 4** is die kwalitatiewe metode ondersoek wat in hierdie navorsing aangewend is. Hierdeur het ek tot die besef gekom dat daar nie ŉ ander geskikte metode van terapie was as die kwalitatiewe metode nie.

Ek het kortliks na psigoterapeutiese strategieë verwys wat in die behandeling van pedofiele in ander lande gebruik word sodat die pastorale terapeut bewus moet wees dat hierdie nie psigoterapie is wat gedoen word nie.

As terapeut moes myself ten opsigte van pedofilie posisioneer. Ek moes besef dat hierdie nie ŉ maklike taak sou wees nie. Dade, sonde, skuld – hoe gaan ek dit hanteer? Ek sou hom onvoorwaardelik moes aanvaar. Daar sou ŉ besliste vertrouensverhouding opgebou moes word. Die waarde hiervan was om myself as terapeut voor te berei en om standpunt in te neem.

In die aanwending van die verskillende strategieë moes ek besluit watter sake van belang sou wees in terapie met die pedofiel. Alhoewel terapie ongestruktueerd was, moes ek myself belig ten opsigte van die volgende sake: aanvaarding van die probleem en oorgawe, huidige toestand van skuld en sonde, bedreiging van wanhoop vir die toekoms, onverwerkte emosionele pyn en seksualiteit binne pastorale terapie. In die terapiesessies het al hierdie sake na vore gekom en die terapeut was voorberei.

**In hoofstuk 5** word van die sessies met die deelnemer beskryf. Elke sessie was ŉ uitdaging. Ek moet erken dat daar tye was dat terapie met die pedofiel moeilik was. Die deurbraak het gekom nadat die Godsbeeld van die deelnemer herstel is.

Elke afdeling in hierdie studie het my dus gehelp tot ŉ beter verstaan van hierdie fenomeen en om praktiese teologiese riglyne daar te stel.

## 6.5 DIE VOORDELE VAN DIE PASTORALE PROSES

Vooraf is reeds verduidelik dat die hermeneutiese aanpak van hierdie navorsing hoofsaaklik op die verstaansproses afgestem is. Hoewel die moontlikheid van genesing in beginsel nooit uitgesluit was nie, omdat niks by God onmoontlik is nie, was die doel van die navorsing eerder om die deelnemer in die konteks van sy probleem te verstaan en ŉ selfverstaan by hom te fasiliteer. Verder wou die navorsing toets of ŉ terapeutiese proses deur gebruikmaking van verskeie terapeutiese metodes enigsins verbetering in die deelnemer se belewing van sy probleem kon bewerk. Ek sou huiwerig wees om van ŉ totale transformasie

te praat. Wat ek wel waargeneem het, is dat Melt wel probleemhanteringsvaardighede aangeleer het. Sy fantasieë is redelik onder beheer. En as een van die drie boublokke van pedofilie is dit ŉ groot stap.

Ek beleef ook ŉ aanvaarding van die situasie en hoop vir die toekoms. Op hierdie stadium word daar planne beraam om Melt uit die hospitaal te ontslaan. Hy het ook deel van ŉ gemeente geword. Die pastoor sien self Sondae toe dat hy by die hospitaal gehaal word en Melt geniet die aanbidding saam met ander gelowiges. Daar is, soos dit die doelstelling van die pastoraat is, geloofsgroei en geloofsvolwassenheid bemerk. Terapie aan die pedofiel is ŉ lewenslange proses, maar vir die tydperk wat pastorale terapie op Melt toegepas is, kon sekere pastorale doelwitte bereik word.

## 6.6 BESPREKING VAN DIE HIPOTESES

### 6.6.1 HIPOTESE 1

**Daar bestaan ŉ leemte in die pastorale begeleiding van die persoon wat kinders molesteer. Pastorale modelle, narratiewe terapie en ander metodes kan ŉ bydrae lewer tot die beheer en bestuur van die probleem.**

Die breër fokus van hierdie studie is gerig op hulpverlening aan ŉ manlike persoon wat kinders molesteer sodat hy na heelwording in Christus begelei kan word en hierdie gewoontes deur hom beheer en bestuur kan word. Hierdie hipotese is deur die navorsing bevestig dat pastorale terapie aan die persoon wat kinders molesteer, noodsaaklik is. Die narratiewe benadering (wat as hoofstrategie gebruik is) binne die raamwerk van die diakoniologiese epistemologie was dus binne hierdie konteks geslaagd. Daar moet erken word dat psigiatriese en mediese behandeling vir die pedofiel van groot belang is, maar die pastorale begeleiding van hierdie persoon kan nie geïgnoreer word nie. Die oplossing lê dus in ŉ holistiese benadering waar daar aandag gegee word aan die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van die persoon.

### 6.6.2 HIPOTESE 2

**Daar bestaan ŉ verskeidenheid veranderlikes wat tot die ontstaan van pedofilie aanleiding gee.**

In hoofstuk 2 is hierdie vraag ten volle deur middel van ŉ literatuurstudie beantwoord. Daar is gesien dat pedofilie een van ŉ menigte seksuele afwykings is. Hierdie fenomeen kom in al die sfere van die samelewing voor, ongeag ouderdom, beroep, sosio-ekonomies status, kultuur en geloof. Volgens navorsing is pedofilie ŉ verslawende gedrag wat in kompulsiewe verslawing kan oorgaan wat die persoon se hele lewe tot stilstand ruk. Seksuele molestering is ŉ simptoom van ŉ dieperliggende toestand.

Die boublokke van hierdie verslawing is fantasieë, masturbasie en pornografie, wat al drie ŉ vernietigende uitwerking op ŉ persoon het. In Melt se ouerhuis het hy van baie jongs af na pornografie gekyk. Hy het ook gemasturbeer omdat dit hom goed laat voel het. Hy het egter op ŉ jong ouderdom sy eerste seksuele ervaring gehad en fantasering was deel van sy bestaan. Hy het egter seksuele speletjies met meisies begin speel, wat hom beter laat voel het oor sy verwerping.

Navorsing toon dat nieseksuele geweld gedurende die kinderjare direk verband hou met die latere molestering van kinders (Pryor 1996:159). Die proses wat aanleiding gee tot die seksuele molestering van kinders, word egter nie verduidelik nie. In Melt se huis was daar wel baie geweld en min liefde.

Navorsing lig ook die emosionele onvolwassenheid van die molesteerder uit. Howitt (1995: 56) bevind in sy studie ŉ korrelasie tussen die ouderdom van die slagoffer en die emosionele ouderdom van die oortreder.

Navorsing toon ook dat baie mans voor die aanvang van molestering, ŉ persoonlike laagtepunt bereik, dat die periode net voor molestering plaasvind, gekenmerk word deur akute probleme, emosionele verliese of emosionele ineenstorting (Pryor 1996:80-84), seksuele, huweliks-, familie- en werksprobleme (Pryor 1996: 62-71).

In hoofstuk 2 word daar ook psigodinamiese teorieë (bladsy 86), biologiese afwykings (bladsy 92), neurale meganismes (bladsy 92), kognitiewe distorsies (bladsy 93), endokriene faktore (bladsy 94) en genetiese faktore (bladsy 95) genoem wat tot molestering kan aanleiding gee.

Volgens die navorsing kan hierdie hipotese dus aanvaar word.

### 6.3.3 HIPOTESE 3

**Die persoon wat kinders molesteer, beleef ŉ geestelike vakuum. Die moontlikheid bestaan dat die persoon se Godsvoorstelling dié van ŉ despoot (Louw 1999:400) en paaiboelie is wat straf en voor wie hy altyd skuldig moet voel.**

Daar is baie geestelike vrae en/of beskuldigings by die deelnemer, onder andere: "Hoe kon God toelaat dat dit met my gebeur? Waar is God? Ek bid, maar kry geen antwoorde nie. God verstaan nie my lyding nie."

Een van die vrae was: "Het God hierdie siekte oor my laat kom?" (bladsy 187).

Hier kom Godsvoorstelling tersprake (bladsy 198). Die hermeneutiese modelle is toegepas om te poog om die Godsvoorstelling van die deelnemer van ŉ negatiewe tot ŉ positiewe

voorstelling te beweeg. Die semantiese differensiaal-analise (PSA) (bladsy 201) is vroeg in terapie gedoen en weer later om die verandering in die Godsvoorstelling te bepaal. Volgens die uitslag (bladsy 202) was die voorstelling totaal negatief. Na maande se terapie is dit weer gedoen en die voorstelling was positief (bladsy 204). Die volgende metodes is met sukses aangewend:

Visualisering is gebruik (bladsy 212) om ŉ duidelike beeld te verkry hoe hy God sien. Hy sien God as ŉ ou man met ŉ stoppelbaard, grys hare, oud en ŉ gesig vol plooie. Hy is baie ernstig met koue blou oë. Terwyl hy vertel, raak hy emosioneel en huil sonder trane. Melt vra my om my voorstelling te beskryf. Nadat ek my positiewe Godsbeeld beskryf het vra hy my om vir hom ŉ prent te teken wat hy graag by hom wil hou. ŉ Vaderbeeld- (bladsy 212-213), Troonkamer- (bladsy 215) en God as vriendvisualisering is ook gebruik om die negatiewe beeld te omskep.

Deur sy lyding het hy die aanname gemaak: "Here God, U weet nie hoe dit voel nie! U verstaan nie! U het geen idee waardeur ek gaan nie. U het nie ŉ benul hoe seer dit maak nie." Genesing begin wanneer ons deel het aan God se lyding. Wanneer ons dit nie probeer vryspring nie, maar dit omhels, en in die proses ook God se lewe betree. Wanneer ons nie ons pyn sien as iets wat tussen ons en God staan nie, maar iets wat ons verbintenis met ons Skepper bevestig. Om hierdie aanname aan te spreek en ook om hom te laat besef dat Jesus Christus aan die kruis gely het, is ŉ visualisering (bladsy 216) gedoen, wat suksesvol was.

Nadat die deelnemer sy dade vertel en hervertel het en al hierdie dade in ŉ biografie geplaas is, is hy gevra om dit te lees sodat hy die korrektheid daarvan kon bevestig. Die deelnemer was geskok en kon nie glo dat hy al hierdie dade gepleeg het nie. Die narratiewe gespreksvoering het hier dus ŉ belangrike plek ingeneem. Stories is van groot waarde binne die vergifnispastoraat. Daar is gevoel dat ons by ŉ punt gekom het waar daaroor vergifnis gepraat kon word.

Die proses is begin deurdat ek as terapeut aan hom vergifnis toegestaan het (bladsy 229). Hierdeur het hy gevoel ander sal ook in staat wees om hom te vergewe.

Vergifnis was noodsaaklik vir Christelike heling, vergifnis teenoor dié wat hy dink hom skade berokken het. In dié geval was dit Melt se pa. Om dit te erken was ŉ lang proses, maar dit het tog gebeur. Die leë-stoeltegniek, wat deur Fritz Perl ontwikkel is, is met groot sukses gebruik (bladsy 232).

Vergifnis by God. Nadat Melt se Godsbeeld deur visualisering verander het, was dit vir hom moontlik om vergifnis by God te ontvang.

Visualisering is ook toegepas sodat die deelnemer vergifnis aan homself kon gee. Baie keer kom die selfverwyt terug en daarom kan daar nie met volle sekerheid gesê word dat die pedofiel homself volkome vergewe het vir dit wat hy aan die kinders gedoen het nie. Aan die ander kant kan hierdie onthou juis belangrik wees, want vergifnis beteken nie dat daar nie soms nog teruggedink word aan die verlede nie – hoewel die emosionele pyn en hartseer deur die vergifnisprosesse verwyder is. Dikwels is onthou belangrik om totale genesing en versoening te kry (Louw 1995:153).

Die deelnemer is gevra om ŉ brief aan sy twee seuns te skryf en hulle om vergifnis te vra. Tot op hede kon hy dit nie doen nie, want: "Ek kry te skaam om dit te doen". Elke slagoffer se naam is neergeskryf. Hy het elkeen aan God opgedra en vergifnis vir God gevra. Hy moes egter van tyd tot tyd daaraan herinner word dat hy hulle aan God oorgegee het en moes glo in vergifnis.

Een van die glinstermomente met die pedofiel was toe hy besef het dat hy ook keuses het. Hy het self besef dat hy sy vrae as verskonings gebruik. Deur sy lyding is God by hom en wil hom gebruik.

Hierdie hipotese kan dus aanvaar word.

### 6.6.4 HIPOTESE 4

**Die gemeenskap is onvolledig ingelig oor pedofilie as fenomeen. Die rol wat die gemeente en die gemeenskap ten opsigte van die fenomeen speel, moet ondersoek word.**

Die navorser het aanvanklik gemeen dat hierdie byeenkoms na ŉ kerkdiens gehou moes word, maar die kerkraad wou nie toelaat dat die pedofiel die gemeente toespreek nie. Dieselfde het ook gebeur toe die RDV (Ringdiakonale vergadering) vir ŉ aanbieding gevra het. Soos aangetoon in hoofstuk 5 (bladsy 236-245) is ŉ byeenkoms gereël waar Lionel, ŉ self erkende pedofiel, die gemeenskap kom toespreek het. Die positiewe reaksie op die aanbieding was fenomenaal. Clinebell (1985:19) het al gewaarsku teen predikante wat onderlinge versorging tot die studeerkamer beperk. Vroue wat as kinders gemolesteer is, kon heling ontvang, en pedofiele kon geïdentifiseer word en ŉ proses van terapie kon begin word. Die onderlinge sorg en dienswerk van vrywillige gelowiges is vir die voortsetting van die pastoraat van wesenlike waarde. Daar is ook ander gemeenskappe wat vir dieselfde aanbieding bespreek het. Hierdeur word ouers bewus gemaak van hoe die pedofiel opereer en kan ouers fyn ingestel wees omdat hulle inligting vanuit die perd se bek gekry het.

Daar is ook ŉ webbladsy in Afrikaans ontwerp omdat die navorser van mening is dat hierdie fenomeen in ons eie taal verduidelik en aangepak moet word. Hierdeur kry pedofiele ook die

geleentheid om, om hulp aan te klop. Daar is baie persone wat dit wat hy doen, veroordeel, maar hy is vasgevang in die greep van hierdie afwykende seksuele gedrag.

Tot op hede het die bewusmaking van die gemeenskap nie in volle swang geneem nie, maar die navorser beplan om in die toekoms daarop te konsentreer. Wat wel ’n feit is, is dat mense oor die algemeen nie graag oor hierdie verskynsel praat nie. Persone wat as kind gemolesteer is, kan ook hierdeur tot heling gelei word.

Hierdie hipotese kan dus ook aanvaar word.

## 6.7 TOEKOMSVISIE

Ouers gee dikwels te kenne dat hulle min of geen inligting rakende geslagsopvoeding ontvang het nie. Gemeenskapsorganisasies en kerke behoort meer aktief aan hierdie gesprekke deel te neem en ouers vir hulle opvoedingstaak toe te rus. Die gebrek aan die oordra van hierdie tipe inligting reflekteer die samelewing se algemene ongemak met betrekking tot seksuele vraagstukke, veral wanneer dit die toerusting van adolessente raak. Ouers sal dikwels te kenne gee dat hulle wag vir die "regte tyd" om oor seksualiteit te praat. Dit blyk dat daar nooit ’n regte tyd gaan wees nie, maar dat hierdie onderrig ’n deurlopende onderrig moet wees. Ek sal myself op hierdie gebied wil toerus om aan ouers die nodige leiding te gee. Hierdie onderrig kan maklik vanuit die pastoraat geskied.

My droom is nie om as advokaat vir pedofiele op te tree nie, maar om miljoene mense wat in die nag leef, wat vasgevang is in die bose kringloop van molestering en pedofilie, pastoraal te bemagtig. Deur die menslike sy van hierdie mans te ontdek, is daar gevind dat hulle lewens gevul was met pyn en verwarring. Net soos die kinders wat deur hulle gemolesteer is, was hulle ook die slagoffers van volwassenes wat húlle as kinders totaal gefaal het. Dit mag dalk klink soos ’n ydele droom maar "The One who calls provides the resources."

# BIBLIOGRAFIE


ABEL, G.G., BECKER, J.V., MITTELMAN, M.S., CUNNINGHAM-RATHNER, J., ROULEAU, J.L. & MURPHY, W.D. 1987. Self-reported sex crimes of non-incarcerated paraphiliacs. *Journal of Interpersonal Violence*, 2(1):3-25.

ADAMS, J.E. 1973. *The Christian counselor's manual*. Grand Rapids, : Baker Books.

ADAMS, J.E. 1974. *Shepherding God's flock.* Grand Rapids: Zondervan Publishing Library.

ADAMS, J.E. 1977. *Lectures on counseling*. Grand Rapids, : Baker Book House.

ADAMS, J.E. 1979. *A theology of Christian counseling. More than redemption*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ALLENDER, D.B. 1990. *The wounded heart: Hope for victims of child sexual abuse.* Colorado Springs: NavPress.

ALLENDER, D.B. 1995. *The wounded heart*. Colorado Springs : NavPress.

ALLENDER, D.B. 2004. *Are we winning the battle?* Retrieved online at http://www.reconciliationmin.org. on 19 May 2009.

ANDERSON, N. & GOOLISHIAN, H. 1995. The client is the expert: a not knowing approach to therapy. In: McNamee, S., Gregen, K.J. (eds.). *Therapy as social construction.* London: Sage. 25-39.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 2000. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. (4th ed.) Washington: American Psychiatric Association.

ANDERSON, N.T. 1998. *Set Free. Overcoming emotional, sexual, mental and spiritual captivity*. London: Monarch Books.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research.* Cape Town: Oxford University Press.

BAGLEY, C., WOOD, M. & YOUNG, I. 1994. Victim to abuser. Mental health and behavioral sequels of child sexual abuse in community survey of young adult male. *Child Abuse and Neglect*, 18:683-697.

BAKER, N.C. 1998. *Child abuse and neglect: An interdisciplinary method of treatment.* Iowa: Kendall/Hunt.

BARNARD, G.W., FULLER, A.K., ROBBINS, L. & SHAW, T. 1989. *The child molester. An integrated approach to evaluation and treatment.* New York: Brunner.

BARNARD, R. 2000. *Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks.* Wellington: Lux Verbi.BM.

BECVAR, D.S. & BECVAR, R.J. 1996. *Family therapy: A systematic integration.* (3rd ed.) Boston: Allyn & Bacon.

BELL, R. 2007. *Seks God*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

BEZUIDENHOUT, J.P. & JANSE VAN RENSBURG, J. 2006. 'n Gereformeerde narratiewe pastorale terapie. *Acta Theologica*, 2:17-43.

BEZUIDENHOUT, J.P. 2005. *Volwassewording as problematiek in pastorale konteks.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

BIRCHARD, T. 2004. The snake and the seraph – sexual compulsivity, sexual impulsivity, or what? Toward a theoretical model. *The Journal of Sex Research*. 41(3):81-88.

BORMAN E., VAN EDEN, R. & WENTZEL, M. 1998. *Violence in South Africa. A variety of perspectives*. Pretoria: HSRS Publishers.

BOTHA, P. 2001. Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences*, 29:13-19.

BOTHMA, J.D. 2003. *Pastorale terapie met die MIV/VIGS geaffekteerde familie. 'n Narratiewe benadering.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

BOWMAN, B. 2005. *Children, pathology and politics: Genealogical perspectives on the construction of the paedophile in South Africa.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

BRIGGS, F. & HAWKINS, R.M.F. 1996. A comparison of the childhood experiences of convicted male child molesters and men who were sexually abused in childhood and claimed to be non-offenders. *Child Abuse and Neglect.* 20(3):221-233.

BRIGGS, F. 1995. *From victim to offender. How child sexual abuse victims become offenders.* Crows Nest: Allen & Unwin.

BRITZ, L. 2003. *'n Intervensiemodel vir die middelkinderjare-kind wat seksueel misbruik is.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BRONGERSMA, E. 1984. Aggression against pedophiles. *International Journal of Law and Psychiatry,* 7:79-87.

BROWN, N. 1985. Historical perspective on child abuse. In: Downer, A. *Prevention of Child Sexual Abuse: A Trainer's Manual.* Seattle, WA: Seattle Institute for Child Advocacy Committee for Children.

BROWNE, A. & FINKELHOR, D. 1986. Impact of child sexual abuse: A review of the research. *Psychological Bulletin.* 99(1):66-77.

BRUNSDON, A.R. 2006. *Pastoraat aan die afgetrede egpaar deur kanker geaffekteer.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

BUCHANAN, D. & HENDRIKS, J. 1995. (eds.). *Meeting the future. Christian leadership in South Africa.* Randburg: Knowledge Resources.

BUKAU, S.C. 2003. *Kinders as slagoffers van seksuele misdade.* Ongepubliseerde Doctor Legum-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

BULLOUGH, V.L. 1964. *The history of prostitution*. New York: University Books.

BULLOUGH, V.L. 1990. History in adult human sexual behavior with children and adolescents in Western societies. In: Feierman, J.R. *Pedophilia biosocial dimensions*. New York: Springerverslag. 69-90.

BYBEL*:* 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMPHER, L. & BEZUIDENHOUT, C. 2007. A criminological overview of paedophilic activities on the internet. *Child abuse research in South Africa.* 8(1):27-34.

CAPPS, D. 1990. *Reframing: A new method in pastoral care*. Minneapolis, MN: Fortress.

CARL, A.R. 1987. *Is my kind veilig?* Kaapstad: Lux Verbi.BM.

CARNES, P. 2001. *Out of the shadows. Understanding sexual addiction*. Minnesota: Hazelden.

CARNEY, M.P. & DEW, B.J. 2003. Online experiences of sexually compulsive men who have sex with men. *Sex Addiction & Compulsivity.*10:259-274.

CILLIERS, J.H.J. 2003. *Pastoraat aan adolessente wat by okkultiese subkulture betrokke is – 'n pastoraal terapeutiese benadering*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

CLINEBELL, H. 1984. *Basic types of pastoral care and counselling resources for the ministry of healing and growth.* Nashville: Abingdon Press.

CLINEBELL, H. 1987. *Basic types of pastoral care and counselling*. Nashville: Abingdon Press.

COETZER, W. 2005. *Dissosiasie, fragmentasie en die* inner child*.* Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

COETZER, W. 2006. *Seksualiteit*. Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

COETZER, W. 2007a. *Die noue wisselwerking tussen die geestelike, emosionele en fisiese dimensies.* Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

COETZER, W. 2007b. *Tien fases van die genesingsproses.* Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

COHEN, D. 1991. *Law, sexuality, and society: The enforcement of morals in classical Athens*. Cambridge: Cambridge University Press.

COLEMAN, D.P. 1995. *Emotional intelligence: Why it can matter more than IQ for character, health and lifelong achievement.* New York: Bantam Books.

COLLINS, G.R. 1988. *Christian counseling. A comprehensive guide*. Dallas: Word.

CONTE, J.R.& SHORE, D.A. *Social work and child sexual abuse*. New York: The Haworth Press.

CORLEY, M.D. & SCHNEIDER, J.P. 2002. Disclosing secrets: guidelines for therapists working with sex addicts and co-addicts. *Sexual Addiction & Compulsivity,* 9:43-67.

CRABB, L.J. 1977. *Effective Biblical counseling.* Nashville: Zondervan.

CRABB, L.J. 1997. *Connecting, a radical new vision*. Nashville: Word Publishing.

CRAFFORD, J.D. & KOTZÉ, D.J. 1997. 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. *Acta Theologica*. 17(1):99-119.

CRESWELL, J.W. 2003. *Research design. Qualitative, quantitative and mixed methods approaches.* London: Sage.

CROSSON-TOWER, C. 1999. *Understanding child abuse and neglect*. Boston: Ally & Bacon.

DADDS, M.R. & SMALLBONE, S.W. 1998. Childhood attachment and adult attachment in incarcerated adult male sex offenders. *Journal of Interpersonal Violence.* 13(5):555-573.

DAWES, A. & GOVENDER, A. 2007. *The use of children in pornography in South Africa. Final report submitted to the anti-child pornography task team, the film and publications board.* Raad vir Geestewetenskaplike Navorsing. Konferensie gehou te Benoni 27-28 September 2007.

DE BRUYN, P.J. 1993. *Die Tien Gebooie.* Midrand: Varia Uitgewers.

DE BRUYN, P.J. 1997. *Jou enigste troos. Die Heidelbergse kategismus vir die hedendaagse mens.* Potchefstroom. Departement Sentrale Publikasies: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

DE JAGER, J.J. & MÜLLER, J.C. 2002. Dekonstruksie van tradisionele probleem-realiteite: 'n Narratief pastorale perspektief. *Hervormde Teologiese Studie*. 58(3):1221-1239.

DE KLERK, W.J. 1975. *Pastorale sensitiwiteit*. Johannesburg: Perskor.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B., POGGENPOEL, M., SCHURINK, E. & SCHURINK, W. 1998. *Research at grass roots*. *For the social sciences and human service professions.* (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions.* (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik.

DE WET, C. 2007. Educators' perceptions on bullying prevention strategies. *South African Journal of Education*. 27(2):191-208.

DE WET, J.C. 1985. *Strafreg*. (4de uitgawe). Durban: Butterworth.

DENTON, R.A. 2005. *Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God: 'n Pastorale gestaltbenadering.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

DEPARTMENT OF CORRECTIONAL SERVICES ANNUAL REPORT. 2001-2002. 1 January 2000 to 31 March 2001.

DISSEL, A. & KOLLAPEN, J. 2002. *Reform and stasis: Transformation in South African Prisons.* Critique Internasional. No.16. Retrieved online at http://www.csvr.org.za/papers/papad&se.htm on 12 April 2009.

DOWNER, A. 1985. *Prevention of child sexual abuse: A trainer's manual.* Institute for Child Advocacy Committee for Children. Washington: National Academy Press.

DRAPER, P.L. 1996. *Haunted memories. Healing the pain of childhood abuse.* Grand Rapids, Michigan: Fleming H. Revell.

DREYER, Y. 2005. Vergewe en vergeet. 'n Pastorale perspektief. *Verbus et Ecclesia*. 26(1):1-15.

DU TOIT, A. 1997. *Die leefwêreld van die Nuwe Testament. Handleiding by die Nuwe Testament.* Midrand: Orion.

DU TOIT, W.J. 2005. *Statutêre assessering van Kinderslagoffers van Kriminele Seksuele gedrag: 'n Gestaltterapeutiese riglyn*. Ongepubliseerde M.-verhandeling: Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

FEIERMAN, J.R. 1990. Pedophilia: biosocial dimensions. New York: *Springer-verslag*. 69-90.

FIELDING, N. 1993. Qualitative interviewing. In: Gillbert, N. *Researching Social Life*. London: Sage.

FLORA, R. 2001. *How to work with sex offenders. A handbook for criminal justice, human service, and mental health professionals.* New York: The Haworth Clinical Practice Press.

FOSTER, R. 1989. *Celebration of discipline.* London: Clays.

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In: De Vos, A.S. *Research at grass roots*. *For the social sciences and human service professions.* (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik. 79-82.

FOURIE, J. 2008. *Publieke pastorale sorg aan persone geïnfekteer met en geaffekteer deur MIV en/of VIGS in die bruin gemeenskap van Oudtshoorn.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

FOURIE, K. 2006. Vir die pedofiel of verkragter. In: Maartens, M. *Deur trauma*. Pretoria: Lapa. 106-107.

FRANKL, V. 2007. *Waarom lewe ek? Hulde aan die hoop.* Vertaling en verwerking in Afrikaans Daniël J Louw. Viktor Frankl 1947. Ein Psycholog erlebt das Konzentrationslager. Kaapstad : Naledi.

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities.* New York: W.W. Norton & Company.

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 2002. *Narrative therapy with couples … and a whole lot more! A collection of papers, essays and exercises.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

GADAMER, H.G. 1976. *Philosophical hermeneutics*. Berkeley: University of California Press.

GARDNER, R.A. 1992. *True and false accusations of child sex abuse*. New Jersey: Creative Therapeutic.

GERKIN, C.V. 1994. *Projective identification and the image of God: Reflections on object relations theory and the psychology of religion.* Louisville: Westminster.

GERKIN, C.V. 1997. *An introduction to pastoral care.* Nashville: Abingdon Press.

GIILBERT, N. 1993. *Researching social life.* London: Sage.

GLASER, B. 1997. Paedophilia: The public health problem of the decade. In: M. James: *Paedophilia: Policy and prevention.* Canberra: Australian Institute of Criminology. 4-14.

GOODRICH, M. 1976. Sodomy in medieval secular law. *Journal of Homosexuality*, 1:295-302.

GOVERNMENT GAZETTE. 2008. Republic of South Africa. Vol. 521 Cape Town 11. Nov. 2008. No 25 of 2008: Correctional Services Amendment Act. Retrieved online at www.socdev.gov.za on 20 August 2009.

GRAHAM, J. & GRAHAM, D. 2006. *Doelgerigte ouerskap.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

GREENBERG, D.M, BRANDFORD, J. M. & CURRY, S. 1993. A comparison of sexual victimization in the childhoods of pedophiles and hebephiles. *Journal of Forensic Science*, 38:432-436.

GRIMSHAW, R. 2008. Young people who sexually abuse. Source document. Retrieved online *at* http://www.yjb.gov.uk/Publications/Resources/Downloads/Final%20YPSA%20source.pdf on 9 February 2009.

GROBLER, L. 2005. *Hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde kind met behulp van spelterapie – 'n Pastorale studie*. Ongepubliseerde B.A.Hons.-skripsie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

GROTH, A.N., HOBSON, W.F. & GARY, T.S. 1982. The child molester: Clinical observations. In: Conte, J.R. & Shore D.A. *Social work and child sexual abuse*. New York: The Haworth Press. 129-144

HALL, L. & LLOYD, S. 1993. *Surviving child sexual abuse.* London: The Falmer Press.

HALL, R.C.W. & HALL, R.C.W. 2007. A profile of pedophilia: Definition, characteristics of offenders, recidivism, treatment outcomes, and forensic issues. *Mayo Clinic Proceedings*. 82(4):457-471.

HART, A.D. 1994. *The Hart report. The landmark study of men and sex in the 90's. The sexual man. Masculinity without guilt.* Nashville: Thomas Nelson.

HAZELWOOD, R.R. & BURGESS, A.W. 2008. *Practical aspects of rape investigation: A multidisciplinary approach.* Florida: CRC Press.

HEDGES-GOETTI, L. 2004. *Sexual abuse: Pastoral responses.* Nashville: Abingdon.

HEITINK, G. & VEENHOF, J. 1990. *Heil, heling, gezondheid.* Den Haag: Meinema, 's-Gravenhage.

HEITINK, G. 1977. *Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: Kok.

HEITINK, G. 1979. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

HEITINK, G. 1984. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: Kok.

HEITINK, G. 1990. Pastoraat en andere vormen van hulp. In: Heitink, G. & Veenhof, J. *Heil, heling, gezondheid.* Den Haag: Meinema,'s-Gravenhage. 117-130.

HEITINK, G. 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis-Teorie-Handelingsvelden.* Kampen: Uitgeverij Kok.

HESSELINK-LOUW, A.E. & SCHOEMAN, M. 2003. Treatment of incarcerated sex offenders in South Africa: An analytical perspective. *Acta Criminologica*. 16(1):158-173.

HEYMANN, T. 2003. *Die pad na heelheid. Ontdek jou innerlike krag.* Paarl: Paarl Print.

HEYMANS, A.M.S. 2008. *Die gebruik van meditasie en visualisering in pastorale terapie met tipiese probleme van die vroeë volwassene (student).* Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1982. *Teologiese etiek. Deel 1*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1986. *Teologiese etiek. Sosiale etiek. Deel 2.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. *A primer in practical theology.* Pretoria: Gnosis.

HILTNER, S. 1958. *Preface to pastoral theology*. Nashville: Abingdon.

HOFFMAN, L. 1995. A reflexive stance for family therapy. In: McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.). *Therapy as social construction*. London: Sage. 7-24.

HOLMES, R.M. & HOLMES, S.T. 2002. *Profiling violent crimes. An investigative tool.* United Kingdom: Sage.

HOWITT, D. 1995. *Paedophiles and sexual offences against children*. Great Britain: Wiley.

IVERSON, T.J. & SEGAL, M. 1990. *Child abuse and neglect.* New York: Garland Publishing.

IVEY, G. & SIMPSON, P. 1998. The psychological life of paedophiles: A phenomenological study. *South African Journal of Psychology*. 28(1):15-20.

JAMES, M. 1997. (ed.). Paedophilia: Policy and prevention. Canberra: *Australian Institute of Criminology*. 4-14.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1987. *'n Kritiese ondersoek na die moontlike gebruik van hipnose in die psigo-pastorale arbeid.* Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1996. Verbond en pastoraat. Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *NGTT*, Deel XXXVIII, 1, 152-165.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1998. Regterbrein-strategie vir pastorale terapie. *NGTT.* 37(1):65-78.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1999a. Etiek en pastoraat in hermeneutiese konteks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 39(2):158-167.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1999b. *The occult debate.* Cape Town: Lux Verbi.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology.* Pretoria: Van Schaik.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig word. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 17(2):39-90.

JOOSTE, T.I.M. 2005. *Gesinsgeweld: 'n Kriminologiese ondersoek*. Ongepubliseerde D.Litt et Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

JORDAAN, M. 2009. Misdaad groei geil in taai tyd. *Rapport*: 27 September:6.

JUSTICE TODAY. 2009. Die Den Haag-konvensie en Internasionale kinderontvoering. Vol.1/2009. Januarie/Februarie:1-32

KAPLAN, H.I. & SADOCK, B.J. 1998. *Synopsis of psychiatry. Behavioral sciences/clinical psychiatry*. Baltimore: Lippincott Williams & Wilkins.

KEMPE, C.H. & HELFER, R.E. 1980. *The battered child.* Chicago: The University of Chicago Press.

KOCH, S. 1959. *Psychology: A study of a science.* New York: McGraw-Hill.

KOHLER-BARNARD, D. 2009,. Misdaadsyfers skets nie die ware prentjie. *Rapport,* 27 September:21.

KÖNIG, A. 2006. *Die groot geloofswoordeboek.* Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

KOTZÉ, D.J. 1991. Van geslag tot geslag: Die geneagram en die ontwikkeling van 'n narratiewe pastoraat. *NGTT.* 32(4):644-651.

KOTZÉ, E. & KOTZÉ, D.J. 1997. Social construction as a postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica.* 17(2):27-50.

KRESTON, S. 2007. Referaat gelewer by kongres vir aanklaers. Aantekeninge vir aanbieding aan Departement van Justisie.

KRIEL, H.K. 1991. A *socio-pedagogical perspective on incestuous abuse of children.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

KRUGER, D. 1985. Psychoanalysis, existential phenomenology and qualitative research in psychology. In: *Focus on Quality*. Report 21. Institute of Social and Economic Research.

KVALE, S. 1992. From the archaeology of the psyche to the architecture of cultural landscapes, In: Kvale, S. (ed.). *Psychology and postmodernism*. London: Sage Publications. 1-19.

KVALE, S. 1992. (ed). *Psychology and postmodernism*. London: Sage Publications.

KVALE, S. 1996. *Interviews*. *An introduction to qualitative research interviewing*. California: Sage Publications.

LABUSCHAGNE, G. 2006. *Gebedsterapie & mentorskap .* Ongepubliseerde lesing.

LABUSCHAGNE, I. 1995. Kindermolestering en verkragting: Die howe se rol. *Consultus*. (1):20-26.

LACKAY, A. 2002. Seksuele misbruik van kinders styg skerp. *Beeld*, 13 Maart:4.

LANNING, K.V. 2001. *Child molesters: A behavioral analysis.* Retrieved online at http://www.safeharborresources.org/LanningBook.pdf on 11 May 2009.

LANNING, K.V. 2008. "Pedophiles": A behavioral perspective. In: Hazelwood, R.R. & Burgess, A.W. *Practical aspects of rape investigation: A multidisciplinary approach.* FL: CRC Press. 381-407.

LANYON, R.I. 1986. Theory and treatment in child molestations. *Journal of Consulting & Clinical Psychology*. 54(2):176-182.

LESTER, A.D. 1995. *Hope in pastoral care and counseling*. Louisville, Kentucky: John Knox.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling.* Pretoria: Kagiso.

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 2005. *Sielkunde – 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika.* Johannesburg: Heinemann.

LOUW, D.J. 1982. *Pastoraat en lyding*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

LOUW, D.J. 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

LOUW, D.J. 1989. Die ontwerp van 'n teologiese antropologie as basisteorie vir 'n effektiewe pastorale bediening. In: Smits, A.J. (red.). *Predikant en Praktyk: Teologiese en Sielkundige Perspektiewe.* Kaapstad: Academica.

LOUW, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Pretoria: RGN.

LOUW, D.J. 1995. The healing power of forgiveness. In: Buchanan, D. & Hendriks, J. (eds.). *Meeting the Future. Christian Leadership in South Africa.* Randburg: Knowledge Resources. 149-156.

LOUW, D.J. 1996. Praktiese teologie in sosiologiese perspektief – enkele kritiese vrae met die oog op teologiese teorievorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11:23-37.

LOUW, D.J. 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Kaapstad: Lux Verbi.BM.

LOUW, D.J. 1998a. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n*

*basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Kaapstad: Lux Verbi.

LOUW, D.J. 1998b. Die konsep praktiese teologiese spiritualiteit binne ʼn konteks van postmodernisme en globalisering. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 13(2):16-25.

LOUW, D.J. 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir ʼn basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Wellington: Lux Verbi.BM.

LOUW, D.J. 2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: From metaphysics (substantial thinking) to empirism (experiential thinking), from theism to theopschitism (hermeneutical thinking). *Practical Theology in South Africa.* 18(2):3-57.

LOUW, D.J. 2005. *Ratwerk van die menslike siel.* Stellenbosch: Sunpress.

LOUW, D.J. 2007. *Waarom lewe ek? Hulde aan die Hoop.* Kaapstad : Naledi.

LOUW, D.J. 2008. *Cura Vitae. Illness and the Healing of Life.* Wellington: Lux Verbi.BM.

LOUW, H. 1994. *Die voorkoming van seksuele molestering van kinders.* Onderwyshandleiding. 'n Produksie van Die Sentrum vir Onderwystegnologie. KOD.

MAARTENS, M. 2006. *Deur trauma*. Pretoria: Lapa.

MANDELA, N. 1996. Address by President Nelson Mandela on the occasion of the president's budget debate in the National Assembly, 20 June 1996. Retrieved online at http://www.search.gov.za. on 1 October 2009.

MARAIS, C. 1990. *Children of sorrow. Child sex abuse in South Africa*. Rivonia: Ashanti.

MARÉ, T. J. 2008. *ʼn Kritiese analise van die begrip "Administratiewe Geregtigheid" in die Grondwet, met besondere verwysing na die konkretisering daarvan in die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000*. Ongepubliseerde Doctor Legum.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

MAREE, J.G., KRUGER, D.C., DELPORT, R. 2003. Narratiewe terapie aan die seksueel mishandelde kliënt: Gevalstudie ter illustrasie van die herskryf van die verhaal van ʼn kliënt met ʼn "ander seksuele versteuring". *South African Journal of Education.* 23(4): 297-306.

MARSHALL, W.L. & ANDERSON, D. 1999. *Behavioral treatment of sexual offenders.* Bognor Regis: John Wiley and Sons.

MASON, J. 2002. *Qualitative researching*. London: Sage.

MAYKUT, P. & MOREHOUSE, R. 1994. *Beginning qualitative research. A philosophic and practical guide.* London: The Falmer Press.

McNAMEE, S. & GREGEN, K.J. 1995. *Therapy social construction*. London, Sage.

MÖLLER, F. 1999. *Woorde van lig en lewe: 'n Dogmatiese studie*. Westhoven: Evangelie Uitgewers.

MOORE, C. 1997. Die ekosistemiese benadering. In: Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. *Personologie: Van individu tot ekosisteem.* (2de uitgawe). Johannesburg: Heinemann. 583-616.

MORGAN, A. 2000. *What is narrative therapy?* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

MOSES, S., LE ROUX, F. 2009. Wat doen ons oor kinderverkragting? *Die Burger,* 26 Junie:4.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. Pretoria: J.C. Insto-Print.

MOUTON, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik.

MRAZEK, P.B. & KEMPE, C.H. 1981. *Sexually abused children and their families*. Oxford: Permagon Press.

MÜLLER, B.A. 1996. *Skrifgebruik in die pastoraat*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

MÜLLER, J.C & BEYERS, J. 2007. Pastorale sorg aan homoseksuele persoon en/of mense na aan hulle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 22(2):122-138.

MÜLLER, J.C. 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN.

MÜLLER, J.C. 2000. *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering.* Wellington: Lux Verbi.BM.

MULLER, P. 2001. *Visualisering. Wat jy bedink, kan jy beklink.* Hatfield: Protea Boekhuis.

MURRAY, A. 1981. *With Christ in the school of prayer.* New Kensington: Whitaker House.

MURRAY, J.B. 2000. Psychological profile of paedophiles and child molesters. *SA Tydskrif vir Bedryfsielkunde*. 134(2):211-244.

NAUDÉ, J. 2005. *Reconstructing paedophilia: an analysis of current discourses and the construct of close relationships.* Ongepubliseerde Meestersgraadverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

NEUSTATTER, A. 2007. How paedophiles can be stopped. Retrieved online at http://www.newstatesman.com/education/2007/08/young-abusers-sexual-children on 10 October 2008.

NICOL, W. 1989. *Stem in die stilte*. Pretoria: Orion.

NICOL, W. 1996. *Rykdom in eenvoud: Op pad na 'n alternatiewe leefstyl*. Kaapstad: Lux Verbi.

NICOL, W. 2002. *Gebed van die hart. Word stil en beleef God.* Wellington: Lux Verbi.BM.

O'HAGAN, K. 1993. *Emotional and psychological abuse of children*. Bucking: Open University Press.

O'HANLON, B. 1994. The third wave. *Family Therapy Network*. London: Duckworth 18:19-29.

OAKLANDER, V. 1997. The therapeutic process with children. *Gestalt review* 1(4). New Jersey: The Analytic Press.

OAKLANDER, V. 1988. *Windows to our children*. Gouldsboro, Maine: The Gestalt Journal Press.

OATES, W.E. 1974. *Pastoral counseling*. Philadelphia: Westminster Press.

OLIVIER, L., ROOS, L. & BERGH, L. 1998. Violence and the individual. In: Borman E., Van Eden, R. & Wentzel, M. (eds.). *Violence in South Africa. A variety of perspectives*. Pretoria: HSRS Publishers. 253-286.

PALMER, R.E. 1969. *Hermeneutics*. Evanston: North-western University Press.

PIENAAR, A. 2008. Wat gaan in pedofiele se koppe aan? *Volksblad*, 25 Junie:11.

PIETERSE, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.

PISTORIUS, M. 2005. *Profiling serial killers and other crimes in South Africa.* Johannesburg: Penguin Books.

PLUG, C., LOUW, D.A.P., GOUWS, L.A., & MEYER, W.F. 2007. *Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.

POTGIETER, L.M. 1997. *Psychological case studies of child molesters.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

POWELL, A. 2007. *Paedophiles, child abuse and the internet: A practical guide to identification, action and prevention.* Oxon: Radcliffe Publishing.

PRYOR, D.W. 1996. *Unspeakable acts. Why men sexually abuse children*. New York: University Press.

REBEL, J.J. 1981. *Pastoraat in pneumatologisch perspektief: Een theologische*

*verantwoording vanuit het denken van A. A. van Ruler*. Kampen: Kok.

RODEMEYER, A. 2008. Tugverhoor vind geen bewyse van lol met kinders. *Beeld,* 2 Junie:6.

ROGERS, C. 1959. A theory of therapy, personality, and interpersonal relationships as developed in the client-centered framework. In: Koch, S. (ed.). *Psychology: A study of a science.* New York: McGraw-Hill. 184-256.

ROOS, N. 2005. *Praat daaroor*. Pretoria: Lapa.

ROUSSOUW, P.J. 1983. *Grondlyne van 'n pastorale model.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

RYAN, G. 1989. Victim to victimizer. Rethinking victim treatment. *Journal of Interpersonal Violence.* 4(93):325-341.

SADOCK, B.J., KAPLAN, H.I. & FRIEDMAN, A.M. (eds.). 1996. *The sexual experience*. Baltimore: Williams & Wilkins.

SALTER, A.C. 1995. *Transforming trauma. A guide to understanding and treating adult survivors of child sexual abuse.* United States: Sage Publications.

SAPD. Retrieved online *at* http://www.saps.gov.za/crime_prevention/women/domestic_violence.htm on 12 September 2008.

SAUNDERS, E., AWAD, G.A. & WHITE. G. 1986. Male adolescent sexual offenders: The offender and the offence. *Canadian Journal of Psychiatry*, 31(6):542-549.

SCHULTZ, P.D. 2005. *Not monsters: Analysing the stories of child molesters.* Lanham, MD: Rownam & Littlefield Publishers,Inc.

SCHURINK, E. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. & Schurink, W. *Research at grass roots*. *For the social sciences and human service professions.* (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik. 239-291.

SEAMANDS, D.A. 1995. *Healing of memories*. Colorado: Chariot Victor Publishing.

SEAMANDS, D.A. 2002. *Healing for damaged emotions*. USA: Victor® Cook Communications Ministries.

SEAMANDS, D.A. 2004. *Genesing van emosionele pyn. Nuwe hoop vir mense wat seergekry het*. Rosalie van Aswegen Vereeniging: CUM.

SEAMANDS, S. 2003. *Wounds that heal. Bringing our hurts to the cross.* Downers Grove IL: InterVarsity Press.

SEIDMAN, B.T., MARSHALL, W.L., HUDSON, S.M. & ROBERTSON, P.J. 1994. An examination of intimacy and loneliness in sex offenders. *Journal of Interpersonal Violence*, 9:518-534.

SEIDMAN, I. 1998. *Interviewing as qualitative research: A guide for researchers in education and the social sciences.* New York: Teachers' College Press.

SERRAO, A. 2004. 17 August. Sexual abusers getting younger.*The Star*:1.

SILVERMAN, D. 1985. *Qualitative methodology and sociology.* Aldershot: Gower Publishing Company.

SILVERMAN, D. 1986. *Qualitative methodology and sociology.* Aldershot: Gower Publishing Company.

SILVERMAN, D. 2000. *Doing qualitative research.* London: Sage.

SILVERMAN, D. 2001. *Interpreting qualitative data*. London: Sage.

SMITH, W. & DREYER, Y. 2003. 'n Perspektief op hoop as pastorale bemagtiging in die rouproses. *Hervormde Teologiese Studie.* 59 (1):159-168.

SNYMAN-VAN DEVENTER, E., DU PLESSIS, J.V. & DE BRUIN, J.H. 2004. Seksuele teistering in die werkplek: 'n Suid-Afrikaanse perspektief. *Tydskrif vir Regswetenskap.* 29(1):28-61.

SOUTH AFRICAN HUMAN RIGHTS COMMISSION. 2002. Report on sexual offences against children. Does the criminal justice system protect children?. April, Cape Town. http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=70232. Retrieved online on 14 June 2009.

SPIES, G.M. 1991. Die problematiek verbonde aan die maatskaplike hantering van die gemolesteerde kind. *Koers*. 56(1):93-103.

SQUIRES, L., NAUDÉ, R. 2002. *Pedostop – A program to address the management and integration of coercive, non-violent sexual offenders.* Ongepubliseer*.*

STANDFORD, P. 1988. *Healing victims of sexual abuse*. Oklahoma: Victory House.

STASSEN, S.L. 2004. *Die benutting van die Rutverhaal in die pastoraal-terapeutiese begeleiding van onderdrukte en getraumatiseerde vroue.* Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

STEYTLER, J. & STRYDOM, H. 2007. Die leemte wat deur die afwesige vader veroorsaak word by die seun in sy laatmiddelkinderjare. *SA Educational Journal*. 4(1):29-3.

SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS. *Docket analysis on crimes against children*. Retrieved online at http://www.sap.org/8_crimeinfo/1200/docket.htm on 8 May 2009.

SUSSMAN, N. 1976. Sex and sexuality in history. In: Sadock, B.J., Kaplan, H.I. & Friedman, A.M. (eds.). *The sexual experience*. Baltimore: Williams & Wilkins.

SWEENEY, D.S. 2008. Sexual Abuse: Victims & offenders. *News from the ACC in SA,* 3,8-9.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, R. 1984*. Introduction to qualitative research methods. The search for meanings.* New York: Wiley.

TERBLANCHE, S. & NAUDÉ, B. 1997. Oorbevolking van gevangenisse. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*. 60(1):58-70.

THE PEDO-FILE. Retrieved online at http://www.thepedofile.co.za/pg037.html on 30 June 2009.

THURNEYSEN, E. 1962. *A theology of pastoral care.* Virginia: John Knox.

THURNEYSEN, E. 1963. *A theology of pastoral care.* Richmond: John Knox.

TOMM, K. 1987. Interventive interviewing: Part II. Reflexive questioning as a means to enable self-healing. *Family Process,* 26:167-183.

TOWER, C.C. 1996. *Understanding child abuse and neglect.* Boston: Allyn and Bacon.

TREMBACH, R. 1977. London's sodomites: homosexual behavior and Western culture in the eighteenth century. *Journal of Social History*, 11:17-22.

VACHSS, A. 1989. How we can fight child abuse. *Parade Magazine*. Retrieved online at http://www.vachss.com. on 29 January 2008.

VACHSS, A. 2004. Empathy training for pedophiles: Does it work? *Parade Magazine*. Retrieved online at http://www.vachss.com on 31 January 2008.

VAN AARDE, A.G. 1991. 'n Nuwe-Testamentiese perspektief op die kind. *Hervormde Teologiese Studie.* 47(3):685-715.

VAN DAM, C. 2001. *Identifying child molesters. Preventing child sexual abuse by recognizing the patterns of the offenders.* NY: The Haworth Maltreatment and Trauma Press®.

VAN DEN BERG, J-A. 2007. Beliggaamde siel: Voorgestelde perspektiewe vir 'n pastorale antropologie. *NGTT* 48(3):649-658.

VAN DER BERG, R-J. 2008. Al meer kinders het eerste seks-ervaring op Internet, selfone. *Rapport*, 18 Mei:2.

VAN DER MERWE, C.L. 2004. *'n Ondersoek na die pastoraal-terapeutiese interaksie tussen*

*vergifnis, selfvergifnis en spiritualiteit*. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

VAN DER MERWE, D. 2006. *Vir die pedofiel of verkragter*. In: Maartens, M. *Deur trauma*. Lapa. 106-134.

VAN DER VEN, J.A. 1994. Empirical methodology in Practical Theology: Why and how? *Practical Theology in South Africa.* 9(1):29-44.

VAN DER WATT, D. 1993. *Constructions on constructivism*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

VAN DER WESTHUIZEN, B.M. 2005. *Die uitwerking van oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse op die rehabilitasie van oortreders.* Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

VAN DER WESTHUIZEN, C. 2004. Regstelsel teen ons kinders. *Beeld*, 13 Maart:4.

VAN JAARSVELD, F.J. 2001. *Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstrukteoretiese benadering*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

VAN Z VAN DER MERWE, D. 1991. Korrektiewe toesig: ’n Soepel vonnisopsie. *Consultus*. 4(2):90-93.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1993. *Die Bybel in praktyk* (Nuwe vertaling). Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

WALVOORD, J.F. & ZUCK, R.B. 1985. The *Bible knowledge commentary: An exposition of the Scriptures.* Wheaton, IL: Victor Books.

WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* London: W.W. Norton & Company.

WHITE, M. 1995. *Re-authoring lives: interviews and essays.* Adelaide: Dulwich Centre.

WHITE, M. 2000. *Reflections on narrative practice: essays and interviews.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

WHITE, M. 2001. *Narrative therapy.* Dulwich Centre. Retrieved online at http:www.massey.ac.na. on 17 May 2009.

WHITE, P. 1996. *Civic virtues and public schooling. Educating citizens for a democratic society.* London: Teachers’ College, Columbia University.

WILDMON-WHITE, M.L. & YOUNG, J.S. 2002. Family-of-origin characteristics among women married to sexually addicted men. *Sexual Addiction & Compulsivity*, 9:263-273.

WIKIPEDIA 2008. Rock spider. Retrieved online on 10 June 2009 from the Wold Wide Web: http://en.wiktionary.org/wiki/rock_spider.

WOLFAARDT, L. 2003. *Mans wat kinders molesteer: ’n Hipno-ontleding.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.


WOLFAARDT, L. 2006. Vir die pedofiel of verkragter. In: Maartens, M. *Deur trauma*. Pretoria: Lapa. 106-134.

WOLFF, E. 2007. Mediologie en hermeneutiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 47(1):81-94.


YANCEY, P. 2004. *Gerugte van ’n ander wêreld. Wat op aarde kyk ons mis?* Vertaal deur Louise Venter Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

YEKISO, J. 2008. Simposium gehou op 14 Maart 2008 by Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Vrystaat. Retrieved ONLINE *at* http://www.uovs.as/faculties/nedws.php?FCode=03&DCode on 2 July 2009.

# ADDENDUM 1 MELT SE GENOGRAM



# ADDENDUM 2 DIE SIMBOLE EN INTERAKSIE PATRONE VAN GENOGRAM



# ADDENDUM 3 MELT SE BIOGRAFIE

My ma is ŉ wonderlike vrou. Sy is innig jammer oor wat met my gebeur het. Sy het altyd gesê ek is haar staatmaker. Sy het nooit drank misbruik nie. Sy was ŉ paar keer in ŉ senuwee-inrigting. As ons vir haar gaan kuier het, het sy ons nie herken nie. My pa het gesê dit is van die breinskokke wat hulle haar gegee het. Sy was vir lang tye in inrigtings en wanneer sy ontslaan is, het dit vir eers beter gegaan. My ouers het baie baklei. Ek kon dit baie keer nie meer hanteer het nie en het gewens een van hulle kom iets oor sodat die baklei net kon ophou.

Ek was baie klein toe my pa eendag dronk by die huis aankom en al die pille wat hy in my ma se bedkassie kon kry, opgeëet het. Hy het soos ŉ klein seuntjie tekere gegaan. My ma het gesê hy is besig om mal te word. Ek weet nie of hy probeer selfmoord pleeg het nie. Hy was vir twee dae in die hospitaal. Toe hy by die huis kom, het dit vir ŉ rukkie weer goed gegaan.

Naas, my broer, was ŉ slim mannetjie. My pa het hom altyd so genoem. Hy het alles baie vinnig gesnap. Ek is die een wat baie hard moes werk. My pa het my broer universiteit toe gestuur en het aangedring daarop dat ek die skool moet verlaat om te gaan werk. Ek was in standerd sewe. Nico was ses maande op universiteit toe raak sy meisie swanger. Ek was baie kwaad, want dit was ter wille van hom dat ek skool moes verlaat en hy het toe nie ŉ sukses van sy loopbaan gemaak nie.

Toe ek ongeveer vier jaar oud was, het ek my eerste seksuele ondervinding gehad. Ons het wegkruipertjie gespeel. Ek en ŉ dogtertjie het in ŉ sloot weggekruip. Ons het mekaar betas. Ek wou graag met haar gemeenskap gehad het, maar niks wou werk nie.

Ek kan onthou toe ek het sowat drie of vier jaar oud was, het ek het "houmer" duiwe gehad in ’n hokkie, en ek en ’n dogtertjiemaatjie het die duiwe dopgehou tot hulle seks gehad het. Dit het ons lang tye gebind voor die hok, die duiwe was baie mak. Later het ek ook die honde dopgehou as hulle 'dit' gedoen het. Ons honde was op ’n stadium op hitte en ek kan nie onthou waar ek dit geleer het nie, maar as ek die hond streel, het sy penis styf en lank geword. Dan het ek met my twee vingers sy penis gevat en so twee keer geruk soos ’n man wat masturbeer. Dan het sy agter lyf outomaties beweeg asof hy ’n teef penetreer. Dit was vir my baie mooi en ek het dit baie gedoen, en my verkyk aan honde en voëls wat *dit* doen. Ek onthou ook een aand in ons huis toe my pa se vriende kom kuier het, het ons kinders in die kamer "gespeel" en ek en die meisie het in die kas geklim en mekaar gesoen. Sy het toe vir my gesê sy het haar liggaam skoon gewas, en ek kan haar maar op haar vagina soen. Ons het dit gedoen en baie kere daarna.

Ek was altyd ŉ saggeaarde, mededeelsame kind wat vir ander omgegee het. Ek was baie klein toe my ouers na ŉ pornografiese film gekyk het. Hulle het gedink ek kyk nie, of miskien het hulle gedink ek verstaan nog nie mooi nie. Maar ek het daarna gekyk en ek het altyd gewonder wat dit is en hoe dit voel. Ek het ook altyd geweet dis iets wat my ma en pa doen. Ek het gewonder hoekom doen hulle dít, want hulle was nie lief vir mekaar nie. Hulle het dan elke dag baklei, vreeslik baklei.

In dieselfde tyd het daar 'n vriendin van my ma in die huis langs ons gebly. Ek was lief vir die tannie. Een oggend het ek na haar toe gegaan. Sy het toe pas uit die hospitaal gekom na 'n operasie. Sy het vir my koeldrank gegee en ons het in die kombuis gesit en gesels. Ons het oor haar operasie gepraat. Sy het vir my gesê sy het nog baie seer. Ek het gevra om vir my haar sny te wys. Sy het gesê sy het nog steke in. Sy het 'n japon aangehad en het vir my gewys. Die operasie was diep in haar lies gedoen. Sy was in haar lies geopereer. Dit was 'n lang sny. Wat my meer gefassineer het, was haar privaat dele. Dis wat ek eintlik wou sien. Haar hare was afgeskeer. Ek het haar gevra waar die hare is. Sy het vir my verduidelik dit is afgeskeer vir die operasie. Sy het my op 'n paar vrae beantwoord, oor waarom grootmense hare onder het en kinders nie. Sy het met mooi my gepraat en my in my kindsheid probeer vertel van die feite van die lewe wat ek al goed geken het. Hierdie voorval onthou ek asof dit gister gebeur het. Ek weet nie hoekom nie, maar ek bewaar dit en dink baie daaraan.

Ek het maats gehad in Glenharvie waar ons gebly het. Hulle was ouer as ek. So standerd drie of vier rond. Ek het aan hulle bende behoort. Hulle het baie pornografie gehad en het elke dag daarna gekyk en dit bespreek. Daar was ook foto's van volwasse mense wat seks gehad het. Die foto's het nie hulle gesigte gewys nie, net hulle privaat dele. Daar was een foto wat my baie geïnteresseer het. Dit was van ŉ penis wat in ŉ grondboontjiebotterbottel was. Ons het die foto's vir meisies gewys wat by ons bende wou aansluit. Daar was baie meisies wat ons bende gerespekteer het en wou aansluit. Ons het egter nie enige meisie toegelaat en aanvaar in ons bende nie. Voordat sy kon aansluit, moes sy eers vir ons haar privaat dele gewys het. Ek en my maats het ook in winkelsentrums op die grond gelê en onder vrouens se rokke in gekyk. Seks het my gefassineer van baie klein af. Ek het dit ook beoefen. Seks was vir my waaroor die lewe gegaan het. Ek het ook met baie meisies se privaat dele gespeel. Ek het baie in boeke gekyk en gelees oor seks.

In my tweede jaar in standerd twee was daar die oulike blondekopmeisie wat so skuins voor my in die klas gesit het. Om die een of ander rede het ek altyd agter in die klas gesit en nooit goeie maats gehad nie. Ek was egter gewild in ons skool, maar natuurlik by die verkeerde groep. ŉ Meisie in die klas het eendag haar broekie in die klas geruil. Ek het haar dopgehou. Sy het stilletjies in die klas haar broekie uitgetrek en in haar tas gesit, en 'n ander een aangetrek. Ek onthou dit baie goed omdat dit seker die eerste meisie was wat toegelaat het dat ek my vinger in haar vagina kon indruk. Ek het na pouse eerste in die klas gekom, en het

haar broekie uit haar tas gevat. Daardie dae was al die periodes in een klas, ons het nie klasse gewissel nie. Met die broekie in my besit het ek haar afgepers. Ek het haar gedreig deur te sê ek gaan die broekie vir haar ma gee as sy nie doen wat ek sê nie. In ruil vir haar broekie moes sy eers ’n paar gunsies vir my en ons bende doen. Ek het meisies toe al omgekoop vir gunsies. Ek was “seksbehep" en het dit daagliks beoefen.

In standerd vier het daar ’n baie mooi tannie langs ons ingetrek. My pa en ma het gou vriende met haar geraak. Een middag voor haar man huis toe gekom het, het ek vir haar gaan kuier. Ek het vir haar gesê ek wil baie graag met haar gesels, maar sy mag vir niemand daarvan sê nie. Ek het gemaak of ek baie dom was en haar uitgevra oor meisies en seuns. Ek wou weet hoe lyk ’n kaal meisie. Sy het al my vrae probeer antwoord. Sy het gesê dis normaal vir my ouderdom om nou vrae te vra. Ek het agtergekom sy het vir my storie geval en haar uitgebuit. Ek het haar gevra ek wil na haar privaat dele kyk. Sy het gesê sy het opvoedkundige boeke daaroor, sy sal my liewer daarin wys. Ek moet die volgende dag terugkom. Sy het belowe om vir niemand, nie eers vir haar man, daarvan te vertel nie. Die volgende dag was ek in die tuin besig toe sy my roep en vra ek moet haar gou kom help met iets. In haar kamer het ’n paar boeke oopgelê. Sy het vir my foto’s gewys van ’n vrou in haar verskillende fases van grootword. Sy het my mooi die hele seksstorie vertel. Ek vra toe vir haar of ek na haar kan kyk hoe lyk ’n groot kaal vrou. Sy wou my egter nie toelaat nie, en ek is daar weg met groot nuwe drome en kennis. Hierdie tannie het altyd vroeg in die oggend gebad. Ek het ook vroeg opgestaan om haar af te loer.

In standerd vyf het ek hierdie spesifieke meisie goed leer ken. Ons was dieselfde ouderdom. Sy het elke middag by die hek met my kom gesels. Ek het gesien haar borsies is besig om te begin ontwikkel. Ek het voelers uitgesteek. Ek sal byvoorbeeld bessies voor in haar rok gooi tussen haar borste in. Sy het dit geniet en gelag en vir my gesê ek is stout. So het ons verhouding ontwikkel en sy het my toegelaat om haar te betas. Ons het elke dag die speletjie gespeel. Ek wou haar egter nie penetreer nie want ek het geweet sy kan swanger raak. Ek het toe al lankal orgasme bereik. Ons het mekaar terdeë geniet.

In standerd sewe het daar ’n meisie by ons kom bly. My ma en pa het haar opgepas, sy was so agt jaar oud. Sy was baie rof en ongemanierd. Die tweede dag wat sy by ons gebly het, het sy my genader en vir my gevra ek moet haar privaat dele met room smeer omdat dit seer was. Sy het gevra ek moet kyk of ek nie iets snaaks daar sien nie (bv. ’n doring). Sy het my eers laat belowe om niemand te vertel nie en ek was ook baie gewillig en baie bly. Ons was in my buitekamer. Ek het haar op my bed laat lê en haar ondersoek. Ek het orals gevoel en gevat en sy het dit geniet. Ek het Vaseline gevat en haar daarmee gesmeer. Sy was baie rooi en ek het gedink dis iets soos ’n bietjie branderigheid of infeksie. Ons het agtergekom dat die Vaseline eintlik goed is, dit maak die vryf en speel baie makliker en lekkerder. Ek het my ook daarmee gesmeer en sy het my gemasturbeer. Dit was wonderlik. Ons het dit

gereeld gedoen. Ek het haar gewys hoe ek die honde en voëls dopgehou het. Ons het dit toe saam gedoen.

Eenkeer het ek by ’n partytjie van my-pa se werk met iets te doen gekry. My pa was baie dronk en my ma was baie kwaad soos baie kere tevore in my kinderlewe. My pa is ’n goeie man, daar was altyd kos in die huis en hy was baie pligsgetrou met sy werk, maar hy het ’n drankprobleem gehad. Die een tannie, ’n vriendin van my ma, was die betrokke aand ook dronk. Ek moes die vrouetoilet gebruik. Toe sy my sien, het sy gesê sy wil met my praat. Sy het volgens my pa-hulle ’n slegte geaardheid gehad. Sy het haar man verneuk. Sy het haar klere uitgetrek en die toilet gebruik. Sy het gevra ek moet aan haar privaat dele vat. Dit was haar dogtertjie wat by ons gebly het. Ek was bang, maar het geweet sy soek my en sal nie vertel nie. Ek het dit al ’n paar keer in pornografiese boeke gesien. Dit het my goed laat voel. Ek weet nie hoekom nie, maar dit was vir my baie lekker, veral toe sy my betas en masturbeer. Ek het met hierdie tannie orale seks gehad. Sy het my gemasturbeer en gesuig. Ek onthou dit nog baie goed, asof dit gister gebeur het. Ons het besluit dat dit lekker is en ons gaan dit aanhou doen en gaan niemand daarvan vertel nie. Dit het ongeveer drie jaar aangehou. Ek was gelukkig. Ek het soos ’n man gevoel en geweet ek is nou al groot genoeg om sulke dinge te doen. Ek het ook die begeertes van ’n groot man gehad. Wat verbasend was, was dat dit ook vir die tannie lekker was. Ons het gereeld "gespeel." Ek het gereeld na die tannie toe gegaan en dan het dit gebeur. Toe verhuis ons na ’n ander dorp.

In die nuwe dorp was dit nie baie moeilik om weer meisies te kry nie. Tussen al my pa se dronk vriende het ons baie seks beoefen. Ek was toe nog nie gereed om ’n meisie te penetreer nie, dus het ons met mekaar "gespeel." Ek het swak gevaar op skool en amper standerd ses gedruip, en is in ’n spesiale klas gesit (laegraad). In standerd sewe was die meisies baie wild en ons het baie met seks "gespeel" en geëksperimenteer. Ek is die einde van standerd sewe uit die skool uit. En die volgende jaar het ek niks gedoen nie, maar het tussen die meisies gebly en "gespeel."

Op ’n stadium het ek en my pa by dieselfde myn gewerk. Mense het vir my vertel dat my pa met meisies en vrouens lol. Dit het my baie ontstel.

Die volgende jaar is ek weermag toe vir twee jaar. Op hierdie stadium was seks vir my baie belangrik. As ek nie seks kon hê of masturbeer nie, was ek ongelukkig, teruggetrokke en kwaad. As ek met seks iets te doen het, was ek weer mens en het kans gesien vir die lewe.

Ek het ook belangrik gevoel en in tel as die meisies my "hulp" nodig gehad het. Ek weet nie hoekom nie. Seks was net altyd vir my beskikbaar. Seks het my beste maatjie geword.

Vandat ek kan onthou, was ek blootgestel aan pornografie. Ek was seksueel baie ryp en het elke dag gemasturbeer en gefantaseer. Ek was ’n regte dromer. My pa se motorhuis was

uitgeplak met naak vrouens, foto's wat hy in pornografiese tydskrifte gekry het. Ek was baie hardwerkend van kleins af en my familie het 'n suksesvolle lewe vir my voorspel. Ek weet wel dat ek van kleins af "blou films" gekyk het. Die bende waaraan ek behoort het, het dit by hulle huise gesteel en gebring. Ek het ook baie pornografie in my eie huis en in tydskrifte gesien.

In my tweede jaar in die weermag het ek 'n meisie gemolesteer. Sy was agt en ek was 19 jaar oud. Ek was vir 'n naweek by die huis. Sy het presies geweet wat sy doen en ek kon sien sy ken seksuele speletjies. Sy het my gevra om haar nie te penetreer nie, sy sou verder alles doen. Ek het goed gevoel om te weet ek gee iets aan iemand wat dit waardeer. Ons het dit baie geniet. Sy het my gemasturbeer en ek het orale seks met haar gehad. Toe STOP dit. Ek het elke dag daarvan gedroom en gemasturbeer, maar nie weer aan 'n meisie geraak nie.

Die eerste keer toe ek Maria aan my ouers gaan voorstel, moes ek my pa die hele naweek help om 'n sementpaadjie by ons ingang te gooi. Hy het gesê ek moet drie kruiwa klip met drie grond meng. Ek wou gou klaarkry en het die verhouding verkeerd gemeng. Toe hy dit agterkom, het hy my met 'n bobbejaan-spanner gegooi. Maria het in die deur gestaan en alles gesien. Ek het so verneder gevoel. Ek onthou dit nog soos vandag. My ma en pa is later geskei.

Vandat ek Maria ontmoet het, het dit baie goed gegaan met my. Ek het besef wat ek doen, is verkeerd en het God belowe om reg te kom. Nadat ek en Maria getroud is, het ek heeltemal kontak met my familie verbreek. Ons het twee seuns, Anton (16) en Roelf (15). Nadat ek uit die weermag uit gekom het, is ek goudmyne toe. Ek leer vir 'n jaar vir my ondergrondse skietsertifikaat (myner). Die volgende jaar is ek Yskor toe, ek was gelukkig en hardwerkend. Ek was baie, baie lief vir my vrou Maria, ek het die grond waarop sy loop, aanbid. Sy was my alles. Ons het by die Ou Apostoliese Kerk betrokke geraak, en ek het voltyds al my aandag aan Maria, haar familie en die kerk bestee. Ek was onder andere deurwag, sekretaris en Sondagskoolonderwyser in die kerk. Ek dink ek het te veel kerkdinge gedoen. Ek het 10 jaar by Yskor gewerk. Ek en Maria was baie gelukkig, of so het ek gedink. Ek was ook gelukkig in my werk en die lewe het goed gevoel. Maar ek dink ek het te veel van die lewe verwag. Ek het nog baie oor seks en meisies gefantaseer, maar het aan Maria getrou gebly. Toe ek ses-en-twintig jaar oud was, het ek Maria verneuk met ander vrouens.

Een aand het ek op my bed gelê en dit het net vir my gevoel of ek in 'n hok vasgekeer is. Vasgevang in 'n tronksel, het ek die grootste begeerte gekry om weer 'n klein meisie te soen. Al my fantasieë en alles wat ek gedoen het, het deur my gedagtes gegaan. Ek het besef ek is vasgevang en moet loskom. Ek wou net weer vry wees. Ek was moeg vir Maria en haar familie, die kerk waar ek moes ja en amen. Ek was moeg vir kerk, kerk en nogmaals

kerk. Ek wou die Here dien hoe en wanneer ék wou. Ek moes vir almal en alles net ja en amen sê om in Maria en haar familie se goeie boekies te bly.

Ek moes losbreek, met al die geweld in die wêreld. Ek wou vry wees. Ek wou weer in beheer wees, ek was soos ’n besetene. Ek het begin beplan om ’n meisie tussen sewe en agt jaar te molesteer. Ek onthou nog die volgende aand. ’n Vrydagaand. Maria was by die kerk se kooroefening. Ek het baie verskonings gehad om nie saam te gaan nie. Ek het sommer enige nommers op die telefoon geskakel. As ’n meisie antwoord, het ek seksuele voorstelle gemaak. As sy skrik of skree, het ek goed gevoel. Dit het my groot bevrediging gegee, natuurlik het ek nooit my naam genoem nie. Ek het in die volgende dae net een ding in my kop gehad, en dit was om te masturbeer terwyl ek met iemand oor die telefoon gepraat het.

Stella, ek wil jou iets vertel wat my baie ongemaklik laat voel. Ek het ook ’n spesifieke nommer geskakel, dan praat ’n vrou met jou oor seks en laat jou toe om te masturbeer terwyl sy jou opwek met haar mooi woorde. Partykeer het ek gebel en dan kon ek nie uiting aan my gevoelens gee nie. Ek het soos ’n besetene geword en alle menslikheid oorboord gegooi en het die vrou gesmeek om meer en vinniger te praat. Dit het my hele lewe oorgeneem.

Ek het by ’n myn in ’n Noord-Kaapse dorpie gewerk. Ek het begin deurmekaar raak met prostitute. Die een vrou met wie ek Maria verkul het, het dit vir haar gaan vertel. Sy het my gelos. Ek was baie lief vir haar en het gesoebat en gesmeek, maar sy wou niks weet nie. Ek het my twee seuns ongeveer twaalf jaar gelede laas gesien.

Ek het Linda deur ’n tydskrif se hoekie vir eensames ontmoet. Ons is skielik en impulsief getroud. Ek het haar voor die tyd vertel van my probleem, maar sy was nietemin lief vir my. Sy het twee dogtertjies, drie en vier jaar oud, uit ’n vorige huwelik gehad. Dit was vir my ’n bonus, want ek kon hulle gereeld kaal sien. Ek het daarvan gehou om hulle dop te hou, veral wanneer hul kaal was of gebad het. Ek het baie fantasieë oor hulle gehad. Ek het hulle nie gemolesteer nie, alhoewel die begeerte groot was. Ek het alles gedoen om my aandag van die meisietjies af te lei. Ek het ’n afstand probeer hou deur kwaai met hulle te wees.

Ons het op hierdie stadium in Pretoria gewoon. Ek en Linda het in ’n losieshuis gewoon waar daar baie ander mense gebly het. Ek het hier by die losieshuis vir Monika ontmoet. Sy was dertien jaar oud. Dit het vir ’n ruk goed gegaan tot alles weer skielik te veel geword het. Ek is toe in Weskoppies-hospitaal opgeneem vir ongeveer sewe maande. Monika het van my probleem geweet omdat Linda dit vir Monika se ma vertel het en sy het alles gehoor. Daarna het sy my genader met haar seksuele behoeftes en ek was maar te gewillig. Ons het met mekaar "gespeel "en mekaar bevredig. Ek het haar nie gepenetreer nie, maar verder het ons alles gedoen.

Ons het verhuis na Uitenhage in Port Elizabeth. Ek het probeer om by die hospitaal (Elizabeth Duncan) opgeneem te word, maar hulle wou my nie toelaat nie. Alhoewel ek op medikasie was, het ek gesukkel. Ek kon myself nie meer beheer nie en dit het slegter gegaan. Een middag het ek Linda se twee dogtertjies saam met ’n vriendinnetjie, Nonkos, in die stort dopgehou. Die twee dogtertjies is kamer toe na hulle ma om hulle hare te kam. Ek het bly staan en vir Nonkos gekyk wat haar toe afgedroog het. Skielik het ek besluit om aan haar te vat. Ons het mekaar betas en bevoel en sy het vir my gesê haar broer doen dit ook met haar, en ek moet vir haar iets koop soos lekkers of koeldrank, dan sal sy stilbly. Dit is hier waar ek probeer het om vir Lizelle en Nikkie (Linda se dogtertjies) te molesteer. Ek het aan hulle liggame gevat en gevoel. Hulle het gesê hulle gaan hulle ma vertel en het dit ook gedoen. Linda het my toe ook gelos. Ek het in PE by prostitute gekuier om my begeertes te bevredig maar dit het nie gewerk nie, ek het na klein meisietjies gesmag. Die prostitute het ook vir my te duur geword. Ek het besef ek het nie beheer oor my gedagtes en behoeftes nie. Ek het geweet ek is in die moeilikheid en het vir Madeleen Steenkamp gekontak en is toe in die hospitaal in die Vrystaatse Psigiatriese Hospitaalkompleks opgeneem.

Ek is nou ses jaar hier. Dinge is erg. Ek kry die begeertes en fantasieë om meisies te molesteer. My liggaam is dood vir seks, maar my kop het nog altyd die begeertes en fantasieë. Ek het geen begeerte na ’n vrou van my ouderdom nie. Dit is net kinders. Toe ek en my twee vrouens seks gehad het, het ek aan die kindertjies gedink en oor hulle gefantaseer.

Ek het twee keer al probeer selfmoord pleeg. Ek het myself probeer skiet en ’n ander keer het ek ’n oordosis pille gedrink. Ek wou nie meer lewe nie. Die lewe is nie die moeite werd nie. Ek is veilig hier in die hospitaal en ek sal hier bly tot ek heeltemal gesond is. Ek kry nog gedagtes en begeertes, maar dis baie minder. Ek kry nog my af dae wanneer ek wil moed opgee, maar die hospitaalpersoneel is baie geduldig met my. Ek weet ek sal nooit volkome genees van my gedagtes en begeertes nie. Dit is soos ’n alkoholis wat nooit in ’n kroeg mag kom of ’n eerste slukkie mag vat nie, dan begin hy van voor af drink.

Ek het al baie geleer, Stella. Ek kyk nie meer na honde en voëls nie, want dit is goed wat verby is. Ek besef dit was verkeerd, maar wat ek wil sê, is ek het nie al die skuld nie. Ek kon nie keer dat sulke dinge met my gebeur nie en ek het nie gevra daarvoor nie en wou dit glad nie hê nie. Dit het net vanself gekom en met my gebeur. Ek het nog nooit gedrink of gerook nie. Ek was die "goeie kind" van my ouers. Ek het nog altyd baie mooi geleef. Ek was ’n goeie seun met mooi maniere. Ek is nie sleg nie. Ek het net ’n probleem. Ek dien God en bid gereeld, maar moet erken dat ek nie ’n goeie verhouding met God of Jesus gehad het nie, dit voel asof ek teen ’n muur vas bid. Hy help my nie. Ek wonder, of het al partykeer gewonder, of Hy my hoor. In elk geval, hoe kan ek verwag om vergewe te word met my aaklige lewe? Ek wil gesond word.

# ADDENDUM 4 LIONEL SE BIOGRAFIE

Ek was met die bus op pad huis toe, toe ek Henk[10] en Dave die eerste keer ontmoet het. Hierdie twee jong manne het my ingelyf in die donker wêreld van desperaatheid, hopeloosheid en selfveragting. Dit is hulle wat my bekendgestel het aan die wêreld van molestering en pedofilie, sodat ek nou al vir die afgelope 25 jaar self 'n molesteerder of pedofiel is.

Dave was omtrent sestien en ek agt jaar oud toe hy my die eerste keer genooi het om langs hom op die heel agterste bankie in die bus te kom sit. Sy broer, Henk, was toe 14 jaar oud. Hierdie twee broers het ook 'n ouer vriend gehad, Kevin. Kevin was in daardie dae die mees populêre seun in die hele skool. Hy was ook die oudste seun van huisvriende van my ouers.

Ek was geskok en verskrik toe Kevin homself in my in forseer het, daardie eerste dag op die bus. Henk en Dave het gemasturbeer, terwyl hulle toegekyk het wat Kevin aan my doen en soms moes ek hulle "afsuig" as Kevin klaar was met my. As vergunning hiervoor is ek dan toegelaat om hul vriend genoem te word. Dit het dan beteken dat ek saam met die populêre groot seuns mag rook en drink, en dit het my baie volwasse en belangrik laat voel.

Nadat Kevin die skool verlaat het, het Henk en Dave my onder hulle vlerk geneem. Hulle was gelukkig minder veeleisend en was tevrede daarmee as ek hulle so nou en dan gemasturbeer het. Per geleentheid by 'n fliek of by die skou het hulle my dienste ook uitgehuur aan ander seuns.

In hierdie dae was ek ook 'n hele paar keer betrokke by onwettige dade. Ek was desperaat om 'n meisie te hê en om net 'n normale tiener te wees, maar ek het gedink dat al my vriende weet dat ek 'n slegte invloed op hulle sal hê. My vriendekring het dus net bestaan uit die seuns wat my onder hulle vlerk geneem het en my kliënte wat ek moes bedien met my gunste. Ek het dus eintlik geen ware vriende gehad nie. Op die ouderdom van sestien was ek heeltemal verslaaf aan seks, dwelmmiddels en alkohol. Ek het gevoel ek het hierdie dinge nodig gehad om normaal te kon funksioneer.

In hierdie verwarrende tyd het ek ook natuurlik nie goed gevaar op skool nie, want my belange was elders. Ek het na standerd agt die skool verlaat en aangemeld vir my nasionale diensplig. As gevolg van my verslawing het ek in hierdie tyd baie aggressief en gewelddadig begin optree, en as gevolg hiervan het ek begin depressief raak. Ek het ook in hierdie tyd my eerste heteroseksuele ervaring met vroue gehad, en op so 'n manier betrokke geraak by prostitute.

[10] Ek gebruik skuilname vir hierdie twee persone

Nadat ek my nasionale diensplig voltooi het, het my lewe uitmekaar begin val. Die mense wat my vroeër nog onder hulle vlerk geneem het, was nie meer daar om vir my beskerming en voorsiening te bied nie. Hulle was nie meer deel van my lewe nie, en dis hoe ek dit ook verkies het. Die prostitute het ook te duur geword om op gereelde basis te huur en ek kon nie reken op my ou kennisse nie, want hulle het presies geweet wat en hoe ek is. Ek het soos 'n uitgeworpene gevoel en het gedink dat geen ordentlike vrou ooit in my sou belangstel nie.

Dit was in hierdie stadium van my lewe dat my rol begin swaai het van die prooi na die plunderaar. Ek was nou die roofdier wat wou jag en vang vir oorlewing, en nie meer die prooi nie.

My teikengroep was seuns tussen die ouderdomme van sestien tot agtien. Ek was oral op die uitkyk vir seuns wat swaargekry het of wat emosioneel in nood was of wat verslaaf aan iets was. Volgens my wou ek hulle net beskerm, en ek het hierdie seuns tydens seks nooit gepenetreer nie. Ek het besluit dat ek hulle nooit sou penetreer en misbruik soos wat ek misbruik was nie. Om iemand anders te penetreer was volgens my slegs 'n teken dat jy daardie persoon misbruik. Ek het gereken dat masturbasie en orale seks net plesier aan hierdie seuns verskaf het en dat dit hulle nie kan skaad of misbruik sou laat voel nie.

Ek het my slagoffers alles gegee wat hulle wou hê: ek het hulle emosioneel ondersteun, ek het vir hulle geld gegee, ek het vir hulle klere gekoop, ek het vir hulle motorfietse gekoop, ensovoorts. Ek het my toegespits daarop om seuns op hierdie manier in 'n vangstrik te lok en te vang. As ek my visier op 'n gewillige slagoffer gehad het, het ek alles in my vermoë gedoen om hierdie seun 'n werk aan te bied by my elektriese kontrakteursbesigheid. My slagoffers moes bedags vir my werk en as die werkgewer was ek nou in 'n magsposisie om hulle in hul vrye tyd saans en gedurende naweke te kon misbruik na my eie goeddunke.

Maar ek het in my eie vangstrik getrap. Hulle was besig om my af te pers. Ek moes toesien dat hulle materieël versorg en gelukkig gehou word in ruil vir die seksuele gunsies wat hulle aan my moes bewys. Indien hierdie ooreenkoms tussen my en hulle sou skade ly, was die gevaar daar dat hulle my en my dade kon ontmasker. Dit het my baie gekos om almal tevrede te hou en om dinge nie tot by hierdie punt te dryf nie. Om die waarheid te sê, dit het my finansieel geruïneer. Hierdie seuns het my verneuk en my besteel, maar ek moes maar toekyk en dit aanvaar.

My grootste vrees vir ontmaskering het in 2002 'n nare werklikheid geword. KC het in November 2001 by my begin werk. Ons het ooreengekom op 'n weeklikse toelaag vir sy werk en hy het ekstra geld by my verdien deur seksuele gunsies vir my te doen. Soos gewoonlik het ek ooreengekom om hom nie te penetreer nie. KC het gedurende daardie November- en Desembermaand R3 000 aan bonusse vir sy gunsies by my verdien. Hy het

my besteel en dronk geword elke keer as hy die geleentheid gekry het. Ek het begin agterkom dat hy alreeds bedrewe was in hierdie vuilspel. Hy het later teenoor my erken dat sy pa hom hieraan bekendgestel het.

Sewe dae voor KC se 18de verjaarsdag het hy dronk geraak en omdat ek my nie vir hom wou skaam nie, het ek hom na sy huis toe geneem. By hul huis het ons twee begin argumenteer en toe erken hy teenoor sy ma dat ek hom al vir 'n hele ruk lank molesteer.

Ek is aangekla en was vir veertien maande lank verhoorafwagtend. Uiteindelik is ek tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis. Ek moes vir tien maande in die tronk bly en dan sou ek onder korrektiewe toesig vrygelaat word in die gemeenskap.

Baie predikante, pastore en geestelike werkers het my gedurende hierdie tydperk besoek. Ek wou nooit met hulle praat nie. Ek het hulle nie eers by my toegelaat nie. Ek was 'n ateïs en baie aktief betrokke by bendes.

My wêreld het uitmekaar geval toe ek hoor dat my ouers hondekos eet om aan die lewe te bly. Ek het 'n stuk spieël so groot soos 'n vyfrandstuk in die hande gekry en het besluit dat ek die bewaarder daarmee gaan doodmaak en daarna myself. Ek het op my bed gelê met die stukkie spieël in my hand. Skielik het ek my eie oog daarin gesien en het lank in hierdie oog gekyk. Ek het gedink dat dit is wat die wêreld van my sien.

Neels, 'n welsynswerker, het by my seldeur ingestap. Hy het die nuus gebring dat my ma 'n beroerte gehad het. Hy het op die toilet gaan sit. Iets het binne my gebeur. Ek het vir Neels gevra om vir my te bid. Ek kan nie vir jou sê hoekom ek dit vir hom gevra het nie. Dit was nie ek nie. Ek het agterna gedink en gedink, maar kon dit nie verstaan of verklaar nie.

Ek het 'n Bybel besit en het ook baie keer daarin gelees om die tyd om te kry. Nadat Neels daardie dag vir my gebid het, het ek 'n behoefte ontwikkel om te lees en te verstaan. Vir dae lank was ek vasgevang in al hierdie bladsye vol wysheid. Psalm 41, ″Here, wees my genadig″, het ek my anker gemaak.

Die hof het ook beslis dat ek intensiewe terapie moes ondergaan. Ek het vir Gerhard Groenewald, die gevangenis se sielkundige, ontmoet. Na verskeie konsultasies het Gerhard aanbeveel dat ek alles moes neerskryf wat my gedryf het om 'n oortreder te word. Dit was op daardie stadium dat ek besluit het om 'n sisteem te formuleer om pedofilie te hanteer. Ek was nie meer lus om in die skaduwêreld van skaamte en leuens van pedofilie te leef nie. Hierdie bose kringloop was vir 20 jaar lank my enigste lewenswyse. Ek het vir 35 jaar in sonde gelewe. Hoe word ek weer deel van 'n normale samelewing, van 'n gemeenskap, van 'n kerk en van God? Hoekom is ek hier?

Die lewe wat ek vir myself geskep het, was vir my hel. Dit was 'n lewe van verbode plesiertjies en vrees vir ontmaskering. Ek het gevoel dat die manier hoe ek my lewe gelei het, eintlik was hoe en wie ek regtig is en dat daar geen ander manier van bestaan vir my was nie. My oë het oopgegaan en ek sê net elke dag: "Dankie, Vader."

My lewe was doelloos. Vele kere in my lewe het ek gewonder wat my doel in hierdie lewe was. Die aand toe ek my een oog in die stukkie spieël gesien het, was dit asof ek in iemand anders se oog gekyk het, maar ek het geweet dat dit wat ek sien, die werklikheid was. 'n Oog wat kyk, maar niks sien nie. Daar was geen doel vir my lewe nie.

Aan almal wat ek leed aangedoen het en seergemaak het en misbruik het in die proses, wil ek vandag sê dat ek innig jammer is. Ek weet ek kan nie my foute van die verlede regmaak of herstel nie, maar ek kan dit wat in die toekoms lê, wel verander en beheer. 'n Begeerte van my is dat ek die persone wat ek deel van hierdie sondige, duister lewe gemaak het, van aangesig tot aangesig kan sien en om vergifnis te kan vra.

My begeerte is om in die toekoms ander molesteerders en gemolesteerdes te help op elke denkbare manier wat ek kan. Dit beteken dat ek 'n atmosfeer van ondersteuning in die gemeenskap wil skep wat na persone soos ekself sal wil uitreik vir hulp. Ons kan hierdie afwyking slegs hanteer as ons heeltemal openhartig en eerlik is daaroor. Die oomblik wanneer ons begin om pedofilie as 'n geheim te hanteer, sal die persone wat dit pleeg, eenvoudig ondergronds begin beweeg en sal dit onbeheers voortgaan.

PEDOSTOP was dus die resultaat van hierdie besluit!

Ek is nou vir vyf jaar intensief met hierdie Pedostop-projek besig. Pedostop word in Grootvlei-gevangenis met groot sukses aangewend. My droom was dat hierdie program op nasionale vlak in elke gevangenis in hierdie land aangewend kan en moet word. Dit wil vir my voorkom asof hierdie droom nie werklikheid kan word nie.

Ek reik uit na gemeenskappe, gemeentes en organisasies en ook na skole, maar droom van die dag dat die wêreld bewus moet raak van hierdie hel waarin medemense verkeer. As ek net één persoon kan verhoed om in die toekoms dieselfde paadjie as ek te loop, dan is dit al klaar die moeite werd om te probeer.

# OPSOMMING


Pedofilie is ʼn omvangryke probleem in Suid-Afrika. Die seksuele molestering van kinders is skynbaar ʼn algemene verskynsel. Statistiek toon dat een uit elke drie meisies en een uit elke vyf seuns die slagoffers van molestering is. Dit raak meer skrikwekkend as daar genoem word dat 95% van molesteerders manlik is en dat kinders wat gemolesteer is, gewoonlik ook molesteerders word. Pedofilie is nie ʼn onderwerp waaroor mense graag praat nie. Dit is ingebed in die negatiewe sosiale diskoers van geweld en het verreikende gevolge vir almal wat daarmee in aanraking kom.

Die behoefte het ontstaan om ʼn geskikte pastorale model te vind waarvolgens sinvolle pastorale terapie saam met multidissiplinêre modelle aangewend kan word in terapie met die pedofiel. In die lig van die skynbare leemte aan pastorale modelle om met hierdie probleem om te gaan, wil hierdie studie ʼn geskikte model vind waarvolgens die pedofiel sinvol begelei kan word.

Die aard van die navorsing word deur die hermeneutiese aanpak bepaal. Hierdeur word die pedofiel nie toegelaat om neutraal in die terapeutiese proses te staan nie. Hy is dus medenavorser, is betrokke in die proses en beweeg van verstaan tot verander.

Die pastorale modelle met ʼn hermeneutiese invalshoek lewer ʼn bydrae tot die navorsing. Vir ʼn pastorale benadering tot die vraagstuk van menswees, siel en seksualiteit is die hermeneutiese benadering van groot waarde.

Die narratiewe benadering se strategieë word aangewend om die deelnemer die geleentheid te bied om sy probleemdeurdrenkte verhaal te vertel. Ander strategieë word ook gebruik, soos meditasie, visualisering, gestaltterapie en gebedsterapie. Die grondslag van pastorale terapie vanuit die narratiewe benadering binne die diakoniologiese epistemologie is teologies gefundeerd, waarin die Skrif se normatiewe gesag aanvaar word.

Die strategieë word egter vir die doeleindes van hierdie studie losgemaak van hulle oorspronklike epistemologiese wortels en binne die diakoniologiese epistemologie aangewend.

Met die kwalitatiewe navorsingsmetodiek wil hierdie studie op ʼn verkennende, beskrywende wyse die wêreld van die pedofiel betree. Hierdie metode maak dit ook vir die navorser moontlik om op ʼn deelnemende wyse die studie uit te voer sodat die pastoraal-terapeutiese proses wat ondersoek word, in die praktyk beskryf kan word.

Die oplossing vir die dilemma van die pedofiel lê in ʼn holistiese benadering waarin daar aandag gegee word aan die persoon as geheel, omdat persone in die greep van pedofilie elke stukkie versorging nodig het, en hierby word pastorale terapie ingesluit. Pastorale

terapie het die deelnemer in staat gestel om bewus te word van sy spirituele wonde. Die deelnemer het beweeg vanaf ŉ negatiewe Godsbeeld na ŉ nuwe perspektief en ŉ positiewe Godsbeeld. Daarna kon beweeg word na vergifnis, wat ŉ groot rol speel in die persoon se skuldgevoelens. Ware berou het plaasgevind en die belydenis van sonde het die deelnemer gehelp om vergifnis te gee maar ook te ontvang. Hierdeur kon innerlike heling plaasvind. Die deelnemer het veral baat gevind by die visualiseringstegnieke wat aangewend is. Sy interpersoonlike funksionering het verbeter en sy gevoelens van skuld, hartseer en woede het verminder.

Die samelewing is nie eintlik bewus van die fenomeen pedofilie nie. Metodes moet aangewend word om bewustheid te bewerkstellig. Sodoende kan nie slegs die persoon wat molesteer, tot ander insigte gebring word nie, maar ook ŉ slagoffer wat met geweldige skuldgevoelens loop en nie die lewe in sy totale volheid kan geniet nie. In ŉ aanbieding wat deur die navorser gereël is, het vroue wat as kind gemolesteer is, die geleentheid gekry om met ŉ selferkende pedofiel en ŉ persoon wat dit reeds nege jaar beheer en bestuur, te praat. Hulle het antwoorde op vrae gekry en deurdat hy aan hulle ŉ verskoning aangebied het namens hulle molesteerders, was hulle in staat om ook hulle oortreders te vergewe.

Hierdie studie lewer dus ŉ diens aan die samelewing as daar metodes gesoek word om die algemene publiek van hierdie enorme probleem bewus te maak.

Die wortels van pedofilie lê in die persoon se kinderjare, waar sy onstabiele huis en eie molestering ŉ groot rol speel. Ek is huiwerig om van ŉ totale transformasie te praat. Wat ek wel kan sê, is dat ŉ persoon wat kinders molesteer, vaardighede geleer kan word om hierdie afwykende gedrag onder beheer en bestuur te plaas.

Die deelnemers aan hierdie studie het ŉ werklike begeerte om vry te wees van hulle simptome. Indien pastorale terapie saam met ander dissiplines aangewend word, kan ander persone wat met dieselfde afwykende gedrag worstel, ook gehelp word.

Die bevindings in hierdie studie is gebaseer op inligting wat direk van die molesteerders verkry is.

# SUMMARY


Paedophilia is a major problem in South Africa. The sexual molestation of children appears to be a common occurrence. Statistics show that one out of three girls and one out of five boys are victims of sexual molestation. It even is more terrifying to reveal that 95% of molesters are male, and that children who were molested, usually become molesters themselves. Paedophilia is not a subject people like to talk about. It is embedded in the negative social discourse of violence and has far-reaching consequences for everyone who is touched by it.

The need arose to find a suitable pastoral model in which meaningful pastoral therapy and multi-disciplinary models can be utilized together in therapy with the paedophile. In view of the apparent lack of pastoral models to deal with this problem, this study set out to find a suitable model for meaningful guidance to the paedophile.

The nature of the investigation is determined by the hermeneutic approach. The paedophile is not allowed to be neutral in the therapeutic process. He becomes a co-researcher who is involved in the process and progresses from understanding to change.
The pastoral models with a hermeneutic angle contribute to this research. The hermeneutic approach is particularly valuable when considering the issues of being human, as well as the soul and sexuality.

The strategies of the narrative approach are employed to give the participant the chance to tell his problem-filled story. Other strategies are also used, namely meditation, visualisation, gestalt therapy and prayer therapy. The foundation of pastoral therapy in the narrative approach is the diaconiological epistemology, which is theologically founded and in which the normative authority of the Bible is recognised.

However, for the purposes of this study the strategies are dissociated from their original epistemological roots and are used in the diaconiological epistemology.

By means of a qualitative research method this study enters into the world of the paedophile in an explorative and descriptive manner. This method also makes it possible for the researcher to conduct the study in a participatory manner to be able to describe the practical implementation of the pastoral therapeutic process that is being examined.

The solution to the dilemma of the paedophile lies in a holistic approach in which the entire person is attended to. Persons in the grip of paedophilia need every bit of care they can get, including pastoral therapy. Pastoral therapy enabled the participant to become aware of his spiritual wounds. He moved from a negative God view to a new perspective and a positive God view. From there he could proceed to forgiveness, which plays an important part in the person's feelings of guilt. True repentance occurred. The confession of sins enabled the

participant to give and receive forgiveness. In this way inner healing was made possible. The participant benefited particularly from the visualisation techniques that were used. His interpersonal functioning improved and his feelings of guilt, sadness and anger were lessened.

Society is not really aware of the phenomenon of paedophilia. Methods should be devised to raise consciousness in this regard. In this way not only the molester, but also victims of molestation that suffer from intense feelings of guilt, will gain fresh insights into their situation. At a meeting arranged by the researcher, women who had been molested as children, were given the opportunity to speak to a person who, by his own admission, is a paedophile and who has been managing and controlling his condition for nine years. They found answers to their questions and since he offered an apology to them on behalf of their molesters, they were able to forgive the persons who had wronged them.

This study will render a service to society where there is a need for methods to make the general public aware of this enormous problem.

The roots of paedophilia lie in the person’s childhood, where his unstable home and own molestation play an important role. I am reluctant to talk about total transformation, but what I can state with confidence is that a person, who molests children, may be taught the skills to control and manage his sexually deviant behaviour.

Participants in this study expressed a genuine desire to be free from their symptoms. If pastoral therapy is employed in conjunction with other disciplines, other persons who also suffer from this deviant behaviour may also be helped.

The findings in this study are based on information that was obtained from the molesters himself.

## KEY WORDS

Diaconiology, hermeneutics, qualitative research, pastoral theology, sexuality, paraphilia, pedophilia, narrative, meditation, visualization.

## SLEUTELWOORDE

Diakoniologie, hermeneuties, kwalitatiewe navorsing, pastorale teologie, seksualiteit, parafilie, pedofilie, narratiewe, meditasie, visualisasie.